U.O.V.S. - BIBLIOTEEK
19870628500122010001 2

TEORIE


- EEN TOT EEN
- PERSOONS-VERBINTENIS
- LEWENS-VERBINTENIS


- LIGGAAMLIK
- KERNWAARDE
  - Vreugde
  - Geduld
  - Goedhart
  - Nederigh
- OPOFFERENDE


- DIE V
- GOD S
- CHRIST
- GESIN

STR

VLAK VAN FUNKSIONERING








TE

BIBLIOTEEK - LIBRARY


UNIVERSITEIT
O.V.S.
BIBLIOTEEK

DIE ONTWIKKELING EN EVALUERING VAN 'N HUWELIKSVERRYKINGSPROGRAM MET INAGNEMING VAN DIE VERSKILLENDE EGPAARONTWIKKELINGSTADIA

deur

SALOMON IGNATIUS SENEKAL DU TOIT

PROEFSKRIF

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

DOCTOR SOCIETATIS SCIENTIAE

in die

FAKULTEIT VAN SOSIALE WETENSKAPPE


DEPARTEMENT SIELKUNDE

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE VRYSTAAT

PROMOTOR: PROF WJ SCHOEMAN

APRIL 1987


Universiteit
Vrystaat
T 306.872 TOI

ERKENNING

My opregte dank aan veral die volgende prominente persone en instansies, wat op verskillende wyses bygedra het tot hierdie studie:

* *Prof. Willie Schoeman, my promotor, vir die voorreg van n besielende leer en groeigeleentheid onder sy bekwame leiding en unieke menswees.*

* *My Pa asook dr. T. van Dyk, vir die keurige en noulettende wyse waarop hulle die taalversorging gedoen het.*

* *Mina Carstens vir haar bekwame woordverwerking en belangstelling.*

* *Prof. J.S. Kellerman en ds. Dirk Kotze vir die kritiese leiding met die samestelling van die teologies gefundeerde gedeeltes van hierdie studie.*

* *Die egpare sonder wie se samewerking die studie onmoontlik sou wees.*

* *My ouers vir hulle hulp en aanmoediging wat dit vir my moontlik gemaak het om hierdie studie te voltooi.*

* *Die volgende instansies:*

  - *Universiteit van die Oranje-Vrystaat*

    Buro vir Universiteitsonderwys
    Dramakunde en Toneelkunde
    Rekensentrum
    Wiskundige Statistiek en Statistiek

  - *Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*

  - *Vista Universiteit*

  - *Mediese Navorsingsraad*

    Biostatistiek

  - *Administrasie Volksraad*

    Onderwys en Kultuur

* *Sanette, vir haar inspirasie, geduld en liefde.*

* *Eer aan my Skepper, aan wie ek alle dank verskuldig is.*

* * *

I N H O U D S O P G A W E

Bladsy

DEEL 1

AFDELING I : PROBLEEMIDENTIFIKASIE xi

AFDELING II : AGTERGROND TOT DIE PROBLEEM 1

HOOFSTUK 1

'N TEORETIESE AGTERGROND TOT DIE PROBLEEM : 'N ONTWIKKELINGSPERSPEKTIEF TOT EGPAARINTERAKSIE 2

1.1	Inleiding	2
1.2	Individuele ontwikkeling : Die geïntegreerde veelvlakkige model van Kimmel	10
1.3	Ontwikkelende individue in sisteme : 'n Werksmodel van Egan en Cowan	29
1.4	Ontwikkeling in gesinsverband	49
1.5	Patrone van huweliksontwikkelingsbevrediging	76
1.6	Samevatting	88

HOOFSTUK 2

'N PRAKTYKGEORIëNTEERDE AGTERGROND TOT DIE PROBLEEM : EGPAARINTERAKSIE-ONTWIKKELINGSINTERVENSIES 91

2.1	Inleiding	91
2.2	Huweliksintervensies	93
2.3	Voorkomende interpersoonlike vaardigheidsopleidings= metodes : Verryking	99
2.4	Voorkomende interpersoonlike vaardigheidsopleidings= metodes : Kommunikasie-opleiding	136
2.5	Samevatting	149

Bladsy

HOOFSTUK 3

'N PRAKTYKGEORIëNTEERDE AGTERGROND TOT DIE PROBLEEM : EGPAARINTERAKSIE-INTERVENSIETOEPASSING IN GROEPVERBAND 150

3.1 Inleiding 150
3.2 Omskrywing van groepe 153
3.3 Evaluering van groepwerk 154
3.4 Benaderings tot groepwerk 158
3.5 Effektiwiteitselemente van gestruktureerde lewensvaardigheidsgroepe 163
3.6 Samevatting 204

AFDELING III : DIE IDEAALBEELD EN ONDERLIGGENDE WAARDESISTEEM TEN OPSIGTE VAN DIE PROBLEEM 206

HOOFSTUK 4

'N DOELMATIGE PROBLEEMTEMA : DIE CHRISTENHUWELIK 207

4.1 Inleiding 207
4.2 Die Bybel as bron van inligting 211
4.3 'n Protestants-Christelike huwelikstandpunt 212
4.4 Die objektiewe God-mens saakkarakter van die huwelik 217
4.5 Die aard en wese van die huwelik : Subjektiewe aspekte 224
4.6 Liefde 243
4.7 Samevatting 252

		Bladsy
AFDELING IV : OPLOSSING VAN DIE PROBLEEM		254
	HOOFSTUK 5	
	TEORETIESE EN PRAKTYKGEORIëNTEERDE PROBLEEM=OPLOSSINGS : EGPAARINTERAKSIE-ONTWIKKELING EN GESINSONTWIKKELING VIR EGPARE	255
5.1	Inleiding : Teoretiese probleemoplossing	255
5.2	Die algemene sisteemteorie en kubernetika : 'n Teoretiseringsraamwerk	259
5.3	'n Teoretiese model : Egpaarinteraksie-ontwikkeling	280
5.4	Inleiding : Praktyksgeoriënteerde probleem=oplossing	302
5.5	Psigo-opleiding en ontwikkelingsnavorsing : 'n Operasionaliseringsraamwerk	304
5.6	'n Praktykmodel : "Gesinsontwikkeling vir egpare"	313
5.7	Samevatting	338
AFDELING V : EVALUERING VAN DIE PROBLEEMOPLOSSING		340
	HOOFSTUK 6	
	'N PROBLEEMOPLOSSINGSEVALUERING : METODE VAN ONDERSOEK	341
6.1	Inleiding	341
6.2	Ontwikkelingsnavorsingsevaluering	344
6.3	Eksperimentele navorsingsevaluering	349
6.4	Samevatting	394
	HOOFSTUK 7	
	'N PROBLEEMOPLOSSINGSEVALUERING : RESULTATE EN INTERPRETASIE	396
7.1	Inleiding	396
7.2	Ontwikkelingsnavorsingsevaluering : Resultate	398

		Bladsy
7.3	Eksperimentele navorsingsevaluering : Resultate	406
7.4	Ontwikkelingsnavorsingsevaluering van die praktykmodel : Interpretasie van die resultate	447
7.5	Eksperimentele navorsingsevaluering van die praktykmodel : Interpretasie van die resultate	450
7.6	Samevatting	465

OPSOMMING

BRONNELYS 469

BYLAES

1A	Programevaluering
1B	Porterskale
1C	Carkhuffskale
1D	Semantiese differensiaal
1E	Huweliksintegrasievraelys (en antwoordblad)

DEEL 2

BYLAES

2A	Gesinsontwikkeling vir egpare : 'n Handleiding vir groepleiers
2B	Gesinsontwikkeling vir egpare : 'n Werkboek vir groeplede
2C	Gesins- en egpaarontwikkeling
2D	Die Christenhuwelik
2E	Huwelikskommunikasie

LYS VAN FIGURE


		Bladsy
1.1	Die aard van die self	13
1.2	Die aanname van die houding van die ander	14
1.3	Die interaksionele aspekte van die persoonlikheid=sisteem	16
1.4	Individuele lewensloopontwikkeling	37
1.5	'n Leersiklus	38
1.6	Die individu in die konteks van individuele omstandighede	42
1.7	Die ontwikkelende individu in die konteks van die groter instellings	44
1.8	Die ontwikkelende individu in die konteks van die kultuur	46
1.9	Stadia van die gesinslewensiklus	50
1.10	Die gesinsontwikkelingspiraal	75
1.11	Interaksionele samehang van bevredigingskomponente	77
1.12	Huwelikstevredenheid in die verskillende gesinsont=wikkelingstadia	88
3.1	Stappe in die totstandkoming van 'n ervarings=gemeenskap	190
3.2	Die ervaringsleersiklus volgens Mazon	191
3.3	Die ervaringsleersiklus volgens Kolb	193
3.4	Leersiklusdimensies	195
3.5	Die vier leerstyle van die ervaringsleersiklus	196
3.6	Die geïntegreerde leer- en opleidingsproses van Meyer	201
5.1	Hiërargies geordende sisteemstruktuur	267
5.2	Die kubernetiese siklus	277
5.3	Progressiewe sisteemontwikkeling	279
5.4	Die egpaarsisteem	281
5.5	Subsisteme in die egpaarsisteem	283
5.6	Intra-individuele sisteemaspekte van die egpaar=sisteem	284
5.7	Suprasisteemaspekte van die egpaarsisteem	285
5.8	Hiërargiese organisasie van die egpaarsisteem=struktuur	287
5.9	Oop grense in die egpaarinteraksiesisteemstruktuur	291
5.10	Gesinsontwikkelingskomponente van die egpaarinter=aksiesisteem	294

		Bladsy
5.11	Kubernetiese beginsels in egpaarinteraksie-ontwikkeling	297
5.12	Egpaarinteraksie-ontwikkelingsmodel	299
5.13	Progressiewe egpaarinteraksiesisteem-ontwikkeling in gesinsverband : 'n integrerende voorstelling van huweliksbevrediging	302
5.14	'n Saamgestelde psigo-opleidingsmodel	308
5.15	Die kubernetiese siklus en ontwikkelingsnavorsings= proses : Sikliese terugkoppelingsraakpunte	311
5.16	'n Saamgestelde psigo-opleidingsraamwerk	312
5.17	Gesinsontwikkeling vir egpare aan die hand van 'n saamgestelde psigo-opleidingsmodel	314
6.1	Die samestelling van die steekproef	367
6.2	Die statiese beslissingsmodel in die algemeen	371
6.3	Die statistiese beslissingsmodel in die geval van gelyke voormetings	392
6.4	Die statistiese beslissingsmodel in die geval van ongelyke voormetings	393
7.1	Resultate van die eksperimentele en kontrolegroep tydens die voor-, na- en opvolgmetings met betrekking tot die afhanklike veranderlikes	429
7.2	Resultate van die eksperimentele en kontrolegroep tydens die voor-, na- en opvolgmetings met betrekking tot begryping relatief tot die "ander"	446
7.3	Optimale egpaarsisteeminteraksie-ontwikkeling in gesinsverband	459

LYS VAN TABELLE

		Bladsy
7.1	Evaluering van die inhoud van die werkboek	400
7.2	Evaluering van die aanbieding van die werkboek	401
7.3	Evaluering van die modellering	402
7.4	Evaluering van die individuele, egpaar- en groepaktiwiteite	403
7.5	Evaluering van die groepgesprekke	404
7.6	Evaluering van die aanbieder	405
7.7	Beskrywing van die steekproef ten opsigte van die voormetings	408
7.8	Beskrywing van die steekproef ten opsigte van die nametings	408
7.9	Beskrywing van die steekproef ten opsigte van die opvolgmetings	409
7.10	Beskrywing van die steekproef ten opsigte van die verskil tussen die na- en voormetings	409
7.11	Beskrywing van die steekproef ten opsigte van die verskil tussen die opvolg- en voormetings	410
7.12	Beskrywing van die steekproef ten opsigte van die verskil tussen die na- en opvolgmetings	410
7.13	Korrelasiekoëffisiente met betrekking tot die afhanklike veranderlikes ten opsigte van onderskeidelik die eksperimentele en kontrolegroep	411
7.14	Hotelling T^2-toetsresultate voor die program= toepassing ten opsigte van die eksperimentele en kontrolegroep	412
7.15	Hotelling T^2-toetsresultate na die programtoepassing ten opsigte van die eksperimentele en kontrolegroep	414
7.16	Post hoc-t-toetsresultate na die programtoepassing ten opsigte van die eksperimentele en kontrolegroep	415
7.17	Hotelling T^2-toetsresultate tydens die opvolgsessie ten opsigte van die eksperimentele en kontrolegroep	416
7.18	Post hoc-t-toetsresultate tydens die opvolgmeting ten opsigte van die eksperimentele en kontrolegroep	417
7.19	Hotelling T^2-toetsresultate (1 groep) ten opsigte van die verskil tussen die na- en voormetings van die kontrolegroep	419
7.20	Hotelling T^2-toetsresultate (1 groep) ten opsigte van die verskil tussen die opvolg- en voormetings van die kontrolegroep	420

		Bladsy
7.21	Hotelling T^2-toetsresultate (1 groep) ten opsigte van die verskil tussen die na- en opvolgmetings van die kontrolegroep	421
7.22	Hotelling T^2-toetsresultate (1 groep) ten opsigte van die verskil tussen die na- en voormetings van die eksperimentele groep	422
7.23	Post hoc-t-toetsresultate (1 groep) ten opsigte van die verskil tussen die na- en voormetings van die eksperimentele groep	423
7.24	Hotelling T^2-toetsresultate (1 groep) ten opsigte van die verskil tussen die opvolg- en voormetings van die eksperimentele groep	424
7.25	Post hoc-t-toetsresultate (1 groep) ten opsigte van die verskil tussen die opvolg- en voormetings van die eksperimentele groep	425
7.26	Hotelling T^2-toetsresultate (1 groep) ten opsigte van die verskil tussen die na- en opvolgmetings van die eksperimentele groep	426
7.27	Post hoc-t-toetsresultate (1 groep) ten opsigte van die verskil tussen die na- en opvolgmetings van die eksperimentele groep	427
7.28	Beskrywing van die steekproef ten opsigte van die voor-, na- en opvolgmetings	431
7.29	χ^2-toetsresultate voor die programtoepassing ten opsigte van begryping relatief tot die "ander"	432
7.30	χ^2-toetsresultate na die programtoepassing ten opsigte van begryping relatief tot die "ander"	434
7.31	χ^2-toetsresultate tydens die opvolgsessie ten opsigte van begryping relatief tot die "ander"	435
7.32	χ^2m-toetsresultate met betrekking tot die na- en voormetings van die kontrolegroep ten opsigte van begryping relatief tot die "ander"	437
7.33	χ^2m-toetsresultate met betrekking tot die opvolg- en voormetings van die kontrolegroep ten opsigte van begryping relatief tot die "ander"	439
7.34	χ^2-toetsresultate met betrekking tot die na- en opvolgmetings van die kontrolegroep ten opsigte van begryping relatief tot die "ander"	440
7.35	χ^2m-toetsresultate met betrekking tot die na- en voormetings van die eksperimentele groep ten opsigte van begryping relatief tot die "ander"	442
7.36	χ^2m-toetsresultate met betrekking tot die opvolg- en voormetings van die eksperimentele groep ten opsigte van begryping relatief tot die "ander"	443
7.37	χ^2m-toetsresultate met betrekking tot die na- en opvolgmetings van die eksperimentele groep ten opsigte van begryping relatief tot die "ander"	444


7 Resultate en interpretasie
6 Metode van ondersoek
EVALUERING VAN DIE PROBLEEMOPLOSSING
TERUGVOER
5 Teoretiese oplossing
5 Praktyk-oplossing
OPLOSSING VAN DIE PROBLEEM
STRATEGIE
4 Die Christenhuwelik
'N IDEAALBEELD EN ONDERLIGGENDE WAARDESISTEEM T.O.V. DIE PROBLEEM
DOEL
AGTERGROND TOT DIE PROBLEEM
VLAK VAN FUNKSIONERING
1 Teoreties:
Ontwikkelingsperspektief tot egpaarinteraksie
2 & 3 Praktyk:
Egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies aanwending

AFDELING I : PROBLEEMIDENTIFIKASIE

Die gesin as primêre sosialiseringseenheid van individuele gesinslede vervul 'n sentrale rol in die funksionering en die ontwikkeling van samelewings. Die funksie van die gesin as sosiale agent word beskou as die effektiefste wyse om die sosiale behoeftes aan kinderreproduksie en die gepaardgaande opvoedingsprosesse te vervul (Bell, 1983). Die kwaliteit van die gesinslewe mag verantwoordelik gehou word vir die probleme kenmerkend van die hedendaagse samelewing, asook probleme op individuele vlak (Grobbelaar, 1983; Santrock, 1986 en Stinnet, 1979).

Spesialiste vanuit uiteenlopende wetenskaplike dissiplines asook religieuse leiers is bekommerd oor die toenemende probleme wat deur gesinne ervaar word en die gevare wat die huwelik as normatiewe instelling bedreig. Die huwelik is tans onderhewig aan 'n transformasieproses wat deur sosiaal-kulturele veranderinge genoodsaak word soos die ouerwordende populasie, die gevolge van die emansipasie van die vrou asook sosio-ekonomiese inkorting in die breë (Bell, 1983; Sell, 1981). Die wêreldwye stygende egskeidingsyfer wat ook in Suid-Afrika geld, kindermishandeling, die "seksuele rewolusie" en nie-optimale vlakke van huweliksbevrediging is verskynsels wat getuig van die toenemende onstabiliteit van die hedendaagse huwelik. Die oorsake en die aard van die moontlike verlies van die unieke intimiteit en verbondenheid van 'n langtermyn toegewyde huweliksverhouding, wissel na gelang van die ontwikkelingsmoment van egpaarinteraksie waarin 'n huwelikspaar verkeer (Louw, 1983a; Louw, Gerdes en Meyer, 1984 en Santrock, 1986).

Die versterking van die huweliksverhouding as argitek of bouer van die gesin (Haley, 1980; Minuchin, 1981 en Satir, 1973), om deur maksimale effektiewe funksionering en ontwikkeling van egpaarinteraksie moontlike probleme te voorkom,

bied 'n interessante uitdaging aan die praktykgeoriënteerde en onderliggende teoretiese Sielkunde. Wat die stand van die teoretiese Sielkunde in hierdie verband betref, wys Retief (1986) en Royce (1982) op die gebrek aan sofistikasie wat in die algemeen bestaan, wat volgens Combrinck-Graham (1985) ook geld vir die veld van die huwelik. Die praktykgeoriënteerde aanleer van voorkomende interpersoonlike interaksiebeginsels en vaardighede (L'Abate en McHenry, 1983) stem ooreen met meer onlangse benaderingswyses in die Sielkunde, waarin outeurs soos Authier, Gustavson, Guerney en Kasdorf (1975) en Ivey en Simek-Downing (1980) voorkomende opleiding in teenstelling met tradisionele behandeling beklemtoon.

Hierdie voorkomende ontwikkelingsbenadering (Ivey en Authier, 1978; Schoeman, 1983) bestaan uit die proses van kliënt-ontevredenheid, doelwitformulering, aksieplanne en evaluering. In ooreenstemming met hierdie beginsels kan die verloop van 'n studie in hierdie verband in die volgende raamwerk gegiet word:

(a) Agtergrond tot die probleem (afdeling II).
(b) 'n Ideaalbeeld (en onderliggende waardesisteem) ten opsigte van die probleem (afdeling III).
(c) Oplossing van die probleem (afdeling IV).
(d) Evaluering van die probleemoplossing (afdeling V).

Die vereistes van die toepassing van die psigo-opleiding as praktykgerigte oriëntasie en die teorie waarop dit berus, behels volgens Schoeman (1983) die volgende: 'n voorkomende benadering; die inagneming van menslike ontwikkeling; die ontwikkeling van komplekse sisteme; die aktivering van 'n sikliese proses waarin terugvoer na die sisteem verseker word en die ontwikkeling van psigo-tegnologie. Hierdie kriteria kan in die ontwikkeling en die evaluering van 'n huweliksverrykingsprogram met inagneming van die verskillende egpaarontwikkelingstadia, met die insluiting van die volgende teoretiese en praktykdimensies, verreken word:

(a) 'n Teoretiese agtergrond tot die probleem: 'n Ontwikkelingsperspektief tot egpaarinteraksie (afdeling II, hoofstuk 1).

(b) 'n Praktykgeoriënteerde agtergrond tot die probleem: Egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies (afdeling II, hoofstuk 2).

(c) 'n Praktykgeoriënteerde agtergrond tot die probleem: Egpaarinteraksie-intervensietoepassing in groepverband (afdeling II, hoofstuk 3).

(d) 'n Doelmatige probleemtema: Die Christenhuwelik (afdeling III, hoofstuk 4).

(e) Teoretiese en praktykgeoriënteerde probleemoplossing: Egpaarinteraksie-ontwikkeling en gesinsontwikkeling vir egpare (afdeling IV, hoofstuk 5).

(f) Evaluering van die probleemoplossing: Metode van ondersoek (afdeling V, hoofstuk 6).

(g) Evaluering van die probleemoplossing: Resultate en interpretasie (afdeling V, hoofstuk 7).

Die studieprobleem van die uitbouing van die huwelik tot 'n steeds beter verstandhouding by wyse van die ontwikkeling en die evaluering van 'n huweliksverrykingsprogram met inagneming van die verskillende egpaarontwikkelingstadia, betrek dus die volgende studiedoelstellings:

(a) 'n Teoretiese verkenning en vasstelling van egpaarinteraksie-ontwikkeling.

(b) 'n Praktykgeoriënteerde bepaling met betrekking tot egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies en -toepassing.

(c) Die identifisering en uiteensetting van 'n onderliggende waardesisteem van die huwelik.

(d) 'n Teoretiese integrasie en teorie-bou met betrekking tot die ontwikkeling van egpaarinteraksie.

(e) Die skep, ontwikkeling en verfyning van 'n toepaslike huweliksverrykingsprogram met betrekking tot egpaarinteraksie in die gesinsontwikkelingskonteks.

(f) 'n Empiriese evaluering van die program om die geldigheid van die teorie en die praktykprogram te bepaal.

Die studiedoelstellings noodsaak die ondersoek na uiteenlopende aspekte. Eerstens word daar 'n uiteensetting gegee van die teoretiese agtergrond tot die probleem. In hierdie ontwikkelingsperspektief tot egpaarinteraksie word daar gekyk na egpaarontwikkeling by wyse van die veelvlakkige model van Kimmel, die ontwikkeling van huweliksmaats in sisteme volgens 'n werksmodel van Egan en Cowan, die lede van die die huweliksdiade in gesinsontwikkelingsverband asook huweliksbevrediging deur die gesinslewensloop.


'n Tweede fokuspunt behels die beskrywing van die praktykgeoriënteerde agtergrond tot die probleem. Egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies word aangespreek by wyse van huweliksintervensies in die algemeen en voorkomende interpersoonlike vaardigheidsopleidingsmetodes, te wete verryking en kommunikasie-opleiding. Derdens behels 'n verdere bespreking van die praktykgeoriënteerde agtergrond tot die probleem aangaande egpaarinteraksie-intervensietoepassing in groepverband omskrywing van groepe, benaderings tot groepwerk en effektiwiteitselemente van gestruktureerde lewensvaardigheidsgroepe.

In die voorstelling van die ideaalbeeld en onderliggende waardesisteem ten opsigte van die probleem as vierde komponent, word daar in die Christenhuwelik as doelmatige

probleemtema aandag gegee aan die Bybel as bron van inligting, 'n Christelik-Protestantse standpunt aangaande die huwelik, die objektiewe saakkarakter van die huwelik, die subjektiewe persoonsverbondenheidsaspekte van die huwelik asook liefde in die Christenhuwelik.

In die uiteensetting van die vyfde tersaaklikheid, egpaarinteraksie-ontwikkeling en gesinsontwikkeling vir egpare as teoretiese en praktykgeoriënteerde probleemoplossings, kom die volgende aspekte ter sprake: die algemene sisteemteorie en kubernetika, 'n teoretiseringsraamwerk; 'n teoretiese model, egpaarinteraksie-ontwikkeling; psigo-opleiding en ontwikkelingsnavorsing, 'n operasionaliseringsraamwerk; asook 'n praktykmodel, "gesinsontwikkeling vir egpare" ('n huweliksverrykingsprogram).

Die sesde en sewende momente as evaluering van die probleemoplossing, betrek die metode van ondersoek en daaropvolgend die resultate en interpretasie van die probleemoplossing. Die metode van ondersoek behels die ontwikkelingsnavorsingsevaluering en eksperimentele navorsingsevaluering, terwyl die resultate en interpretasie die volgende aspekte omvat, naamlik: ontwikkelingsnavorsingsevaluering van die praktykmodel, resultate; eksperimentele navorsingsevaluering, resultate; ontwikkelingsnavorsingsresultate, interpretasie van die resultate en eksperimentele navorsingsevaluering van die praktykmodel, interpretasie van die resultate.


Resultate en interpretasie
Metode van ondersoek
EVALUERING VAN DIE PROBLEEMOPLOSSING
TERUGVOER
Teoretiese oplossing
Praktyk-oplossing
OPLOSSING VAN DIE PROBLEEM
STRATEGIE
Die Christenhuwelik
'N IDEAALBEELD EN ONDERLIGGENDE WAARDESISTEEM T.O.V. DIE PROBLEEM
DOEL
AGTERGROND TOT DIE PROBLEEM
VLAK VAN FUNKSIONERING
Teoreties:
Ontwikkelingsperspektief tot egpaarinteraksie
Praktyk:
Egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies aanwending


AFDELING II : AGTERGROND TOT DIE PROBLEEM

Die raamwerk van hierdie studie word in die eerste afdeling (probleemidentifikasie) geïdentifiseer in die volgende stadia:

(a) Afdeling II - agtergrond tot die probleem.
(b) Afdeling III - 'n ideaalbeeld en onderliggende waardesisteem ten opsigte van die probleem.
(c) Afdeling IV - oplossing van die probleem.
(d) Afdeling V - evaluering van die probleemoplossing.

Die aanbieding van hierdie afdeling, wat 'n teoretiese en praktykgeoriënteerde agtergrond tot die probleem aanspreek, geskied by wyse van drie onderskeie hoofstukke wat as volg daar uitsien: hoofstuk 1: 'n teoretiese agtergrond tot die probleem, 'n ontwikkelingsperspektief tot egpaarinteraksie; hoofstuk 2: 'n praktykgeoriënteerde agtergrond tot die probleem, egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies en hoofstuk 3: 'n praktykgeoriënteerde agtergrond tot die probleem, egpaarinteraksie-intervensietoepassing in groepverband.

Die asterisk op die onderstaande vloeidiagramsnit dui die eerste hoofstuk aan.



HOOFSTUK 1

'N TEORETIESE AGTERGROND TOT DIE PROBLEEM: 'N ONTWIKKELINGSPERSPEKTIEF TOT EGPAARINTERAKSIE

1.1 INLEIDING

Die doelstellings van hierdie studie word in afdeling I (probleemidentifikasie) aangedui as:

(a) 'n Teoretiese verkenning en vasstelling van egpaarinteraksie-ontwikkeling.
(b) 'n Praktykgeoriënteerde bepaling met betrekking tot egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies en -toepassing.
(c) Die identifisering en uiteensetting van 'n onderliggende waardesisteem van die huwelik.
(d) 'n Teoretiese integrasie en teorie-bou met betrekking tot die ontwikkeling van egpaarinteraksie.
(e) Die skep, ontwikkeling en verfyning van 'n toepaslike huweliksverrykingsprogram met betrekking tot egpaarinteraksie in die gesinsontwikkelingskonteks.
(f) 'n Empiriese evaluering van die program om die geldigheid van die teorie en die praktykprogram te bepaal.

Wanneer die aard van die bogenoemde doelstellings van naderby beskou word, tree daar aanvullende, maar duidelike verskille na vore. Waar doelstellings (a), (c) en (d) duidelik teoreties georiënteerde elemente omvat, vertoon doelstellings (b) en (e) daarenteen merendeels 'n karakter wat wentel rondom intervensie. Doelstelling (f) sluit aan by 'n oorheersende evalueringsmotief. Patterson, Hops en Weiss (1973) orden die onderlinge verwantskap tussen sodanige komponente op 'n sikliese wyse. Ideaal gesproke moet die teorie doelwitte dikteer, en hierdie doelwitte weer die intervensies. Volgens hierdie voorstelling, word die effekte van intervensies sistematies geëvalueer. Op grond van

hierdie evaluasies word die teorie, doelwitte en intervensies weer eens gemodifiseer.

Hierdie sikliese ontwikkelingsproses kan ook van toepassing gemaak word op die veld van die huwelik in die konteks van die Sielkunde. Wat die teoretiese komponent betref, is die huweliksteorie en ontwikkelingsbehoeftes reeds gedurende vroeëre dekades deur verskillende outeurs (Mace, 1967; Manus, 1966 en Mudd, 1957) uitgespel.

Verskeie latere substansiële bydraes soos die van Lewis, Beavers, Gosset en Phillips (1976) en Palazzolli, Cecchin, Prata en Boscolo (1978) het kwantitatief momentum verleen aan die huweliksteoretiese kenniskader. Krities beskou, is hierdie teoretiese komponent kwalitatief, veral ten opsigte van geheelorganisasie en integrasie, nie na wense nie (Combrinck-Graham, 1985; L'Abate en McHenry, 1983).

Die sielkundeteorie waarbinne die huwelik beskou word, kan in twee hoofgroepe verdeel word wanneer 'n koppelingsaksie met alternatiewe intervensiedoelwitte aangewend word. Op so 'n wyse polariseer L'Abate en McHenry (1983) enersyds die meer tradisionele remediërende beskouing en andersyds die voorkomende ontwikkelingsbenadering. Die remediërende beskouing het noodgedwonge ontwikkel weens 'n sosiale behoefte om aandag te gee aan huweliksproblematiek waaraan praktisyns blootgestel is (Olsen, 1976, 1978). Praktykuitvloeisels van die teorie van die meerderheid remediërende modelle wentel hoofsaaklik rondom die saak van rolaanpassing (Bosco, 1973; Garland, 1978; Guerney, 1977; Harrel en Guerney, 1976 en Otto, 1976). Hierdie faktore is dikwels gesien as die oorsaak, en selfs die gevolg, van lae vlakke van huwelikstevredenheid. Die remediërende benadering word onderlê deur wyduiteenlopende en aanvullende konseptuele raamwerke, byvoorbeeld die psigo-analise, gedragsterapie, strukturele, interaksionele, sosiale netwerk-, kommunikasie- en sisteemteorieë (Aldous, 1978; Jones, 1974 en L'Abate en McHenry,

1983). In 'n samevattende oorsig van die teoretiese aspekte van die spektrum van huweliksintervensies, verklaar L'Abate en McHenry (1983) dat daar geen sistematies-ontwikkelde teorie aangaande huweliksinteraksie bestaan wat die tweeledige verhouding uiteensit nie. Op grond van 'n diepteverkenning van verdere ontwikkelinge van die relevante teorie, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat hierdie behoefte steeds onaangespreek bly. Waardevolle parallelle bydraes (Schultz, 1984) is beperk tot verklarende uiteensettings met die geheelgesin as uitgangspunt. Met verwysing na integrerende navorsingsbevindinge soos dié van Gottman (1979) merk L'Abate en McHenry (1983) op dat konsepte wat gebruik word, vaag is en dat daar 'n onvermoë bestaan om hierdie terme te kwalifiseer. Dit lei onvermydelik na 'n moeilike, indien nie 'n onmoontlike, situasie om hipoteses geldig te verklaar wat daarop gerig is om huweliksproblematiek te verduidelik en te begryp.

Die kollig kan dus heeltemal van pas geplaas word op die strewe na die teoretiese ideaal om die verskeie vlakke van huweliksinteraksie op enige moment sinvol te verklaar, te voorspel en positief te manipuleer binne 'n geïntegreerde model.

In 'n poging om hierdie ideale mikpunt te volvoer, word heelwat suggesties voorgehou. Hinde (1979, p. 328) verklaar in hierdie verband dat "attempts at rigorous theory building thus seems inappropriate at the moment". Verder stel Hinde (1979, p. 11) dat "in some areas theoretical approaches of considerable power are being developed but, in the present state of knowledge, to set theories against each other, does not seem a task of top priority". Kühn (1969, p. 65) dui die gewenste stappe aan deur aan te beveel dat "what is needed, within this underdeveloped sub-area of science, is not a mini-revolution, with one paradigm displacing another, but rather attempts to see what is important when and where". Wat die gevare van 'n geïmpliseerde eklektiese benadering betref (Allport, 1964), stel Hinde (1979) stappe

voor om daarvan weg te kom: eerstens behoort daar gefokus te word op 'n poging om te spesifiseer waar elke benadering bruikbaar is. Tweedens om ook te soek na wyses om die verklarende konsepte van een groep navorsers met dié van 'n ander groep in verband te bring. Derdens moet raakpunte geïdentifiseer word, en indien moontlik, moet groepe beginsels om 'n sentrale kern gerangskik word. Waar dit dan gewoonlik moeilik is om verklarende konsepte met mekaar in verband te bring, mag dit die moeite werd wees om 'n oog te hou op ander vlakke van analise. Die lewensvatbaarheid van Hinde (1978) se voorgestelde werkswyse steun meer op die aanname van 'n gelykmatige teoretiese ontwikkelingsproses in die verskillende benaderings tot 'n afgebakende subarea van die Sielkunde as wetenskap.

Waar die pragmatiese beskouing van die huwelik remediërend asook voorkomendontwikkelend daar uitsien, mag 'n moontlike bydraende faktor tot die teoretiese ontoereikendheid van hierdie korpus van kennis geleë wees in die relatiewe oorbeklemtoning van die remediërende benadering tot dusver, terwyl die voorkomende ontwikkelingsbeskouing tot die huwelik mindere aansien geniet het.

Die remediërende beskouing van die egpaar is gebaseer op 'n probleempersepsie. In die bestudering van die gedrag van die mens, ook as lid van die saamgestelde huwelikseenheid, moet daar 'n duidelike onderskeid getref word tussen die uiteenlopende, maar onontbeerlike aanvullende konsepte van "probleme" en "vraagstukke". Laasgenoemde konsep behoort dan teen die agtergrond van die vorige beklemtoning van die probleemkonsep in die ontwikkeling van die teorie aangaande die huwelik, meerdere aandag te geniet.

Die konsep van "vraagstukke" kan ingebed word in die voorkomende ontwikkelingsmodel, deurdat dit in die ontwikkelingsielkunde van normale menslike ontwikkeling dui op ontwikkelings- of aktualisasiestressors, soos van toepassing is in die ontwikkelingsielkunde. Wat die ontwikkelingsielkunde

in die algemeen en dus lewensloopraamwerke daarbinne in die besonder betref, stel Gerdes, Ochse, Stander en Van Ede (1981) dat dit 'n verwysingsraamwerk bied vir die begrip van die afgelope, die huidige en toekomstige ontwikkeling van die mens, en riglyne verskaf oor die tiperende kenmerke van die verskillende egpaarontwikkelingstadia. Met betrekking tot die praktyktoepassing na die ontwikkelingsielkunde-teorie, stel Gerdes et al. (1981) dat dit grondliggend is aan voorkomende programme wat die persoon voorberei op ontwikkelingsveranderinge (insluitend nuwe rolle). Kimmel (1979, p. 351) laat hom soos volg aangaande die ontwikkelingsielkunde in hierdie verband uit: "Social relationships are boasted in the unfolding time perspective of the individual participants. All persons bring their own unique developmental history to each new relationship they initiate. And those relationships that endure have a time framework and a developmental history of their own. This transient encounters represent the intersection of the participants developmental histories. And enduring relationships represent the converge of the individual's development with the relationships development. In either case, development vectors are relevant to the interaction." Spesifiek in verband met die huweliksverhouding stel Levande, Koch en Koch (1983) dat persoonsontwikkeling intimiteitsontwikkeling, veral in die huwelik, voorafgaan en voortdurend beïnvloed.

Die ontwikkelingsielkundige benadering tot die oplossing van vraagstukke ten opsigte van die individu in huweliksverband en die huwelik in gesinsverband, het tot dusver daarop gefokus om konkrete kategorieë van eksterne stres te voorsien wat die ontwikkeling van die huweliksverhouding deur die lewensloop sal beïnvloed. Voorbeelde van sodanige stresfaktore is die geboorte van veral die eerste kind, werksverlies en aftrede. Volgens L'Abate en McHenry (1983) is die interaksie van sodanige ontwikkelingsfaktore met spesifieke huwelikskonstellasies agterweë gelaat. Egan en Cowan (1979) se aanbevelings dui daarop dat oneffektiwiteit

in die beskouing van huwelikskonstellasies in 'n ontwikkelingsraamwerk grootliks toegeskryf kan word aan die ignorering van die konteks waarin egpaarontplooiing plaasvind. Egan en Cowan (1979, p. 5) stel dan ook dat"... perhaps the most fundamental realities affecting the quality of modern life - indeed affecting our very potential for survival - are those realities that have to do with human organizations and the quality of their functioning".

In die beklemtoning van die voorkomende ontwikkelingsmodel in die nastreef van die teoretiese ideaal ten opsigte van die beskouing van die egpaar en egpaarkonstellasies, naamlik die individu as egpaarlid en die egpaar in die gesin, behoort die individuele egpaarontwikkeling in die konteks met die gepaardgaande interaksionele prosesse dus aandag te geniet. Wat die egpaarinteraksie in die onmiddellike gesinskonteks betref, kan die volgende voorgehou en verreken word: verskeie ontwikkelingsmylpale, waaronder die kinders se toetrede tot en verlating van die ouerhuis, mag krisisse en vraagstukke in die ontwikkelingsproses van die gesin teweegbring. Die aard van die vraagstukke word grootliks bepaal deur die ontwikkelingsbehoeftes en vraagstukke van die betrokke individuele gesinslede en veral dan die egpaarlede. Ontwikkelingsvraagstukke mag verlig of selfs voorkom word deur die bevrediging van ontwikkelingsbehoeftes en deur die voltooiing van ontwikkelingstake aan te moedig. Om sodanige fasiliterende aksies uit te voer, word die behoefte geskep om die aard van die vraagstukke van hierdie gesinsontwikkelingstadia te belig. Die beskouing van gesinsontwikkelingsaspekte tree dus ook duidelik na vore in die taksering van die egpaarkonstellasies in die ontwikkelingsraamwerk.

'n Aanduiding van die kwaliteit van ontwikkelingsbehoeftebevrediging met die verloop van opeenvolgende gesinsontwikkeling- en egpaarontwikkelingstadia, is die mate van bevrediging wat deur die betrokke huweliksmaat ervaar en gerapporteer word. Outeurs (Hurlock, 1980; Louw, Gerdes en

Meyer, 1984; Santrock, 1986 en Schultz, 1984) wat samevattende bydraes lewer ten opsigte van gesins- en huweliksbevrediging se werk toon ooreenstemming wat die volgende aspekte betref: daar bestaan 'n duidelike patroonmatige wisseling in egpaarbevredigingsvlakke gedurende die verskillende gesins- en egpaarontwikkelingstadia; en buiten huweliksbevredigingstendense, bestaan daar voortdurend in 'n mindere of meerdere mate duidelike bevredigingsoptimaliseringsgeleenthede wat deur heelwat bestaande huweliksintervensies aangespreek word.

Aspekte wat na vore tree, is: eienskappe van individuele lede mag in 'n integrerende veelvlakkige ontwikkelingsperspektief geplaas word; die individuele egpaarlede kan in 'n integrerende veelvlakkige struktuur beskou word; die interaksie-ontwikkeling van egpaarlede word beïnvloed deur die aard van ontwikkelingsveranderinge in die gesin; die elemente van egpaarkonstellasies en verbandhoudende aspekte kan tot 'n sinvolle geheel geïntegreer word; die kwalitatiewe huweliksontwikkelingsaspekte kan voorgestel word aan die hand van huweliksbevredigingsgebeurtenisse, en laastens, dat instrumente in die Sielkunde bestaan om huweliksinteraksiebevrediging met die verloop van die verskillende gesinsontwikkelingstadia te maksimaliseer. Hierdie stellings hou dan veral verband met die eerste teoretiese doelstelling van hierdie studie wat in die eerste plek onder bespreking kom.

Die stelling aangaande egpaarinteraksie-intervensies kom in die volgende hoofstuk (2) van hierdie afdeling (II, agtergrond tot die probleem) ter sprake. In hierdie hoofstuk word daar aandag gegee aan die eerste vier stellings wat verwys na die intrapersoonlike, interpersoonlike en gesinsaspekte van egpaar- en egpaarlidontwikkeling asook gepaardgaande huweliksbevredigingsvlakke. Die gerigte teoretiesgeoriënteerde take wat gegenereer word deur die aard van hierdie stellings noop 'n taksering van relevante bestaande teoretiese inhoude. Hieruit blyk dit duidelik dat

omvattende bydraes gelewer is by wyse van kernpublikasies vanuit enkelvoudige perspektiewe en uitbreidings daarvan. As voorbeeld dien Newman en Newman (1975) se geabstraheerde ontwikkelingsraamwerk vanuit Erikson (1963) se opvatting van ontwikkelingskrisis. Enkele basiese werke wat nie ongenoem agterweë gelaat kan word nie, is dié van Chickering (1969) aangaande ontwikkelingstake, Kohlberg (1969) aangaande morele ontwikkeling, Levinson (1978) aangaande volwasse ontwikkeling, Loevinger (1976) aangaande ego-ontwikkeling en Perry (1970) se omvattende bydraes met betrekking tot intellektuele en etiese ontwikkeling. Verdere teoretiese organiserende publikasies vanuit uiteenlopende perspektiewe op huweliksinteraksieteorie is dié van Bernal en Baker (1979, 1980), Selman (1980), Toman (1976), Jurkovic en Ulrici (1980) en Wilson en Edington (1981).

Insette soos die voorafgaande dra by tot die huidige situasie wat behels dat huweliksteorie die dinamika van individuele gedrag uiteensit met behulp van verskeie teorieë wat as kompleks getipeer word. Ten spyte daarvan word 'n huweliksverhouding en die ontwikkeling daarvan, as saamgestel uit die interaksionele komponente van twee veelfasettige individue in konteks, verduidelik met behulp van teorieë wat uitermate simplisties en dikwels lineêr van aard is. Heelwat van hierdie teorieë fokus oorwegend op intrapersoonlike aspekte. Dit sou 'n mistasting wees om huweliksteorieë te ontwikkel wat nie ook in 'n meer omvattende verband voorsiening maak vir 'n gesin-sosiale konteks nie.

In die seleksie van teoretiese inhoude vir die doeleindes van 'n sistematiese samestelling van 'n geïntegreerde model vir die ontwikkeling van egpaarinteraksie, behoort die volgende aspekte verreken te word:

(a) Die intrapsigiese ontwikkelingskonstrukte van egpaarlede.
(b) Interpersoonlike ontwikkelingsaspekte in sosiale en spesifieke gesinsverband.

(c) Eienskappe wat 'n nie-simplistiese nie-suiwer lineêre integrasie van (a) en (b) binne 'n organiserende raamwerk van 'n meta-teorie moontlik maak.

Met inagneming van bestaande saamgestelde teoretiese eenhede (Elkaïm, 1986; Macklin en Rubin, 1983; Olson en McCubbin, 1983; Scanzoni, 1983 en Schultz, 1984) word twee onafhanklike, volledig-geïntegreerde modelle geselekteer wat in samehang die geskikste vertoon teen die agtergrond van voorafgaande vereistes: in die eerste plek word daar gekyk na egpaarontwikkeling by wyse van die veelvlakkige model van Kimmel; tweedens na die ontwikkeling van huweliksmaats in sisteme volgens 'n werksmodel van Egan en Cowan; derdens geniet die lede van die huweliksdiade in gesinsontwikkelingsverband ook aandag, en ten slotte word huweliksbevrediging deur die gesinslewensloop aangespreek. In die uiteensetting van die geselekteerde modelle word daar gepoog om sover moontlik die beginsels volledig weer te gee met verwysing na verbandhoudende inhoude binne die meer omvattende relevante literatuur.

In die hieropvolgende eerste afdeling word daar aandag gegee aan die beskrywing van die geïntegreerde veelvlakkige model van Kimmel.

1.2 INDIVIDUELE ONTWIKKELING: DIE GEÏNTEGREERDE VEELVLAKKIGE MODEL VAN KIMMEL

1.2.1 Inleiding

'n Ontwikkelingsperspektief mag bydra tot die verklaring van die wyse waarop die intieme huweliksverhouding tot stand kom, ontwikkel en verander. Sodanige raamwerk beklemtoon ideëel konstante en veranderende elemente van individue, egpare en gesinne deur die lewensloop. Dit voorsien 'n beskouingswyse van beduidende faktore wat 'n rol speel in huweliksontwikkeling as interpersoonlike verhouding in die konteks van persoonlike groei en gesinsontwikkeling.

Individuele ontwikkeling gaan huweliksontwikkeling vooraf en affekteer dit deurlopend. Levande, Koch en Koch (1983) dui aan dat die aard en kwaliteit van huweliksinteraksie gedurende alle egpaarontwikkelingstadiums deur beide die betrokke huweliksmaats se besondere ontwikkelingservaringe beïnvloed word.

Individuele ontwikkeling omvat daadwerklike gerigte groei, 'n strewe na meerdere kompleksiteit en toenemende vaardighede. Elke persoon ontwikkel op 'n spesifieke unieke (maar soortgelyke) wyse in die breë as ander menslike wesens. Daar setel heelwat teoretiese en praktiese toepassingswaarde daarin om lewensontwikkeling te beskou aan die hand van ontwikkelingstake. Ontwikkelingstake kan gesien word as uitdagings wat gedurende verskillende lewensfases figureer, wat noodsaak dat persone nuwe vaardighede verwerf wat hulle in staat stel om hulle binne die veranderende onmiddellike omgewing te handhaaf. Volgens Levande, Koch en Koch (1983) is ontwikkelingstaakgenerasie 'n nooit-volledige komplekse onderneming wat deur verskillende persone met 'n variërende mate van sukses gedurende afgebakende periodes tegemoet gegaan word.

Uiteenlopende uiteensettings van individuele menslike ontwikkeling word voorsien deur verskillende outeurs (Craig, 1982; Gerdes et al., 1981; Havinghurst, 1972; Hurlock, 1980; Kerckhoff, 1976; Louw, Gerdes en Meyer, 1984 en Pikunas, 1976). Hierteenoor staan Kimmel (1974, 1979, 1980) se bydrae tot individuele ontwikkelingsielkunde as 'n geïntegreerde veelvlakkige model wat in hierdie gedeelte as sentrale verwysingspunt dien.

Kimmel (1974, 1980) beskou die volwassene as 'n individu wat in interaksie verkeer met andere in die gemeenskap, waar hierdie interaksieproses sentraal is tot die begrip van ouderdomsverwante veranderinge gedurende die volwasse jare. Hierdie volwassenheidsbeskouing betrek die wisselwerking van verskillende faktore op diverse vlakke as sleutel tot die

begrip van egpaarinteraksie-ontwikkeling waar die individu aktief is in hierdie komplekse patroon van interaksies.

Indien die individu beskou word as bestaande uit 'n komplekse sisteem wat beide die unieke persoon en die unieke sosiale omgewing betrek, kan persoonlikheid omskryf word as die dinamiese interaksie tussen die individu en die sosiale omgewing. Die inhoud van die persoonlikheidsisteem, te wete, die persoonlikheidstrekke, persoonlikheidstyle en sosiale rolle kan in oënskou geneem word.

Die inhoudelike en prosesmatige aspekte van die persoonlikheidsisteem bestaan en funksioneer tegelykertyd in kombinasie. So 'n sisteem beskik oor die gewenste eienskappe, naamlik relatiewe stabiliteit en kontinuïteit tesame met relatiewe buigsaamheid en veranderlikheid. Kimmel (1974, 1980) maak egter meer gewag van hierdie wedersydsbeïnvloedende proses vanuit die invalshoek van die inhoudelike intrapersoonlike aspekte.

In die beskrywing van die aard van hierdie model van individuele ontwikkeling word daar ondersoek ingestel na die selfsisteem, die persoonlikheidsisteem, asook verhoudingsinisiasie en ontwikkeling. Die beskouing van die selfsisteem aan die hand van 'n interaksionele benadering tot volwassenheid geniet eerstens aandag. Aspekte soos die komponente van die self, die aanname van die houding van die ander, asook die self en volwassenheid kom ter sprake.

1.2.2 Die selfsisteem: 'n Interaksionele benadering tot volwassenheid


Selfteorie is omvattend. Reeds in 1968 dui Gordon en Gergen op sowat 2000 bestaande titels aangaande die onderwerp wat ontstaan het na die pionierswerk van William James (1910). Selfteorie bestaan in die breë uit 'n georganiseerde netwerk van konsepsies en persepsies met die self as sentrale tema.

Binne hierdie strukturele netwerk vind daar 'n voortdurende dinamiese wisselwerking plaas (English en English, 1976; Gergen, 1971 en Purkey, 1970). Hierdie interaksieprosesse is oorvleuelend tot bewussynsprosesse (Combs en Snygg, 1959) en neig na meerdere heterogeniteit en kompleksiteit (Gergen, 1971; Rogers, 1967) binne die grense van geredelike konsekwentheid (Allport, 1955; Greenstein, 1976; Purkey, 1970 en Yamamoto, 1971).

1.2.2.1 Komponente van die self

Outeurs soos Baron en Byrne (1984), Lindskold en Tedeschi (1976), Middlebrook (1980) en Penrod (1983), en verskeie navorsers (De Jong, 1977; Dutton en Lennox, 1974; Gordon, 1968 en Simmel 1966) identifiseer die komponente van die self as bestaande uit die materiële self, die psigologiese self, die self as denkende en emosionele proses, die sosiale self en die geheel-selfkonsep.

In hierdie model word die self beskryf as bestaande uit twee voortdurend-interreagerende komponente. Die "my" omvat alle objektiewe aspekte, terwyl die "ek" gebaseer is op die individu se ervaringe op daardie oomblik. In Figuur 1.1 word die aard van die self skematies voorgestel.



(Aangepas uit Kimmel, 1980, p. 48)


FIGUUR 1.1: DIE AARD VAN DIE SELF

Figuur 1.1 beeld die voortdurende interaksie tussen die elemente van die self uit. Terwyl die "ek" volkome privaat of subjektief daar uitsien, word die verskillende kenmerke van die "my" deur die individu as sodanig, of deur andere, in sosiale interaksie ervaar.

1.2.2.2 Die aanname van die houding van die ander

Persepsies van eie vermoëns en kenmerke van die self (Coopersmith, 1967; Yamamoto, 1972) induseer kwalitatiewe uiteenlopende effekte (Purkey, 1970) in 'n vergelykende interaksie met ander (Gergen, 1971; Sigall en Gould, 1977). Die selfkonsep bevat 'n bepaalde houding teenoor die self. Houdings is saamgestel uit kognitiewe, affektiewe en gedragskomponente (Bachman en O'Malley, 1977; Lindgren, 1968 en Rosenberg en Turner, 1981). Die self dien as oorsprong van gedrag (Brehm, 1966; Burnes, Brown en Keating, 1971; Goss en Morosko, 1970; Lanzetta en Driscoll, 1966; Pennebaker, Burnam, Schaeffer en Harper, 1977; Phares en Lamiell, 1975; Powell en Vega, 1972 en Seligman, 1975), insluitend die aard van interaksiegedrag.

Houdings teenoor die self word dan in sosiale interaksie beïnvloed deur die houdings en houdingskomponente van andere. Hierdie aanname van die houding van die ander word in Figuur 1.2 geïllustreer.



(Aangepas uit Kimmel, 1980, p. 49)

FIGUUR 1.2: DIE AANNAME VAN DIE HOUDING VAN DIE ANDER

In Figuur 1.2 word die aanname van die houding van die ander geïllustreer. Individu A ervaar die eie "ek" en individu B die "my". Indien individu A die houding van individu B teenoor die self aanneem, poog individu A om te wete te kom hoe individu B die eie "my" ervaar. Individu A kombineer dan hierdie inligting met die manier waarop die "my" vir die self voorkom. Beide individue ervaar die eie "my" asof hulle die self in 'n spieël waarneem.

Hierdie illustrasie aangaande die aanname van die houding van die ander kan beskou word as 'n praktykuitvloeisel van die sosiaal gedetermineerde self wat uiteengesit word deur die verskillende outeurs (Coopersmith, 1967; Mannheim, 1966; Morse en Gergen, 1970; Tippett en Silber, 1966 en Wylie, Miller, Cowles en Wilson, 1979).

1.2.2.3 Die self en volwassenheid

'n Wye verskeidenheid van kragte, veral sosiale interaksies binne die kring van beduidende ander (onder meer met die huweliksmaat as die vernaamste beïnvloedende individu) vorm gedurende volwassenheid die sosiale self, naamlik die "my". Hierdie sosiale self mag hoogs kompleks wees en voortdurend verander (Gergen, 1971). James (1950, p. 294) brei die gedagte van die sosiale self meervoudig uit deur daarop te wys dat "a man has many social selves so there are individuals who recognize him and carry an image of him in their mind". Die werking van selfskemas (Rogers, 1977; Markus, 1977) sluit ook by hierdie gedagtegang aan, wat 'n mate van stabiliteit aan prosesse van voortdurende herdefiniëring van die self verleen.

Met die bespreking van die self in volwassenheid, as aansluitend tot die aanneem van die houding van die ander en komponente van die self, word die beskouing van die selfsisteem aan die hand van 'n interaksionele benadering voltooi. Daar word vervolgens aandag gegee aan die aard van die persoonlikheidsisteem.


1.2.3 Die persoonlikheidsisteem

1.2.3.1 Inleiding

In die beskrywing van die integrerende veelvlakkige model van individuele ontwikkeling, is daar reeds aandag gegee aan die selfsisteem. In hierdie afdeling waar die persoonlikheidsisteem in samehang tot die selfsisteem beskou word, geniet die volgende aspekte aandag: die aard van die persoonlikheidsisteem, inhoudelike en prosesmatige aspekte van die persoonlikheidsisteem, verandering en stabiliteit van die persoonlikheidsisteem, asook ontwikkelingsveranderinge in die persoonlikheidsisteem. Die aard van die persoonlikheidsisteem word eerste in die kollig geplaas.

1.2.3.2 Die aard van die persoonlikheidsisteem

Die interaksionele aspekte van die persoonlikheidsisteem word in Figuur 1.3 voorgestel.



(Aangepas uit Kimmel, 1980, p. 400)

FIGUUR 1.3: DIE INTERAKSIONELE ASPEKTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSISTEEM

'n Gedeelte van die persoonlikheidsisteem, die donkerder geskakeerde area, is "privaat" in die sin dat dit intiem van aard is, vir andere onbereikbaar is en slegs ondersoek kan word by wyse van eksterne manifestasies. Daarenteen is 'n gedeelte van die persoonlikheidsisteem "publiek", deurdat hierdie komponente in verskillende grade ontbloot word in sosiale interaksies. Die ongeskakeerde areas buitekant die sirkel in Figuur 1.3 verteenwoordig hierdie publieke aspekte van persoonlikheid wat buite die individu gesetel is.

Feshbach (1978, p. 77) definieer sosiale situasies as "the immediate social and physical environmental stimuli" waarbinne individue in interaksie verkeer.

Feshbach (1978, p. 447) brei uit deur die sosiale en fisiese omgewing te beskryf as "the broader social and physical context that provides situations their meaning and their continuity". Veranderinge in hierdie eksterne faktore mag veranderinge in die persoonlikheidsamestelling en -funksionering veroorsaak, namate die persoonlikheidsisteem ontwikkel om effektief te skakel met die veranderde omgewingsamestelling.

Die aspekte van persoonlikheid wat in Figuur 1.3 voorgestel word in die lig-geskakeerde areas tussen die publieke en private areas van die persoonlikheidsisteem, is die verskillende persoonlikheidsaspekte wat die dinamiese interaksie tussen die individu en die eksterne omgewing vervat. Dit sluit aspekte in wat ietwat arbitrêr diagrammaties voorgestel word langs 'n privaat/publieke en relatief stabiel/veranderende kontinuum. Sosiale interaksie (vlak 5) is dus hoogs publiek en veranderbaar. Daarenteen is kognitiewe style en persoonlike konstrukte redelik privaat en redelik stabiel. Ander aspekte van die persoonlikheidsisteem tussen hierdie twee uiterstes sluit in sosiale gedrag en rolle (vlak 4), die individu se selfkonsep en selfpersepsie (vlak 3) en persoonlikheidstrekke en persoonlikheidstyle.

Sentraal tot hierdie model is die self waar die "ek" as privaat voorgestel word en die "my"-komponent publiek is. Persoonlikheidstrekke en persoonlikheidstyle kan die "my" aspekte vorm wanneer dit in sosiale interaksie aspekte van die self uitmaak wat andere waarneem en daarop reageer. Die "my"-komponent van die selfkern mag strek tot aan die fisiese grense van die individu en omvat die eerste vier vlakke van die publieke komponent van die persoonlikheidsisteem.

Volgend op die uiteensetting van die aard van die persoonlikheidsisteem, kom die inhoudelike prosesmatige aspekte van die persoonlikheidsisteem ter sprake.

1.2.3.3 Inhoudelike en prosesmatige aspekte van die persoonlikheidsisteem

Die kompleksiteit van die verskynsel van die individu in interaksie met die gekompliseerde sosiale omgewing gedurende volwassenheid noodsaak komplekser modelvoorstellings soos blyk uit die werk van Doise en Palmonari (1984), Cooley (1956), Duck en Gilmour (1981), Marx en Hillix (1979) en Rockwell en Elder (1982).

In die voorgestelde model vorm die "ek"-komponent van die persoonlikheidsisteem 'n suiwer prosesmatige inhoud wat voortdurende innovasiemoontlikhede daarstel. Dinamiese interreagerende fisiologiese en kognitiewe prosesse het 'n belangrike deel aan prosesmatige aspekte van persoonlikheidsisteme (Lefton, 1985; Morris, 1982). Momentum word aan die prosesmatige persoonlikheidsisteemaspekte verleen deur idealistiese doelwitte soos die strewe na selfverwesenliking (White, 1959) en selfaktualisering (Maslow, 1954).

Die inhoudelike "my"-aspekte van persoonlikhede behels rolle, persoonlikheidstrekke, die selfkonsep, selfpersepsies en persoonlikheidstyle. Die inhoudelike vertoon 'n pa-

troonmatigheid wat toegeskryf kan word aan die gewoontevormende effek wat voorkom weens die suksesversterking van genoegsame voldoening van individuele funksionering in gesinsverband.

Die inhoudelike en prosesmatige aspekte van die persoonlikheidsisteem het aandag geniet. Verandering en stabiliteit van die persoonlikheidsisteem is 'n volgende vraagstuk wat beskou word.

1.2.3.4 Verandering en stabiliteit van die persoonlikheidsisteem

Weens die sisteemkarakter van die persoonlikheid sou eksterne sisteemveranderinge mettertyd veranderinge meebring wat betref selfpersepsie en selfkonsep asook persoonlikheidstrekke en -style. 'n Mindere mate van veranderbaarheid is eie aan die kognitiewe style (Kolb, 1981) en persoonlikheidstrekke (Hurlock, 1980; Kenrick en Stringfield, 1980). Beïnvloedende verandering mag ook in 'n omgekeerde volgorde plaasvind vanaf persoonlikheidsisteemaspekte na die dinamiese sosiale interaksie. Funksioneringseienskappe van die persoonlikheidsisteem is dus sinoniem met 'n mate van labiele buigsaamheid (Funder en Ozer, 1983).

Die relatiewe mate van persoonlikheidstabiliteit mag toegeskryf word aan die meerdere stabiliteitskenmerke van elemente soos kognisie, sosiale rolle en eksterne sosiale situasies gedurende volwassenheid (Ackerman, 1954; Mugny, De Paolis and Curagati, 1984; Gendlin, 1964; Hall en Lindzey, 1978 en Sarchielli, 1984). Die persoonlikheidsisteem word dus gekenmerk deur konstante veranderende ontwikkeling deur die lewensloop (Bourdieu, 1979; Doise en Palmonari, 1984).

Hierdie ontwikkelingsveranderinge in die persoonlikheidsisteem tydens die lewensloop word van naderby beskou.

1.2.3.5 Ontwikkelingsveranderinge in die persoonlikheidsisteem

Levinson (1980, p. 278) maak die stelling dat "adult development is the story of the evolving process of mutual interpretation of the self and world". Gedurende jong volwassenheid word die persoonlikheidsisteem gekenmerk deur 'n sentrifugale neiging wat die individu voortstu vanaf die self uit in 'n groterwordende sosiale omgewing (Hinde, 1981). Hierdie proses behels volgens Erikson (1963, p. 268) ook 'n kulminasie en integrasie van ervaring soos beskryf deur die volgende opmerking: "Only him who in some way has taken care of things and people and has adapted himself to the triumphs and disappointments adhering to being the originator of others or the generator of products and ideas - only in him may gradually ripen the fruit of those seven stages".

Kuhlen (1964) beskryf hierdie periode as "groei" - uitbreiding wat gekenmerk word deur 'n strewe na bereiking, mag, selfaktualisasie en voldoening wat saamhang met uitgebreide sosiale rolle en verantwoordelikhede.

Daar kan ook verwys word na Levinson (1978) se ontwikkelingstadia van volwassenheid wat gekenmerk word deur beide entiteite van struktuurbouing en -verandering. Gould (1978, 1980) se ontwikkelingsveranderinge is soortgelyk aan dié van Levinson (1978), maar plaas meer klem op innerlike psigologiese veranderinge. Erikson (1963), Levinson (1978) en Gould (1980) aanvaar fokusverskuiwings en veranderingsperiodes by wyse van krisisse, oorgangs- of struktuurveranderinge.

Levinson (1978) en Gould (1980) beskou die jare dertig en veertig van 'n persoon as twee middelpunte van herbeskouing en verandering. Die middeljare van volwassenheid word gekenmerk deur 'n gebalanseerdheid en interaksie tussen die interne en eksterne aspekte van die persoonlikheidsisteem

wat selfs rigiditeitskenmerke mag aanneem. Dibner (1975) en Butler (1975) se navorsingsbevindinge is uitvloeisels van die aard van verhoogde integrasie en stabiliteit van persoonlikheidstrukture.

'n Sentripetale neiging in die persoonlikheidsisteem blyk om met toenemende ouderdom te ontstaan, wat die interne prosesse ten koste van die eksterne sosiale situasie na vore laat tree. Neugarten (1968) verwys na hierdie na-binnegerigte oriëntasie as intervariteit. Rogers (1979) skryf hierdie tendens onder andere toe aan 'n toenemende liggaamsbewustheid wat gepaard gaan met toenemende fisiologiese stremminge soos deur Craig (1976) uiteengesit. Die gevoelens van gemak wat gedurende die middeljare ervaar is, kombineer met 'n toenemende bewustheid van 'n begrensde lewenstylperspektief, wat bydra tot die intieme verskuiwing van selfaktualisasiefokus (Lowenthal en Chiriboga, 1972; Lowenthal, Thurnher en Chiriboga, 1975).

Die beskrywing van die persoonlikheidsisteem behels die beskouing van die ontwikkelingsveranderinge, die bespreking van konstantheid en verandering van die persoonlikheidsisteem, inhoudelike en prosesmatige aspekte daarvan, en die aard van die persoonlikheidsisteem. Volgens Kimmel se model van individuele ontwikkeling, is die selfsisteem reeds in die vorige afdeling weergegee.

'n Derde relevante komponent van hierdie model vir die doeleindes van hierdie studie is die verhoudingsinisiasie en -ontwikkeling wat daarmee gepaard gaan, en word in die volgende afdeling uiteengesit. Aspekte wat ter sprake kom, is: die selfsisteem, die persoonlikheidsisteem en sosiale interaksie, asook ontwikkelingstemas en verhoudinge.

1.2.4 Verhoudingsinisiasie en ontwikkeling

1.2.4.1 Die selfsisteem, persoonlikheidsisteem en sosiale interaksie

Biososiale ontwikkelingsevolusie voorsien die basis vir selfontwikkelingsinteraksie, -oriëntering en -fases. Biososiale predisposisies soos territorialiteit, dominansiehierargieë en seksuele dryfkrag mag motiverend in die voortdurende toetrede tot sosiale interaksies en verhoudingsontwikkeling funksioneer. Sosiale interaksies sluit verbygaande herhalende, onbeduidende of voortdurende verhoudings, soos die huwelik, in. Alle komponente van die persoonlikheidsisteme van betrokke individue is in 'n mindere of meerdere mate in samespel betrokke by sosiale verhoudingsinteraksie (Altman en Taylor, 1973; McCall, 1974).

Die selfsisteem, persoonlikheidsisteem en sosiale interaksie het aandag geniet. Ontwikkelingstemas en verhoudinge word vervolgens in oënskou geneem.

1.2.4.2 Ontwikkelingstemas en verhoudinge

Reiss, Olivieri en Curd (1983) postuleer dat ontwikkelingstemas in verhoudingsverband vanuit twee invalshoeke benader mag word, naamlik "afwaarts vanuit die gemeenskap" en "vanuit en rondom individuele en veral adolessente ontwikkelingstudies". Meer onlangse bydraes volgens die tweede benadering word vervat in die studie van Emiliani, Zani en Curagati (1981),Sarchielli (1984) en West en Newton (1984). Die ideaal is dat beide benaderings gebalanseerd teenwoordig is.

Hierdie gedeelte dek sommige relevante faktore in die ontwikkelingsvektor wat belangrik blyk te wees ten opsigte van begrip van sosiale verhoudinge. Individue se ouderdom word gewoonlik aanvaar as indeks van die veelvuldige faktore

betrokke by menslike ontwikkeling. Alhoewel die volwasse jare van meer belang is vir die doeleindes van hierdie model, is dit nie altyd moontlik om ontwikkelinge gedurende vroeëre tydsfases buite rekening te laat in 'n perspektiefbeskouing nie.

Die volgende faktore wat die ontwikkelingsvektor affekteer word opeenvolgend ondersoek, naamlik kognitiewe ontwikkeling, identiteit en verbygaande verhoudings gedurende die jeugjare, intieme en intergeneratiewe verhoudinge gedurende volwassenheid, en die beëindiging van verhoudinge.

A. Kognitiewe ontwikkeling

Kognitiewe ontwikkeling word in Figuur 1.3 voorgestel as een van die vier belangrikste privaatkomponente van die persoonlikheidsisteem. Kognitiewe prosesse ontwikkel en verander op 'n ordelike wyse gedurende die vroeë jare en adolessensie (Piaget en Inhelder, 1969). Die aard en die implikasies van hierdie opeenvolgende fases van die sensories-motoriese stadium, pre-operasionele denke, konkrete operasies en formele operasies is deeglik beskryf en nagevors (Gelman, 1979; Hoffman, 1977; Kagan, 1976; Phillips, 1969 en Piaget en Szeminska, 1952). Tesame met 'n geleidelike bewustheid van die gedifferensieerde bestaan en onderskeid van andere in die sosiale omgewing (Looft, 1972) het taalverwerwing en -ontwikkeling (Bruner, 1973; Bruner en Sherwood, 1981; Camaioni, 1977; De Castro Campos, 1981; Ninio en Bruner, 1978; Richards, 1977 en Vygotsky, 1962), 'n beduidende impak op die ontwikkeling van sosiale verhoudinge. Omvattende kritiek op Piaget se teorie word gelewer deur Bower (1976), Horn (1976) en Samuels (1974).

Selfs met die aanvaarding van hierdie model as die ideale riglyn, is navorsers soos Riegel (1973) daarvan oortuig dat daar voortgesette prosesse van volwasse kognitiewe ontwikkeling bestaan, aanvullend tot die formeel-operasionele

denkprosesse waarmee Piaget in latere adolessente ontwikkeling volstaan.

Die belangrikheid van hierdie verskillende stadia van kognitiewe ontwikkeling en die begrip van die aard en betekenis van sosiale verhoudinge kan waargeneem word in die studies oor morele ontwikkeling (Kohlberg, 1976, 1980; Kohlberg en Gilligan, 1971) en die ontwikkeling van geslagsidentiteit (Holter, 1970; Sherif en Sherif, 1969). Geslagsopvallendheid van andere ontwikkel vanaf bekendkonkreet tot 'n hoogs beduidende aspek van sosiale interaksie. Aronfreed (1970) dui morele ontwikkeling aan as bestaande uit 'n interaksie tussen persone se kognitiewe vermoëns en hulle gemeenskapservaringe, waar sodanige etiek uiteraard sosiale verhoudings beïnvloed.

Alhoewel Kohlberg en Gilligan (1971) vermeld dat sommige persone nie die vlak van formele operasies bereik nie, blyk dit dat die egosentrisme wat baiemaal met adolessensie gepaard gaan, getemper mag word. Individue wat vlakke ooreenstemmend met formele operasies bereik, mag op laer vlakke funksioneer omdat kulturele denkstylvlakke nie die formele kognitiewe styl van funksionering ondersteun nie (Kohlberg en Gilligan, 1971).

Daar mag selfs 'n regressie in kognitiewe ontwikkeling, veral gedurende die latere jare, plaasvind. Dit moet egter met omsigtigheid bejeën word (Baltes en Schaie 1973, 1977; Conger, 1977; Horn, 1976; Horn en Donaldson, 1976; Neugarten, 1976; Stevens-Long, 1979 en Schaie, 1977). Baltes en Labouvie (1973) en Neugarten (1976) se werk dui op die verbande wat bestaan tussen kognitiewe prestasie en omgewingsinvloede enersyds, en fisiese aktiwiteit wat saamhang met fisiologiese prosesse andersyds.

Aanvullend tot die beskouing van kognitiewe ontwikkeling as 'n individuele ontwikkelingstema, word daar aandag gegee aan

identiteit en verbygaande verhoudinge gedurende die jeugjare.

B. Identiteit en verbygaande verhoudinge gedurende die jeugjare

Identiteitsvraagstukke bereik volgens Erikson (1963, 1968) en Kimmel (1980) se beskrywings 'n hoogtepunt waar identiteit as interpersoonlike vraagstuk binne die konteks van sosiale verhoudinge wat gedurende die adolessente stadium gevorm word, staan (Ahchin en Kiesler, 1982). Een van die meer beduidende uiteensettings aangaande die belangrikheid van verhoudings in die oplossing van identiteitsvraagstukke (Broughton, 1981; Erikson, 1977; Loevinger, 1976 en Lefton, 1985) word voorgestel deur Goethals en Klos (1970) wat hul spesifiek bepaal by die verbygaande verhoudings wat kenmerkend is van hierdie lewensfase.

Eksperimentering met nuwe verhoudinge en nuwe aspekte van die self in verhoudings, vorm 'n belangrike element van die proses van identiteitsvorming (Brown en Lohr, 1983; Marcia, 1966; Newman, 1982 en Newman en Newman, 1979). Gedurende die jeugjare mag heteroseksuele verhoudings romantiese (Santrock, 1986; Skipper en Nass, 1966) of selfs seksuele (Dreyer, 1982; Hass, 1979) intimiteitsaspekte bevat. Die funksie van hierdie verhoudings mag op 'n egosentriese wyse primêr gerig wees op selfdefiniëring deur middel van voortdurende terugvoer vanaf die ander. Die aanwesigheid van sosiale versterking en ondersteuning binne sodanige verhouding (Conger, 1977; Santrock, 1986) wat lei tot 'n versterking van selfvertroue, mag selfs die belangrikste werklike eienskappe van die ander as minder relevant verberg.

Die identiteitsvorming wat met hierdie stadium gepaard gaan, is van kardinale belang vir toekomstige intieme langtermynverhoudings (Kagerguis en Adams, 1978). Erikson (1968, p. 163) beskou 'n gevestigde identiteitsin as 'n

voorvereiste vir intimiteit deur dit te omskryf as "a fusing and counterpointing of identities". Goethals en Klos (1970) beskryf hierdie verhoudings as oorgangsverhoudings, waar dit 'n brug slaan tussen die identiteitsvraagstukke vanaf adolessensie deur die jeugjare (Keniston, 1970, 1977) tot in volwassenheid.

Identiteit en verbygaande sosiale verhoudinge wat as vooropgestelde individueel-sosiale veranderlikes gedurende adolessensie en die jeugjare manifesteer, maak plek in die ontwikkelingsproses vir die intieme en intergeneratiewe verhoudinge wat met volwassenheid gepaard gaan. Hierdie verhoudinge wat kenmerkend is van volwassenheid word voorts beskou.

C. Intieme en intergeneratiewe verhoudinge van volwassenheid

Kernkonstrukte van teorieë van volwasse persoonsontwikkeling behels krisisse (Vaillant, 1977), tydsberekening en -perspektief (Gould, 1978; Neugarten en Datan 1973 en Steinberg, 1980) asook lewensgebeurtenisse (Dohrenwend en Dohrenwend, 1978; Holmes en Rahe, 1967; Hultsch en Plemons, 1979 en Neugarten en Datan, 1973). Individuele ontwikkelingsperspektiewe lewer belangrike bydraes tot die begrip van volwasse verhoudingsontwikkeling. Hierdie bydraes geskied vanuit verskillende gesigspunte, byvoorbeeld die stadia van generatiwiteit versus stagnasie (Erikson, 1968), transformasies (Gould, 1975, 1978, 1980), "seisoene" van die mens se lewe (Levinson, 1978, 1980) en Peck (1968) se omvattende uitbreidings van Erikson (1963, 1968) se teorie en laastens die uitbreiding van intimiteit en generatiewe stadia (Vaillant, 1977). Die snypunte van hierdie teorieë beklemtoon volwasse-ontwikkeling met betrekking tot belangrike opeenvolgende fases.

Neugarten (1964, 1968) beklemtoon die kompleksiteit van die verskillende sosiale verhoudinge wat gepaard gaan met die

fases van volwasse-ontwikkeling. Volwasse verhoudings, insluitende intieme verhoudings, vertrouensverhoudings en intergeneratiewe verhoudings word gekenmerk deur 'n langdurige kwaliteit. Waar hierdie voortdurende verhoudings oor 'n ontwikkelingsvektor (Berscheid en Walster, 1974; Levinger, 1974, 1980) beskik, vind kulminasie plaas tot op 'n vlak waarin 'n geskiedkundige komponent, betroubaarheid, 'n ferm plek in die persoon se sin vir identiteit, intimiteit, skeppendheid en integriteit beklee. Namate persone ouer word, vermeerder hulle interaksie-ervaring en bestaan daar 'n toename in kennis en vaardighede aangaande die vorming, behartiging en beëindiging van langtermynverhoudinge. Volgens White (1966) mag daar ook 'n meer omvattende selektiwiteit en konsentrasie op beduidende verhoudings wees wat gedurende jong volwassenheid 'n aanvang neem en voortduur.

Verskillende voortdurende intimiteitsverhoudinge gedurende die individu se lewensloop, wat wissel in konteks, vervul uiteenlopende funksies in die individu se lewensloop. Shulman (1975, p. 820) stel dat "the nature of close relationships does vary with life-cycle changes and that at each stage people tend to establish and sustain networks of relations geared to the needs and the concern of their particular stage of life."

Vertrouensverhoudings is eie aan volwassenheid. Aangaande die waarde van vertrouensverhoudings dui Lowenthal en Haven (1968) op die behoud van relatiewe hoër vlakke van moraal ten spyte van verskeie sosiale verliese wat gepaard gaan met veroudering, aftrede en weduweeskap. Die behoefte aan 'n intieme, nabye vertroueling (Erikson, 1968; Kacerguis en Adams, 1978; Lowenthal en Thurnher en Chiriboga, 1975) dien voortdurend as versterkingsbron in die handhawing van meer uitstaande rolidentiteite en funksioneer veral beduidend gedurende krisisperiodes, hersosialisering of rolverlies.

Die ontwikkelingsvektor en tydskomponent van verhoudinge impliseer laastens 'n uiteindelike terminasie.

D. Die beëindiging van verhoudinge

Geen ander kenmerk soos die terminasie van verhoudinge fokus die aandag meer op die ontwikkelingsvektor as juis die feit van die dood nie. Die terminasie van 'n beduidende verhouding het die rouproses (Averill, 1968; Kalish, 1981 en Parkes, 1972) met 'n soms intense somatiese ongemak (Lindemann, 1944; Parkes, 1964) tot gevolg. Dit is moontlik om binne die rouproses duidelike stadia te onderskei (Lefton, 1985; Santrock, 1986). Soortgelyk aan Pattison (1977) se fases van lewe-dood intervaltrajekte en Kübler-Ross (1969) se sterwenstadia, is die identifisering van absolute rouprosesstadia nie in lyn met menslike uniekheid nie.

Die omvattende en intense elemente van ontwikkeling en terminasie is uniek aan voortdurende verhoudings. Terwyl die bewustheid van 'n persoon se verganklikheid 'n invloed uitoefen op individue se lewenstyle en ervaringe van lewensbetekenis, mag die bewustheid van die verganklikheid van beduidende verhoudinge die kwaliteit van sodanige verhoudinge positief beïnvloed. Die sterflikheidsherkenning van verhoudings mag intieme langtermynverhoudings selfs verhef tot 'n poging om betekenis in menslike verganklikheid te vind.

Hierdie beskouing van die beëindiging van verhoudinge, in samehang met intieme en intergeneratiewe verhoudinge van volwassenheid, identiteit en verbygaande verhoudinge gedurende die jeugjare en kognitiewe ontwikkeling, rond die bespreking aangaande ontwikkelingstemas en verhoudinge af. Tesame met die uiteensetting van die selfsisteem, persoonlikheidsisteem en sosiale interaksie, word daar volstaan met die beskrywing van verhoudingsinisiasies en -ontwikkeling. Ander aspekte wat voorgehou is as behorende tot die

integrerende veelvlakkige model van individuele ontwikkeling, sluit die persoonlikheidsisteem en die selfsisteem in.

1.2.5 Samevatting

Uit die voorafgaande rapportering van die sentrale parameters van Kimmel (1974, 1979, 1980) se model van individuele ontwikkeling teen die agtergrond van wyer teoretiese perspektiewe, blyk dit wel moontlik te wees om aspekte van individuele egpaarlede in 'n omvattende veelvlakkige ontwikkelingsperspektief te plaas. Dit lewer 'n aanvanklike en belangrike bydrae tot die eerste doelstelling van hierdie studie, naamlik 'n teoretiese integrasie en teorie-bou ten opsigte van verskillende fasette van die huwelik en egpaarinteraksie-ontwikkeling.

'n Verdere bydraende faktor tot die verwesenliking van hierdie doelstelling is geïdentifiseer as 'n beskouing van individuele egpaarlede in 'n integrerende veelvlakkige struktuur. In hierdie verband word parameters van Egan en Cowan (1979) se werksmodel van individue in sisteme in konteks aangewend, wat in die volgende afdeling indringend beskou word.

1.3 ONTWIKKELENDE INDIVIDUE IN SISTEME : 'N WERKSMODEL VAN EGAN EN COWAN

1.3.1 Inleiding

Doise en Palmonari (1984) dui aan dat een van die kenmerkendste neigings in die onlangse studies van die psigologiese ontwikkeling van die individu, is 'n toenemende vestiging van verklarende beginsels binne meer sosiale aard. Ondersteuning vir hierdie uitlating is onder andere gesetel in die toenemende aanwending van die term "sosiaal" in uiteenlopende teoretiese navorsingsvelde. Behavioriste verwys byvoorbeeld na sosiale leer (Bandura, 1977) of sosiale

behaviorisme (Staats, 1975), etioloë verwys na sosiale ontwikkeling (Hinde, 1978), sielkundiges in die algemeen na die rol van sosiale interaksie in kognitiewe ontwikkeling (Perret-Clermont, 1980) of sosiale kognisie (Flawell en Ross, 1981), en psigolinguïste na interaksionele prosesse in die taalkonstruksieproses (Bruner en Sherwood, 1981).

Bourdieu (1980), Piaget (1975), Staats (1975) en Trevarthen (1979) handhaaf vanuit diverse perspektiewe die sienings dat die individu die skemas, regulasies aangaande optrede, gedragsmotiewe en gedragsrepertoire behoort te bemeester wat die weg baan na toenemende voldoende vlakke van sosiale interaksie. Doise en Palmonari (1984) sien die ontwikkeling van die individu as vasgevang in 'n interaksie tot en vanuit die sosiale omgewing, waar individuele hanteringswyses voortspruit vanuit interaksie en realiteitskoördinering teenoor andere.

Egan en Cowan (1979) stel 'n werksmodel voor vir ontwikkelende individue binne meer omvattende sosiale sisteme. Die beginsels van hierdie werksmodel is onder andere veral gesetel in die werke van Cowan, Egan en Bacchi (1978) en Egan (1970, 1975, 1976, 1977, 1979).

'n Model kan gedefinieer word as 'n visuele voorstelling van werklike of ideale funksioneringswyses. 'n "Werksmodel" impliseer dat die gebruiker in staat is om spesifieke doelwitte effektief te bereik, met ander woorde dis 'n kognitiewe kaart met leweringspotensiaal. Modelkriteria behels 'n gelyktydige, voldoende kompleksiteit en aanwendingseenvoud. Lippet (1973) stel voor dat modelle tweedimensioneel, nie-lineêr en basies nie-matematies behoort te wees.

'n Driedimensionele nie-lineêre en matematiese model mag teoreties wel van waarde wees. Egan en Cowan (1979) se model kan dus met die oog op 'n sinvolle integrasie en

uiteindelike modeleffektiwiteit met gemak geakkommodeer word.

Hierdie model is gebaseer op 'n bekende Lewiniese vergelyking, naamlik:

$$G = f[I \times O]$$

Hierdie vergelyking gee gedrag aan as 'n funksie van die interaksie tussen die individu en die omgewing. Hierdie vergelyking word as volg aangepas:

$$IO = f[(I \leftrightarrow S) \times (S \leftrightarrow S)]$$

Individuele ontwikkeling [IO] is dus die funksie van die interaksie tussen individue [I] en persoonsisteme [S] of individue in 'n meer omvattende sosiale konteks waarin hulle ontwikkel, asook die wedersydse interaksie tussen hierdie sisteme. Die vooropgestelde entiteite van hierdie model, naamlik die individu en persoonsisteme, geniet vervolgens aandag by wyse van die uiteensetting van individuele ontwikkelingstemas en individuele ontwikkeling in sosiale konteks. Die aspek van individuele ontwikkelingstemas kom eerste ter sprake.

1.3.2 Individuele ontwikkelingstemas

1.3.2.1 Inleiding

Die beskouing van menslike ontwikkeling verskaf 'n basiese werkskennis met betrekking tot individuele ontwikkelings-ondersteuningsbehoeftes. Determinante van ontwikkeling is omvangryk (Kluckhohn, Murray en Schneider, 1967; Rosenblith, Allinsmith en Williams, 1973). Toepassings van die waarde van werkskennis van menslike ontwikkeling gedurende verskillende lewenstadia word verskaf deur onder andere Newman en Newman (1975) en Perry (1970) aangaande adolessensie, Gerdes et al. (1981) en Levinson (1980)

aangaande jong volwassenheid en Neugarten (1968), Peck (1968), Troll en Bengtson (1982) asook Vaillant (1977) aangaande middelvolwassenheid.

Spesifieke individuele ontwikkelingstemas wat in hierdie afdeling ter sprake kom, is die onmiddellike konseptuele beskouing van die individu, die lewensbeskouing van die individu asook 'n integrasie van individuele ontwikkelingstemas.

1.3.2.2 Die onmiddellike konseptuele beskouing van die individu

In die wetenskaplike bestudering van menslike gedrag kom Mischel (1973) tot die gevolgtrekking dat daar 'n behoefte bestaan aan kennis aangaande die komplekse interverwantskappe tussen aspekte van individuele funksionering (kognisie, persepsie, aandag, emosie, waardes, motivering en gedragsvorme) en 'n geordende sintese daarvan. Die kompleksiteit wat met sodanige interaksie gepaard gaan, word deur Boulding (1975) met betrekking tot die stimuli-respons paradigma uiteengesit. 'n Alternatiewe ordeningsproses sien soos volg daaruit: Stimuli word vanuit die omgewing deur die sinsorgane ingeneem (aandag), 'n geïndividualiseerde seleksie van data vind plaas (persepsie), die veranderbare stimulus verwerf 'n spesifieke betekenis (transformasie) en uiteindelik is daar optrede deur die individu. Woolridge (1963) herinner daaraan dat die sensoriese, kognitiewe, motoriese en kubernetiese vermoëns van individue geïntegreerd ontwikkel. Dit impliseer dat die voorafgaande siklus sigself mag herhaal.

Die selektiewe eienskappe van aandag en persepsie in individuele funksionering word uiteengesit deur verskeie outeurs (Duncan, 1980; Guttentag, Haith, Goodman en Hauch, 1984; Lewis, Honeck en Fishbein, 1975 en Massaro en Warner, 1977). Wat die rol van persepsie in sosiale interaksie betref, hou die Sosiale Sielkunde en spesifiek die

attribusie-teorie, hom besig met basiese prosesse betrokke by die persepsies van die self, ander persone, en situasies waarbinne persone funksioneer (Jones, Kanouse, Kelly, Nisbet, Valins en Wiener, 1972). Psigolinguiste (Bandler en Grinder, 1975) verleen ook reeds 'n geruime tyd herkenning aan die feit dat taal die ervaringspersepsies van die sosiale omgewing infiltreer. Gestalt-sielkundiges (Köhler, 1947) het heelwat bygedra tot begrippe in die perseptuele Sielkunde (Barker, 1968; Beck, 1966). Dit is noodsaaklik om individuele persepsies en perseptuele prosesse te begryp en te waardeer met die oog op effektiewe interaksie en beïnvloeding (Aspy en Roebuck, 1977; Rogers, 1977 en Strupp, 1973).

Die uniekheid van die mens as wese is ook geleë in die mate waartoe individue se gedrag gemodifiseer word deur 'n aktiewe konstruksie, en dus ook 'n herkonstruksie van betekenisse wat aan gebeure geheg word (Boulding, 1975; Ellis, 1977a, 1977b en Mead, 1934). Meichenbaum (1977) wys op die belangrikheid van kognitiewe herstrukturering van gebeure in gedragsveranderingsprosedures.

Individue transformeer gebeurtenisse in hulle lewens op tiperende wyses met die doel om te oorleef en op doelgerigte wyse op te tree. Dit geskied deur middel van kognisie of rasionele denke enersyds, en emosie, waardes en houdings andersyds. Jones en Gerard (1967) beskou waardes en houdings as emosioneelbelaaide kognisies. Individue vertoon voorkeurpatrone in die aanwending van hierdie transformasiewyses weens onder andere genetiese temperamentele verskille (Buss en Plomin, 1975) en veral sosio-kulturele leergeskiedenisse (Bandura, 1969, 1977).

Die model onder bespreking se beskouing van menslike ervaring is in ooreenstemming met heelwat voorstellinge van klassieke persoonlikheidsteorieë. So beklemtoon fenomenologiese teoretici (Combs, Richards en Richards, 1976; Rogers, 1951) die belangrikheid van die begrip van die

wêreld soos waargeneem en georganiseer deur die persoon. Kelly (1955) konsentreer op die oortuigings van persone omtrent hulself en sosiale interaksie. Ellis (1962) sien sentrale gevoelens as die gevolg van die wyses waarop persone ervaringe interpreteer. Frank (1973) wys op die gedragsbeïnvloedende rol in die bepaling van gedrag as die "aanvaarde wêreld" van die individu. Aansluitend hierby stel gedragsterapeute (Bandura 1969, 1982a, 1982b, 1983; Bandura en Walters, 1963 en Hilgard en Bower, 1975) modelle voor wat die individu se aktiewe transformasie van ervaringe beklemtoon. Egan en Cowan (1979) se model sou kon dien as 'n sintese van hierdie uiteenlopende voorstellings wat ervaring betrek.

Gedagtig aan die belangrike verbintenisse tussen persepsie, aandag, transformasies en aksie, is dit duidelik dat individuele voorkeurwyses van ervaring-transformering van optrede verskillende situasies tot gevolg sal hê, wat weer eens respondeer tot die sosiale omgewingskonteks (Mischel, 1973). Hierdie konsepsie is in Meehl (1973) se terme gedragsrelevant maar nie gedragspesifiek nie, wat genoegsame ruimte laat vir individuele uniekheid (Endler en Hunt, 1969).

Die siklus van persepsie, aandag, transformasie en aksie voorsien dus 'n bruikbare momenteel-individuele funksioneringsmodel, indien die eenheidsbeeld van individuele lewensontwikkelingservaring in gedagte gehou word.

In die volgende afdeling word aandag gegee aan die lewensiklusbeskouing van die individu.

1.3.2.3 Die lewensiklusbeskouing van die individu

A. Inleiding

Vanaf geboorte neig individue om op progressiewe, komplekse wyses waar te neem, te transformeer en op te tree (Kohlberg,

1969; Loevinger, 1976). Toenemende getuienis deur outeurs soos Kimmel (1974), Levinson (1978), Newman en Newman (1975) dui daarop dat beduidende veranderinge gedurende die lewensloop plaasvind met die behoud van 'n herkenbare kontinue identiteit.

Uiteenlopende konsepte word met ontwikkelingsveranderinge op individuele vlak geassosieer. "Kwalitatiewe" veranderinge verwys na die vermoë om waar te neem, te transformeer en op te tree met verhoogde kompleksiteit en integrasie, eerder as om huidige beskikbare response te produseer soos onder andere deur Perry (1970) en Widick (1977) geïllustreer word.

Kumulatiewe veranderinge verwys daarna dat, indien daar beweeg word na groter kompleksiteit en integrasie, daar op behoue laervlak-response gebou word. Hierdie tendens word effektief geïllustreer by die kognitiewe ontwikkeling van kinders (Flavell, 1963; Gruber en Voneche, 1977 en Piaget, 1954). Ontwikkeling is ook sistematies indien 'n hoër vlak van ontwikkeling wat in een area bereik is, neig om na ander areas te versprei (Flavell, 1963; Perry, 1970 en Widick, 1977). Laastens is ontwikkelingsveranderinge blywend van aard (Meyer en Weyers, 1984), en nie beperk tot sekere situasies nie. Ontwikkeling neig om veralgemenend uit te brei om ook die situasies waar ontwikkelingsveranderinge nie aanvanklik voorgekom het nie, te betrek.

Vrae ontstaan nou rondom die aard van ontwikkelingsveranderinge wat in hierdie model as ter sake gedefinieer is. Basiese dimensies van die beskouing van menslike ontwikkeling deur die lewensloop geniet eerstens aandag, waarna 'n oorsig van individuele lewensloopontwikkeling ter sprake kom.

B. Basiese individuele ontwikkelingsdimensies

Verskillende hoofdimensies van individuele ontwikkeling in lewenskonteks word met behulp van 'n algemeenbruikbare terminologie omskryf.

Die indeling van die totale lewensloop in stadia berus, volgens Louw, Gerdes en Meyer (1984), op die gedagte dat sekere tydperke besondere kenmerke vertoon wat begrensing moontlik maak. Lewenstadia verwys na die feit dat daar in die konteks van spesifieke gemeenskappe belangrike ontwikkelingsgebeure neig om voor te kom wat gepaard gaan met 'n mate van voorspelbaarheid gedurende sekere ouderdomsverwante fases van die individu se lewe. Ten spyte van die kritiek wat oor die stadiakonsep (Flavell, 1963) uitgespreek is en pogings om dit te herdefinieer (Wohlwill, 1973), vind dit steeds aanklank in die ontwikkelingsielkunde. "Belangrike persoonsisteme" is daardie omstandighede wat die fokale lokalisering is vir uitdaging en die ondersteuning gedurende 'n spesifieke lewenstadium.

"Ontwikkelingstake" as term verteenwoordig die ontwikkelingsuitdaging waarmee individue gekonfronteer word wat hernieude gedragspatrone, eienskappe en vaardighede noodsaak namate daar deur die lewensjare beweeg word (Louw, Gerdes en Meyer, 1984). "Ontwikkelingsbronne" dui op die noodsaaklike ondersteuning vir die individuele bemeestering van taakontwikkelinge en bestaan uit basiese menslike ondersteuning, werkskennis en vaardighede.

Die tydskomponent van individuele ontwikkeling word nie slegs gebaseer op relatiewe chronologiese ouderdom nie (Baer, 1970; Botwinick, 1978), maar ook volgens lewens-, sosiale en historiese tyd (Neugarten, 1980; Neugarten en Datan, 1973).

Sanford (1967) se ontwikkelingsanalise as 'n beweging na toenemende kompleksiteit wat voorkom wanneer 'n individu se

huidige hanteringswyse van die wêreld omvergewerp word deur nuwe eise wat deur die omgewing gestel word, is versoenbaar met die proses van individuele ontwikkelingsveranderinge wat eie is aan die model onder bespreking.

In opvolging van die basiese individuele ontwikkelingsdimensies, word daar gekyk na 'n oorsig van individuele lewensloopontwikkeling.

C. 'n Oorsig van individuele lewensloopontwikkeling

Figuur 1.4 stel 'n ontwikkelingskaart van die lewensiklus voor. Dit is daarop gemik om 'n saamgestelde raamwerk van individuele ontwikkelingsbehoeftes te verskaf. Hierdie model is aangepas uit die werk van Newman en Newman (1975) en Santrock (1986) wat gebaseer is op Erikson (1963) se konsepsie van ontwikkelingskrisisse, Kohlberg (1969) se werk aangaande morele ontwikkeling, Loevinger (1976) aangaande ego-ontwikkeling, Havinghurst (1972) se ontwikkelingstake en beskrywings van volwasse-ontwikkeling volgens Levinson (1978) en Kimmel (1974).

Die oorsig van individuele lewensloopontwikkeling, tesame met die besprekings van basiese individuele ontwikkelingsdimensies, voltooi die ondersoek na die lewensbeskouing van die individu. Dit sou op hierdie stadium sinvol wees om te kyk na 'n integrasie van individuele ontwikkelingstemas eie aan die model.

1.3.2.4 Individuele ontwikkelingstemas: Integrasie

In die bespreking van individuele ontwikkelingstemas is daar gefokus op die onmiddellike kontekstuele beskouing van die individu en 'n lewensiklusbeskouing van die individu. Die versoenbaarheid van die persepsie-aandag-transformasie-aksie [PATA]-siklus en die model van ontwikkeling deur die lewensloop is versoenbaar deur die eersgenoemde as prosesmodel en die tweede as inhoudelike model te beskou. Inhoudelike en


LEWENSTADIUM	SLEUTELSISTEEM	ONTWIKKELINGSTAAK	ONTWIKKELINGSBRON	ONTWIKKE-LINGSKRISIS
Laat adolessensie (18-20) (Die Jeugjare)	Normgroep; Skool- of werksopset; Gesin; Omringende gemeenskap	Onafhanklike lewenswyse; Inisiële beroepsbesluite; Geïnternaliseerde moraliteit; Inisiële voortgesette intimiteit; Relativistiese denke	Basiese menslike ondersteuning; Kennis en vaardighede vir: * Finansiële onafhanklikheid * Self-eksplorasie * Besluite neem * Verhoudings verdiep * Pluralisme hanteer Verantwoordelikheid vir keuses en gevolge	Individuele identiteit of identiteitsverwarring
Vroeë volwassenheid (23-30)	Nuwe gesin; Werksomgewing; Vriendskapsnetwerk; Omringende gemeenskap	Gesinslewe; Inisiële ouerskap; Loopbaanontwikkeling; Lewenstylbeheer; Toewydingsvermoë	Basiese menslike ondersteuning; Kennis en vaardighede vir: * Gesinsfinansiële beplanning en bestuur; * Interpersoonlike onderhandeling en konflikoplossing * Ouerskap * Roldiskriminasie en integrasie	Sosiale lewe bevrediging en intimiteit of onbevrediging en vervreemding
Voor-middeljarige oorgang (30-35)	Gesin; Werksopset; Vriendskapsnetwerk; Omringende gemeenskap	Herevaluasie en hertoewyding tot verbondenheid; Ouerskap van ouer kinders; Hantering van verbondenheidsherevaluasie aan die kant van beduidende ander	Basiese menslike ondersteuning Geleentheid vir evaluasie en hernude besluite betreffende: * Verhoudings * Loopbaan * Lewenstyl Kennis en vaardighede om 'n wyd gebaseerde interpersoonlike ondersteuningstelsel te vorm	Hernuwing en uittreding
Voor-middeljare (36-50)	Vriendskapsnetwerk; Werksomgewing; Omringende gemeenskap	Midlewensevaluasie van verbondenheid; Kinders verlaat die ouerhuis; Veranderinge in die huweliksverhouding; Betrokkenheid wyer as die self en die gesin	Basiese menslike ondersteuning; Kennis en vaardighede vir hoërorde rolinname; Hoërorde rolledifderensiasie en integrasie	Bereiking en betekenis in sosiale lewe of onbevrediging en betekenisloosheid
Middeljare (51-65)	Gesin; Vriendskapsnetwerk; Werksomstandighede; Omringende gemeenskap	Betrokkenheid buite die gesin; Voltooiing en vermindering van beroepsbetrokkenheid; Konfrontasie met persoonlike mortaliteit	Basiese menslike ondersteuning; Kennis en vaardighede vir: * Betrokkenheid van die self in die gemeenskapsisteme; * Toenemende staatmaking op kognitiewe eerder as fisiese vaardighede	Behoudende bydraes deur betrokkenheid met andere of selfstagnasie
Bejaardheid (65-dood)	Gesin; Vriendskapsnetwerk; Omringende gemeenskap	Toenemende afhanklikheid van andere; Evaluasie van die persoon se lewe; Hantering van die afsterwe van beduidende ander; Hantering van eie afsterwe	Basiese menslike ondersteuning; Geleentheid vir betekenisvolle betrokkenheid met andere en beduidende take; Oorlewingsvaardighede gegewe verminderde fisiese bronne; Vermoë om afskeid te neem en te rou	Sin van betekenis en waarde of wanhoop

FIGUUR 1.4: INDIVIDUELE LEWENSLOOPONTWIKKELING

prosesmatige aspekte is aanvullend en in totaal noodsaaklik vir volledige begrip van menslike funksionering.

Een van die gevolge van sodanige samesmelting is die konstruksie van 'n leersiklus (Egan, 1975, 1976, 1977; Cowan, Egan en Bacchi, 1978).

Hierdie leersiklus word in Figuur 1.5 voorgestel.



FIGUUR 1.5: 'N LEERSIKLUS

Gedurende fase 1 van die leersiklus (Figuur 1.5) reageer die individu op 'n stimulus vanuit die omgewing deur dit eenvoudig in 'n eie verwysingsraamwerk op te neem, of dit te ignoreer indien dit nie oor voldoende akkommodasiepotensiaal beskik nie. In fase 2 word die individu voorsien met alternatiewe wyses om na die stimulus te kyk, wat bewerkstellig word deur die nuwe perspektief met die huidige gesigspunte van die individu in verband te bring. In fase 3 word nuwe aksie-alternatiewe deur die individu gegenereer, as gevolg van die nuwe verwysingsraamwerk wat in die vorige fase ontstaan het. Gedurende die vierde en laaste fase word die nuwe perspektief en nuwe gedragsalternatiewe deel van die individu se huidige verwysingsraamwerk en gedragsrepertoire.

Die eerste drie fases van die leersiklus word verbind aan 'n voortdurende hersirkuleringsproses. Die individu beskik dus oor 'n konstante leerpotensiaal waar die ontwikkelingsvektor beskou kan word as 'n reeks voortdurende veranderinge in die wyse waarop persone by die PATA-siklus betrokke raak. Hierdie benadering sluit aan by Widick en Cowan (1977) wat menslike interaksie-ontwikkeling beskou as 'n gedeeltelike funksie van ontwikkelingstatus, en King (1977) se ontwikkelingsverwante kriteria, naamlik kwalitatief, kumulatief, sistematies en voortdurend.

Met hierdie voorstelle van individuele ontwikkelingsintegrasie word die bespreking van individuele ontwikkelingstemas voltooi. Verdere aspekte waarop gefokus is, sluit die lewensbeskouing van die individu en die onmiddellike konseptuele beskouing van die individu in.

Die ignorering van die omvattende sistemiese konteks waarin individuele ontwikkeling plaasvind, mag volgens Berger en Neuhaus (1977) en Sarason (1972, 1974) destruktiewe komplikasies vir psigopraktisyns inhou. Ook na aanleiding van aanbevelings soos dié van Dollard (1935) word daar voortgegaan met die konstruksie van 'n werksmodel van menslike ontwikkeling wat nie slegs aandag gee aan individuele ontwikkelingsgebeure van die lewensiklus nie, maar ook die konteks waarin hierdie gebeure plaasvind. Die aandag word nou verskuif na die omstandighede waarin ontwikkelingstake, -stadiums en -krisisse geskied.

Aspekte wat aandag geniet in die beskouing van individuele ontwikkeling in sosiale konteks is 'n inleiding tot sisteme, 'n oorsig van sisteemvlakke, persoonsisteme, 'n netwerk van individuele omstandighede, meer omvattende instellings van die omgewing, asook kulturele waardes en hulle impak.

1.3.3 Individuele ontwikkeling in sosiale konteks

1.3.3.1 Sisteme: 'n Inleiding

Laszlo (1972) postuleer dat die wêreld volgens die siening van verskeie navorsers en filosowe wat handel met die aard van wetenskap, as 'n sisteem beskou kan word. La Gaipa (1981) stel dit dat in 'n sisteembenadering, die dele van 'n sisteem nie gedefinieer kan word sonder verwysing na die geheelsisteem nie, wat juis sodanig funksioneer weens die samehang van die dele.

In hierdie model dui 'n persoonsisteem op 'n geheel wat uit menslike elemente bestaan, insluitende menslike geskiedenis in die mate wat dit die sisteem in die huidige affekteer. 'n "Sisteemwêreld" sou dui op die feit dat alle individue deelneem in, en beïnvloed word deur menslike sisteme wat mekaar affekteer.

Om voldoende begrip te kan toon vir individuele ontwikkeling, behoort die individu in verwantskap tot 'n aantal omvattende wedersyds-beïnvloedende sisteme en 'n interafhanklike netwerk van organisasies en instellings beskou te word (Brim, 1975; Bronfenbrenner, 1977b; Keniston, 1977 en Turk, 1977).

Individue mag basiese praktiese werkskennis verkry van sisteme wat hulle vanaf geboorte tot die dood omring. Dit sal dit vir die individu moontlik maak om betrokke te raak by en bydraes te lewer tot die ontwikkeling van hierdie sisteme en sodoende aanpassingskwaliteite verhoog. In hierdie verband voorsien die moderne sisteemteorie (Buckley, 1967; Kuhn, 1974 en Ruben en Kim, 1975) 'n bron van bruikbare konsepte om die benodigde werkskennis te verkry. In die volgende afdeling word daar na die verskillende vlakke van sisteme verwys.

1.3.3.2 Sisteemvlakke

Die volgende kategorisering van sisteme is aangepas vanuit Brim (1975) en Bronfenbrenner (1977b) wat vier kategorieë of vlakke van sisteme beskryf, naamlik mikrosisteme, mesosisteme, makrosisteme en ekosisteme.

Mikrosisteme (individuele omstandighede) is beperkte onmiddellike sisteme eie aan die alledaagse lewe wat aan die vereistes van menslike sisteme voldoen en die lewens van lede op verskillende wyses beïnvloed. Mesosisteme (netwerk van individuele omstandighede) op die tweede vlak behels die netwerk van individuele omstandighede en onderlinge beïnvloedende interaksies. Die ekosisteem of die meer omvattende instellings van die omgewing is instellings wat die persoon indirek beïnvloed en interorganisatoriese interaksies omvat. In die makrosisteem of kultuur as die mees omvattende sisteemvlak, verwys die term "kultuur" na gewoontegelowe, sosiale vorme en materiële trekke van religieuse, rasse of sosiale groepe.

Die verskillende sisteemvlakke word nou opeenvolgend beskou. Die individuele sisteemvlak geniet eerstens aandag.

1.3.3.3 Persoonsisteme

Bronfenbrenner (1977b) definieer 'n persoonsisteem as die stel verwantskappe tussen die ontwikkelende individue en die onmiddellike sosiale omgewing. Beïnvloedingsintensiteite wat ontwikkelingsgevolge impliseer, varieer tussen onderskeie persoonsisteemstrukture.


Persoonsisteme in interaksie met, en wat geaffekteer word deur ander sisteme, is die egpaar of die gesin (Andrews, 1974; Haley, 1976 en Satir, 1964), vriendkapsnetwerke (Schachter, 1959), die werksplek, en vrywillige assosiasies (Berger en Neuhaus, 1977).

'n Volgende sisteemvlak is die netwerk van individuele omstandighede.

1.3.3.4 'n Netwerk van individuele omstandighede

Berger en Neuhaus (1977) beskou hierdie sisteme vanuit 'n persoonlike oogpunt, en wys in 'n ontleding van die sosiale anatomie van hierdie sisteme op die effek van groter gemeenskapsinstellings op individue. Berger en Neuhaus (1977) suggereer verder wyses waarop die persoonsisteem ondersteun mag word om 'n bydrae te lewer tot beide individuele ontwikkeling en algemene welsyn.

In Figuur 1.6 word die ontwikkelende individu in konteks voorgestel op die vlak van die netwerk van individuele omstandighede.



(Aangepas uit Egan en Cowan, 1979, p. 81)

FIGUUR 1.6: DIE INDIVIDU IN DIE KONTEKS VAN INDIVIDUELE OMSTANDIGHEDE

In Figuur 1.6 word die persoon voorgestel in die konteks van individuele omstandighede wat op hierdie vlak bestaan uit die egpaar, die gesin, die werksplek en die portuurgroep. Hier is daar 'n voortdurende wedersydse beïnvloedende interaksie aanwesig.

Die impak van interaksies in die konteks van individuele omstandighede ten opsigte van individuele ontwikkeling, word weerspieël deur uitvloeisels van navorsingsaktiwiteite in die volgende velde. Daar is naamlik rollekonflik (Hare, 1962), huweliks- en werksareas (Blauner, 1964; Lessor, 1971), bewustheid van beïnvloedende kontekstuele betrokkenheid (Murrel, 1973) en interaksie in die fisiese woonarea as netwerk van individuele omstandigheidskontekste (Berger en Neuhaus, 1977; Morris en Hess, 1975 en Warren en Warren, 1977).

Opvolgend tot die netwerk van individuele omstandighede, word meer omvattende instellings van die omgewing in oënskou geneem.

1.3.3.5 Die meer omvattende instellings van die gemeenskap


Individue en die persoonsisteme waartoe hulle behoort, word voortdurend op uiteenlopende wyses interaksioneel beïnvloed deur die meer omvattende instellings van die samelewing, insluitende die media, owerheidswese, die ekonomiese stelsel en georganiseerde professies (Turk, 1977).

Interaksie-effekte op individue binne die meer omvattende instansies van die gemeenskap op verskillende gebiede word onderstreep deur navorsingsbevindinge rondom die volgende temas: die massamedia (Adler, 1975; Blumler en Katz, 1974; Gerbner, 1977 en Wright, 1975); die generering van gemeenskapsprobleme weens invloede vanaf meer omvattende instellings (Commoner, 1976); sistematiese beïnvloeding van minder omvattende groepe soos groepe werkersklasgesinne

(Giroux en Penna, 1977; Handel, 1977 en Rubin 1976) en effekte op die individu vanuit spesifieke gemeenskapsinstellings (Berger en Neuhaus, 1977; Bledstein, 1976 en Haskel, 1977).

In Figuur 1.7 word die ontwikkelende individu in die konteks van groter instellings van die gemeenskap skematies voorgestel.

In Figuur 1.7 word die individu voorgestel in die konteks van die groter instellings van die gemeenskap wat veranderlikes insluit soos opvoeding, die regering van die dag, die ekonomie, massamedia en georganiseerde godsdiens.



(Aangepas uit Egan en Cowan, 1979,. p. 97)

FIGUUR 1.7: DIE ONTWIKKELENDE INDIVIDU IN DIE KONTEKS VAN DIE GROTER INSTELLINGS

'n Laaste aspek van individuele ontwikkeling in sosiale konteks wat ondersoek word, is die kultuur waarin individue in omvattende sisteemverband funksioneer.


Parsons en Shils (1951) stel dat die kultuur as sisteem 'n intense sistematiese invloed uitoefen op beide individuele en sosiale sisteme of strukture. Die bepalende invloed van die kultuur as makrosisteem (Bronfenbrenner, 1977(b)) behoort verreken te word in die bestudering van individuele ontwikkelingsinvloede.

Wat die belangrikheid van kulturele invloede betref, merk Dollard (1935, p. 16) op dat "before any individual appears, his society had a specific social life organized and systematized, and the existence of this life will exercise a tyranical compulsion on him ... One of the marks of an effective grasping of this point is the stated or implied in our culture whenever one makes any point in connection with individual behavior ..." Hall (1977) ondersteun hierdie siening deur aan te toon dat die kultuur as primêre funksie 'n selektiewe en individuele perseptuele effek het. Aansluitend hierby, postuleer Santrock (1986) 'n kontekstuele wêreldbeskouing van individuele ontwikkeling. Volgens Santrock (1986) inisieer en reageer die individu voortdurend in 'n wêreld gekenmerk deur kontekstuele invloede, wat in ooreenstemming met Riegel (1975) se benadering, dialekties van aard mag wees.

Figuur 1.8 illustreer die sisteembeskouing van die sosiale wêreld (Laszlo, 1972; Kuhn, 1974), waarin die kultuur voorgestel word as 'n sisteem om die komplekse samestelling van die wêreld se menslike sisteme.

Figuur 1.8 demonstreer dat die sosiale lewensaspekte de facto onafhanklike lewens impliseer wat op sy beurt impliseer dat interaksionele invloede afwentel, vanuit die kultuur deur opeenvolgende laer sosiale sisteemvlakke, tot by die ontwikkelende individu, en ook omgekeerd. Hierdie ge-

organiseerde struktuur blyk in die bestaande vorm voldoende te wees vir die teoretiese modelontwikkelingsdoeleindes van hierdie studie. Dit bied wel verdere verfyningsmoontlikhede, byvoorbeeld aan die hand van 'n sosio-ekonomiese sisteemvlakstratifikasie wat volgens outeurs soos Bendix (1976), Blumberg (1972), Broom en Selznick (1973), Marx (1976) en Weber (1976) van belang mag wees. Dit is veral van belang in die geval van komplekse gemeenskappe, waar sosio-ekonomiese hiërargiese strukture verweef mag wees met etniese kulturele elemente.



(Aangepas uit Egan en Cowan, 1979, p. 116)

FIGUUR 1.8: DIE ONTWIKKELENDE INDIVIDU IN KONTEKS VAN DIE KULTUUR

'n Bewustheid van die indirekte en soms subtiele kultuurinvloede (Sarason, 1974) wat progressief vanaf geboorte kulmineer, maak maksimale individuele vryheid (Harris, 1977) moontlik. Ontwikkelingsvryheid is moontlik binne die grense van individuele vryheid by wyse van die proses van gemeenskaplikheid en gevolglik bevredigende gesamentlike ontwikkelingsintimiteit.

Die modelvoorstelling kan opsommenderwys soos volg voorgestel word:

$$O_I + O_S = f[I \leftrightarrow 10 \leftrightarrow 10 \text{ netwerk } OG \leftrightarrow K]$$

Die ontwikkeling [O] van beide die individue [I] en die sisteem [S] is dus 'n funksie van die interaksie [↔] tussen individue, individuele omstandighede [IO] en netwerke, die omvattende instellings van die gemeenskap [OG] en tussen sisteemvlakke en die heersende kultuur [K]. Binne hierdie kompleksiteit val die fokus egter op die interaksie van individue met sisteme as ontwikkelingsbron van albei.

Met die bespreking van kulturele waardes en hulle impak in opeenvolging tot die beskouing van meer omvattende instellings van die gemeenskap, die netwerk van individuele omstandighede en persoonsisteme as verskillende sisteemvlakke word die beskouing aangaande individuele ontwikkeling in sosiale konteks voltooi.

'n Verdere aspek van belang vir die doeleindes van hierdie studie, wat voortspruit uit die voorgestelde model onder bespreking, is die saak rondom interindividuele gemeenskaplikheid wat vervolgens aandag geniet.

Met hierdie bespreking aangaande individuele ontwikkeling in sosiale konteks, opvolgend tot die beskouing van individuele ontwikkelingstemas, word daar volstaan met die uiteensetting van die werksmodel van ontwikkelende individue in sisteme volgens Egan en Cowan (1979).

1.3.4 Samevatting

Die beskouing van die ontwikkelende individu volgens Egan en Cowan (1979) dui daarop dat dit moontlik is om individuele egpaarlede sinvol te beskou in 'n integrerende veelvlakkige ontwikkelingstruktuur. Waar beskouinge binne Kimmel (1974, 1979, 1980) se model daarin kon slaag om aspekte van individuele egpaarlede in 'n omvattende veelvlakkige ontwikkelingsperspektief te takseer, lewer Egan en Cowan (1979) se voorgestelde model 'n tweede aanvullende, belangrike bydrae tot die eerste doelstelling van hierdie studie, naamlik, 'n teoretiese integrasie en teoriebou ten opsigte van verskillende fasette van die huwelik en egpaarinteraksieontwikkeling.

In beide Kimmel (1974, 1979 en 1980) en Egan en Cowan (1979) se voorgestelde modelle kom die ontwikkelingsvektor van individuele ontwikkeling ter sprake. Levande, Koch en Koch (1983, p. 11) postuleer dat "since social relationships make up much of the fabric of human development, it would seem to be important to explore the complex interactions between human development through life and the patterns of social relationships". Waar die fokus tot dusver hoofsaaklik op individuele ontwikkeling as sodanig geplaas is, blyk dit sinvol te wees om met die oog op voldoende begrip ten opsigte van die oorhoofse studiedoelstellings, meer omvattende perspektiewe te genereer. Dit geskied by wyse van 'n voorlopige fokuspuntverskuiwing tot ontwikkelingsbeskouings op die interpersoonlikheidsisteemvlak (Kimmel, 1980), of die interpersoonsisteemvlak (Egan en Cowan, 1979), dus die gesinsontwikkelingsvlak (L'Abate en McHenry, 1983; Lefton, 1985 en Santrock, 1986).

'n Verdere bydraende faktor tot die verwesenliking van die tersaaklike studiedoelstelling is dus die beskouing van egpaarontwikkeling in terme van gesinsontwikkeling, wat vervolgens bespreek word. Aspekte wat in hierdie verband aandag geniet, is relevante ontwikkelingskonsepte, die ge-

sinsvormingsfase, gesinsuitbouingsfase, gesinsinkortingsfase en 'n model vir ontwikkeling in gesinsverband.

1.4 ONTWIKKELING IN GESINSVERBAND

1.4.1 Inleiding

Daar bestaan heelwat modelle van ontwikkeling wat die filosofie van hulle skeppers weerspieël. Soortgelyk aan die individu, kan die gesin gesien word as beskikker oor 'n lewensiklus. Gewoonlik neem dit 'n aanvang met die huwelik, brei uit gedurende die kinderopvoedingsjare, neem af namate die kinders die ouerhuis verlaat met eie gesinsvorming as doel, en termineer by die afsterwe van 'n ouer.

Bydraes tot die literatuur oor die onderwerp van gesinsontwikkeling, word gelewer vanuit verwante sosiaal-wetenskaplike dissiplines, soos dié van Duvall (1971) en Hill (1964), en veral oor die kompleksiteit van navorsing in die benadering tot gesinsontwikkeling. Praktisyns (Brown, 1980; Carter en McGoldrick, 1980; Haley, 1973; Melito, 1985 en Solomon, 1973) se waardevolle insette oefen vormende en evaluerende invloede uit op teoretiese gesinsontwikke-lingsmodelvorming. Duvall (1972, p. 27) definieer die gesinslewensiklus as "a sequence of characteristic stages beginning with family formation".

Gesinsontwikkelingsteoretici stem saam oor die buite-para-meters van die gesinslewensiklus, naamlik die troue en die afsterwe van 'n huweliksmaat. Besluitname aangaande lewen-siklusaspekte wat 'n nuwe stadium aandui, is ietwat arbi-trêr. Die aantal stadia in 'n voorgestelde lewensiklus kan varieer volgens die konseptuele skema van 'n spesifieke na-vorser. In die algemeen onderskei 'n hoofkonseptualisering die uitbouende gesin van die inkortende gesin. Die eerste periode behels die probleme van die voortbring en opvoeding van kinders deur die kinderjare en adolessensie. Die tweede periode behels die ontkoppeling van kinders uit die

ouerhuis, die hervasstelling van die verhouding tussen die primêre huwelikspaarlede, sowel as die problematiek wat gepaard gaan met aftrede en die dood.

In Figuur 1.9 word 'n uiteensetting gegee van verskillende stadia in die gesinslewensiklus soos voorgestel deur die monumentale bydraes van Die Nasionale Gesinslewekonferensie van 1948, Duvall (1957), Feldman (1964), Rodgers (1962), Schulz (1982), Rowe (1966) en Sorokin, Zimmerman en Galpin (1931).

Terwyl sommige tweestadiamodelle volgens Schulz (1982) die uitbouing en die inkorting van die gesin beklemtoon, blyk dit uit Figuur 1.9 dat ander tweestadiamodelle eenvoudig die belangrikheid van die aanwesigheid of die afwesigheid van kinders beklemtoon. Modelle wat steun op kinderaanwesigheid as ontwikkelingsbakens skiet te kort waar dit nie duidelike voorsiening maak vir toenemende kontemporêre gesinsontwikkelingsvraagstukke soos kinderlose egpare, die aannemende of hersaamgestelde strukture nie.

Die aantal stadia wat in modelstruktuursamestelling oorweeg word, reflekteer die belangrikheid wat verskillende navorsers aan spesifieke ontwikkelingstake toeskryf. Sorokin, Zimmerman en Galpin (1931) blyk nie werklik geïnteresseerd te wees in die differensiasie tussen die verskillende stadia van kinderopvoeding nie, maar eerder die problematiek rondom ondersteuning en afhanklikheid. 'n Meer omvattende skema, naamlik dié van Rodgers (1962) neem die ontwikkelingsuitdagings van die laasgeborene saam met die eersgeborene in ag. Duvall (1957, 1977) argumenteer dat die gesin die proses herhaal wat aangeleer is met die sosialisering van die eerste kind, namate daar deur hierdie stadia beweeg word deur opeenvolgende kinders.

'n Tipiese vierstadiumontwikkelingsmodel soos dié van Minuchin en Fishman (1981) neem 'n aanvang met huweliksvorming deur die troue en gaan voort na gesinne met jong

GESINS-LEWEN-SIKLUS	SOROKIN ZIMMERMAN EN GILPIN	NASIONALE GESINSLEWE KONFERENSIE	DUVALL	FELDMAN	ROGERS	DEMOGRAFIESE AANDUIDERS
I	Beginnende getroude egpaar	Egpaar sonder kinders	Egpaar sonder kinders	Vroeë huwelik (kinderloos)	Kinderlose egpaar	Ouderdom gedurende die eerste huwelik
II	Egpaar met meer as 1 kind	Oudste kind jonger as 30 maande	Oudste kind jonger as 30 maande	Oudste kind 'n baba	Alle kinders jonger as 36 maande	Geboorte van die eerste kind
III		Oudste kind van 2-5	Oudste kind van 2-6	Oudste kind op voorskoolse ouderdom	Voorskoolse gesin met (a) oudste 3-6, jongste onder 3; (b) alle kinders 6-13	Geboorte van die laaste kind, nie gereflekteer in die ander stadia nie maar dui op die einde van die kinder-opvoedingsperiode vir die moeder
IV		Oudste kind van 5-12	Oudste kind van 6-13	Alle kinders op skoolouderdom	Skoolouderdom gesin met (a) babas; (b) voorskoolse kinders; (c) alle kinders 6-13	
V		Oudste kind van 13-15	Oudste kind van 13-20	Oudste kind 'n tienderjarige, al die ander op skool	Tienderjarige gesin met (a) babas; (b) voorskoolse kinders; (c) laerskoolkinders; (d) adolessente; (e) alle kinders 13-20	
VI	Een of meer selfondersteunende kinders	Wanneer die eerste kind vertrek tot die laaste uit is	Wanneer die eerste kind vertrek tot die laaste uit is	Een of meer kinders by die huis en een of meer uit die huis	Jong volwasse gesin met (a) babas; (b) voorskoolse kinders; (c) laerskool kinders; (d) adolessente; (e) alle kinders ouer as 20	
VII	Ouer egpaar met alle kinders uit huis	Latere jare	Leë nes tot aftrede	Al die kinders uit die huis	Loslatingsgesin met (a) babas; (b) voorskoolse kinders; (c) laerskool kinders; (d) tienderjariges; (e) jongste kind ouer as 20	Huwelik van die laaste kind
VIII				Bejaarde egpaar	Wanneer alle kinders die ouerhuis verlaat het tot aftrede	
IX			Aftrede tot dood van een of albei huweliksmaats		Aftrede tot die dood van die een huweliksmaat	Dood van een huweliksmaat
X					Die dood van die eerste huweliksmaat tot die dood van die oorlewende	

FIGUUR 1.9 : STADIA VAN DIE GESINSLEWENSIKLUS

kinders, gesinne met adolessente kinders en gesinne met volwasse kinders. Sodanige struktuurindelings behoort beskou te word teen die agtergrond van die kompleksiteit van die gesinslewe en die uniekheid van elke gesinslid en gesinsamestellingsituasie.

Duvall (1957, 1977) se agtstadiummodel maak gebruik van vier faktore om hierdie stadia te definieer, naamlik interaksieprosesse wat verander in ooreenstemming met die grootte en die samestelling van die gesin, die ouderdom van die eerste kind, die skoolplasing van die kind en die statusse van gesinne voor en na die aanwesigheid van die kinders. Duvall (1957, 1977) se model van gesinsontwikkeling word redelik algemeen op 'n afgeskaalde wyse aangewend in gesinsontwikkelingsanalises. Daar bestaan egter relatief min ontwikkelde wyses waarop gelet kan word na die veranderinge in gesinsontwikkelingskonfigurasies. In die geval van hierdie studie word Duvall (1957, 1977) se raamwerk ook aangewend in kombinasie met insette van ander outeurs, byvoorbeeld Louw, Gerdes en Meyer (1984), Gerdes et al. (1981), Santrock (1986), Schutz (1982) en Steyn en Breedt (1977).

Navorsers wat poog om verskynsels soos gesinsontwikkeling te analiseer, beskryf en voorspel, maak noodwendig van konsepte gebruik. 'n Sistematiese werkwyse noodsaak volgens Aldous (1978) analities-bruikbare konsepte wat noodwendig beskryf behoort te word.

Voordat daar 'n uiteensetting van die gesinsontwikkelingsraamwerk verskaf word, geniet die konsepte relevant tot sodanige beskrywing eerstens aandag.

1.4.2 Relevante konsepte tot gesinsontwikkeling

Nou verwant aan die konsep van "gesinslewensiklus" is die veronderstelling dat 'n gesin, sowel as die betrokke individuele lede, sekere kritiese take op spesifieke ontwikkelingstadia bevredigend voltooi om op 'n normale wyse te ont-

wikkel. Duvall (1977, p. 159) definieer 'n ontwikkelingstaak as 'n "growth responsibility that arises at or about a certain time of life of an individual, successful accomplishment of which leads to success in later tasks", wat voortspruit uit twee bronne, naamlik fisiese rypwording en kulturele druk en voorregte.

Die term "ontwikkelingstaak" behels in gesinsverband, volgens Schulz (1982), gewoonlik 'n veranderde samestelling wat 'n herrangskikking van rolle en die heromskrywing van die statusse van gesinslede tot gevolg het om sodoende vordering te akkommodeer. Sommige stadia word primêr geassosieer met veranderinge in gesinsamestelling terwyl andere nouer verband hou met die ontwikkeling van gesinslede. Wanneer 'n konsep soos "ontwikkelingstake" ter sprake kom, poog navorsers om 'n konseptuele raamwerk daar te stel. Konseptuele raamwerke bestaan uit konsepte wat in kombinasie 'n eenheidsbeeld van die relevante vraagstuk voorsien (Aldous, 1978).

Om inligting te verskaf aangaande die aard en ontwikkeling van konseptuele raamwerke teen die agtergrond van hierdie studie, kan die konsepte "posisie" en "rol" as goeie voorbeelde dien. 'n "Posisie" dui op 'n sekere lokalisering in sosiale groepe, waartoe 'n samestelling van regte om pligte volgens Bates (1956) toegewys is. Die konsep "posisie" is verwant aan die konsep van "rol", 'n konsep wat gedrag kategoriseer, verwant aan die herkenning van die regte en pligte gekoppel aan 'n spesifieke posisie. Elke rol bestaan weer eens uit 'n stel norme, wat unieke onderskeidende gedragsverwagtinge behels.

Aansluitend by die konsep van die "rol" gebruik Deutscher (1959) die konsep "rolvolgorde". Dit behels die gedragsveranderinge in rolinhoud met die verloop van tyd. Deutscher (1959) maak ook gebruik van die begrip "rollesamestelling" wat verwys na die totale komplement van rolle

en hulle geassosieerde name waaruit 'n sosiale posisie gedurende enige stadium van die lewensbestek bestaan.

Aansluitend by die konsep van die "rol" gebruik Deutscher (1959) die konsep "rolvolgorde". Dit behels die gedragsveranderinge in rolinhoud met die verloop van tyd. Deutscher (1959) maak ook gebruik van die begrip "rollesamestelling" wat verwys na die totale komplement van rolle en hulle geassosieerde name waaruit 'n sosiale posisie gedurende enige stadium van die lewensbestek bestaan. Wanneer 'n posisie oor die lewensbestel beskou word, kan dit gekonseptualiseer word as 'n veranderende volgorde van rolsamestellings, terwyl hierdie volgorde as 'n posisionele loopbaan beskryf word (Farber, 1961). Meervoudige "career lines and their timetable and sinchronization" (Elder, 1975, p. 59) van egpaarlede in gesinsontwikkelingskonteks vorm 'n ontwikkelingsraamwerk waarteen egpaarinteraksie-ontwikkeling beskou kan word.

Die aard en die inhoud van gesinsontwikkeling waarmee die voorafgaande konsepte verband hou, word nou ondersoek. Die vormingstadium van die gesinsontwikkelingsiklus word eerstens beskou. Aspekte wat aandag geniet, is huweliksluiting, beperkende effekte op huweliksluiting, ontwikkelingstake asook huweliksrolle en rolskepping.

1.4.3 Die gesinsvormingstadium

1.4.3.1 Inleiding

Die aard en ontwikkeling van die huwelik in gesinsontwikkelingskonteks noodsaak voortdurende intra- en interpersoonlike aanpassing. Swenson, Eskew en Kohlhepp (1981) stel in hierdie verband 'n model voor wat die interafhanklikheid tussen faktore uiteensit. Die grondliggende vergelyking van die model, wat soortgelyk aan Egan en Cowan

(1979) se model op aspekte van die veldteorie (Lewin, 1939, 1951) gebaseer is, kan as volg geformuleer word:

Verhouding = f(Persoon 1, Persoon 2) situasie
waar f = die funksie

Volgens hierdie vergelyking sal enige verandering of kombinasie van veranderinge in enige van die betrokke faktore die verhouding beïnvloed, wat ook geld gedurende die aanvangsperiode van die huwelik.

Interpersoonlike interaksie gedurende hierdie periode word deur Schultz (1984) as metadefiniërend beskryf wat, onderhewig aan mindere veranderinge, voortdurende patroonmatighede in die toekomstige huweliksverhouding vertoon. Jackson (1965) etiketteer hierdie beginsel as die "quid pro quo" binne die huwelik.

'n Verdere belangrike perspektief met betrekking tot huweliksluiting met 'n sterker ontwikkelingsinhoudelike klem, fokus op die jong persoon se emansipasie vanaf die gesin van oorsprong na 'n inisiasie van huweliksvolwassenheidsgroei binne die geheelgemeenskap. Die kritiese oorgangspunt na die huwelik verteenwoordig die herkende sosiale inisiasie van die huwelikloopbaan. Die huwelikstatus staan in kontras met die voorafgaande ontwikkelingsituasie onder andere weens nuwe en voortdurende hernieude rolle en rolvolgordes.

Die huweliksdaad inisieer dus 'n eerste gesinstadium. Hierdie saak rondom die sluiting van die huwelik geniet eerstens aandag.

1.4.3.2 Huweliksluiting

Die vraag ontstaan op watter wyse twee individue instem tot die belangrike huweliksbesluit.

Kerkhoff en Davis (1962) se bevindinge in hierdie verband dui op die volgende: Eie aan 'n ontwikkelingsproses, het beperkte koppelinge in tipes interaksie-episodes kumulatief toenemende toegewydheid en verbondenheid by egpare tot gevolg. Wat sodanige kwalitatiewe ontwikkeling binne 'n gegewe tyd betref, beklemtoon Middlebrook (1972) die waarde van ooreenstemming en illustreer die toepassingswaarde van hierdie faktor met betrekking tot 'n voorspellingsmodel. Murstein (1971) beskryf wedersydse ooreenstemming as bestaande uit gemeenskaplike kwaliteite en belangstellings.

Santrock (1986) identifiseer fisiese voorkoms as 'n aanvanklike belangrike faktor, waar die verhouding na 'n aanvanklike ontmoeting tot verhoogde nabyheid mag ontwikkel. Dit gebeur indien die volgende gemeenskaplikhede aanwesig is, naamlik waardes, houdings, godsdiens, asook beskouinge van geslagsrolle en seksualiteit in die huwelik. Die proses van die geleidelike ontsluiting van openlike en subtiele elemente van ooreenstemming word deur Levinger, Senn en Jergenson (1970) beskryf as ko-oriëntasie wat ooreenstem met die tradisionele gedagte van wedersydse aantrekking (Burgess en Huston, 1979). In teenstelling met die voorafgaande benaderingswyse, wys Seyfreid en Hendrick (1973) en Winch (1958) op die rol wat komplimentêre behoeftebevrediging speel in verhoudingsinisiasie en -ontwikkeling.

Inisiële verhoudingsontwikkeling word, volgens Bolton (1961), ook beïnvloed deur faktore soos sosiale druk, onbeplande ouerskap, asook die opvoedkundige en beroepsloopbane. Rubin (1976) sluit hierby aan deur te wys op die ontvlugtingsmotivering tot 'n huweliksluiting wat mag volg op sub-ekonomiese ouerhuistoestande. Premature huwelikstoetrede onder sodanige omstandighede mag 'n siklus ondersteun wat volgens Fischer, Beasley en Harter (1968) gekenmerk word deur ekonomies-inhiberende omstandighede en 'n hoë generasie-omset.

Verskillende faktore mag 'n stremmende invloed uitoefen op paartjies se verhoudingsontwikkeling en huwelikstoetrede. Hierdie aspekte geniet nou aandag en daar word vervolgens gekyk na die gevolge van die tydsaspek, ouerlike invloede, en laastens beperkende invloede by mans en vroue se huwelike onderskeidelik.

1.4.3.3 Beperkinge tot huwelikstoetrede

A. Die gevolge van die tydsaspek

Santrock (1986) wys op die sosiale druk wat in 'n toenemende mate ervaar word deur vroue en mans onderskeidelik gedurende die latere twintigerjare en die vroeë dertigerjare, om 'n besluit aangaande huwelikstoetrede te neem. In die geval van die vrou is die verbygaande vrugbaarheidsperiode 'n belangrike faktor indien dit 'n toepaslike oorweging is.

Navorsingsresultate word deur Elder en Rockwell (1976) beskikbaar gestel wat daarop dui dat vroue wat relatief laat in die huwelik tree, eienskappe vertoon van relatief hoë opvoedingsvlakke en 'n keuse tot eggenotes met 'n hoër mediaaninkomste. Beperkende assosiasies tussen vroeë huwelike enersyds en andersyds 'n laer inkomstevlak, 'n hoër egskeidingsyfer en vroeë huwelikstoetrede van eie kinders, word aangedui deur outeurs soos De Lissovoy (1973), Freedman en Coombs (1966) en Furstenberg (1976).

'n Volgende beperkende faktor tot huwelikstoetrede is ouerlike invloede.

B. Ouerlike invloede op huwelikstoetrede

Ouers, ondersteunend tot die portuurgroep, mag bydra tot die interpretasie en toepassing van norme aangaande huwelikstoetrede. Inisiële motivering tot huwelikstoetrede word veral in die geval van mans (Hill en Aldous, 1969) beïnvloed deur die mate van ouerlike huweliksgeluk. In die geval van vroue

(Elder, 1975) word 'n vroeë huwelik geassosieer met 'n versnelling in die gesin van adolessensietydperk en konvergensie op tradisionele huweliksrollestatus. Vroue wat na die ouderdom van 23 jaar in die huwelik tree, mag in gesinsverband 'n verlengde adolessensie ervaar met 'n gepaardgaande sosiale afhanklikheid wat buitekontakte op sosiale gebied inhibeer.

Vervolgens word beperkende faktore by mans se huwelikstoetrede in oënskou geneem.

C. Beperkinge by mans se huwelikstoetrede

Mans word in 'n mate beïnvloed deur tydsdrukaspekte en ervaar steeds grootliks normatiewe druk om as broodwinner op te tree. Daar bestaan, volgens Aldous (1978), 'n direkte korrelasie tussen beroeps-, opvoedkundige en inkomstevlakke en die troupersentasie van manspersone. Die tydsfaktor van ouderdom speel 'n rol binne die grense wat deur inkomste daargestel word, deurdat die troukoers volgens Cutright (1970) beduidend afneem na 24-jarige ouderdom.

Laastens, wat beperkinge tot huwelikstoetrede betref, word die situasie van vroue in oënskou geneem.

D. Beperkinge by vroue se huwelikstoetrede

'n Afnemende maar steeds oorheersende persentasie van die gemeenskap beskou gesinsrolle as die uiteindelike gepaste lewensfokus van vroue, wat vergestalt word in die sosiale norme aangaande die gewensde ouderdom ten opsigte van huwelikstoetrede. Elder en Rockwell (1976) dui 'n mediaan-ouderdom van huwelikstoetrede van 21 jaar aan. Die optimum ouderdom vir hierdie stap ten opsigte van maksimale benutting van huweliksgroei en opvoedkundige potensiaal blyk egter ietwat later te wees.

Opvolgend tot die bespreking van beperkende faktore wat 'n rol speel in die vormingsfase van die huwelik, wat afgesluit is met die beskouing van beperkinge tot mans en vroue se huwelikstoetrede, word die ontwikkelingstake wat gedurende hierdie tydperk bemeester behoort te word, van naderby beskou.

1.4.3.4 Ontwikkelingstake

Daar bestaan heelwat uiteensettings van ontwikkelingstake wat as krities beskou word gedurende die aanvangsfase van die huwelik. Kenkel (1966) verskaf 'n praktiese uiteensetting wat die volgende take behels: die ontwikkeling van voldoening in besluitneming; die uitwerk van 'n wedersydse bevredigende en realistiese sisteem vir die verkryging en spandering van gesinsinkomste; die daarstelling van 'n bevredigende seksuele verhouding en die ontwikkeling van die gereedheid vir ouerskap; die verkryging en die geniet van die getroude status in 'n gemeenskap van vriende en familie; die ontwikkeling van wyses om verskille kreatief uit te druk en te akkommodeer; die ontwikkeling van bevredigende verhoudings met aanverwante; die aanleer van die samewerking wat benodig word om as intieme egpaar te lewe, en die uitwerk van bevredigende huishoudelike roetines en skedules wat 'n gemaklike funksioneringswyse in die wêreld van werk en vermaak verskaf. Rapoport (1962) giet die diverse take wat egpare behoort te bemeester gedurende die huwelikstoetredefase in 'n struktuur wat individuele ontwikkelingstake afspeel teenoor gesinsontwikkelingstake tydens drie opeenvolgende periodes, naamlik 'n verbintenis tot huwelikstoetrede, die wittebrood en die vroeë huweliksperiode.

Meer kontemporêre uitbreidings van Rapoport (1962) en Kenkel (1966) se beskouings word beïnvloed deur tendense van 'n toenemende mate van vryheid in die definiëring van huweliksrolle (Louw, Gerdes en Meyer, 1984, Santrock, 1986) en wat seksueelverwante ontwikkelingstake betref soos blyk uit die verskynsels van toenemende voorhuwelikse seksualiteit

(Zelnik en Kantner, 1977) en saamleefverhoudinge (Clayton en Voss, 1977).

Haley (1973) herinner daaraan dat hierdie gesinsvormingsfase sowel inwaarts gerig is na die huweliksmaats as uitwaarts na die normgroep en die gesin van oorsprong. Hy wys voorts daarop dat die huwelik 'n samesmelting van twee gesinsgroepe verteenwoordig. Santrock (1986) dui die begin van die huweliksverhouding aan as die vestiging van 'n gesinseenheid los van die gesin van oorsprong.

In hierdie vestigingsproses is 'n belangrike vraagstuk wat opgeklaar behoort te word, volgens Rhodes (1977), die mate waartoe die verhouding lei tot intimiteit eerder as idealisering of ontnugtering.

In hierdie afdeling is ontwikkelingstake eie aan die vormingsfase van die gesin beskryf. Die nastreef van die toepaslike take impliseer veranderde rolle en rolskepping. Hierdie aspek word vervolgens beskou.

1.4.3.5 Huweliksrolle en rolskepping

Die aanvangsfase van die huwelik gaan gepaard met variërende ontdekkings, evaluering en aanpassings. Die andersoortigheid van die situasie en die huweliksmaat mag as fassinerend ervaar word, terwyl die wederkerigheid en liefde aanwesig as dryfkrag funksioneer om verskille te oorbrug.

Rolle wat huweliksmaats behoort te vervul, mag volgens Rausch, Goodrich en Campbell (1963) volgens die volgende normatiewe voorskrifte ontwikkel. Wat die rolskeppingsproses betref: wanneer huweliksrolle uit die egpaar se hulpbronne groei, is taakoplossingsdefiniëring noodsaaklik eerder as 'n nastreef van tradisionele voorgeskrewe rolle. Wanneer normatief voorgeskrewe rolnavolging wel plaasvind, hang die effektiwiteitsvlakke af van vroeëre rolsosialisering. Rolskepping laat meer ruimte vir individuele

egpaarlid- en totale egpaarpotensiaalaktualisering onder voortgesette toestande van veranderende interne en eksterne invloede. Aan die ander uiteinde van die skaal, mag die minder stabiele gesinstrukture wat volg op rolskepping, verwarring en verhoogde konflik tot gevolg hê wat 'n logiese uitvloeisel is van die verskeidenheid alternatiewe gedragsvorme beskikbaar.

Eksterne invloede soos die ekonomiese situasie en opvoedkundige aspirasies mag bydra tot die vestiging van 'n styl van rolskepping. Rolskeppers is gewoonlik lede van onafhanklike onverbonde sosiale netwerke (Ball, 1976; Goodrich, Ryder en Rausch, 1968). Verdere geïdentifiseerde faktore wat hierin 'n rol speel, is die mate van geluk wat huweliksmaats in die ouerhuise ervaar het (Goodrich, Ryder en Rausch, 1968), en die magstrukture wat in ouerhuise gegeld het (Ingersoll, 1948). Lopata (1971), dui aan dat buigsaamheid in huweliksorganisasie aangemoedig word deur veranderinge in die breër gemeenskap, veral ten opsigte van die vrou wat te midde van emansipasieveranderinge staan.

Waar die problematiek rondom huweliksrolle en rolskepping veral vooropgestel staan gedurende die vormingsfase van die huwelik, is die risiko en die voorkoms van konflik veral hoog gedurende hierdie stadium. Dieselfde as wat die geval is met vroeë kommunikasiepatrone (Reedy, Birren en Schaie, 1981), bepaal konflikhanteringspatrone (Cutler en Dyer, 1965; Rausch, Barry, Hertel en Swain, 1974) die toon gedurende die toekomstige huwelikstaak- en -rolontwikkeling.

Met hierdie bespreking van huweliksrolle en rolskepping, in samehang met die beskouings van ontwikkelingstake, beperkings tot huwelikstoetrede en huweliksluiting, word die beskrywing van die vormingsfase van die gesinslewensiklus afgesluit.

'n Volgende hooffase van gesinsontwikkeling, die uitbouingsfase, word in die hieropvolgende afdeling bespreek.

Aspekte wat opeenvolgend aandag geniet, is ouerskap, asook aanpassing en veranderde rolle wat met ouerskap gepaard gaan.

1.4.4 Die gesinsuitbouingsfase

1.4.4.1 Inleiding

Die oorgrote meerderheid van egpare verwek kinders, waar die uitbouingsfase van die huwelik dan 'n aanvang neem met die toetrede van kinders. Sommige skrywers (Hill en Aldous, 1969; Rossi, 1968) argumenteer dat dit eerder ouerskap as die huwelik is wat die individu se toetrede tot volwasse status verteenwoordig. Rossi (1968) wys daarop dat ouerskap, anders as die toetrede tot die huwelik, nie 'n vrywillige aksie omvat nie, maar gewoonlik die rekreatiewe bedoeling van seksuele omgang as sodanig is. Le Masters (1970) ondersteun hierdie stelling deur daarop te dui dat slegs sowat 'n derde van swangerskappe spesifiek beplan is, wat egter nie noodwendig ongewenstheid of verwerping impliseer nie.

Aldous (1978) postuleer dat toetrede tot ouerskap 'n meer kritieke rolle-oordragpunt vir egpare is as huwelikstoetrede. Ouerskapinisiasie behels volgens Schulz (1982) 'n omvattende houdingsverskuiwing en verantwoordelikheidsaanvaarding. Santrock (1986) wys daarop dat geboortebeperkingstegnologie egpare in staat stel om hierdie gesinsfase uit te stel totdat albei fisies en emosioneel gereed voel vir die uitgawes en belegging in hierdie verantwoordelikheidsverbintenis. Namate 'n groter aantal vroue betrokke raak in betekenisvolle loopbane, word dit 'n belangriker besluit.

Volgens Glick (1977) volg die eerste swangerskap gewoonlik twee jaar na die huwelik. Daar bestaan tans (Santrock, 1986) 'n neiging om die geboorte van 'n eerste kind meer spesifiek te beplan vir 'n relatiewe latere tydperk, asook

om die aantal kinders in 'n meerdere mate te beperk as wat voorheen die geval was. Die aantal enkelkindgesinne blyk ook minder beperk te wees as gedurende vroeëre dekades. Schulz (1982) wys daarop dat beplande ouerskap daartoe mag bydra dat aanpassingsprobleme verminder word en die potensiaal vir gesins- en huweliksbevrediging gemaksimaliseer word.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat die impak van ouerskap op die egpaar nie onderskat behoort te word nie. Die saak rondom ouerskap word verder belig.

1.4.4.2 Ouerskap

Gerdes et al. (1981) verskaf 'n samevatting van die bevindinge van verskeie navorsers (Hobbs, 1965, 1968; Hurlock, 1980; Rossi, 1968 en Russel, 1974) aangaande die faktore wat aanpassing tot ouerskap beïnvloed. Elemente wat volgens hierdie samevatting die aanpassingsproses bevorder, is die volgende: positiewe houdings aangaande ouerskap; die begeerte vir 'n kind; die gewenste geslag van die kind; die kind se voldoening aan ouerlike verwagtings; die egpaar se vertroue in hulle bekwaamheid as ouers; die aanvaarding van nuwe rolle; die afwesigheid van noemenswaardige probleme van die kind; die afwesigheid van komplikasies weens die aankoms van die kind; 'n voldoende bevredigende huweliksverhouding; ouers wat voldoende ingelig is aangaande en voorberei is op ouerskap, en ouers wat twee jaar of langer getroud is.

Ouerskap omvat heelwat take insluitende die liggaamlike versorging en die beskerming van die kind, die emosionele aanvaarding en ondersteuning van die kind, die sosialisering en intellektuele stimulering van die kind (Louw, Gerdes en Meyer, 1984).

Ouers se hanteringswyses van kinders behoort radikaal te verander namate hulle ouer word en verskillende take na die

gesin bring. Dit geskied as gevolg van meerdere gemeenskapsdeelname, sowel as in respons tot die veranderende behoeftes wat deur individuele ontwikkeling geïnisieer word, asook gekompliseerde gesinsinteraksiepatrone weens die skepping van nuwe verhoudinge.

Ouerskap impliseer die aanpassing en veranderde rolle wat in die volgende afdeling van naderby beskou word.

1.4.4.3 Aanpassing en veranderde rolle

LeMasters (1957) wys op die krisiskwaliteit wat toegeskryf kan word aan die oorgang tot ouerskap. 'n Egpaarbesorgdheid mag ontstaan oor die kwaliteit van huweliksloopbane, waar ouer-kind-verhoudings kompeteer met betrekking tot beperkte hulpbronne soos tyd, emosionele en fisiese ondersteuning.

Jong volwasse ouers ervaar, aldus Santrock (1986), as gevolg van die toetrede van 'n kind, waarskynlik 'n oorbelading van rolle deurdat daar 'n gelykmatige stremmende proses van beroepsvestiging veral by die vader aanwesig mag wees. Die eksklusiewe egpaardiade word geherrangskik tot 'n triade. Simmel (1950) wys daarop dat driepersoonstrukture inherent onstabiel is en geneig is daartoe om enersyds koalisies en andersyds gevolglike isolasie te veroorsaak, waar outoriteit en mag volgens Freilich (1964) gewoonlik oneweredig versprei sal wees. Wanneer toegepas op ouers met 'n eersgeborene, suggereer hierdie bevinding dat die kind en 'n ouer, gewoonlik die moederlike versorger, 'n koalisie vorm wat kontraproduktief is tot die funksionering van die egpaarverhouding.

'n Man en vrou se transformasie tot vader en moeder betrek ook die herdefiniëring van egpaarlede se ouers as grootouers. 'n Herbepaling behoort dus gemaak te word aangaande reëlings wat vroeër aangegaan is rondom skakeling met die gesinne van oorsprong met die doel om hierdie verhoudinge te akkommodeer.

Die meerderheid egpare hanteer die bewustelike en onbewustelike rolonderhandelinge gedurende die oorgangsfase met redelike gemak (Hobbs en Cole, 1976). Die morfogenese wat deur egpare wat ouerlike rolle aanneem geïnisieer word, is veral ooglopend in die verdeling van arbeidsverantwoordelikhede en magspatrone. Magsbalanspatrone vanuit die oogpunt van die vader neem toe gedurende die gesinsgroeifase om weer gedurende die latere jare te verminder, wat uiteraard verband hou met finansiële voorsieningsposisies (Blood en Wolfe, 1960).

Die invloed van ouerskap op die huweliksverhouding is verwant aan die verwesenliking van gesinsontwikkelingstake wat, indien suksesvol uitgevoer, moreelonderhoudend van aard is (Russel, 1972). Die aard van meer spesifieke ontwikkelingstake wat gepaard gaan met konsepsie, geboorte, skooltoestande en adolessensie word in die volgende afdeling opeenvolgend beskryf.

1.4.4.4 Ontwikkelingstake van die gesinsuitbouingsfase

A. Konsepsie

Swangerskap beïnvloed die verhouding tussen egpaarlede op verskillende wyses. Die verhouding word onder andere geaffekteer deur veranderinge wat die vrou beïnvloed. Hierdie veranderinge is aanvanklik volgens Louw, Gerdes en Meyer (1984) veral fisies van aard, terwyl latere psigiese aanpassings veral die herdefiniëring van selfbegrip insluit. Wat die psigiese aspekte van swangerskap in die geval van die vrou betref, wys Deutsch (1965) op die gepaardgaande meerdere selfgerigtheid, terwyl Uken (1976) omgekeerde korrelasies tussen moederlike persoonlikheidstrekke en angs met mekaar in verband bring.

Calhoun, Selby en King (1981) se oorsig aangaande die effek van swangerskap op seksuele gedrag, dui op 'n algemene afname in vroulike seksuele behoeftes en -aktiwiteite veral

gedurende die eerste en derde trimester (Masters en Johnson, 1966) en wat normaalweg voortduur tot die derde postpartum maand.

Seksualiteit is simbolies van die unieke verwantskap en kohesie van die huwelikspaar. Wanneer seksuele aktiwiteite tydens swangerskap gestaak word, elimineer dit 'n kragtige platform vir die uitvoering van egpaartake binne gesinsrolle. Die egpaar se vervulling van die sosiale kontraktaak mag ook hierdeur beïnvloed word. Seksuele frustrasie van die man gedurende swangerskap mag lei tot konflik of selfs buite-egtelike seksuele behoeftebevrediging (Masters en Johnson, 1975).

Die effekte van die swangerskapperiode is dus nie noodwendig positief van aard nie. Heelwat mans openbaar egter gedurende hierdie tydperk verhoogde versorging en inagneming teenoor die verwagtende vrou (Aldous, 1978).

Die voortgesette ontwikkelingstake wat met geboorte gepaard gaan, word vervolgens beskou.

B. Geboorte

Die geboorte van 'n kind het 'n toenemende kompleksiteit van die gesinsinteraksienetwerk tot gevolg. Om die implikasies van hierdie veranderde netwerk te ondervang, is dit noodsaaklik om die volgende stappe te neem: die herorganisasie van ekonomiese vloeipatrone; 'n herindeling van die verspreiding van spasie, tyd en aandag; 'n heronderhandeling betreffende patrone van mag en prestige en die hervoorstelling van intimiteitspatrone (Schulz, 1982; Lopata, 1971). 'n Opbouende konsolidering van alle aspekte van die egpaarverhouding as basis van die huwelik, behoort voorrang te geniet.

Die dringendheid van die bewaring van huweliksintimiteit as prioriteit word beklemtoon deur die uitsprake van outeurs

soos Levande, Koch en Koch (1983) en Pineo (1961). Pineo (1961) wys daarop dat die kwaliteit van egpaarinteraksie toenemend afneem na die koms van kinders, gemeet aan huweliksgerigte interaksiefrekwensie, asook die inhoud wat toenemend rondom die kinders sentreer (Levande, Koch en Koch, 1983).

Kinders en veral die eersteling se toetrede tot die gesin, ontlok soms intense emosionele reaksies wat gehanteer behoort te word. Louw, Gerdes en Meyer (1984) identifiseer openlike positiewe emosies soos vreugde, trots, verligting en verwondering, asook merendeels onderdrukte emosies soos angs, teleurstelling en frustrasie. Hierdie bevindinge ondersteun vorige uitsprake soos dié van Fein (1976) en Kendell, McGuire, Conner en Cox (1981).

Greenberg en Morris (1974) en Klaus en Kennel (1976) wys op die gehegtheidsband wat tussen die kind en die egpaar, veral die vader, gevorm kan word gedurende die kind se vroegste lewensdae, wat volgens Chihucos en Kail (1981) 'n akkurate voorspeller is van die kwaliteit van die kind se latere interaksieprosesse.

'n Volgende gesinsontwikkelingsfase van belang is vervolgens vanaf die tydperk van geboorte tot wanneer die kind skool toe gaan.

C. Skooltoetrede

Wanneer die oudste kind 'n skoolloopbaan betree, word beide die ouers en die kind met 'n veranderde roetine gekonfronteer. Verhoogde tydsvryheid, veral in die geval van die moeder resulteer in sommige gevalle in 'n hertoetrede tot die arbeidsmark, heropleiding in 'n mindere of meerdere mate, of ander aktiwiteite wat vroeër agterweë gelaat is (Levande, Koch en Koch, 1983).

Haley (1973) stel twee redes voor waarom hierdie fase belangrik is in die gesinsontwikkelingsproses: eerstens weens toenemende konflikte aangaande kinderopvoedingswyses deurdat die kind as produk van vorige hanteringswyses die eerste maal blootgestel word aan die breë gemeenskap; tweedens deurdat ouers bewus gemaak word van die kind se geleidelike ontkoppeling van die ouerhuis. Hierdie vermindering van die heeldaagse verantwoordelikhede vir die kind, tesame met die belangriker rol van ander gesagsfigure, ontlok gevoelens by ouers wat wissel vanaf verligting tot verlies. Louw, Gerdes en Meyer (1984) identifiseer kompliserende faktore bestaande uit outoritêre, oorbeskermende of selfs onttrekkende ouerskapstyle.

Na skooltoetrede word adolessensie beskou as 'n belangrike gesinsontwikkelingsbaken.

D. Adolessensie

Die impak van adolessensie op die gesin, wat hoofsaaklik geskied weens die emansipasiepogings van die kind, kan nie geïgnoreer word nie. Met 'n toename in die kind se aktiwiteite buite die huis en die invloede van ander outoriteitsfigure, neem die ouer 'n ondersteuende rol in. Die harmonie van ouer-kind-verhoudings word soms versteur deurdat die onafhanklikheidswordingsproses gepaard gaan met die bevraagtekening van ouerlike waardes en leefwyses en dus ook ouerlike gesag (Schultz, 1984; Schulz, 1982).

Die adolessensie van die eerste kind is uiteraard meer stresvol as dié van latere kinders. Hoffman en Mavis (1977) wys daarop dat die kind gedurende adolessensie minder van 'n werklike beperking is vir die egpaar, maar dat bekommernisse aangaande die kind se toekoms en welsyn hierdie vryheidseffek heelwat demp.

Die basiese ontwikkelingstake van die gesinsuitbouingsfase, na aanleiding van belangrike ontwikkelingsmomente, het in

hierdie afdeling aandag geniet. 'n Volgende aspek relevant tot hierdie stadium is verdeelde belangstellings wat in huweliksloopbane na vore tree.

1.4.4.5 Huweliksloopbane

Dimensies buite die gesin oorvleuel met die ontwikkelingstake en belangstellings van huweliksmaats. Dit is 'n algemene tendens dat veral in die geval van die sosio-ekonomiese middelklas, mans oorbetrokke raak by 'n beroep. Dit het dikwels tot gevolg dat die vrou spesialiseer in kinder-versorging en huishoudelike bestuur. Hierdie staat van pre-okkupasie bedreig die eenheid van die huwelik (Blood en Wolfe, 1960; Dizard, 1968).

Aldous (1978) verklaar die sentrifugale huweliksloopbaan-ontwikkelinge as die resultaat van beperkte taakkoppelinge. Aanvanklik onvoldoende taakkoppelinge openbaar voortdurende negatiewe kwaliteite met die verloop van tyd.

Met hierdie opmerkings oor huweliksloopbane, voorafgegaan deur besprekings van ontwikkelingstake, aanpassing en veranderde rolle wat met ouerskap gepaard gaan, en ouerskap as sodanig, word die beskrywing van die gesinsuitbouingsfase voltooi.

'n Laaste hoofstadium van gesinsontwikkeling is die fase waartydens daar, in teenstelling met die gesinsuitbouingsfase, 'n inkorting van die gesin plaasvind. Die gesins-inkortingsfase word in die volgende afdeling bespreek. Gedurende hierdie fase speel die kinders van die gesin 'n minder prominente rol en word die beskrywing van hierdie fase dan ook aangepak binne die raamwerk van 'n chronologiese ouderdomsindeks. Aspekte wat vervolgens ondersoek word, is dus gesinne met middeljarige egpare en gesinne met bejaarde egpaarlede.

1.4.5 Die gesinsinkortingsfase

Die gesin waar die kinders onafhanklik geword het, word gepas die "leë nes" genoem (Glenn, 1975; Harkins, 1978). Die verskynsel dat kinderopvoedingsjare tot 'n vroeë einde kom, gepaargaande met 'n toenemende lewensverwagting, het gelei tot 'n gemiddelde lengte van hierdie stadium van sowat 15 jaar (Santrock, 1986).

Haley (1973) postuleer dat die krisis, indien daar enige voorkom, van hierdie fase van gesinsontwikkeling mag plaasvind wanneer die eerste of die laaste kind die ouerhuis verlaat, óf wanneer 'n kind weens enige ongewone rede van die ouerhuis ontkoppel. 'n Verdere moontlike problematiese situasie word deur Schultz (1984) voorsien. Dit geskied wanneer die egpaar uiteindelik weer agtergelaat word in die huis, en aanvanklike onopgeloste huweliksvraagstukke wat deur die kinderopvoedingsjare verskuil was, weer eens aangespreek word.

Gedurende die aanvanklike fase van die gesinsinkortingsperiode, bevind egpare hulle in die middeljare, terwyl bejaardheid op 'n latere stadium betree word. Die aanvanklike fase, waar egpaarlede in die middeljare verkeer, geniet eerstens aandag.

1.4.5.1 Gesinne met middeljarige egpare

Die loodsingstadium, waartydens kinders die ouerhuis verlaat, wissel in lengte na gelang van die duur van naskoolse opleiding. In die geval van professionele opleiding mag hierdie stadium langdurig wees wat aldus Louw, Gerdes en Meyer (1984) met 'n gepaardgaande finansiële afhanklikheid ouers se finansiële voorbereiding vir aftrede kompliseer.

Die leemte wat deur die onafhanklikheidsverwerwing van die kinders daargelaat word, mag in die geval van die vrou gekompliseer word deur die verlies van die voortplantings-

potensiaal wat met menopouse gepaard gaan. Wat die man betref, geskied daar dikwels 'n proses van selfrekenskap teen die agtergrond van vooropgestelde suksesdoelwitte veral met betrekking tot sy beroepsloopbaan. Uiteenlopende prestasierealiteite en aspirasies mag negatiewe emosionele reaksies ontlok. Die effekte van egpaarlidproblematiek genereer dikwels hernieude en intense intimiteitsbehoeftes ter wedersydse ondersteuning. Die bevrediging van hierdie behoeftes sou beperk kon word deur die onvoldoende gemeenskaplike doelstellings wat 'n voortsetting is van interaksiepatrone en -inhoude wat gedurende die gesinsuitbouingsfase vasgelê is. Die beplanning van die latere lewe behoort ook vooropgestel te word veral ten opsigte van finansiële voorsiening en beplanning van betrokkenheid by gemeenskapsaktiwiteite (Aldous, 1978; Bart, 1972 en Schulz, 1982).

Hierdie ontwikkelingsveranderinge impliseer beduidende rolinhoudsveranderinge en 'n verhoogde belangrikheid van huweliksinteraksie. Wanneer die laaste kind die ouerhuis verlaat, mag 'n nuwe stadium in die gesinslewensiklus begin wat volgens Glick (1977) en Levande, Koch en Koch (1983) gekenmerk mag word deur kompenserende hernieude interaksiewyses. Egpare sal die verminderde vlakke van emosionele, finansiële en tydsverantwoordelikheid sinvol ten opsigte van huweliksinteraksie en uitbouing kan benut.

Gesinne met middeljarige egpare wat in hierdie afdeling bespreek is, ontwikkel tot gesinne met bejaarde egpare wat in die volgende afdeling ter sprake kom.

1.4.5.2 Gesinne met bejaarde egpare

Die uittrede van een of albei lede uit die arbeidsmark bring heelwat veranderinge mee in die rollesamestelling van die egpaarlede wat die gesins- en egpaarfunksionering tegelykertyd affekteer. Santrock (1986) wys daarop dat aftrede die egpaar se lewenstyl beïnvloed en verhoudingsaanpassings

noodsaak. Hierdie laaste gesinsinkortingsfase word gekenmerk deur eindes en afskeid.

Schulz (1980) wys daarop dat die hoofontwikkelingstaak wat bejaardes in die gesig staar, die verkryging van bevrediging as bruikbare mense met 'n sinvolle bestaan is. In tipiese gevalle tree die eggenoot af en kom sowat vyf jaar daarna te sterwe, terwyl die eggenote volgens Schulz (1982) kan verwag om sowat elf jaar as weduwee te oorleef.

Die egpaarlid wat aftree beskik oor heelwat meer tyd as wat beskikbaar is vir bestaande aktiwiteite (Riley en Foner, 1968). Konflikte wat voorheen onderdruk is, neem nou 'n sentrale plek in en word geïntensifiseer weens die rolgelykmaking en selfs -omruilings, met verwysing na mag en status, wat met toenemende ouderdom plaasvind.

Berghorn et al. (1978), Harris (1975), Levande, Koch en Koch (1983) en Neugarten (1976) dui aan dat die meerderheid egpare bevredigende gesondheids- en ekonomiese toestande ervaar om 'n basis te skep vir bevredigende egpaarinteraksiefunksionering. Bejaardes wat deur siekte, ongeskiktheid of finansiële problematiek gekortwiek word, mag wel onttrekkingsreaksies toon (Schulz, 1980). Huweliksaanpassing word beïnvloed deur die egpaarlede se vermoëns om persoonlike konflikte wat met bejaardheid gepaard gaan, op te los (Levinson, 1978; Santrock, 1986). Weens die eiesoortige omstandighede wat met bejaardheid gepaard gaan, word familielede soms gekonfronteer met die versorging van bejaarde ouers (Schultz, 1984). Dit is veral van toepassing na die ouderdom van 64 jaar, wanneer daar 'n radikale afname in inkomste mag plaasvind.

Daar bestaan sosio-ekonomiese groepsverskille in die wyse waarop egpaarlede bejaardheid beskou, wat egter voorsiening maak vir die aard van persoonlike omstandighede (Levande, Koch en Koch, 1983; Neugarten, 1974 en Streib en Schneider, 1971). Streib en Schneider (1971) en Thompson (1973) dui

die oorsake van moraliteitsverlies in bejaardheid aan as geleë te wees in die aard van persepsies van outonomiteitsfunksionering. Die jeugdige gerigtheid van die Westerse samelewing kompliseer die hantering van die problematiek van bejaardheid en die dood.

Namate vriende afsterf word die vriendekring ingeperk en behoort bejaardes tot 'n vergelyk te kom met die dood. Wanneer die een egpaarlid finaal afsterf en die huwelik termineer, word die oorblywende huweliksmaat agtergelaat en staan daar een minder persoon tussen die kinders en hul eie uiteindelike dood.

Met hierdie beskouing van gesinne met bejaarde egpare, voorafgegaan deur gesinne met middeljarige egpare, word die bespreking van die gesinsinkortingsfase voltooi. Die gesinsinkortings-, gesinsuitbouings- en gesinsvormingsfase is die hoofmomente waarvolgens gesinsontwikkeling afgebaken en bespreek is.

In ooreenstemming met die voorafgaande geïntegreerde modelle van individuele ontwikkeling wat ter sprake gekom het, sal dit op hierdie stadium sinvol wees om op 'n soortgelyke wyse 'n soortgelyke perspektief met betrekking tot gesinsontwikkeling te ondersoek.

Ter afronding van die gesinsontwikkelingsuiteensetting, geniet 'n model vir ontwikkeling in gesinsverband aandag in die volgende afdeling.

1.4.6 'n Model vir ontwikkeling in gesinsverband

Soortgelyk aan die voorafgaande insette betreffende gesinsontwikkeling wat gebaseer is op 'n basiese tydsraamwerk van Duvall (1971), stel Carter en McGoldrick (1980) 'n sesstadiummodel van die gesinslewensiklus voor wat uit die volgende fases bestaan: tussen gesinne, die onverbonde jong volwassene, die verbintenis van gesinne deur die huwelik,

die jong getroude egpaar, die gesin met jong kinders, die gesin met adolessente, die uitbeweeg en losmaking van kinders, en laastens die gesin in die later jare.

Die benoeming van hierdie stadia illustreer die probleem om 'n geïntegreerde gesinsontwikkelingsmodel vanuit die modelle van individuele ontwikkeling te abstraheer. Elke stadium word naamlik gedefinieer deur die vooropgestelde vraagstuk van 'n enkele generasie of gesinslid. Die werk van Carter en McGoldrick (1980) lewer tog 'n substansiële bydrae tot die gesprekvoering aangaande aspekte van wederkerige wisselwerking in die gesinsisteem. Dit is veral in hulle aanpak van die probleem van die definiëring van die sleutelbeginsels van die emosionele proses van oorgang, en die tweede-orde veranderinge in gesinstatus, wat noodsaaklik is om ontwikkelingsgewys te ontplooi.

Sommige gesinsteoretici wat die ontwikkelingsprosesse in gesinsisteme bestudeer, poog om gesinsontwikkelingsveranderinge te beskryf en te verklaar. Terkelsen (1980) beskryf byvoorbeeld gesinsisteemontwikkelinge met betrekking tot drie konsepte: elemente van struktuur; eerste-orde veranderinge en tweede-orde veranderinge. Struktuurelemente blyk die fragmente van gedragsvolgorde te wees wat die gesin se alledaagse funksionering beïnvloed. Eerste-orde ontwikkelingsveranderinge dui op die aanpassings- en bemeesteringsaspekte eie aan voortdurende individuele funksionering in die gesinstelsel. Tweede-orde veranderings, daarenteen, sal die gesinsisteemveranderings in reaksie op individuele veranderings wees wat 'n gepaargaande status- en betekenistransformasie binne die sisteem veroorsaak, asook die evolusie van hernieude struktuurelemente.

Hoffman (1980) sluit verrykenderwys aan by Terkelsen (1980) met die uitspraak dat ontwikkeling nie 'n kontinue proses is nie, maar gekenmerk word deur transformasies, tweede-orde veranderinge en die onverwagte verskynings van meer funk-

sioneel georganiseerde patrone wat nie voorheen bestaan het nie.


Dit blyk moeilik te wees om die tyd en die presiese aard van ontwikkelingskuiwe te voorspel, alhoewel dit moontlik sou wees om die vraagstukke en rigting van organisasie wat behoort plaas te vind, te voorspel. Op die evolusievlak van die gesinseenheid, bemoeilik die kompleksiteit van ontwikkelingsveranderlikes die analise van verandering wat nie noodwendig kontinu van aard is nie. Kagan (1976) se studies aangaande jong ontwikkelende individue en die konsepte wat in die proses gegenereer word, skep in beginsel hoop vir die ontwikkeling van 'n model wat sekere tendense reflekteer wat gewoonlik die evolusie van die individue of gesinseenhede karakteriseer, ten spyte van spesifieke veranderinge in korttermyn-struktuurherstrukturerings.

Gesinslewensiklusse is uiteraard nie 'n lineêre gebeurlikheid nie. Om die gesinseenheidslewensiklus te konseptualiseer, is dit moontlik om eenvoudig die ontwikkelingstake van elke aanwesige generasie te superponeer. Die interspel tussen betrokke gesinsgenerasies se ontwikkelingsvraagstukke sal in so 'n modelvoorstelling geakkommodeer kan word.

'n Gestapelde resiprositeit van intergeneratiewe lewensontwikkelingsgebeure word skematies deur Combrinck-Graham (1985) uiteengesit wat voorgestel word in Figuur 1.10 - die gesinsontwikkelingspiraal.

Die gesinsontwikkelingspiraal (Figuur 1.10) is 'n voorstelling van die siklusse van gesinslede in 'n beïnvloedende wisselwerking tot die siklusse van individue in ander generasies. Voorbeelde van sodanige interaksies sien soos volg daaruit: Erikson (1963) se voorgestelde stadium van generatiwiteit gedurende volwassenheid is die aangewese stadium vir die geboorteskenking en opvoeding van die jong kind; die krisis gedurende die veertigerjare (Levinson, 1978) mag

gepaard gaan met die adolessente periode van kinders binne die gesin.



(Aangepas uit Combrinck-Graham, 1985)

FIGUUR 1.10: DIE GESINSONTWIKKELINGSPIRAAL

Die spiraal in Figuur 1.10 is meer kompak aan die bokant en laat meer ruimte toe aan die onderkant. Dit illustreer die beginsel dat die gesinseenheidsamestellingsdigtheid gedurende verskillende periodes osilleer tussen toenemende nabyheid en verhoogde afstand.

Met hierdie voorstelling van 'n model vir ontwikkeling in gesinsverband, aanvullend tot die uiteensetting van die hoofontwikkelingsmomente van die gesin, word daar vir die doeleindes van hierdie studie volstaan met die bespreking van ontwikkeling in gesinsverband.

In die agtergrondsbeskouing van die probleem van hierdie studie in 'n ontwikkelingsperspektief, het ontwikkeling in gesinsverband aandag geniet in kombinasie met twee ander benaderings, naamlik die beskrywing van die ontwikkelende individu in sisteme met behulp van 'n werksmodel van Egan en Cowan, asook individuele ontwikkeling in terme van 'n geïntegreerde veelvlakkige model van Kimmel.


Die kwaliteit van egpaarontwikkeling in gesinsontwikkelingskonteks wissel by verskillende egpare, asook by dieselfde egpare deur die lewensloop. Hierdie ontwikkelingskwaliteit word hoofsaaklik weerspieël deur die mate van huweliksbevrediging wat deur egpaarlede ervaar word. Huweliksontwikkelingsbevrediging toon wisselingspatrone soos waargeneem kan word gedurende die gesinsvormingsfase, die gesinsuitbouingsfase en gesinsinkortingsfase, wat in die volgende afdeling opeenvolgend van naderby beskou word.

1.5 PATRONE VAN HUWELIKSONTWIKKELINGSBEVREDIGING

1.5.1 Inleiding

Huweliksatisfaksie speel 'n sentrale rol in die lewens van die meeste individue. Outeurs soos Hurlock (1980), Louw, Gerdes en Meyer (1984) en Santrock (1986) wat uitstaande samevattende bydraes in hierdie verband lewer, onderskei nie voldoende tussen individuele lewens-, ouerskaps- en egpaarbevrediging nie. Weens die beïnvloedende interaksies tussen die sisteemvlakke van menslike sisteemstrukture, is hierdie bevredigingsvlakke uiteraard wedersyds nou verbonde. Hierdie bevredigingsvlaksamehang word skematies geïllustreer in Figuur 1.11.

Uit Figuur 1.11 blyk dit dat huweliksbevrediging midde in die samehang van bevredigingskomponente (wat ook ouerskap en individuele lewensbevrediging insluit), staan deurdat interaksie tussen hierdie komponente deurlopend plaasvind.



FIGUUR 1.11: INTERAKSIONELE SAMEHANG VAN BEVREDIGINGS-KOMPONENTE

Levande, Koch en Koch (1983) postuleer dat verskeie faktore persepsies van bevrediging beïnvloed, insluitende ouderdom, geslag, opvoedingsvlakke, sosio-ekonomiese status en die stadia van die gesinslewensiklus. Laasgenoemde faktor dien veral op huweliks- en ook gesinsvlak, as indeks van die hieropvolgende uiteensetting met betrekking tot huweliks-bevredigingspatrone.

Die vormingsfase van gesinsontwikkeling geniet eerstens aandag.

1.5.2 Die gesinsvormingsfase

Afhangende van die betrokke egpaarsisteem, mag die begin-stadium as die mees of mins suksesvol beskryf word. Egpare wat hierdie hoë egskeidingsrisikotydperk oorleef, mag hoë vlakke van bevrediging ten opsigte van liefde en kameraadskap in die huwelik ervaar.

Aldous (1978) stel dat hierdie tydperk gekenmerk word deur mindere betrokkenheid van die man by huishoudelike pligte en voldoende wedersydse egpaarinteraksie. Reedy, Birren en Shaie (1981) bevestig dat goeie kommunikasie tussen

egpaarlede meer kenmerkend is van die huwelik in die gesinsvormingsjare as gedurende die hieropvolgende huweliksfases. Fisiese intimiteitsaspekte blyk, aldus Santrock (1986), belangriker te wees in die geval van die jong volwasse huwelik, waar lojaliteit en 'n sensitiwiteit tot gevoelens in die huweliksverhouding toenemend belangrik word met die verloop van ontwikkeling van egpaarinteraksie.

Wanneer die data-uiteensettings van die studie van Reedy, Birren en Schaie (1981) van naderby beskou word (teen die agtergrond van die ekstensiewe klem op individuele vryheid en onafhanklikheid gedurende die laaste dekade), het 'n historiese huweliksprioriteitsverskuiwing na sekuriteit, vertroue, getrouheid en toewyding geskied. Hierdie kontemporêre neiging word ook weerspieël deur die temas van populêre werke soos die van Yankelovich (1981). Hierdie veranderende oriëntasie vind reeds beslag in die vroeë huweliksvormingsfase.

Wat die gepaardgaande huweliksongevalle van hierdie stadium betref, wys (Aldous, 1978) op hoë egskeidingsyfers wat in hierdie fase gerapporteer word. Wyses waarop onvoldoende egpaarinteraksie op hierdie en verdere gesinsontwikkelingsfases na vore tree, hang saam met die perseptuele verwysingsraamwerk ter sprake, wat dus op verskillende vlakke van die egpaarsisteemhiërargie vervat sou kon word. Voorbeelde hiervan is die toenemende aantal persoonlikheidsbehoeftes by huweliksmaats wat ervaar word (Pineo, 1961), en toenemende steurende persoonlikheidskenmerke by huweliksmaats (Farber en Blackman, 1956). In hierdie verband verklaar Blood en Wolfe (1960) en Aldous (1978) dat die moontlike progressiewe afname in konsensus en patroon van toenemende manlike dominantheid geassosieer blyk te word met 'n verandering in gesegregeerde huweliksorganisasie. Egpare neig ook om toenemend te spesialiseer in huishoudelike taakverrigting. Daar word minder gesamentlike take uitgevoer, verminderde sosialiseerbaarheid en kommunikasie word getoon met 'n huweliksorganisasie wat gebaseer word op

rollesegregasie volgens 'n meer tradisionele model. Daar word ook minder meelewend gefunksioneer in ontspannings-aktiwiteite en gesprekvoering. Dieselfde as wat die geval is met meer positiewe bevredigende egpaarinteraksie-funksioneringspatrone, mag negatiewe interaksiewyses op hierdie stadium van die gesinsvormingsfase 'n tol eis gedurende verdere huweliksontwikkeling.

Opvolgend tot die rapportering van huweliksbevredigings-tendense gedurende die vormingstadium van die huwelik, word huweliksbevrediging gedurende die uitbouingsfase van gesins-ontwikkeling beskou.

1.5.3 Die gesinsuitbouingsfase

Die gedraguitruilingsbeskouing (Barnett en Netzel, 1979; Doherty en Jacobson, 1982; Gottman, 1979; Jacobson en Martin, 1976) en die verhoudingskonstruksiebeskouing (Santrock, 1986) van huweliksbevrediging en konflik sou veral van toepassing gemaak kan word op persepsies van huweliksbevrediging gedurende die gesinsuitbouingsfase.

Aldous (1978) stel dat alle veranderinge wat deur ouerskap teweeggebring word in die lewe van veral die vrou en in 'n mindere mate dié van die man, die kwaliteit van huweliks-bevrediging beïnvloed. Egpare in hierdie huwelikstadium is gewoonlik minder tevrede met die huwelik as voor die geboorte van kinders (Feldman, 1971). Houdings teenoor swangerskap en die tipe huweliksorganisasie waaraan die egpaar onderhewig is, is sentraal in huweliksbevrediging na die geboorte van die eerste kind. Feldman (1971) dui op die volgende relevante waargenome persoonlikheidsveranderinge wat met ouerskap geassosieer word: 'n meerdere mate van selfgerigtheid by albei geslagte, terwyl daar verhoogde vlakke van emosionele stabiliteit bereik is. Minder positiewe verskuiwings by mans is 'n afname in humor en verhoogde emosionele kwesbaarheid, en by vroue 'n toename in negatiewe affektiewe inhoude. Feldman (1971) brei verder

uit deur daarop te wys dat interaksie-onderwerpe 'n klem lê op die moeder se belangstellings, veral betreffende huishoudelike aktiwiteite en kindersorg met potensiële konflikareas in die vorm van finansies, die man se beroep en die egpaarlede se ouers. Die nuwe ouers plaas ook meer klem op emosionele en finansiële sekuriteit, terwyl die magstruktuur meer a-simmetries daar uitsien (Feldman, 1971; Ryder, 1973).

Die laagste vlakke van huweliksbevrediging word ervaar gedurende die vroeë jare van die kind se lewe (Rollins en Feldman, 1970) en faktore wat hiermee verband hou word deur Meyerowitz en Feldman (1967) geïdentifiseer as ongedeelde ontspanningstyd, seksuele onversoenbaarheid (Clark en Wallin, 1965) en divergente belangstellings in die kommunikasiestruktuur.

In die geval van die aankoms van die tweede kind, vind daar 'n verdere verlaging plaas in huweliksbevrediging, wat geassosieer word met verlaagde bevredigingsvlakke ten opsigte van seksualiteit, die huishoudelike aktiwiteite, waargenome persoonlikheidsveranderinge in die huweliksmaat, asook vermeerderde gespreksinhoude van instrumentele eerder as sentimentele of emosionele aard (Feldman, 1971).

Burgess en Wallin (1953) bevind dat meer as twee-derdes van egpare 'n verminderde mate van huweliksaanpassing ervaar gedurende die middeljare van die huwelik, in vergelyking met die inisiële huweliksfases. Egpare wat relatief swakker gepresteer het ten opsigte van huweliksbevrediging, toon 'n beduidende afname in konsensus aangaande onderwerpe soos kinderopvoeding, finansies, skoonouervraagstukke en besluitnemingsprosesse, asook 'n meerdere vertikale magstruktuur. Slegs egpare waar beide lede afgeneem het in huweliksdominansie, het daarin geslaag om die vlak van huweliksbevrediging minstens te handhaaf vanaf die vroeëre na die latere jare van die huwelik (Burgess en Wallin, 1953).

Onvoldoende huweliksbevrediging gedurende hierdie stadium word ook weerspieël deur verlaagde moraalonderhoudsbereiking, 'n afname in gedeelde waardes en 'n verlies aan intimiteit (Pineo, 1961).

Vroue wat gesosialiseer word, is meer ekspressief en betrokke by ander en koester 'n hoër verwagting van gemeenskaamheid binne die huwelik. Vroue vereis dus in 'n toenemende mate gesamentlike rolle-organisasies, waarin die deling van emosies in ontspanning en huislike aktiwiteite geskied. Tradisionele sosialiseringswaardes waarin selfbeeld op rasionaliteit, aktiwiteit en prestasie (veral in die geval van die man) berus, kompliseer die bevrediging van sodanige vroulike verwagtinge (Lopata, 1971; Rubin, 1976).

'n Aantal deursneestudies (Blood en Wolfe, 1960; Burr, 1970; Rollins en Feldman, 1970 en Spanier, Lewis en Cole, 1975) en 'n longitudinale studie van Burgess en Wallin (1953), dui op 'n afname in huweliksaanpassing met die verloop van tyd, wat veral gedurende die gesinsuitbouingsfase na vore tree. Getuienis uit hierdie studies dui daarop dat egpare uit die sosio-ekonomiese middelklas verskuif vanaf gedeelde belangstellings na huishoudelike vraagstukke en uiteindelik gesegregeerde aktiwiteite waarin beroepe en ouerlike verwagtinge 'n belangriker rol blyk te speel.

Aldous (1978) verskaf 'n samevatting van verskillende beskouings wat voorsiening maak vir sosio-ekonomiese verskille en stel dat 'n afname in huweliksbevrediging geassosieer kan word met 'n verandering vanaf gesamentlike tot gesegregeerde huweliksreëlings wat tussen mensgeoriënteerde egpare plaasvind, wat inisieel minstens geëksperimenteer het met rolleskepping.

Waar Dizard (1968) verwys na oormatige beroepsbetrokkenheid wat by mans mag voorkom, postuleer Lopata (1971) dat vroue met beroepsrolle buite die huisopset hoër vlakke van huweliksaanpassing as wat andersins die geval is, openbaar,

indien die beweegrede tot so 'n stap beroepstoegewydheid is. Wanneer vroue die arbeidsmark primêr weens ekonomiese noodsaaklikheid betree, word daar verhoogde huwelikstresvlakke geopenbaar weens verminderde huweliksinteraksie en toenemende konflik (Nye, 1975; Orden en Bradburn, 1969).

Waar vroue se uiteenlopende verantwoordelikhede en kinderversorgingsaktiwiteite geneig is om hulle te distansieer van die man, stel Blood en Wolfe (1960) dat die aantal kinders in die huwelik die mate van huwelikstevredenheid beïnvloed, deurdat vroue met meer as drie kinders minder gelukkig was as dié met minder kinders. Sulke moeders blyk té betrokke te wees met die ouerlike loopbaan om daartoe in staat te wees om die huweliksverhoudingsinteraksie voldoende te ondersteun en dit bevredigend te ervaar. In dieselfde verband ondersoek Porter (1955) die verband tussen ouers se huweliksbevrediging en bestaande gevoelens teenoor kinderhantering. Hierdie resultate ondersteun die suggesties van die mededingende interaksie tussen beroeps-, huweliks- en ouereenhede.

In hierdie afdeling is faktore verwant aan huweliksbevrediging gedurende die gesinsuitbouingsfase beskryf. Vervolgens word die verskynsel gedurende die gesinsinkortingsfase ondersoek. Aspekte wat in hierdie verband aandag geniet, is kommunikasiepatrone, seksuele verhoudinge en bevrediging gedurende die latere jare.

1.5.4 Die gesinsinkortingsfase

'n Belangrike gebeurtenis in gesinsontwikkeling en spesifiek by aanvang van die gesinsinkortingsfase is die lansering van 'n kind in die volwasse lewe, 'n beroep of 'n eie onafhanklike gesin. Bevindings dui toenemend daarop dat die negatiewe gevolge vir die agterblywende egpaar, voorheen oorbeklemtoon is.

Die nie-so-aangename konnotasie wat aan die "leë nes"-sindroom gekoppel is, gaan uit van die veronderstelling dat ouers 'n omvattende mate van bevrediging put uit die kinder-opvoedingsproses. Volgens hierdie argument sou die ouers, wanneer die kinders die huis verlaat en nie langer opgesaal is met kinderopvoedingsverantwoordelikhede nie, in 'n vakuum in die sin van leegheid agtergelaat word.

Terwyl hierdie scenario steeds mag steek hou in die geval van enkele egpare wat op hierdie stadium van gesins-ontwikkeling steeds nie as voldoende egpaarsisteemeenheid ontwikkel het nie, blyk die beskrywing van 'n kinder-ontkoppelingshuwelikskrisis by die meerderheid verwesterse egpare van die tagtigerjare minder toepaslik te wees. Die voorspel tot die opswaai in algemene huweliksbevrediging gedurende die na-kinderopvoedingsjare word reeds gelewer deur Glenn (1975), Pineo (1961) en Stinnet, Carter en Montgomery (1972). 'n Moontlike rede vir hierdie tendens mag, aldus Gutmann (1975), teweeggebring word deur die toenemende egskeidingsyfer wat die aantal onbevredigende huwelike besnoei. Die toenemende fokus wat op vroulike beroepsidentiteit geplaas word, mag ook 'n bydrae hiertoe lewer. Blood en Wolfe (1960) wys daarop dat vroue se huweliksbevredigingervarings na die kinders die ouerhuis verlaat het, 'n toename toon wat geassosieer kan word met verhoogde wedersydse huweliksgemeensaamheid.

Rollins en Feldman (1970) en Spanier, Lewis en Cole (1975) se studies dui aan dat daar 'n verminderde mate van huwelikspanning voorkom nadat die kinders die ouerhuis verlaat het. Familiekontakte en 'n meer geredelike inkomste blyk die oordrag te vergemaklik na die periode waar die egpaar weer alleen is (Saunders, 1969).

Aspekte relevant tot veranderende huweliksbevredigingsvlakke gedurende die gesinsinkortingsfase wat vervolgens opeen-volgend aandag geniet, is kommunikasiepatrone, seksuele ver-

houdinge en huweliksbevrediging, asook huweliksbevrediging gedurende die latere jare.

1.5.4.1 Kommunikasiepatrone

Wat die huweliksverhouding as sodanig betref, behoort kommunikasiepatrone in berekening gebring te word in die beskouing van die na-ouerlike stadium. Wedersydse begrip word bevorder deur voldoende kommunikasiepatrone wat klaarblyklik bydra tot verhoogde huweliksbevrediging. Dit is egter ook noodsaaklik om die tipe en die hoeveelheid kommunikasie ter sprake te klassifiseer (Aldous, 1978). Verhoogde huweliksbevrediging weens 'n verhoogde kommunikasie-frekwensie, toon die grootste effek in die geval van mans. Daar kan ook verwag word dat die inhoud van kommunikasie krities sal wees. 'n Vermeerdering van informasiebeskikbaarstelling aangaande die self, het positiewe effekte tot gevolg in huweliksbevrediging.

Die verwantskap van kommunikasie met 'n bruikbare omskrywing van die huweliksbevrediging gedurende die gesinsinkortingsfase, mag verder gespesifiseer word deur die huweliksmaats se empatiese en bevredigingsvlakke (Saunders, 1969, 1974). Kommunikasiepatrone mag huweliksbevrediging bevorder indien die kanale nie oorlaai word met inhoude wat nie positief ineenskakel met egpaarlede se ideale interim en eindpersepsies van die huwelik waarby waardesisteme aansny nie.

1.5.4.2 Seksuele verhoudinge en huweliksbevrediging

Waar seksuele egpaarinteraksie direk verwant is aan huweliksbevrediging, tree daar gedurende hierdie gesinsontwikkelingsfase duidelike patrone na vore. Verhoogde seksuele interaksie en gepaardgaande bevrediging, mag voorkom weens die afwesigheid van kinders uit die ouerhuis, die onvermoë van die vrou om voort te plant, moontlike vermeerderde finansiële sekuriteit en verbeterde kommunikasie (Santrock, 1986).

Wat mans betref, wys Masters en Johnson (1966) en Neugarten (1970) op die afname in seksuele effektiwiteit gedurende die latere jare wat toegeskryf kan word aan uiteenlopende faktore wat veral fisiese of selfs psigiese deteriorasieprosesse insluit. Wedersydse begrip en samewerking deur albei huweliksmaats by wyse van voldoende egpaarinteraksie is noodsaaklik om gereelde seksuele verhoudinge tussen egpaarlede te onderhou, wat 'n belangrike rol speel in egpaargemeenskaplikheid (Masters en Johnson, 1966).

1.5.4.3 Huweliksbevrediging gedurende die latere jare

Wanneer huweliksgeluk beskou word deur die gesinsontwikkelingsverloop, kan daar veralgemenend gepostuleer word dat dit hoër sal wees gedurende die latere jare. Wedersydse ondersteuning mag beskikbaar wees teen die agtergrond van 'n onsekere toekoms. Patrone van onbevredigende vorige huweliksinteraksies sal moeilik 'n ommekeer toon weens kompliserende faktore soos veranderende inkomste, fisiese funksionering en die daaglikse aktiwiteite wat deur aftrede gesimboliseer word.

Verskeie outeurs (Blood en Wolfe, 1960; Feldman, 1964; Rollins en Cannon, 1974; Pineo, 1961 en Spanier, Lewis en Cole, 1975) dui daarop dat bejaarde egpare hoë vlakke van huweliksatisfaksie ervaar. Feldman (1964, p. 117) beskryf kenmerkende aspekte van hierdie huweliksverhoudings soos volg: "They place the highest values on the conjugal factors in marriage, calmness and companionship, and a low value on the more romantic affective factors, indicating that they have come to terms with their marriage as a companionate more sedentary venture." Hierdie gemeensaamheid is nie noodwendig gebaseer op gesamentlike aktiwiteite nie, maar is eerder gegrond op gedeelde verwagtinge en waardes ten opsigte van huweliksrolle. Hierdie normatiewe kameraadskap (Edgell, 1972) verseker 'n sosiale realiteitsperspektiefkontrolering wat 'n hoër mate van sekerheid

en lewensbevrediging tot gevolg het (Berger en Kellner, 1964).

Met hierdie kort uiteensetting van huweliksbevrediging gedurende die latere jare, voorafgegaan deur die beskouings van seksuele verhoudinge en huweliksbevrediging en kommunikasiepatrone, word die bespreking van patrone van huweliksbevrediging gedurende die gesinsinkortingsfase in kombinasie met die gesinsuitbouings- en gesinsvormingsfase voltooi.

Die uiteensetting van patrone van huweliksbevrediging gedurende die verskillende gesinsontwikkelingstadia is gebaseer op 'n verskeidenheid uiteenlopende bydraes. Daar tree tog patrone van huweliksbevrediging na vore wat in 'n geïntegreerde raamwerk voorgestel kan word. Sodanige geïntegreerde voorstelling van huweliksbevrediging geniet aandag in die volgende afdeling.


1.5.5 'n Geïntegreerde voorstelling van huweliksbevrediging

Manlike en vroulike lede beskou die huwelik op verskillende wyses en rapporteer verskillende voor- en nadele (Bernard, 1973; Glenn, 1975). Mans word tradisioneel primêr beïnvloed deur gebeure buite die gesin, beide voor en na die geboorte van die kinders. Die kragtigste invloed op die vrou hou tradisioneel verband met die teenwoordigheid van kinders. Kinderopvoeding blyk 'n negatiewe effek te hê op die huweliksbevrediging van vroue, selfs ook ten opsigte van hulle basiese gevoelens van selfwaarde in verhouding tot die huwelik. Die man se beroepsbetrokkenheid mag as 'n oorbetrokkenheid, wat die man se huweliksinteraksiebydraes betref, 'n inhiberende invloed uitoefen.

Campbell, Converse en Rodger (1976) postuleer 'n U-vormige patroon van bevrediging in die verloop van huweliksverhoudinge. Egpaarverhoudingsbevrediging toon kort na huwe-

liksluiting 'n relatiewe hoogtepunt. Dit word gevolg deur 'n geleidelike afname in huweliksbevrediging tot sowat die twintigste jaar van die huwelik. 'n Opwaartse neiging in huweliksbevrediging word voorafgegaan deur die kinders se verlating van die ouerhuis, waar die opwaartse tendens mag voortduur tot in bejaardheid. Hierdie patroonmatige veranderinge in bevredigingsvlakke deur die gesinslewensloop, word ondersteun deur voorstellings van Hurlock (1980) en Louw, Gerdes en Meyer (1984). Louw, Gerdes en Meyer (1984) se grafiese voorstelling van bevredigingsvlakke deur die verskillende gesinstadiums wat uit Hurlock (1980) aangepas is, vertoon 'n kurwe wat negatief skeef daar uitsien in vergelyking tot Campbell, Converse en Rodger (1976) se U-vormige patroon. Eie aan die ontwikkelingsgeskiedenis van die ontwikkelingsielkunde, bied Louw, Gerdes en Meyer (1984) 'n verskeidenheid lewenstadiabevredigingsvlakke gedurende die tweede en veral die eerste trimester van lewensloopontwikkeling van betrokke generasies in die gesinsontwikkelingspiraal aan. Die gelykmakende effek op die huweliksontwikkelingsbevredigingskurwe wat volg op 'n eweredige gesinstydsverloopverdeling sou in 'n huweliksbevredigingskurwe resulteer wat grafies voorgestel word in Figuur 1.12.

Volgens die grafiese kurwe in Figuur 1.12 vind daar 'n geleidelike afname in huweliksbevrediging gedurende die gesinsuitbouingsfase plaas, in teenstelling met die geleidelike toename in huweliksbevrediging tydens die gesinsinkortingsfase, terwyl die hoogste huweliksbevredigingsvlakke binne die omgekeerde normale distribusievorm net binne die aanvangs- en terminasiegrense van huweliksontwikkeling aangetref word. Die problematiek van nie-optimale bevredigingsvlakke gedurende die verskillende gesinsontwikkelingstadia, laat 'n deurlopende intervensiebehoefte daar. Voorkomende fasiliteringsaksies of remediërende funksies ten opsigte van die egpaarontwikkelingsproses in die vorm van bestaande intervensies in die Sielkunde, behoort van naderby beskou te word.



FIGUUR 1.12: HUWELIKSTEVREDENHEID IN DIE VERSKILLENDE GESINSONTWIKKELINGSTADIA

1.6 SAMEVATTING

Aan die begin van hierdie hoofstuk is enkele stellings geformuleer wat ter sprake kom wanneer die doelstellings en veral die eerste doelstelling van hierdie studie in ag geneem word. Dit behels onder andere: aspekte van individuele lede mag in 'n integrerende veelvlakkige ontwikkelingsperspektief geplaas word; die individuele egpaarlede kan in 'n geïntegreerde veelvlakkige struktuur beskou word; die interaksie-ontwikkeling van egpaarlede word beïnvloed deur die aard van ontwikkelingsveranderinge in die gesin; die elemente van egpaarkonstellasies en verbandhoudende aspekte kan tot 'n sinvolle geheel geïntegreer word en die kwalitatiewe huweliksontwikkelingsaspekte kan voorgestel word aan die hand van huweliksbevredigingsgebeurtenisse.

Daar is voortgegaan om die ontwikkeling van die individu te beskryf aan die hand van die geïntegreerde veelvlakkige model van Kimmel, ontwikkelende individue in sisteme met

behulp van 'n werksmodel van Egan en Cowan, egpaarontwikkeling in die konteks van gesinsontwikkeling, asook huweliksbevrediging deur die gesinslewensverloop.


In die beskrywing van die geïntegreerde veelvlakkige model van die ontwikkelende individu van Kimmel, is daar aandag gegee aan die selfsisteem, die persoonlikheidsisteem asook verhoudingsinisiasie en -ontwikkeling. Wat betref die ontwikkelende individue in sisteme volgens die werksmodel van Egan en Cowan is die volgende bespreek: individuele ontwikkelingstemas en individuele ontwikkeling in sosiale konteks. In die bespreking van ontwikkeling in gesinsverband is daar aandag gegee aan relevante konsepte, die gesinsvormingsfase, die gesinsuitbouingsfase, die gesinsinkortingsfase en 'n model vir ontwikkeling in gesinsverband. Elkeen van hierdie benaderings beskou individuele egpaarontwikkeling vanuit uiteenlopende gesigspunte, en op verskillende vlakke, maar blyk as 'n aanvullende geheel sinvolle bydraes te lewer tot die begrip van die ontwikkeling van individuele egpaarlede in gesinskonteks. Daar bestaan 'n behoefte aan 'n geïntegreerde veelvlakkige model van individuele egpaarontwikkeling in gesinskonteks, wat mag lei tot 'n voldoende konseptualisering van egpaarinteraksieontwikkeling. 'n Sodanige uiteensetting van 'n geïntegreerde model van egpaarinteraksie-ontwikkeling word in hoofstuk vyf (afdeling IV, oplossing van die probleem) aangebied.

In die uiteensetting van die patrone van huweliksontwikkelingsbevrediging is die volgende raamwerk aangewend: die gesinsvormingsfase, die gesinsuitbouingsfase, die gesinsinkortingsfase en 'n geïntegreerde voorstelling van huweliksbevrediging. Die vraag ontstaan of daar 'n moontlike oorsaaklike verband aangedui kan word tussen die dinamika van gesamentlike individuele egpaarlidinteraksie en waargenome patrone van wisselende en nie-optimale egpaarontwikkelingsbevrediging gedurende die gesinsontwikkelingsiklus.

Ook hierdie aspek word in hoofstuk vyf (afdeling IV) aangespreek.

'n Dringender saak op hierdie stadium is met verwysing na onbevredigende vlakke van egpaarinteraksie-ontwikkelingservarings, bepaling met betrekking tot bestaande praktykgeoriënteerde egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies. Dit geniet in die volgende hoofstuk van hierdie afdeling (II, agtergrond tot die probleem) aandag.

AFDELING 1 : AGTERGROND TOT DIE PROBLEEM



HOOFSTUK 2

'N PRAKTYKGEORIËNTEERDE AGTERGROND TOT DIE PROBLEEM : EGPAARINTERAKSIE-ONTWIKKELINGSINTERVENSIES

2.1 INLEIDING

Die doelstellings van hierdie studie behels die volgende: 'n teoretiese verkenning en vasstelling van egpaarinteraksie-ontwikkeling; 'n praktykgeoriënteerde bepaling met betrekking tot egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies en -toepassing; die identifisering en uiteensetting van 'n onderliggende waardesisteem ten opsigte van die huwelik; 'n teoretiese integrasie en teorie-bou met betrekking tot egpaarinteraksie-ontwikkeling; die skep, ontwikkeling en verfyning van 'n toepaslike huweliksverrykingsprogram met betrekking tot egpaarinteraksie in die gesinsontwikkelingskonteks, asook 'n empiriese evaluering van die program om die geldigheid van die teorie en die praktykprogram te bepaal.

In hoofstuk 1 (afdeling II, agtergrond tot die probleem) van hierdie studie is die eerste doelstelling bevredig aangaande die teoretiese agtergrond tot die probleem. Dit het geskied by wyse van 'n voorlegging van 'n ontwikkelingsperspektief tot egpaarinteraksie. Hieruit blyk dit dat uiteenlopende faktore eie aan elke ontwikkelingsmoment waarteen egpaarinteraksie gefundeer is, besondere eise stel aan die unieke intimiteit en verbondenheid van 'n langtermyn toegewyde huweliksverhouding soos weerspieël aan die hand van wisselende patroonmatige nie-optimale vlakke van huwelksbevrediging. Daar bestaan dus 'n deurlopende behoefte aan die uitbouing van die huweliksverhouding deur die verloop van die verskillende gesinsontwikkelingstadia, om deur maksimaal effektiewe egpaarontwikkelingsinteraksie, moontlike problematiek te verlig en/of te voorkom. Die aanspreek van hierdie behoefte, universeel tot die verskillende egpaarontwikkelingstadia, om maksimale funksionering en aktualisering van die egpaarverhouding te bewerkstellig, bied 'n interessante uitdaging aan die Sielkunde.

Hierdie uitdaging sluit nou aan by die tweede doelstelling van hierdie studie wat handel oor 'n praktykgeoriënteerde agtergrond tot die probleem met verwysing na egpaarontwikkelingsintervensies en -toepassing. In antwoord hierop behoort bestaande egpaarinteraksie-ontwikkelingsdimensies beskou te word en die sentrale effektiwiteitsproses onderliggend aan sodanige intervensiestrategieë relevant tot hierdie studie, geïdentifiseer te word.

Huweliksintervensies het ontwikkel tot 'n veld wat uit 'n wye en uiteenlopende verskeidenheid ingrepe vir byna alle aspekte van die huweliksverhoudinge van beide funksionele en disfunksionele egpare bestaan. Verryking word onder meer deur L'Abate (1977b, p. 5) onderskei as uniek ten opsigte van ander tipes huweliksintervensies deur dit te omskryf as "... a process of intervention based on prearranged, programmed lessons and exercises dealing with interpersonal relations between and among members". Dit blyk van toe-

passing te wees indien kommunikasie- en relevante vaardighede as sentrale huweliksuitbouingstrategie figureer, wanneer 'n uitlating soos die van Bordin (1968, p. 71) in ag geneem word, wat as volg lui: "Couples with marital problems tend to communicate progressively less as their conflict deepens. When communication does take place, it is often ambigious and contradictory. Even simple tasks often result in arguments because of the nature of ambigious communication ..."

'n Aanvanklike korpus stellings kan op hierdie stadium aangestip word, naamlik: daar bestaan toepaslike egpaar-interaksie-ontwikkelingsintervensies; sommige sodanige intervensieprosesse blyk effektiefgewys meer van pas te wees en daar bestaan 'n gemeenskaplike onderliggende intervensie-strategie-aanbiedingseffektiwiteitsproses.

Hoofstuk 3 van hierdie afdeling (II agtergrond tot die probleem) word gewy aan aspekte rondom die saak wat in die laaste stelling geopper word. Die eerste twee afgebakende stellings aangaande huweliksintervensies word in hierdie hoofstuk aangespreek en wel by wyse van die volgende besprekingsinhoude, naamlik: huweliksintervensies in die algemeen en voorkomende interpersoonlike vaardigheidsopleidingsmetodes, te wete verryking en kommunikasie-opleiding. 'n Eerste aspek wat ter sprake kom, is huweliksintervensies in die algemeen.

2.2 HUWELIKSINTERVENSIES

2.2.1 Inleiding

Huweliksintervensies is 'n relatiewe nuwe verskynsel in die geskiedenis van die instelling van die huwelik en die veld van die Toegepaste Sielkunde. Schultz (1984, p. 1) laat hom as volg hieroor uit: "The field has handily survived its childhood and has emerged on the mental health scene as an important and valuable treatment modality". Elemente van

huweliksintervensies in die algemeen wat verdere ondersoek noodsaak, is die agtergrond en ontwikkeling, die belangrikheid, asook huidige status daarvan.

Die agtergrond en ontwikkeling word in die eerste afdeling beskou.

2.2.2 Agtergrond en ontwikkeling

Verskeie faktore is verantwoordelik vir die ontwikkeling van, en die huidige belangstelling in huweliksintervensies. In hierdie verband identifiseer Broderick en Schrader (1981) vier hoofinvloede, naamlik die maatskaplike werk-beweging, die ontwikkeling van sosiale psigiatrie, die invloed van vroeë seksioloë en die opvoedkundige gesinslewe-beweging. Hierby kan gevoeg word die groei van psigo-analise en psigoterapeutiese benaderinge, die opkoms van die behaviorisme as 'n nuwe tegnologie, die groei van die humanisme in reaksie op die problematiek van die psigo-analitiese en gedragsbenaderinge as 'n derde hooforiëntasie in die Sielkunde, asook die toename in verbruikersbehoeftes aan hulpverlening met verhoudingsprobleme.

Verskeie stadia kan in die historiese ontwikkeling van huweliksintervensies geïdentifiseer word. In hierdie verband onderskei Broderick en Schrader (1981) vier opeenvolgende ontwikkelingstadia in die V.S.A., wat met reg beskou kan word as toonaangewend ten opsigte van pragmatiese huweliksintervensies. 'n Laaste vormingsfase wat steeds geld, word gekenmerk deur jare van dinamiese groei en die vasstelling van standaarde en bevoegdhede. Hierdie uitbreidingsontwikkeling het geskied weens parallelle bydraes deur die omvattende groei van die gesinsberadingsbeweging en die sosiale vaardigheidsbeweging. Hierdie bydraes is gelewer in die vorm van spesifieke kennisinhoude aangaande die huwelik, 'n selfomskrywing deur professionele persone met 'n hoofidentiteit wat wentel rondom huweliksintervensie, die institusionalisering van die veld deur spesifieke publi-

kasies, en die skepping van opleidingsprogramme wat slegs op gesins- en huweliksberading gemik is.

Die verweefdheid van huweliks- en gesinsberading het gedeeltelik bygedra tot die relatiewe gebrek aan ekstensiewe opleidingsprogramme uitsluitlik gerig op huwelike en huweliksintervensies. Verdere omskrywing en ontwikkeling van egpaarintervensies andersoortig as gesinsberading, waartoe hierdie studie 'n bydrae lewer, blyk steeds van waarde te wees. Vincent (1977) bevraagteken hierdie moontlikheid weens verskillende knelpunte wat mag bestaan, insluitende konsepverwarring, onbevestigde aanvaardinge, kulturele mites en onvolledige terminologiese en modelontwikkeling. Ten spyte van hierdie hindernisse, bestaan daar 'n merkbare toename in belangstelling in huweliksberading, -intervensies en -ontwikkeling op verskillende vlakke.

Opvolgend tot die agtergrond en ontwikkeling van huweliksintervensies, word die belangrikheid daarvan bespreek.

2.2.3 Die belangrikheid van huweliksintervensies

Die belangrikheid van huweliksintervensies kan uit verskillende perspektiewe gemotiveer word, naamlik, geestesgesondheid in die algemeen, die individuele kliënt, kulturele en gemeenskapsinvloede en selfs ekonomiese veranderinge.

Wat geestesgesondheid in die algemeen betref, dra huweliksprobleme volgens L'Abate en McHenry (1983) by tot 'n groot persentasie van kognitiewe en emosionele disfunksies. Die omvattende aantal persone wat deur professionele praktisyns hanteer word wat onder andere huweliksproblematiek ervaar, ondersteun hierdie stelling (Gurin, Veroff en Feld, 1960; Sager, Gundlach, Kremer, Levy en Royce, 1968). Die persone wat met huweliksproblematiek aanmeld vir professionele hulpverlening mag slegs 'n gedeelte verteenwoordig van die spektrum individue wat huweliksongemak ervaar. Die feit dat daar nie sprake is van 'n spontane

herstel van hierdie problematiese situasie nie, word gereflekteer deur die wêreldwye stygende egskeidingsyfer (Ball en Ball, 1979; Santrock, 1986) wat ook in Suid-Afrika geld (Louw, 1983a) asook die seksuele rewolusie wat getuig van die toenemende onstabiliteit van die hedendaagse huwelik.

Die negatiewe effek van huweliksprobleme kring verder uit as die ongelukkigheid wat met betrekking tot die huwelikstaat ervaar word, soos geïllustreer word deur die verhoogde voorkoms van alkoholisme onder geskeides en die stremmende impak op die kinders vanuit so 'n huwelik (Hetherington, 1972; Wallerstein en Kelly, 1980).

Wat die effek van huweliksintervensies betref, mag die individuele egpaarlid dikwels meer effektief hanteer word in egpaarkonteks. Haley (1963) dui aan dat verhoogde funksionaliteit van 'n enkele huweliksmaat weens individuele intervensies, agteruitgang in die gedrag van die ander huweliksmaat teweegbring. Dit word deur Lidz en Fleck (1965) as homeostase van die diadiese verwantskap beskryf. Satir (1975) kritiseer ook individuele huweliksberading, daar dit onakkurate persoonspersepsie tot gevolg mag hê. Lucky (1964) se beklemtoning van akkurate rolpersepsie in huweliksberading sluit hierby aan.

Kulturele ontwikkeling noodsaak veranderinge in die instelling van die huwelik. Hierdie kulturele veranderingseise word waargeneem in die verhoogde voorkoms van egskeidings en geestesgesondheidshuweliksproblematiek (Prochaska en Prochaska, 1978). Die emansipasie van die vrou vereis 'n herdefiniëring van huweliksrolle, wat deur die toenemende alternatiewe beskikbaar, onsekerheid by individue aangaande huwelikstruktuur en -status teweegbring. Veranderde huweliksbeskouinge deur die gemeenskap setel in huwelikshanteringsbenaderings wat toenemende rolbuigsaamheid en aanpasbaarheid, 'n meer gelyke magsbalans, duidelike kommunikasie en 'n toename in selfbeeld, beklemtoon (Gurman, 1978). Ekonomiese veranderinge in die gemeenskapskonteks

het teweeggebring dat die tradisionele kerngesin plek maak vir alternatiewe soortgelyke gesinstrukture. Sodanige verskuiwings skep onopgeloste vraagstukke aangaande die aard, kwaliteit en toekoms van die huweliksverhouding.

Opvolgend tot die voorafgaande ondersoek na die belangrikheid van huweliksintervensies, word die huidige status van huweliksintervensies beskou.

2.2.4 Die huidige status van huweliksintervensies

L'Abate en McHenry (1983) beklemtoon die behoefte aan meer gekontroleerde ondersoeke na die effektiwiteit van huweliksintervensies, afgesien van hulle teoretiese oriëntasies. Dit blyk dat geen benadering as eksplisiet meer effektief bevind is as ander nie, maar dat verskillende benaderings oor uiteenlopende sterkpunte en swakpunte bestaan.

Gurman (1978) ondersoek in sy vergelykende analise van drie vooropgestelde kontemporêre behandelingsmodelle (psigoanalise, gedragsteorie en sisteemteorie) vier spesifieke dimensies waardeur huweliksintervensieprosesse ondersoek kan word. Hierdie dimensies behels die rol van die verlede en die onderbewuste, die aard en betekenis van aanwesige probleme en die rol van bepaling, die relatiewe belangrikheid van mediasie versus uiteindelike hanteringsdoelwitte, en die aard van die terapeut se rolle en funksies. Op grond van hierdie analise voorspel Gurman (1978) die behoud van die basiese oriëntasies in gewysigde saamgestelde gematigde vorme, gegrond op voldoende empiriese getuienis.

Aanvullend tot Gurman (1978) voorsien L'Abate en McHenry (1983) twee perspektiewe wat aandag behoort te geniet, naamlik die effek van die humanistiese beweging op huweliksintervensies en die beskouing van huweliksintervensies op 'n kontinuum. Hierdie kontinuum wissel in struktuur, vanaf voorkomende vaardigheidsopleidingsprogramme tot die ongestruktureerde remediërende benadering. Gemeenskaplikhede

onderliggend aan die voorkomende vaardigheidsopleidingsbenadering sluit in 'n fokus wat die primêre aspekte van menslike gedrag integreer, insluitende emosionaliteit, rasionaliteit, aktiwiteit, bewustheid en terugvoer in konteks. Huweliksintervensies kan as sodanig aan die hand van die beklemtoning van die verskillende gemeenskaplikhede omlyn word. Die verwantskap tussen hierdie komponente is nie lineêr van aard nie, wat moontlike veranderingsvoorspellings kompliseer. Binne hierdie raamwerk is dit moontlik om praktykbenaderings in die veld van huweliksintervensies te kategoriseer as terapeuties remediërend of opvoedkundig voorkomend.

Vir die doeleindes van hierdie studie word 'n ondersoek na voorkomende huweliksintervensies as gepas beskou.

Waar die huidige status van huweliksintervensies in hierdie afdeling beskou is, word die bespreking van huweliksintervensies in die algemeen afgesluit. Vervolgens word daar gekyk na huweliksintervensies met 'n voorkomende karakter, wat die aanleer van interpersoonlike vaardighede beklemtoon.

In hierdie veld kan verskeie werkswyses geïdentifiseer word, naamlik verryking, selfgeldingsopleiding, konflikhantering, probleemoplossing, die hantering van seksuele disfunksie, kommunikasie-opleiding en ontmoetingsgroepe.

In hierdie studie word daar klem gelê op verryking met kommunikasie-opleiding as aanvullende tegniek. Aspekte van hierdie twee tegnieke word vervolgens bespreek en verryking geniet eerstens aandag.

Verrykingskomponente waarop opeenvolgend gefokus word, is 'n omskrywing van die agtergrond en ontwikkeling, grondliggende beginsels van verryking, elemente van die proses van verryking, intervensieprosesse van verryking, evaluering en 'n toekomsblik.

2.3 VOORKOMENDE INTERPERSOONLIKE VAARDIGHEIDSOPLEIDINGS-METODES : VERRYKING

2.3.1 Inleiding

VanderHaar en VanderHaar (1976, p. 195) beskou die doelwit van verryking as "to enable couples to discover deep love, intimacy and joy in marriage by developing better communication patterns, learning to accept one another's strengths and weaknesses, and establishing mutually acceptable goals". Otto (1976) sluit hierby aan en beskou die doel van huweliksverryking as om egpare by te staan in die bereiking van die volgende doelwitte: om elke huweliksmaat se bewustheid van die self en ander te verbeter, veral wat betref die positiewe aspekte, sterkpunte en die groeipotensiaal van die individuele huweliksmaats; om die eksplorasie en selfonthulling van huweliksmaats met betrekking tot kognitiewe en emosionele aspekte uit te brei; om wedersydse empatie en intimiteit te verhoog en laastens om die ontwikkeling en aanwending van effektiewe kommunikasie-, probleemoplossings- en konflikhanteringsvaardighede aan te moedig.

Die feit dat die aantal en die gebruik van verrykingsprogramme toeneem, kan nie geïgnoreer word nie, asook dat dit tans 'n afsonderlike entiteit in die veld van huweliksintervensies verteenwoordig met 'n toenemende gewildheid en aanvaarding deur die verbruikers van sielkundige dienste.

Die agtergrond en ontwikkeling van huweliksintervensies word vervolgens beskou.

2.3.2 Agtergrond en ontwikkeling

Die eerste erkende en wyd toegepaste huweliksverrykingsprogramme is ontwikkel deur Mace (1975a, 1975b) wat naweekprogramme vir die Kwakergroep gedurende 1961 begin

aanbied het, Smith en Smith wat in die jaar 1966 leieregpare in die "United Methodist Church" begin oplei het (L'Abate, 1977b), en die "Catholic Marriage Encounter"-beweging wat vanaf Europa na die V.S.A. gebring is (Doherty, McCabe en Ryder, 1978).

Aanvanklike verrykingsbronne in die V.S.A. was primêr nie-professioneel en religieus van aard, wat grootliks steeds die geval in Suid-Afrika blyk te wees. Hierdie aanvanklike fase gedurende die vroeë sewentigerjare het die ontwikkeling van verrykingsprogramme vanuit die professionele Sielkunde voorafgegaan. Voorbeelde van sodanige programme is die "Association of couples for marital enrichment" (Mace en Mace, 1976a, 1976b), "Minnesota couples communication program", "Conjugal relationship modification" en "Paving enrichment program" (Travis en Travis, 1975a, 1975b), "Marriage diagnostic laboratory" (Stein, 1975) en "Enrichment" (L'Abate, 1977b).

Verskeie ontwikkelingsmomente in die Sielkunde vorm die grondslag van die verrykingsbeweging. Hierdie aspekte sien as volg daaruit:

(a) Die Rogeriaanse beweging: Volgens Rogers (1942, 1967) ontwikkel die groeiproses tot interpersoonlike toereikendheid vanuit 'n onpersoonlike statiese psigologiese funksioneringswyse. Hierdie benadering beklemtoon die emosionele lewe en selfkonsep van die individu, sowel as die invloed van interpersoonlike verhoudings op intrapsigiese dimensies. Klem word ook geplaas op volkome aanvaarding en respek vir deelnemers en die aanvaarding van positiewe en negatiewe emosies. Voorsiening word gemaak vir 'n atmosfeer waarin deelnemers hul gevoelens vrylik kan uitdruk tot toenemende selfaanvaarding, selfkennis en om vermeerderde aanvaarding van ander (veral die huweliksmaat) te ervaar. In kombinasie met heersende toestande soos empatie en kongruensie mag voorafgaande toestande bydra

tot veranderde houdings en kognisies, met moontlike vestiging van gewenste gedragsvorme.

(b) Die menslike potensiaalbeweging (Otto, 1976). Hierdie benadering beklemtoon die uitbouing van sterkpunte van die individu en gaan van die basiese veronderstelling uit dat alle persone en verhoudinge slegs volgens 'n gedeelte van hulle potensiaal funksioneer en dus oor groeimoontlikhede beskik.

(c) Sensitiwiteitsopleiding, T-groepe en ontmoetingsgroepe. Die groepservaring word in die groepsprosesteorie gesien as 'n tydelike, veilige leeromgewing wat ondersteuning en toenemende vertroue kan bied. In die groepomgewing is alternatiewe interaksiemodelle beskikbaar en interaksionele vaardighede insluitende terugvoerprosesse in die normgroep kan aangeleer en ontwikkel word (Miller, Nunnally en Wackman, 1976a, 1976b). Wedersydse hulpverlening het 'n gevoel van universaliteit tot gevolg (Yalom, 1970). Groepbenaderings, insluitende selfhelpgroepe, het die wegbeweeg van die tradisionele psigies-gesondheidsbehandelingsmodelle gefasiliteer deur die beklemtoning van persoonlike groei en die aanleer van meer effektiewe wyses om die self en die wêreld te hanteer.

(d) Die humanistiese beweging (Ball en Ball, 1979). Hierdie benadering veronderstel dat elke persoon oor die inherente neiging tot groei en self-aktualisering (Maslow, 1954) met betrekking tot die self en die ander beskik. In die proses van die ontsluiting van menslike potensiaal, word die vrylike uitdrukking van emosies en die skepping van effektiewe verhoudings beklemtoon. Volgens Hof en Miller (1981) het die humanistiesgeoriënteerde Sielkunde ook bygedra tot die begrip en bevordering van selfaktualiserende prosesse en gevoelsgeoriënteerde groeperings en tegnieke.

(e) Die gedragsmodifikasiebeweging (Guerney, 1977; Hof en Miller, 1981 en Skinner, 1953, 1971). Hierdie benadering lewer 'n bydrae deur die tradisionele gedragsfunksies en kognitiewe herstrukturering op die voorgrond te plaas. Insette word ook gelewer vanuit die sosiale leerteorie, modellering en gedragsherhaling. Sentraal tot hanteringsprogramme is die vermeerdering van gedragspatrone wat beskou word as gewens en versterkend in die huweliksverhouding, primêr deur middel van herhaalde oefening en gemodelleerde demonstrasies, en sekondêr by wyse van sosiale versterking.

(f) Programme met kommunikasieraamwerke wat gepubliseer is om huweliksproblematiek met behulp van kommunikasievaardighede te oorkom (Hinkle en Moore, 1971; Miller, 1971; Nunnally, 1971 en Schlein, 1971).

(g) Navorsing aangaande effektief-funksionerende gesinne waarin daar onder andere bevind is dat die aard van kommunikasiepatrone bepalend is (Ball, 1976 en Otto, 1962, 1963, 1964).

(h) Die herbeklemtoning van die gesinslewe-opvoedingsbeweging sedert die tweede helfte van die sewentigerjare, het toenemend gefokus op psigiese gesondheid en die aanleer van vaardighede wat dit bevorder (L'Abate en McHenry, 1983).

(i) Veranderde verbruikersbehoeftes tot korttermyn ekonomiese behandelingsprogramme (L'Abate en McHenry, 1983).

Voorafgaande faktore vorm dus in samehang die platform waarvandaan verryking gegenereer en verfyn is. Die agtergrond en die ontwikkeling van verryking het aandag geniet. Vervolgens word die grondliggende beginsels van huweliksverryking beskou.

2.3.3 Grondliggende beginsels

Wat die grondliggende beginsels van verryking betref, geniet die volgende aspekte opeenvolgend aandag: opvoedkundige aard, voorkomende aard, balans tussen verhoudings en individuele groei, ontwikkelingsmomente, groei-oriëntasie, dinamiese aard van die huwelik en die einddoel van verryking, te wete die intensionele kameraadskapshuwelik. Die opvoedkundige aard van verryking geniet eerstens aandag.

2.3.3.1 Opvoedkundige aard

Verryking kan volgens Satir (1975) gekonseptualiseer word as 'n voortdurend versterkende opvoedkundige proses. Voorstanders van verryking soos Clinebell (1976), Guerney (1977), Mace en Mace (1978), Otto (1975, 1976) en Sherwood en Scherer (1975) ondersteun Satir (1975) se stelling deur te wys op die dinamiese ervaringsgerigte opvoedkundige aard van verryking.

Hopkins en Hopkins (1976) beskryf hulle verrykingsprogramme as opvoedkundig van aard te wees, terwyl Smith en Smith (1976, p. 77) daarop aanspraak maak dat "the purpose of a Marriage Communication Lab is to make good marriages better - to assist couples to have fully satisfying marriages to improve their relationships".

Volgens Guerney (1977) omvat 'n opvoedkundige model prosesse waarin houdings en spesifieke vaardighede op 'n sistematiese wyse aangeleer word. In hierdie proses word gedragsdoelwitte duidelik gestel, die gepaste evaluerende maatstawwe ingesluit, 'n rasionaal word voorsien, asook oefening en kontrolerende toesig in die ontwikkeling van vaardighede waarin die fasilitering van leer ook aandag geniet. Guerney (1977) en Hof en Miller (1981) stel dat die opvoedkundige fokus op die daarstelling en bereiking van doelwitte, toenemende begrip, die sterkpunte van huweliksmaats en die huweliksverhouding asook die skepping van 'n klimaat van

groei en ontwikkeling val. Bach en Wyden (1969), Rogers (1972), en Traux en Carkhuff (1965) verklaar dat die doel van egpaarberading die onderrig en heronderrig van egpare omvat met die doel om hulle vermoë te fasiliteer om interpersoonlik op wedersydse bevredigende vlakke te funksioneer.

In 'n oorsig van uiteenlopende navorsingsresultate kom Harrel en Guerney (1976) tot die gevolgtrekking dat opvoedkundige modelle 'n suksesvolle struktuur vir die toename in interpersoonlike funksionering voorsien. Schauble en Hill (1976) dui daarop dat die opvoedkundige aard en groeioriëntasie van die meerderheid verrykingsprogramme potensieel 'n wyer segment van die bevolking as remediërende beradingsprogramme betrek. Daar bestaan, aldus Hof en Miller (1981), 'n toenemende geneigdheid om kognitiewe, ervarings- en opvoedkundige modelle in berading, (insluitende verrykingsprogramme) aan te wend.

Die opvoedkundige karakter van verryking is in oënskou geneem. Aansluitend hierby word die aard van verryking beskou.

2.3.3.2 Voorkomende aard

Mace en Mace (1975) en Vincent (1973) doen 'n beroep op die daarstelling van voorkomende psigiese gesondheidsdienste wat positiewe groei beklemtoon met 'n uiteindelike beter balans tussen die behoefte aan, en die beskikbaarheid van, psigiese gesondheidsdienste.

L'Abate en McHenry (1983) stel die feit dat die hoofpotensiaal en fokus van verrykingsprogramme voorkomend van aard is. Spesifieke pogings word dus aangewend om huidige en toekomstige huweliksverhoudingsdeteriorasie te verhoed. Programdoelwitte wentel dus rondom potensiële huweliksdiadeproblematiek. Vroeëre voorstanders van verryking beklemtoon ook die voorkomende karakter daarvan (Clinebell, 1976; Guerney, 1977; L'Abate, 1977a, Mace en

Mace, 1975 en Otto, 1976). Die ontwikkeling van die huweliksverhouding word gefasiliteer, deurdat die egpaarlede geskool word in die erkenning van problematiek en die hantering van konflik en verandering.

Eisenberg (1962) en Sauber (1974) verwys na drie moontlike vlakke van voorkoming. Primêre voorkoming behels die bevordering van funksioneringskwaliteit, beskermingsvoorsiening en bepaalde vaardigheidsopbouing. In die geval van sekondêre voorkoming gaan dit om 'n vroeë probleemidentifikasie en 'n ingryping indien nodig om voortgesette egpaarontwikkeling te fasiliteer en om egpaarsisteemdisfunkisie te voorkom. By tersiêre voorkoming is daar oënskynlik onomkeerbare wanfunksionering aanwesig en val die klem op die uitbreiding van hierdie ongewenste toestand en rehabiliterende aksies. Die meerderheid huweliksverrykingsprogramme val in die primêre voorkomingskategorie (byvoorbeeld Mace en Mace, 1975; Otto, 1976 en Sauber, 1974) terwyl andere (byvoorbeeld Guerney, 1977; Gottman, Notarius, Gonso en Markham, 1976; Hof en Miller, 1981 en Schauble en Hill, 1976) uitgebrei het na die areas van sekondêre voorkoming, waar huweliksverryking aanvullend tot intensiewe huwelikstерapie aangewend word.

Die voorkomende aard van verryking het aandag geniet. Vervolgens word die balans tussen verhoudings- en individuele groei beskou.

2.3.3.3 Die balans tussen individuele en verhoudingsgroei

Voldoende selfbewustheid en ervaring van die self as gedifferensieerde volledig ontwikkelende persoon deur elke egpaarlid word deur Luthman en Kirschenbaum (1974) beskou as 'n ideale huweliksverhoudingsbasis. Travis en Travis (1975a) beklemtoon in hierdie verband die behoefte dat individue gesamentlik behoort te groei en beskou die grondslag van verhoudingsverryking as bestaande uit persoonlike groei, individualiteit, selfidentiteit en selfagting.

Otto (1969) beklemtoon egter die aktualisering van die egpaarlede in verhouding tot mekaar, aanvullend tot die verwesenliking van persoonlike potensiaal. Doelwitte van verryking word deur Miller, Nunnally en Wackman (1975a) aangedui as 'n toename in selfbewustheid, bewustheid van die huweliksmaat, egpaarbewustheid en 'n toenemende agting vir die self en die ander. Volgens Mace en Mace (1977) behoort verryking te fokus op die gesamentlike groei en ontwikkeling van die individu en die huweliksverhouding waar die twee aspekte mekaar ondersteun. Otto (1976, p. 14) voorsien 'n omskrywing wat dui op die balans wat die meerderheid verrykingsprogramme poog om te voorsien tussen verhoudings- en huweliksgroei enersyds en individuele ontwikkeling andersyds: "... the development of marriage and individual potential while maintaining a consistent and primary focus on the relationship of the couple".

Sommige verrykingsprogramontwikkelaars glo dat programme 'n aanvang behoort te neem met 'n individueel-georiënteerde sin van vervulling en waarde. Andere verkies om onmiddellik aandag te skenk aan die versterking van die verhouding en raak nie die intrapersoonlike aspekte van die lede van die huweliksdiade aan nie. In die geval van sommige religieus-georiënteerde programme word daar nie voldoende gefokus op die differensiasie tussen en individualisering van huweliks-maats nie. Doherty, McCabe en Ryder (1978) postuleer dat so 'n werkswyse 'n verlies aan individualiteit tot gevolg mag hê en belangrike elemente uitsluit wat 'n bepalende rol speel in die kwaliteit van die huweliksverhouding.

Die meerderheid huweliksverrykingsprogramme beklemtoon die verbetering van huweliksverhoudings as sodanig. Heelwat tyd word gewy aan egpaarinteraksie en die verbetering van egpaarkommunikasie, die verdieping van die wedersydse aanvaarding en emosionele verhoudingsbelewenisse van die eg-paar, die uitbouing van huwelikshulpbronne en die ont-wikkeling van huwelikspotensiaal. Daar bestaan ook tegely-kertyd 'n besef dat aanvaarding, selfaktualisering en die

uitdrukking van die self kritiese aspekte van die groei en ontwikkeling van huweliksverhoudinge is, wat aandag behoort te geniet.

Die balans tussen individuele en verhoudingsgroei is in oënskou geneem. Die groei-oriëntasie as grondliggende verrykingsbeginsel word in die volgende afdeling van naderby beskou.

2.3.3.4 Groei-oriëntasie

Horney (1945, p. 10) druk haar optimistiese benadering tot menslike natuur en persone se potensiaal tot groei, ontwikkeling en verandering as volg uit: "My own belief is that man has the capacity as well as the desire to develop his potentialities and become a decent human being, and that these deteriorate if this relationship to others and hence to himself is, and continues to be, disturbed. I believe that man can change and go on changing as long as he lives. And this belief has grown with deeper understanding."

Die hoeksteen van verryking word deur Mace en Mace (1975, 1976a) beskryf as menslike potensiaal en groei. Die mens kan dus beskou word as beskikkend oor 'n natuurlike dryfkrag tot groei, gesondheid en persoonlike ontwikkeling. Onder die gewenste omstandighede kan persone aanleer hoe om gedrag en houdings te selekteer en te modifiseer wat verhoudingsgroei moontlik maak en om ongewone struikelblokke op 'n positiewe en kreatiewe wyse te hanteer. Sodanige groei-oriëntasie is dus gerig op 'n uiteindelike lewensvervulling en verhoudingsbevrediging.

Verryking omvat 'n groeimodel wat die basiese filosofie van die menslike potensiaalbeweging onderskryf. Dit impliseer dat verrykingsprogramme onder meer die aanname verreken dat bestaande menslike en verhoudingshulpbronne, op 'n aanvaarde basis versterk en uitgebou kan word om hoër vlakke van welsyn en funksionering daar te stel. Die invalshoek is

uniek van aard deurdat daar in die eerste plek gepoog word om huidige effektiwiteitsvlakke meer volledig te ontwikkel en dan eers pogings aan te wend om intra- en interpersoonlike probleme te herstel.

Opvolgend tot die groei-oriëntasie as grondliggende beginsel van verryking, word die dinamiese aard van die huwelik beskou.

2.3.3.5 Dinamiese aard van die huwelik

Die huweliksverhouding voorsien volgens Mace en Mace (1975) geleenthede vir groei op individuele en egpaarvlak, sowel ten opsigte van aanvaarding en liefde namate interafhanklike insigte en affek toeneem. Sherwood en Scherer (1975) beskou die huweliksverhouding as bestaande uit voortdurend groeiende veranderende aspekte, gebaseer op die dinamiese interspel van unieke en veranderende behoeftes, verwagtinge en vaardighede van beide huweliksmaats. Volgens Mace en Mace (1976a, 1976b) konseptualiseer die verrykingsbeweging die huwelik as 'n dinamiese diadiese verhouding waarin toenemende intimiteit die huweliksmaats se potensiaalvryheid en verwantskap bevorder.

Die huweliksverhouding word deur Luthman en Kirschenbaum (1974) beskryf as 'n dinamiese komplekse samestelling van gedragspatrone, houdings, funksioneringstyle en affektiewe interpersoonlike inhoude. Die spektrum van elemente is van belang in effektiewe ekwilibriumfunksionering, weens die interafhanklike samehang van sodanige faktore.

Die huwelik as sisteem word deur Hof en Miller (1981) as oop of geslote beskryf. 'n Oop sisteem is ontvanklik vir verandering en alternatiewe responderingswyses verleen goedkeurende herkenning aan, en bevestig die waarde van, verskille. Dit laat 'n verskeidenheid gevoelsresponse toe en is daartoe in staat om buigbare aanpassings tot hernieude insette aan te bring. 'n Homeostatiese balans tussen twee

huweliksmaats is kenmerkend van 'n effektiewe huwelik-sisteem. Die stabiliteit wat benodig word vir taakverrigting en verhoudingsbehoeftebevrediging, en die skepping van groeiruimte, word moontlik gemaak deur die handhawing van homeostatiese huweliksverhoudingstoestande.

Luthman en Kirschenbaum (1974) identifiseer belangrike dinamiese aspekte van groei in 'n effektief-funksionerende huweliksverhouding as 'n oop sisteem. Hierdie aspekte behels voldoende terugvoering ten opsigte van persoonlikheidsverskille tussen egpaarlede wat as aanvullend stimulerend beskou word, konflik en verskille wat as leergeleenthede aangewend word, die ontkoppeling van interne oogmerke vanaf eksterne manifestasies, en laastens die vermoë om gevoelens en persepsies uit te druk en om interaksiekanale oop te hou vir kommunikasie, intimiteit en groei. Hierdie gewenste oop huweliksisteem kom egter nie spontaan totstand nie.

Verrykingsvoorstanders (Lederer en Jackson, 1968; Mace en Mace, 1975; Miller, Nunnally en Wackman, 1976b en Otto, 1976) bevestig die noodsaaklikheid dat daar voortdurende pogings moet wees vir die uitbouing van lewensvatbare verhoudings.

Aansluitend by die voorafgaande dinamiese huweliksbeskouing, word daar aandag geskenk aan die einddoel van die huwelik as 'n grondliggende verrykingsbeginsel, naamlik 'n intensionele kameraadskap.

2.3.3.6 'n Huwelikseinddoel: Intensionele kameraadskap

Die huwelikskonsep het vanuit verskillende bydraende alternatiewe ontwikkel tot dié van 'n kameraadskap, wat gegrond is op intimiteit, gelykheid, buigsaamheid en bevredigende interpersoonlike verhoudings (Mace en Mace, 1975, 1976(b); Macklin en Rubin, 1983 en Scanzoni, 1983).

Die verhoudingsbeginsels soos uitgespel deur Ivey en Simek-Downing (1980), vorm uiteindelike doelwitte, asook waardes onderliggend aan heelwat verrykingsprogramme in die daarstelling en behoud van 'n intensionele kameraadskapshuwelik (Hof en Miller, 1981) wat uit verskeie aspekte bestaan. Hierdie aspekte sluit in:

(a) 'n Bewuste en voortdurende toegewydheid aan 'n voortdurende huweliksdiade waarin elke egpaarlid toenemende vervulling en bevrediging ervaar. Die ontwikkeling van effektiewe interpersoonlike verhoudinge en die daarstelling en instandhouding van 'n oop kommunikasiesisteem word beklemtoon.

(b) 'n Verbondenheid aan die uitbreiding en verdieping van die emosionele aspekte van die verhouding, insluitende die seksuele dimensie, asook die ontplooiing van die huwelik se sterkpunte. Sodanige verhouding word gekenmerk deur wedersydse intimiteit, eerlikheid, liefdebetoning, empatie, aanvaarding en begrip teen die agtergrond van 'n bewustheid van veranderende behoeftes, wense, aspirasies en gepaardgaande gepaste response. Daar behoort ook verder 'n sin vir selfwaarde in elke huweliksmaat aanwesig te wees, asook 'n balans tussen outonomie en interafhanklikheid, waar albei huweliksmaats gelyke verantwoordelikheid aanvaar vir die sukses van die verhouding.

(c) 'n Gedurige bewustheid van die huwelik as dinamiese veranderende verhouding stel eise met betrekking tot voortdurende verbondenheid tot openheid, kreatiewe opbouende aanwending van verskille en konflik, onderhandeling aangaande rolle en norme asook individuele en egpaarbewustheid.

Met hierdie bespreking van die intensionele kameraadskapshuwelik as uiteindelike doelwit van verryking, in samehang met 'n dinamiese aard van die huwelik, 'n groei-

oriëntasie, die balans tussen individuele en verhoudingsgroei, 'n voorkomende en opvoedkundige aard, word daar volstaan met die basiese beginsels van verryking. Vervolgens word elemente van die proses van huweliksverryking in oënskou geneem.

2.3.4 Elemente van die proses van huweliksverryking

2.3.4.1 Inleiding

Hof en Miller (1981) beskou die proses van verryking as voortdurend van aard te wees en dat dit nie beperk kan word tot deelname aan naweekprogramme of tydbegrensde groepe nie. Volgens Mace en Mace (1976a, 1978) beklemtoon heelwat praktisyns dat verrykingsdeelname die aanvang mag wees tot 'n proses van huweliksgroei en positiewe ontwikkeling. In die deelname aan 'n basiese program kan egpare slegs aan sekere begrippe en vaardighede bekend gestel word, moontlike houdingsverandering ondergaan en tot 'n bewustheid kom van bestaande huweliksverhoudingspotensiaal en die behoefte aan voortgesette huweliksgroei. Die behoefte aan 'n voortgesette ontwikkelingsondersteuningstelsel met aanvullende groei-ervaringe na blootstelling aan 'n aanvanklike verrykingsprogram, word uitgespreek deur verskeie outeurs (Hopkins, Hopkins, Mace en Mace, 1978; Mace, 1975b; Otto, 1976 en Rappaport, 1976). Die doel van sodanige opvolgsessie(s) is om ondersteuning, aanmoediging, positiewe versterking en terugvoer te voorsien, om sodoende die effekte van inisiële huweliksgroeimomente te versterk. Vasgelegde hernieude huweliksinteraksiepatrone kan beswaarlik deur 'n relatief kortstondige verrykingsintervensie teweeggebring word.

Egpare behoort toegewyd te wees aan 'n voortdurende werkspoging gerig op verhoudingsversterking. Betrokkenheid by ander egpare verbonde aan soortgelyke doelwitte op 'n gereelde basis, met of sonder 'n derde party en huweliks- of verhoudingsberading, (afhangende van die aard van beskikbare

hulpbronne) behoort volgens Hof en Miller (1981) van heelwat waarde te wees. Clinebell (1975) onderstreep die gedagte van verryking as lewenslange proses deur die oortuiging dat 'n verskeidenheid huweliksverrykingsprogramme vir die verskillende lewensontwikkelingstadia benodig word.

In hierdie afdeling aangaande die bespreking van die elemente van die proses van huweliksverryking, word daar opeenvolgend aandag gegee aan die aspekte van positiewe beklemtoning, die klem op kommunikasie, konfrontasie, selfonthulling, die toepassing van doelwitte, die teikenpopulasie, die formaat van programme en programleierskap.

Die positiewe beklemtoning van verrykingsprogramme geniet eerstens aandag.

2.3.4.2 Positiewe beklemtoning

Clarke (1970) en Mace (1976) postuleer dat die identifisering en wedersydse mededeling van positiewe huweliksverhoudingsaspekte hoogs bevredigende emosionele huweliksontwikkelingservarings mag bewerkstellig. Sodanige ervarings mag dit selfs moontlik maak om negatiewe emosies op sodanige wyse uit te druk dat dit tot doelgerigte gedrag mag lei. Die beklemtoning van die positiewe vorm volgens Liberman, Wheeler en Sanders (1976) is 'n platform waarvandaan daar na meer sensitiewe areas beweeg kan word, byvoorbeeld waar konflik en woede aanwesig is.

'n Oorsig van verskeie programme (Ball en Ball, 1979; Clinebell, 1975; Mace en Mace, 1977 en Otto, 1975, 1976) dui daarop dat verryking in die algemeen die positiewe aspekte van die huweliksverhouding beklemtoon. Guerney (1977) dui ook aan dat die onderrig van spesifieke vaardighede, wat die uitdrukking en konstruktiewe oplossing van negatiewe gevoelens moontlik maak, ook deel uitmaak van 'n groot aantal programme.

Programme wat slegs bevestigend te werk gaan en nie minstens momenteel fokus op potensiële areas van konflik insluitende onvervulde wense en behoeftes nie, mag egpaarlede nie voldoende toerus om negatiewe gevoelens en konfliksituasies konstruktief te hanteer nie. Volgens Guerney (1977), Mace en Mace (1976b) en Sherwood en Scherer (1975) behoort egpare blootgestel te word aan positiewe sowel as minder positiewe interaksiehanteringswyses. Sulke aanbevelings het tot gevolg dat heelwat resente programsaamstellers in 'n meerdere mate komponente inbou wat die uitdrukking van negatiewe gevoelens en konflikhantering omvat.

Die positiewe beklemtoning in verryking is in hierdie afdeling bespreek. Die klem op kommunikasie word vervolgens beskou.

2.3.4.3 Klem op kommunikasie

Navran (1967) dui 'n positiewe korrelasie aan tussen huweliksaanpassing en kommunikasievermoë. Huweliksuitbouing sou dus heel gepas kon fokus op kommunikasie en kommunikasievaardighede. Navran (1967) beskou die ideaal van oop kommunikasie as gekenmerk deur gereelde begrypende en omvattende kommunikasie waarin kommunikasiekanale bewaar bly, taalinhoude gesimboliseer is en wedersydse gevoelsensitiwiteit en ondersteuning aanwesig is. Die beklemtoning van kommunikasie-opleiding is op verskeie aannames gebaseer (Miller, Corrales en Wackman, 1975) insluitende dat egpaarlede effektiewe kommunikasievaardighede behoort aan te leer en kan aanleer. Verder kan gewenste, voortdurende vormende veranderinge deur oefening en terugvoer aangebring word in 'n ondersteunende eksperimentele en ervaringsituasie, oordrag van leer na alledaagse situasies kan plaasvind en laastens kan sodanige pogings bydra tot die opbou van self- en egpaarwaardes asook verhoudingsbevrediging.

Heelwat verrykingsprogramme beklemtoon die bevrediging van effektiewe egpaarkommunikasiebehoeftes as sentraal tot verdere diverse inhoudelikhede (L'Abate, 1977a; Mace en Mace, 1974, 1975 en Otto, 1976). Die meerderheid van sulke programme berus op die kommunikasieteorie van Berne (1964, 1968), Gordon (1970), Miller, Nunnally en Wackman (1975a, 1976b), Satir (1964, 1975 en 1976) en Watzlawick, Beavin en Jackson (1967).

Volgens Mace en Mace (1977) en Regula (1975) vorm kommunikasie die kern van verryking. Dit behels meer spesifiek die volledige mededeling van emosies, kognisies, wense, behoeftes en voornemens in die huweliksverhouding, wat met behulp van 'n leerproses intensioneel geassimileer kan word. Hierdie dialoogentiteite word in sommige programme in afsonderlike egpaarverband geakkommodeer, terwyl ander programme egpaarkommunikasie in groepverband as sinvol beskou (Mace en Mace, 1976a). Egan (1970) beskou menslike uitdrukking in totaliteit in egpaarverband as 'n vooropgestelde verrykingsdoelwit te wees. Dit impliseer dat verryking met betrekking tot kommunikasie daarna behoort te streef om wedersydse volledige uitdrukking te laat geskied op kognitiewe en affektiewe vlak. 'n Verdere kommunikatiewe verbandhoudende verrykingsdoelwit wat deur Hof en Miller (1981) omskryf word, behels die noodsaaklikheid van wedersydse ondersteunende gedrag wat slegs in 'n fasiliterende groei-atmosfeer sal kan geskied.

Wat die skepping van groei-omstandighede betref, beklemtoon Egan (1970) en Lief (1977) totale luistergedrag as basiese aanvangskomponent. Egan (1970) brei hierop uit deur elemente van positiewe interaksie-ontplooiing te stipuleer. Hierdie komponente sluit in genoegsame warmte, onvoorwaardelike positiewe agting of nie-veroordelende aanvaarding, fisiese en psigiese beskikbaarheid, kongruente interaksies, vertroue in die self en ander, gepaste erkenning van die insette en gedrag van die ander, asook gepaste response daarop.

Totale menslike uitdrukking en ondersteunende gedrag word vanuit 'n ander hoek (Alexander, 1973; Collins, 1977; Epstein en Jackson, 1978; Jacobson en Martin, 1976; Olson, 1976 en Rappaport, 1976) as 'n integrale deel van effektiewe kommunikasie beskou. Dit is onderliggend aan huweliks-aanpassinge en -bevrediging, sowel as toenemende self-aanvaarding en aanvaarding van die ander.

Verrykingsprogramme verskil wat betref die mate waarin spesifieke vaardigheidsopleiding ten opsigte van kommunikasie aandag geniet. In programme van 'n meer diverse aard waar spesifieke vaardigheidsopleiding 'n mindere rol speel, word die inhoud en proses van meelewing gelykwaardig geag en word houdingsveranderinge in die verhouding hoog aangeskryf.

In opleidingsgeoriënteerde programme word daar gefokus op die ontwikkeling van stelle kommunikasievaardighede (Guerney, 1977; Miller, Nunnally en Wackman, 1976a). Deelnemende egpare ontvang leiding in die ontwikkeling van basiese vaardighede wat aangewend word in die ontwikkeling van ander huweliksareas en relevante sake. Sodanige programme behels eerlike, oop kommunikasie, die vermoë om gevoelens, behoeftes en gedagtes uit te druk, asook die vaardighede en gewilligheid om op 'n empatiese wyse te reageer. Navorsing deur Goldstein (1973), Jacobson en Martin (1976) en McLeish, Matheson en Park (1973) dui daarop dat 'n kombinasie van didaktiese, kognitiewe, ervarings- en modelleringstegnieke die mees effektiewe wyse is om nuwe kommunikasievaardighede aan egpare oor te dra en te versterk. Blootstelling van hierdie aard dien as waardevolle aanvulling tot deelname aan 'n meer algemene of onderwerp-georiënteerde verrykingsprogram (Guerney, 1977; Mace en Mace, 1976a).

Daar bestaan volgens Guerney (1977) en Miller, Nunnally en Wackman (1976b) heelwat oorvleueling tussen programme wat kommunikasietemas akkommodeer. Onderskeid kan wel getref

word op grond van klemverskille, insluitend die tipe opleiding wat betrokke is, die aard van die egpaarkommunikasievaardighede waarin opleiding plaasvind asook die mate van struktuur wat geïmplementeer word. Dit blyk dat voorstanders van hetsy die kommunikasiegesentreerde of meer algemene benaderings, daarin slaag om die onderskeie werkwyses met navorsingsresultate te verdedig.

Die klem op kommunikasie in die verrykingsproses het aandag geniet. Konfrontasie as deel van hierdie proses word voorts beskou.

2.3.4.4 Konfrontasie

Verrykingsprogramme vanuit die Gestaltperspektief inkorporeer, aldus Zinker en Leon (1976) wedersydse kritiek sowel as sterk interpersoonlike konfrontasie. Dit verteenwoordig egter 'n uitsondering op die reël, waar Mace en Mace (1974) en Otto (1976) daarop let dat druk en konfrontasie deur die meeste groepleiers buite rekening gelaat word.

Egan (1970) wys daarop dat verantwoordelike konfrontasie die gewenste uitwerking mag hê. Verantwoordelike konfrontasie behels dat die volgende aspekte deeglik vooraf deur die konfronteerder in ag geneem word: die motiewe van die konfrontasie; die potensiële impak op die gekonfronteerde op 'n gegewe oomblik; die behoeftes, sensitiwiteit en vermoëns van die konfronteerder sowel as die gekonfronteerde; asook dat konfrontasie slegs geskied indien daar 'n werklike behoefte bestaan om te werk tot kreatiewe verandering. Sentraal in verantwoordelike konfrontasie is 'n fasiliterende uitnodiging aan die ander om, indien van toepassing, sekere interaksionele gedragsaspekte te modifiseer met die doel om verhoudingsbetrokkenheid uit te bou.

In soverre dit verantwoordelike egpaarinteraksie aangaan, speel effektiewe probleemoplossing 'n onontbeerlike rol wat bydra tot die uiteindelike maksimalisering van toenemende

positiewe uitdrukkings. Die verantwoordelike probleemoplossingskomponente is noodsaaklik vir realistiese konflikbeskouings, ontwikkeling en die manifestasie van fasiliterende gedragsveranderingverwagtinge. Dit moet resulteer in die gewenste skepping van konflik en konfrontasie in positiewe ervaringe.

Opvolgend tot die beskouing van konflikhantering in die verrykingsproses, word die plek van selfonthulling uiteengesit.

2.3.4.5 Selfonthulling

Interpersoonlike en huweliksverhoudinge word op uiteenlopende wyses deur selfonthulling beïnvloed. Volgens Jourard (1964, 1971) het dit 'n toenemende bewustheid van die ware self tot gevolg, terwyl Jourard en Richman (1963) daarop wys dat die ontbloting van aspekte van die self 'n verdere wedersydse selfonthullingsreaksie tot gevolg het, onder die voorwaardelike omstandighede van vertroue en aanvaarding. Aanvullend hierby stel Gilbert (1976) dat selfonthulling en selfbeeld positief verwant is aan mekaar, en volgens Hof en Miller (1981), is selfonthulling vir die individu van waarde om ooreenkomste en verskille tussen eie persepsies en gevoelens en dié van die ander te onderskei. Dit mag ook huweliksmaats in staat stel om die aard van spesifieke behoeftes, verwagtinge en intensies, direk van mekaar te leer.

Volgens Luft (1969) mag interpersoonlike selfonthulling effektief en baie behulpsaam wees indien daar aan sekere kriteria voldoen word. Hierdie kriteria bepaal dat dit in 'n voortgaande verhouding behoort plaas te vind, resiprokaal behoort te geskied, verbygaande maar pertinent is, in relatiewe klein stappe moet figureer, dit deur die ander persoon in ag geneem moet word, dat slegs 'n matige risiko geskep word, dat selfonthulling toeneem gedurende 'n krisissituasie en laastens dat die ontblotingsinhoud wedersyds gedeel word. Verskeie studies (Derlega en Chaikin, 1975;

Egan, 1976; Gilbert, 1976; Jourard, 1964, 1971 en Luft, 1969) dui daarop dat selfonthulling die effektiefste geskied indien dit gepas, opreg, direk, eksplisiet en kongruent is, en wanneer daar 'n ewewig tussen kognitiewe en emosionele uitdrukking bestaan.

Wat moontlike negatiewe effekte van selfonthulling in die proses van verryking betref, mag 'n oorbeklemtoning van selfonthulling die potensiële waarde daarvan beperk. Dit gebeur veral wanneer besef word dat in moontlike dualistiese egpaarfunksionering, sekuriteitsbehoeftes 'n hoër prioriteit mag geniet as behoeftes aan verhoudingsdiepte. Gilbert (1976) waarsku teen die gevare verbonde aan sommige verrykingsprogramme, waar sommige egpare nie in staat is om in diepte ondersoeke en onthullings betreffende informasie, teleurstelling en konflik in die huweliksverhouding te hanteer nie.

Die verrykingsbeweging moedig egter nie onbeperkte selfonthulling aan nie, maar stel beperkinge daar in die mate wat dit positief en willekeurig is. Ondersteunende navorsing (Gilbert en Horenstein, 1975) suggereer dat die positiewe of negatiewe valensie van selfonthulling belangriker mag wees as die vlak van intimiteit wat bereik mag word. Gilbert (1976) en Cozby (1973) wys daarop dat oormatige onthulling bevrediging van die huweliksverhouding inhibeer.

Daar behoort in verrykingsprogramme wel voorsiening gemaak te word vir die uiteenlopende onthullingsbehoeftes met betrekking tot optimale egpaarinteraksiefunksionering. Derlega en Chaikin (1975), Egan (1970), Gilbert (1976), Jourard (1964, 1971) en Luft (1969) postuleer dat selfonthulling 'n sentrale beginsel verteenwoordig in die filosofie en proses van verryking.

Selfonthulling as verrykingselement het aandag geniet. Doelwitte in die proses van verryking word vervolgens beskou.

2.3.4.6 Doelwitte

Ball en Ball (1979) formuleer die doelwitte van 'n basiese verrykingservaring as volg: Eerstens, die voorsiening van 'n veilige atmosfeer waarin egpare genoegsame veiligheid en gemak ervaar, sodat eksplorasie en verdieping van die huweliksverhouding mag geskied. Tweedens, hulpverlening aan egpare ten opsigte van die aanleer van vaardighede om faktore wat hulle verhouding tot effektiewe kommunikasie en begrip blokkeer, te identifiseer. Ook van belang is hulpverlening aan egpare met betrekking tot die aanleer van kommunikasietegnieke en -houdings wat daartoe sal lei dat hulle verhoudings groei en verdiep, asook die voorsiening van geleenthede aan egpare om kennis en insig te verkry ten opsigte van aspekte wat hulle huweliksverhouding en geluk direk affekteer. 'n Verdere doelwit is die fasilitering van groei in egpare se vermoëns om positiewe en effektiewe onderlinge bevestiging te verskaf, met die wedersydse agting wat daarmee gepaard gaan, sowel as die aanleer van meer effektiewe probleemhanteringsmetodes. Laastens noem Ball en Ball (1979) die voorsiening en aanmoediging van geleenthede waartydens egpare individuele sowel as gesamentlike doelwitte kan stel en vir gesamentlike groei beplan.

In samehang met die doelwitte van die proses van verryking word die tersaaklike teikenpopulasie in oënskou geneem.

2.3.4.7 Teikenpopulasie

Die rasionaal van verrykingsprogramme sluit in die versterking en groei van die diadiese verhouding. Hierdie versterkende groei bou voort op reeds funksionele huweliksverhoudings, wat meebring dat die voorafevaluering van die verhouding en aanwending van keurings- of seleksietegnieke

vir potensiële deelnemers nie omvattend toegepas word nie. Deelnemers wat vrywillig aanmeld vir deelname, se egpaarverhoudings word as nie-disfunksioneel aanvaar (Clinebell, 1975; Hof en Miller, 1981; Hopkins en Hopkins, 1975; Koch en Koch, 1976; Mace en Mace, 1976a; Miller, 1975 en Otto, 1976).

In die afwesigheid van formele keuringsprosesse, beveel Hof en Miller (1981) aan dat verskillende faktore in die samestelling van 'n verrykingsprogram voorsiening mag maak vir die ondervanging van moontlike disfunksionele verhoudingselemente. Hierdie faktore behels 'n hoë mate van struktuur, 'n beperkte en goed omskryfde agenda, hoogs opgeleide en aktiewe leierskap, wat onderrig en ervaring in huweliks- en individuele berading en groepsdinamika veronderstel, 'n kleiner groepgrootte asook die gelyktydige beskikbaarstelling van krisisintervensieberading gedurende die programblootstelling, of die aanbieding van aanvullende gestruktureerde programme met 'n beperkte omvang, waarin aandag gegee word aan sake tangensieel tot die huweliksverrykingservaring.

Die formaat van programme waaraan sodanige teikenpopulasie blootgestel word, kom in die volgende afdeling onder bespreking.

2.3.4.8 Formaat

In soverre dit die formaat van verrykingsprogramme aangaan, kan daar 'n onderskeid getref word tussen intensiewe naweekprogramme en programme wat op 'n multiweekbasis aangebied word. Daar bestaan voordele eie aan elke formaat.

Multiweekprogramme het die voordeel dat deelnemende egpare blootgestel word aan 'n gespasieerde leerproses en voortdurende versterking in die tydperk van 'n aantal weke. Die uitvoering van tuiswerkopdragte tussen byeenkomste, en die vorming van vaardighede in die konteks van 'n voortgaande

ondersteuningsgroep impliseer volgens Mace en Mace (1974) 'n besondere leervasleggingsimpak. Tuiswerkopdragte kan volgens Schauble en Hill (1976) leeswerk en vaardigheidsoefeninge insluit, op positiewe affektiewe verhoudingsaspekte fokus, en dien as effektiewe versterkers vir die gedrag van elke huweliksmaat. Navorsing (L'Abate, 1977b; Paul en Paul, 1975 en Shelton en Ackerman, 1974) dui aan dat die gebruik van tuisopdragte positiewe effekte toon met betrekking tot huweliksverhoudinge.

In die algemeen kan multiweekprogramme geklassifiseer word as huweliksgroeigroepe of egpaarkommunikasie-opleidingsgroepe. Die programinhoud van huweliksgroeigroepe stem gewoonlik nouliks ooreen met dié van intensiewe naweekprogramme, en die mate van struktuur en tydsverloop mag ook wissel. Nadele wat met multiweekprogramme gepaard gaan, is die moontlike gebrek aan intensiteit, mindere kontinuïteit en die kontaminasie van die verrykingsproses weens die alledaagse roetines en verantwoordelikhede.

Intensiewe naweekprogramme beskik oor die voordeel dat deelname gepaard gaan met 'n saamwees as egpaar in 'n groeiatmosfeer wat deurlopende gesamentlike huweliksondersoek en fasilitering moontlik maak. Ondersteuning asook verhoogde leerveralgemening kan bewerkstellig word deur 'n opvolg- of ondersteuningsgroep na die aanvanklike ervaring (Mace en Mace, 1974). Hoogs-gestruktureerde egpaargroepsprogramme beperk die moontlike angstigheid aangaande openbare onthulling wat dikwels gepaard gaan met programme wat fokus op egpaareenhede. Egpaargesentreerde programme sluit volgens L'Abate (1977a), Luft (1969) en Yalom (1970) se aanduidings potensiële waardevolle waarnemings, terugvoer en ondersteuning uit. Dit spruit voort uit die teenwoordigheid van ander egpare, wat geredelik mag voorkom weens die verskillende vorme van modellering teenwoordig. 'n Onvoldoende gestruktureerde agenda mag die nalating van sekere huweliksinteraksie-kernelemente tot gevolg hê. Programme

met 'n intensiewe naweekformaat wissel in struktuurgraad en die mate van fokus op die egpaar.

Die formaat van verrykingsprogramme is bespreek. Verbandhoudend hiermee is die programleierskap wat vervolgens aandag sal geniet.

2.3.4.9 Programleierskap

Programleierskapstyle wissel van nie-deelnemende tot ten volle deelnemende leierskap (Mace, 1975a). Verrykingsprogramme word gelei deur persone met uiteenlopende agtergronde ten opsigte van professionele status, graad van opleiding en leierskapstyl. Dit sluit in: 'n individuele persoon van enige geslag wat opgelei is in die spesifieke model wat gebruik word (Guerney, 1977; Miller, Nunnally en Wackman, 1975b), 'n man-vrou leierskapspan, nie noodwendig 'n egpaar nie, wat opgelei is in die model wat aangewend word; 'n nie-professioneel opgeleide huwelikspaar, wat in konsultasie met 'n professionele persoon vanuit een van die helpende professies (Demarest, Sexton en Sexton, 1977) werk; 'n egpaar waarvan minstens een professioneel opgelei is (Smith en Smith, 1976) en nie-professioneel opgeleide egpare wat sonder konsulterende aksies optree (Hopkins, Hopkins, Mace en Mace, 1978). Die aard van sommige programme leen dit tot 'n verskeidenheid leierskapstyle.

Opvolgend tot programleierskap word faktore wat die proses van verryking fasiliteer in oënskou geneem.

2.3.4.10 Faktore wat verryking fasiliteer

Dit is volgens Otto (1976) moontlik om verskeie faktore wat bydra tot die fasilitering van die verrykingsproses te identifiseer. 'n Beter kwaliteit egpaarverhouding, gegrond op die meer vrylike uitdrukking van behoeftes, kan toegeskryf word aan verhoogde vlakke van egpaarkommunikasie. Dit is weens 'n verhoogde aantal demokratiese verhoudings

verwant aan die emansipasie van die vrou, en meer openlike kommunikasie aangaande seksualiteit. Daar bestaan ook 'n toenemende bewustheid by egpare betreffende die positiewe verbeteringsmoontlikhede van bestaande huwelike. Die menslike potensiaalbeweging het bygedra om 'n groeiende sosiale klimaat te skep waarin groepervaringe en programme aanvaarbaar is. Meer omvangryke segmente van die samelewing is bewus van bestaande huwelikshulpbehoewendheid, wat ook professionele persone se herkenning van die aanwesigheid van huwelike waarin ernstige probleme bestaan, insluit.

Aanvullend tot die beskouing van faktore wat verryking fasiliteer, geniet die weerstand teen verryking aandag.

2.3.4.11 Weerstand teen verryking

Op dieselfde wyse as wat die geïdentifiseerde faktore wat verryking fasiliteer bestaan, is daar uiteenlopende kragte wat verrykingsintervensie-effektiwiteit belemmer (Mace, 1976; Otto, 1976). In die eerste plek bestaan daar die neiging by individue om groei en verandering teen te staan ter wille van die behoud van die huidige intra- en interpersoonlike status quo. 'n Verdere faktor is die ontkenning van die bestaan van nie-optimale huweliksverhoudings. Waar huweliksprobleme onbevredigend opgelos word, het dit 'n subtiele ondermynende effek op die huwelik weens kulminerende kragte wat innerlike druk of onsekerheid tot gevolg het. 'n Reeds onstabiele egpaarverhouding mag 'n onwilligheid teweegbring om blootgestel te word aan programme wat verdere beklemtonende druk plaas op die huweliksdiade. Daar mag ook 'n verminderde gewilligheid tot groei voorkom, weens die verskynsel dat toenemende gemeenskapsituasieveranderinge algemene onsekerheidsvlakke verhoog.

Louw (1983c) se ervaringe dui daarop dat egpare wel bereid is om verrykingsessies by te woon indien hulle slegs 'n passiewe luisterrol vervul. Heelwat egpare ervaar dit as 'n bedreiging om self in die intieme egpaarverhouding die

bestaande huwelikskwaliteit te takseer. Die moontlike egogesentreerde benadering van manlike egpaarlede resulteer in 'n weerstand teen verryking weens die vermyding van openlike opbouende konfrontasie. Louw (1983c) brei verder uit deur te stel dat daar met die volgende weerstandsfaktore rekening gehou behoort te word: 'n vernuwingsvrees, vasgelegde interaksiepatrone, 'n onwilligheid om minder positiewe aspekte van die self in perspektief te beskou, privatisering, 'n onsekerheidsgevoel, onkunde en ongemotiveerdheid weens 'n gevoel van bedreiging en naturalisering.

Met hierdie bespreking van weerstand teen die proses van verryking, in samehang met aspekte soos faktore wat verryking fasiliteer, programleierskap, formaat, teikenpopulasie, doelwitte, selfonthulling, konfrontasie, die klem op kommunikasie asook positiewe beklemtoning, word die uiteensetting van die elemente van die proses van huweliksverryking voltooi. Die verskillende intervensieprosesse van verryking geniet aandag in die volgende afdeling.

2.3.5 Intervensieprosesse

Wat verrykingsprosesse betref, kan daar onderskei word tussen religieus-georiënteerde programme en ander. Religieusgeoriënteerde programme het gewoonlik 'n eklektiese karakter, terwyl ander verrykingsprogramme dikwels 'n enkele hoofteoretiese oriëntasie en/of tema beklemtoon. Die meerderheid van die aanvanklike ontwikkelingswerk in die veld van verryking het plaasgevind onder beskerming van verskeie religieuse organisasies.

Die aard van sommige religieuse en ander verrykingsprogramme geniet vervolgens aandag.

2.3.5.1 Religieuse verrykingsprogramme

Spesifieke religieus-georiënteerde programme wat aandag geniet, is die Kwakermodel, "Marriage encounter", "Christian

marriage enrichment retreat", "Marriage enrichment program", "Marriage communication lab" en huweliksverryking.

A. Die Kwakermodel

Hierdie program van die "Society of friends" fokus hoofsaaklik op deelname in kleingroepverband, waar programmering spontaan ontwikkel rondom die behoeftes en wense wat deur die teenwoordige egpare uitgespreek word. Heelwat diadiese kommunikasie vind plaas in die konteks van die kleingroep. Die primêre onderrigmetode is die modellering van gewenste interaksie deur die leieregpaar. Positiewe effekte sentreer rondom die effektiefbegeleide kleingroep, waar groeplede ondersteuning ervaar en leer by wyse van die waarneming van, en interaksie met ander egpaarlede, waar vaardigheidsmodellering ook plaasvind. Die spontaniteit in die hantering van bestaande relevante sake, na aanleiding van die huweliksfunksioneringsvlakke en verwagtinge van egpaarlede, verleen 'n aktualiteitsimpak aan hierdie program (Mace en Mace, 1975).

B. "Marriage encounter"

Hierdie Katolieke benadering tot verryking maak gebruik van 'n tegniek wat uit geskrewe diadiese kommunikasie bestaan. Egpare word aangemoedig om eerder gevoelens en idees as opinies neer te skryf. In 'n uiteensetting van die rasionaal van hierdie prosedure, postuleer Bosco (Otto, 1976) dat indien 'n egpaarlid verbaal kommunikeer, daar 'n beperkte vryheid bestaan met die oog op totale uitdrukking, deurdat daar 'n hindernis in die kommunikasieproses ontstaan. Terwyl die een huweliksmaat praat, luister die ander onvolledig deurdat 'n verdere respons reeds beplan word. Groepinteraksies word beperk deur die versterking van verkreë voordele en die groepsmoraal (Bosco, 1973; Otto, 1975, 1976).

C. "Christian marriage enrichment retreat"

Hierdie program wat deur die Baptiste ondersteun word, fokus op die pogings om Christelike waardes in huwelike te integreer. Die program behels onder meer die bespreking van prioriteite deur egpare, 'n fokus op verbale en nie-verbale kommuniksasievaardighede, onderrig en besprekings aangaande liefde, intimiteit en individualiteit (Cowley en Adams, 1976). Die gesinsbeeldboutegnieke van Satir (1976) word aangewend en geskrewe oefeninge word volgens Green (1976) as diagnostiese instrumente aangewend. Sowat tien egpare neem gewoonlik deel aan 'n intensiewe naweekprogram.

D. "Marriage enrichment program"

Hierdie program word deur die Gereformeerde Kerk in die V.S.A. gesteun. 'n Gepaste model vir die huwelik word aangedui as gefundeer te wees in 'n onderliggende "rasionele teologie" wat Christus se opoffering van Homself vir die kerk beklemtoon, waar die gewenste vlak van egpaarintimiteit gelyk gestel word aan Christus se liefde vir die kerk (VanderHaar en VanderHaar, 1976). Daar word klem gelê op ervaringsaspekte van die huweliksverhouding en ongestruktureerde ervaringe met die minimum kognitiewe insette. Verrykingsessies omvat onder meer die aanwending van liggaamsbewustheidstegnieke, nie-verbale oefeninge, filmmateriaal, Bybelstudie en oefeninge met boublokkies om simbolies verskillende sake aan te spreek. Die maksimum klem word geplaas op egpaarinteraksie met 'n minimum beklemtoning van groepinteraksie (Otto, 1976).

E. "Marriage enrichment lab"

Hierdie program vorm die tweede fase van die Gereformeerde Kerk se "Marriage enrichment program". Fase II is gegrond op Frankl (1967) se logoterapie, wat sentreer om die gedagte dat die mens vry is om eie houdings te selekteer en te vorm en eie betekenis te skep. Gedurende die verloop van groep-

sessies vind egpaarinteraksie geïsoleerd sowel as in groepverband plaas (Van Eck en Van Eck, 1976). Clinebell (1976) wys daarop dat die huwelik as 'n sisteem beskou word, waarin huweliksmaats in 'n strewe na intimiteit, behoeftes wedersyds uitdruk en daaroor onderhandel.

F. "Marriage communication lab"

Die "Church of the disciples of Christ" rugsteun hierdie program wat gebaseer is op die verrykingsprogram van die "Reformed Church of America", met 'n minder eksplisiet-religieuse dimensie. 'n Prosesgesentreerde gesonde model word nagevolg waardeur egpare ander egpare bystaan. Mace en Mace (1975) wys daarop dat hierdie formaat 'n byna leierlose verrykingsproses toelaat. Huweliksmaats word onderwerp aan 'n opvoedkundige ervaringsgroepproses waarin tiperende huweliksinteraksiegevolgtrekkings self gegenereer word na 'n oordenkingsperiode. 'n Aantal kognitiewe komponente word beklemtoon, insluitende die gebruik van poësie en boeke as opvoedkundige hulpmiddels, asook hoofsaaklik didaktiese insette aangaande konflik (Satir, 1972) en waardes (Simon, Howe en Kirschenbaum, 1972). 'n Afdeling aangaande seksualiteit word ook ingesluit, wat gebruik maak van Otto (1976) se "Love life development test" (Smith en Smith, 1976).

G. "Huweliksverryking"

Volgens Louw (1983c), stel huweliksverryking dit ten doel om 'n goeie huwelik opnuut te rig en om egpare die Skriftuurlike bestemmingsfunksie van die huwelik te laat ontdek, naamlik versoenende huweliksinteraksie. Huweliksverryking wys egpare op wat hulle via die geloof in Christus reeds in gemeenskap het, met die doel om dit deur middel van geloof te integreer in huweliksgroei. Sodanige geloofsgeoriënteerde waardesisteem inisieer 'n internaliseringsproses wat verandering ten opsigte van houdings en gesindhede bewerkstellig.

Fokuspunte van 'n verrykingsmodel volgens die versoeningsbeginsel behels die volgende: die betekenis van die Skrif vir die huwelik en die impak van 'n geloofsverbintenis voor God; die graad en kwaliteit van elke huweliksmaat se geloofsverhouding; selfkennis en insig van elkeen met betrekking tot potensiaal en gebreke; die gehalte en stand van die huwelik in die sosiale omgewing; die aspek van ontnugtering binne die bestaande verhouding; simptome van 'n geestelike egskeiding; faktore rondom sensitiewe areas van menslike bestaan wat die huweliksverhouding mag beïnvloed; 'n basiese vertrouensverhouding en graad van kommunikasie; die verband tussen egpaarverhoudings en gesinsverhoudinge, en laastens die inhoud en proses van verbale en nie-verbale huweliksinteraksie.

Die strategie vir huweliksverryking, volgens Louw (1983c), sluit die volgende opeenvolgende komponente in: 'n verrykingskontrak, kennismaking, huweliksfokus, agapeliefde, volwassenheid, kommunikasie, seksualiteit, nabyheid en intimiteit, en riglyne vir voortgaande verhoudingsverryking. Tegnieke wat in die toepassing van die strategie in intensiewe naweekverband of alternatiewelik in weekverband aangebied word, is didaktiese elemente, Bybelstudie, egpaar- en groepinteraksie.

2.3.5.2 Ander programme

Programme wat oorsigtelik beskou word, is "Preventive maintenance", "Gestalt marriage enrichment", "Positive partners", "More joy in your marriage program", "Marriage renewal retreat", "Pairing enrichment program", die ACME beweging, "Structured marriage enrichment program" en die "Creative marriage enrichment program".

A. "Preventive maintenance"

Onderliggend aan hierdie program is 'n sikliese model wat volgens Sherwood en Scherer (1975) die vorming en onderhoud

van verhoudinge met die verloop van tyd beskryf. Egpare leer om nuwe teoretiese konsepte op hulle huwelike toe te pas. Dit is gebaseer op die aanname dat konsepte egpare in staat stel om gedrag te rig. Konsepte wat ter sprake kom, is deling, onderhandeling, rolduidelikheid, stabiliteit en die betekenis van steurings en onderbrekings.

Alhoewel die klem van hierdie program kognitief van aard is, word effektiewe konsepte ook verreken. Verbondenheid word in direkte verwantskap gebring met rolduidelikheid. Die outeurs Sherwood en Scherer (1975) postuleer dat 'n punt in die verhouding bereik word waar 'n bewustheid van ongemak en 'n ervaring van gekneldheid ontstaan. 'n Ignorering van hierdie toestand deur die lede van die egpaar mag 'n eskalasie in probleme, konflik en ontwrigting na vore laat tree. Hierdie ontwrigting kan op drie wyses hanteer word, naamlik deur herhaalde onderhandeling van verwagtinge in die verhouding, deur premature versoening, of deur verhoudingsterminering. Knellings en meningsverskille word beskou as nuwe informasiebronne. Indien hierdie bronne onbenut gelaat word vir verandering deur herhaalde onderhandeling, geskied verwyderingsintensivering selfs tot die omvang van psigologiese egskeiding.

B. "Gestalt marriage enrichment"

Zinker en Leon (1976) postuleer dat hierdie program, getrou aan Gestaltbeginsels, prosesgeoriënteerd is. Om egpare by te staan in die fokus op interpersoonlike interaksieprosesse, word bewustheidstegnieke ingespan. Om voldoende terugvoer vir toekomstige verandering te verskaf, word daar gebruik gemaak van kritiek, ondersteuning, kreatiewe konflik en konfrontasie.

C. "Positive partners"

In hierdie huwelikskommunikasiekursus word elke huwelik as uniek beskou. Geen voorskriftelikhede vir 'n ideale huwelik

word daargestel nie. In 'n poging om die interhuweliks-taboe, wat egpare verhinder om hulle huwelike openlik met ander egpare te bespreek, te oorbrug, word 'n samestelling van egpaarinteraksie en groepontmoeting aangewend (Hayward, 1976).

D. "More joy in your marriage program"

Volgens Schmitt en Schmitt (1976) is hierdie program gebaseer op Rank (1945) se gedagte dat ervaringe op sigself herstel teweegbring, waarin insig op 'n emosionele vlak belangriker as kognitiewe insig blyk te wees. Die program bewerkstellig 'n vernuwingsproses, wat deur skeiding tot 'n eenheids-toestand beweeg. Die aanvanklike eenheidstoestand word te-weeggebring deur die wil om te groei en die vermyding van selfdegradering. Opvolgend tot selfbevestiging, keer die egpaarlid terug na 'n egpaareenheidsbelewenis, met die vermoë tot 'n diepere ontmoetingsvlak. In die konteks van 'n vooropgestelde doel van die huwelik as groei tot ver-vulling, volg huweliksvoldoendheid op die aangeleerde vermoë om tot 'n volwasse vergelyk te kom deur die paradoks van eenheid en skeiding.

In die verloop van die hernuwingsnaweekprogramme word daar aandag geskenk aan die identifisering van vier onderskeie huwelikstadia, wat deur Schmitt en Schmitt (1976) benoem word as ekstase, konflik, weer eens ekstase asook vryheid.

E. "Paring enrichment program"

Travis en Travis (1975a, 1975b) beskryf hierdie program as gebaseer te wees op die beginsels van selfaktualisering en interpersoonlike groei. Die program word aangebied as 'n groepervaring in egpaarverband. In totaal vind vyf sessies plaas wat behels bewustheid, opregtheid, wedersydse vryheid, wedersydse waardering en ondersteuning van individualiteit asook die aanmoediging van gewenste dinamika.

Hierdie aksiegeoriënteerde kommunikasie-ervaring betrek 'n kombinasie van egpaar- en beperkte groepbespreking, fantasie-ervaringe, opvoedkundige films, die verkenning van gevoelens en houdings, sensoriese bewustheidsoefeninge, kommunikasie-oefeninge, intieme ontmoetingsoefeninge, leiermodellering, rollespel en die bespreking van oefeninge. Sessies vind plaas in naweek- of weekverband en sluit die uitvoer van private aktiwiteite deur individuele egpare in.

F. Die ACME-beweging

Mace en Mace (1976a, 1976b) is die stigtersegpaar van die "Association of couples for marriage enrichment (ACME)", 'n nasionale organisasie wat saamgestel is uit egpare met die gesamentlike primêre doelwit om effektiewe ondersteuningstelsels te ontwikkel en te handhaaf met die oog op huweliksverryking. Die organisasiedoelwitte behels onder meer die aanmoediging en ondersteuning van huweliksmaats om huweliksgroei en -verryking, die bevordering en ondersteuning van kommunikasie-opleidingsdienste wat saamgestel is om huweliksfunksionaliteit te bevorder, asook om die publieke beeld van die huwelik te bevorder as 'n verhouding wat oor die potensiaal beskik om beide persoonlike groei en wedersydse vervulling te fasiliteer (Hopkins et al., 1978).

Die ACME-programme word in naweekverband aangebied waarin ervare egpare as deelnemende fasiliteerders eerder as leiers optree in die bespreking van onderwerpe wat deur deelnemende egpare geïnisieer word. Die naweekprogramme waaraan deelgeneem word, dien as die inisiasie van 'n voortdurende huweliksgroeiproses.

G. "Structured marriage enrichment program"

Hierdie didakties-gestruktureerde benadering maak volgens L'Abate (1977b) en L'Abate en Rupp (1981) van 'n aantal afsonderlike programme gebruik. Met vermeerderde selfdifferensiasie en 'n hoër kwaliteit gesinslewe by egpare die

grondliggende motief, word elke program ontwerp met die doel om effektiewe ekonomiese interpersoonlike hanteringstegnieke te akkommodeer. Verrykingsprogramme word met die oog op spesifieke doelwitte en/of situasies gekonstrueer in 'n poging om beide die affektiewe en kognitiewe lewensaspekte te kombineer.

Programme word aangebied vir goed-aangepaste en wanaangepaste egpare in voorafbeplande en gestruktureerde volgordes. Temas tipies aan programme behels konfronterende verandering, seksuele opheldering en kommunikasie, seksuele vervulling, kohabitasie, wisselwerking, huweliksonderhandeling, selfgelding en konflikhantering.

Die totale prosedure waardeur die program toegepas word, behels verskeie opeenvolgende stappe wat as volg daaruit sien: 'n aanvanklike kohesievormende struktuurgewende onderhoud; 'n psigometriese egpaarevaluering; verwysing na en onderwerping aan 'n spesifieke programpakket, en laastens 'n tweede evalueringsfase en aandagskenking aan vasleggings en veralgemening van leer. Elke spesifieke program bestaan uit sowat drie tot ses modules wat elk sowat vyf tot ses oefeninge bevat.

H. "Creative marriage enrichment program"

Hof en Miller (1981) stel dat hierdie program ontwerp is om leiding. te verskaf aan deelnemers om hulle huweliksverhouding te ervaar as voortdurend groeiend en herskeppend te wees. Die program is gebaseer op die aanname dat huweliksverhoudings onvermydelik dinamies van aard is. Hierdie verandering mag 'n positiewe groeikrag verteenwoordig by egpaarlede wat 'n gewilligheid vertoon om verantwoordelik as effektiewe veranderingsagente op te tree, deur die noodsaaklike vaardighede te ontwikkel en op 'n gedissiplineerde, toegewyde en geduldige wyse aan te wend. Wanneer hierdie aksies plaasvind in 'n atmosfeer van wedersydse empatie, vertroue, begrip en verwysingsgroepondersteuning, beskik eg-

pare oor die maksimum geleentheid om hulle lewens gesamentlik te verdiep en te verryk.

Hierdie program streef daarna om sodanige atmosfeer te skep en egpare met die geleenthede te voorsien om verhoudingsbevorderingsvaardighede aan te leer in areas soos kommunikasie, probleemhantering en intimiteit. Verdere aspekte wat in die verrykingsproses beklemtoon word, is die uitdrukking van gevoelens, behoeftes en wense; die identifisering, uitdrukking en bevestiging van individuele en huweliksterkpunte; die begryping van, en onderhandelinge aangaande geslagsrolle in die huwelik; die opbouende aanwending van konflik en die ontdekking van verskeie intimiteitsfeite.

Gesamentlike egpaarleweverryking deur middel van 'n self- en huweliksondersoekproses word verkry deur 'n verskeidenheid ervaringsoefeninge. Die verloop van die program word gebaseer op Schutz (1966, 1973 en 1978) se aanvaarding dat individue oor enkele basiese interpersoonlike behoeftes beskik wat manifesteer in verskeie vorme van gedrag en affek binne interpersoonlike verhoudinge. Hierdie drie basiese behoeftes is dié van insluiting, kontrole en affeksie.

Verskillende verrykingsprosesse, insluitende religieus-georiënteerde programme en ander programme, is in hierdie afdeling beskou. Vervolgens geniet die evaluering van die verrykingsproses aandag.

2.3.6 Evaluering

In soverre dit die evaluering van verryking aangaan, word bespreking gewy aan empiriese navoringsevaluering en algemene evaluering.

2.3.6.1 Empiriese navorsingsevaluering

Nadeau (1971) evalueer die effektiwiteit van die "Marital enrichment group" en bevind dat nie-verbale kommunikasie

beduidend verbeter en positiewe veranderinge plaasvind ten opsigte van egpaarlede se huweliksbelewenisse asook interaksie-effektiwiteitspatrone. Aansluitend hierby dui Bruder (1972) en Wittrup (1973) ook bevredigende resultate met betrekking tot die effek van verryking aan.

In 'n oorsig aangaande die effektiwiteit van verrykingsprogramme, merk Gurman en Kniskern (1977) op dat 'n aantal studies tot die gevolgtrekking kom dat verrykingsprogramme effektief blyk te wees. Hof en Miller (1981) voorsien ook 'n oorsig van verrykingseffektiwiteitsliteratuur, wat onder meer die "Minnesota couples communication program" en die "Conjugal relationship enhancement" dek. Hof en Miller (1981) bevind soortgelyke positiewe resultate as dié van Gurman en Kniskern (1977). Aansluitend hierby kan Ganahl (1981) se studie aangaande die effektiwiteit van die "Structured enrichment program" genoem word, waarin gunstige resultate verkry is aan die hand van kriteria soos huweliksbevrediging en -aanpassing.

Verdere verrykingsevalueringsaspekte is meer algemeen van aard.

2.3.6.2 Algemene evaluering

Hof, Epstein en Miller (1980) bevraagteken die kwaliteit van studies wat vir meetinstrumente eenduidig staatmaak op self-rapporteringsvraelyste, onvoldoende kontrolegroepe, die onvermoë om te differensieer waar dit kom by verskillende programinhoudelikhede met uiteenlopende funksies, asook die verlies aan konsensus in die omskrywing van praktykrelevante effekte.

Die data van sommige deeglik nagevorste programme dui op 'n oorwegend positiewe effektiwiteitspotensiaal, veral ten opsigte van kommunikasievaardighede. Die meerderheid verrykingsprogramme onderrig egpare in spesifieke vaardighede wat oënskynlik groeifasiliterend van aard is.

In enkele programme, primêr die religieus-georiënteerde programme, is dit nie duidelik wat onderliggend is aan konsepte wat aangewend word, soos die Godgegewe doel van die huwelik nie. Tekortkominge in ander programme behels ervaringoefeninge wat tekort skiet aan eksplisiet-gedefinieerde leerdoelwitte. Die konsep "verrykingseffekte" bly steeds ongedefinieerd. Beskikbare oënskynlik positiewe informasie aangaande resultate behoort versigtig geïnterpreteer te word. Daar is ook slegs 'n beperkte aantal opvolgstudies aangaande die langtermyneffekte van verryking uitgevoer. Die duursaamheid van verrykingsgeïnduseerde verandering behoort meerdere navorsingsblootstelling te geniet.

Die evaluering van verryking is in oënskou geneem. 'n Laaste aspek van verryking wat ter sprake kom, is 'n toekomsblik.

2.3.6.3 'n Toekomsblik

Otto (1976) bepleit die vermeerderde ontwikkeling, verfyning, eksperimentele evaluering en algemene toepassing van verrykingsprogramme wat 'n eklektiese karakter vertoon. Aldus Otto (1976) behoort aspekte soos kommunikasie, seksualiteit en die behoefte aan opvolginsette nie geïgnoreer te word nie.

In 'n oorsig aangaande die verrykingsbeweging, identifiseer Smith, Schoffner en Scott (1979) sentrale problematiese aangeleenthede in verband met huweliksverryking as 'n redelik nuwe toetrede tot die professionele Sielkunde. Probleemaangeleenthede behels die gedagte dat verryking 'n algehele kuur oor 'n breë front bied, die opleiding van nieprofessionele groepleiers, te hoë verwagtinge wat betref die subjektief aangename ervaring en aktualiteitspotensiaal wat aan verryking gekoppel word. L'Abate en McHenry (1983) doen 'n beroep op die perspektiefomskrywing van huweliksverrykingsaannames en spreek ook die kwessie van groepleierskapskwaliteit aan.

'n Verdere vraagstuk wat bespreek behoort te word, is of verrykingsinsette 'n stel waardes ondersteun wat verwant is aan die tradisionele idealistiese siening van die huweliksverhouding met gepaardgaande geslagsrolle en funksies al dan nie. Dit is dus noodsaaklik dat huweliksverryking voldoende gedefinieer, geïmplementeer en geëvalueer word om as lewensvatbare en professionele behandelingsmodaliteit te funksioneer.

Met hierdie toekomsblik, opvolgend tot die evaluering, intervensieprosesse, elemente van die proses van huweliksverryking, grondliggende beginsels en die agtergrond en ontwikkeling, word die bespreking van verryking as 'n metode van opvoedkundige, voorkomende en interpersoonlike vaardigheidsopleiding afgehandel.

'n Volgende metode, wat aanvullend tot verryking aandag geniet, is 'n verdere voorkomende interpersoonlike vaardigheidsopleidingsmetode, naamlik kommunikasie-opleiding. Aspekte van kommunikasie-opleiding wat van belang geag word, is die agtergrond en ontwikkeling, grondliggende beginsels, intervensieprosesse en 'n evaluering van kommunikasie-opleiding.

2.4 VOORKOMENDE INTERPERSOONLIKE VAARDIGHEIDSOPLEIDINGSMETODES : KOMMUNIKASIE-OPLEIDING

2.4.1 Inleiding

Die basiese veronderstelling van hierdie benadering is dat probleme setel in die voortgaande gedrag en interaksie tussen persone in sommige sisteme of sosiale verhoudinge soos die huwelik. In hierdie verband is die volgende vrae wat deur Watzlawick, Weakland en Fish (1974) geformuleer word ten opsigte van hantering van belang, naamlik: wat geskied tans op watter wyse, duur die toestand voort wanneer uiteenlopende menslike behoeftes en persepsies ter sprake kom, en hoe kan die sisteemfunksionering ten goede verbeter

word met 'n bewustheid dat geen enkelvoudige oplossing permanente kwaliteite bied nie? Uit hierdie vrae figureer die logiese uitvloeisel dat bestuderings- en hanteringsfokus geplaas behoort te word op beide verbale en nie-verbale egpaarkommunikasiepatrone, asook die betekeniswaarde van hierdie patrone om gevolglik openlik te manifesteer.

Twee latere toevoegings tot die benadering van kommunikasiehanterings sluit duideliker sentrale idees in, naamlik dat spesifiek uiteenlopende gedragsvorme die primêre funksie verteenwoordig van kommunikatiewe interaksie in 'n sosiale sisteem, asook dat probleme uit ongewenste gedrag bestaan. Die hanteringskern kristalliseer dus uit as die verandering van kommunikasiepatrone wat bydra tot die onderhoud van probleemgedrag. Aanvullend tot die algemene aanvaarding van die kommunikasiebenadering deur huweliks-werkers, is die ontwikkeling en opkoms van gestruktureerde kommunikasie-opleidingsprogramme.

Die kommunikasiebenadering van opleidingsprogramme het ontwikkel tot een van die wydste aanvaarde teoretiese en praktiese oriëntasies in die veld van huweliksberading. Egpare word aangemoedig om suksesvol te onderhandel oor verskille, nuwe idees te genereer en interaksiepatrone te wysig op grond van nuwe of veranderde informasie. Daar word ook gepoog om egpare se vermoëns te ontwikkel om aktief na mekaar te luister, veranderde insette na waarde te ag, en namens die self te praat en gevoelens te deel. Kommunikasie-opleidingsprogramme gee aandag aan spesifieke egpaarprobleme en inhoude kenmerkend aan 'n opvoedkundig-voorkomende model.

Die agtergrond en ontwikkeling van kommunikasie-opleiding geniet vervolgens aandag.

2.4.2 Agtergrond en ontwikkeling

Die ontwikkeling van die kommunikasieteorie kan teruggevoer word na die kommunikasiestudies van Bateson, Jackson, Haley en Weakland (1956) wat tot die formulering van die dubbelbindingsteorie gelei het. Komponente van sodanige kommunikasiesituasies behels twee of meer persone, behaalde ervaringe, 'n primêr negatiewe opdrag/boodskap, 'n sekondêr konflikterende abstrakte opdrag/boodskap asook 'n gesamentlike tersiêre opdrag/boodskap wat dit vir die ontvanger onmoontlik maak om uit die situasie te ontsnap. Bateson et al. (1956) beklemtoon die ongewenstheid van die aard en voortdurende blootstelling aan die dubbelbindingsituasie.

Die interaksionele aard en impak van kommunikasie op die vorming en die onderhoud van gedrag is ook deur andere beskou. Satir (1964) postuleer dat interaksionele gedrag die produk van beide individuele egpaarlidinsette is. Sodanige gedrag mag begryp word indien dit op duidelike veronderstellings berus. Alle kommunikasie het betekenis en vervul 'n funksie. Hierdie funksie mag verskillende vorme aanneem, insluitende modifiserend, informatief, realiteitstoetsend en/of behoeftebevredigend vir selfuitdrukking. Grinker (1967, p. 200) se stellings vind aansluiting hierby, deurdat hy stel dat "Each has an effect on the other that is specific to the situation in which they exist. One acts on the other, whose respons in turn feeds back on the first. The process is cyclical: The setting of the system in which the transacting persons of foci exist determines and is determined by the process of going on ..."

Watzlawick, Beavin en Jackson (1967) voeg by dat dit onmoontlik is om nie te kommunikeer nie, wat voortdurende informasie-oordraging en gedragsvoorskrywing insluit. Gedragsvoorskrywing behels onder andere verhoudingskommentaar wat as bevestigend, verwerpend of afkeurend geïnterpreteer kan word. Die konsep van reëls wat Haley (1971) in hierdie verband voorstel, impliseer dat egpare implisiete en

eksplisiete reëls formuleer om die verhouding te reguleer. Deurdat hierdie reëls egpaarkommunikasie beheer, mag dit interpersoonlike probleme onderhou. Dit is veral die geval indien daar 'n magstryd om rolformulerings bestaan wat probleemsimptome as gevolg van onversoenbare verhoudingsomskrywings laat figureer. Berne (1964) konseptualiseer as die resultaat van hierdie gekruiste transaksies die niekomplimentêre ego-stadia. Watzlawick, Weakland en Fisch (1974) beklemtoon die interaksiesisteemaard van die huweliksdiade wat impliseer dat beide egpaarlede in dilemmas betrek word. Omdat die oplossing van die probleem primêr 'n verandering in probleemoplossingsgedrag vereis, is die hier-en-nou kommunikasie-interaksie benadering van toepassing.

Die agtergrond en ontwikkeling van kommunikasie het aandag geniet. Die beginsels grondliggend aan hierdie huweliksintervensievorm word nou beskou.

2.4.3 Grondliggende beginsels

Die kommunikasiebenadering skryf verhoudingsproblematiek toe aan oneffektiewe kommunikasiepatrone, wat ook die veranderingsmikpunt word in die hanteringsproses. Hierdie sisteembenadering wentel om die wedersydse aksies en reaksies van die voortdurende verwantskap. Dit behels onder meer 'n probleembeskouing in terme van kommunikasieboodskappe aangaande die huweliksverhouding, foutiewe voorafgaande pogings tot verandering of verkeerde probleemdefiniëring. Hierdie raamwerk beklemtoon die hantering van gespesifiseerde probleme, die opheldering van gepoogde oplossings, die herdefiniëring van probleme, die herkenning van wedersydse bydraes tot die probleem, die spesifisering van individuele wense en behoeftes in die verhouding, toenemende aanvullende wederkerigheid, 'n afname in blamering en dwang, en die herkenning en modifikasie van kommunikasiepatrone en -reëls. Aanpassingsintervensies van hierdie aspekte word in gestruktureerde programme aangewend.

Spesifiek gestruktureerde kommunikasie-opleidingsprogramme word vervolgens beskou.

Kommunikasie-opleidingsprogramme wat in hierdie afdeling bespreek word, is "Systematic helping skills program", "Marital effectiveness", "Communications training", "Minnesota couples communication program", "Marital communications and decision-making" en "Couples communication and negotiation skills".

2.4.4 Intervensieprosesse

2.4.4.1 "Systematic helping skills program"

Pierce (1973) beskryf die aanwending van Carkhuff (1969a, 1969b) se sistematiese hulpverleningsvaardighede in problematiese huwelike. Hierdie metode van interpersoonlike vaardigheidsopleiding streef na 'n integrasie van kognitiewe en gedragsbenaderings om die eksplorasie en die begrip van die self en die ander te kombineer met die aksiedoelwitte en sistematiese metodologie van die gedragsterapeute. Daar is ook 'n duidelike integrasiepoging aanwesig rondom die didaktiese en ervaringsbronne van leer.

Twee stelle vaardighede word in hierdie program onderrig. Hierdie vaardighede is in die eerste plek die responsiewe vaardighede van empatiese begrip, positiewe agting, asook konkrete en spesifieke uitdrukking. Dit kulmineer tot responderingsdimensies op die ander se verwysingsraamwerk. Tweedens volg inisiatief en aksie-georiënteerde vaardighede, insluitende fasiliterende empatie, konfrontasie, interpretasies en onmiddellikheid.

"The art of helping" (Carkhuff, 1973a) dien as die teks van hierdie program.

2.4.4.2 "Marital Effectiveness"

Hierdie program van Gordon (1976) is gesetel in Rogers (1959) se non-direktiewe terapeutiese benadering. Die basiese beginsels van Gordon (1976) se benadering setel in konsepte soos toewyding, uniekheid, onafhanklike interafhanklikheid, aanvaarding, respek, vryheid, fasilitering, openlikheid, eerlikheid, behoeftebevrediging, sensitiwiteit en aktualisering.

Inkonsekwentheid, aarseling en inkongruensie word as die hoofknelpunte tot kreatiewe huweliksverhoudinge beskou, wat losstaande van persoonlikheid beskou word as veranderbare werkverrigting. Die mees konstruktiewe effektiwiteitsaspekte word beskryf as aktiewe luister, gepersonaliseerde "ek-boodskappe" en die "geen verlies"-metode van onderhandeling waarin openlike selfonthullende interaksietegnieke, fasiliterende houdings en vertroue 'n sentrale rol speel. Die toepassing van hierdie aspekte lê die grondslag vir moontlike veranderinge en oplossings in die egpaarinteraksie en -milieu. Aktiwiteitsoplossings word gevind deur middel van vereenvoudiging, beperking, uitbreiding of substitusie, wat tot bevrediging van beide huweliksmaats geskied.

Hantering van spesifieke problematiek geskied met behulp van soortgelyke stappe betrokke in die probleemoplossingsproses deur Thomas (1977) beskryf. Hierdie intervensiebenadering beklemtoon dat huweliksmaats soos volwassenes kan en behoort te reageer in onderhandelings en konfronterende vraagstukke.

2.4.4.3 "Communications training"

Gottman, Notarius, Gonso en Markham (1976a) se program het 'n empiriese oriëntasie as filosofiese basis. Gottman et al. (1976a) poog om op 'n sistematiese wyse te beskryf in watter opsigte funksionele egpare beduidend verskil van

disfunksionele egpare in die persepsie van interaksie-prosesse en die oplossing van huwelikskonflikte.

Die gevolg van hierdie benadering tot egpaarinteraksie is 'n bankrekeningsmodel wat as volg deur Gottman et al. (1976a, p. xviii) beskryf word: "Positive codes or 'deposits' must exceed negative codes or 'withdrawals'. Perhaps it is precisely this lack of contingency on positive interaction that characterizes satisfying and stable nondistressing marriages ... in the interactions in this book we stress the concept that behavior change be 'unlatched' or 'not contingent'."

In die bespreking van die gedragsuitruilingsteorie soos beskryf deur Thibaut en Kelley (1959) asook Gergen (1969), kom Gottman Notarius, Markman, Bank, Yoppi en Rubin (1976) tot die gevolgtrekking dat probleemegpare se gedrag moontlik minder positief gekodeer is as wat die bedoeling is en wat deur 'n verdere studie (Gottman et al., 1976) bevestig word.

Die inhoud van hierdie program word voorgestel in "A couples guide to communication". Hierdie gids is gemik op individuele egpaargebruik, alhoewel die program ook in groepformaat toegepas mag word. Die sentrale tema behels dat terapeutiese intervensies ontsluit word of nie-kontingent is op die gedrag van die huweliksmaat, deurdat kontingensie weerstand teen verandering teweegbring.

Effektiewe kommunikasievaardighede word beskryf aan die hand van vyf duidelike uiteengesette vaardighede, te wete luister en bevestiging, "levelling", redigering, ooreenstemmingsonderhandeling en verskuilde agendas. Bykomende komponente wat aandag geniet, behels die oplossing van seksuele probleme, die uitbou van bevredigende huweliksaspekte, krisishantering en die uitkoms van die ongewenste huwelik.

2.4.4.4 "Minnesota couples communication program"

Hierdie program word volledig uiteengesit in "Alive and aware" wat saamgestel is deur Miller, Nunnally en Wackman (1975a).

Die hoofveronderstellings onderliggend aan hierdie program is eerstens die belangrikheid van die ontwikkeling van interpersoonlike uitnemendheid om verandering te skep en te akkommodeer en die huweliksverhouding lewenskragtig te hou met die verloop van tyd (Foote en Cottrel, 1955). Tweedens dien die betrokkenheid daarby om egpare toe te rus met interpersoonlike vermoë om eie huweliksrolle te skep, eerder as onderrig in korrekte huweliksgedrag.

Die teoretiese raamwerk vir die program word deur die sisteem en kommunikasieteorie verskaf. Miller, Nunnally en Wackman (1975b) voorsien die volgende verbandhoudende konsepte, naamlik bewustheid, reëls, metakommunikasie, onthulling en ontvanklikheid (Hill, 1968; Jourard, 1971), vaardighede, selfbeeldbou (Sorrells en Ford, 1969) en stres-kommunikasiepatrone (Satir, 1964).

Miller, Nunnally en Wackman (1975b, p. 63) konseptualiseer 'n simmetriese sisteem as die ideale diadiese verhoudingstruktuur: "Positive symmetry in husband-wife input regarding significant interaction characteristics contributes to marital satisfaction and to the vigor and growth of the marital system." Navorsingsbevindinge wat hierdie uitgangspunt ondersteun is dié van Boszormeny-Nagy en Spark, 1973; Lu, 1952 en Miller, Corrales en Wackman, 1975).

Die doelwitte van hierdie program behels eerstens die vermeerdering van egpaarvermoëns om eie diadiese prosesse in oënskou te neem en te voorspel. Hierdie doelwit word nagestreef deur verhoogde wedersydse intra- en interpersoonlike verhoudings en reëlbewustheid. Die tweede doelwit behels die uitbouing van egpaarvermoëns betreffende duide-

like, direkte, oop metakommunikasie. Sentraal tot hierdie doelwitte is die fasilitering van egpare se algemene perspektiewe en vaardighede ten opsigte van die monitor en verandering van huweliksinteraksiepatrone verwant aan ontwikkelingskwessies op 'n vrywillige basis.

Soos dimensies onderliggend aan hierdie program, is 'n opvoedkundige ontwikkkelingsoriëntasie, fokus op die sisteem, 'n vaardigheidsoriëntasie, die voorstelling van 'n konseptuele raamwerk, vrywilligheid en deelnemerskeuses en die groepkonteks as 'n leerervaringsmilieu.

2.4.4.5 "Marital communications and decision-making"

Thomas (1977) se gedragsgebaseerde program definieer verbale gedrag as 'n operant onder beheer van die betrokke kontingente en 'n stimulus vir toekomstige interaksies wat die tweeledige funksie vervul van die stuur van boodskappe en gedragsleiding.

Agt basiese intervensiestappe is die invul van 'n vraelys aangaande probleemareas, die selektering en kontraktering van teikengedrag, verbintenis tot samewerking, responsspesifikasie en identifisering van waarskynlike probleembronne, bepaling van gedrags- en omgewingsbronne, spesifikasie van gedragsdoelwitte en die herbepaling van die teikengedragkontrak. Hierdie modifikasieprogram bestaan uit vier stappe, naamlik formulering, implementering, die monitor van uitkoms, en die versterking van verandering. Verskeie beginsels word voorgestel wat in hierdie proses in ag geneem behoort te word, byvoorbeeld deeglike spesifieke en stapsgewyse beplanning, gelykwaardige betrokkenheid, omgewingsinvloede en intervensies op verbale en nie-verbale gedragsvlakke.

Verskeie stelle reëls word as riglyne geformuleer ten opsigte van die volgende prosesse: korrektiewe terugvoer en instruksie waarby beide egpaarlede betrek word, die uit-

ruilingsisteem tussen huweliksmaats en kritiese huweliks-besluitnemingsaktiwiteite.

2.4.4.6 "Couples communication and negotiating skills"

Garland (1978, 1981) het hierdie program ontwikkel wat handel oor die onderrig van veranderde oop, groeiende verbale egpaarkommunikasiesisteme. Die teoretiese raamwerk van hierdie program setel in Lewis, Beavers, Gosset en Phillips (1976) se beskrywing van kenmerke van gesonde gesinne wat wedersydse respek, openlike en spontane kommunikasie insluit.

Die twee oorkoepelende opvoedkundige doelwitte van hierdie program betrek didaktiese insette aangaande huweliks-kommunikasie en die analisering, insig en begrip ten opsigte van effektiewe individuele en egpaarkommunikasie en onder-handelingsvaardighede. Kommunikasievaardighede sluit in hierdie geval veral luister- en onderhandelingsvaardighede in.

In vergelyking met ander kommunikasie-opleidingsprogramme is die program van Garland (1978, 1981) primêr ontwerp vir jonger egpare in 'n gestruktureerde omgewing. Die vaardighede en konsepte ter sprake is soortgelyk aan die wat in ander programme voorgestel word maar met 'n meerdere kognitiewe beklemtoning. Hierdie program waarin onder meer kreatiewe ervaringsleeroefeninge aangebied word, beskik ook oor 'n mindere mate van 'n formele struktuur as wat die geval is met ander kommunikasieprogramme.

Verskillende intervensieprosesse van kommunikasie-opleiding het aandag geniet. Die effektiwiteit van die prosesse van hierdie benadering tot huweliksintervensie word in oënskou geneem.

2.4.5 Evaluering

In die eksperimentele evaluering van die "Systematic helping skills program" van Carkhuff word die volgende hipotese ten opsigte van die program bevestig, naamlik dat opleiding 'n beduidende verhoging van die vlak van konstruktiewe kommunikasie tussen egpare in problematiese huwelike teweegbring. Groepe wat opleiding ondergaan het, het oor beduidend beter kommunikasie beskik (Pierce, 1973). Schauble en Hill (1976) volg hierdie studie op deur in groter detail uit te brei op die toepassingseffektiwiteit van hierdie program.

Wat die "Minnesota couples communication program" (Miller, Nunnally en Wackman, 1976a) betref, word agt voltooide evalueringstudies (Brown, 1976; Campbell, 1974; Dillon, 1976; Miller, 1971; Nunnally, 1971; Schwager en Conrad, 1974; Thielen, Hubner en Schmook, 1976 en Zimmerman en Bailey, 1977) in die instruksiehandleiding aangehaal. Hierdie studies dui op 'n toenemende gebruik van kommunikasievaardighede na deelname aan die program. Die meting van nie-kommunikatiewe effekte dui op oorwegend positiewe resultate wat betref aanvaarding van die self en die huweliksmaat, selfwaarde en geslagsrolstereotipering asook langtermyn huweliksbevrediging. Wampler (1982, p. 352) verskaf 'n oorsig van uitkomsstudies aangaande hierdie program en kom tot die gevolgtrekking dat "CCP appears to produce immediate positive changes and in communication behavior and relationship satisfaction with improvement in these areas maintained after the immediate impact of the program has passed." Brock en Joanning (1980) en Witken (1977) dui ook op positiewe resultate.

Waar "Marital communications and decision-making" (Thomas, 1977) min ruimte laat vir afwyking vanaf die voorgestelde prosedure en moontlik oormatig staatmaak op voorgeskrewe stappe en reëls, bestaan daar tans geen eksperimentele navorsingsdata oor die effektiwiteit daarvan nie.

Weens die gemeenskaplike onderliggende humanistiese hanteringsfilosofie en kommunikasieteorie wissel die verskillende kommunikasie-intervensiestrategieë in struktuur, maar verskil relatief min wat die inhoud betref. Voordele eie aan hierdie programme is 'n gestruktureerde formaat wat leiersopleiding vergemaklik, 'n groepformaat wat die beskikbaarheid en effektiwiteit van dienslewering verhoog, asook die positiewe humanistiese beskouing wat huweliksinteraksie op 'n meer gelyke basis moontlik maak. Kommunikasieopleidingseffekte in die huwelik dui daarop dat sosiale vaardigheidsopleidingsprogramme effektief in die huwelik ontwikkel en geëvalueer kan word deur 'n opvoedkundig voorkomende benadering. Huweliksmaats is ook in die breë daartoe in staat om 'n wye verskeidenheid sosiale vaardighede aan te leer wat hulle suksesvol kan toepas in die verhoudinge met beduidende ander. Laastens lei die verryking van vaardighede tot toenemende huweliksverhoudingsaanpassing en -bevestiging.

Ten spyte daarvan dat programme van kommunikasievaardigheidsopleiding vir egpare potensieel effektief blyk te wees, word verdere empiriese data vereis om die huidige staat en impak van hierdie benadering te bepaal en verdere rigtinggewing te verskaf. Kommunikasie-opleidingsprogramme is tans primêr 'n filosofie en beweging weens die gebrek aan ondersteunende empiriese data. Ontwikkelinge van hierdie stand van sake sal deur die verdere integrasie van teorie, oefening en navorsing gedikteer word.

Met hierdie evaluering, aanvullend tot intervensieprosesse, grondliggende beginsels en die agtergrond en ontwikkeling, word die bespreking van kommunikasie-opleiding as huweliksintervensie voltooi.

In die bespreking van beide verryking en kommunikasie-opleiding as voorkomende interpersoonlike vaardigheidsopleidingsmetodes, is die behoefte aan verdere ontwikkelingsprosesse, dus ook integrerende verfyningsprosesse

uitgespreek, maar lewer wel 'n waardevolle bydrae tot die beskouing van die oplossing van die problematiek van hierdie studie.

Komponente van hierdie benaderings sou kon ressorteer onder die huidige uiteenlopende maar verwante dominante teoretiese benaderings tot huweliksintervensies, naamlik kommunikasie-teorie, algemene sisteemteorie, gedragsteorie en die opvoedkundige model. Raakpunte tussen hierdie teorieë beklemtoon die belangrikheid van verbale en nie-verbale kommunikasie en gedragsinteraksie waaroor overt of kovert onderhandel word, en die kwaliteit van die diadiese verhouding verhoog kan word deur suksesvolle onderhandeling tot voldoende wedersydse behoeftebevrediging.

Daar bestaan steeds 'n dringende behoefte aan gekontroleerde ondersoeke na die effektiwiteit van huweliksintervensies vanuit verskillende teoretiese oriëntasies, soos reeds deur Gurman in 1978 geïdentifiseer is. Die sintese, ontwikkeling en evaluering van die inherente verbandhoudende sterkpunte van komponente van verskillende huweliksintervensies, (onder meer groepwerk as 'n aanverwante sentrale toepassingskomponent) behoort te geskied. Die aanwending van sodanige elemente in 'n huweliksverrykingsprogram, mag 'n waardevolle bydrae lewer. Deur die sistematiese evaluering van behandelingseffekte kan toekomstige praktykaanpassings ook gerigte groei in die teoretiese ontwikkelingsproses van hierdie kenniskader van die Sielkunde teweegbring.

In die bespreking van die agtergrond tot die probleem-oplossing van hierdie studie by wyse van egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies, is daar in hoofsaak gekyk na huweliksintervensies en voorkomende interpersoonlike vaardigheidsopleidingsmetodes. Die oorheersende gemeenskaplike prosesmatige entiteit van laasgenoemde intervensiemetodes is die wyse van groepsaanbieding. Hierdie aspek van groepwerk noodsaak intensiewe ondersoek.

2.5 SAMEVATTING


Inleidend tot hierdie hoofstuk, met inagneming van die doelstellings van hierdie studie, is 'n aantal stellings omskryf wat as volg daar uitsien: daar bestaan toepaslike egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies; sommige sodanige intervensieprosesse blyk effektiefgewys meer van pas te wees, en daar bestaan 'n gemeenskaplike onderliggende intervensiestrategie-aanbiedingseffektiwiteitsproses.

Die eerste twee stellings het besprekings aangaande die volgende ontlok: in die beskrywing van huweliksintervensies is daar gekyk na aspekte soos die agtergrond en ontwikkeling, die belangrikheid asook die huidige status van huweliksintervensies. 'n Tweede hooftema onder bespreking was opvoedkundig voorkomende interpersoonlike vaardigheidsopleidingsmetodes. Opleidingsmetodes wat beskryf is, behels verryking en kommunikasie-opleiding, waarin daar ten opsigte van elke intervensieprosedure 'n uiteensetting verskaf is van die agtergrond en ontwikkeling, grondliggende beginsels, intervensieprosesse, 'n evaluering en 'n toekomsblik.

Die behoefte aan integrasie en die identifisering asook uitbreidings op sentrale egpaarinteraksie-intervensie-effektiwiteitsprosesse wat uit die spektrum evaluerings en toekomsbeskouings figureer, sluit nou aan by die voorafgaande stelling aangaande gemeenskaplike aanbiedingseffektiwiteitsprosesse, deurdat beide fokus op die aard en karakter van groepwerk.

Groepwerk as 'n belangrike komponent word in die volgende en laaste hoofstuk (3) van hierdie afdeling II aangaande die agtergrond van die probleem beskryf.

AFDELING II : AGTERGROND TOT DIE PROBLEEM



HOOFSTUK 3

'N PRAKTYKGEORIËNTEERDE AGTERGROND TOT DIE PROBLEEM : EGPAARINTERAKSIE-INTERVENSIETOEPASSING IN GROEPVERBAND

3.1 INLEIDING

Gedurende die probleemidentifikasie van hierdie studie (afdeling I), is 'n aanvanklike doelstelling van hierdie studie geformuleer wat 'n behoefte aksentueer aangaande 'n teoretiese verkenning en voorstelling ten opsigte van egpaarinteraksie-ontwikkeling. In hoofstuk 1 van hierdie afdeling (II) aangaande die probleemagtergrond, word hierdie doelstelling aangespreek in 'n ontwikkelingsperspektief, terwyl daar aan die hand van wisselende, onvoldoende huweliksbevredigingspatrone 'n praktykintervensiebehoefte met betrekking tot egpaarinteraksie-ontwikkeling geïdentifiseer word.

'n Tweede geformuleerde doelstelling wat (met die eerste saamhang ten opsigte van die probleemagtergrondafdelingstema) ter sprake kom, behels 'n praktykgeoriënteerde bepaling met betrekking tot egpaarontwikkelingsintervensies en -toepassing. Die intervensie-aspek van egpaarontwikkelingsinteraksie word uiteengesit in hoofstuk 2 (afdeling II). Uit hierdie uiteensetting is dit duidelik dat groepwerk die sentrale effektiwiteitselement is van die toepassing van egpaarinteraksie-intervensie. Dit sluit terselfdertyd aan by die toepassingsaspek en doelstelling van egpaarontwikkeling. In reaksie tot laasgenoemde gedagtes postuleer L'Abate en McHenry (1983) dat die gemeenskaplikhede van huweliksinteraksie-intervensies in ontwikkelingsverband geleë is in voorkomende vaardigheidsmetodes wat in groepwerk setel.

Wat die groepverskynsel betref, maak Slavson (1963, p. 7) die volgende stelling: "As a social phenomenon, grouping is not an intention or discovery of man, but has its roots in nature ... because of his frailty, they are particularly important to man. They are also essential to man's psychological and spiritual life. Man consciously uses groups for enhancement of personality and for social survival." Williamson (1982) wys daarop dat groepe vooropgestel staan, deurdat daar 'n verhoogde besef bestaan dat persoonlikheid, dus op intrapersoonlike sowel as interpersoonlike vlakke gegenereer en gevorm word in die konteks van die kleingroep, naamlik die gesin. Williamson (1982) stel dat die individu, dit wil sê die egpaarlid, grootliks in betrokkenheid tot andere en oorwegend in intieme konteks, as totale mens gestalte aanneem en by implikasie hervorm kan word.

Brammer en Shostrom (1982) rapporteer dat groepwerk toenemend 'n potensiaal openbaar as proses om funksionele individue by te staan in die ontwikkeling tot hoër vlakke van voldoening en potensiaalaktualisering. Berg en Landreth (1980), Brammer en Shostrom (1982), Kemp (1970a), Shapiro

(1978), Shaw (1971) en Olsen (1976) bevestig dat daar 'n toename in die algemene aanwending van groepwerk as intervensiemedium is.

Uit die voorafgaande blyk dit dat die groepervaring 'n integrale deel vorm van die voortgesette vorming, onderhoud, groei en verandering van die gedrags-, emosionele, kognitiewe en wilsaspekte van die persoonlikhede van die individuele egpaarlede. Osipow, Walsh en Tosi (1984) postuleer dat die groep as modaliteit met impak met behulp van kragtige, versterkende eienskappe individuele gedrag beïnvloed. In die breë spektrum van die veld van groepwerk sou sommige benaderings, of spesifieke aspekte daarvan, meer relevant wees tot die voorafbespreekte gestruktureerde opvoedkundige huweliksintervensies.

Tematiese stellings wat op hierdie stadium ter sprake kom, kan as volg geformuleer word: die term "groepwerk" dui op 'n spesifieke verskynsel; hierdie intervensiebenadering hou definitiewe voor- en nadele in; uiteenlopende benaderings tot groepwerk kan geïdentifiseer word, waarvan sommige meer gepas is vir die doeleindes van hierdie studie; sekere elemente van groepwerk word geassosieer met 'n meerdere mate van effektiwiteit, en daar is prosesse in die groep aanwesig waaraan die genoemde effektiwiteitsaspekte toegeskryf mag word.

In reaksie op hierdie stellings word daar oorgegaan tot die bespreking van die volgende, naamlik: omskrywing van groepe, benaderings tot groepwerk en die effektiwiteits-elemente van gestruktureerde lewensvaardigheidsgroepe. Om-skrywing van groepe word in die volgende afdeling in oënskou geneem.

3.2 OMSKRYWING VAN GROEPE

Een van die vroegste formele toepassings van groepmetodes word in Joseph Pratt (1906) se werk aangetref wat op 'n latere stadium deur Lazell (1921) en Marsh (1931, 1933) in die praktyk toegepas is. J.L. Moore is verantwoordelik vir die ontwikkeling van groepmetodes reeds so vroeg as 1906, en stel die terme "psigodrama" en "groepterapie" (Moreno, 1932) voor. Burrow (Rosenbaum, 1965) gebruik die term "groep-analise" om sy werkswyse te benoem. Hierdie en ander figure soos Lubin en Lubin (1973) word as die pioniers van die groepbeweging geïdentifiseer.

Verskeie outeurs, insluitende Ackerman (1943), Yalom (1970) en Shapiro (1973), se pessimistiese houding ten opsigte van 'n sinvolle eenheidsdefinisie van groepwerk word deur die volgende uitlating van Corsini (1957, p. 126) weerspieël: "several writers have felt that the term ..., is ambiguous and not capable of being defined simply and inconclusively ...". Ten spyte van hierdie minder positiewe sienswyses is daar wel daadwerklike pogings aangewend om hierdie konsep sinvol te omskryf, byvoorbeeld deur Abrahams (1950), Cartwright en Zander (1968) en Slavson (1955).

In teenstelling met outeurs soos Collins en Guetzkow (1964), McGrath en Altman (1966), Roby (1968) en Schutz (1958) wat die groepverskynsel omvattend beskryf sonder om 'n same-vattende definisie te verskaf, word groepe onder meer gedefinieer in terme van persepsies (Bales, 1950; Smith, 1945); motivering (Bass, 1960; Cattel, 1951b), doelwitte (Freeman, 1936; Mills, 1967), organisasie (McDavid en Harari, 1968; Sherif en Sherif, 1956), interafhanklikheid (Cartwright en Zander, 1968; Fiedler, 1967 en Lewin, 1961), en interaksie (Homans, 1950 en Stogdill, 1948). Waar hierdie outeurs se omskrywings elkeen verwys na belangrike aanvullende aspekte van die groepkonsep, verskaf Shaw (1976, p. 4) 'n minimumdefinisie in hierdie verband: "A group is defined as two or more persons who are interacting with one

another in such a manner that each person influences and is influenced by each other person". Dinkmeyer en Muro (1979, p. 4) betrek die rol van die groepleier en verleen 'n doelgerigtheid aan die groepproses deur groepwerk te beskryf as "an interpersonal process led by a professionally trained counsellor and conducted with individuals who are coping with typical developmental problems".

Venter (1972) verskaf 'n samevattende definisie van 'n groep waarmee daar volstaan word vir die doeleindes van hierdie studie. Die groep word beskryf as twee of meer persone wat as 'n hegte eenheid in 'n beplande verhouding tot mekaar staan, tussen wie daar 'n afgebakende, besliste en beplande wisselwerkende patroon of wyse van optrede ontwikkel, waardeur dan vasgestelde, gemeenskaplike doelstellings binne 'n bepaalde situasie nagestreef word, ten einde besondere behoeftes te bevredig.

Om uitspraak te lewer aangaande die gepastheid van die aanwending van groepwerk vir die doeleindes van hierdie studie, moet 'n evaluering van die waarde van groepwerk aandag geniet.

3.3 EVALUERING VAN GROEPWERK

3.3.1 Inleiding

Osipow, Walsh en Tosi (1984), Shapiro (1978), Shaw (1976) en Williamson (1982) stel dat 'n belangrike aanvaarding onderliggend aan groepwerk behels dat wanneer die groepproses op positiewe wyses gemobiliseer word, persone op positiewe wyses beïnvloed mag word. Die groepproses mag egter lede ook nadelig beïnvloed indien daar volgens Blake en Mouton (1978), Lieberman, Yalom en Miles (1973) nie genoegsame aanvaarding, begrip en wedersydse respek aanwesig is nie. Groepwerk mag dus sekere voordele sowel as nadele inhou, wat vervolgens van naderby beskou word.

3.3.2 Voordele van groepwerk

'n Evalueringswyse van groepwerk behels die vergelyking van effektiwiteit tussen individuele en groepintervensies. Vroeëre basiese ondersoeke in hierdie verband het verskeie superieure groepseffektiwiteitelemente bevestig, naamlik evalueringsterugvoer (Good, 1973; Martens en Landers, 1972; Zajonc, 1965 en Zajonc en Sales, 1966); realiteitsoordeel (Gurnee, 1937; Jennes, 1932); probleemoplossingsgenerasie (Barnlund, 1959; Marquart, 1955 en Taylor en Faust, 1952); leerkwantiteit oor tyd (Beaty en Shaw, 1965; Perlmutter en DeMontmollin, 1952 en Yuker, 1965); ideëgenerering (Cohen, Whitmyre en Funk, 1960; Meadow, Parnes en Reese, 1959), en waaginstelling (Wallach, Kogan en Bem, 1962, 1964).

Meer resente ondersoeke dui die volgende voordele van groepwerk bo dié van individuele intervensie- en opleidingswyses aan: tydsbesparing en ekonomie (Berg en Landreth, 1980; Gazda, 1978; Hardy en Cull, 1974; Osipow, Walsh en Tosi, 1984; Shapiro, 1978 en Williamson, 1982); realiteitstoetsing en selfkennis (Osipow, Walsh en Tosi, 1984; Williamson, 1982); leerveralgemening (Williamson, 1982) en 'n veilige leereksperimentele omgewing (Hardy en Cull, 1974). Gazda (1978, p. 58) belig die positiewe aspekte deur te stel dat die groep "... approximate a real life situation, or a small community of peers, through which each member can test reality, practice identification, obtain feedback and support, store ideas, feelings and concerns leading to personal growth and improved interpersonal relations".

In die soeke na verklarings van die vermeerderde effektiwiteit van groeptegnieke in vergelyking met individuele werkswyses, maak Williamson (1982) voorstelle in terme van stimulasie, krag, idees en kreatiwiteit wat geïllustreer kan word met behulp van verhoogde frekwensies van interaksionele patrone.

Effektiwiteitseffekte hang ook saam met die strukturele aard van die groep. Wanneer groepwerk beskou word aan die hand van 'n indeling van gestruktureerde en ongestruktureerde groepe, wys Drum en Knott (1977) op die verhoogde voordele wat gestruktureerde groepe inhou: die proses van self-ontdekking en selfvervulling word duidelik gemaak deur 'n sistematiese strukturering en doelwitbereiking; die relatiewe nie-bedreigende leersituasie mag selfs positief ervaar word; normgroep- of selfs professionele terugvoer aangaande spesifieke interpersoonlike vaardighede of lewensvraagstukke; veranderings- en groei-aanmoediging weens die voorsiening van aktiewe probleemoplossingsmeganismes; verkryging van 'n perspektief op die probleemsituasie; psigiese hulpverlening-stigmaverminderings, en laastens doelwitkontrakteringblootstellingsekuriteit.

Uit die beskouing van die voordele wat in die algemeen met groepwerk geassosieer word, blyk dit dat hierdie werkwyse ernstige aanwendingsoorweging behoort te geniet teen die agtergrond van die doeleindes van hierdie studie. Aanvullend tot die voordele van groepwerk, behoort nadelige effekte wat daarmee geassosieer word ook in oënskou geneem te word.

3.3.3 Nadele van groepwerk

Verskeie negatiewe gevolge word met groepwerk geassosieer. Groeplede mag die groepervaring as onpersoonlik met mindere diepte beskou, veral wanneer daar nie voorsiening gemaak word vir spesifieke individuele probleemverwante ervaringsagtergrond nie. Dit kom voor in 'n groep waar groeplede voorgestelde en aanvaarde opinies en uitdrukkings handhaaf (Kemp, 1970; Williamson, 1982). 'n Groepatmosfeer van kompetisie en prestasie mag ontstaan, wat 'n ervaring van dwingende groepverwagtinge skep en mag lei tot prestasiemotivering - aanvaardingsvoorwaardes (Kemp, 1970b; Lieberman, Yalom en Miles, 1973). Sodanige prestasie-atmosfeer mag bydra tot die uitputting en oorweldiging van

groeplede weens die hoeveelheid energie wat tot die oppervlakte mag kom (Williamson, 1982), volgens Lieberman, Yalom en Miles (1973) deur uitermatige konfrontasie, 'n tekort aan ondersteuning, uitermatige stimulering of oorbelading van insette, of 'n onvermoë om buitengewone hoë doelwitte te bereik.

Die intensiteit van negatiewe effekte word in die literatuur (Crawshaw, 1969; Gottschalk en Pattison, 1969 en Jaffe en Scherl, 1969) gerapporteer waar groeplede selfs as beangs beskryf word gedurende of na die verloop van groepervarings. Wat die presiese omvang van negatiewe groepeffekte oor die algemeen betref, rapporteer Batchelder en Hardy (1968), Bebout en Gordon (1972), Blake en Mouton (1978), Ross, Kligfeld en Whitman (1971) en Yalom (1975) persentasiegewys 'n minimale voorkoms. Hierdie ongewenste effekte kan tot die minimum beperk word deur middel van die volgende maatreëls: 'n Voorafgaande programaanpassing vir die behoeftes van potensiële groeplede (Epps en Sikes, 1977), voldoende informasieverskaffing aangaande die aard van doelstellings van die program aan voornemende groeplede (McCanne, 1977), die keuring van belangstellende groeplede (Osipow, Walsh en Tosi, 1984), en die aanwesigheid van 'n vaardige groepleier wat oor genoegsame kennis en fasiliterende vaardighede beskik (Massarik, 1972).

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat die aard en die voorkoms van negatiewe groepeffekte nie swaarder weeg as die potensiële positiewe kragte wat met hierdie werkswyse gepaard gaan nie. In hierdie studie blyk die aanwending van groepwerk sinvol te wees. Met die oog op maksimum groepeffektiwiteit, behoort daar inaggeneem te word dat groepeffekte kan varieer na gelang van die tipe groep ter sprake. Die gepaste groepwerkvorm en effektiewe elemente ten opsigte van die studie behoort geïdentifiseer te word. Benaderings tot groepwerk geniet dus aandag in die volgende afdeling.

Aspekte wat opeenvolgend ter sprake kom is groepwerk in die algemeen, gestruktureerde groepe en demokraties-opleidingsgerigte groepe.

3.4 BENADERINGS TOT GROEPWERK

3.4.1 Groepwerk in die algemeen

Deurdat dit problematies blyk te wees om die benaderings van groepwerk in absolute onderskeidende terme te omskryf, word daar in hierdie proses heelwat gebruik gemaak van aanbieding by wyse van kontinuums. Brammer en Shostrom (1982) stel 'n kontinuum voor met pole wat as volg daar uitsien: enersyds voorligting wat sentreer rondom die problematiek van normale ontwikkeling, en andersyds intervensies wat gerig is op die hantering van die wanaangepaste individu. Voorligtingsaksies behels ondersteuning, rasionele beplanning, besluitneming en probleemoplossing ten opsigte van omgewingsdruk soos deur persone in die alledaagse lewensloop ervaar word. Brammer en Shostrom (1982) se benadering is aanvullend tot die onderskeidende kontinuum wat deur Berg en Landreth (1980) voorgestel word, wat enersyds voorkomende pro-aktiewe konstellasies van aktiwiteite, en andersyds terapeutiese funksies wat herstellend van aard is, behels. In terme van hierdie kontinuums blyk dit dat die voorligtingsbenadering of ooreenstemmende voorkomende benadering tot groepwerk in die algemeen van toepassing is vir die doeleindes van hierdie studie.

Osipow, Walsh en Tosi (1984) identifiseer probleemoplossings of taakgeoriënteerde groepe as 'n prominente en toepaslike benadering tot groepwerk. Hierdie benadering sentreer om probleemoplossingstegnieke wat gerig is op gemeenskaplike groeplidproblematiek. Hierdie groepwerkswyse het 'n onderrigfunksie in die besluitnemingsproses soos van toepassing is op persoonlike, sosiale en beroepsareas van spesifieke take. Probleemoplossings of taakgeoriënteerde groepe, verloop volgens 'n geordende gestruktureerde wyse.

Groepwerkwyses met 'n gestruktureerde karakter word opvolgend tot hierdie uiteensetting van groepwerk in die algemeen, van naderby beskou.

3.4.2 Gestruktureerde groepe

Drum en Knott (1977) beskryf 'n gestruktureerde groep as 'n afgebakende leersituasie met 'n voorafgaande doelwit en beplande werkswyse. Dit stel elke groeplid in staat om die geïdentifiseerde doelwit met minimum frustrasie en maksimale effektiwiteit te bereik, en nuwe leerinhoude tot 'n wye verskeidenheid lewensgebeure aan te pas. Gestruktureerdheid maak optimale hulpbron- en leeraktiwiteitsaanwending asook terugvoering van die doelwitbereiking moontlik.

In verband met struktuur verklaar Middleman en Goldberg (1972, p. 205) dat "A structured learning situation is a closed system deliberately constructed and set in motion by trainer or facilitator. It has a boundary ... within this boundary a set of conditions is established which affects the roles and/or rules, and/or the processes of interaction. Finally, the trainer or facilitator introduces a task to be pursued under structured conditions. This task constitutes the moving dinamics of the learning situation. Participants must function within those particular conditions and experience both the opportunities for and constraints on pursuit of the task and human behavior in general that are generated by those conditions."

Volgens Drum en Knott (1977) is gestruktureerde groepkategorisering gebaseer op klemverskille met betrekking tot die bemeestering van belangrike interpersoonlike vaardighede, en om persone in staat te stel om kritiese lewensontwikkelingstemas te oorbrug. Die gestruktureerde groepmodel wat deur Drum en Knott (1977) voorgestel word, is teoreties gefundeer in verskeie bewegings eie aan dienslewerende professies, naamlik effektiewe opvoeding (Brown, 1971; Castillo, 1974; Leonard, 1968 en Purves, 1972);

opvoedkundige Sielkunde (Alschuler, 1973; Guerney, 1970; Ivey en Alschuler, 1973 en Mosher en Sprinthall, 1971); humanistiese opvoedkunde (Bessel en Polamares, 1970; Greer en Rubinstein, 1972; Heath, 1971; Patterson, 1973 en Sharp, 1971); Bedryfsielkunde en selfbestuur (Bandura en Perloff, 1967; Colley, 1975; Cudney, 1975; Thorenson en Mahoney, 1974; Watson en Tharp, 1972 en Williams en Long, 1975) en gedragsmodifikasie (Bandura, 1969; Goldiamond, 1965 en Lazarus, 1971). 'n Gemeenskaplike, onderliggende element van hierdie gemeenskaplike style is die beklemtoning van die opvoedkundige ervaringsformaat vir probleemhantering of groeiproduksie, wat in 'n gelykmatige opleidingsituasie plaasvind.

Demokratiese en opleidingsgerigte groepe in aansluiting met gestruktureerde groepe wat in hierdie afdeling aandag geniet het, word in die volgende afdeling van naderby beskou.

3.4.3 Demokratiese opleidingsgroepe

Kemp (1970a, 1970b) stel 'n onderskeidende kontinuum ten opsigte van groepwerk voor wat outoritêre groepe teenoor demokratiese groepe afspeel. Outoritêre groepfunksionering berus op die aanname dat leerfasiliterende groepinteraksie teweeggebring word deur eksterne groepleierverduideliking van die groepleier aanvullend tot die interne groeplidrealiteite, dat groeplidbydraes en groepleierinterpretasies korrek verstaan word, asook dat daar 'n akkurate en sinvolle hantering van funksioneringsvlakke soos deur die groepleier uiteengesit word, sal plaasvind.

Die demokratiese groep (Kemp, 1970a, 1970b) vervat leer in die vorm van wedersydse interaksie wat die bevordering van gedragskwaliteit tot gevolg het. Aannames in die werking van die demokratiese groep sluit in persoonslewensvervulling in totaliteit in respons op die konfrontasiesituasiegeheel, die bewerkstelliging van 'n nuutgevonde geheelkwaliteit in groepverband weens die betekenisvolle interaksie in 'n

samewerkende opset, en dat leerveranderinge voorkom weens leier-, groeplid- en omgewingshulpbronne. Verskillend van 'n suiwer demokrasie wat tegnies gesproke leierloos sou wees, funksioneer die groepleier nie-manipulerend met 'n oorweging van alternatiewe moontlikhede en potensiële gevolge met behulp van vraagstelling en die deurgee van toepaslike inligting.

Ontwikkelings- of voorligtingsgroepe soos deur Johnson en Johnson (1975) en Williamson (1982) voorgehou word, sluit nou aan by die demokraties-georiënteerde groepe soos deur Kemp (1970a, 1970b) beskryf word. Sodanige ontwikkelings- of voorligtingsgroepe sentreer rondom ondersteuning, nuutgevonde insigte en gedragsvorme wat interpersoonlike effektiwiteitsvorming fasiliteer.

Brammer en Shostrom (1982), Miles (1978) en Venter (1972) stel die term "opleidingsgroepe" voor wat wesenlik ooreenstem met die aard van groepbenaderings wat as toepaslik tot die doeleindes van hierdie studie geïdentifiseer is, naamlik ontwikkelings- of voorligtingsgroepe (Johnson en Johnson, 1975; Williamson, 1982), demokratiese groepe (Kemp, 1970a, 1970b), gestruktureerde groepe (Drum en Knott, 1977) en probleemoplossings- of taakgeoriënteerde groepe.

Opleidingsgroepe is gemik op geheelpersoonsleer wat volgens Miles (1978) impliseer dat vaardigheidsleer nie apart geskied van aspekte soos denke, morele oortuiginge, idees, houdings en waardes nie. Opleidingsgroepe betrek volgens Miles (1978) ook begeleide oefening wat herhaalde gedragsuitvoering met vormende inligtingsterugvoering ten opsigte van die effek van voltooide aksies behels. Opleidingsgroepwerk betrek ook 'n veilige emosionele groepsmilieu waar groeplede met nuwe gedragsvormingseksperimentering kan voortgaan.

Aspekte uniek aan opleidingsgroepe sien as volg daaruit: 'n fokus op die sosiale self, wat volgens Miles (1978) 'n

bewuswording insluit aangaande die inhoud, effekte, reaksies op en ontwikkeling van interpersoonlike en sosiale vaardighede, 'n hier-en-nou fokus wat voortdurend herbepaal word aan die hand van groeplede se huidige behoeftes en probleme (Brammer en Shostrom, 1982) en laastens 'n fokusverandering op die hede wat volgens Venter (1972) impliseer dat daar klem gelê word op spesifieke vaardigheidsuitbouing met aanvaarde leerveralgemening na situasies buite die groepervaring.

Sistematiese menslike opleiding, volgens Carkhuff (1971, p. 231) "... derives the systematic application of training of those ingredients or conditions found to be effective in all helping and human relations, including counselling and teaching, may have constructive consequences. The dimensions which can be related to acccount for human effectiveness include responsive conditions (responding to another person's experience) such as emphatic understanding, respect and specifity of expression and initiative dimensions, such as genuineness, confrontation and interpretations of immediacy. Systematic human relations training then involves a systematic step by step succession of reinforcing experiences."

In hierdie en die voorafgaande afdeling is daar aandag gegee aan toepaslike benaderings tot groepwerk. Die term sosiale vaardigheidsopleidingsgroep word as verteenwoordigend beskou van die groepbenadering wat gekenmerk word deur die beginsels onderliggend aan benaderings beskryf deur Brammer en Shostrom (1982), Carkhuff (1971), Drum en Knott (1977), Johnson en Johnson (1975), Kemp (1970a, 1970b), Miles (1978), Venter (1972) en Williamson (1982). Sosiale vaardigheidsopleidingsgroepe as 'n groepwerkbenadering, beskik oor eiesoortige effektiwiteitselemente, wat verdeel kan word in inhoudelike en strukturele aspekte teenoor prosesmatige en ontwikkelingsaspekte. Na aanleiding van Middleman en Goldberg (1972) se verwysing na groepleerprosesse as losstaande entiteite verwant en selfs onderliggend aan ander

groepeffektiwiteitselemente, blyk dit ook belangrik te wees om aanvullend afsonderlik te verwys na leerprosesse wat in sosiale vaardigheidsopleidingsgroepe plaasvind.

Daar word dus eerstens ondersoek ingestel na inhoudelike en strukturele effektiwiteitselemente van sosiale vaardigheidsopleidingsgroepe. Aspekte wat opeenvolgend beskou word, is doelwitte, groepsamestelling, groepgrootte, formaat, tydsduur en fisiese omgewing.

3.5 EFFEKTIWITEITSELEMENTE VAN GESTRUKTUREERDE LEWENSVAARDIGHEIDSGROEPE

3.5.1 Inhoudelike en strukturele aspekte

3.5.1.1 Doelwitte

Williamson (1982) benadruk die belangrikheid van eksplisiete definiëring van groepsdoelwitte wat grootliks berus op herhaalde behoeftebepalings van die teikenpopulasie. Dit is belangrik om duidelike, realistiese, werkbare en gewenste omskrywings van doelwitte aan die groep te verskaf, deurdat dit aldus Williamson (1982) bepalend is ten opsigte van die produktiwiteit en die positiewe ervaringsaspekte wat daarmee gepaard gaan. Dit het terugwerkend 'n invloed op die tyd, energie en selfs finansies wat lede bereid is om in die groepervaring te belê.

Basiese navorsingsbevindinge aangaande groepdoelwitstelling dui op die volgende: groepdoelwitte beïnvloed die individu se gedrag op 'n soortgelyke wyse as wat die geval met persoonlike doelwitte is (Meadow, Parnes en Reese, 1959; Shelly, 1954; Zander, 1968; Zander en Medow, 1963 en Zander en Newcomb, 1967); doelwitduidelikheid, groepmotivering en doelwitbereiking toon 'n onderlinge positiewe verwantskap (Cohen, 1959; Horwitz, 1954 en Raven en Rietsema, 1957), en homogene groepdoelwitte het effektiewe

groepfunksionering tot gevolg (Blau, 1954; Deutsch, 1949 en Shaw, 1959a).

Aanvullend tot spesifieke groepdoelwitte behoort voldoende inligting aan die groeplede aangaande groepprosesdoelwitte oorgedra te word, wat die gewenste groeplidoriëntasie teweegbring (Kivlighan, Hagaseth, Tipton en McGovern, 1981). Groeplede behoort ook 'n idee te hê van die groepleierintensies en teorieë aangaande die proses (Osipow, Walsh en Tosi, 1984). Groepdeelnemers behoort duidelike veranderingsmaatstawwe te verkry by wyse van die groepleier se beskrywing van die gewenste gedrag en houdings wat saamhang met die groeptema. Groeplede behoort die groepdoelwit te personaliseer en die gestelde doelwitte as deurlopende fokuspunt te laat funksioneer.

Dinkmeyer en Muro (1979) stel verskeie doelwitte voor wat geld vir gestruktureerde lewensvaardigheidsgroepe in die algemeen, wat die volgende insluit: om sosiale vaardighede en interpersoonlike vermoëns te ontwikkel en sodoende in staat gestel te word om die ontwikkelingstake in die persoonlike en sosiale sfere suksesvol te hanteer; om toenemende selfbeheer-, probleemoplossing- en besluitnemingsvermoëns te ontwikkel en leerveralgemening te fasiliteer; om 'n sensitiwiteit te ontwikkel vir die behoeftes vir andere wat mag resulteer in die toenemende persoonlike gedragsverantwoordelikheidsaanvaarding; om in 'n meerdere mate te identifiseer met gevoelens van betekenisvolle ander en empatiese en kongruente vermoëns te ontwikkel; om interpersoonlike affiliasie-, aanvaardings- en sekuriteitsbelewenisse te fasiliteer, en laastens aanmoediging tot 'n verhoogde waaginstelling. Berg en Landreth (1980) herinner dat die doelwitte van gestruktureerde lewensvaardigheidsgroepe eerder 'n voorkomende as 'n herstellende karakter vertoon. Dit is juis die aansluiting by groeplede se huidige behoeftes (by wyse van voorkomende ontwikkelingsaksies) wat 'n hoë mate van betrokkenheid tot gevolg mag hê (Archer, 1974; Babad en Melnick, 1976; Levenberg

en Spakes, 1975; Lieberman, Yalom en Miles, 1973 en Snortum en Myers, 1971).

In hierdie afdeling is daar aandag gegee aan gestruktureerde lewensvaardigheidsgroepdoelwitte. Die aard van die groep se doelstellings speel volgens Nel (1980) en Williamson (1982) 'n sentrale rol in die samestelling van die groep. Die samestelling van gestruktureerde lewensvaardigheidsgroepe geniet vervolgens aandag.

3.5.1.2 Groepsamestelling

Dit is noodsaaklik om aspekte van die groepsamestelling na behore te ondersoek, deurdat empiriese getuienis (Smith, 1980b) daarop wys dat groepsamestelling volgens spesifieke kriteria meer effektief blyk te wees.

Basiese navorsing in verband met groepvorming en ontwikkeling, beskou vanuit die groeplidperspektief, dui op die volgende: persone sluit by groepe aan met die doel om individuele behoeftes te bevredig, waar groepe onder meer voorsiening maak vir nabyheid, kontak- en interaksiegeleenthede (Byrne en Nelson, 1965a; Deutsch en Collins, 1951; Festinger, Schachter en Back, 1950; Gundlach, 1956; Harding en Hogrefe, 1962; Jahoda, 1961; Maissonneuve, Palmade en Fourment, 1952): interpersoonlike aantreklikheid is positief verwant aan fisiese aantreklikheid, sosio-ekonomiese ooreenkomste, rasse-ooreenkomste en die waargenome vermoë van die ander persone tot behoefteversoenbaarheid (Byrne, 1961; Byrne, Clore en Worchel, 1966; Byrne en Nelson, 1964, 1965a, 1965b; Gilchrist, 1952; Griffit, 1966; Izard, 1960b; Shaw en Gilchrist, 1955; Smith, Williams en Willis, 1967; Rychlak, 1965 en Walster, Aronson, Abrahams, Rottman, Willerman en Floyd, 1966): individue tree toe tot groepe indien die aktiwiteite van die groep aantreklik of versterkend blyk te wees (Sherif en Sherif, 1956; Thibaut, 1950), en indien groepwaardes met agting bejeën word (Reckman en Goethals, 1973; Sherif en

Sherif, 1953); individue beskik oor affiliasiebehoeftes wat meebring dat groeplidmaatskap bevredigend is (Gewitz en Baer, 1958a, 1958b; McClelland, Atkinson, Clark en Lowell, 1953; Pepitone en Kleiner, 1957; Schachter, 1959; Singer en Shockley, 1965 en Stevenson en Odom, 1961); individue tree toe tot groepe indien hulle dit as instrumenteel beskou tot behoeftebevrediging buite die groep (Ross en Zander, 1957; Willerman en Swanson, 1953), en laastens dat groepaffiliasie-ontwikkeling 'n konstante patroon mag volg wat gekenmerk word deur oriëntasie, evaluasie en kontrole (Bales, Strodtbeck, Mills en Roseborough, 1951; Bennis en Shepard, 1956).

Die seleksie van groeplede, wanneer van toepassing, verteenwoordig geen eenvoudige proses nie. 'n Seleksieproses gebaseer op gedragsfunksionering behoort deurlopend voorrang te geniet teenoor stelle diagnostiese kategorieë (Pipper en Marrache, 1981; Locke, 1961 en Kivlighan, Hagaseth, Tipton en McGovern, 1981).

'n Faktor wat volgens Gazda (1978), Goldman (1965), Lewis (1970), Laughlin, Branch en Johnson (1969), Ohlsen (1977), Palazzolo (1981), Sapolsky (1960), Schutz (1958), Shaw (1959b), Wolberg (1967) en Wright (1959) 'n hoogs beduidende rol speel ten opsigte van groepsamestelling, is die hetero- of homogeniteit van die groep. Navorsingsbevindinge aangaande die voordele van groephomogeniteit dui op die volgende: homogene groepe is oor die algemeen meer effektief in die bereiking van groepdoelwitte en ervaar hoër bevredigingsvlakke (Haythorn, Couch, Haefner, Langham en Carter, 1956b; Sapolsky, 1960; Schutz, 1955, 1958 en Shaw, 1959a en 1959b). Daar bestaan verhoogde vlakke van bywoning, groepkohesie, onmiddellike ondersteuning en versoenbaarheid (Hansen, Warner en Smith, 1976). Aanvullend hierby identifiseer Hansen, Warner en Smith (1976) inhiberende invloede wat met groephomogeniteit geassosieer mag word, naamlik die versterking van wanaangepaste gedrag of gewoontes en minder effektiewe langtermyn

gedragsverandering. Standpunte wat groepheterogeniteit propageer, behels dat groepe wat saamgestel is uit lede met uiteenlopende relevante vermoëns meer effektief funksioneer as wat andersins die geval is (Goldman, 1965; Laughin, Branch en Johnson, 1969), en dat groepe waarvan lede heterogene persoonlikheidstrekke vertoon met meerdere sukses funksioneer (Hoffman, 1959; Hoffman en Maier, 1961).

Melnick en Woods (1976) hersien 'n verskeidenheid studies aangaande groepsamestelling en dui aan dat daar 'n balans bestaan tussen die onderskeie studies wat hetero- en homogeniteit in groepverband as meer effektief bevind het. Verskeie ander outeurs (Hoffman en Smith, 1969; Smith, 1945; Smith 1974; Stava en Bednar, 1979; Harrison en Lubin, 1965 en Pollack, 1971) postuleer egter dat die voordele verbonde aan groephomogeniteit swaarder weeg as die nadele. Algemene kriteria van groephomogeniteit is dié van problematiek (Hoffman en Smith, 1969; Slavson, 1955) en geslag (Aries, 1976; Dinkmeyer en Muro, 1979; Ohlsen, 1977 en Wolberg, 1967). Ideale groeplidkandidate beskik oor 'n verbale selfgenoegsaamheid en sosiale vaardighede (Williamson, 1982), en is daartoe in staat om emosionele intimiteitsverbondenheid te ervaar (Osipow, Walsh en Tosi, 1984).

In hierdie afdeling is daar aandag gegee aan die effektiewe groepsamestelling van gestruktureerde lewensvaardigheidsgroepe. 'n Volgende effektiewe veranderlike wat aandag geniet, is die grootte van die groep.

3.5.1.3 Groepgrootte

Die sentrale rol wat groepgrootte speel ten opsigte van groepeffektiwiteit word beklemtoon deur outeurs soos Brammer en Shostrom (1982), Hansen, Warner en Smith (1976), Ohlsen (1977), Williamson (1982) en Yalom (1975).

Toenemende groepgrootte word geassosieer met 'n wyer verskeidenheid kennis en opinies in die groep aanwesig (Maddox,

1978), verhoogde spanningsvlakke (Shaw, 1971), verminderde deelname van groeplede (Dinkmeyer en Muro, 1979; Indik, 1965 en Williams en Mattson, 1942), 'n groter differensiasie tussen die bedrywigste lid van die groep (gewoonlik die leier) en ander groeplede (Bales et al., 1951; Dinkmeyer en Muro, 1979 en Palazzolo, 1981) asook laer bevredigingsvlakke (Shaw, 1971).

Waar daar volgens Williamson (1982) 'n kritieke minimum groepgrootte bestaan, word 'n afname in groepgrootte geassosieer met vermeerderde betrokkenheid en 'n hoër groepkohesie (Shaw, 1971), asook 'n meer positiewe ervaring van groeplede (Cleland, 1955; O'Dell, 1968 en Slater, 1958).

Daar bestaan uiteenlopende beskouinge aangaande optimale groepgrootte. 'n Gewenste groepgrootte blyk sowat vyf tot agtien lede te wees, met 'n maksimum doeltreffendheid by groepe bestaande uit tien tot twaalf lede (Bormann en Bormann, 1972; Palazzolo, 1981 en Yalom, 1970).

Die gewenste formaat en tydsduur waarmee groepe van die ideale grootte aangebied behoort te word met die oog op maksimum effektiwiteit, word vervolgens ondersoek.

3.5.1.4 Formaat en tydsduur

Die tipiese formaat van lewensvaardigheidsgroepe behels 'n samestelling van didaktiese en ervaringsleer, opeenvolgende kumulatiewe opbou met elke opeenvolgende sessie, buite-groep opdragte om leer en leerveralgemening te versterk en 'n voorafbepaalde aantal sessies om gestelde doelwitte te bereik (Lieberman, Yalom en Miles, 1973; Smith, 1980b). Die wyse van aanbieding van hierdie sessie-eenhede, hetsy intensief of periodiek, is ook van belang.

Smith (1975) en Yalom (1975) wys daarop dat 'n intensiewe groepaanbiedingsformaat meer effektief blyk te wees ten opsigte van effektiwiteit op die lang- sowel as die

korttermyn. Daar bestaan 'n neiging in die laaste dekade om korter groepprogramme aan te bied (Smith, 1980b), daarom behoort die tyd van intensiewe groepering te wissel tussen agt en sestien uur (Handlin, Breed, Noll en Watkins, 1974; Smith, 1975, 1980b).

Wat die fisiese effektiwiteitsaspekte van 'n intensiewe groepformaat van gewenste groepgrootte en groeptydsduur betref, stel Shaw (1976, p. 113) dat "groups are embedded in a complex environmental setting that exerts a strong influence on almost every aspect of group process".

Fisiese groepeffektiwiteitsaspekte word vervolgens ondersoek.

3.5.1.5 Fisiese aspekte

Basiese navorsingsbevindinge van die fisiese omgewingsaspekte van groepe dui op die volgende: fisiese omgewingsaspekte verkeer in interaksie met bestaande houdings en gebeure wat bydra tot die bepaling van die groepproses (Baker, 1937; Glass, Singer en Friedman, 1969, 1971; Luckiesh, 1931 en Roethlisberger en Dickson, 1939). Individue en groepe toon 'n besitlikheidsoriëntasie tot sekere geografiese areas wat verdedig word (Altman en Haythorn, 1967; Lipman, 1968; Mack, 1954 en Sommer, 1969). Individuele groeplede bepaal 'n tipiese persoonlike ruimte wat hulle interaksie met andere grootliks beïnvloed (Katz, 1937; Sommer, 1969). Reaksies op insluiting in die individu se persoonlike ruimte varieer na gelang van die persoonlike aard van die situasie, die intimiteit van die betrokke verwantskap/verhouding en die status van die persoon relatief tot die ander (Argyle en Dean, 1965; Lott en Sommer, 1967; Little, 1965; McBride, King en James, 1965 en Willis, 1966). Groepkommunikasiepatrone word gedeeltelik bepaal deur die fisiese persoonsruimtelike groepsamestelling (Mehrabian en Diamond, 1971; Strodtbeck en Hook, 1961). Posisionele oorweginge beïnvloed die kwaliteit van groep-

interaksie (Russo, 1967), en laastens het gedesentraliseerde kommunikasienetwerke 'n hoër groepmoraal tot gevolg (Cohen, 1961; Lawson, 1965 en Shaw, 1954), wat meer effektief is indien die groep komplekse probleme moet oplos (Guetzkow en Simon, 1955; Hirota, 1953; Lawson, 1964a, 1964b; Leavitt, 1951; Mulder, 1960 en Shaw, 1954a en 1954b).

Williamson (1982) stel die volgende basiese vereistes vir die fisiese omgewing waarin groepe aangebied behoort te word, voor: groeplede behoort sirkulêr naby genoeg aan mekaar geplaas te word sodat lede mekaar voldoende kan hoor en ervaar. Daar behoort geen oorbodige fisiese obstruksies tussen lede te wees nie en daar behoort genoegsame beligting en temperatuurbeheer te wees met geen visuele of ouditiewe aandagafleier aanwesig nie. Voldoende oogkontak behoort moontlik te wees en die groepontmoeting behoort plaas te vind in 'n redelik gemaklike opset in 'n vertrek van 'n gepaste grootte.

Met hierdie beskouing van die fisiese effektiwiteitselemente opeenvolgend tot die formaat, tydsduur, groepgrootte, groepsamestelling en doelwitte, word die bespreking van inhoudelike en strukturele aspekte van gestruktureerde lewensvaardigheidsgroepe voltooi. Vervolgens word daar aandag gegee aan prosesmatige en ontwikkelingsaspekte. Effektiwiteitselemente wat in hierdie verband aandag geniet, is die ontwikkelingsfases, dinamika, die rol van die groepleier en groepdoelwitte.

3.5.2 Prosesmatige en ontwikkelingsaspekte

3.5.2.1 Ontwikkelingsproses

Ten spyte van 'n hersiening van navorsingsresultate wat daarop dui dat daar geen sprake van groepfase-ontwikkeling is nie, identifiseer Cissna (1984) tog sekere groepaspekte wat op soortgelyke algemene wyses ontwikkel. Kivlighan,

Hagaseth, Tipton en McGovern (1981) dui op opeenvolgende groepontwikkelingsaspekte.

Verskillende groepontwikkelingsteorieë beklemtoon uiteenlopende aspekte. Kivlighan et al. (1981) beskou byvoorbeeld effektiewe groepopleiding as gebaseer te wees op ontwikkelingstake. Terwyl die spesifieke inhoud van groepe heelwat wissel, is die algemene groepproses redelik ooreenstemmend (Shutz, 1967; Stoute, 1950 en Yalom, 1970). 'n Groepontwikkelingsbewustheid fasiliteer groepbeplanningsaspekte met die oog op doelwitbereiking gedurende die verskillende groepontwikkelingsfases.

Groepontwikkelingsfases in die algemeen mag verdeel word in die aanvangsfase, die middelfase, die beëindigingsfase en die afrondingsfase (Cissna, 1984; Berg en Landreth, 1980; Kemp, 1970a, 1970b; Kivlighan et al., 1981; Miles, 1978; Powell, 1969; Shapiro, 1978; Van der Walt, 1980 en Williamson, 1982). Die aanvangsfase van groepontwikkeling geniet eerstens aandag.

A. Vormingsfase

Die basis van toekomstige groepfunksionering word gedurende hierdie fase vasgelê. Dit behels onder andere die identifisering en spesifisering van problematiek, groeibehoeftes, eksplorasie en verandering, doelstellings en verantwoordelikhede, asook identifisering met groepdoelwitte en toewyding aan die groep (Miles, 1978; Powell, 1969; Shapiro, 1978, Van der Walt, 1980 en Williamson, 1982).

Cissna (1984) maak die aanname dat die vormingsfase van die groepstruktuur toetsing en onafhanklikheid behels, en omvat ook oriëntering en toetsing ten opsigte van taak en optrede. Volgens Kemp (1970a) behels hierdie inleidende fase drie opeenvolgende subfases wat die volgende insluit: bewuswording en vraagstelling aangaande groepervarings; tentatiewe betrokkenheid en die aanwesigheid van luisterpogings,

en laastens verhoogde vlakke van toereikendheid en verminderde selfbemoeienis.

Hierdie aanvanklike fase word deur Berg en Landreth (1980) benoem as vanaf onverbondenheid tot voorlopige verbondenheid, beginnende met die aanvanklike toetsing van groepgrense. Hierdie fase mag weens afwagting oor angselemente beskik, waar optimale angsvlakke produktiwiteit in die groepproses bespoedig. Oormatige angsvlakke mag geïntensifiseerde interpersoonlike onsekerheid oor die hanteringsvermoë van verhoudings veroorsaak. Dit mag gedragsregressie van vorige vooroordele, stereotipes, kategoriseringe en statusse teweegbring in 'n poging om kognitiewe groeporde te bewerkstellig. Onsekerheid, verwarring en dubbelsinnigheid mag kenmerkend wees van hierdie aanvanklike bekendstellingsfase, waarvan grensbepaling en doelstelling die vernaamste aspekte is. Groepontwikkelingsfases wat volgens Berg en Landreth (1980) vanuit die aanvangsfase ontplooi, ondersoek vraagstukke herhaaldelik op dieper perspektiefvlakke.

Williamson (1982) se beskouing van groepontwikkeling berus op die aanname dat ooreenstemmende interpersoonlike dinamiek en leierskapsvaardighede by die meerderheid groepe aanwesig is. Dit is verwant aan individuele vaardigheidsbehoeftes soos dit voortspruit uit kennis aangaande individuele intervensieprosesse. Williamson (1982) beklemtoon die opbouende aard van groepontwikkelingsfases wat impliseer dat die aanvanklike en daaropvolgende fases voldoende behoort voltooi te word as basis vir suksesvolle daaropvolgende groepontwikkelings. Williamson (1982) se beskouing van groepproses behels selfontdekking as 'n toepaslike groepdoelstelling van hierdie fase. Formulering van groepfasedoelwitte behoort volgens Williamson (1982) spesifieke vaardighede en dinamiek te omvat wat kumulatief van aard en deurslaggewend met betrekking tot sekere fases is.

Opvolgend tot die aanvangsfase word die middelfase beskou.

B. Die middelfase

Die middelfase van groepontwikkeling is gewoonlik die mees omvattende en dinamiese stadium. Daar geskied gewoonlik beweging ten opsigte van groepdoelwitte wat voortspruit uit groeibehoeftes waarin weerstand teen verandering as positiewe groeiteken beskou mag word. Gevolglike gedragsinisiëring intern en ekstern tot die groep vorm ook deel van hierdie fase (Miles, 1978; Powell, 1969; Shapiro, 1978; Van der Walt, 1980 en Williamson, 1982).

Volgens Cissna (1984) behels die middelfase konflik en konfrontasie, normering en aksie, intragroepkonflik, die ontwikkeling van groepkohesie en funksionele rolverwantskappe ten opsigte van groepstruktuur en emosionele respons op taakeise, bespreking van die self en ander groeplede en insig wat na vore kom, asook taak en optrede.

Kemp (1970b) stel dat hierdie bewegingsfase drie subfases behels, naamlik 'n aanpassingstydperk tot dubbelsinnigheid, 'n onvoldoende aanwesigheid van antwoorde en intellektuele sekerheid, wat ook gekenmerk word deur die herkenning van individuele verskille en 'n positiewe ingesteldheid teenoor konflik. 'n Bewuswording van die belangrikheid van vaardighede en 'n behoefte tot vaardigheidsontwikkeling tree ook na vore.

Berg en Landreth (1980) benoem 'n tweede fase vanaf onverbondenheid tot voorlopige verbondenheid as tentatiewe selfopenbaring en selfontdekking. Hierdie subfase word gekenmerk deur toenemende sensitiwiteit vir die groepaanvaardings- of verwerpingspotensiaal. Daar bestaan 'n behoefte aan positiewe onvoorwaardelike aanvaarding wat staan teenoor die risiko van die benodigde selfopenbaringsproses, wat op hierdie stadium tentatief en selfverkennend mag wees. In die strewe na selfdefiniëring en persoonlike status, wat 'n leierskapstryd teweeg mag bring, mag daar na 'n aanvanklike terughouding tog plek gemaak word vir persoon-

like waardes wat na vore tree, alhoewel die groepbesprekingsinhoud steeds oorwegend saakgeoriënteerd mag bly. Hierdie groepfase word volgens Berg en Landreth (1980) verder gekenmerk deur 'n kritiekbeskermingsneiging, angstigheid en afwagting op toenemende intimiteitsvlakke, pogings tot subgroepaffiliasie in ondersteuningsondersoeke, en die gevolglike ontbloting van ware persoonlikheidstyle.

Gedwonge groepinteraksierolinname mag individuele groei aanvanklik beperk, terwyl verhoogde vlakke van selfkennis die weg baan vir die individu tot 'n aanvanklike persoonlike groepbetrokkenheidverbintenis.

Opvolgend tot die fase onverbondenheid tot voorlopige verbondenheid volg verbondenheid, wat fasette behels soos diepgaande selfontdekking en begrip, verbondenheid aan verandering en groei, en werk aan toenemende persoonlike effektiwiteit. Diepgaande selfontdekking en -begrip word gekenmerk deur toenemende betrokkenheid by vraagstukke verwant aan interpersoonlike affiliasie en betrokkenheid. Dit sluit in die sake rondom nabyheid, eiesoortige standaarde en norme wat figureer, samehorigheidsbouende gedrag en uitlatings, momentele transaksies en belange eie aan individuele groepe, meer openlike en bewustelike konstruktiewe hantering van konflikterende magstrewes en toenemende leierskapsrealiteitoriëntasie. Wat die groeplede betref, behels dit ook verhoogde vlakke van perseptuele toetsing, realiteitstoetsing, interpersoonlike risiko's, affektiewe groepinteraksie, selfeksplorasie en -openbaring asook verhoogde vlakke van helpende vaardighede aanwesig (Berg en Landreth, 1980). Verbondenheid aan verandering en groei behels volgens Berg en Landreth (1980) 'n meer omvattende verbondenheid aan wedersydse hulp en ondersteuning, 'n meer ontspanne groepatmosfeer, verhoogde interpersoonlike aanvaarding en realiteitsgebondenheid, asook groepleierverantwoordelikheids- en fasiliteringsdelegering na voldoende funksionerende groeplede. 'n Laaste groepverbondenheidsubfase wat tuishoort in die middelfase van groepontwikkeling,

naamlik werk aan toenemende interpersoonlike effektiwiteit, word deur Berg en Landreth (1980) as die mees produktiewe lewensfase in die groep beskou. Hierdie subfase word veral gekenmerk deur verhoogde respek, gewilligheid tot groepvraagstukkompromieë, spontaniteit ten opsigte van affektiewe en kognitiewe groepinteraksiekomponente en egtheid in wedersydse welsynsbelangstelling. 'n Verandering is ook te bespeur wat betref aggressie en onopgeloste ontwikkelingsproblematiek. Verdere aspekte uniek aan hierdie fase is werk aan toenemende persoonlike effektiwiteit en behels 'n veilige groepomgewing vir individuele gedragseksperimentering en verandering. Hiermee gaan 'n verhoogde selfbewustheid en selfinsig gepaard. Groeplede maak in 'n toenemende mate gebruik van gewysigde interaksiewyses asook selfkonfrontasie en selfevaluasie.

'n Groepontwikkelingsproses wat deur Williamson (1982) voorgestel word, wat sou tuishoort in 'n geheelmiddelfase, behels dinamiese selfbegrip en optrede.

'n Laaste groepontwikkelingsfase behels in breë trekke die afrondingsfase.

C. Afrondingsfase

In ooreenstemming met die sikliese modelle van groepfunksionering kan gestel word dat die terugkoppelingsfunksie eie aan hierdie fase 'n sentrale rol speel in groepeffektiwiteitsevaluering en veranderde of verdere behoefteidentifisering. Groepafsluiting behoort duidelik, geleidelik en bevredigend te geskied, wat 'n voortgesette groeibewustheid en -bereidwilligheid stimuleer. In hierdie proses behoort die konsolidering, veralgemening en losmaking van die effekte van groepproses en -inhoud aandag te geniet. Hulpmiddels wat in hierdie verband aangewend mag word, is 'n aantal eenvoudige, duidelik gestelde norme en selfs 'n formele of informele groepkontrak (Miles, 1978; Powell,

1969; Shapiro, 1978; Van der Walt, 1980 en Williamson, 1982).

Cissna (1984) beskryf die beïndigingsfase van Tuckman se saamgestelde lewensloopgroepontwikkelingsmodel. Die groepontwikkelingsafrondingsfase wat deur Kemp (1970b) beskryf word, is 'n stabilisasiefase wat uit drie opeenvolgende subfases bestaan. Volgens Kemp (1970b) behels hierdie subfase 'n groeiende waardering vir die groep, inhoud en interpersoonlike verhoudinge, met 'n toenemende openhartigheid en gewilligheid om geken te wees. Dit gaan gepaard met die toereikendheidsgevoel en begrip teenoor andere. Laastens is daar 'n besef by groeplede van vermeerderde selfkennis en sensitiwiteit, belangstelling in die groepproses en 'n bewustheid van die belangrikheid van vaardigheidsvormende ervarings.

Die groepafrondingsfase word deur Berg en Landreth (1980) benoem as voorbereiding vir groepverlating. Weens die unieke groepeienskappe van ondersteuning, interafhanklikheid, gevoelsidentifikasie en gedragsversterking, mag groeplede skeidingsprobleme met die groep ervaar in die vorm van ontkenning of onttrekking. Gevoelens van optimisme en voltooiing behoort volgens Berg en Landreth (1980) angs en negatiewe gevoelens te oorskadu, wat deur die groepleier gehanteer behoort te word. Williamson (1982) sluit hierby aan deur te stel dat insigte wat verwerf is, in hierdie fase omgesit behoort te word in aksie.

3.5.2.2 Dinamika

Verskillende groepdinamiese perspektiewe beklemtoon uiteenlopende faktore van belang. Williamson (1982, p. 12) stel byvoorbeeld dat "the key ingredients for an effective group are the following: commitment, clarity, communication and cohesiveness". Ander sentrale aspekte wat op dieselfde trant geïdentifiseer word, is die mededeling van gevoelens

en probleme om die erns van die saak in perspektief te plaas (Smith, 1980d; Oppenheimer, 1983).

Yalom (1970, 1975) identifiseer tien herstellende faktore onderliggend aan groepeffektiwiteit. Hierdie elemente wat gebaseer is op konstrukte eie aan psigo-analise, leerteorie en opvoedkunde, sien as volg daaruit: die mededeling van informasie; die daarstelling van hoop; universaliteit; altruïsme; rekapitulasie van die primêre gesin; ontwikkeling van sosialiseringstegnieke; interpersoonlike leer; groepkohesie; nabootsing van gedrag en katarsis. In teenstelling met Yalom (1970, 1975) se geïdentifiseerde groepdinamiese faktore, stel Williamson (1982) groepdinamiese faktore voor, wat behels die daarstelling en spesifisering van groepdoelwitte en die toepaslike leierskapstyl, inligtingsuitruiling met betrekking tot doel, verwagtinge en reëls, sosialisering, egte onderlinge besorgdheid, bewustheid van problematiekuniversaliteit, vrye emosionele uitdrukking (katarsis), die informele daarstelling van reëls en norme, en die skepping van 'n atmosfeer van hoop.

Lakin (1976) postuleer ook dat sekere groepdinamiese sleutelprosesse voorkom wat, afgesien van groepleier- of groeplidkwaliteite, verantwoordelik is vir groepontwikkeling. Die identifisering en bewustheid van sodanige prosesse is belangrik met die oog op optimum ontwikkeling. Verskeie sodanige prosesse word vervolgens uiteengesit.

A. Kohesie

Traux (1961, p. 16) bestudeer groepkohesie-effekte en sy waarneming dui daarop dat "cohesion, long and central concept in the analysis of group psychotherapy: successful groups are cohesive ... These findings ... point to a variable unique to the group setting and one which is susceptible to external manipulation." Die konsep van groepkohesie word deur Lakin (1976, p. 59) beskryf as die "collective expression of personal belongingness" wat

aansluit by Yalom (1975) se omskrywing van groepkohesie as die onderlinge aantrekkingskrag wat groeplede in verhouding tot mekaar ervaar en openbaar.

Verskeie outeurs soos Dinkmeyer en Muro (1979), Ohlsen (1977), Shapiro (1978), Shaw (1976) en Yalom (1975) ondersteun Traux (1961) se stelling aangaande die belangrikheid van groepkohesie. Basiese navorsingsbevindinge aangaande groepkohesie dui op die volgende: kohesievlakke toon 'n direkte verwantskap tot die omvang en die kwaliteit van groepkommunikasie (Lott en Lott, 1961); interaksiepatrone en -inhoud is meer positief georiënteerd in hoë kohesiegroepe (Shaw en Shaw, 1962); hoë kohesiegroepe oefen 'n sterker invloed uit op groeplede (Wyer, 1966); groepdoelwitbereiking is meer effektief by hoë kohesiegroepe (Shaw, 1976) en daar bestaan 'n hoër mate van tevredenheid by hoër kohesiegroepe (Exline, 1957).

Lakin (1976) postuleer dat kohesie bepaal kan word deur die emosionele binding van groeplede tot die groeptaak sowel as die ander lede. Dit behels ook groepstabiliteit selfs onder frustrerende omstandighede en die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike verwysingsraamwerk tussen groeplede wat 'n verhoogde verdraagsaamheid van diverse doelwitte skep. 'n Hoë kohesiegroep behels volgens Gazda (1978) 'n stabiele en produktiewe groep wat redelik taak- of doelgeoriënteerd daar mag uitsien.

'n Volgende groepdinamiese sentrale entiteit aanvullend tot kohesie, word verteenwoordig deur groepnorme.

B. Norme

Normstelling is relevant deurdat dit ekwivalent is aan wat in die groep toelaatbaar is en verwag word met die gepaardgaande sanksies, waar normstelling implisiet of eksplisiet mag wees. Die groepleier dra aktief by tot die ontwikkeling van groepnorme, veral gedurende die aanvanklike

sessies. Leiergedrag en modellering mag volgens Gazda (1978) heelwat bydra tot die daarstelling van die groepinteraksienorme.

Met betrekking tot groepleierbetrokkenheid in hierdie verband stel Bonney (1969, p. 167) dat die groepleier "should assume an active though not highly directive part in the formation of the group norms. Ideally the setting of norms should emanate from the group itself ... The eventual acceptance of a group norm should ... be left to the consensus of the group and not forced by the leader, particularly in the early stages."

Indien groeplede betrokke is by die ontwikkeling van groepnorme, behoort daar 'n toegewydheid daarteenoor te bestaan. Die behoefte aan sosiale goedkeuring is in so 'n mate inherent aan die konformering van groepnorme dat groeplede oor die voordeel van sosiale druk sal beskik wat ondersteunend mag funksioneer in die geval van vaardighede aanwesig in die skepping van 'n gepaste intervensieklimaat. Lakin en Carson (1966) wys daarop dat die druk om aan groepnorme te voldoen, die groeptaak te fasiliteer en groepfunksies te onderhou, die doel dien om die individu te sosialiseer in die groep se spesifieke kultuur.

Opvolgend tot groepnorme word persoonlike persepsies en terugvoer beskou.

C. Persepsies en terugvoer

Lakin en Carson (1966) se bevindinge is dat heelwat persone probleme ervaar weens die aanwesigheid van nie-geldige self- en omgewingspersepsies. Deurdat beskouinge aangaande die self en ander gewoonlik georganiseer word as houdings, toon dit tipies weerstand teen verandering. Wanneer die groepproses terugvoer insluit op 'n vlak wat nie bevredigend is nie, maar steeds aanvaarbaar is, bestaan daar geleenthede

vir die verklaring van persepsiegeldigheid en houdingsontwikkeling.

Jacobs (1975) rapporteer die resultate van elf onafhanklike studies aangaande terugvoer in kleiner groepe. Die effekte blyk veral 'n impak te hê op die gesamentlike geldigheidsverklaring van persoonlike persepsies: positiewe terugvoer word gewoonlik deur betrokkenes beoordeel as meer geloofwaardig, gewens en met impak te wees. Informasiegeloofwaardigheid is 'n noodsaaklike maar nie noodwendig voldoende toestand vir houdings- en gedragsveranderinge nie. Negatiewe terugvoer is geneig om groepe af te takel. Jacobs (1975) stel metodes voor om die negatiewe effekte van terugvoer te verminder, deur eerstens informasie wat verwys na die gewenste verbetering en positiewe gedragstellings en positiewe affekassosiasies te voorsien. 'n Tweede metode behels die vermeerdering van terugvoerkredietwaardigheid deur die beklemtoning van oorsprongvoorsiening, en laastens die aanwending van positiewe of negatiewe volgordes wat oor die algemeen as 'n omgekeerde geheelvolgorde funksioneer.

'n Volgende groepdinamiese effektiwiteitskomponent behels emosionele onmiddellikheidsuitdrukking.

D. Uitdrukking van emosionele onmiddellikheid

Groepe wat in 'n atmosfeer van kohesie funksioneer, genereer emosionele ekspressiwiteit in deelnemers. Giges en Rosenfeld (1976) wys daarop dat gevoelsuitdrukking in groepverband, bewustheid, besluitneming en reaksie betrek. Affekbewustheid verkeer in 'n sikliese interaksie met groep- en individuele aksie. Meervoudige reaksies mag volg in respons op die generering van meervoudige interaksies. Beperkinge behoort egter op meervoudige gevoelsuitdrukking geplaas te word, om die voorkoms van destruktiewe kommunikasie te voorkom. Die besprekingsnorm verwant aan persoonlike groepstatusbekommernis skep 'n balans in gevoelsuitdrukking.

Emosionele uitdrukking dien die betrokke groeplid se belange. Waar pogings tot volle emosionele uitdrukking in kombinasie met die verskaffing van voldoende terugvoer aan die ander gewoonlik onsuksesvol is, beveel Giges en Rosenfeld (1976) aan dat 'n aanvanklike eensydige prioriteitskeuse 'n meer bevredigende gevoelsuitdrukking of ideëkommunikasie teweeg mag bring.

Aansluitend by emosionele onmiddelliksuitdrukking word probleempersepsies en -inhoude vervolgens beskou.

E. Probleempersepsies en -inhoude

Groepe skep 'n gemeenskapsmikrokosmos. In soverre die groep saamgestel is uit verskillende persone met uiteenlopende realiteitspersepsies, verkeer elke groeplid in die posisie om terugvoer te ontvang wat gebaseer is op wedersydse sowel as selfpersepsies, waar perseptuele konsensus as gemeenskapsverteenwoordigend aanvaar mag word. In die geval van problematiese gedrag is daar verskeie alternatiefgenererende groephulpbronne beskikbaar. In sodanige geval blyk groepbesluitneming meer effektief te wees, veral wanneer opponerende kragte toegelaat word om tot uitdrukking te kom.

F. Mag- en beïnvloedingsuitdrukking

Groepdeelname bied oor die algemeen leidende roltoetrede. Weens die wye verskeidenheid intra- en interpersoonlike probleme wat in groepe na vore mag tree, mag die wye verskeidenheid vaardighede groeplede die geleentheid gun om hulle invloed op die een of ander stadium uit te oefen. Persone wat daarna streef om te domineer of gedomineer te word, behoort sodanige lewenstyle te openbaar om hierdie gepaardgaande rolle te vervul in groepmilieu. Die groep voorsien dus veelvuldige magsperspektiewe en beïnvloedende transaksies.

G. Rolledifferensiasie

Afhangende van die heterogeniteit van groeplidmaatskap en doel, word heelwat groeprolle toegelaat wat ingeneem mag word. Lippet (1958) klassifiseer groeprolle in vier kategorieë naamlik dié van taak, groei, vitalisasie en teengroep wat elkeen verskillende rolle omvat. Taakrolle sluit in dié van inisieerder, informasieversamelaar, versterker, koördineerder, oriënteerder en evalueerder. Groeirolle behels dié van aanmoediger, harmoniseerder, standaardsteller, groepobserveerder en volgeling. Anti-groeprolle in die laaste plek sluit in dié van aggressor, blokkeerder en herkenningsoeker.

Weens die groot verskeidenheid rolle beskikbaar, mag groepdeelnemers met rolle eksperimenteer wat hulle graag wil uittoets, alhoewel groeplede dikwels in rolle stereotipeer waaruit groeplede in die geval van ongepaste rolle met ondersteuning mag wegbreek.

H. Intieme selfonthulling

Lakin en Carson (1966, p. 29) sinspeel op Jourard (1971) en Mowrer (1964) se gedagtes aangaande die interaksionele effekte van selfonthulling in groepkonteks, en stel dat "conflict is generated between self-disclosure needs ... with the advantages of confession, relief and expectation on the other hand, and the fear of disapproval and punishment for ones confessed weaknesses and inadequacies on the other". Volgens die konsepte wat deur Thibaut en Kelly (1959) voorgehou word, is hierdie prosedure van konflikoplossings geleë in koste- en beloningsaspekte. Volgens hierdie benadering beskik die groeplede oor keusevryhede aangaande beloningsverhoudinge. Individue met sterk affiliasiebehoeftes mag meer geneig wees tot selfonthulling. Oor die algemeen toon effektiewe groepe toenemende intimiteitsgevoelens.

Waar Osipow, Walsh en Tosi (1984) stel dat daar 'n algemene aanvaarding bestaan van die gedagte dat vertroulikheid 'n voorvereiste verteenwoordig in die ontwikkeling van vertroue en kohesie in groepberading, spreek dit vanself dat effektiewe groepdinamiese funksionering berus op voldoende vertroulikheid wat op 'n etiese wyse daargestel en onderhou word. 'n Aantal riglyne wat die saak van groepvertroulikheid aanspreek by wyse van beperkinge word deur Gazda (1978) voorgestel, wat die volgende insluit: groepliddata geskied slegs met die medewete van betrokkenes, en publikasie van groepnavorsingsdata behoort anoniem te geskied. Groeplede behoort ondersteun te word in die uitvoering van vertroulikheidsmaatreëls (Whitaker en Lieberman, 1964). Groepdeelname aan etiese vraagstukbespreking en -toepassing fasiliteer die bewustheid van die belangrikheid van vertroulikheid as 'n sleutelfaktor in die groepproses.

Met hierdie bespreking van intieme selfonthulling, aanvullend tot rolledifferensiasie, mags- en beïnvloedingsuitdrukking, probleempersepsies en -inhoude, uitdrukking van emosionele onmiddellikheid, persepsies en terugvoer, norme en kohesie, word die uiteensetting van dinamiese effektiwiteitsprosesse voltooi. In hierdie bespreking het dit periodiek geblyk dat die groepleier belangrike beïnvloedende insette te lewer het. Aspekte van groepleiersoptrede wat deel vorm van groepdinamiek word deur Johnson en Johnson (1975) beklemtoon. Aanvullend hierby word die taak van die groepleier ten opsigte van groepdinamika-fasilitering ook deur Egan (1975, 1976) gespesifiseer.

Waar die groepleier 'n bepalende rol speel ten opsigte van die dinamika van groepfunksionering met inagneming van die sentraliteit van groepdinamiese prosesse, ontstaan die behoefte om ondersoek in te stel na die rol van die groepleier ten opsigte van die aspekte van groepfunksionering.

In samehang met die beskouing van die groepdinamika en ontwikkelingsfases as prosesmatige en ontwikkelingsaspekte van effektiewe gestruktureerde lewensvaardigheidsgroepe, word daar in die volgende afdeling ondersoek ingestel na die rol van die groepleier.

Aspekte wat aandag geniet is die optrede van die groepleier en groepleiereienskappe.

3.5.2.3 Die rol van die groepleier

Die belangrikheid van die groepleier in die daarstelling en onderhouding van effektiewe groepfunksionering en -ontwikkeling word deur Coh (Berg en Landreth, 1980) en Yalom (1975) beklemtoon. Coh (Berg en Landreth, 1980) omskryf die groepproses as bestaande uit bystandsleiding onder leiding van 'n effektiewe voorligter met betrekking tot sosiale en persoonlike probleemoplossing.

A. Groepleieroptrede

Osipow, Walsh en Tosi (1984) wys op die volle betrokkenheid van die groepleier by die groepproses by wyse van onderrig, fasilitering, monitor en versterking van aangepaste groeplidgedragspatrone. Dit varieer, volgens Bordin (1968), op 'n kontinuum van objektiwiteit tot subjektiwiteit. Die groepleier behoort voortdurend kennis te neem van, en aan te pas by die uniekheid en groei van elke groepsituasie, die groep en die groeplede (Smith, 1980a). Groeplede benodig 'n sinvolle perspektief aangaande die groepverwante veranderlikes wat deur die groepleier voorsien mag word. Op gedragsvlak reflekteer die berader gevoelens (Osipow, Walsh en Tosi, 1984), belig verder opinies, interpreteer aksies, versterk positiewe gedrag, konfronteer en daag positiewe gedrag uit, en voorsien groepprosesperspektiewe. Tosi (1974) spel die funksies van groepgedragsveranderings van die groepleier uit as psigiese opvoeder, fasiliteerder van verandering en persoonlike groei, 'n monitor van verandering

of die groepproses en 'n gedragsveranderingsversterker, wat mag saamhang met groepdoelwitte.

Ohlsen (1977) beskou die groepleieroptrede as fasiliterend van aard in die voorbereidingsproses van groepverandering en behels die volgende: 'n verduideliking van verwagtinge, ondersteuning ten opsigte van verwagtingsveranderinge, ondersteuning ten opsigte van verantwoordelikheidsverandering, motiveringsversterking en realistiese doelwitbepaling.

Vereistes wat Johnson en Johnson (1975) aan die rol van die optimaal funksionerende groepleier stel, is as volg: uitnemendheid ten opsigte van die aanvaarding van navrae en ervaringsmetodes, die vasstelling van intrapersoonlike en interpersoonlike dinamiek, die beskikbaarstelling van begripfasiliterende konseptuele raamwerke, hulpverlening aan groeplede vir ervaringsbegrip, konstruktiewe terugvoer- en konfrontasie-aksies, probleemoplossingsinisiasie, emosionele ervaringsinterpretasie, blootstellingshantering, groepkonflikuitwysing en groei-aanwending, asook gedragmodellering. Aansluitend hierby word die taak van die groepleier deur Egan (1975, 1976) gespesifiseer: hy verskaf 'n gedragsmodel aan groeplede, gee voldoende aandag aan individuele groeplede, voorsien die openbaring van primêre akkurate empatie, respek, egtheid, konkreetheid, diepgaande akkurate empatie en onmiddellikheid: hy fasiliteer die aanwending van opbouende konfrontasie, die aanbieding van alternatiewe verwysingsraamwerke, toepassing en aanmoediging van selfopenbaring, die ondersteuning van groeplede, en die uitbouing van aksieprogramme. Die groepleier behoort met die verloop van die groepproses, met die oog op maksimum funksionering van groepeffektiwiteit primêr te fokus op die groepproses en -dinamika, eerder as die inhoud van die groep.

Nou verwant aan groepleieroptrede, is die eienskappe waaroor die groepleier beskik wat vervolgens aandag geniet.

B. Groepleiereienskappe

Traux en Carkhuff (1965) beskou effektiewe groepleiers as geïntegreerd, nie-defensief, opreg en daartoe in staat om te voorsien in 'n nie-bedreigende vertrouensatmosfeer deur hulle aanvaarding, versorging en nie-besitlike warmte teenoor die kliënt. Carkhuff (1969a) se aanbevelings aangaande die gewenste eienskappe van effektiewe groepleiers is gebaseer op heelwat navorsingsbevindinge (Carkhuff 1969b; Carkhuff en Berenson, 1967; Rogers, Gendlin, Kiesler en Traux, 1967 en Traux en Carkhuff, 1965). Daar word voorgestel dat die ideale groepleier behoort te beskik oor 'n hoë mate van fasiliterende of kerneienskappe van empatie, warmte en respek, sowel as meer aksie- en aktiwiteitsgeoriënteerde eienskappe van konkreetheid, opregtheid, gepaste selfonthulling, konfrontasie en onmiddellikheid. Die mees kritiese veranderlike met betrekking tot opleiding in groepverband, blyk die fasiliteringsvlak te wees waarop die groepleier funksioneer.

Verskeie outeurs (Dinkmeyer en Muro, 1979; Lieberman, Yalom en Miles, 1973 en Smith, 1975) brei op Carkhuff (1969a) se werk uit. So byvoorbeeld postuleer Williamson (1982) 'n samestelling van effektiewe leiereienskapseenhede wat as gepas beskou word met die verskillende fases van die verloop in die groepontwikkelingsproses waar daar hoofsaaklik van Carkhuff (1969a) se oorspronklike konstrukte gebruik gemaak word. Williamson (1982) stel dat die volgende leiervaardighede gedurende die groepontwikkelingsaanvangsfase van belang is: vriendelikheid en 'n egte besorgdheid; vaslegging van die groepstyl deur te luister, te reageer en leiding te gee; genoegsame aandag aan elke groeplid; basiese empatie; 'n diepgaande ervaring en openbaring van egtheid, openlikheid, spontaniteit, respek, konkreetheid en effektiewe kommunikasie. Gedurende die middelfase van groepontwikkeling tree die volgende kritieke aanvullende vaardighede na vore: diepgaande empatie, verbalisering van die geïmpliseerde boodskap; verbandlegging; uitwysing van

logiese gevolgtrekkings; samevatting van sentrale gedagtes; behoud van versigtigheid en empatie; opbouende konfrontasie (selfbegrip en gedragseffekbegrip); handhawing van interpersoonlike verhoudinge in groepverband; die generering van alternatiewe; fasiliterende doelgerigte selfopenbaring en kommunikasie in doelgerigte terme. Gedurende die groepontwikkelingsafrondingsfase voeg Williamson (1982) verdere onontbeerlike vaardighede toe. Dit behels die vermoë om aksieplanne te fasiliteer en te ontwikkel; ondersteuning, asook die toewysing en grensbepaling van groeplidverantwoordelikheid as eie aan die groeplede.

Die groepleier behoort daartoe in staat te wees om duidelik te kommunikeer, konstruktief te konfronteer, kritiese terugvoer te fokus op die taak ter hand en begrip van die kompleksiteit van die groepproses te openbaar. Die groepleier behoort ook 'n gewilligheid te openbaar om te bly by die vasgestelde doelwit en om beheer uit te oefen oor aangepaste groeptegnieke en -aktiwiteite, met die mikpunt om die prosedure en styl te laat varieer wat aangewend word in die doelbereiking soos deur groeptoestande gedikteer word.

Williamson (1982) stel dat die keuse van die groepleier en die spesifieke leierskapsbenadering nou aansluit by groepdoelstellings. Leierskapsvaardighede gedurende die verskillende groepontwikkelingstadia behoort beskou te word teen die agtergrond van die relevante groepleierdoelwitte. Groepleierdoelwitte gedurende die aanvangstadium behels hulpverlening met die insluiting van groeplede, die fasilitering van 'n ondersoekende houding en die taak om elke groeplid belangrik te laat voel, en die motivering van groeplede om herhaaldelik groepsessies by te woon. Groepleierdoelwitte onderliggend aan groepleiervaardighede eie aan die daaropvolgende groepontwikkelingsfases, behels die oordra van sommige kontrolerende groepverantwoordelikhede, die integrasie van gesprekdeelnemers en -inhoud, 'n begrip van groeplede en -dinamika, die handhawing van beide 'n geheel- en individuele perspektief en aanmoediging, die

vermoë om aksieplanne te fasiliteer en te ontwikkel, ondersteuning en die toewysing van die afgebakende groep-verantwoordelikhede aan onderskeie groeplede, en laastens die hantering van skeidingsprobleme.

Met hierdie beskouing van groepleiereienskappe aanvullend tot groepleieroptrede, as synde die rol van die groepleier in samehang met temas soos dinamika en die groepontwikke-lingsproses, word die bespreking van prosesmatige en ontwikkelingsaspekte in opeenvolging tot die inhoudelike en strukturele aspekte van effekgestruktureerde vaardigheids-groepe voltooi. Prosesmatige ontwikkelingsaspekte in 'n struktuur met inhoud impliseer noodwendig groei en verandering. Dit laat 'n vraagstuk ontstaan rondom prosesse van leer wat by groepwerk aanwesig is, wat in die volgende afdeling in oënskou geneem word.

3.5.3 Leerprosesse in groepe

3.5.3.1 Inleiding

'n Aantal uiteenlopende gevorderde groepleerprosesmodelle word vanuit verskillende teoretiese perspektiewe in die Sielkunde voorgestel deur 'n aantal outeurs soos Archer (1974), Bandura (1977), De Julio, Lambert en Bentley (1977), Diamond (1974), Haley (1978), Harrison en Lubin (1965), Jacobs, Jacobs, Cavior en Burke (1974), Jacobs (1975), Gibbard, Hartman en Mann (1974), Kemp (1975), Kolb en Fry (1975), Perls, Hefferline en Goodman (1951), Schein en Bennis (1965), Smith (1971, 1976, 1980a en 1980c) en Watzlawick, Beavin en Jackson (1967). In 'n poging om die sentrale gemeenskaplike effektiwiteitselemente van groep-leerprosesse te identifiseer, veral ten opsigte van die werke van Harrison (1965), Kemp (1970), Langer (1978), Perls, Hefferline en Goodman (1951), Schein en Bennis (1965), Smith (1971, 1976, 1980a en 1980c), Storms (1973), Storms en McCaul (1976), Strong (1970) asook Valins en Nisbett (1971), word die volgende geïdentifiseer, naamlik:

leer geskied onder die omstandighede van die ontvangs van 'n ondersteunende en konfronterende boodskap deur die leerder. Hierdie leerproses stel die persoon in staat om persoonlike verantwoordelikheid vir aksies te aanvaar om daartoe bevoeg te wees om veranderinge oor die langtermyn te handhaaf. Individue verleen ook aandag aan hulle eie gedrag in 'n groepervaring wat as oorwegend aangenaam ervaar word.

Hierdie pogings tot abstraksie van die gemeenskaplike komponente van groepleerprosesse blyk onvoldoende te wees vir aanwending binne die verband van hierdie studie. Daar word onvermydelik 'n keuse gemaak tussen die onderskeie benaderings tot leerprosesse. 'n Deeglike ondersoek van die literatuur in hierdie verband, en 'n versigtige oorweging van die alternatiewe benaderings wat aangebied word, gee aanleiding tot die keuse van die ervaringsleerbenadering (Boydell, 1976; Kolb, 1981 en Mazon, 1973). Hierdie ervaringsleerteorieë word vervolgens op sigself en in 'n geïntegreerde samestelling beskou.


Boydell (1976) se voorstelling van ervaringsleer geniet eerstens aandag.

3.5.3.2 Ervaringsleer volgens Boydell (1976)

Boydell (1976) postuleer dat ervaringsleer in 'n onderrigsituasie geskied danksy die daarstelling van 'n leergemeenskap. Boydell (1976) stel verskillende opeenvolgende stappe voor waarvolgens sodanige leergemeenskap tot stand mag kom. Hierdie stappe word in Figuur 3.1 voorgestel.

Uit Figuur 3.1 blyk dit dat die eerste stap in die daarstelling van 'n leergemeenskap die skepping van 'n toepaslike klimaat is. Boydell (1976) wys op die problematiek wat met hierdie proses gepaard gaan. Waar 'n groepmilieu ter sprake is, sou aanvaar kon word dat aanvaarding, warmte, respek, vertroue en ondersteuning in groepverband heelwat sou bydra tot die toepaslike klimaat.

'n Tweede stap behels behoefte-identifisering en dus gepaardgaande doelwitstelling met behulp van tegnieke soos rollespel en die herroeping van onlangse alledaagse problematiek. Stap drie behels die identifisering van leerbronne wat gevolg word deur behoeftebevrediging deur middel van die aanwending van geïdentifiseerde leerbronne. 'n Laaste stap tot die totstandkoming van 'n ervaringsleergemeenskap behels evaluering wat deurlopend behoort te geskied deurdat behoeftes deurlopend verander.




FIGUUR 3.1: STAPPE IN DIE TOTSTANDKOMING VAN 'N ERVARINGSGEMEENSKAP

In hierdie afdeling is ervaringsleer volgens die uiteensetting van Boydell (1976) beskou. Mazon (1973) se ervaringsleermodel word in die volgende afdeling uiteengesit.

3.5.3.3 Ervaringsleer volgens Mazon (1973)

Mazon (1973) se ervaringsleermodel word in Figuur 3.2 voorgestel.



FIGUUR 3.2: DIE ERVARINGSLEERSIKLUS VOLGENS MAZON

Uit Figuur 3.2 blyk die volgende: stap 1, en dus die ervaringsiklus in geheel, neem 'n aanvang met 'n ervaring wat gevolg word deur nadenke, bespreking, analise en 'n erva-

ringsevaluering, waar Mazon (1973) ervaring wyd definieer en die belangrikheid van die evaluering beklemtoon. Die evalueringsproses blyk meer effektief te wees in 'n veelvuldige perspektiefskeppende groepverband, gemeet aan persoonlike groepgeverifieerde doelwitte, kriteria en verwagtinge. Die produkte van hierdie proses word vervolgens in die individu se konstruksiesisteem van die wêreld gekonseptualiseer, gekombineer en geïntegreer. Bykomende inligting of insigte noodsaak die modifisering, uitbreiding of herstrukturering van gevormde konsepte, waarna dit moontlik is om nuwe konsepte in verband met die totale konsepsisteem te bring, en te veralgemeen na vorige of toekomstige ervarings.

Voorafgaande prosesse laat onvolledige en onvoltooide aspekte na vore tree soos inisiële ontwikkelingsidees, onbeantwoorde vrae, onopgeloste probleme en ongeïdentifiseerde problematiek of behoeftes. Om sodanige doelstellings te bereik, word aksieplanne geformuleer wat deeglik beplan en voorberei word, insluitende die bemeestering van aanvullende vaardighede. Leerbronne word geïdentifiseer waaruit ervaring, probleemoplossingsvaardighede of bykomende informasie geput kan word.

Uitstaande kenmerke van Mazon (1973) se uiteensetting van ervaringsleer, relatief tot ander ervaringsleermodelle, behels ervaringsverwekking aan die hand van persoonlike doelwitte, konseptualiseringskontrole, kognitiewe hipoteseformulering en -toetsing, asook optredebeplanning en doelstellings.

Opvolgend tot die beskouing van ervaringsleer volgens Mazon (1973) word 'n meer omvattende ondersoek ingestel na die ervaringsleermodel van Kolb (1984).

3.5.3.4 Ervaringsleer volgens Kolb (1984)


Hierdie leerperspektief is duidelik gekoppel aan die kognitiewe beskouings van Dewey (1958) en Piaget (1978), deurdat

die sentrale rol van ervaring in die leerproses beklemtoon word. Aspekte wat opeenvolgend onder bespreking kom, is die leerproses, individualiteit ten opsigte van leer en leerstyle, die leerstylvraelys en leerstyle, 'n voorspellingsmodel en leerstylintegrasie, ervaringsleer in menslike ontwikkeling, en 'n saamgestelde leer- en opleidingsproses volgens Meyer (1985).

A. Die leerproses

Kolb (1984) wys op die volgende onderskeidende kenmerke van die ervaringsleerbenadering, naamlik dat leer die beste beskryf word as 'n voortdurende proses wat ingebed is in ervaring. Die leerproses omvat onder meer die oplossing van konflikte tussen didaktiese opponerende wêreldaanpassingsmodes tot 'n holistiese geheel, en kennisskeppende leer betrek transaksies tussen die persoon en die wêreld.

Leer word deur Kolb (1981, 1984) as 'n proses beskryf in terme van die ervaringsleersiklus wat in Figuur 3.3 voorgestel word.



FIGUUR 3.3: DIE ERVARINGSLEERSIKLUS VOLGENS KOLB

Volgens die ervaringsleersiklus wat in Figuur 3.3 voorgestel word, neem die leerproses 'n aanvang deurdat 'n onmiddellike konkrete ervaring plaasvind. Die verwerking van hierdie ervaring geskied by wyse van interpersoonlike interaksie, denke en waarneming aangaande die ervaring en die interpretasie van die situasie. 'n Samehangende teorie word gevorm wat gegrond is op 'n samevoeging van die waargenome verbande, perspektiewe en beginsels, waaruit hipotesestelling en toetsing voortspruit wat gedragsriglyne neerlê. Gedragsresultate word geëvalueer op grond van omgewingsterugvoer met behulp waarvan leer bevestig of gewysig word.

Kolb (1984, p. 38) verskaf 'n benaderingsamevatting deur te stel dat "learning is a process whereby knowledge is created by the transformation of experience". Sentrale begrippe wat in hierdie leeromskrywing na vore tree, is die proses en transformasie by wyse van konseptualisering. . Kognitiewe struktuurtransformasie staan volgens Kolb (1984) sentraal in voortgesette kennisopname en betekenisverpersoonliking.


Die leerproses van ervaringsleer het aandag geniet in hierdie afdeling. Vervolgens word individualiteit ten opsigte van leer en leerstyle beskou.

B. Individualiteit ten opsigte van leer en leerstyle

Kolb (1976a, 1984) maak in sy model voorsiening vir individuele verskille deur die daarstelling van leerstyle, wat die wyse verteenwoordig waarop individue in leersituasies optree. Carlsson, Keane en Martin (1976) postuleer dat die sterk- en swakpunte eie aan elke styl tot gevolg het dat sommige individue slegs voorkeur gee aan 'n enkele dimensie van die leersiklus.

Die vier fases van Kolb (1976a, 1984) se leersiklus word in twee kontinue dimensies geplaas, naamlik optrede-waarneming en gevoel-denke, wat in Figuur 3.4 voorgestel word.

In Figuur 3.4 word die dimensies van die leersiklus van aktiewe eksperimentering (gedrag) teenoor nadenke en waarneming (persepsie) op 'n horisontale as geplaas. Ervaring (affek) word teenoor abstrakte begripvorming (kognisie) op 'n vertikale as reghoekig tot die horisontale as geplaas.



FIGUUR 3.4: LEERSIKLUSDIMENSIES


'n Verdere saak van belang is die leerstylvraelys en leerstyle.

C. Die leerstylvraelys en leerstyle

Om enige verband tussen die vier pole van die twee voorgestelde dimensies te bepaal, het Kolb (1976a, 1984) 'n vraelys gekonstrueer. Uit hierdie vraelys blyk dit dat individuele leergedrag gekenmerk word deur dominante leersiklus-dimensiekombinasies, wat in Figuur 3.5 voorgestel word.

Uit Figuur 3.5 blyk dit dat Kolb (1976a, 1984) die volgende benaminge aan die onderskeie dominante kombinasies heg,

naamlik divergeerders (ervaring en waarneming), assimileerders (nadenkende waarneming en abstrakte begripvorming), konvergeerders (abstrakte begripvorming en aktiewe eksperimentering), en laastens akkommodeerders (aktiewe eksperimentering en konkrete ervaring). Eiesoortige positiewe en problematiese leereienskappe word aan elke leerstyl toegedig.



FIGUUR 3.5: DIE VIER LEERSTYLE VAN DIE ERVARINGSLEERSIKLUS

Divergeerders se sterkpunte behels gewoonlik verbeeldingrykheid, skeppendheid, emosionele reaksies, 'n positiewe mensingesteldheid, 'n vraagstukvisie vanuit uiteenlopende perspektiewe, die generasie van nuwe idees en die deelname aan denkskrums. In die geval van vraagstukbeskouing is hierdie persone dikwels tevrede met 'n oorsigtelike geheelbeeld. Divergeerder-leerwysetekorte is ten opsigte van teoretisering, 'n analitiese benadering met 'n enkele hipotesestelling, 'n eksperimentele benadering wat hipotese-

toetsing behels, en 'n indringende ondersoek en vergelyking van verskillende probleemoplossingsuitgangspunte.

Assimileerders teoretiseer logies samehangend oor inligting wat verkry is uit die waarneming en denke van ander se optrede. Hierdie persone toon egter nie 'n belangstelling in hipotesestelling en -toetsing gebaseer op geformuleerde teorieë nie. Deelname aan gevoelsmatige konkrete ervarings word sover moontlik vermy. Konvergeerders is sterk analities georiënteerd en is effektief daartoe in staat om hipoteses uit teorieë te formuleer en te toets. In hierdie proses is die konvergeerders egter geneig om eng te werk en perspektief in te boet, waar belangstellings eerder rondom feite en syfers as mense sentreer.

Akkommodeerders, in die laaste plek, verleen voorkeur aan aktiewe impulsiewe optrede en reageer dikwels op intuïsie. Hierdie persone funksioneer veral effektief in situasies wat onmiddellike omgewingsaanpassing vereis. Sistematiese funksioneringsaanpassing op grond van omgewingsterugvoer geskied nie. Wat die insameling van inligting betref, maak akkommodeerders heelwat staat op andere ten koste van hulle eie analitiese vermoëns.

Ten spyte van die bruikbaarheid daarvan, word daar heelwat kritiek uitgespreek teenoor die verskillende leerstyle en leerstylvraelys, veral ten opsigte van betroubaarheid en geldigheid. Hierdie leerbeskouing skep moontlikhede vir die voorspelling van leer wat vervolgens aandag geniet.

D. 'n Leervoorspelling en leerstylintegrasie

Die positiewe eienskappe van die verskillende leerstyle gaan ook gepaard met die enkele verskillende leerstyle wat ook eiesoortige minder ideale kenmerke impliseer. Die bereiking van 'n ideale leerstylintegrasie met die oog op maksimale positiewe benutting, is geleë in die aanbieding van die

leerproses by wyse van die verskillende opeenvolgende leerstyle (Kolb, 1976b; Mark en Mensen, 1982 en Sims, 1983).

Tegnieke vir die bevordering van die ideale geïntegreerde leerstylsituasie word deur Kolb (1976b, 1981 en 1984) voorgestel. Vir die stimulasie van konkrete ervaring is die volgende aspekte in die leersituasie noodsaaklik, naamlik 'n fokus op onmiddellike ervarings, legimitering van affektiewe uitdrukking, verhoogde verpersoonlikheidsvlakke, en dubbelsinnige of twyfelagtige gestruktureerde situasies. Nadenke en waarneming kan bevorder word deur middel van waarnemingsgeleentheid vanaf leerstof vanuit verskillende perspektiewe, tyd tot nadenke of nadenkende rolvertolking, en 'n komplekse meervoudige waarnemingsraamwerk. Aspekte wat abstrakte begripvorming stimuleer, is die beklemtoning van konsepherroeping, logika- en afleidingsreële wat optrede en denke rig, situasiestrukturering ten opsigte van sekerheidsmaksimisering, en vakkennisinsette. Laastens mag eksperimentering bevorder word deur verantwoordelikheid vir eie leerdoelwitstelling, leerdergedragsgeïniseerde omgewingsresponse en geleentheidskepping vir daadwerklike risikoneming.

Carlson, Keane en Martin (1976) en Schroeder (1983) sluit aan by Kolb (1976a, 1981 en 1984) se suggesties deur 'n verskeidenheid praktiese voorstelle waaruit geselekteer kan word in die aanbieding van die leerproses ter bevordering van leerstylintegrasie. Konkrete ervaringsbevorderingstegnieke behels rollespel, indiensopleiding, ervaringsoefeninge, stimulasie-oefeninge, ideëberaad, nadenke, literatuurstudie, algemene konsultante en besoeke. Tegnieke om nadenke en waarneming te bevorder, sluit die manipulasie van data, lesings, denke, sistematiese waarneming en oudiovisuele materiaal in. Abstrakte fasiliteringswyses van begripvorming betrek deskundige konsultante, handboeke, inligting vanaf die groepleier, opleidingshandleidings en rekenaarmodelle. Laastens kan aktiewe eksperimenteringsvaardighede bevorder word deur tegnieke soos eksperi-

mentering, probleemoplossingsopdragte, aksieplanne, geprogrammeerde instruksies en laboratoriumoefeninge. Hierdie aanbevelings ten opsigte van die besluituitbouing en integrasie word verder deur Fry (1978) uitgebou en verfyn deur die proses te spesifiseer in terme van doelwitte, primêre fokus, die aard van terugvoer en belonings en die rolle van die leerder en die groepleier.

In hierdie afdeling is daar aandag gegee aan leervoorspelling en leerstylintegrasie. Ervaringsleer en menslike ontwikkeling word in die volgende afdeling beskou.

E. Ervaringsleer en menslike ontwikkeling

Leer kan as 'n basiese sentrale lewenstaak en sentrale proses van menslike ontwikkelingsaanpassing by die interpersoonlike en intrapersoonlike omgewing beskou word, aangesien ervaringsleer poog om die verskyning van basiese lewensbenaderings toe te skryf aan dialektiese spanning tussen verskillende wêreldaanpassingswyses. Hierdie uitbouing van Kolb (1981, 1984) se basiese model maak voorsiening vir menslike psigiese, intellektuele en gedragsgroei. Volgens hierdie benadering verteenwoordig leer 'n primêre determinant van die patroon van persoonlewensontwikkelings wat 'n toenemende relativisme en kompleksiteit ten opsigte van individuele ervarings en lewenshantering vertoon, waar hoërvlakintegrasie en dialektiese konflikte tussen die vier basiese leerstyle of lewenshanteringswyses geskied.

Die persoon se vermoë om affektiewe kompleksiteite te hanteer, lê die grondslag vir die hantering van 'n magdom opeenvolgende interne en eksterne gevoelenstoevoer. Perseptuele kompleksiteithantering stel die individu in staat om in groepverband te funksioneer en van andere te leer. Hanteringsvaardighede met betrekking tot simboliese kompleksiteit behels intellektualisering, abstrahering en veralgemening wat verhoed dat situasies telkens as nuut en bedreigend ervaar word. Vrylik-aktiewe en selfs riskante


gedragseksperimentering verskaf onontbeerlike terugvoer aangaande vordering in persoonlike leer en ontwikkeling wat die persoonlike beskikbare gedragsrepertorium vergroot, en dus herhaaldelike aanpassing in vreemde en sosiale ontwikkelingsituasies vergemaklik.

Voorafgaande bespreking aangaande ervaringsleer en menslike ontwikkeling voltooi die beskouing van Kolb en Fry (1975) se ervaringsleermodel, as aanvullend tot die benaderings van Mazon (1973) en Boydell (1976). Ervaringsleer as 'n model van leer is geselekteer as die vertrekpunt van die beskouing van leer- en dus opleidingsprosesse vir die doeleindes van hierdie studie. Meyer (1985) volg 'n soortgelyke ervaringsleergegronde benaderingswyse in die integrasie van 'n effektiewe saamgestelde leer- en opleidingsproses teen 'n ontwikkelingsagtergrond. Aspekte van sodanige saamgestelde model sou sinvol binne die raamwerk van hierdie studie verreken kan word. Meyer (1985) se saamgestelde leer- en opleidingsproses kry aandag in die volgende afdeling.

F. 'n Saamgestelde leer- en opleidingsproses volgens Meyer (1985)

Meyer (1985) se saamgestelde leer- en opleidingsproses berus benewens ervaringsbenaderings tot leer (Boydell, 1976; Fry, 1978; Kolb, 1976a, 1984 en Warnath et al., 1973) op verskeie ander teoretiese inhoude soos uiteengesit deur Carlsson, Keane en Martin (1976), Entwhistle (1978), Harvey, Hunt en Schroder (1961), Hudson (1966), Kagan (Krumboltz, 1965), Mark en Mensen (1982), Mosel (1964), Pask (1976), Piaget (1978) en Witkin (Messick, 1976).

Die geïntegreerde leer- en opleidingsproses van Meyer (1985) wat uit nege stappe bestaan, word in Figuur 3.6 uiteengesit.



FIGUUR 3.6: DIE GEÏNTEGREERDE LEER- EN OPLEIDINGSPROSES VAN MEYER

Hierdie leerproses wat die emosionele, sosiale, intellek-lektuele, etiese en gedragskomponente op intra- en inter-persoonlike vlakke van die persoon sinvol integreer, word deur die groeplede onder leiding van die groepleier deurloop tot ontwikkelingsoptimalisering. Deeglike voorafbeplanning betrek aspekte soos die betrokkenes se ontwikkelingstatusse, ontwikkelingsmikpunte, die beoogde ontwikkelingsfases met gepaardgaande leersiklusse, leersiklusstapdoelstellings en opeenvolgende leersiklus-stimulasiesituasies wat op situasie-analises gegrond is.

Leer- en onderrigintegrasie neem 'n aanvang wanneer groep-lede aan die stimulussituasie blootgestel word wat weens die ervaring van 'n leemte, probleem of tekortkoming wat on-toereikendheidspanning laat ontstaan en motivering aanwakker om hierdie spanning op te los. Spanningsverligting word deur die groepleier geïnisieer deur middel van die aanbieding van die ontwikkelingsverloop en ontwikkelings-uiteinde as oorkoepelende leerdoel plus spesifieke leer-siklusdoelwitte. 'n Volgende stap behels 'n subtiel-gerigte groei-ervaring gebaseer op 'n groepbespreking met gepaard-gaande inligtinginwinning, perspektiefverkryging en die uitvoering van verbande en verskille tussen vorige en huidige ervaringe en 'n proses van konseptualiseringsvoor-bereidings. Konseptualiseringsmotivering geskied by wyse van die groepbesprekingsatmosfeer en inhoud. Die konsep-tualiseringsproses behels die differensiasie van verwerkte en onverwerkte konsepaspekte, verbandlegging tussen bekende en onbekende materiaal, ervarings- en materiaalintegrasie by hierdie kognitiewe strukture, asook die aanpassing van hui-dige strukture by nuwe inhoudelike insette. In die konsep-tualiseringsproses vertolk die groepleier 'n meer direktief-kontrolerende rol. Gewenste gedrag word ook duidelik deur die groepleier gespesifiseer met die fase van hipotese-seleksie en toetsing, waartydens selfregulering ook sterker na vore behoort te tree met die oog op toenemende groepselfstandigheid en redenasie-onvoldoendheidbepaling.

Tydens die opvolgende stap van die beplanning van verdere optrede, word die groepleier se rol gereduseer tot waarnemer, waartydens die groeplede ervaringsverwerking behoort te illustreer deur gedragseleksie in ooreenstemming met die aard van etiese en intellektuele ervaringsverwerking. Hierdie gedrag kom tot uiting in die volgende stap wat gevolg word deur 'n interpretasie van hierdie gedrag. Hierdie gedragsuiting mag, indien dit as toepaslik en effektief geëvalueer word, verwerp word. In laasgenoemde geval stel Meyer (1985) dat daar, afhangende van die aard van terugvoerprosesse, weer eens van vooraf begin word op die vlak van doelstellings, konseptualisering, kognitiewe hipotesestelling en toetsing of selfs die beplanning en uitvoering van optrede. Voldoende bemeestering van enige vorige stappe mag gedrag effektief laat geskied of 'n keusevoldoendheid laat figureer met die regstelling van verdere ontbrekende vaardighede deur middel van aanvullende gedragsoefening en vorming, waartydens die groepverwysingsraamwerk en groepleier 'n belangrike rol kan speel. Gedragsresultate vorm herhaaldelik die beplanningsfasebasis van die ontwikkelingsleersiklus.

Die voorafgaande bespreking aangaande die saamgestelde leer- en opleidingsmodel van Meyer (1985), aanvullend tot ervaringsleer en menslike ontwikkeling, 'n leervoorspelling en leerstylintegrasie, die leerstylvraelys en leerstyle, individualiteit ten opsigte van leer en leerstyle en die leerproses, voltooi die beskouing van ervaringsleer volgens Kolb (1984). Aanvullende ervaringsleermodelle wat bygedra het tot die beskouing van leerprosesse in groepe, is die van Mazon (1973) en Boydell (1976).

Met die bespreking van groepleerprosesse, in samehang met ontwikkelings-, prosesmatige, strukturele en inhoudelike aspekte, word daar volstaan met die effektiwiteitselemente van gestruktureerde sosiale interaksievaardigheidsgroepe. Verdere aspekte wat ter sprake gekom het, is benaderings tot

groepwerk, evaluering van groepwerk, en omskrywings van groepwerk.

Waar effektiwiteitselemente van gestruktureerde lewensvaardigheidsgroepe as gepas vir die doeleindes van hierdie studie geïdentifiseer is, blyk dit dat die groepleier ten alle tye 'n bepalende rol speel in groepintervensie-effektiwiteit. Dit is volgens L'Abate en McHenry (1983) belangrik vir beraders wat betrokke is by huweliksintervensies op groepvlak, om bewus te wees van 'n persoonlik-onderliggende waardesisteem aangaande die huwelik, deurdat dit sentraal staan ten opsigte van hanteringsdoelwitte en -wyses.

3.6 SAMEVATTING


Inleidend tot hierdie hoofstuk is opeenvolgende stellings geformuleer wat figureer wanneer die doelstellings van hierdie studie inaggeneem word. Hierdie stellings behels onder meer: die term "groepwerk" dui op 'n spesifieke verskynsel; hierdie intervensiebenadering hou definitiewe voordele en nadele in; uiteenlopende benaderings tot groepwerk kan geïdentifiseer word, waarvan sommige meer gepas is vir die doeleindes van hierdie studie; sekere elemente van groepwerk word geassosieer met 'n meerdere mate van effektiwiteit, en daar is prosesse in groei aanwesig waaraan die genoemde effektiwiteitsaspekte toegeskryf kan word.

Opvolgend tot die uiteensetting van egpaarinteraksie-intervensies is daar voortgegaan met die bespreking van omskrywings van groepe, die evaluering van groepwerk in terme van voor- en nadele, benaderings tot groepwerk insluitende groepwerk in die algemeen, gestruktureerde groepe en demokratiese opleidingsgroepe, effektiwiteitselemente van gestruktureerde lewensvaardigheidsgroepe ten opsigte van inhoudelike en strukturele, prosesmatige en ontwikkelingsaspekte, en leerprosesse in groepe. Waar die groepleier 'n bepalende rol speel in hierdie prosesse, behoort sodanige persoon se beïnvloedende onderliggende waardesisteem

aangaande die huwelik uitgespel te word. Hierdie onderliggende waardesisteem met betrekking tot die oplossing van die problematiek van hierdie studie geniet aandag in die volgende hoofstuk.

Met die voorafgaande samevatting word daar met hoofstuk 3, 'n praktykgeoriënteerde agtergrond tot die probleem, volstaan. Met die uiteensetting van hoofstuk 3 word die bespreking van die agtergrond tot die probleem (afdeling II) van hierdie studie voltooi. Ander hoofstukke wat in hierdie afdeling (II, agtergrond tot die probleem), aandag geniet het, is hoofstuk 2 ('n praktykgeoriënteerde agtergrond tot die probleem, egpaarinteraksie-intervensies) asook hoofstuk 1 ('n teoretiese agtergrond tot die probleem, egpaarinteraksie-intervensies).


Waar die agtergrond tot die probleem van hierdie studie uitgespel is, ontstaan die behoefte om te kyk na moontlike strategieë waardeur die probleem moontlik opgelos kan word. Voordat hierdie behoefte egter nagestreef kan word, is dit noodsaaklik om eers aandag te gee aan 'n doel wat oorkoepelend in gedagte gehou kan word wanneer werkswyses ter sprake kom. In die volgende afdeling wentel dit in die verloop van hierdie studie rondom doelwittaksering, te wete 'n ideaalbeeld en onderliggende waardesisteem ten opsigte van die probleem.


Resultate en interpretasie
Metode van ondersoek
EVALUERING VAN DIE PROBLEEMOPLOSSING
TERUGVOER
Teoretiese oplossing
Praktyk-oplossing
OPLOSSING VAN DIE PROBLEEM
STRATEGIE
Die Christenhuwelik
'N IDEAALBEELD EN ONDER-LIGGENDE WAARDESISTEEM T.O.V. DIE PROBLEEM
DOEL
AGTERGROND TOT DIE PROBLEEM
VLAK VAN FUNKSIONERING
Teoreties:
Ontwikkelingsperspektief tot egpaarinteraksie
Praktyk:
Egpaarinteraksie-ontwikkelingsinter-vensies aanwending

AFDELING III : DIE IDEAALBEELD EN ONDERLIGGENDE WAARDESISTEEM TEN OPSIGTE VAN DIE PROBLEEM

In die uiteensetting van die raamwerk vir die verloop van hierdie studie word die volgende opeenvolgende aspekte voorgestel, naamlik: afdeling II, agtergrond tot die probleem; afdeling III, 'n ideaalbeeld en onderliggende waardesisteem ten opsigte van die probleem; afdeling IV, oplossing van die probleem en afdeling V, evaluering van die probleemoplossing.

In die vorige afdeling (II, hoofstukke 1 tot 3), is daar gehandel met die agtergrond van die probleem. Hierdie afdeling maak gewag van die ideaalbeeld en die onderliggende waardesisteem ten opsigte van die probleem by wyse van die voorstelling van hoofstuk 4 - die Christenhuwelik.



HOOFSTUK 4

'N DOELMATIGE PROBLEEMTEMA : DIE CHRISTENHUWELIK

4.1 INLEIDING

'n Teoretiese verkenning en voorstelling ten opsigte van egpaarinteraksie-ontwikkeling is as 'n aanvanklike doelstelling van hierdie studie geïdentifiseer.

In hoofstuk 1 (afdeling II, agtergrond tot die probleem), word die bereiking van hierdie doelstelling nagestreef by wyse van 'n ontwikkelingsperspektief. Die beskouing van die ontwikkelingsagtergrond omsluit onder meer die beskrywing van 'n inter- en intrapersoonlike egpaarontwikkelingsontplooiing eie aan die onderskeie gepaardgaande gesinsontwikkelingsmomente. Hieruit blyk dit dat verskillende faktore die gewenste huweliksintimiteit en -bevrediging kompliseer gedurende die opeenvolgende egpaarontwikkelingstadia, wat 'n voortdurende versterking van die huweliksverhouding noodsaak.

'n Tweede doelstelling van hierdie studie behels 'n praktykgeoriënteerde bepaling met betrekking tot egpaarontwikkelingsintervensies en toepassing. Ter verwesenliking van die deurlopende huweliksuitbouingsbehoeftes, word daar in hoofstuk 2 (afdeling II) 'n ondersoek gedoen na die agtergrond van die probleem. Dit sentreer rondom die aanwending van voorkomende interpersoonlike vaardigheidsmetodes. In hierdie ondersoek is daar onder meer klem gelê op verryking en kommunikasie-opleiding in die vorm van gestruktureerde groepprogramme. Met die oog op optimale aanwending van die groepproses in groepintervensieprogramme, word daar in hoofstuk 3 (afdeling II) indringend aandag geskenk aan groepwerk. Sake wat in hierdie verband beskou is, behels groepwerkomskrywings, 'n effektiwiteitsevaluering, groepwerkbenaderings, effektiwiteitselemente van lewensvaardig-

heidsgroepe asook groepleerprosesse. Die effektiwiteits-bepalende rol van die groepleier, en veral die belangrikheid van sodanige persoon se persoonlike onderliggende waardesisteem aangaande die huwelik, figureer as sentrale komponente.

Wat die berader se spesifieke huwelikswaardes en beïnvloedende waardes in die algemeen betref, heers daar in die samelewing, volgens Lowe (1976), 'n toestand van morele chaos, waar die sielkundige ook 'n waardevormende invloed uitoefen. In die voorafgaande beskouings rondom die huwelik het uiteenlopende teoretiese en praktykgeoriënteerde sielkundige benaderings ter sprake gekom. Hierdie verskeidenheid benaderings kan geklassifiseer word in een of meer kategorieë van 'n moontlike waardesisteemverdeling, byvoorbeeld die humanisme, naturalisme, sosialisme en eksistensialisme. Met betrekking tot waardesisteme postuleer Pieterse (1983) dat pogings om 'n neutraal-objektiewe benadering in die verhouding tussen berader en kliënt te handhaaf nie moontlik is nie, en selfs ongewens blyk te wees. Dit impliseer dus dat daar doelbewus met 'n duidelike waardesisteem omgegaan behoort te word.

'n Potensiële waardesisteem met betrekking tot die doeleindes van hierdie studie is Christelik van aard, gebaseer op die Bybel en 'n Protestantse interpretasie daarvan. Dit geskied met 'n bewustheid van die waarde van en die raakpunte met elemente van andersoortige waardesisteme.

Wat die rol van waardes betref, postuleer Pieterse (1983) dat die mens bewustelik of onbewustelik vra na die sin van die lewe, wat lei tot 'n strewe na lewensideale wat gewoonlik 'n gelukkige en behoeftebevredigende lewe insluit. Pieterse (1983) stel dit voorts dat hierdie lewensdoelwit slegs verwesenlik kan word in 'n sosiale verhoudingskonteks, wat volgens 'n Christelike teologiese beskouing slegs moontlik is in die regte verhouding tot God en die medemens. Waardes as algemene beginsels van wenslikhede, regverdig

meer spesifieke norme of gedragsreëls, waar waardes deur godsdiens gelegimiteer word. Volgens 'n Christelik-teologiese beskouing, word die strewe na lewensvoldoening eers vervul met die individuele internalisering van 'n positiewe Christelike waardesisteem wat eie is aan 'n omvattende Christelik-georiënteerde gemeenskap.

Volgens die Skrif word die huwelik in 'n bepaalde waardesisteem ingebed wat onlosmakend verbonde is aan 'n Godgegewe bestemmingsfunksie (Louw, 1983c). In die proses van die sinvolle hulpverlening aan egpare, is dit belangrik om betrokkenes se motiverende en rigtinggewende motiewe en doelstellings te betrek by wyse van 'n verbeterde perspektiefverkryging en begrip van God se doel met die huwelik. Dit mag 'n gesindheidsverandering teweegbring, en dus 'n kwalitatiewe verbetering van 'n bestaande verhouding grondig verander (Heyns, 1986; Louw, 1983a).

Louw (1983c) stel dat die volwasse huwelik 'n ideaal bly vir die gelowige, waar dit in die volwasse huwelik vir die Christenhuweliksmaat wentel om die ontvouing van die geloofspotensiaal in en deur Christus, en die vervulling van die Christusgegewe beloftepotensiaal onder leiding van die Gees van God. Die groeiproses tot verrykte huweliksvolwassenheid tussen die gelowige egpare behels dus die realisering van die geloofseiendomlike in Christus onder leiding van die Heilige Gees tot verheerliking van God.

Uiteenlopende belangrike redes vir die waardebesinning aangaande die huwelik as sodanig word aangevoer, wat as volg deur Wielenga (1936b, p. 11) saamgevat word: "Om het gewicht van het feit. Om de moeilikheid van het begrip. Om de ontaarding van de leven."

Die groei tot 'n verrykte huwelik ontstaan uit die ontmoeting van liefdevolle verantwoordelikheid en 'n offervaardig-gerigte diensbaarheid binne die beskermende liefdestrou wat uiteindelik in die gewenste innige

huweliksmedemenslikheid resulteer. Die volwasse huweliksroepingsgroeiproses geskied teen die agtergrond van 'n noodsaaklike vooropgestelde eksterne teikendoelwit wat volgens Louw (1983c) slegs objektief verkry kan word aan die hand van die Skrif, wat leringe verskaf oor die wese van die huwelik.

Heyns (1970, p. 196) postuleer dat die huwelik "dien tot verheerliking van God nie buite homself nie, maar in homself. Man en vrou moet mekaar geestelik aanvul en versterk, inspireer en bemoedig. Deur in die omvattende sin van die woord vir mekaar 'n hulp te wees, moet die man en vrou mekaar tot bestemmingsbereiking help lei."

Uit die voorafgaande enkele aangeraakte aspekte van die Christelik-Protestantse waardesisteem onderliggend aan die problematiek van hierdie studie, kan verskeie stellings geformuleer word wat as volg daar uitsien: die Bybel mag as inligtingsbron dien ten opsigte van die omvang van 'n Christelike waardesisteem; hierdie inligtingsbron kan op verskillende wyses geïnterpreteer word; wanneer die aard en die wese van die huwelik beskou word, kan twee breë karaktertrekke onderskei word, naamlik 'n objektiewe saakkarakter asook 'n subjektiewe persoonsverbondenheid tussen twee huweliksmaats, en laastens dat die geheelstruktuur van die huwelik onderlê word deur 'n samebindende kernfaktor.

In reaksie op die voorafgaande stellings word daar in hierdie hoofstuk aandag gegee aan die Bybel as bron van inligting, 'n Christelik-Protestantse standpunt aangaande die huwelik, die objektiewe saakkarakter van die huwelik wat verwys na die vertikale God-mens verhouding, die subjektiewe persoonsverbondenheidsaspekte van die huwelik wat die horisontale verhouding tussen twee huweliksmaats behels, asook liefde in die Christenhuwelik.

Die Bybel as bron van inligting geniet eerstens aandag.

4.2 DIE BYBEL AS BRON VAN INLIGTING

Menslike hulpverleningsintervensies in die Christelike sin van die woord steun grootliks op die Bybel, wat die man van God (1 Tim. 6:1; Deut. 33:1) volgens 2 Tim. 3:17 voldoende toerus vir elke goeie werk. Paulus wys ook in 2 Kor. 1:3-7 op die troos en redding in enige verdrukking wat volgens Sy Woord beskikbaar is. Intervensie dien ook as funksie van die Heilige Gees. Hy word genoem die Trooster (1 Joh. 14:16,17) wat die plek van Christus ingeneem het om 'n Raadsman te wees op dieselfde wyse as wat Christus dit vir Sy dissipels was.

Eienskappe ideaal aan optimale egpaarinteraksie-ontwikkeling soos blymoedigheid, liefde en geduld, word in die Woord beskryf as synde die vrug van die Heilige Gees. Die Heilige Gees is die bron en fasiliteerder van alle beduidende veranderinge in egpaarinteraksie, wat die gedaanteverwisseling tot verheerliking omvat. In hierdie verband skrywe Paulus in 2 Kor. 3:18 aangaande die groeiende verandering waardeur gelowiges getransformeer word na dieselfde beeld as Christus, en word daar afgesluit met die woorde: "...Dit doen die Here wat Gees is".

Om deur die Gees begelei te word (Gal. 5:18) kan dus begryp word as om deur die Woord gelei te word, waar gelowiges helderheid verkry in die lees van die Woord deur die genade van die Heilige Gees. In 1 Kor. 2 stel Paulus onomwonde dat die begrip van Goddelike waarhede slegs verkry word deur die werking van die Gees. Adams (1970) wys daarop dat die Heilige Gees die verwagting koester dat intervensie-inisieerders sy Woord behoort aan te wend: "Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig ... en 'n regte lewenswyse te kweek" (2 Tim. 3:16).

Die Bybel as inligtingsbron het aandag geniet. In die volgende afdeling word 'n Protestantse standpunt aangaande

die huwelik beskou. Daar word opeenvolgend gekyk na aspekte soos die oortuiginge van Protestantse wysgere en teoloë en amptelike Protestantse huweliksgesigspunte.

4.3 'N PROTESTANTS-CHRISTELIKE HUWELIKSTANDPUNT

4.3.1 Oortuiginge van Protestantse wysgere en teoloë

Aalders (1974, p. 35) spel sentrale komponente van die unieke Christelik-Protestantse beskouing van die huwelik as volg uit: "Het huwelijk is een gemeenschap zó hecht, zó volstrekt, zó volledig, zó intiem, dat zij met niets anders op aarde te vergelijken is ... Het huwelijk is een absolute saak; en is het dat niet, dan verdient het de naam van huwelijk niet meer ... Man kan zich de volstrektheid van de gemeenschap die het huwelijk is, niet diep en omvattend, niet reëel en concreet genoeg voorstellen. Het is een vervlechting van het ganse bestaan van man en vrouw ... alleen als vrucht, die groeit uit de wortel der liefde, kan het huwelijk bestaan." Aalders (1974) postuleer ook dat die huwelik slegs volkome kan wees as skeppingsordonnansie wat staan in die lig van God se gebod.

Die gedagte aangaande die huwelik as skeppingsordonnansie word as volg deur Brillenburg-Wurth (1960, p. 89) weergegee: "Allereerst is het al wel van groot belang, dat wij daar zeer duidelik as een ordinantie Gods beschreven vinden, gelijk Christus daar in Mattheüs 19 met zoveel woorden naar terug wijst. Van allerlei andere instellingen in onze menselijke sameleving geldt dat niet dat ze daar in het begin van Genesis zo nadrukkelijk als door God ons gegeven getekend worden. Ten aanzien van het huwelijk is dat echter boven alle twijfel verheven ... Het huwelijk als zodanig vormt een integrerend bestanddeel van het menselijk samenleven, gelijk dat door God in zijn schepping is gewild en verordend. Maar daarom is er ook geen sprake van, dat ooit het huwelijk zijn tijd sal hebben gehad. De vorm, waarin het huwelijk zich openbaart, mag tot op zekere hoogte

met de tijden wisselen, het wezen van het huwelijk blijft daarbij door alle tijden heen, van het begin der wereld tot aan het einde onaantastbaar. Zolang de menselijke geschiedenis voortgaat, blijft het huwelijk als ordinantie Gods voor het mensenleven permanent van kracht."

Dooyeweerd (1957, p. 307) wys op die Godgegewendheid van die huwelik wat nou aansluit by Brillenburg-Wurth (1960) en Aalders (1974) se beklemtonings van die huwelik as skeppingsordonnansie: "... this tenderest and most intense temporal bond that God in His order of creation has given man as a task ... It is, just as the family, a pillar of human society. According to the divine order of creation, it is a union for life ... The marriage bond, as such, is typically founded in the institutional (and not in an incidental) sexual union of husband and wife, which is undoubtedly made serviceable for the propagation of the human race ... Marriage may be called the 'germ-cell' of the family relationship ..." Dooyeweerd (1957) kwalifiseer die huwelik verder as bestaande uit 'n tipiese permanente liefdesband tussen die huweliksmaats, wat oor 'n onverbreekbare karakter beskik.

Soos die gegewendheid en skeppingsordening deur God van die huwelik, ontlok die etiese en morele aspekte van die Christelik-Protestantse beskouing aangaande die huwelik ook kommentaar deur leidende wysgere en teoloë. So dui Speer (1970) die bestemming van die huwelik aan as in die etiese geleë te wees, waar die fundering bioties van aard is. Die band van wederkerige liefde tussen man en vrou bevat 'n roepingselement tot instandhouding en uitbreiding in die aanwesigheid van bedreigde nie-fasiliterende elemente. Die huwelik wat gekleur word deur onder andere juridiese, estetiese en sosiale elemente is in wese 'n man-vrou twee-eenheid wat op 'n bepaalde tyd en plek in 'n beweeglike gemeenskap saamleef, en deur stuwende kragte gedra word.

Getrouheid en eerlikheid van ware onbaatsugtige liefde word deur Taylor (1970) beskou as 'n huwelikskernelement. Volgens Taylor (1970, p. 24) "real marriage is not a traffic in selfishness but a giving of one's self to the other totally and completely. You give yourself to your wife and she gives herself to you. Such a giving of one's self is possible only by God's grace. Only by receiving such a gift from God's Holy Spirit can we hope to love in this deep sense of the word ... marriage is the method which God has chosen to live for others and because it is the most important school in life, it has its own disciplines. Like all good disciplines, it is designed to help us to mature ... We mature only through solving difficulties, not by running away from them."

Meer onlangs verklaar Heyns (1982, 1986) dat die huwelik 'n onverbreekbare verbond is waarin die liefdesnorm die leidende bestemmingsfunksie vervul. Die huweliksliefde hier ter sprake het buiten die betrokke gevoelsmatige elemente ook te doen met die woord en eer van die mens. Die een gee aan die ander sy woord wat behoudend binne die liefde funksioneer. Heyns (1982, p. 19) lewer kommentaar deur te stel dat "liefde 'n onlosmakende bestanddeel van die mens wat na Gods beeld geskape is. Die mens is meer as net 'n liefdegewende en liefde-ontvangende wese, maar dat hy sodanige wese is, is kragtens sy kreatuurlikheid. Die liefde kan van sy wese as mens nie losgemaak word nie en omgekeerd alleen in die liefde, is die wese van die mens wat hy behoort te wees.."

Ten spyte van die beklemtoning van verskillende sentraliteite, bestaan daar eenstemmigheid met betrekking tot die volgende sake rakende die huwelik: dit is deur God ingestel as skeppingsordonnansie wat in 'n monogame, onverbreekbare huweliksverbintenis, waarin die Godgegewe liefde sentraal staan, behoort te kulmineer.

Aanvullend tot die stellings van bogenoemde Protestantse wysgere en teoloë, word amptelike Protestants-Christelike gesigspunte oor die huwelik weergegee in die volgende afdeling. Uitsprake wat genoem word, is dié van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, die Nederduitse Hervormde Kerk, en die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

4.3.2 Amptelike Protestants-Christelike huweliksgesigspunte

Die 39ste sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het 'n memorandum aangaande huwelikswetgewing goedgekeur, wat aan die Suid-Afrikaanse regskommissie voorgelê is.

Die volgende besluite insake die huwelik is in hierdie memorandum (1961, p. 493) goedgekeur:

(a) Die huwelik is 'n verhouding wat deur God ingestel is en God bedoel dat dit 'n eksklusiewe (monogame), permanente (lewenslange) en samelewende (seksuele) liefdesgemeenskap moet wees.

* Die huwelik is nie 'n blote kontrak nie, maar 'n Goddelike instelling of struktuur wat persone wat vrywillig in die huwelik tree, deur die wet verenig en hulle word deur God self aanmekaar verbind (Matt. 19:6 "Wat God saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie").
* Huweliksgenote onderwerp hulle aan die bindende eise van God se ordonnansie en hulle word daardeur aan God verplig tot getrouheid.

(b) Die doel van die huwelik is onderlinge hulpverlening tussen man en vrou, die verwekking van kinders en die bekamping van onsedelikheid (Gen. 1:20; 1 Kor. 7:2).

(c) Die huweliksband is kragtens God se verordeninge in wese onverbreeklik, en daarom is alle egskeiding wesenlik teen die wil en verordening van God.

Die Nederduitse Hervormde Kerk het in 1977 die volgende riglyne ten opsigte van die huwelik neergelê by wyse van voorligtingstukke wat aan kerkrade voorgelê is (1977, p. 1):

(a) Die huwelik is 'n heilige saak omdat dit nie in die goeddunke van die mens gegrond is nie, maar 'n instelling en roeping van God is.

(b) Die goddelike roeping tot die huwelik sluit nie uit dat dit 'n verantwoordelike keuse van twee mense vir mekaar is tot alles-insluitende en almal-insluitende gemeenskap nie.

(c) Hierdie gemeenskap is na sy wese onbreekbaar en onophefbaar vir die ganse duur van die aardse lewe, en die menslike verbreking daarvan sonde.

(d) Dit kan die oorsaak van groot geluk in die lewe van egliede wees, maar dit is nie noodsaaklik vir die ewige geluk nie.

(e) Op grond van die nuwe lewe deur Jesus Christus, is ook hierdie deel van die mens se lewe, 'n lewe wat in dankbare gemeensaamheid onder die gebod en die Woord van God is.

Op die derde vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die Christelike huwelik gesluit word (1970, p. 623):

(a) Tot eer van God.
(b) Tot wedersydse hulp en verwesenliking van die innigste lewens- en liefdesgemeenskap tussen man en sy vrou.

(c) Tot voortplanting van die menslike geslag.
(d) As weermiddel tot onkuisheid.

Hierdie uitspraak gryp terug na die standpunt van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1949, p. 186) dat die huwelik beskou moet word as instelling van God Drieënig en dat dit 'n lewenslange verbintenis van een man en een vrou is. In die voorafgaande amptelike standpunte is daar voortdurend sprake van twee aparte maar aanvullende entiteite, naamlik dié vanuit God wat 'n meer objektiewe saakgerigte karakter omvat asook die huwelik in God, waar die Christelik-gelowige verhouding tussen die huweliksmaats 'n meer subjektiewe persoonsgerigte karakter omvat.

Met die voltooiing van hierdie amptelike beskrywing van Protestants-Christelike gesigspunte van die huwelik, aansluitend by oortuiginge van Protestantse wysgere en teoloë, word daar met die uiteensetting van 'n Protestants-Christelike huwelikstandpunt volstaan.

In die beskrywing van die aard en wese van die Christelike huwelik, word die objektiewe God-mens saakkarakter daarvan in oënskou geneem. Aspekte wat vervolgens ter sprake kom, is die verbondgemeenskap van die huwelik as instelling van God, God se doel met die huwelik, die Christus-gesentreerde huwelik en die huwelik met betrekking tot die gesin en die gemeente.

4.4 DIE OBJEKTIEWE GOD-MENS SAAKKARAKTER VAN DIE HUWELIK

4.4.1 Inleiding

Louw (1983c) postuleer dat die huwelik as instelling van God 'n roeping impliseer tot die verteenwoordiging van 'n bepaalde saak op aarde. Hierdie saak omsluit God se verbondsgenade en die oorwinning van sy versoenende heerskappy, waar hierdie opdrag en roeping voor God saakgerig van aard is. Die teologiese huwelikskarakter omvat die

skeppingsfeit van man en vrou waarin God die huwelik gewil het met die oog op 'n koninklike heerskappy. Die huweliksindikatief en voortspruitende huweliksimperatief, hang saam met die Ou-Testamentiese verbond en Nuwe-Testamentiese versoening.

4.4.2 Die huwelik as instelling van God: 'n Verbondsgemeenskap

Louw (1983c) wys daarop dat die Ou-Testamentiese huwelik onder meer 'n juridiese aangeleentheid was, wat besondere verantwoordelikhede geïmpliseer het voor God (Mal. 2:14; Spr. 2:17).

Jesus plaas die huwelik weer op 'n suiwer basis (Matt. 19:4-6) deur dit verby die wet van Moses heen terug te voer na die Skepping, en dui in hierdie teks onomstootlik aan dat die huwelik op die Skepping gegrond is. Die Nuwe Testament in navolging hierop, praat in hierdie lig daaroor soos 1 Tes. 4:4 en 1 Tim. 3:2 wat na die saak rondom die monogame huwelik verwys.

Die Woord gee 'n huweliksbeeld weer as 'n afskaduwing van die band wat tussen God en Sy volk, en tussen Christus en Sy Kerk bestaan. In Jes. 54:5 spreek God tot Sy volk: "Hy wat jou gemaak het, is jou man". Hos. 2:15 spreek die aard van die verhouding tussen God en Sy volk as volg uit: "Dié dag, sê die Here, sal jy vir my sê: 'My man' ...". In Jer. 2:1-4 word Israel as vrou voorgestel, wat in die liefde deur haar Hemelse Eggenoot, die Here, verkies en gelei is. In die Nuwe Testament is die voorstelling van die huwelik die verhouding tussen Christus en Sy Kerk. In hierdie verband verwys Christus in Mark. 2:19 na Homself as die bruidegom as Hy vra: "Kan die bruilofgaste dan vas terwyl die bruidegom by hulle is? Nee, solank hulle die bruidegom by hulle het, kan hulle nie vas nie."

Atkinson (1979) gaan van die standpunt uit dat die Bybel die huwelik interpreteer in terme van die verbond, en dat daar in sowel die Ou Testament as die Nuwe Testament 'n analogie bestaan tussen die verhouding van God en Sy volk en die man-vrouverhouding. Volgens Louw (1983a) verteenwoordig huwelikstrou in die huwelik as verbondsgemeenskap 'n etiese kategorie met morele implikasies. Die wedersydse huwelikstrou en huweliksdaad word gedra in God se verbondstrou en trou aan Sy beloftes. Hierdie verantwoordelike geloofsdaad bind die egpaar aan God se huweliksbedoelingsbelofte.

Die huweliksooreenkoms in die teenwoordigheid van God laat die huwelik setel binne die Goddelike verbondsgenade wat in die geloof toegeëien is. Verskillende uitsprake in hierdie verband sien as volg daaruit: "Man en vrouw vereenigen zich om samen het Verbond Gods te beleven ... De echtvereniging is het eerste beginsel van de gemeenschap der heiligen" (Wielenga, 1936a, p. 83); "Het huwelijk tussen man en vrouw is een verbondsrelatie. Door dit 'verbond' wordt er a.h.w. een 'bloedverwantschap' gelegd tussen deze twee, zij 'worden een vlees'" (Rinzema, 1966, p. 92) (Die huwelik vorm dus deel van die genadeverbond.); "Zoals God Zijn volk kiest, zo laat Hij in deze Zijn keuze, man en vrouw elkaar kiezen, opdat Zijn bondstrouw hen verbinde en Hij deze gemeenschappelijke levensbond nieuw leven schenkt" (Van Oyen, 1969, p. 49); "By covenant is meant an agreement between two parties based on promise, which includes these four elements: first an undertaking of committed faithfulness made by one party to the other (or by each other); secondly, the acceptance of that undertaking by the other party; thirdly, public knowledge of such an undertaking and its acceptance; and fourthly, the growth of a personal relationship based on an expression of such a commitment" (Atkinson, 1979, p. 70).

Die huwelik as verteenwoordigend van God se verbondstrou beteken dus die volgende: 'n Wedersydse onderneming van

liefdestrou met die oog op liefde; geloofsaanvaarding hieroor voor God en 'n voortdurende verantwoordelikheid; 'n publieke erkenning van hierdie onderneming binne die gemeente van Christus en 'n groeiende verhouding met die oog op die volwasse huwelik wat 'n daaglikse geloofstoeëiening van God se verbondsbelofte impliseer.

Volgens Pieterse (1983) is die Christelike huwelik wat in die teken van Christus se oorwinning staan, deur God aan die mens as geskenk uit Sy liefdevolle hand gegee, en is ingestel om sekere funksies te vervul wat vir die mens en die maatskappy onontbeerlik is. Hierdie Bybelse huweliksbeeldstelling omsluit komponente van 'n Goddelike doel, Christusgesentreerdheid en die maatskappy.

Volgend op hierdie beskouing van die verbondgemeenskap van die huwelik as instelling van God, word daar na God se doel met die huwelik gekyk.

4.4.3 God se doel met die huwelik

Smit (1985) stel dat die sin van die huwelik alleen voor God se aangesig verstaan kan word omdat Hy die oorsprong van die huwelik is en die wet neerlê vir die aard en wese van die huwelik. Uit die huwelik as skeppingsordening van God (Matt. 19:16) blyk dit dat God saamvoeg, en die huweliksmaats as't ware met Sy hand na mekaar begelei. Die Christelike huwelik word dus nie gevorm deur die "goeddunke van die skepsel" nie, maar is gesetel in die "welbehae van God". 'n Liefdesbelydenis is dus in wese ook 'n geloofsbelydenis en die huweliksbelofte 'n gelofte.

In Matt. 22:37-38, as essensiële geloofs- en liefdesverordening van God, word die sewende gebod (Deut. 5) gewy aan die grensafbakening, die aard en die wese van die huwelik. In vraag 109 van die Heidelbergse Kategismus wat handel met die beantwoording van die betekenisvraagstuk rondom hierdie saak, word gestel dat "... omdat ons liggaam en siel tempels

is van die Heilige Gees, daarom verbied Hy alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en wat die mens daartoe kan verlei". Volgens De Bruyn (1974) word tweërlei waarhede hierdeur geïmpliseer, naamlik die bevordering van God se eer deur die huwelik en die wedersydse hulpverlening tussen man en vrou binne die huwelik in die aardse en die ewige lewe (Gen. 2:9).

Bavinck (Drogendijk, 1949, p. 41) se uitsprake ondersteun De Bruyn (1974) se gedagtes aangaande die primêre skeppings- en bestaansregmotief van die mens in die verheerliking van God ("Soli Deo Gloria") as volg: "Beiden, man en vrouw, staan dus met hun onderscheidene gaven in een heiligen dienst, volbrengen een dure roeping, arbeiden aan een Goddelijk werk". Wat De Bruyn (1976) se stelling aangaande wedersydse hulp op verskillende huweliksverhoudingsvlakke betref, laat Wielenga (1936b, p. 130) homself as volg uit aangaande hulp op geestelike gebied: "Maar de voornaamste doel is de geestelijke steun. Het jagen naar, te bouwen aan het eeuwige leven ... het huwelijk is in beginsel de kerk; die gemeenschap tusschen man en vrouw is de eerste openbaring van die gemeenschap der heiligen ... Het huwelijk is daar God ingezet; het weerspiegelt iets van zijn wezen, van zijn deugden, het is voorbereiding, opvoeding tot het leven bij God ... Verrukkelijk is de heerlijkheid van de werk Gods, zoals het in deze tweevoudige ontplooiing en wederzijtsche hulp openbaar wordt."

As grondliggende beginsel wys Gen. 1:27 daarop dat die man en vrou mekaar aanvul, om beeld van God te wees, Sy verteenwoordigers te wees en as sodanig te heers oor die Skepping. Alle huwelike verval wanneer dit oorgaan in die groot Bruilof van die Lam. Dan is die man en vrou saam bruid van Christus (Matt. 5:28-32).

In hierdie afdeling het God se doel met die huwelik aandag geniet. 'n Volgende aspek wat bespreek word, is die Christus-georiënteerde huwelik.

4.4.4 Die Christus-georiënteerde huwelik.

In die huwelik van die Christen as nuwe mens ("Julle gees en gedagtes moet nuut word, lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig", Ef. 4:23-24) sentreer dit rondom die saak van die koninkryk van God (Matt. 6:33 : Maar soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid). Die belangstellingsentrum vir elke huweliksmaat in die geval van die hernieude mens verskuif vanaf die self na Christus. In hierdie verband konstateer Gal. 2:20 dat "Ek is met Christus gekruisig en ek leef nie meer nie maar Christus leef in my". Wat hierdie Christusgerigtheid betref, stel Guthrie (1981, p. 25): "It goes without saying that Paul's whole theological position is against self-centredness. The man who can affirm 'I can be crucified with Christ', it is no longer I who live but Christ who lives in me, is never likely to make any place for selfseeking in the ethical system... Indeed it would not be an exaggeration to claim that the apostle sees the world around him as selforientated, whereas he sets the Christian essentially, Christ orientated. This radical shift of centre from self to Christ must inevitably affect ethical standards."

Daaglikse bou van die huwelik as geloofstaak, geskied deur die gemeenskaplike wyding daarvan aan God wat verseker van Sy "gewisse ... hulp ... en bystand" waardeur huweliksgroei mag plaasvind by wyse van die afgebidde Godseën. Die model vir huweliksvergiffenis word vergestalt in Matt. 6:14-15 en Matt. 18:21-25. In die milieu van hierdie besondere huweliksgemeenskap, ontdek huweliksmaats mekaar wedersyds as Christengelowiges in die Here, en as kinders van God die Vader (Smit, 1985). Hierdie fundamentele verankering van die huwelik as sou dit ingeplant wees in die Liggaam van Christus, word deur Dooyeweerd (1957) ondersteun.

Die wese van die Christusgesentreerde huwelik kulmineer by wyse van die toerusting van die Heilige Gees (Gal. 5:22) waardeur die verdringing plaasvind van die ongewenste

afbrekende werk van die vlees (Gal. 5:19). Louw (1983b) postuleer dat die ideale geloofsvolwasse huwelik die groei in die vrug van die Heilige Gees is. Verandéringsgroei word moontlik gemaak deur beide huweliksmaats se bereidheid tot vergiffenis en skuldvergewing (Matt. 6:12 "... en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree" en Ef. 4:32).

Die Godgegewe Christusgesentreerde, objektiewe saakkarakter van die huwelik staan ook in verhouding tot die maatskappy, in besonder dan die huisgesin en die gemeente. Die huwelik met betrekking tot die gesin en die gemeente geniet aandag in die volgende afdeling.

4.4.5 Die huwelik met betrekking tot die gesin en die gemeente

'n Teologiese huweliksbestemmingsfunksie behels volgens Louw (1983b) 'n huweliksverbondenheid aan die gemeente, waar die huwelik in die kleine dit is wat die gemeente in die grootte is. Hierdie gemeenterelasie op mikro- en makrovlakke mag as voorbeeld dien vir ander vorme van menslike samesyn, gemeenskap en ontmoeting. Die gelowige huwelik wat binne die gemeenskap van gelowiges gesluit word, dien 'n opbouende funksie.

Paulus maak in Ef. 5:32, volgens Louw (1983c), die uitsonderlike verbinding tussen Christus en Sy gemeente tot voorbeeld van die man-vrouverhouding met die oog op Christus en die gemeente. Hieruit tree na vore dat die huwelik uitdrukking vind as mikrogemeente op aarde. As deel van die Christusliggaam dien die huwelik in die versoenende heerskappy as opbouende liefde vir versoenende Christus-liefde in die breëre gemeente asook in ander huwelike.

Gesinsuitbreiding vind plaas in die Godgegewe huweliksruimte as groeifondament van die gesin. Uit Gen. 2:28 blyk dit duidelik dat die huwelik moeilik losgemaak kan word van

voortplanting en kinders. Louw (1983a, 1983c) postuleer dat die funksie van die hedendaagse kameraadskapshuwelik as volg daar uitsien: die deurgee van verlossingsgebeure in Christus en die opvoeding van kinders in die nuwe verbond; die begeleiding van die kind tot geloofsvolwassenheid; die verskaffing van geborgenheid en sekuriteit aan die kind; die gesin word die begrensde ruimte waarbinne die kind gedissiplineer word; die gesin fokus op lewenskennis en lewenskuns; binne die gesin moet die kind sy eie liggaamlikheid en seksualiteit ontdek, en laastens is dit deur die gesin dat die kind met die buitewêreld in aanraking kom.

Met hierdie bespreking van die huwelik met betrekking tot die gesin en die gemeente, as aanvullend tot beskouings van die Christusgesentreerde huwelik, God se doel met die huwelik en die huwelik as instelling van en verbondsgemeenskap met God, word die ondersoek afgehandel na die objektiewe saakkarakter van die huwelik. Die andersoortige maar aanvullende subjektiewe aspekte van die huwelik geniet aandag in die volgende afdeling. Aspekte wat vervolgens aandag geniet, is die eksklusiewe monogame verbintenis tussen man en vrou, die lewensgemeenskaplike karakter van die huwelik, seksualiteit, asook die huwelikstruktuur en die onderskeie verantwoordelikhede van die man en die vrou.

4.5 DIE AARD EN WESE VAN DIE HUWELIK: SUBJEKTIEWE ASPEKTE

4.5.1 Die eksklusiewe monogame verbintenis tussen man en vrou

God het die mens as 'n man en 'n vrou geskape (Gen. 1:27; Matt. 19:4). Volgens Baltensweiter (1967) is die bedoeling hiervan dat een man en een vrou deur God bymekaar gebring is in die huwelik. God het die huwelik ingestel met die skepping van "'n hulp" vir "die mens wat by hom pas". Dit is betekenisvol dat daar sprake is in Gen. 2:18 van "die mens" wat dus weer eens een man en een vrou impliseer.

Ten spyte van die sondeval wat die skeppingsbedoeling van God vanweë die sonde verduister het, en poligamie wat soms in Israel voorgekom het in die navolging van die gebruike in die samelewing van die omringende volke, word daar in die Ou Testament heelwat getuig van die monogame huwelik. Op so 'n wyse gaan Spreuke (5:15; 31:28) en Prediker (9:9) wat die huweliksaak verskeie kere aanspreek, uit vanaf die standpunt van 'n monogame huwelik. Die profete (Jes. 54:6; 62:5) gebruik dikwels die huwelik as toonbeeld van die verhouding tussen God en Israel, wat dus monogamiteit in die huweliksverbinding impliseer.

Spreuke 5:3 beklemtoon die feit dat die seksuele onafskeidelik verbind is aan, en geïntegreer is in die liefde wat persoonlik en volkome eksklusief van aard is: "Die slegte vrou se lippe drup van die heuning, haar tong is gladder as olie ... Jy het tog self 'n vrou, jy het tog self 'n put met water: drink die strome uit jou eie fontein. Moet jou fonteine dan ook die wêreld vol loop, jou strome water oral heen vloei? Hulle is tog net joune, en jy sal hulle nie met 'n ander wil deel nie ... Geniet voluit van haar liefkosings, laat dit jou deurentyd bedwelm."

Volgens Du Toit (1942) dra bogenoemde vers in Spreuke by tot die beskouing dat die monogame huwelik as ideaal gesien word waar elke man nie meer as een "kroon" besit nie. McKane (1977, p. 319) beklemtoon dit dat die vrou na wie hier verwys word, die betrokke man se vrou moet wees met wie hy wettiglik in die huwelik verbind is. Fouché (1982, p. 42) onderstreep die stelling wanneer hy sê: "Ware belangstelling in die ander geslag is iets meer as 'n onpersoonlike seksuele begeerte. Dis 'n persoonlike verhouding en geld as 'n lewensmaat, iemand met wie mens lewenslank in 'n persoonlike verbintenis staan."

In die Nuwe Testament stel Jesus die monogame huwelik as skeppingsbedoeling weer op die voorgrond. Nuwe Testamentiese geskrifte soos (1 Tim. 3:2, 12; 1 Tim. 1:6; 1

Tim. 5:9; 1 Kor. 7:2; Ef. 5:22-25, 28 en 1 Tes. 4:4) getuig volgens Hartingsveld (1977) daarvan dat die Christengelowige volgens God se wil binne die monogame huwelik sal lewe.

Volgend op die bogenoemde beskouing van die eksklusiewe monogame verbintenis tussen man en vrou, word die wedersydse persoonsverbondenheid tussen die man en die vrou as andersoortige gelykwaardiges in oënskou geneem.

4.5.2 Wedersydse persoonsverbondenheid tussen die man en die vrou as andersoortige gelykwaardiges

Twee volledige individue wat elk oor 'n eie persoonlikheidstruktuur beskik, vorm die boustene van die huwelik. Die man en die vrou as twee volwaardige individue kan slegs in die huwelik bestaansvervulling ten opsigte van hulle geslagtelike behoeftes ervaar waar die huwelik twee ongelyksoortige onvolledige mense in die God gegewendheid daarvan volledig maak (Louw, 1983a).

Wat die persoonsverbondenheid tussen twee individue in hulle andersoortige hoedanighede betref, kan daar na Gen. 1:27 gekyk word: "... man en vrou het Hy hulle geskep". Die terme "man" en "vrou" dui onderskeidelik op geslagtelike verskille soos dit deur God gemaak is. Die andersoortige ongelyksoortigheid tussen man en vrou skep die gevaar van verabsolutering en veralgemening. Dit word geïllustreer deur DuPois (1973) se opmerkings met betrekking tot veralgemenings op grond van fisiese eienskappe wat op die psige van die mens oordraagbaar gemaak word ten opsigte van seksualiteit. Barth (1951) wys op die gevaar van veralgemening en tipering. Gerstenberger en Schrage (1980) stel dat geslagtelikheid nie op biologiese gegewenheid vasgepen behoort te word nie. Volgens Gerstenberger en Schrage (1980, p. 12) sou die funksie van die vrou "nicht so sehr van naturlichen als vielmehr vorm kulturelen Einflüssen bestimmt".

Eensydige assosiasies wat met sodanige tipologie gepaard gaan, het die effek dat persone in kategorieë geplaas word, en daar rondom manlikheid en vroulikheid eensydige assosiasies gebou word wat lei tot wedersyds onrealistiese ideale en tradisionele rolverwagtinge wat die man-vrou verhouding belemmer. Hieruit ontstaan die gevaar dat daar 'n ontkenning mag plaasvind van die unieke individuele geskapenheid van God se beeld en die totaliteit van volwaardige menswees, asook dat uit die oog verloor word dat dit wat die man en die vrou vir mekaar kan wees, binne die huwelik belangriker is as bestaande en moontlike verskille. Die gemeenskaplike persoonsverbondenheid in die huwelik, impliseer nie 'n ontkenning van die sentraliteit van hierdie andersoortigheidsverbondenheid nie, maar eerder 'n wedersydse identifikasie in soverre as wat elkeen die self volledig identifiseer met die toepaslike geslagtelike konstitusie. Die geïmpliseerde trouheid aan 'n eie manlike of vroulike geslagsidentiteit behels volgens Louw (1983c) onder meer die volgende: nie 'n verwisseling of uitwissing van grense nie; nie 'n oordrewe opgeslotenheid in eie geslagsfunksies nie; neutralisering van die geslagsaspek bring identiteitsverwarring mee, tesame met die gedagte aan 'n geslagtelike balans of homeostase in dieselfde persoon.

Waar Gen. 1:27 die gelykwaardigheid tussen man en vrou beklemtoon, beskryf Gen. 2:23 die wedersydse verbondenheid tussen man en vrou: "Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy 'vrou' genoem word: sy is uit die man geneem". Die wedersydse verbondenheid tussen man en vrou word in die Woord voorgestel deur die klankspel tussen woorde wat die man en die vrou beskryf. In hierdie verband stel Wolff (1973, pp. 251-252): "Neben der Verwandtschaftsformel steht die Herleitung der Benennung issa ('Frau') vom is ('Mann') die Wesenseinheit und Geschlechsverschiedenheit zugleich zu Gehör bringt". Man en vrou is dus afsonderlik, deurdat hulle gesamentlik 'n volledige paar vorm. Wielenga (1936b, p. 79) postuleer: "Door de vrouw wordt de man een persoonlijkheid. Hij wordt een ik, doordat hij komt te

staan tegenover een wezen, dat hij mag aanspreken met gij". Wielenga se pogings om die Drie-eenheid weerspieël te sien in die man-vrouverhouding (waar die man die vader en die Lagos-beginsel weerspieël, en die vrou die Heilige Gees in haar ordenende werksaamheid) word deur 'n outeur soos Louw (1983c) as vergesog afgemaak.

Wielenga (1936b, p. 86) skryf met betrekking tot die term mannin: "De naam manninne betekent verovering door kennis, inlijving door wetenschap, gemeenschap door het Woord". Die man-vrouverhouding bestaan volgens Piper (1970) uit wederkerige diens, verantwoordelikheid, oorgawe, veiligheid, nakomelingskap, eerbied vir die ander se persoonswaarde, en heiliging van liggaamlikheid. In Hooglied word dieselfde klankspel aangetref as aanduidend van die wedersydse tussengeslagtelike liefdesvervulling. Die Hebreeuse gelykluidende woorde, naamlik "Salomo" as die manlike aspek en die Sullamitiese vrou as vroulike aspek, simboliseer 'n wedersydse hunkering wat 'n persoonsverbondenheid veronderstel. Hierdie woorde spruit voort uit dieselfde stam, naamlik "salom", wat dui op die afronding en volledigheid wat met verwysing na die huweliksverhouding na 'n intieme persoonsverbondenheid binne 'n volledige twee-eenheid heenwys.

Die verbintenisdaad tot 'n monogame persoonsverbondenheid tussen man en vrou as andersoortige gelykwaardiges, word as volg deur die Skrif weergegee: "Daarom sal 'n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees". Hierdie is die enigste stelling aangaande die huwelik wat viermaal in die Woord herhaal word (Gen. 2:24; Matt. 19:5; Mark. 10:7, 8 en Ef. 5:31). Beskou in samehang met Mal. 2:14 en Spr. 19:5, tree die permanensie van die huweliksverbintenis na vore. Hierdie lewensgemeenskaplike karakter van die huwelik word in die volgende afdeling van naderby beskou.

4.5.3 Die lewensgemeenskaplike karakter van die huwelik

Die permanente kwaliteit van die terme "verlaat" en "saam lewe" wat onder ander voorkom in Gen. 2:24, is volgens Louw (1983c) gekoppel aan 'n geloofshandeling voor God. Die huweliksvoltrekking voor God bring 'n onverbreekbare ooreenkoms tot stand "... omdat die Here weet wat gebeur tussen jou en jou vrou met wie jy van jou jeug af getroud is". Huweliksontrou kan dus as sonde beskryf word waar die vrou as verbondsvrou bly. In hierdie verband merk Kock (1975, p. 138) op dat "hierdie liefdestrou (as taak, roeping, voorreg en plig) konstitueer saam met Gods geopenbaarde wil, die duursaamheid van die huwelik as geldend vir die lewe".

Die Woord sien alle egskeiding of enigiets wat die permanensie van die huwelikstrou in gevaar stel, as verwoestende inwerking op die lewensgemeenskap. In hierdie verband lees Spr. 6:26: "... owerspel kan jou lewe kos" en Mal. 2:16: "Die Here die God van Israel sê Hy haat egskeiding".

Jesus se beskouing van die onontbindbaarheid van die huwelik word gekoppel aan die samevoeging deur God, soos in Matt. 19:16 weergegee word. Slegs die dood maak 'n einde aan hierdie binding voor God, waar die opstandingslewe wat op die dood volg, nie gebonde is aan die bindinge wat op aarde gegeld het nie (Matt. 22:30).

Van der Schoot (1959, p. 126) stel dat: "Ik zou dan als uitgangspunt deze korte formulering willen nemen, dat het huwelijk is de levenslange en zo volledig mogelijke levensgemeenschap van één man en één vrouw". Dieselfde gedagte word gevind in Schulte (1980, p. 140): "Ehe konkretisiert das Gegenüber und Zusammensein von Mann und Frau, in einer totalen (leibseelischen) Lebensgemeinschaft deren Recht und Würde nach Gottes Willen nicht angetastet werden dürfen".

Die standpunt van die Lutherse Kerk lewer 'n waardevolle bydrae in hierdie verband, en kan as volg saamgevat word: "Ehe lässt sich fassen als (a) gesellschaftlich geschützter Raum für die Verwirklichung einer Gemeinschaft eines Mannes und einer Frau in Treue und Vertrauen auf Lebenszeit; (b) Speilraum für die Freiheit der beiden Partner in gegenseitiger Liebe, Wahrhaftigkeit und Vergebung; (c) schützender Raum für das Werden von Familie durch die Gemeinschaft der Eltern mit den Kindern; (d) offener Raum für schöpferische Einübung in alle Formen mitmenschlicher, gesellschaftlicher Verantwortlichkeit und in Sinngebung und Gestaltung des Lebens" (Winter, 1983, p. 21). Rinzema (1966, p. 13) sê "Naar zijn structuur-principe is het een gemeenschap waarin man en vrouw elkaar toebehoren voor de duur van het leven".

Die voorafgaande bespreekte lewensgemeenskaplike karakter van die huwelik maak die ontwikkeling en bestaan van huwelikstrou moontlik. Volgens Smit (1985) is liefdestrou binne die huwelik nooit sonder seksualiteit nie, en seksualiteit nooit sonder liefdestrou nie.

4.5.4 Seksualiteit

Die vroegste voorbeeld van liggaamsontsluiting as verdiepte persoonskommunikasie is wanneer Adam in Gen. 2:23 uitroep: "Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek ... " Volgens van Rad (Louw, 1983c) spruit die kragtige drif van seksualiteit voort uit die feit dat God uit een oorspronklike vlees, die vrou uit die mens geskep het wat beide in staat stel om aan die uiteindelike lewensbestemming te beantwoord. Volgens Hijmans (1960) is liggaamlike gemeenskap 'n teken en simbool van 'n onvoorwaardelike persoonsverbondenheid.

Die sinsnede "een word" wat in Gen. 2:24 vervat word, wys daarop dat man en vrou 'n organiese lewenseenheid vorm. Van der Merwe (1967, p. 22) sien hierdie eenwording as volg:

"So word Eva die hulp wat by Adam pas en aansluit en sy eensaamheid ophef. Sy vul hom aan en laat hom beter aan sy doel beantwoord. Die mens is op gemeenskap aangelê: die manlike en vroulike mens hoort bymekaar."

In die Ou Testament word die woord beken (jada) dikwels aangewend om geslagsgemeenskap aan te dui. Vertalingsbetekenisse wat aan hierdie woord gekoppel word, is ken, herken en openbaar, of die kennis wat die mens deur die geloof in God het. In die vertaling van die Septuagint word die woord "apokaluptein" aangewend, wat 'n openbaringswerksaamheid van God aandui. Die gedagte dat die man en sy vrou sal "een word" is 'n aanduiding van diepe voltrekking van sielsverbondenheid in liggaamsgemeenskap. Die woord "aankleef" omvat ook 'n teologiese dimensie waar dit binne die konteks van God se verbond met Sy volk aangewend word, en volgens Deut. 10:20 en Jes. 22:5 die belangrikheid van oorgawe in geloofstrou aan God se genade beklemtoon. Die term "aanhang" betrek dus die mens in totaliteit.

Aangaande huwelikseksualiteit waarop die boek Hooglied kommentaar lewer, postuleer Kroeze (1979, p. 167) dat "Die Hooglied (is) ook 'n afbakening van die regte weg in die liefdeslewe en dus 'n beteueling van 'n willekeurige uitlewing daarvan ... die Hooglied 'sing' van 'n eie geliefde, van die eie beminde".

Waar liggaamlikheid die totaliteit van die mens as psigofisiese geheel omvat, is dit by wyse van liggaamlike kontak, liefkosing en geslagsgemeenskap dat die mens ten opsigte van sy geslagtelike behoeftes gestimuleer en gevul word. Ook is die beeld van God, volgens Louw (1983c) in sy diepste liggaamsuitdrukking aanwesig.

Die verantwoordelike hantering van die menseliggaam en seksuele behoeftes daarvan word beskou as beeld van God. Atkinson (1979, p. 78) stel: "If human sexuality is the human drive towards personal communion ... then Barth's

emphasis is right to the extent at least that human sexuality is a deep dimension of the God-like in us". Die Godgegewe bestemmingsfunksie van die liggaam behels die eenwording tussen man en vrou soos wat dit in geslagtelike gemeenskap plaasvind. Hierdie eenwording by wyse van seksualiteit is die mens se begeerte na volkomenheid en afronding binne die liggaams- en persoonsgemeenskap met iemand van die teenoorgestelde geslag, wat die mens laat ontsluit tot op die vlak van 'n diepe persoonsidentiteit.

Seksualiteit blyk ook 'n positiewe huweliksfunksie te vervul. Smit (1985) wys op die positiewe bevestigingswaarde van seksualiteit relatief tot liefdestrou. Dominian (1981, p. 52) laat hom as volg hieroor uit: "Thus sexual intercourse serves most purposefully as a recurrent source which supplies the strength which fuels the sustaining, healing and growth of the couple, by its uniting potential". Seksualiteit binne die huwelik dien 'n voorkomende funksie met betrekking tot verdere agteruitgang in seksualiteit en as positiewe voorkomingsmaatreël teen algehele verval, soos vergestalt word deur die geskiedenis van bloedskande waar Amnon sy suster Tamar onteer (2 Sam. 13:12).

Die eerste gewaarwording van die mens se naaktheidskaamte as verwante seksualiteitselement word weergegee in Gen. 3:7 wat as volg lui: "Hulle altwee se oë gaan toe oop, en hulle besef dat hulle kaal is". Naaktheidskaamte as direkte gevolg van die sondeval is dus onderhewig aan 'n bestrawwende, en dus minder positiewe ontstaanskarakter.

Brillenburg-Wurth (1960, p. 85) spreek die minder positiewe kenmerke van skaamte aan deur te stel dat dit as aanduiding dien van die onvolledigheid van die man-vrouverhouding: 'n ervaring van verdere isolasie en afstand; 'n onderlinge vrees om die self volledig aan die ander te ontbloot, wat saamhang met 'n breër dieperliggende skuldgevoel dat die mens nie meer is wat hy behoort te wees nie. Eksistensieel beskou, ontbloot skaamte 'n basiese wantroue in die

teenoorgestelde geslag: "Sie waren ohne Verlegenheid und Unruhe beieinander, nicht gegeneinander, sondern miteinander: gerade indem der Mann vor den Augen der Frau der Mann, die Frau vor den Augen des Mannes die Frau war. Scham gibt es ja, nur wo es begründeten Neid, berechtigte Anklage und also Schande gibt" (Van Oyen, 1969, p. 74). Die Bybelse betekenis van die konsep "skaamte" is nie beperk tot die effek van die sondeval op seksualiteit of bloot onbedekte geslagsdele nie, maar wel in totale bewussyn van skuld en sondigheid van die mens in vervreemding voor God.

Van Oyen (1969, p.76) beskryf die konteks van skaamte as volg: "'De Adam' schaamt zich. Hij weet dat hij schuldig is aan liefdeloosheid, aan ongehoorzaamheid. In de intermenselijke schaamte is het mysterie van het Ik als een verborgen en in zich verhuld geheimenis levend gebleven. Alleen in de liefdesontmoeting der geslachten onthult zich de naaktheid als een zich-aan-elkaargeven, geheel zoals men is." Binne die trou van huweliksliefde, bestaan skaamte nie in hierdie sin nie, maar wel in die vorm van wedersydse respek en eerbied. Binne die huwelikstrou verval skaamte met die oog op 'n volledige toebehoort aan mekaar. Skaamteloosheid buite die intieme huweliksverhouding word die afbreek van alle grense. Die Bybel noem dit onomwonde hoerery en wellus. Hierdie beginsel word geïllustreer in Spreuke 7:18-24: "Kom ons drink van die liefde tot die môre toe, ons gee ons oor aan die liefdeslus ... so verlei sy hom met haar gladde tong. Hy loop sonder weerstand agter haar aan ... so is hy daarmee heen voordat hy dit weet."

In hierdie afdeling is daar aandag gegee aan seksualiteit in die huwelik tussen man en vrou. Hierdie tweeledige persoonsbetrokkenheid impliseer weer eens die andersoortige gelyksoortigheid binne die monogame lewensgemeenskaplikheid - 'n gegewe struktuur met gepaardgaande funksionele verantwoordelikhede. 'n Godgegewe huwelikstruktuur van die Christelike huwelik en gepaardgaande verantwoordelikhede van die man en die vrou word in die volgende afdeling beskou.

4.5.5 Huwelikstruktuur en verantwoordelikhede

God se wil met die huwelik is gegee met die skepping wat impliseer dat die huwelik as skeppingsverordening fungeer. 'n A prioristiese struktuur is in die huwelik ingebou wat 'n ordeningsfunksie vervul op verskillende vlakke van God se Skepping.

Binne die aanvanklike skeppingstruktuur (Gen. 1:27-28; 2:18, 20-23 en 1 Kor. 11:11) word man en vrou omvat as mekaar se helpers en gelykes. Binne sodanige struktuur stel Ef. 5:21 die norm: "Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig". Christus bevestig hierdie skepping-struktuur in Matt. 19:4-6: "Het julle nie gelees dat die Skepper hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie? Daarby het Hy gesê: Daarom ..."

Smit (1985) is van mening dat Christus hier terugverwys na God se skeppingswerk waar Gen. 2:18-24 die volgende beklemtoon: Die noodsaaklikheid van 'n interpersoonlike gemeenskap ("dis nie goed nie ...") tussen een man en een vrou as gelyke beelddraers; iemand wat "omgebou" word uit "die mens se ribbebeen" wat hom help "en met wie hy een word", veronderstel 'n wedersydse aanvulling en vervolmaking van mekaar se menswees en die woorde "een soos ek" wat die kommunikasieruimte in die huwelik impliseer.

Met die sondeval word daar aan die vrou gesê: "Na jou man sal jy hunker, en hy sal oor jou heers" (Gen. 3:16). Die bipolêre orde van man en vrou tree vervolgens telkens in die Skrif op besonder betekenisvolle wyse na vore. Eerstens is daar die Adam-Eva skeppingsorde wat telkens in die Skrif voorkom. Paulus in besonder beroep hom hierop op die volgende wyse: "Die man is nie uit die vrou geneem nie, maar die vrou uit die man" (1 Kor. 11:8). 1 Tim. 2:13 keur die oorheersing van die man deur die vrou af by wyse van die stelling: "Adam is immers eerste gemaak, Eva daarna".

Gen. 2:18 dui daarop dat die vrou geskape is as hulp vir die man. Die term "hulp" word geassosieer met 'n selfstandige bystand, dus 'n helper wat op komplementerende wyse fungeer. Louw (1983c) stel dat die feit van die verbondskeppingsorde die man daarstel as huweliks- en gesinsverbondshoof met die oog op die Goddelike verbondsgenade.

As gesins- en spesifiek huwelikshoof, word daar na die man deur God as Al Gesaghebbende, volgens Smit (1985), 'n sekere gesag oor sy vrou in die vorm van 'n amp gedelegeer. Die aard van sodanige amp word vergelyk met die gesag van Christus oor Sy gemeente (Ef. 5:22-30), waarin liefdes-besorgdheid en liefdesgemeenskap beklemtoon word (1 Kor. 11:3). Volgens Olthius (1976) het die man die voortdurende roeping om die huwelik af te stuur op die norm van getrouheid. In hierdie verband stel Olthius (1976, p. 27): "If he faithfully exercises his office, both he and his wife will be freed of themselves. As the head, the husband is called to take the lead in mutually examining the marriage to see if it is developing according to its long-range goals".

Olthius (1976, p. 28) kwalifiseer die aard van die dienshoofskap van die man teenoor die vrou op die volgende wyse: "Only when both husband and wife act as servants loving and submitting to one another, are marriages pleasing to the Lord". Die bedagsaamheid van liefdesleiding wat Paulus in Ef. 5 weergee, kwalifiseer dat mans hulle vrouens moet liefhê soos hulle eie liggame. Hendriksen (1972, p. 254) lewer kommentaar op Paulus se uitlating deur te sê dat "Paul is not thinking only of supplying the body with barely enough food, clothing and shelter ... he refers instead to the bountenous, elaborate, unremitting and sympathetic care He bestows on our bodies".

Wat hierdie verantwoordelikhede en diensorde betref, gebruik Barth (1951) die term "diensprimaat" waar die gemeenskaplike faktor van die versoening in Christus aanwesig is. Christus

voer alle heerskappy (Kol. 2:10) en in hierdie situasie beskik beide man en vrou oor gelykmatige aktiewe rolle in die uitdra van die Evangelie deurdat albei mede-erfgename van die genade van die lewe is (1 Pet. 3:7).

Smit (1985) postuleer dat daar skeppingsmatig 'n groter afhanklikheid by die vrou en groter behoefte by die man bestaan om namens die vrou op te tree. Hierdie skeppingsmatige eiesoortige geslagbehoefte dien die huweliksliefde in die interaksie tussen die Godgegewe huweliksampte wat volgens Kroeze (1970, p. 161) gelykwaardig aanvullend blyk te wees: "Saam word hulle geseën, saam is hulle vir die voortplanting van die menslike geslag verantwoordelik, saam word hulle as heersers oor die aarde aangestel, saam val hulle in die sonde, en saam ontvang hulle die belofte van die aard wat tot die verlossing van die menslikheid sal kom".

Die onderdanigheid ter sprake in die huwelikstruktuur (Ef. 5:22; 1 Kor. 14:34; Kol. 33:18; 1 Tim. 2:11; Titus 2:5 en 1 Pet. 3:1) behels volgens Louw (1983c) 'n ondersteunende funksie waartoe die vrou die reg van keuse gehad het, waar die vrou se onderdanigheid ondergeskik staan aan 'n wedersydse onderdanigheid van sowel man as vrou aan die Here ("Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig", Ef. 5:21).

Die funksionele hoofskap binne die huwelik, as opofferende diens aan die vrou, asook in diensbaarheid aan die gemeente, is dus gesetel in die huwelik as 'n twee-eenheidsgemeenskap (Gen. 2:24) met 'n permanente gesagstruktuur (Strauss, 1964), as lewenslange interpersoonlike en eksklusiewe verhouding tussen man en vrou wat gekwalifiseer word deur liefdestrou en gefundeer word deur 'n relatief duursame seksuele verbondenheid (Olthius, 1976). Hierdie funksionele struktuur impliseer wedersydse huweliksverantwoordelikhede deur beide man en vrou.

Die onderskeie verantwoordelikhede van man en vrou in hierdie verband word vervolgens uiteengesit.

4.5.5.1 Manlike huweliksverantwoordelikhede.

Heelwat versgedeeltes in die Bybel spreek die man se aandeel in die huwelik aan. Sommige van die sleutelgedagtes is Gen. 3:16, Ef. 5:23-33, 1 Tim. 3:4-5, Ps. 128, 1 Pet. 3:7, 1 Kor. 7:3, 4, Spr. 5:15-19 en Kol. 3:19. Die twee sentrale temas van die man se verantwoordelikheid teenoor die vrou behels 'n leidinggewende en minnaarsrol.

Die man behoort leiding te verskaf aan die vrou (Ef. 5:23; 1 Tim. 3:4, 5, 12 en 1 Kor. 11:3). Soortgelyke gedagtes van dienende leierskap word ook deur Joh. 13:1-5, 1 Pet. 5:3 en 2 Thes. 2:5-11 weergegee. Die man fungeer as hoof op dieselfde wyse as wat Christus die hoof van die Kerk is (Ef. 5:23). Die leierskapmodel van die man is geleë in Jesus Christus, wat homself tot dienaar gemaak het (Fil.2:6-8), wat na die aarde gekom het om te dien en sy lewe as losprys gegee het (Mark. 10:45), wat aan die hoof staan van alle dinge ter wille van die gemeente (Ef. 1:22-23). Soortgelyk aan Christus se handelingswyse, relatief tot die gemeentelede, behoort die man dus teenoor sy vrou op te tree en ten alle tye volledig haar belange op die hart te dra.

Op dieselfde wyse kan Jesus se leidingsoptrede teenoor sy dissipels as model dien. In hierdie verwantskap het die beginsel van voortdurende assosiasie wat gehandhaaf is, sterk na vore getree. Hy het onder meer heelwat tyd in hulle teenwoordigheid deurgebring (1 Joh. 39:43; Mark. 1:17; 3:14; 4:10; 5:1, 30, 31, 40; 6:1, 30-32, 35; 8:1, 10, 27, 34; 9:2, 30; 10:13, 23, 46 en 11:1). Bybelse leierskap behels dan ook 'n assosiasie met daardie persoon wat onder iemand se leiding staan. Petrus (1 Pet. 3:7) beveel dan ook die mans om verstandig met hulle vrouens te lewe. Jesus het ook op omsigtige wyse toepaslike onderrig gegee aan sy dissipels (Matt. 4:10; Joh. 13:16). Wat

onderrig betref, is die woord Meester (Rabbi) 'n titel wat gereeld aan Jesus toegeken is. By sommige geleenthede het Jesus formeel lering gegee aan sy dissipels (Matt. 5:1-2; Joh. 13-16), en by ander tye informele onderrig te midde van lewensituasies in reaksie op konfrontasies en vrae (Matt. 19:3-12; 6-7 en 21:12-32).

Dit blyk duidelik dat God dit vereis dat die man op soortgelyke wyse leringsleiding moet verskaf aan die vrou (1 Kor. 14:35). Jesus het ook leiding verskaf aan Sy dissipels deur middel van 'n voorbeeldige handel en wandel (Fil. 4:9; 1 Thes. 2:7-10 en 1 Pet. 5:3), 'n ideaal waarna die manfiguur behoort te streef (Fil. 3:12-14). 'n Verdere wyse waarop Christus sy dissipels gelei het, was deur die neem van besluite of delegering (Joh. 4:1,*2; Mark. 1:35-39; 6:7, 35-47; Joh. 11:39-44; Matt. 10:1-14; 16:21-23; 21:1,2 en 28:18-20).

Die Bybelse huwelikleiersprofiel is essensieel liefdevol van aard. Die vrou se liefdesbehoeftebevrediging deur die man word aangespreek deurdat God die man driemaal opdrag gee om sy vrou lief te hê gedurende die verloop van enkele verse in Ef. 5. Die Woord spel hierdie saak as volg uit: "Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad het en sy lewe daarvoor afgelê het" (Ef. 5:25). Hierdie Christelike liefdesvoorbeeld as manlike huweliksverantwoordelikheid word getipeer deur die volgende kwaliteite: onvoorwaardelike vryheid (Rom. 5:8), vrywilligheid (Deut. 7:7; Ef. 1:6,7), 'n hoë intensiteit (Joh. 13:1; Ef. 5:2,25), omvangrykheid (Joh. 13:1; Jer. 31:3 en Rom. 3:39), onbaatsugtigheid (Fil. 2:6,7), doelbewustheid (Ef. 5:26,27) wat opofferend manifesteer (Ef. 5:2, 25; 1 Pet. 3:18; Rom. 5:6-11 en 1 Pet. 2:24; Joh. 10:1-14; 14:1-3; 13:34-35; 15:9-10; Rom. 8:32; Fil. 4:13, 19 en Heb. 4:14-16). Verskillende liefdesvoldoeningsmanifestasies behels beskerming (Ef. 5:28), omvattende behoeftebevrediging (1 Tim. 5:8; 1 Joh. 3:17 en Ef. 5:28), respek en bedagsaamheid (Ef.

5:28; Kol. 3:19 en 1 Kor. 13:4,5) en 'n genoegsame uitdrukking van waardering en lof (1 Pet. 3:7; Spr. 31:28).

Die aard van die man se leidende verantwoordelikheid teenoor die vrou word dus duidelik deur die Woord weergegee. Aanvullend hiertoe word die verantwoordelikhede eie aan die rol van die vrou voorgehou.

4.5.5.2 Die verantwoordelikhede van die vrou

In die Nuwe Testament word die vrou dikwels gemaan om haar in gehoorsame onderdanigheid aan haar man te onderwerp (Ef. 5:22-24; Kol. 3:18; Titus 2:4,5; 1 Tim. 2:9-12 en 1 Pet. 3:1-6).

In die soeke na die essensiële betekenis van die sentrale begrip "onderdanigheid" is dit van heelwat waarde om te kyk na betekenisse van wat dit nie behels nie. Die Bybelse aanwending van die konsep "onderdanigheid" geskied nie slegs ten opsige van die vrou nie, maar alle gelowiges (Ef. 5:21; Fil. 2:3, 4; 1 Pet. 5:5; Rom. 13:1 en Heb. 13:17). Onderdanigheidsomstandighede impliseer vryheid, deurdat 'n ontplooiing van alles wat God vir haar in pag het, mag geskied (Spr. 13:10-31). Onderdanigheid impliseer ook nie 'n terughouding van opinie of advies (Spr. 31:26; Hand. 18:26 en Rig. 13:21-23), 'n onbenutting van talente (Spr. 31) of enigsins minderwaardigheid nie (Luk. 2:51; Joh. 5:30; 1 Kor. 11:3; Gen. 1:26,27, 2:23 en Gal. 3:28). Soortgelyk aan die kwalifisering van die Skrif wat nie deur die term "onderdanigheid" geïmpliseer word nie, kan daar, wat die voorgeskrewe aard daarvan behels, ook meer duidelike riglyne uit 'n ondersoek van die Woord verkry word.

Vroulike onderdanigheid is mandaat, maar nie optimaal nie (Ef. 5:21; 1 Pet. 3:1), en word nie bepaal by wyse van reaksie op haar man se optrede teenoor haar nie (1 Pet. 3:1; Luk. 2:51). Vroulike huweliksonderdanigheid is 'n geestelike saak wat geskied as "net soos julle aan die Here

onderdanig is" (Ef. 5:22). God beveel die vrou om onderdanig te wees in geloofsgehoorsaamheid (Joh. 14:15; Ef. 5:22; Ef. 1:1-5, 21 en 1 Pet. 1:1-3, 6). "Onderdanigheid" blyk dus 'n konsep vry van inherente negatiewe konnotasies te wees. Dit betrek houdings sowel as aksie-elemente. Die gelowige se onderdanigheid aan die wil van God die Vader geskied as volg: "Om U wil te doen, my God, is my een begeerte, U woord is my hele lewe" (Ps. 40:9). Op soortgelyke wyse behoort die vrou Goddelik ideëel met genot te arbei (Spr. 31:13). Ef. 5:32 stel in hierdie verband dat "'n vrou moet aan haar man eerbied betoon".

Die primêre onderdanigheidsopdrag aan die vrou soos dit uit die Woord na vore kom, is geleë in die lewensfeit van haar Godgegewe man. God sê met die skepping van Adam en Eva: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke ... maar vir homself het hy nie 'n helper, 'n gelyke, gekry nie. Toe het die Here God 'n diep slaap oor die mens laat kom, sodat hy vas geslaap het. Die Here God neem toe 'n ribbebeen uit die mens ..." en "... bou Hy om tot 'n vrou en bring haar na die mens toe" (Gen. 2:18-22). Vanuit hierdie gedeelte tree belangrike aspekte van die vrou se verhouding met die man na vore.

Selfs in 'n mees voortreflike staat, was die man sonder die vrou onvolledig. Die vrou is deur God geskape as gepaste helper, as unieke wese om by die man met sy spesifieke behoeftes aan te pas. Iets van hierdie kwaliteit van hierdie behoeftebevredigingsproses word in Spr. 18:22 weergegee: "Wie 'n vrou kry, vind geluk en geniet die goedheid van die Here". Spreuke 3:10, 11 sluit hierby aan: "'n Knap vrou is baie werd, baie meer as edelstene. Haar man steun op haar en pluk vrugte van haar werk." God het volgens 1 Kor. 11:11 die vrou as aanvullend tot die man gemaak waar sy komplementerend en onontbeerlik vir die man is. In die vrou se rol as helper aan die man se sy, "bring sy hom net voordeel, nie nadeel nie, haar hele lewe lank. In die man

se huis behoort sy soos 'n vrugbare wingerdstok te wees." Spreuke 31 stel dit egter duidelik dat sy ook aktiwiteite tot voordeel van haarself en haar medemens mag bedryf.

Vroulike onderdanigheid is ekstensief van aard - sy behoort haar man onderdanig te wees soos die Kerk aan Christus is (Ef. 5:24), waar Christus as aanvanklike en uiteindelike hoof funksioneer, waar alle aksies soos in die gemeente in woord en daad in die naam van Christus behoort te geskied, in 'n afhanklikheid van Sy persoon en Hom in alle wyses herken en alles tot Sy eer en verheerliking doen (Kol. 3:17; Spr. 3:5,6 en 1 Kor. 10:31). Die vrou behoort dan ook slegs onderdanig te wees "soos dit pas by mense wat in die Here glo" (Kol. 3:18).

Die onderliggende rigtinggewende beginsel van die vrou se huweliksverantwoordelikhede in Christus teenoor die mens is uitgespel. Die Woord verskaf egter ook gerigte leiding aangaande die spesifieke wyses waarop die vrou haar man mag bystaan. Bystandselemente behels onder meer bydraes tot die huis as versorgende hawe (Spr. 31:11-20), voortdurende aantreklike selfaanbieding, veral op geestelike vlak (1 Pet. 3:3-5), 'n aanvaarding van die bestaande situasie en take (Heb. 3:5,16), die handhawing van 'n positiewe houding (Spr. 31:26, 28, 29), en laastens samewerking met die man in die opvoeding van die kinders (Ef. 6:20; Spr. 31:26-28 en 1 Tim. 5:13, 14).

Met die weergee van die vrou se huweliksverantwoordelikhede as aanvullend tot dié van die man binne die huwelikstruktuur, word die bespreking van huwelikstruktuur en verantwoordelikhede voltooi. In samehang met uiteensettings van seksualiteit, die lewensgemeenskaplike karakter van die huwelik, wedersydse persoonsverbondenheid tussen die man en die vrou as andersoortige gelykwaardiges, en die eksklusiewe monogame verbintenis tussen die man en die vrou, word daar volstaan wat betref die subjektiewe aspekte van die aard en

wese van die huwelik, aanvullend tot dit wat die objektiewe saakkarakter van die huwelik uitmaak.

Die huweliksroeping veronderstel die huwelik as taak en is gerig op die lewensverantwoordelikheid teenoor mekaar, waarop Barth (1951, p. 210) as volg kommentaar lewer: "Ehe als Lebensgemeinschaft ist Arbeit: nämlich Arbeit an dem Kunstwerk dieses Zusammenseins". Volgens Schnackenburg (1972, p. 15) word die beslissende faktor vir die huwelik as instelling van God gevind in die feit dat God die mens volgens Matt. 19:9 saamvoeg: "Der Ausdruck (wat God saamgevoeg het), kann im Hebraïschen auch verheiraten bedeutet so dass Gott selbst als der Ehestifter erscheint, er wirkt beim Abschluss der Ehe mit". Uit die besprekings tot dusver blyk dit dat die huwelik vir die Christen as geloofsdaad dien, waar die Christelike man en vrou aldus Hijman (1960) bymekaar hoort en die saak van die liefde as basis dien.

Dit het ook geblyk dat die Christelik-Protestantse beskouing van die huwelik in hoofsaak die onderlinge verhouding tussen die twee Christen-huweliksmaats onder die leidende beskermingsverordening in verhouding tot God behels. In die soeke na 'n verwysingswaarheid, beginsel of norm aan die hand waarvan hierdie verhoudings omskryf mag word, kan daar soos in Matt. 22:36 in die soeke na 'n kwantitatiewe wetsbeskouingswaarderingsmotief ("Meneer, wat is die eerste en die groot gebod in die wet?") die aandag gevestig word op hierdie antwoord. Jesus haal in Matt. 22:37 en Deut. 6:5 ondubbelsinnig bevestigend aan: "...Jy moet die Here jou God liefhê ..." wat opgevolg word met 'n gelykwaardige stelling (Matt. 22:39) wat lui "... Jy moet jou naaste liefhê soos jouself".

Riglyne vir die gewenste aard van die handhawing van interpersoonlike verhoudinge in Christus, is gesetel in die liefde. Paulus roep die gelowige op tot liefde voordat hy hom wend tot die aanspreek van verskillende tipes verhoudings: "En beklee julle bo dit alles met die liefde wat

die band van volmaaktheid is". Volgens Louw (1983b) is die mens geskep tot liefde en gebou op liefde.

Aangaande liefde en menswees stel Luijpen (1964, p. 238) dat "in die liefde tree die mens sy bestemming tegemoet, vind hy vervulling van sy menswees". Berkhof (1973, p. 193) sluit hierby aan deur te postuleer dat "in die relasie waardeur liefde ontvang en gegee word, volg die mens die sentrale roeping en verwesenlik sy ware wese. In die liefde kom die mens tot homself."

Die konsep "liefde" figureer hieruit as 'n bron (Matt. 22:40), kern en samebindende faktor van 'n Christelike lewens-, wêreld- en verhoudingsbeskouing. In die beskouing van die huweliksverhouding in en tot God behoort liefde as sodanig aandag te geniet. Aspekte wat vervolgens aandag geniet, is die sentrale liefdesgebod en vorms van huweliksliefde.

4.6 LIEFDE

4.6.1 Inleiding

Wat die liefde as sodanig betref, stel Heyns (1982, p. 19) dat "liefde 'n onlosmakende bestanddeel is van die mens wat na God se beeld geskape is. Die mens is meer as net 'n liefdegewende en liefde-ontvangende wese, maar dat hy sodanige wese is, is kragtens sy kreatuurlikheid. Die liefde kan van sy wese as mens dus nie losgemaak word nie en omgekeerd: alleen in die liefde is die wese van die mens wat hy behoort te wees."

Brillenburg-Wurth (1953, p. 53) wys op die problematiek daaraan verbonde om die konsep "liefde" te definieer: "Een eenvoudige agapé is dat niet. 'Liefde' behoort nu eenmaal tot die fundamentele werkelijkheden van het leven, die zich bijna niet laten definiëren. Maar daar komt nog bij, dat de term 'liefde' dienen moet om er de meest uiteenlopende

grootheden mee aan te duiden, van zuiver zinnelijke, driftmatige instellingen af tot diep mistieke, zelfs religieuze verhoudingen toe. Dat moet als vanzelfde verwarring in die hand werken en een klaar inzicht in wat nu het eizenlijke, wezenlijke van de liefde is niet weinig bemoeilijken."

Die liefdesband tussen mense word as volg deur Brillenburg-Wurth (1953, p. 158) beskryf: "... En zo zullen als gemeente van Christus zorgvuldig het haardvuur der liefde brandende houden, zelf ons daaraan steeds weer kunnen warmen en ertoe kunnen meehelpen, dat ook in onze liefdeloze wereld weer iets zich gaat openbaren van de kracht van die liefde, die alles gelooft en alles hoopt en alles verdraagt en die wat ook in deze wereld ondergaan, mag nimmer vergaat (1 Kor. 13:8). Daarin gaat het om een Christelijke roeping van de eerste orde. Want mogen al 'geloof, hoop en liefde' alle drie 'blijven de meeste van deze' drie is en blijft toch steeds 'de liefde' (1 Kor. 13:13)."

Daar word deur Aalders (1974, p. 39) verwys na die "mysterie van die liefde" volgens Ef. 5:32, en hy tipeer die liefde as "liefde in evangelische zin". Aalders (1974) maak ook melding van die beelde van lig en ruimte wat gebruik word wanneer daar aangaande liefde geskryf word. In Joh. 1:5-7 word die ligbeeld aangewend wat nou saamhang met sien, ken en die waarheid. In die liefdeslig as waarheidsopenbaring van die Heilige Gees verkry die mens onderskeidingsvermoë.

Hierdie gedagtes aangaande liefde setel in die sentrale liefdesgebod wat vervolgens beskou word.

4.6.2 Die sentrale liefdesgebod

Deut. 6:5 lui dat "Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag". Hierdie liefdesgebod as opdrag beklemtoon die vertikale liefdesgebod tussen individuele huweliksmaats en hulle Skepper. Thompson (1974, p.

122) se kommentaar dra by tot die perspektief van hierdie teksgedeelte en sien as volg daaruit: "The heart was regarded as the seat of the mind and will as well as a wide range of emotions. The term soul is difficult to define, but it seems to refer to the source of life and vitality, and even of ones being ... The two terms heart and soul between them indicate that a man is to love God with unreserved devotion. To give more weight to the demand a third expression is added, with all your might, i.e. with all your strength."

Phillips (1973) is van mening dat hierdie vertikale verhouding met God alleenlik gehuisves kan word in liefde wat versterkend van aard is. Hierdie situasie word as volg deur Brillenburg-Wurth (1953, p. 55) beskou: "En ook dat alles is maar niet alleen Gods vrije daad - al is het dat zeker ook! - maar het is Gods wezen. Gods Zijn is Zich geven. Gods Zijn is gemeenschap stichten. Hij is daarin God, dat Hij liefheeft. Vandaar dat Gods liefde ook nooit van onze wederliefde afhankelijk is. Hij vraagt die wederliefde van ons wel. Zijn liefde is grondeloze liefde, liefde waarvoor Hij Zijn redenen alleen aan Zichzelf ontleent. Ze draagt het karakter van vrijmachtig souverein welbehagen."

In Matt. 22:37-38 word verklaar dat die mens in sy totaliteit God moet liefhê en die naaste soos die self en Heyns (1972) dui aan dat naasteliefde wat gesetel is in gehoorsaamheid, uiteraard gekenmerk word deur 'n Goddelike gerigtheid. Dit impliseer dat die liefde teenoor die ander sy eerste en diepste bron vind in God se liefde vir die mens. Wie ookal hieraan deel het, word na die naaste uitgedrywe (1 Joh. 4:20), sonder dat daarmee beweer word dat naasteliefde as sodanig liefde vir God is. Die besonderse verhouding en situasie is bepalend tot die aard van naasteliefde. Heyns (1972, p. 114) postuleer dat: "As ek my naaste liefhet en my naaste is my vrou, sal ek haar liefhê volgens die liefde wat eie is aan en voorgeskrewe word deur die huwelik".

Christus se naasteliefdebeeld kom neer op die volgende: "... begin met hom lief te hebben, die het dichst naast u staat" (Nielsen, 1972, p. 226). Naasteliefde behoort ook in die huweliksverhouding as vernaamste binding tot sy reg te kom waar die huweliksmaat die naaste aan die mens staan. Die kwaliteit van sodanige verhouding word deur Louw (1983b) beskryf as die wyse waarop die man en die vrou in Christus vergewend en versoenend met mekaar saamleef, waar elkeen die belange van die ander soek, en volgens voorskrif die Christusgesindheid in hulle huweliksverhouding sigbaar maak. Paulus kwalifiseer hierdie onbaatsugtige selfopofferende liefde as volg: "Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief, want niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie" (Ef. 5:28, 29). Wat die aanvanklike Bybelse huweliksopdrag betref, word in Tit. 2:4 gestel dat vroue hulle mans moet liefhê.

Hierdie wedersydse huweliksliefde verteenwoordig die vernaamste band wat die man en die vrou saambind as primêre huwelikswesenselement soos deur die Woord voorgehou word (Brillenburg-Wurth, 1960; De Bruyn, 1982; Grobbelaar en Blignaut, 1983 en Wijngaarden, 1969). Huweliksliefde as sodanig mag ook beskou word as bestaande uit verskillende aspekte (Heyns, 1986; Louw, 1983a). Hierdie aspekte, voortspruitend uit die bogenoemde beskouing van die sentrale liefdesgebod, geniet aandag in die volgende afdeling.

4.6.3 Aspekte van huweliksliefde

4.6.3.1 Inleiding

Wat die aard van aspekte van huweliksliefde in kombinasie relatief tot die instelling van die huwelik betref, laat Heyns (1970, p. 196) hom as volg daaroor uit: "Die sin en doel van die huwelik lê, benewens dat dit dien tot verheerliking van God, nie buite homself nie, maar in homself". Heyns (1970) stel verder dat die man en vrou mekaar

geestelik behoort aan te vul en te versterk, inspireer en bemoedig. Deur in die omvattende sin van die woord as wedersydse hulp te funksioneer, behoort die man en vrou mekaar tot die bestemmingsbereiking te ondersteun.

Huweliksliefde omvat volgens Louw (1983a) ideëel geïntegreerde geheelaspekte naamlik: sexus, die liggaamlike aspek wat op die seksdrang konsentreer; eros, die aanduiding van die emosionele karakter van die liefde; philia, die aanduiding van huweliksliefde as bondgenootskap, vriendskap en kameraadskap, en agapé wat die huweliksliefde beskryf na sy diepste bestemmingsfunksie as bestaande uit onbaatsugtige, opofferende diens.

Daar word vervolgens in diepte gekyk na hierdie verskillende liefdesaspekte, te wete eros en sexus, philia en agapé, asook 'n integrasie tussen eros en agapé.

4.6.3.2 Eros en sexus

Die huweliksliefdesvorme sexus en eros omsluit 'n romantiese hunkering na die persoon waarop die liefde gerig is (Louw, 1983a). Fouché (1982) wys daarop dat die woord "eros" slegs tweemaal voorkom in die Septuaginta, en glad nie in die Nuwe Testament nie. Eros word volgens Pop (1972) by uitstek aangewend vir die beskrywing van die ontugtige liefde van die afgodedienaars. Met die uitsondering van Hooglied, word daar in die Ou Testament selde verwys na erotiek, en indien wel, gewoonlik in die negatiewe sin van die woord. Fouché (1982) postuleer dat dit moontlik is om tussen sogenaamde positiewe en negatiewe erotiek te onderskei.

Erotiek word as volg deur Thielicke (1978, p. 30) getipeer: "It is never pure surrender in the sense of giving oneself away, but it always has in it the element of monopolizing, of fulfilling oneself, and appropriating". Hierdie erotiek word onder meer weergegee deur Adam se uitroep: "Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek" (Gen. 2:23). In

die boek Hooglied word verliefdheid in verruklike terme beskryf. Hooglied 5:8 besing die intense belewenis om besit en bewonder te word. In Hooglied 7:6-7 word die liefdes-ekstase suiwere siels- en liggaamsgenot: "Jy is so mooi, so bekoorlik, liefste, met soveel wat geniet kan word ..."

Kroeze (1979, p. 131) is van mening dat Hooglied bewys dat daar ook ware skone en suiwere erotiek bestaan. In die konteks van die Nuwe Testament postuleer Paulus dat erotiese liefde in die uitlewing van die seksuele drang ook huweliksplig verteenwoordig. Die "bewys" van die verskuldigde welwillendheid teenoor mekaar dien 'n voorkomende funksie ten opsigte van die verleiding deur Satan (1 Kor. 7:2-5). Smedes (1979, p. 38) lewer die volgende kommentaar op die bedryf van die erotiek volgens die Wil van God: "Our sexuality makes us excitingly sensitive to physical delights in the intimate teaching of another person's body. God has made us body-persons finely turned to pleasure."

Die waarde van positiewe erotiek in die huwelik word deur Grobler (1982) in perspektief geplaas, deur te wys op die egte en onbevange ontplooiing van die mooie en skone van die mens binne die huweliksdaad as diep samebindende krag en hoogste huweliksgelukuiting.

4.6.3.3 Philia en agapé

Die term "philia" dui op onderlinge eenheid wat geborge is in gemeenskaplike belange en aanduidend is van die kameraadskaps- of vennootskapsaspekte van liefde. Dit dui op 'n ooreenkoms tot wedersydse onvoorwaardelike deling, vriendskap en mededeelsaamheid (Louw, 1983a).

Pop (1972) wys daarop dat die woord "agapé" vertaal mag word met die betoon van simpatie en besondere liefde aan ander. Aanvullend tot die Ou Testamentiese gebod van naasteliefde, val die klem volgens Du Rand (1979) net sterker op onderlinge broederliefde as die antwoord van die gelowige as

vrug van God se liefdeswerk in die mens, deur die sterwe van Jesus Christus. Tasker (1971) spel in hierdie verband uit dat waar die Ou Testament verorden het dat die mens die ander moet liefhê soos homself, die nuwe wet is dat hierdie liefde meer as die self en 'n eie aardse lewe behoort te omvat.

As die oorsprong en bron van agapé dui Rom. 5:5 liefde aan as "in ons hart uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het". Thielicke (1979, p. 33) spreek homself as volg hieroor uit: "This agapé is not at man's disposal, nor is it like eros, inherent in his nature. It can be bestowed upon him only by God. Man can be empowered to possess agapé only by allowing himself to receive it from God and so pass it on to his neighbour. He who does not receive it cannot pass it on, and he who does not pass it on loses what he has received." Volgens Luijpen (1964, p. 247) "Er ist maar een woord om juist te zeggen wat die liefde is, zij is genade".

Louw (1983a) sien ook die eiesoortigheid van Goddelike liefde deur hierdie term aangedui, as 'n element wat genade omvat. Huweliksliefde as agapé-liefde, dui op die bewustheid by die gelowige van die feit dat daar 'n geroepenheid in die mens aanwesig is tot 'n Godgegewe liefdesroeping en -leiding. Die aard van agapé-liefde word deur Eickhoff (1966) beskryf as 'n volwasse uitdrukking verby infantiele beloning-straf konsepsies. Dit kan slegs figureer as die mens self verder as die bestaande self ontvou. Paulus beskryf in 1 Kor. 13:14 die agapé-liefde as lankmoedig en vriendelik, nie jaloers, grootpraterig of opgeblase nie. Heyns (1981) dui aan dat die agapé-liefde altruïsties gerig is, dus op die ander om daardie persoon meer volledig te maak. "Lieben heisst Uberschreiten seiner selbst und schliesst den Abstand zu sich selber ein. Der Liebesfähige ist frei von sich für den anderen" (Struck, 1971, p. 54). Hierdie Christusgesindheid word as volg uitgedruk: "Die-

selfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was" (Fill. 2:5).

Van Oyen (1969) stel dat die liefde as agapé primêr 'n terapie is. Foulkes (1978, p. 160) beskryf hierdie liefde tussen man en vrou as volg: "The husband is to love his wife, not just because of the beauty he finds in her, but to make her more beautiful". Agapé-liefde kan ook 'n verbrokkelende huwelik genees op grond van die opwekkende krag van vergifnis: "Alleen wanneer twee mensen elkaar uit de liefde der volledige overgawe (agapé) nieuw ontmoeten, willen helende krachten alles wat ziek en verscheurd is, in zich opnemen" (Van Oyen, 1969, p. 37).

Bogenoemde beskouing aangaande agapé is aanvullend tot die uiteensetting van die vorm van eros-huweliksliefde. Smit (1985) stel voor dat wedersydse, aanvullende eenheids-kombinasies van erotiek (eros) en persoonsliefde (agapé) die ideaal vorm vir gewenste huweliksintimiteit. Hierdie integrasie tussen eros en agapé word vervolgens ondersoek.

4.6.3.4 Eros en agapé: 'n Integrasie

Pieterse (1983) postuleer dat die harmonieuse en wissel-werkende samehang tussen die vorms van huweliksliefde van eros en agapé in die Ou Testament versinnebeeld word deur die verbondsrelasie tussen God en Sy volk. Sodanige ver-gestalting van agapé-eros samespel getuig van die liefde tussen God en Sy kinders wat deur Paulus musterium (misterie) in Ef. 5:32 genoem word.

"Agapé is es, die das bewirkt, was Eros und Sexus erstreben, namlich das reine ganzheitliche Miteinander von Mann und Frau wie es in der geschlechtlichen Hingabe der ehelichen Liebe sich erfüllt. So ist Agapé die tragende, über Eros und Sexus herrschende Kraft wahrer Ehe" (Thurneysen, 1968, p. 121). Aansluitend hierby beskryf Smit (1985) die gewenste agapé- erosbeeld as bestaande uit die volgende:

die erotiese doelgerigte liggaamlike sakebetrokkenheid, plus 'n doelgerigte persoonsbetrokke persoonsliefde; 'n erotiese selfgerigte lus-eksploiterende al-een-skapsverhouding plus 'n ander-liefdesgerigte gemeenskapsverhouding wat vergenoegdheid tot gevolg het; 'n erotiese vervangbaarheid plus 'n unieke ewigdurende, volledige persoonliefdesvervangbaarheid; die vervlietende erotiese ekstase plus die duursame vreugde van agapé-vervulling en normlose erotiese verhoudinge wat die mens aan sy eie persoonsgroei stagneer, plus die liefdesverbinding van agapé wat vrye ruimte vir seksuele liefdesbetuiging, persoonlikheids- en gemeenskapsgroei skep.

Huweliksmaats behoort te streef na hierdie ideale geïntegreerde huweliksbeeld as voortdurende groeidoelwit in die Christenhuwelik, ter bevestiging van die houdings en waardes wat met sodanige Christenliefde gepaard gaan. Suksesvolle kernmanifestasies in hierdie verband sou finale gestalte vind in die vrug van die Gees wat volgens Gal. 5:22 gekenmerk word deur vriendelikheid, geduld, nederigheid, selfbeheersing, vreugde, vrede, goedhartigheid en getrouheid.

Met die weergee van die ideale eros-agapé huweliksliefdeintegrasie, in samehang met philia en agapé en sexus en eros, word die bespreking van aspekte van huweliksliefde voltooi. Aanvullend tot die sentrale liefdesgebod, word daar met die uiteensetting van liefde volstaan.

In die uiteensetting van 'n onderliggende waardesisteem ten opsigte van die oplossing van die probleem van hierdie studie, het liefde aandag geniet in kombinasie met subjektiewe aspekte van die aard en wese van die huwelik, die objektiewe God-mens saakkarakter van die huwelik, 'n Protestants-Christelike huwelikstandpunt, en die Bybel as bron van inligting.

Sentrale gedagtes wat onder meer na vore getree het, is dat die huwelik 'n geloofsdaad behels waar die man en die vrou mekaar in die geloof kies. Die roeping van hierdie samevoeging (Matt. 19:6) as genadedaad deur God kom tot uiting in die versoenende liefde van God in Christus as die bron van huweliksliefde en -bevrediging. Ef. 4:22, 23 ("Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die Wil van God en wees heilig"), impliseer werk tot verlossing terwyl Paulus se opmerkings in Ef. 5:22-30 aangaande huweliksliefde as aanduiding dien van versoening in die durende gelowige huwelik. Hierdie ander-gerigte verhouding as vergewingsgesinde huwelikslewenswyse sluit nou aan by vooraf geïdentifiseerde sentrale temas van hierdie studie wat wentel rondom die verryking en uitbouing van egpaarverhoudings. Veral as 'n onderliggende waardesisteem, lewer die Christelik-Protestantse benadering 'n waardevolle bydrae. 'n Evaluerende verpraktisering van die verrykings- en versoeningsaksies ter bevordering van die saak van funksionele huwelikskwaliteit sou van pas wees.

4.7 SAMEVATTING


Inleidend tot hierdie hoofstuk het enkele stellings gefigureer wat voortspruit uit die waardeverrekening van die doelstellings van hierdie studie. Hierdie stellings behels die volgende: die Bybel mag as inligtingsbron dien ten opsigte van die omvang van 'n Christelike waardesisteem; hierdie inligtingsbron kan op verskillende wyses geïnterpreteer word; wanneer die aard en wese van die huwelik beskou word, kan twee breë karaktertrekke onderskei word, naamlik 'n objektiewe saakkarakter asook 'n subjektiewe persoonsverbondenheid tussen twee huweliksmaats, en laastens dat die geheelstruktuur van die huwelik onderlê word deur 'n samebindende kernfaktor.

Na aanleiding van hierdie stellings kom die volgende onderwerpe onder bespreking: die Bybel as bron van inligting;

'n Protestants-Christelike huwelikstandpunt insluitende oortuiginge van Protestantse wysgere en teoloë en amptelike Protestants-Christelike huweliksgesigspunte; die objektiewe God-mens saakkarakter van die huwelik insluitende die verbondsgemeenskap van die huwelik as instelling van God, God se doel met die huwelik, die Christus-gesentreerde huwelik, en die huwelik met betrekking tot die gesin en die gemeente; die subjektiewe aspekte van die aard en wese van die huwelik wat behels die eksklusiewe monogame verbintenis tussen man en vrou, die wedersydse persoonsverbondenheid tussen die man en die vrou as andersoortige gelykwaardiges, die lewensgemeenskaplike karakter van die huwelik, seksualiteit en huwelikstruktuur en -verantwoordelikhede, en laastens liefde insluitende die sentrale liefdesgebod en verskillende aspekte van huweliksliefde.

Die versoenende Christelik-Protestantse huweliksgeloof en -liefdesbeginsel, en die nastrewenswaardige vrugte van die Gees wat as fundamentele Christelike Protestantse teologiese waardes na vore tree, lewer in hierdie bespreking van die Christenhuwelik 'n sinvolle bydrae tot die daarstelling van mikpunte en waardes ten opsigte van die probleemtema. Waar die probleemagtergrond in 'n teoretiese ontwikkelingsperspektief tot egpaarinteraksie, asook by wyse van 'n praktykgeoriënteerde egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensie en aanwending vanuit Sielkunde-entiteite voorgehou is, volg dit dat die voorgestelde doelmatige huweliksideaalprofiel nagestreef sou kon word vanuit saamgestelde en geïntegreerde teoretiese en praktykhulpbronne vanuit die Sielkunde.

Met die voorstelling van hierdie hoofstuk (4), word daar 'n ideaalbeeld en onderliggende waardesisteem ten opsigte van die huwelik daargestel, wat as sodanig afdeling III verteenwoordig. Samevattend uit die voorafgaande afdeling II, word daar gewys op die behoefte tot strategieformulering tot oplossing van die probleem, wat wel in die volgende afdeling ter sprake kom.



Resultate en interpretasie
Metode van ondersoek
EVALUERING VAN DIE PROBLEEMOPLOSSING
TERUGVOER
Teoretiese oplossing
OPLOSSING VAN DIE PROBLEEM
Praktyk-oplossing
STRATEGIE
Die Christenhuwelik
'N IDEAALBEELD EN ONDERLIGGENDE WAARDESISTEEM T.O.V. DIE PROBLEEM
DOEL
AGTERGROND TOT DIE PROBLEEM
VLAK VAN FUNKSIONERING
Teoreties:
Ontwikkelingsperspektief tot egpaarinteraksie
Praktyk:
Egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies aanwending

AFDELING IV : OPLOSSING VAN DIE PROBLEEM

In afdeling I, die inleidende probleemidentifikasie van hierdie studie, word die oplossing van die probleem (afdeling IV) in die uitstippeling van die verloop en raamwerk van hierdie studie aangedui as te volg op die uiteensetting van die agtergrond tot die probleem, asook die doelmatige voorhou van 'n ideaalbeeld en onderliggende waardesisteem ten opsigte van die probleem.

Aanvanklik word die agtergrond van die probleem gegrond op die formaat van hoofstukke 1, 2 en 3: 'n teoretiese agtergrond tot die probleem, 'n ontwikkelingsperspektief tot egpaarinteraksie; 'n praktykgeoriënteerde agtergrond tot die probleem, egpaarinteraksie-intervensies en 'n praktykgeoriënteerde agtergrond tot die probleem, egpaarinteraksie-intervensietoepassing in groepverband - afdeling II.

Die gedagte van die huweliksideaalbeeld word in hoofstuk 4 (afdeling III) vergestalt, getitel: Die Christenhuwelik. Dit hou in dat in hierdie afdeling (IV in hoofstuk 5) bespreking gewy sal word aan die konstruksie van 'n teoretiese en praktykgerigte oplossing van die egpaarinteraksie-ontwikkelingsprobleem.



HOOFSTUK 5

TEORETIESE EN PRAKTYKGEORIËNTEERDE PROBLEEMOPLOSSINGS: EGPAARINTERAKSIE-ONTWIKKELING EN GESINSONTWIKKELING VIR EGPARE

5.1 INLEIDING: TEORETIESE PROBLEEMOPLOSSING

Die volgende studiedoelstellings, wat inleidend tot hierdie studie omskryf is, is reeds aangespreek: 'n teoretiese verkenning en vasstelling ten opsigte van egpaarinteraksie-ontwikkeling; 'n praktykgeoriënteerde bepaling met betrekking tot egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies en -toepassing en die identifisering en die uiteensetting van 'n onderliggende waardesisteem van die huwelik. Laasgenoemde doelstelling het in die vorige hoofstuk (4, afdeling III) ter sprake gekom.

Die eerste twee studiedoelstellings, naamlik die teoretiese en praktykgeoriënteerde probleembepalingsdoelstellings is in die breë as volg aangespreek: teoretiese egpaarinteraksie-ontwikkelingsaspekte word in hoofstuk 1 (afdeling II, agtergrond tot die probleem) beskou in 'n ontwikkelingskonteks aan die hand van uiteenlopende aanvullende elemente. Integrasiemoontlikhede en -behoeftes wat figureer uit die aard van verwante aanvullende ontwikkelingsentiteite, wat dit leen tot modelformulering, word voorlopig agterweë gelaat ter wille van 'n parallelle intervensiebepaling wat in hoofstuk 2 (afdeling II) as praktykgeoriënteerde egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensiebepaling, en wat in hoofstuk 3 (afdeling II) as egpaarinteraksie-intervensietoepassing deur middel van groepwerk, in die kollig geplaas is. Beginsels en sake wat in hierdie verband uitgeklaar is, laat ook ruimte vir die daarstelling van 'n unieke praktykgeoriënteerde intervensiepakket, geskoei op die samestelling van effektiewe huweliksintervensie-entiteite.

Die teoretiese en praktykgeoriënteerde modelformuleringsideale impliseer geïntegreerde modelsamestellings, waaraan die verskillende losstaande uiteensettings van die huweliksontwikkelingsfenomeen en -intervensies wat tot dusver aangebied is, nie voldoen nie. Die voorstelling van hierdie teoretiese en praktykgeoriënteerde modelformulerings geniet aandag in hierdie hoofstuk. Die formulering van die teoretiese probleemoplossing kom eerstens ter sprake.

Alle werklikheidsverskynsels, insluitende die saak van die huwelik, beskik oor 'n spesifieke versameling kenmerke, waarvan geselekteerde elemente aangebied is. 'n Abstraksie van gemeenskaplike elemente vanuit 'n spektrum spesifieke gebeurtenisse wat in die wêreld ervaar en waargeneem word, het volgens Aldous (1978) konsepvorming tot gevolg. Waar uiteenlopende persepsies ten opsigte van die huweliksverskynsel ter sprake gekom het, is 'n verskeidenheid konsepte in hierdie verband aangebied. Konsepte vertoon egter ook eienskappe wat dit moontlik maak om kategorieë van gebeure met mekaar in verband te bring. In teenstelling met die situasie waar konsepte wat ter sprake is, gewoonlik geselekteer word op grond van bruikbaarheid en situasiegebonde onmiddellike behoeftebevredigingsdoelwitte, behoort konsepte wat daargestel word ter wetenskaplike ordeningsdoeleindes, te voldoen aan die vereistes van duidelikheid, wydheid en sistematiese samehang (Phillips, 1966). In hierdie proses van konsepintegrasie, soos in die geval van die huweliksverskynsel, kom 'n konseptuele raamwerk, wat teoretisering en operasionalisering betref, ter sprake. Konseptuele raamwerke bestaan uit konsepte wat gesamentlik 'n eenheidsbeeld vorm van die verskynsel waaroor die konsep handel. Volgens Aldous (1978) kan konseptuele raamwerke dus beskou word as groepe konsepte waarvan die integrerende paradigmas voortspruit uit die verskynsel wat hulle kategoriseer.

'n Studiedoelstelling wat tot dusver nie ter sprake gekom het nie is 'n teoretiese integrasie en teoriebou met betrekking tot egpaarinteraksie-ontwikkeling.

Daar bestaan dus 'n behoefte daaraan om die uiteenlopende, aanvullende konsepte en beskouings wat ter sprake is, te kombineer tot 'n sinvolle geheel in 'n teoretiseringsraamwerk. Die kompleksiteit van huweliksinteraksie-ontwikkeling stel 'n besondere uitdaging in hierdie verband. Doise en Palmonari (1984) is van mening dat, gegewe die aantal betrokke meganismes, sien enige modelontwikkeling wat psigo-sosiaal van aard is, meer algemeen as gedetailleerd daaruit.

Waar die noodsaaklikheid bestaan om komplekse interafhanklike patrone en verskynsels ten opsigte van die teoretiseringskomponent te bestudeer en te verklaar, wys Buckley (1967) en Schoeman (1983) daarop dat die algemene sisteemteorie en kubernetika 'n bydrae lewer om hierdie behoefte te bevredig, aangesien 'n meer omvattende vlak van abstraksie en veralgemening ontwikkel is as wat die geval is met die tradisionele vakteorieë.

Volgens Johnson (1977), Miller (1969) en Schoeman, Nel en Wessels (1983) het die algemene sisteemteorie se wetenskaplike denkwyse ontwikkel vanuit 'n bewustheid van die kompleksiteit van die werklikheid, en die besef van die interafhanklike funksionering van verskynsels en omgewings binne die werklikheid. Volgens Ruben (1972) is dit dus nie 'n enkele teorie wat daarop ingestel is om die gespesialiseerde teorieë van die verskillende vertakkinge van die wetenskap, in hierdie geval aangaande huwelike, te vervang nie. Die sisteemteorie poog eerder om bestaande teoretiese en praktiese kennisinhoude op 'n sinvolle wyse te orden, te koppel, en te herinterpreteer om sodoende ook 'n interdissiplinêre funksie te vervul. Von Bertalanffy (1973) dui aan dat die sisteemteorie 'n makro-uitkyk op dele van die empiriese werklikheid verskaf. As metateorie omvat dit

die breëre teoretiese en konseptuele raamwerk waarbinne kennisinhoude en konsepte ten opsigte van verskillende beskouings met betrekking tot egpaarinteraksie-ontwikkeling binne groter sisteme beskryf en ondersoek kan word. La Gaipa (1981) postuleer dat die sisteembenadering, en dus die kubernetiese siklus, toepassingsmoontlikhede bied ten opsigte van die bestudering van die huweliksverhouding en die uitbreiding van die gepaardgaande teoretiese elemente. Waar dit blyk dat aspekte van psigo-opleiding gegrond word in die algemene sisteemteorie en kubernetika (Schoeman, 1983), wys Ivey en Simek-Downing (1980) daarop dat die psigo-opleidingsbenadering onder meer gerig is op die ontwikkeling van menslike potensiaal wat die opleiding van individue en groepe in vaardighede, insigte en bevoegdhede mag behels.

'n Nadere beskouing van die term egpaarinteraksie-ontwikkeling dui daarop dat hierdie konsep uit 'n kombinasie van twee duidelik onderskeibare entiteite bestaan. Enersyds impliseer die konsep "egpaar" inhoudelike en strukturele aspekte, terwyl die konsep "interaksie" prosesmatige komponente suggereer. Andersyds spreek die konsep "ontwikkeling" op hierdie stadium vanself. 'n Kombinasie en integrasie van teoretiseringsinhoude in 'n algemene sisteemteoretiese en kubernetiese raamwerk in terme van inhoudelike, strukturele, prosesmatige en ontwikkelingsaspekte, blyk moontlik te wees. Wat die teoretiseringskomponente betref, blyk hierdie aspekte die kwantitatiewe asook die kwalitatiewe eienskappe van huweliksinteraksie-ontwikkeling te weerspieël, na gelang van ontwikkelingsveranderinge wat mag varieer.

Verskillende teoretiese verklarings wat op hierdie stadium gekonstateer kan word, sluit in: elemente van egpaarkonstellasies en aspekte op verbandhoudende vlakke, mag tot 'n sinvolle geheel geïntegreer word; die aard en karakter van die algemene sisteemteorie en kubernetika leen dit tot 'n oorkoepelende organiserende teoretiese raamwerk.

Met verwysing na die voorafgaande verklarings, kom die volgende aspekte ter sprake in die teoretiese oplossing van die egpaarinteraksie-ontwikkelingsprobleem: die algemene sisteemteorie en kubernetika - 'n teoretiseringsraamwerk en 'n teoretiese model - egpaarinteraksie-ontwikkeling. Die algemene sisteemteorie en kubernetika as teoretiseringsraamwerk geniet eerstens aandag.

5.2 DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE EN KUBERNETIKA :'N TEORETISERINGSRAAMWERK

5.2.1 Inleiding

Die retoriese opmerking dat daar in die Sielkunde niks so prakties bestaan as goeie teorie nie, behoort gekwalifiseer te word deur Einstein (1982, p. 132) se aanduiding van dit waarna die wetenskaplike streef: "The simplest system of thought which will bind together the observed facts".

Die konseptualisering van die algemene sisteemteorie spruit voort uit die bewustheid van die kompleksiteit van die werklikheid, en dat daar 'n interafhanklikheid bestaan tussen werklikheidsverskynsels onderling, en die omgewing. Die algemene sisteemteorie onderwerp die werklikheidskompleksiteit aan 'n omvattende abstraherings- en veralgemeningsverandering wat sinvolle ondersoek deur middel van oorhoofse en multidissiplinêre beskouingsintegrasie en herinterpretasie moontlik maak (Schoeman, Nel en Wessels, 1983; Rademeyer, 1978). Hierdie proses het die daarstelling van 'n buigsame en omvattende raamwerk tot gevolg, wat met gemak na gelang van die behoeftes van die spesifieke situasie van werklikheidsbeskouing ter sprake, 'n bruikbare en sinvolle integrerende en organiserende rol mag speel. Dit word gepas deur die term "metateorie" (De Greene, 1970; Shultz, 1984) omskryf.

In 'n nadere beskouing om die aard van die algemene sisteemteorie te begryp, word daar aandag gegee aan

inhoudelike, strukturele, prosesmatige en ontwikkelingsaspekte. Die inhoudelike aspekte kom eerste ter sprake. Elemente wat in hierdie verband opeenvolgend bespreek word, is die begrippe sisteem, ruimte, energie en inligting.

5.2.2 Inhoudelike aspekte

5.2.2.1 Sisteem

In 'n taalkundig inhoudelike verklaring van die woord "sisteem", toon Odendaal et al. (1981) aan dat dit afgelei is van twee Griekse woorde naamlik "sun" wat as saam of gesamentlik vertaal kan word, en "histanai" wat as plasing geïnterpreteer kan word, wat as geheel beteken "om bymekaar te plaas". "Sisteem" as algemene spreektaalterm verkry 'n andersoortige betekenis as sentrale begrip in die algemene sisteemteorie. Die gemeenskaplike kenmerke van die verskillende omskrywings van 'n sisteem word deur Schoeman (1981, p. 3) saamgevat deur sy stelling dat "'n sisteem vorm 'n geheel of eenheid wat uit verskillende dele of subsisteme bestaan wat verwant is aanmekaar en in interaksie met mekaar verkeer". 'n Wisselende mate van klem word geplaas op die verskillende entiteite van hierdie definisie deur die verloop van tyd in die verskillende omskrywings wat 'n basiese sisteemdefinisie soos dié van Schoeman (1981) moontlik maak.

Wat die entiteitsaspek van 'n sisteem betref, opper Litterer (1969) die gedagte van 'n versameling onderlingverbandhoudende elemente, eenhede of komponente wat met mekaar in interaksie verkeer. De Greene (1970) haal Hall en Hagan (1969) se definisie van 'n sisteem aan, wat behels dat 'n sisteem 'n stel objekte is wat verband hou met mekaar, en verbande vertoon tussen hulle elemente onderling. Sackman (De Greene, 1970) laat hom meer eksplisiet uit aangaande die entiteitsaspek deur te stel dat 'n sisteem verwys na enige stel funksioneel verbandhoudende lewende en nie-lewende objekte, hulle geskiedenis en kollektiewe organisasie van

inligting, uitsluitende die wyse van opname, retensie, omskepping, vrystelling, kontrolering of andersoortige prosessering van sodanige inligting, alles in verhouding met, maar onderskei van die eksterne omgewing waarin gedrag ingebed is. In ooreenstemming hiermee omskryf Von Bertalanffy (1973, p. 55) 'n sisteem as "a set of elements standing in interrelations". Miller (1978) beklemtoon in hierdie verband die woord "versameling" ten opsigte van die eenhede wat met mekaar in interaksie verkeer, wat 'n gemeenskaplikheid impliseer wat belangrik is omdat dit as voorvereiste dien vir die verwantskap en interaksie tussen die elemente.

Die eenheidsgedagte van die entiteite tree meer duidelik op die voorgrond uit verdere sisteemomskrywings. Rapoport (1968, p. xviii) se bydrae tot die sisteembegrip behels dat "A whole which functions as a whole by virtue of the interdependence of its parts, is called a system, and a method which aims at discovering how this is brought about in the widest variety of systems has been called general systems theory". Von Bertalanffy (1971) verklaar dat die sisteemkonsep algemeen en oorkoepelend van aard is, wat op 'n geheel dui. Die eenheidsgedagte speel ook 'n sentrale rol in die sisteemdefinisie van Casciano-Savignano (1978), soos wat ook die geval is met Johnson, Kast en Rosenzweig (1963) se sisteemomskrywing.

Waar daar sprake is van sisteemelemente, word geïmpliseer dat sodanige elemente ruimte in die werklikheid beslaan.

5.2.2.2 Ruimte

Alle sisteme funksioneer in ruimte, wat volgens Miller (1978) gedifferensieer kan word in fisiese, geografiese of abstrakte ruimte.

Fisiese ruimte behels ekstensies rondom 'n bepaalde punt. Die sisteem beslaan aldus hierdie begrip 'n gedifferensieerde en afgebakende gebied. Sisteme is dus onderhewig

aan dieselfde kenmerke en beperkings as fisiese ruimte (Miller, 1978).

Konseptuele ruimte as begrip is meer abstrak van aard. Die mens is self verantwoordelik vir die skepping en afleiding van konseptuele ruimte. Dit het tot gevolg dat die interpretasies, betekenisinhoude en waarneming van verhoudinge in 'n konseptuele ruimte, gewoonlik afhanklik is van die waarnemings deur die mens. Konseptuele ruimte oefen dikwels 'n sterker invloed uit op die prosesse van lewende sisteme as wat die geval is met fisiese ruimte. Konseptuele ruimte is volgens Schoeman, Nel en Wessels (1983) nie aan dieselfde beperkinge as fisiese ruimte onderhewig nie.

Die bestaan van gedifferensieerde afgebakende ruimte dui op die aanwesigheid van grense.

5.2.2.3 Grense

Chin (1976) beskryf 'n grens as die lyn wat 'n nou sirkel rondom geselekteerde veranderlikes vorm, waar daar minder energie of kommunikasie-uitruiling oor die lyn heen as binne die beperkende sirkel is. Die aard van die grens word deur verskillende faktore bepaal. Edney (1972) en Optner (1968) postuleer dat die grense van die sisteem aan die hand van die inhoud daarvan bepaal word. Die agtergrond en die doel van die definiëring van die grens laat die grens as skeidslyn dien tussen wat binne en buite die grense van die sisteem val (Chin, 1971). Aanvullend tot die natuurlike grense kan willekeurige grense op 'n abstrakte, relatiewe en veranderlike wyse daargestel word. Eienskappe wat aanvullend aan grense toegeskryf word, is deurdringbaarheid, 'n dinamiese aard en duidelikheid teenoor vaagheid (Miller, 1978; Schoeman, 1981; Von Bertalanffy, 1967; Litterer, 1969 en Wessels, 1980).

Waar Chin (1976) die konsepte "energie" en "kommunikasie-uitruiling" of inligting in 'n operasionele definisie

aangaande grense aanwend, behoort die betekenisse daarvan ondersoek te word.

5.2.2.4 Energie

Die term "energie" dui eenvoudig op die vermoë om arbeid of werk te verrig (Miller, 1978). Energie is noodsaaklik vir die voortbestaan van 'n lewende sisteem. Verhoogde energievlakke in 'n sisteem het verhoogde druk en spanning tot gevolg. Uitermatige vlakke van sisteemenergie mag 'n toestand van ongemak of ongewenste spanning tot gevolg hê. Oorbelading van sisteemenergie het 'n natuurlike herstelproses tot gevolg waartydens energievloei na ander sisteme plaasvind, veral na die laer vlakke (Buckley, 1967; Von Bertalanffy, 1971).

Lewende sisteme vereis nie net energie vir voortbestaan nie, maar ook inligting (Optner, 1968; Schoeman, Nel en Wessels, 1983). Inligting kan nie in terme van energie uitgedruk word nie. Ten spyte van die verskille tussen inligting en energie, bestaan daar volgens Rapoport (1969) wel sekere ooreenkomste betreffende die vloei daarvan, byvoorbeeld die interaksie en uitruiling tussen onderlinge geheeleenhede oor die grense heen.

5.2.2.5 Inligting

Die konsep "inligting" word met 'n andersoortige betekenis in terme van die algemene sisteemteorie gebruik, as wat in die alledaagse omgang die geval is. Miller (1978) tref in hierdie verband 'n duidelike onderskeid tussen "inligting" en "betekenis". "Inligting" verwys na die grade van vryheid om 'n keuse uit te oefen tussen boodskappe, stellings, tekens en simbole. Daarenteen dui "betekenis" op die uitwerking wat inligting op die sisteem het. Inligting beskik oor 'n organisatoriese en ordeningsfunksie (Bowler, 1981; Miller, 1978) en bevorder volgens Bowler (1981) en Miller (1978) die eenheidsamehang binne die sisteem. Rapoport

(1966) stel dat besluite in 'n kwalifiseringsverband verwant is aan inligting.

Inligting as sodanig word dus aangetref binne die struktuur van die sisteem in die verwantskappe tussen die verskillende subsisteme (Buckley, 1967).

Wanneer dit kom by die begrip van komplekse interaksies tussen sisteme of dele daarvan, verklaar Watzlawick, Beavin en Jackson (1967) dat die aanvaarding van die aanwesigheid van energie- en informasievloei tussen hierdie prosesse, belangrike implikasies inhou.

In opvolging tot die bespreking van die inhoudelike elemente wat ter sprake is in die algemene sisteemteorie, word die strukturele aspekte van naderby beskou. Komponente wat in hierdie verband opeenvolgend aandag geniet, is die sisteem in geheel, subsisteme, die suprasisteem, asook struktuur en hiërargiese organisasie. Daar word eerstens op die sisteem in geheel gefokus.

5.2.3 Strukturele aspekte

5.2.3.1 Sisteem in geheel

Die konsep van die sisteem in geheel kan visueel voorgestel word as bestaande uit 'n sirkel met elemente as punte in hierdie sirkel. Volgens Laszlo (1972) lewer hierdie elemente wel 'n bydrae tot die sisteem, maar is op sigself nie verantwoordelik vir die totale sisteemeienskappe nie. Lederer en Jackson (1968, p. 37) sluit hierby aan deur te stel dat "... the whole consists of all the parts plus the way the parts operate in relation to one another". Uit die funksionele oogpunt omvat die sisteem as 'n geheel dus meer as die som van die elemente, en beskik volgens Schoeman, Nel en Wessels (1983) as 'n geheelsisteem oor sekere eienskappe en funksies wat nie by die subsisteme aangetref word nie.

5.2.3.2 Subsisteme

Subsisteme staan in die literatuur aangaande die algemene sisteemteorie onder andere bekend as komponente, eenhede, dele, objekte, aksies of elemente. Schoeman, Nel en Wessels (1983) verleen voorkeur aan die term "subsisteem", daar dit selfverklarend is en verwarring voorkom.

Alle sisteme, uitgesluit die mees basiese, is opgebou uit twee of meer subsisteme (Rademeyer, 1978; Rosenblatt, Bonnington en Needles, 1977 en Terry, 1977). Volgens Hall en Hagan (1969) en Jordaan en Jordaan (1980) kan elke subsisteem terselfdertyd met gedifferensieerde funksies deel vorm van uiteenlopende sisteme. Die binding van subsisteme binne die sisteem as geheel word teweeggebring deur die element van onderlinge gemeenskaplikheid met minstens een ander subsisteem (Donath, 1973; Hall en Hagan, 1969; Rademeyer, 1978; Schoderbeck, 1971 en Wessels, 1980).

'n Sisteem word beïnvloed deur die subsisteme waaruit dit bestaan. Beïnvloeding van die geheelsisteem kan egter nie onafhanklik deur 'n enkele sisteem teweeggebring word nie, deurdat die interaksieproses 'n rol speel. Die konsep "interaksie" verwys na die verskynsel dat elke subsisteem minstens een ander subsisteem in die sisteem affekteer, waardeur die geheelsisteem uiteindelik beïnvloed word.

Die sisteem en die subsisteme waaruit dit bestaan, vorm ook deel van meer omvattende strukture.

5.2.3.3 Suprasisteem

Alle sisteme, behalwe die mees omvattende, beskik volgens Miller (1978) oor 'n suprasisteem. Alles wat buite die grense van 'n sisteem lê, insluitende die onmiddellike omgewing en alle sisteme op hoër hiërargiese vlakke wat deel uitmaak van die sisteem se totale omgewing, vorm die hiërargies hoër sisteem van die sisteem of die supra- of

ekosisteem (Jordaan en Jordaan, 1980; Miller, 1978; Ruben, 1972 en Von Bertalanffy, 1967).

Die bespreking van sisteme, subsisteme en suprasisteme veronderstel 'n ordelike samehang wat vervolgens beskryf word.

5.2.3.4 Struktuur en hiërargiese organisasie


Sisteemstruktuur behels die rangskikking of ordening van subsisteme in 'n komplekse ruimte vir 'n gegewe tydsmoment. Die samestelling, organisasie en funksie van die sisteem in geheel word deur die moontlike tempo van strukturele veranderinge beïnvloed (Lin, 1973; Miller, 1978; Mortenson, 1972 en Haley, 1971).

Aan die hand van die algemene sisteemteorie is dit moontlik om 'n komplekse lewende struktuur, bestaande uit 'n aantal uiteenlopende prosesse, konseptueel hiërargies in vlakke te orden. In hierdie verband onderskei Miller (1978) die volgende sewe vlakke wat toeneem in kompleksiteit, naamlik selle, organe ('n versameling van sekere selle), organismes (onafhanklike vorms van lewe byvoorbeeld die mens), groepe (gesinne, opleidingsgroepe, ensovoorts), organisasies (besighede, universiteite, ensovoorts), gemeenskappe (etniese groepe, nasies, ensovoorts) en supranasionale sisteme ('n versameling gemeenskappe, dit wil sê die samelewing). So 'n hiërargiese struktuur word in Figuur 5.1 voorgestel.

Figuur 5.1 beeld 'n hiërargies geordende sisteemstruktuur uit, waarin die relatiewe samehang van die verskillende sisteemvlakke met behulp van die grootte en die plasing van ovaalvormige strukture geïllustreer word.

By die bespreking en die aanwending van die verskillende hiërargiese vlakke word daar in die algemene sisteemteorie van die volgende prosedure gebruik gemaak: die vlak waarop die navorser wil konsentreer word as die sisteem benoem; die sisteem net bokant hierdie vlak word as die suprasisteem

geïdentifiseer; die sisteem op die daaropvolgende vlak word as die suprasuprasisteem benoem, en die subsisteem word verteenwoordig deur die sisteem op die vlak net laer as dié waarop die navorser wil konsentreer. Indien dit noodsaaklik gevind word om na 'n sisteem op 'n nog laer vlak te verwys, word dit as 'n subsubsisteem aangewys (Hall en Hagan, 1969; Miller, 1978; Schoeman, Nel en Wessels, 1983 en Rademeyer, 1978).



FIGUUR 5.1: HIËRARGIES GEORDENDE SISTEEMSTRUKTUUR

Die strukturele aspekte van die algemene sisteemteorie het in opeenvolging tot die inhoudelike aspekte aandag geniet. Hierdie entiteite is nie staties van aard nie, en die prosesmatige elemente word in die volgende afdeling in oënskou geneem. Komponente wat opeenvolgend bespreek word, is interaksie en verwantskap, geslote en oop sisteme, negentropie, entropie en ekwilibrium.

5.2.4 Prosesmatige aspekte

5.2.4.1 Interaksie en verwantskap

Interaksie en beïnvloedende transaksies vind horisontaal sowel as vertikaal binne die struktureel-geordende sisteemvlakke plaas (Jordaan en Jordaan, 1980; Miller, 1978 en Schoeman, Nel en Wessels, 1983). Die gedagte van verwantskapsinteraksies word deur Miller (1978) uitgebrei deurdat gepostuleer word dat sisteemvlakke in sodanige sisteme oor 'n piramidevorm beskik. Dit het tot gevolg dat verskynsels op elke vlak afhanklik is vir hulle voortbestaan van verskynsels op ander vlakke. Beskou vanuit die oogpunt van die suprasisteem, wys Schoderbeck (1971) byvoorbeeld daarop dat daar 'n reaksie op, en aanpassing by die sisteem en omgekeerd plaasvind. In 'n piramidestruktuur bestaan daar dus 'n wedersydse wisselwerking tussen sisteme op laer en hoër hiërargiese vlakke, danksy die koppelingsfunksie van sisteme op die middelvlakke van die hiërargiese struktuur.

5.2.4.2 Geslote en oop sisteme

Die onderskeid tussen geslote en oop sisteme is geleë in die aard van die sisteemgrense en die gepaardgaande energievloei. Buckley (1967a), Miller (1969) en Von Bertalanffy (1968, 1969) beskryf die grense van die geslote sisteem as ondeurdringbaar te wees, en stel dat die sisteem in isolasie funksioneer deurdat daar geen uitruiling van energie of inligting moontlik is nie.

In teenstelling met die aard van die geslote sisteem, maak Von Bertalanffy (1973, p. 38) die volgende opmerking in verband met die lewende organisme as sisteem: "It maintains itself in a continuous inflow and outflow, a building up and breaking down of components, never being, as long as it is alive, in a state of chemical and thermodynamic equilibrium but maintained in a so-called steady state which is distinct from the latter". Schoeman, Nel en Wessels (1983) wys daarop dat indien die verplasing van energie of inligting oor deurdringbare sisteemgrense plaasvind, dit so 'n sisteem daartoe in staat stel om met die omgewing in interaksie te tree op 'n nie-geslote of oop wyse. Verskeie outeurs (Bowler, 1981; Buckley, 1967a en Miller, 1978) sluit aan by die stellings van Von Bertalanffy (1973) en Schoeman, Nel en Wessels (1983) deur die klassifisering van alle lewende sisteme as oop sisteme te ondersteun. Met die oog op oorlewing behoort 'n oop sisteem in voortdurende wisselwerking met die suprasisteem of omgewing te wees wat gekenmerk word deur voortdurende groei en ontwikkeling tot toenemende kompleksiteit en heterogeniteit (Ackoff, 1977; Buckley, 1967a; Levy, 1970; Miller, 1978 en Von Bertalanffy, 1967, 1973).

Casciano-Savignano (1978) meld vier eienskappe wat oop sisteme van geslote sisteme onderskei. Eerstens bestaan daar by oop sisteme 'n dinamiese balans tussen dele, en tweedens gelyke uiteindes wat impliseer dat dieselfde eindtoestande uit verskillende aanvangstoestande bereik kan word. In die derde plek is progressiewe differensiasie aanwesig. Dit behels die verdeling in 'n hiërargie van subsisteme wat 'n mate van onderlinge afhanklikheid verwerf. In die laaste plek bestaan terugvoer wat 'n noodsaaklike komponent verteenwoordig in die effektiewe funksionering van oop sisteme (De Greene, 1970; Schoeman, Nel en Wessels, 1983 en Casciano-Savignano, 1978).

Rademeyer (1978) tref 'n onderskeid tussen oop en geslote sisteme met behulp van die konsepte "morfostase" en "morfogenese". "Morfostase" wat in verband met geslote sis-

teme aangewend word, verwys na 'n moontlike neiging van 'n sisteem om weerstand teen verandering en ontwikkeling te bied, afgesien van enige invloede van die omgewing. "Morfogenese" daarenteen, word met oop sisteme in verband gebring, waarin dit in ooreenstemming met wisselende omgewingsinvloede geïmpliseer word dat sisteemaanpassings-akkommodasie plaasvind deur middel van struktuuraanpassings en ontwikkelingsveranderinge. Aangaande die effek van morfostase relatief tot morfogenese, wys Kuhn (1974, p. 117) op die volgende: "If the system is closed it will be subject to entropy, which in its broadest sense may be construed as a loss of differentiation".

Soortgelyk aan die onderskeid tussen geslote en oop sisteme, word die vloei van energie en inligting ook in die verklaring van negentropie en entropie ingespan (Schoeman, Nel en Wessels, 1983).

5.2.4.3 Negentropie en entropie

Verminderde vlakke van energievloei in die sisteem bevorder deteriorasie en selfs disintegrasie totdat 'n statiese toestand bereik word wat as die maksimum toestand van entropie bekend staan (Litterer, 1969; Miller, 1978; Rademeyer, 1978 en Wessels, 1980). Entropie is dus volgens De Greene (1970) die teenoorgestelde van inligting. In totaal geslote sisteme, waar inligtingsinsette in die sisteem afwesig is, neem entropie tot die maksimum toe, met die gevolg dat die sisteem disintegreer. Inligting kan dus aangewend word om entropie teen te werk (Schoeman, Nel en Wessels, 1983).

In teenstelling met entropie, verwys Bowler (1981), Litterer (1969) en Miller (1978) by wyse van die term "negentropie" na die toestand tussen minimum en maksimum entropie. Negentropie verteenwoordig dus die ideale sisteemtoestand waar inligting voortdurend beskikbaar is om groeiende kompleksiteit en dus hoër vlakke van ekwilibrium tot gevolg te hê. Goed gedifferensieerde sisteemelemente binne 'n ge-

ordende sisteemstruktuur wat oor 'n hoër energie-absorpsie as normaalweg beskik, is fasiliterend vir maksimum vlakke van negentropie (Katz en Kahn, 1966; Litterer, 1969).

Die term "ekwilibrium" wat ter sprake gekom het, word verder ondersoek.

5.2.4.4 Ekwilibrium

Die sisteem strewe voortdurend na 'n toestand van ewewig in die interaksieproses binne die hiërargiese struktuur. Hierdie stabiliteitstoestand handhaaf die orde in die verhouding tussen die sisteem, die suprasisteem en subsisteme (Bowler, 1981; Casciano-Savignano, 1978; Rademeyer, 1978 en Wessels, 1980). Hierdie ordelike bestel waarborg volgens Bowler (1981) 'n toestand wat oorlewing verseker ten spyte van die omvattende wisselinge op ander sisteemvlakke.

In die algemene sisteemteorie word daar onderskei tussen twee stabiliteitstoestande, naamlik 'n nie-progressiewe en 'n progressiewe stabiliteitstoestand. Kenmerkend van 'n geslote sisteem, behels 'n nie-progressiewe stabiliteitstoestand die herstel van die sisteem, na 'n periode van onbestendigheid, tot dieselfde oorspronklike toestand van ewewig (Bowler, 1981; Miller, 1978 en Von Bertalanffy, 1971).

Kenmerkend van oop sisteme, behels 'n sisteemtoestand van ekwilibrium of progressiewe stabiliteit 'n ewewigstoestand verskillend van die oorspronklike toestand. Hierdie proses laat die sisteem vorder na vlakke van verhoogde abstraktheid en kompleksiteit, wat in 'n progressiewe proses van inligtinguitruiling met die omgewing verkeer (Bowler, 1981; Miller, 1978 en Von Bertalanffy, 1971). Die terugvoerprosesse wat met entropie gepaard gaan, is dus 'n voorwaarde vir die instandhouding van 'n lewende sisteem (De Greene, 1970; Edney, 1972; Optner, 1968 en Miller, 1978).

Opvolgend tot die bespreking van die prosesmatige aspekte van die algemene sisteemteorie, word daar aandag gegee aan ontwikkelingsaspekte en kontrole. Elemente wat vervolgens onder bespreking kom, is tyd, terugvoer en kubernetika.

5.2.5 Ontwikkelingsaspekte en kontrole

5.2.5.1 Tyd

Miller (1978) omskryf die sisteemteoretiese konsep "tyd", as 'n bepaalde oomblik waartydens 'n struktuur bestaan of 'n proses plaasvind. Binne 'n tydsdimensie is 'n sisteem alleenlik daartoe in staat om vorentoe te beweeg (Miller, 1978; Schoeman, Nel en Wessels, 1983 en Wiener, 1973). Die tydskonsep impliseer die moontlikheid van ontwikkeling, groei, positiewe en selfs negatiewe agteruitgang (De Greene, 1970).

5.2.5.2 Terugvoer

Die konsep "terugvoer" behels 'n dinamiese interaksie van die bewustheid en uitruiling van informasie binne sowel as buite die sisteem. Kim (1972, p. 52) beskryf hierdie terugvoerproses as "a portion of a system's output which is fed back or recycled to the systems such that it is able to regulate itself and reach a preset or adoptive goal". Hierdie gedagte van 'n strewe na 'n voorafgestelde doelwit as 'n terugvoerfunksie, word deur Buckley (1967, p. 53) beklemtoon deur die aard van terugvoer te beskryf as "... goal directed and not merely goal orientated, since it is the deviations from the goalstate itself that direct the behavior of the system, rather than some predetermined mechanism that aims blindly".

Twee tipes terugvoer word in die algemene sisteemteorie geïdentifiseer. Hierdie wyses van terugvoer word deur verskillende outeurs (Kim, 1972; Miller, 1969; Rademeyer, 1978; Speer, 1970 en Watzlawick, Beavin en Jackson, 1967)

as positiewe en negatiewe terugvoer benoem. Positiewe terugvoer resulteer in minder doelgerigte gedrag waar dit die versterking van afwykende produksie vanaf die gewenste toestand behels. Negatiewe terugvoer daarenteen, fasiliteer die terugkeer van die sisteem na 'n hernieude doelgerigte stabiliteitstoestand deur die redusering van afwykende insette. Dell (1982) spreek kritiek uit op aanwending van die konsep "negatiewe terugvoer", waar dit dikwels dualisties asook nie-evolusionêr geskied.

Aangaande die aard van die terugvoerproses, stel Edney (1972) dat die sisteem uitvoereffekte op die omgewing binne sisteemgrense kan bepaal, en kontrole uitoefen oor die effek deur 'n kontrolemeganisme wat terugvoer uit die sisteem-omgewing ontvang. Om effektief te wees, moet die aard van die terugvoer voortdurend en suiwer van aard wees (Edney, 1972).

Optner (1968) stel dat terugvoerkontrole in terme van sisteemfunksionering, uitsette met 'n kriterium vergelyk en aanpassings aanbring in die gaping tussen die gewenste en verkreë resultate. Terugvoer van een subsisteem mag die insette van 'n ander subsisteem word. Die kontroleringsfunksie vind plaas ten opsigte van insette, proses en uitsette van die sisteem. Die doel van die sisteemkontroleringsfunksie verskil in elke geval. Optner (1968) brei verder uit deur te postuleer dat die doel van sisteemkontrolering in die geval van sisteeminsette behels dat verwagte insetdata op die voorgeskrewe lokaliteite na vore tree en dat die vereiste aantal karakters aanwesig is. Sisteemproseskontrolering behoort om te sien na die handelingsvolgorde van invoerdata, die uitvoering van alle transaksies, en die identifisering van prosesseringsfoute. Sisteemuitsettingskontrole is noodsaaklik om in die konformering met verslaginhoud en vorm, die inhoudsgeldigheid te monitor by wyse van vergelyking met invoer en proses en die voorsiening van kanale waardeur foutiewe data die sisteem verlaat.

Die terugvoerkonsep (Wiener, 1973) vorm ook die kern van die kubernetiese beginsels as belangrike deel van die algemene sisteemteorie. Von Bertalanffy (1968, p. 15) tref 'n onderskeid tussen die algemene sisteemteorie en die kubernetika as deel daarvan: "Cybernetics, as the theory of control, mechanisms in technology and nature are founded on the concepts of information and feedback, but is a part of a general system of systems; cybernetic systems are a special case, however, important of systems showing selfregulation". Von Bertalanffy (1973) beskryf kubernetika, die studie van metodes van die beheer van terugvoermeganismes, as die basis van doelgerigte gedrag in lewende organismes en sosiale sisteme.

Waar die terugvoerproses 'n belangrike veranderlike in die sisteemfunksionering en ontwikkeling blyk te wees en nou verwant is aan die kubernetika, word die aard van die kubernetika van naderby beskou. Aspekte wat opeenvolgend aandag geniet, is 'n inleiding en omskrywing van die kubernetika en die kubernetiese siklus.

5.2.5.3 Kubernetika

A. Inleiding en omskrywing

Stewart, Winborn, Johnson, Burks en Engelkes (1978) en Von Bertalanffy (1978) wys op die sentraliteit van die terugvoerkonsep in die kubernetika, deur die kubernetika te definieer as gebaseer te wees op die beginsel van terugvoer of sirkulêre informele volgordes wat meganismes voorsien vir doelgerigte en selfkontrolerende gedrag.

Wat die rol van kubernetiese funksionering in die interaksieproses tussen lewende sisteme in die hiërargiese sisteemstruktuur behels, wys Rademeyer (1978, p. 9) op die volgende: "... or system tends towards a certain equilibrium or end state ... and if we assume that the use of information is available to the system in affecting such an

end state, then it logically follows that the interplay between information input and energy output constitutes a control system". Die konsep "homeostase" wat in hierdie verband aangewend word, is volgens Dell (1982) met verwysing na sistemiese epistemologie minder aanvaarbaar, en behoort met die konsep "samehang" vervang te word.

Rademeyer (1978) onderskei die volgende elemente in die kubernetiese kontrolesisteem: 'n ewewigstoestand wat uit 'n gegewe sisteem bestaan wat weens sekere faktore versteur mag word; 'n proses van energie-produksie wat benodig word om 'n toestand van ekwilibrium te herstel; die energieproduksieproses of doelgerigte gedrag mag beskou word as 'n strategie of werkswyse om die gewenste doel te bereik, en laastens word die rigting van die strategie of aksie bepaal by wyse van terugvoer, wat gegrond is op die informasieterugvoer aangaande die mate van sukses wat behaal is. Voortdurende aanpassing is dus noodsaaklik in die beweging na die ewewigtoestand.

Voorafgaande beskouing van die kubernetika laat min ruimte vir die wilsbesluite van die mens as oop sisteem. Die belangrikste beginsels van vrywillige verbintenisse en persoonlike verantwoordelikheid ten opsigte van die bereiking van 'n doelstelling moet in gedagte gehou word wanneer daar na die kontrole en bevordering van menslike gedrag verwys word. In terme van die kubernetiese siklus kan dit as volg verreken word: in die eerste plek stel Miller (1978) dat eksterne doelstellings in 'n sisteem verband hou met die voortbestaan van die sisteem binne die suprasisteem. Die sisteem word in staat gestel om keuses uit te oefen aangaande die interne progressiewe stabiliteitstoestande wat die sisteem wil inneem. Tweedens stel Rademeyer (1978) voor dat kontrole op twee verskillende wyses uitgeoefen word, naamlik deur middel van die omringende sisteme in die konteks van die suprasisteem of by wyse van 'n interne subsisteem.

Die terugvoerinsette wat van die omgewing ontvang word, dien as inligting vir die sisteem waardeur optrede aangepas word vir die verkryging van verbeterde resultate. 'n Kontrolesiklus ontstaan met die doel om die gewenste resultate te bereik, bestaande uit optrede, resultate en die aanpassing in optrede op grond hiervan (De Greene, 1970; Schoeman, Nel en Wessels, 1983).

Hierdie kontrolesiklus word in die volgende afdeling van naderby beskou.


B. Die kubernetiese siklus

Bierschenk (1974) verskaf 'n uiteensetting van die kubernetiese siklus wat as volg daar uitsien: 'n sisteem wat in 'n toestand van disekwilibrium verkeer, stel 'n doelwit wat van sodanige aard is dat dit die sisteem weer in ekwilibrium sal plaas. Doelwitformulering lei tot planformulering bestaande uit 'n proseshiërargie wat bepalend is ten opsigte van sisteemaksievolgorde. Volgorde-eenhede staan as strategieë bekend. Selfregulering dui op terugvoering aangaande die effek van die strategie teen die agtergrond van die voorafgeformuleerde doelwitte. Die terugvoeraspek modifiseer toekomstige optredes wat tot uiting kom in 'n strategiekeuse.

Schoeman (1983) voorsien 'n skematiese voorstelling van die strukturele komponente van die kubernetiese siklus, wat in Figuur 5.2 voorgstel word.

Uit Figuur 5.2 blyk dit dat die volgende elemente in die sikliese proses van die kubernetiese siklus aangetref word: die identifisering van die behoefte tot verandering en groei, en die uitvoering van 'n situasie-analise; die bepaling van die rigting van verandering of doelwitte; die implementering van gedragshandeling of strategieë, en laastens die vergelyking van die effek wat getoon word met die doelwit of kriterium wat 'n aanduiding verskaf van die

effektiwiteit van strategieë wat vervolgens toegepas word, wat as die terugvoerfase bekendstaan.



(Schoeman, 1983, p. 15)

FIGUUR 5.2: DIE KUBERNETIESE SIKLUS

Die kubernetiese kringloop van interaksie tussen 'n lewende sisteem en die omgewing, waarin voorsiening gemaak word vir voortdurende aanpassings en veranderings in die sisteem (Bowler, 1981), vervul volgens Schoeman, Nel en Wessels (1983) 'n selfreguleringsfunksie. Hierdie aanpassings- of ontwikkelingsproses is moontlik deurdat lewende sisteme uiteindelik onderhewig is aan die uitvoering en die verwesenliking van 'n doelwit. Ontwikkelingsmeting kan plaasvind deur 'n vergelyking van vorige en huidige toestande met betrekking tot interafhanklike funksionering, waar bekende sowel as identifiseerbare energie-uitruiling plaasvind.

Met hierdie beskouing van die kubernetiese siklus word die bespreking van die kubernetika, as 'n ontwikkelingsaspek in kombinasie met die aspekte van terugvoer en tyd, voltooi.


5.2.6 Samevatting

Die uiteensetting van die ontwikkelingsaspekte en kontrole van die algemene sisteemteorie het geskied in kombinasie met die bespreking van die prosesmatige, strukturele en inhoudelike aspekte van die algemene sisteemteorie.

Sisteemontwikkeling blyk 'n dinamiese sikliese interspel, met behulp van die prosesmatige aspekte met betrekking tot die inhoudelike en veral die strukturele sisteemteoretiese aspekte, te omvat. Dit blyk dus moontlik te wees om in 'n uitbouing van Schoeman (1983) se konsentriese uitbeelding van die kubernetika, 'n voorstelling van sisteemontwikkeling te konstrueer vir die doeleindes van hierdie studie.

Sodanige voorstelling kan geskied aan die hand van die onderskeie beginsels van die kubernetiese dinamika (Schoeman, Nel en Wessels, 1983), wat volgens verdere uiteensettings van Schoeman (1983) ooreenstemming toon met opeenvolgende oorsaaklikheid (Schultz, 1984; Watzlawick, Weakland en Fisch, 1974). Dit geskied in samehang met die transformasie van die sisteemorganisasie deur middel van deviasie-amplifikasie (Aronovich, 1982; Prigogine, 1976) en is in totaal gegiet binne 'n verdere tydsdimensie. In Figuur 5.3 word 'n skematiese voorstelling gegee van 'n snit van progressiewe sisteemontwikkeling.

Uit Figuur 5.3 blyk dit dat die sisteemtoestand in terme van struktuur en inhoud (Sn) die bestaan impliseer (of selfs induseer) van ontwikkelingsaspekte van sisteemprosesse (Pn+1) wat op sigself 'n nuutgevormde sisteemtoestand (Sn+1) inisieer en onderskryf. Dit spreek vanself dat dit op 'n bepaalde vlak van veralgemening arbitrêr sou wees om die ontwikkelingsvolgorde met 'n toestand So of Po op te neem.



FIGUUR 5.3: PROGRESSIEWE SISTEEMONTWIKKELING

Die algemene sisteemteorie voorsien dus 'n eenheid van behoorlik gedifferensieerde beginsels wat as verwysingsraamwerk vir 'n model van egpaarinteraksie-ontwikkeling kan dien. Binne die metateoretiese strukturele en inhoudelike raamwerk van die algemene sisteemteorie mag komponente van egpare, individuele egpaarlede en van die egpaaromgewing (die gesin en verdere hoër orde strukture) teoreties sinvol geïntegreer word. Die vervatting van die dinamiese interaksionele en ontwikkelingsmomente van egpaarlede word moontlik met die toevoeging van prosesmatige en ontwikkelingsaspekte van die algemene sisteemteorie, en die beginsels van die kubernetika. Egpaarinteraksie-modelontwikkeling aan die hand van progressiewe sisteemontwikkeling, bestaande uit die

algemene sisteemteorie en kubernetika geniet aandag in die volgende afdeling.

Elemente van die modelformulering wat vervolgens ter sprake kom, is die inhoudelike, strukturele, prosesmatige en ontwikkelingsaspekte.

5.3 'N TEORETIESE MODEL : EGPAARINTERAKSIE-ONTWIKKELING

5.3.1 Inhoudelike aspekte

Miller (1978) stel dat 'n eerste stap in hierdie verband behels dat die navorser behoort te bepaal op watter vlak van die hiërargiese sisteemordening daar gekonsentreer sal word, wat as die sisteem bestempel word. Nadat die sisteem (vlak) geïdentifiseer is, kan sisteme op hoër en laer vlakke geïdentifiseer word.

Vir die doeleindes van egpaarinteraksie-ontwikkelingsmodelformulering soos in hierdie studie van toepassing is, word die egpaareenheid as sisteem beskou.


Soortgelyk aan verbandhoudende sisteme op ander vlakke, funksioneer die egpaarsisteem in ruimte, wat onderskei kan word in konseptuele asook fisiese ruimte. Waar konseptuele ruimte meer abstrak van aard is, hang dit saam met die betrokke menslike waarnemings wat met emosionele en kognitiewe komponente mag verband hou, waar dit op egpaarvlak kulmineer vanuit intra-psigiese, egpaarsisteem of selfs gemeenskapsbronne. Godsdiens en die waardes wat daarmee gepaard gaan as kognisies met emosionele beladings, kan as 'n vooropgestelde afwentelende, beïnvloedende krag tot die konseptuele ruimte van egpaarsisteme beskou word. Egpaarsisteem-konseptuele ruimtedefiniëring sou ook andersins beïnvloed word deur byvoorbeeld 'n funksioneringswanbalans in individuele emosioneel-kognitiewe entiteite. Op so 'n wyse sou onvoldoendhede soos depressie en oorintellek-

tualisering op hierdie vlakke uiters negatiewe invloede uitoefen.

Fisiese egpaarsisteemruimte behels daarenteen die gedifferensieerde en afgebakende gebied rondom 'n bepaalde punt (Miller, 1978; Schoeman, Nel en Wessels, 1983). Fisiese egpaarruimte is merendeels gesetel in gedragsaspekte van die huwelik wat geografies omskryf kan word. Die beïnvloedende koppeling tussen konseptuele en fisiese ruimte word onder andere gevind in die effek van Westerse houdings aangaande egpaaroutonomiteit.

Die egpaarsisteem wat oor 'n ruimtelike komponent beskik, kan slegs as 'n ware sisteem geïdentifiseer word indien dit oor duidelike grense beskik. Die inhoud van die egpaarsisteem bepaal die aard van egpaargrense (Edney, 1972; Optner, 1968), waar inhoud kwalitatief en kwantitatief omskryf kan word. Hierdie egpaargrense is abstrak, relatief en veranderlik (Schoeman, Nel en Wessels, 1983), en vorm as lyn 'n nou sirkel rondom geselekteerde veranderlikes (Chin, 1976). Die aard van die geselekteerde veranderlikes word in hierdie geval bepaal deur die teoretiese modelle ter sprake.

Die gedifferensieerde ruimte wat deur die egpaarsisteem beslaan word en deur grense afgebaken word, word skematies in Figuur 5.4 voorgestel.



FIGUUR 5.4: DIE EGPAARSISTEEM

Uit Figuur 5.4 blyk dit dat die egpaarsisteem waarop gefokus word as eenvoudige eliptiese eenhede voorgestel word, waar die omvattende lyn die egpaargrens voorstel en die area binne die voorgestelde grens die egpaarruimte verteenwoordig.


'n Verdere aspek wat in verband met die inhoudelike sisteembeskouing van die egpaar aandag behoort te geniet, is energie wat volgens Miller (1978) verwys na die krag of arbeid om werk te verrig, asook inligting, wat volgens Bowler (1981) en Miller (1978) verwys na die grade van vryheid ten opsigte van die uitoefening van keuses tussen boodskappe, stellings, tekens en simbole. Sisteemenergie as inhoudelike aspek in die algemene sisteemteorie, sou vergelykenderwys kan ooreenstem met verbale of inhoudelike vlakke en nie-verbale of 'n verhoudingsvlak van kommunikasie (Barker, 1978; Barnlund, 1974; Johnson, 1981; Patton en Giffin, 1974 en Watzlawick, Beaven en Jackson, 1967). Jackson (1968a) en Ruesch (1974) stel dat die daarstelling van 'n sosiale sisteem, byvoorbeeld die egpaarsisteem, slegs plaasvind sodra kommunikasie-interaksie in werking tree. Waar lewende sisteme energie en inligting vereis vir hulle voortbestaan (Schoeman, Nel en Wessels, 1983; Optner, 1968), speel kommunikasie as sodanig ook 'n sentrale rol in die basiese oorlewing van die egpaar as menslike sisteem aangesien samewerking en dus die interaksie tussen mense van die uiterste belang is (Cronkhite, 1976; Lennard en Bernstein, 1970; Lin, 1973 en Satir, 1976).

Noudat die egpaar as sisteem en die inhoudelike aspekte daarvan geïdentifiseer is, kan verdere konsepte en beginsels van die algemene sisteemteorie en kubernetika op hierdie sisteem van toepassing gemaak word. Strukturele sisteemaspekte geniet eersvolgend aandag, waarna aspekte wat opvolgend beskou word die volgende behels: subsisteme, suprasisteme; struktuur en hiërargiese organisasie, asook die sisteem in geheel.

5.3.2 Strukturele aspekte

5.3.2.1 Subsisteme

Die egpaarsisteem bestaan uit twee egpaarlede of subsisteme, wat as 'n eenheid met mekaar in interaksie verkeer. Die egpaarsubsisteme in egpaarsisteemverband word skematies voorgestel in Figuur 5.5.




FIGUUR 5.5: SUBSISTEME IN DIE EGPAARSISTEEM

Uit Figuur 5.5 blyk dit dat die egpaarsisteem uit twee subsisteme bestaan, naamlik individu of egpaarlid 1 en 2. Die oorvleuelende area van die twee subsisteme verteenwoordig die energie en inligtingsuitruiling wat plaasvind, oftewel die egpaarkommunikasie of -interaksie wat aanwesig is.

In die geval van die egpaarsisteem, kan verdere laer vlakke van subsisteme geïdentifiseer word wat in die hiërargiese sisteemstruktuur geakkommodeer kan word (Hall en Hagan, 1969; Miller, 1978). Waar die egpaarsubsisteme in die geval van die egpaarsisteem uit egpaarlede as individue bestaan, sou sisteemvlakke op verdere laer vlakke as subsubsisteme, ensovoorts (Schoeman, Nel en Wessels, 1983; Rademeyer, 1978) benoem kan word. Dit is moontlik om op hierdie relatief minder omvattende sisteemvlakke die intra-individuele aspekte rondom Kimmel se integrerende omvattende veel-

vlakkige model van individue te vervat. Hierdie intra-individuele sisteemaspekte van die egpaarsisteem word in Figuur 5.6 diagrammaties voorgestel.




FIGUUR 5.6: INTRA-INDIVIDUELE SISTEEMASPEKTE VAN DIE EGPAARSISTEEM

Uit Figuur 5.6 blyk dit dat die interpersoonlike aspekte van die betrokke egpaarlede uit uiteenlopende elemente op verskillende vlakke bestaan wat onder andere die volgende omvat: "Ek"-aspekte insluitende geheue, fisiologiese, genetiese en kognitiewe prosesse, en "My"-aspekte van die selfprosesse vanaf die laer na die hoër vlakke insluitende persoonlike konstrukte, persoonlikheidstrekke, persoonlike styl en selfpersepsie, asook selfkonsep. Die interpersoonlike aspekte van die betrokke egpaarlede tree wedersyds na vore en koppel op die vlak van egpaarinteraksie, wat individuele rolle, gedrag en vaardighede omvat.

Entiteite van egpaarsisteme het aandag geniet. Vervolgens word eenhede waarvan egpaarsisteme deel vorm, ondersoek.

5.3.2.2 Suprasisteem

As 'n nie-omvattende sisteem, beskik die egpaarsisteem wel oor 'n suprasisteem. Waar alles wat buite die sisteemgrense lê, insluitende alle sisteme in die hoër hiërargiese sisteemvlakke, so deel van die egpaar se totale omgewing, die suprasisteem van die egpaarsisteem vorm (Jordaan en Jordaan, 1980; Miller, 1978; Ruben, 1972 en Von Bertalanffy, 1967), kan intra-individuele aspekte in terme van Egan en Cowan se interreagerende veelvlakkige model op die meer omvattende sisteemvlakke van die hiërargiese egpaarsisteemstruktuur geakkommodeer word. Sodanige inkorporering as suprasisteemaspekte van die egpaarsisteem word skematies voorgestel in Figuur 5.7.



FIGUUR 5.7: SUPRASISTEEMASPEKTE VAN DIE EGPAARSISTEEM

Uit Figuur 5.7 blyk dit dat die inter-individuele aspekte van die egpaarsisteemstruktuur op verskillende vlakke voorgestel kan word. Hierdie aspekte vanaf die laer na die hoogste vlakke is as volg: egpaarsisteem en egpaarinteraksie; gesinsisteem, netwerk van individuele omstandighede asook individuele omstandighede in interaksie; groter instellings insluitende opvoeding, regering, ekonomie, massamedia, en georganiseerde godsdiens,en laastens kulturele aspekte insluitende taal en waardes.


Die intra-individuele en inter-individuele aspekte van die egpaarsisteemhiërargie vorm 'n eenheidstruktuur en -organisasie.

5.3.2.3 Struktuur en hiërargiese organisasie

In die algemene sisteemteorie is dit moontlik om 'n komplekse lewende struktuur, byvoorbeeld die egpaarsisteemstruktuur in geheel hiërargies te organiseer en te orden (Lin, 1973; Miller, 1978 en Mortenson, 1972). 'n Uiteensetting van die vlakke van die totale sisteemstruktuur behels die geïdentifiseerde fokussisteem naamlik die egpaar, en die betrokke subsisteemvlakke of intra-individuele aspekte en suprasisteemvlakke, of inter-individuele aspekte.

Die vervatting van beide die subsisteem en die suprasisteemvlakke binne die struktuur en hiërargiese organisasie waarin die egpaarsisteem ter sprake is, word in Figuur 5.8 voorgestel.

In Figuur 5.8 word die verskillende komponente op die uiteenlopende sisteemvlakke van die hiërargiese organisasie van die egpaarsisteemstruktuur voorgestel. Weens die eenheidsamehang van die hiërargiese egpaarsisteemstruktuur, is dit duidelik dat die suprasisteemelemente en subsisteemelemente wedersydse effekte uitoefen. Namate daar na hoër en laer sisteemvlakke beweeg word, kan daar verwag word dat die invloed van die betrokke sisteemvlak op die egpaarsisteem en



FIGUUR 5.8: HIËRARGIESE ORGANISASIE VAN DIE EGPAARSISTEEM-STRUKTUUR

-interaksie meer indirek en minder direk waarneembaar sal wees. In die verkenning van die effek van veral die suprasisteemvlakke van egpaarfunksionering, sou dit in die geval van hierdie model sinvol wees om die invloede van die gesin as sisteem op die onmiddellike daaropvolgende suprasisteemvlak van die egpaarsisteem te verreken, omdat dit 'n kragtige invloed uitoefen op die funksionering van die egpaarsisteem.

'n Verdere strukturele aspek wat relevant is tot hierdie model, is die sisteem in geheel.

5.3.2.4 Sisteem in geheel

Waar die egpaarsisteem as 'n geheel oor meerdere eienskappe en funksies beskik as wat by die subsisteme aangetref word (Schoeman, Nel en Wessels, 1983), kan die vereniging van individue in 'n huweliksisteem as uniek beskryf word weens die eiesoortige kwaliteite van liefde, begrip, vertroue en sekuriteit wat daarmee geassosieer word.

Verskeie andersoortige kwaliteite van die egpaarsisteem as geheel behels die volgende aspekte: wat die doel van die huwelik betref, verwag individue om aanvaarding, verandering, waardering en liefde binne die huwelik te ervaar (Mace, 1976; Rogers, 1972 en Scoresby, 1977); gesamentlike doelwitte en waardes behels onder andere etiese standaarde, godsdienstige oortuiginge en dit waaraan geglo word en aktief na gestreef word in verband waarmee daar versoenbare ooreenkomste behoort te bestaan (Mace, 1976); samewerking en spanwerk omvat alle private en openbare gemeenskaplike aktiwiteite en die wedersydse ondersteuning en aanmoediging wat daarmee gepaard gaan (Mace, 1976); die permanensie verbonde aan die huwelik wat mag lei tot wedersydse versterking of gedwonge negatiewe ervaring (Haley, 1963; Scoresby, 1977), en laastens behoort daar met die toegeskrewe rolle wat bestaan, ooreenstemming te wees aangaande kulturele en individuele rolverwagtinge (Mace, 1976; Ruesch, 1974).

Bostaande bespreking van die huweliksisteem in geheel, voltooi die beskouing van strukturele aspekte van die beskouing van die huwelik aan die hand van die beginsels van die algemene sisteemteorie. Die dinamiese aspekte word vervolgens bespreek, en elemente wat opvolgend aandag geniet, is interaksie en verwantskap, geslote en oop sisteme, negentropie en entropie, asook 'n staat van stabiliteit.

5.3.3 Prosesmatige aspekte

5.3.3.1 Interaksie en verwantskap

Weens die aanwesigheid van die interaksieproses in die hiërargiese sisteemstruktuur, waar die verskillende sisteemvlakke interafhanklik is, sal veranderinge en ontwikkelinge op enige sisteemvlak, byvoorbeeld die gesinsisteem, 'n invloed uitoefen op aspekte van ander sisteemvlakke (Jordaan en Jordaan, 1980; Miller, 1978 en Schoderbeck, 1971).

5.3.3.2 Geslote en oop sisteme

Wanneer die aard van oop en geslote sisteme van naderby beskou word (Buckley, 1967a; Casciano-Savignano, 1978; Miller, 1978 en Von Bertalanffy, 1969), blyk die toestand, kenmerkend aan 'n oop sisteem, ideaal te wees vir die egpaarsisteem.

Daar behoort ook binne die ideale lewende oop egpaarsisteem (Bowler, 1981; Buckley, 1967a en Miller, 1978) 'n vrye verplasing van sisteemenergie en inligting oor die deurdringbare sisteemgrens heen te wees, wat 'n oop egpaarinteraksie tot gevolg het (Schoeman, Nel en Wessels, 1983). In die egpaarsisteem behoort daar dus ideaal 'n vrye vloei van verbale en nie-verbale kommunikasie op 'n deurlopende wyse gehandhaaf te word. Ackoff (1977), Buckley (1967a), Casciano-Savignano (1978), Levy (1970), Miller (1978) en Von Bertalanffy (1967, 1973) dui aan dat daar in sisteme 'n voortdurende interaksie en wisselwerking tussen die verskillende


sisteemvlakke behoort te bestaan om oorlewing en voortgesette groei en ontwikkeling tot toenemende kompleksiteit en heterogeniteit te verseker. In aansluiting hierby stel Stachowiak (1975) dat dit noodsaaklik is vir die effektiewe funksionering van die egpaar om oop, sosiale interaksionele bande daar te stel. Die sentrale rol van vrylike en effektiewe sosiale interaksie as die mees universele eienskap wat kenmerkend is van aangepaste en effektief funksionerende egpare, word uiteengesit deur Haley (1963); Hayes (1979), Olsen, Sprenkle en Russel (1977) en Stinnet en Sauer (1977). Die gewenste oopheid van grense op verskillende egpaarsisteemvlakke word voorgestel in Figuur 5.9

In Figuur 5.9 word die grense tussen die verskillende vlakke van die hiërargiese egpaarsisteemstruktuur as 'n ideale oop sisteem voorgestel deur die gebruik van 'n stippellyn. Onder oop sisteemgrenstoestande kan voldoende inligting- en energie-uitruiling plaasvind en egpaarinteraksiefunksionering op 'n voldoende wyse geskied.

Verwant aan die aard van egpaarsisteemgrense en die gepaardgaande interaksionele prosesse is die terme entropie en negentropie.

5.3.3.3 Negentropie en entropie

Negentropie en entropie word verklaar aan die hand van energie- en inligtingvloei (Schoeman, Nel en Wessels, 1983), en dus verbale en nie-verbale sosiale kommunikasie in die geval van die egpaarsisteem. Wanneer die kwaliteite van negentropie en entropie in oënskou geneem word (Bowler, 1981; Litterer, 1969 en Miller, 1978), blyk dit dat negentropie, of die toestand tussen maksimale en minimale sosiale egpaarinteraksie die gewenste situasie is. In ooreenstemming met hierdie stellings dui Borden en Stone (1976), Hannenman en McEwan (1975), Hayes, Stinnet en De Frain (1980), Johnson (1972, 1981), Solomon en Devine (1970), en Steinberg en Miller (1975) op die onontbeerlike rol wat



FIGUUR 5.9: OOP GRENSE IN DIE EGPAARINTERAKSIE-SISTEEMSTRUKTUUR

sosiale interaksie speel ten opsigte van die inisiasie, die ontwikkeling en die onderhoud van wedersyds bevredigende groei-georiënteerde produktiewe interpersoonlike en huweliksverhoudinge.

Opvolgend tot geslote en oop sisteme en negentropie en entropie, word daar in verband met prosesmatige aspekte van die egpaarsisteem in die volgende afdeling aandag gegee aan die staat van stabiliteit.

5.3.3.4 Staat van stabiliteit

Die egpaarsisteem poog voortdurend om 'n toestand van ewewig te handhaaf, sodat daar onderlinge ordelikheid tussen die egpaarsisteem, subsisteem en suprasisteemvlakke kan bestaan. 'n Progressiewe stabiliteitstoestand blyk gewens te wees, deurdat dit die egpaarsisteem in staat stel om na meer komplekse en abstrakte vlakke van ontwikkeling te beweeg, waarvoor deurlaatbare grense en genoegsame inligting en energie moontlik is (Schoeman, Nel en Wessels, 1983).

Met die beskouing van die aard van stabiliteit word die bespreking van prosesmatige aspekte voltooi. Ontwikkelingsaspekte kom vervolgens ter sprake. Aspekte wat vervolgens in hierdie verband beskou word, is die tydsaspek, terugvoer en kubernetika.

5.3.4 Ontwikkelingsaspekte

5.3.4.1 Tyd


Die egpaarsisteem bestaan in 'n progressiewe tydsdimensie wat ontwikkeling, groei en verandering impliseer (De Greene, 1970; Miller, 1978; Schoeman, Nel en Wessels, 1983 en Wiener, 1973). Om die egpaarsisteemveranderinge wat gepaard gaan met die tydsdimensie waarin dit verkeer aan 'n tydsraamwerk te koppel, laat sekere moontlikhede, byvoorbeeld ontwikkelingsveranderinge op intra-individuele of sisteem-

vlak ten opsigte van selfkonsep, persoonlikheid en persoonlike konstrukte soos dit in verband staan met geheue, kognitiewe, fisiologiese en genetiese veranderlikes. Ontwikkelingsveranderinge op inter-individuele of suprasisteemvlakke sou ook betrek kon word ten opsigte van die gesinsisteem, die netwerk van individuele omstandighede, groter instellings of die kultuur. Weens die komplekse interaksieprosesse tussen die verskillende vlakke van die hiërargiese egpaarsisteemstruktuur wat 'n verbandhoudende eenheid impliseer, en die omvattendheid van die taak en ontwikkelingsveranderlikes op alle vlakke op 'n direkte wyse te betrek, word daar vir die doeleindes van die voorstelling van 'n egpaarinteraksie-ontwikkelingsmodel in hierdie studie, 'n seleksie van ontwikkelingsveranderlikes vanuit die verskillende sisteemvlakke gedoen. Waar die suprasisteem op die sisteemvlak net hoër as die egpaarsisteem 'n belangrike invloed uitoefen op die egpaarsisteem, word die ontwikkelingsveranderinge van die gesin, waarvan die egpaarsisteem deel vorm, in hoofsaak verreken.

Wanneer die tydskomponentraamwerk by wyse van die geselekteerde gesinsontwikkeling in die vorm van gesinsontwikkelingstadia, insluitende die gesinsvormingsfase, die gesinsuitbouingsfase en die gesinsinkortingsfase (Gerdes et al., 1981; Louw, Gerdes en Meyer, 1984; Schultz, 1984 en Schulz, 1982) in 'n hiërargiese sisteemstruktuur vervat word, kan dit soos in Figuur 5.10 voorgestel word.

In Figuur 5.10 word 'n tydsraamwerk, by wyse van gesinsontwikkelingsmomente naamlik die gesinsvormingsfase, die gesinsuitbouingsfase en die gesinsinkortingsfase, geïnkorporeer by die egpaarsisteemstruktuur, voorgestel. Die byvoeging van die ontwikkelingskomponent tot die interaksionele elemente van die egpaarsisteem, vorm in geheel 'n egpaarinteraksie-ontwikkelingsmodel.

'n Verdere ontwikkelingsaspek aanvullend tot die tydskomponent is terugvoer, wat verdere aandag geniet.



FIGUUR 5.10: GESINSONTWIKKELINGSKOMPONENTE VAN DIE EGPAAR-INTERAKSIESISTEEM

5.3.4.2 Terugvoer

Negatiewe terugvoerprosesse (Kim, 1972; Rademeyer, 1978; Speer, 1970 en Watzlawick, Beavin en Jackson, 1967) is ideaal gesproke eie aan 'n oop egpaarsisteem (Casciano-Savignano, 1978), en dra by tot 'n progressiewe stabiliteitstoestand. Dit tree veral op die voorgrond wanneer ontwikkelingsdoelwitte van die egpaarsisteeminteraksie ter sprake kom. Aansluitend hierby beklemtoon Patton en Giffin (1974) die egpaarinteraksie-terugvoerproses as kontrolemeganisme. Egpaarverhoudings, egpaarinteraksie en egpaarinteraksie-ontwikkeling mag as terugvoersirkels gekonseptualiseer word deurdat dit die funksionering van egpaarlede wedersyds beïnvloed. Die sentraliteit van die terugvoerproses tot effektiewe egpaarinteraksie-ontwikkeling word deur die volgende stelling geïllustreer: akkurate en opbouende egpaarinteraksie noodsaak die voortdurende formulering, stuur, ontvangs, interpretasie en fasiliterende reaksies op openlike positiewe en spesifieke boodskappe, asook produktiewe probleemoplossing teen die agtergrond van oorkoepelende egpaardoelstellings, waar hierdie interaksieproses alomteenwoordig in die egpaarverhouding is, en implikasies inhou vir alle betrokke interaksionele inhoude en gebruikwyses.

Die terugvoerkomponent van egpaarinteraksie-ontwikkeling kan sinvol vervat word in die kubernetiese proses.


5.3.4.3 Kubernetika

In terme van die kubernetika, word die ideale egpaar as 'n oop, lewende sisteem gekenmerk deur doelgerigte en selfkontrolerende gedrag binne die rigtinggewende tydsraamwerkgrense van die egpaar in die normale egpaarontwikkelingstadia.

In die konteks van die rigtinggewende raamwerk van die gesinsontwikkelingsverloop, kan die egpaarsisteem met die oog op voortdurende verwesenliking van egpaarontwikkelingstake, gekonseptualiseer word as voortdurend deur die proses van die kubernetiese siklus te beweeg. In ooreenstemming met die ontwikkelingsverwagtinge van die gesin as suprasisteem, behoort die egpaarsisteem voortdurend op 'n bewustelike en onbewustelike vlak gebruik te maak van doelwitformulering, strategietoepassing en terugvoer wat gebaseer is op voortdurende situasie-analisebepalings. In Figuur 5.11 word die inkorporering van die kubernetiese beginsels in egpaarinteraksie-ontwikkeling voorgestel.

In Figuur 5.11 word snitte van die beginsels van die kubernetiese proses in die egpaarinteraksie-ontwikkeling vervat. Die vernaamste egpaarontwikkelingsmomente in gesinsverband word as vlakke van funksionering voorgestel, terwyl enige verdere veranderinge binne hierdie raamwerk voorgestel word as 'n proses waarbinne die kubernetiese prosesbeginsels van doelwitformulering, strategietoepassing, en terugvoer geld. In teenstelling met die algemene beskouing van die sirkulêre modelle as digotomies tot die lineêre modelle, bestaan die verskillende vlakke van die kubernetiese (sirkulêre) voorstelling van egpaarinteraksie-ontwikkeling uit lineêre snitte/momente.

Met die inkorporering van die kubernetika, aanvullend tot terugvoer en tyd, word die bespreking van ontwikkelingsaspekte van die algemene sisteemteorie en kubernetika ten opsigte van die egpaar voltooi. Waar daar afsonderlik opeenvolgend gekyk is na inhoudelike, strukturele, prosesmatige en ontwikkelingsaspekte van egpaarinteraksie-ontwikkeling, bestaan die behoefte om 'n integrasie van ideale egpaarinteraksie-ontwikkeling aan die hand van beperkte beginsels aan te bied, waaraan daar in die volgende afdeling aandag gegee word.



FIGUUR 5.11: KUBERNETIESE BEGINSELS IN EGPAARINTERAKSIE-ONTWIKKELING

5.3.5 'n Saamgestelde model van egpaarinteraksie-ontwikkeling

Die intra-individuele en inter-individuele aspekte van die ideale ontwikkeling van egpaarlede en egpaarinteraksie in gesinsverband, word in Figuur 5.12 voorgestel. Die model met 'n sikliese karakter word voorgestel as bestaande uit lineêre momente.

Daar bestaan binne die grense van gesinsontwikkeling heelwat bewegingsvryheid met erkenning aan die individuele wils-aspekte van die egpaarsubsisteme en die uniekheid van die egpaarsisteem in geheel. Die sisteemfunksionering moet egter binne die hiërargiese egpaarsisteemstruktuur en veral die egpaarsisteem as sodanig, 'n voldoende mate van funk-sioneringseffektiwiteit en -bevrediging openbaar, veral om egpaarinteraksie voldoening te bereik en sekere eienskappe te openbaar in terme van die beginsels van die algemene sisteemteorie en die kubernetika.

Hierdie eienskappe sien as volg daaruit: inhoudelik behoort die sisteme duidelik gedefinieer te wees, gedifferensieerde konseptuele en fisiese ruimte te beslaan wat duidelik op verskillende vlakke afgebaken word deur genoegsame deur-laatbare grense, waardeur en waarbinne daar voldoende energie- en inligtinguitruiling in die geval van die egpaar-sisteem plaasvind by wyse van interaksie in die vorm van opbouende doelgerigte verbale en nie-verbale kommunikasie.

Wat strukturele aspekte van die egpaarsisteem betref, be-hoort die unieke en eiesoortige geheelegpaarsisteem, asook sisteme op ander vlakke van die hiërargiese organisasie, uit meer te bestaan as die eienskappe en funksies wat by sis-teementiteite, byvoorbeeld egpaarsubsisteme, aangetref word. Die sisteme op die verskillende vlakke van die hiërargiese struktuur van die egpaarsisteem behoort behoorlik hiërargies georden te wees in en rondom die sentrale egpaarsisteem. Sover dit dinamiese sisteemaspekte aangaan, behoort die

GESINSINKORTINGSFASE

KULTUUR

DIE GROTER INSTELLINGS

NETWERK VAN INDIVIDUELE OMSTANDIGHEDE

GESINSISTEEM

EGPAAR INTERAKSIE

EGPAARSISTEEM

EGPAAR INTERAKSIE

MY

SELFKONSEP

PERSOONLIKHEIDSTREKKE

PERSOONLIKE STYL

SELFPERSEPSIE

PERSOONLIKE KONSTRUKTE

EK

GEHEUE FISIOLOGIES

GENETIES KOGNITIEF

ROLLE, GEDRAG, VAARDIGHEDE

SOSIALE INTERAKSIE

ROLLE, GEDRAG, VAARDIGHEDE

INDIVIDUELE OMSTANDIGHEDE IN INTERAKSIE

OPVOEDING, REGERING, EKONOMIE, MASSAMEDIA, GEORGANISEERDE GODSDIENS

TAAL, WAARDES

TERUGVOER

STRATEGIE

DOELWIT

KULTUUR

DIE GROTER INSTELLINGS

NETWERK VAN INDIVIDUELE OMSTANDIGHEDE

GESINSISTEEM

EGPAAR INTERAKSIE

EGPAARSISTEEM

EGPAAR INTERAKSIE

MY

SELFKONSEP

PERSOONLIKHEIDSTREKKE

PERSOONLIKE STYL

SELFPERSEPSIE

PERSOONLIKE KONSTRUKTE

EK

GEHEUE FISIOLOGIES

GENETIES KOGNITIEF

ROLLE, GEDRAG, VAARDIGHEDE

SOSIALE INTERAKSIE

ROLLE, GEDRAG, VAARDIGHEDE

INDIVIDUELE OMSTANDIGHEDE IN INTERAKSIE


OPVOEDING, REGERING, EKONOMIE, MASSAMEDIA, GEORGANISEERDE GODSDIENS

TAAL, WAARDES

GESINSUITBOUINGSFASE

GESINSINKORTINGSFASE

GESINSUITBOUINGSFASE



FIGUUR 5.12 'n EGPAARINTERAKSIE-ONTWIKKELINGSMODEL

egpaarsisteem op die middelvlak 'n koppelingsfunksie in die struktuur te vervul, waar daar horisontaal en vertikaal wedersydse beïnvloedende interaksies plaasvind.


In terme van die voorgestelde egpaarinteraksie-ontwikkelingsmodel kan die veranderende huweliksbevredigingspatrone, waarna daar in die latere fases van hoofstuk 1 (afdeling II) verwys is, wat 'n laagtepunt gedurende die gesinsuitbouingsfase bereik, toegeskryf word aan kwalitatiewe en kwantitatiewe veranderende huweliksinteraksie. Die interaksie van die egpaarsisteem mag veral gedurende die gesinsuitbouingsfase nadelig beïnvloed word deur die toenemende belangrikheid van die kindersubsisteem in die geval van die vrou, en die werksuprasisteem in die geval van die man. Toenemende egpaarlidbetrokkenheid en -interaksie met sodanige buite-egpaarsisteme mag verminderde vlakke van egpaarinteraksiefunksionering en -bevrediging tot gevolg hê. Hierdie onvoldoende egpaarinteraksie kan op 'n dinamiese vlak teweegbring dat die sisteme op die verskillende vlakke van die egpaarsisteemhiërargie nie in 'n progressiewe tydskonsep funksioneer binne die konteks van die onmiddellike ontwikkelingsverloop van die gesinsuprasisteem nie. Die sentrale terugvoer-proseswerking volgens die beginsels van die kubernetika en die kubernetiese siklus (naamlik doelwitformulering, strategie-implementering en terugvoer) word hier belemmer. Wat verdere egpaarontwikkelingsmodel-dinamiek betref, mag die egpaarsisteem op die middelvlak nie 'n voldoende koppelingsfunksie in die egpaarsisteemstruktuur vervul nie, waar daar horisontaal en vertikaal onvoldoende wedersyds beïnvloedende interaksies mag plaasvind. In soverre dit egpaarsisteemstrukturele aspekte betref, mag die verskillende sisteme soos die egpaarsisteem as geheel, geensins uit meer bestaan as die eienskappe en funksies van sisteementiteite in totaal nie. Struktureel beskou, mag die sisteme op die verskillende vlakke van die hiërargiese sisteemstruktuur van die sentrale egpaarsisteem nie behoorlik gerangskik en georden wees nie.

Onbevredigende egpaarinteraksie-ontwikkeling mag ook afwentel tot sisteeminhoudelike aspekte wat die volgende negatiewe effekte na vore mag laat tree: onduidelik gedefinieerde sisteemgrense wat ook 'n onvoldoende kwaliteit verleen aan sisteemkonseptuele en fisiese ruimte, oormatige en onvoldoende deurlaatbare grense wat saamhang met die onbevredigende vlakke van energie- en inligtinguitruiling. 'n Sisteemtoestand van entropie sou onder sodanige toestande geld.

Die veranderde patrone van huweliksbevrediging gedurende die verskillende gesinsontwikkelingstadia word ook deur middel van egpaarinteraksie-ontwikkeling in terme van die beginsels van progressiewe sisteemontwikkeling skematies in Figuur 5.13 voorgestel.

Figuur 5.13 voorsien 'n voorstelling van progressiewe ontwikkeling van die egpaarinteraksiesisteem in gesinsverband. Hierin word die feit beklemtoon dat onvoldoende egpaarinteraksie-ontwikkeling, soos gereflekteer deur die egpaarlede se ervaring van huweliksbevrediging, 'n hoogtepunt bereik gedurende die gesinsuitbouingsfase. Huweliksinteraksie-ontwikkelingsintervensies wat gerig is om die uitbouing van optimale huwelikskloopbaanbevrediging, sou dus veral van waarde vir die middelfase van egpaarontwikkeling in gesinsverband wees.

Met hierdie uiteensetting van die saamgestelde model van egpaarinteraksie-ontwikkeling, in samehang met die besprekings van ontwikkelings-, dinamiese, strukturele en inhoudelike aspekte, word die formulering van die teoretiese model van egpaarinteraksie-ontwikkeling in terme van die algemene sisteemteorie en kubernetika, afgesluit. In samehang met die daargestelde geïntegreerde teoretiese model, volg 'n saamgestelde praktykmodel.



FIGUUR 5.13: PROGRESSIEWE EGPAARINTERAKSIESISTEEMONTWIKKELING IN GESINSVERBAND: 'N INTEGREERENDE VOORSTELLING VAN HUWELIKSBEVREDIGING

5.4 INLEIDING: PRAKTYKGEORIËNTEERDE PROBLEEMOPLOSSING

'n Verdere studiedoelstelling wat onaangespreek bly, behels die skep, ontwikkeling en verfyning van 'n toepaslike huweliksverrykingsprogram met betrekking tot egpaarinteraksie in die gesinsontwikkelingskonteks, asook 'n empiriese evaluering van die program om die geldigheid van die teorieen die praktykprogram te bepaal.

Uit die werk van Schoeman (1983) kan afgelei word dat die psigo-opleidingsteorie en praktykimplikasies daarvan 'n oorkoepelende organiserende funksie tot die operasionaliseringskomponent van hierdie studie mag vervul.

Waar daar in die praktykoriëntasie van hierdie studie sprake is van intervensies by wyse van opleiding, gee McGinn (1979) uitsluitsel dat, wat 'n gepaste benadering tot navorsing betref, die oplossing geleë is in ontwikkelingsnavorsing, soos ondersteun deur die empiriese of eksperimentele navorsingsbenadering.

Wat die alternatiewe aanvullende navorsingsbenadering betref, dui Guba (1968) die tradisionele navorsing met 'n empiriese karakter aan as bestaande uit die proses van beskrywing, verbandlegging, konseptualisering en evaluering. Hierteenoor postuleer Guba (1968) voorts dat ontwikkelingsnavorsing as proses die stappe behels van beskrywing, deurdagting, fabrisering en evaluering. Beide navorsingsbenaderingsprosesse kulmineer tot soortgelyke uiteindelike evalueringselemente. Die eksperimentele navorser is gerig op die omsigtige beheer van alle steuringsveranderlikes, met universele wetmatigheidsidentifisering deur veral (hipotese) evalueringsterugvoer as primêre oorweging, wat dan die hoofinslag vorm van die volgende hoofstuk. Die ontwikkelingsnavorser poog daarenteen om opvallende situasie-elemente te ontlok, die gepaste verwantskappe van kontekste te identifiseer, asook deur beskrywing, deurdagting en fabrisering, effektiwiteitsproblematiek te voorkom en is in 'n mindere mate bekommerd oor die aspek van kontrole. Die ontwikkelingsnavorsingsbenadering blyk 'n meer gepaste kriterium te wees vir die doeleindes van die beskrywing van veral die praktykprobleemoplossing wat in hierdie studie van toepassing is. Wat die uiteindelike ideaal van navorsingstrategieë betref, wys McGinn (1979) voorts daarop dat 'n kombinasie van ontwikkelingsnavorsing en eksperimentele navorsing (Dunkel, 1972; Guba, 1968 en Patton, 1975) uiteindelik optimale resultate lewer.

As weerspieëling van die aanvullingsideaal ten opsigte van die tersaaklike navorsingsbenaderings, word die evalueringskomponent van die ontwikkelingsnavorsingsbenadering (wat in hierdie hoofstuk geaksentueer word), in hoofstuk 6 aangaande die probleemoplossingsevaluering beskryf.

'n Praktykgeoriënteerde verklaring wat gekonstateer kan word, behels dat effektiwiteitselemente van egpaarinteraksie-intervensies en -toepassing tot 'n impakvolle geheel saamgestel kan word en weens die wese van psigo-opleiding en die gepaardgaande navorsingsbenaderings, 'n operasionaliseringsraamwerk daargestel kan word. In reaksie hierop kom die volgende aspekte ter sprake: psigo-opleiding en ontwikkelingsnavorsing, 'n operasionaliseringsraamwerk, asook 'n praktykmodel van gesinsontwikkeling vir egpare ('n huweliksverrykingsprogram).

Psigo-opleiding en ontwikkelingsnavorsing as operasionaliseringsraamwerk word eerstens voorgestel.

5.5 PSIGO-OPLEIDING EN ONTWIKKELINGSNAVORSING : 'N OPERASIONALISERINGSRAAMWERK

Aspekte wat vervolgens aandag geniet, is 'n teoretiese onderbou van psigo-opleiding, 'n teoretiese onderbou van ontwikkelingsnavorsing en 'n saamgestelde psigo-opleidingsraamwerk in ontwikkelingsnavorsingsverband.

5.5.1 'n Teoretiese onderbou van psigo-opleiding

5.5.1.1 Inleiding

Ivey en Simek-Downing (1980) wys daarop dat psigo-opleiding 'n voorkomende funksie tot geestesgesondheid vervul, en die ontsluiting van menslike potensiaal ten doel stel. In hierdie strewe beweeg die psigo-opleiding weg vanaf die tradisionele lineêre verklaringsmodelle. Dinamies sikliese proseselemente word in hierdie benadering geïnkorporeer by

wyse van 'n proses wat as volg daar uitsien: die kliënt-ontevredenheid of -ambisie lei tot doelwitformulering wat 'n doelwitverwesenliking deur middel van vaardigheidsopleiding tot gevolg het, waar die doelwitbereiking voortdurend afgespeel word teen die aanvanklike kliënt-tevredenheidsvlakke, asook die voorafgaande en daaropvolgende doelwitformulering.

Alschuler en Ivey (1973) en Authier, Gustavson, Guerney en Kasdorf (1975) identifiseer die gebrek aan 'n voldoende teoretiese onderbou wanneer die ontwikkelingstoestand van psigo-opleiding getakseer word. Daaropvolgende monumentale bydraes wat in hierdie verband figureer, is die teoretiese psigo-opleidingsagtergrond wat deur Schoeman (1983) daargestel word, asook Morril, Oetting en Hurst (1974) se werk ('n saamgestelde psigo-opleidingsmodel). Hierdie bydraes tot die daarstelling van 'n beoogde saamgestelde psigo-opleidingsraamwerk word vervolgens ondersoek. Die teoretiese agtergrond waarin Schoeman (1983) se werk as riglyn dien, geniet eerstens aandag.

5.5.1.2 Teoretiese agtergrond

Die volgende geselekteerde uitgangspunte word deur Schoeman (1983) aangedui as die kern te wees van die ontwikkelingsmomentum tot die teoretiese vergestaltingsproses van die psigo-opleiding.

(a) Die eksistensieel-humanistiese mensbeskouing wat volgens Corsini (1979) die mens se vryheid, doelwitbereikingspotensiaal en selfaktualisasiestrewe beklemtoon. Hierdie benaderingswyse kan beskou word as sou dit die weg gebaan het vir die ontplooiing van ontwikkelingsmodelle in die Sielkunde.

(b) Kontemporêre gedragsteorieë en modifikasietegnologie (Authier et al., 1975; Corsini, 1979 en Skinner, 1971).

(c) Leerteoretici en leer as menslike gedragskomponent, waar die sielkundige 'n vormende invloed uitoefen (Dollard en Miller, 1950; Ellis, 1962 en Guthrie, 1935).

Hierdie teoretiese grondleggingselemente van psigo-opleiding onderlê in samehang met psigo-opleidingswerke van Carkhuff (1969), Guerney, Guerney en Stollack (1971), volgens Schoeman (1983), implikasie-elemente met betrekking tot modelontwikkeling van psigo-opleidingspraktyke:

(a) Primêre voorkomingsdienstedoelstellings met die klem op opleiding in effektiwiteitsvaardighede wat uiteindelik as gemeenskapsintervensie-hefboom mag fungeer.

(b) Sinvolle fasilitering van lewensloopontwikkeling.

(c) 'n Geskiktheid ten opsigte van komplekse sisteem-ontwikkeling.

Al drie implikasies van operasionalisering sou met gemak in hierdie studie geakkommodeer kon word deur vorige relevante teoretiese inhoude aangaande Toegepaste Sielkunde, of eg-paarinteraksie-ontwikkelingsintervensies en groepwerk, asook ontwikkelingsielkundige entiteite en metateoretiese algemene sisteemteoriebeginsels en toepassings daarvan soos aangedui, deur te voer tot op praktykvlak.

Schoeman (1983) identifiseer die algemene sisteemteorie as 'n metateoretiese bydrae tot die psigo-opleiding. Gepaard-gaande sikliese psigo-opleidingsprosesse kan gegiet word in die momente van die kubernetika. Selfkontrolerende kuberne-tiese eienskappe is veral van waarde waar daar gekom word tot die begrip van leerprosesdinamika wat vooropgestel staan in die psigo-opleiding.

Strategieë van psigo-opleidingstoepassing behels direkte op-leiding, konsultasie-opleiding en psigo-tegnologie:

(a) Direkte opleiding impliseer dat die teikensisteem opleiding ontvang in bepaalde vaardighede, en begelei word tot die verkryging van insigte en bevoegdhede aan die hand van die groepleier.

(b) Konsultasie-opleiding behels kliëntopleiding, waar hierdie persone op hulle beurt in konsultasie met die sielkundige, verantwoordelik is vir ontwikkelings- en voorkomingsdienste in besondere sisteme.

(c) Psigo-tegnologie impliseer tegnologiese hulpmiddelontwikkeling wat tydens opleiding gebruik word. Hierdie hulpmiddels mag 'n volledige opleidingsprogram vorm of in kombinasie met van die volgende alternatiewe hulpmiddels aangewend word: die rekenaar, selfdoenmodules en opleidingsprogramme, werkboeke, oudio- en videomodelle, klankskyfiereekse, oudio-visuele elektroniese hulpmiddels en die massamedia.


Hiermee word daar volstaan met die bespreking van die teoretiese agtergrond van psigo-opleiding. Hieropvolgend word 'n geïntegreerde model vir die psigo-opleidingspraktyk voorgestel.

5.5.1.3 Saamgestelde psigo-opleidingsmodel

Die kubusmodel van Morril, Oetting en Hurst (1974) kan as 'n konseptuele raamwerk aangewend word om die teoretiese psigo-opleidingsfundering in 'n uitgebreide perspektief voor te stel. Hierdie saamgestelde psigo-opleidingsmodel word skematies voorgestel in Figuur 5.14.

Uit Figuur 5.14 blyk dit dat die drie asse van die kubus verteenwoordig word deur psigo-opleidingsmetodes, komplekse sisteme en doelstellings. Hierdie asse word as volg onderverdeel: psigo-opleidingsmetodes behels direkte opleiding, konsultasie-opleiding en psigo-tegnologie; komplekse sisteme dek die spektrum van individue, groepe, organisasies

en gemeenskappe; terwyl doelstellings voorkoming asook ontwikkeling mag omvat. Die saamgestelde kubuskonsepsie van Morril, Oetting en Hurst (1974) as psigo-opleidings-operasionaliseringsmodel, sien bevredigend daaruit ten opsigte van struktuur en inhoud. Alhoewel 'n dinamiese interspel tussen die komponente van verskillende asvlakke geïmpliseer word, ontbreek hierdie model aan 'n eksplisiete dinamiese ontwikkelings- of proseskarakter teen die agtergrond van die aard van hierdie studie (waarin ontwikkelingstemas onder meer vooropgestel staan).



FIGUUR 5.14: 'N SAAMGESTELDE PSIGO-OPLEIDINGSMODEL

Met hierdie voorstelling van 'n saamgestelde psigo-opleidingsmodel, in samehang met die uiteensetting van die teoretiese agtergrond, word die bespreking van 'n teoretiese onderbou van psigo-opleiding voltooi. Aspekte van die teoretiese onderbou van ontwikkelingsnavorsing geniet vervolgens aandag.

5.5.2 'n Teoretiese onderbou van ontwikkelingsnavorsing

Die navorsingsbenadering geëtiketteer as ontwikkelingsnavorsing (Berg en Landreth, 1980; Cohen en Manion, 1980 en McGinn, 1979), behoort, deurdat daar veranderende opleiding betrek word (Dunkel, 1972), volgens McGinn (1979), voorsiening te maak vir geïntegreerde omskrywings aangaande gewenste toekomstige toestande.

Toekomsbeplanning in veranderende en aangepaste opleiding, wat gebaseer is op observasies van die situasies, is van beperkte waarde. As motivering tot hierdie stelling, wys McGinn (1979) op die redenasie dat die realiteit nie stabiel is nie, omdat dit gegrond is op die oordele en aksies van menslike wesens. Komplekse reaksies op situasies moet beperk word tot die korttermyn weens die beïnvloedende interspel tussen realiteite soos tans waargeneem word en die reaksies op sodanige waarnemings. Galtung (1973) postuleer dat daar aanvullend tot retrospektiewe data duidelike begrip behoort te bestaan van die ideale waardes wat verwesenlik moet word ('n resultaat van normatiewe gesprekvoering volgens Dunkel, 1972). Die ontwikkelingsnavorser moet volgens McGinn (1979) in sy waardenastrewing effektief met omgewingsontwikkelinge harmoniseer, ervarings en waarnemings op metavlak abstraheer en die heuristiese modelontwikkeling voortdurend inisieer. Die praktiese uitvloeisels van sodanige modelsamestelling sluit aan by Galtung (1973) se gedagtes van 'n meer omvattende uitbeelding met betrekking tot opleidingstrukture ter verwesenliking van gestelde waarde-oordele asook basiese teorieë wat 'n legitimerende posisie teenoor hierdie aanvaardinge inneem. Hierdie


optrede behels volgens McGinn (1979) stellings van geen onduidelike aard aangaande doelwitte en voortspruitende verwesenlikingswerkswyses asook stellings in verband met waardeskeppingskeuses.

Patton (1975) beskou die eiesoortige kwaliteite van ontwikkelingsnavorsing as deur die volgende gekenmerk te word: kwalitatief, besorg oor geldigheid, subjektief, naby die data, historiese analise, besorg oor die proses, vir praktisyns, gevallestudie, belangstelling in uniekheid en die optel van individuele hanteringsaksies. Probleemoplossingshantering behoort van so 'n aard te wees dat daar 'n kontaminasievrywaring bestaan van moontlike steuringsveranderlikes (Guba, 1968).

Volgens McGinn (1979) behels die ontwikkelingsnavorsingsbenadering die volgende vier stappe: 'n beskrywing van die aspekte wat met 'n sekere probleem verband hou; die ontwerp van 'n ingreep wat die probleem behoort op te los, die ontwikkeling en verfyning (operasionalisering) van die ingreep, en die toetsing van die effektiwiteit van die ingreep. Die toetsingskomponent vervul 'n evaluerende rol met betrekking tot die kwaliteit van die voorafgaande prosesse en hierdie evaluerende terugvoeraksie impliseer 'n sikliese karakter soortgelyk aan die van dié kubernetiese siklus. Hierdie raakpunte tussen die sikliese ontwikkelingsnavorsingsproses en die kubernetiese selfkontrolesiklus (as verwant aan die algemene sisteemteorie) word in Figuur 5.15 voorgestel.

Uit Figuur 5.15 blyk dit dat buiten die terugvoerings en toetsingsooreenkomste tussen die kubernetiese siklus en ontwikkelingsnavorsingsproses, daar ook raakpunte bestaan ten opsigte van situasie-analise/doelwitformulering/strategietoepassing enersyds en beskrywing/verbandlegging/konseptualisering andersyds. Die dinamiese en ontwikkelingsaspekte wat in hierdie voorstelling vervat word, toon 'n potensiële bydrae tot die leemtes wat in hierdie verband met

betrekking tot die saamgestelde psigo-opleidingsmodel geïdentifiseer is.




FIGUUR 5.15: DIE KUBERNETIESE SIKLUS EN ONTWIKKELINGS-NAVORSINGSPROSES: SIKLIESE TERUGKOPPELINGS-RAAKPUNTE

In hierdie afdeling is 'n teoretiese onderbou van die ontwikkelingsnavorsing voorgehou. Hieropvolgend word daar 'n operasionaliseringsraamwerk gekonstrueer op grond van die psigo-opleiding en ontwikkelingsnavorsing.

5.5.3 Psigo-opleiding en ontwikkelingsnavorsing: 'n Operasionaliseringsraamwerk

Dit blyk moontlik te wees om in 'n atmosfeer van ontwikkelingsnavorsing die kernelemente van (a) die psigo-opleidingsmodel (b) die psigo-opleidingsproses en (c) die kubernetiese siklus, saam te giet. In Figuur 5.16 word sodanige psigo-opleidingsraamwerk voorgestel.



FIGUUR 5.16: 'N SAAMGESTELDE PSIGO-OPLEIDINGSRAAMWERK

Uit Figuur 5.16 blyk dit dat fase een, komplekse sisteemvlakke (individue, groepe, organisasies en gemeenskappe), kliënt-ontevredenheid oftewel die situasie-analise, in geheel opgevolg word deur die doelwitformulering, waar die doelstellings voorkomend of ontwikkelend van aard sal wees (fase twee). 'n Volgende prosesentiteit (fase drie), naamlik vaardigheidsopleiding as primêre strategie, mag direkte

opleiding en/of psigotegnologie behels, waar terugvoer in terme van doelbereiking 'n laaste stap verteenwoordig, wat voorbereidend tot 'n hernieude siklus mag geskied.

Met die voorstelling van die saamgestelde psigo-opleidingsraamwerk, as aanvullend tot die beskouings van 'n teoretiese onderbou van ontwikkelingsnavorsing en psigo-opleiding, word die uiteensetting van die operasionaliseringsraamwerk vir die doeleindes van hierdie studie voltooi.


Die saamgestelde psigo-opleidingsmodel en die saamgestelde psigo-opleidingsraamwerk, lewer beide 'n bydrae tot die daarstelling van 'n operasionaliseringsraamwerk. Dit vergemaklik die soeke na 'n praktykmodel as aanvullend tot die teoretiese model. Die praktykmodel (gesinsontwikkeling vir egpare) word in die volgende afdeling uiteengesit.

5.6 'N PRAKTYKMODEL: "GESINSONTWIKKELING VIR EGPARE"

5.6.1 Inleiding

Dit blyk moontlik te wees om die aard van 'n saamgestelde egpaarinteraksie-ontwikkelingspraktykmodel, getitel "Gesinsontwikkeling vir egpare", inleidend voor te stel aan die hand van die saamgestelde psigo-opleidingsmodel. In Figuur 5.17 word 'n skematiese voorstelling aangebied van gesinsontwikkeling vir egpare, aan die hand van die saamgestelde psigo-opleidingsmodel.

Uit Figuur 5.17 blyk dit dat gesinsontwikkeling vir egpare in die breë beskryf kan word met behulp van die drie hoofasse. In essensie bestaan dit uit groepe op die sisteemas, voorkoming en ontwikkeling op die doelstellingsas asook direkte opleiding, psigo-tegnologie en konsultasie-opleiding op die psigo-opleidingsmetode-as.



FIGUUR 5.17: GESINSONTWIKKELING VIR EGPARE AAN DIE HAND VAN 'N SAAMGESTELDE PSIGO-OPLEIDINGSMODEL

Hierdie voorstelling in die breë word in die hieropvolgende besprekings gemotiveer en uiteengesit. Die samestelling van 'n gesinsontwikkelingspakket vir egpare geskied in die hieropvolgende afdelings met verwysing na vorige studie-inhoude met behulp van die elemente van die saamgestelde psigo-opleidingsraamwerk (toepassings van die sentrale elemente van die algemene sisteemteorie, kubernetika en psigo-opleiding) in 'n oorkoepelende en onderliggende atmosfeer eie aan ontwikkelingsnavorsing.

Die bespreking geskied opeenvolgend as fase een (funksioneringsvlak), fase twee (doelwit) en fase drie (strategieë).

Terugvoer as die laaste evaluerende of toetsingskomponent van ontwikkelingsnavorsing, staan oor vir bespreking in die volgende hoofstuk, waar die probleemoplossingsevaluering (oorwegend volgens eksperimentele navorsingsprosedures) aandag geniet.

Die fase aangaande die funksioneringsvlakbasis word eerstens uiteengesit. Aspekte wat ter sprake kom, is komplekse sisteme, kliëntontevredenheid en die situasie-analise.

5.6.2 Fase 1: Funksioneringsvlak

5.6.2.1 Komplekse sisteme

Daar word na vier sisteemvlakke verwys naamlik die individu, groepe, organisasies en die gemeenskap, oftewel subsisteme (organismes), sisteme (groepe) en suprasisteme (organisasies en gemeenskappe op opvolgende vlakke soos voorgestel deur Hall en Hagan (1969), Miller (1978), Rademeyer (1978) en Schoeman, Nel en Wessels (1983). Verskillende outeurs (Jordaan en Jordaan, 1980; Miller, 1978 en Schroderbeck (1971) wys op die beïnvloedende interaksies wat aanwesig is tussen hierdie voorstellingsvlakke.

Die teoretiese inhoudsontwikkeling van hierdie studie impliseer 'n praktykmodel wat wentel rondom egpaarinteraksie-intervensies met inagneming van die gesinsontwikkelingskonteks. As fokuspunt in die samestelling van die praktykprogram word daar primêr beweeg op die vlak van groepe, hetsy die egpaar as saamgestel uit twee ontwikkelende individue of die groepverband wanneer egpaarinteraksie-opleiding ter sprake kom. Daar word ook kennis geneem van die beïnvloedende interaksie tussen die egpaarsisteem waarop primêr gefokus word en die interaksionele beïnvloeding wat ter sprake kom met die gesinsontwikkelingskonteks as geïdentifiseerde onmiddellike suprasisteem.

5.6.2.2 Kliëntontevredenheid

Voorafgaande relevante teoretiese ontwikkelinge kulmineer in uiteindelike voorstellings soos Figuur 5.12 ('n Egpaar-interaksie-ontwikkelingsmodel) en Figuur 5.13 (Progressiewe egpaarinteraksiesisteemontwikkeling in gesinsverband: 'n integrerende voorstelling van huweliksbevrediging). Uit hierdie voorstelling blyk dit dat egpare wat in hierdie studietoepassing ter sprake kom, in uiteenlopende fases van gesinsontwikkeling kan staan. Daar kan egter verwag word dat betrokkenes veral deur middeljarige egpare verteenwoordig word, wat te midde van die gesinsuitbouingsfase verkeer. In die geval van hierdie egpare is dit waarskynlik dat intervensies in relatiewe hoë aanvraag is, weens relatiewe lae bevredigingsvlakke van huweliksinteraksie wat aanwesig is.

Gemeenskaplike strewes van die betrokkenes behels egpaar-interaksie-ontwikkelingsaanpassing met die oog op die daarstelling van 'n steeds beter verstandhouding in die huwelik. Individuele kliëntverskille ten opsigte van behoeftes sou binne die meer algemene strewes geakkommodeer kan word.

5.6.2.3 Situasie-analise

Die inhoud van die voorafgaande teoretiese en praktykgeoriënteerde hoofstukke as voorbereiding tot die formulering van die praktykoplossing van die probleem, impliseer die verrekening van verskeie situasie-elemente. Hierdie komponente behels aspekte van die volgende: egpaar-interaksie-ontwikkeling (hoofstuk 1); egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies (hoofstuk 2) insluitende verryking en kommunikasie-opleiding; egpaarinteraksie-intervensietoepassing in groepverband (hoofstuk 3) en veral die gepaardgaande groepontwikkelings- en leerprosesse; 'n huweliks-ideaalbeeld en onderliggende waardesisteem (hoofstuk 4) asook sisteemfunksionering (hierdie hoofstuk, in die lig daarvan dat die algemene sisteemteorie dien as oorkoepelende

metateorie van die geïntegreerde teoriemodel, sowel as van die saamgestelde psigo-opleidingsraamwerk). Hierdie aspekte, waartoe daar onvoldoende bevoegdhede, insluitende insigte en veral vaardighede bestaan, geniet meer uitgebreide aandag.

A. Egpaarinteraksie-ontwikkeling

Egpaarlede, met die tersaaklike spektrum van intrapersoonlike en interpersoonlike veranderlikes (Egan en Cowan, 1979; Kimmel, 1974, 1979 en 1980) mag te midde staan van uiteenlopende stadia van gesinsontwikkeling. Die onderskeie gesinsontwikkelingstadia is naamlik die vormingstadium, die gesinsuitbouingstadium en die gesinsinkortingstadium (Duvall, 1977; Louw, Gerdes en Meyer, 1984; Gerdes et al., 1981 en Schultz, 1984). Elke gesinsontwikkelingstadium behels besondere sterkpunte asook komplikasies soos weerspieël word aan die hand van die wisselende huweliksbevredigingsvlakke as 'n norm van sukses waarmee die betrokke fase deurloop word (Aldous, 1978; Blood en Wolfe, 1960 en Rollins en Cannon, 1974). Wisselende huweliksbevredigingsvlakke hang saam met die kwantiteit en kwaliteit van die interaksie wat tussen egpaarlede geskied (Reedy, Birren en Schaie, 1981; Santrock, 1986). Egpaargerigte interaksieprosesse soos dit in verband staan met huweliksbevredigingspatrone, is veral onderhewig aan 'n laagtepunt gedurende die gesinsuitbouingsfase, soos afgelei kan word vanuit die voorstellings van universele huweliksbevredigingspatrone deur Campbell, Converse en Rodger (1976), Hurlock (1980) en Louw, Gerdes en Meyer (1984).

B. Egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies

In die relatiewe jong veld van huweliksintervensies in die Sielkunde (Schultz, 1984) blyk voorkomende interpersoonlike vaardigheidsmetodes soos onder meer omskryf word deur L'Abate en McHenry (1983) gepas te wees met die motief van die optimale ontwikkeling van egpaarinteraksie. Veral die

werkswyses van verryking (Otto, 1976; VanderHaar en VanderHaar, 1976) en kommunikasie-opleiding (Carkhuff, 1973; Gordon, 1976; Gottman, Notarius, Gonso en Markham, 1976a; Miller, Nunnally en Wackman, 1975a; Thomas, 1977 en Pierce, 1973) tree na vore as van waarde te wees.

Egpaarinteraksie-verrykingsopleiding beskik oor 'n opvoedkundige karakter (Clinebell, 1976; Guerney, 1977; Hopkins en Hopkins, 1975; Mace en Mace, 1978; Otto, 1975, 1976; Satir, 1975 en Sherwood en Scherer, 1975) en 'n voorkomende aard (Clinebell, 1976; Guerney, 1977 en L'Abate (1977a). Verrykingsuitbouing beklemtoon ook die balans tussen individuele en verhoudingsgroei (Doherty, McCabe en Ryder, 1978; Mace en Mace, 1977 en Otto, 1976) en beskik volgens Horney (1945) en L'Abate en McHenry (1983) primêr oor 'n groei-oriëntasie. 'n Dinamiese huweliksbeskouing geld (Hof en Miller, 1981; Luthman en Kirschenbaum, 1974 en Sherwood en Scherer, 1975) met 'n intensionele kameraadskap as huwelikseinddoel (Hof en Miller, 1981; Macklin en Rubin, 1983 en Scanzoni, 1983).

Die verrykingsintervensieproses ten opsigte van egpaarinteraksie behels 'n voortdurende positiewe beklemtoning (Ball en Ball, 1979; Clinebell, 1975; Guerney, 1977; Mace en Mace, 1977 en Otto, 1975, 1976) en wentel veral rondom kommunikasie (Mace en Mace, 1977; Regula, 1975). Hierdie sentrale kommunikasie-aspek in egpaarinteraksie-intervensies behels die ontwikkeling van stelle kommunikasievaardighede (Guerney, 1977; Miller, 1978) en daarmee saam die onderliggende fasiliterende houdingsverandering en positiewe houdingsontplooiing (Egan, 1970; Hof en Miller, 1981; L'Abate, 1977b; Lief, 1977; Sherwood en Scherer, 1975 en Zinker en Leon, 1976).

Spesifieke kommunikasievaardighede van toepassing is onder meer totale luister, uitdrukking en onderhandelingsgedrag (Carkhuff, 1973; Egan, 1976; Gordon, 1976; Johnson, 1981; Jourard, 1971; Rogers, 1959 en Strayhorn, 1977) op veral

verbale sowel as nie-verbale vlak (Berne, 1964; Fast, 1970; Satir, 1976 en Swensen, 1973). In ooreenstemming met die uiteensetting van Bergin en Strupp (1972), Carkhuff (1978), Cronkhite (1976), Rogers (1967, 1969), Hammond, Hepworth en Smith (1977); Traux en Carkhuff (1965) en Winston (1974) word een of meer sentrale interaksiehoudings, naamlik aanvaarding, opregtheid, warmte, respek, konkreetheid en empatie. In die geval van religieus georiënteerde programme (Cowley en Adams, 1976; Louw, 1983b, 1983c en Otto, 1976) word daar ook veel gewag gemaak van waardevorming en -vestiging.

Verdere effektiwiteitselemente van die agtergrond van die verrykingsproses behels die inagneming van doelwitte soos deur Ball en Ball (1979) uiteengesit, wat verwys na die veilige ondersteunende hulpverleningsatmosfeer wat geld. Wat die seleksie van betrokkenes betref, word Clinebell (1975) en Koch en Koch (1976) se uitspraak gehandhaaf, dat egpare wat vrywillig aanmeld vir deelname gewoonlik nie disfunksioneel is nie. Die toepassing van hierdie aanname kan volgens Hof en Miller (1981) ondervang word met 'n hoë mate van struktuur, 'n goed omskryfde agenda, verantwoordelike leierskap, beskikbaarstelling van krisisintervensie gedurende die programblootstelling en 'n opvolgaanbieding. Mace en Mace (1974) en Schauble en Hill (1976) assosieer definitiewe voordele ten opsigte van toepassingseffektiwiteit met hoogs gestruktureerde egpaarprogramme in intensiewe naweekverband.

C. Egpaarinteraksie-intervensies in groepverband

Waar die gemeenskaplikhede van die effektiewe aanbieding van huweliksinteraksie in intervensietoepassing gesetel is in groepwerk (L'Abate en McHenry, 1983), wys Osipow, Walsh en Tosi (1984), Shapiro (1978) en Shaw (1976) op die praktykpotensiaal wat daarin opgesluit lê. Vir die doeleindes van hierdie studie blyk veral gestruktureerde groepe (Drum en Knott, 1977; Middleman en Goldberg, 1972) of de-

mokratiese sosiale vaardigheidsgroepe (Brammer en Shostrom, 1982; Carkhuff, 1971; Drum en Knott, 1977; Johnson en Johnson, 1975; Kemp, 1970a, 1970b en Williamson, 1982) van waarde te wees. Daar kan na die effektiwiteitselemente van gestruktureerde lewensvaardigheidsgroepe verwys word aan die hand van inhoudelike en strukturele aspekte, prosesmatige en ontwikkelingsaspekte sowel as leerprosesse in groepe.

(a) Inhoudelike en strukturele effektiwiteitsaspekte behels die volgende: eksplisiete omskrywings van gepaste groepsdoelwitte (Kivlighan, Hagaseth, Tipton en McGovern, 1981; Williamson, 1982), groepsdoelwitbegronding en uitvloeisels (Dinkmeyer en Muro, 1979; Osipow, Walsh en Tosi, 1984); 'n oorwegend homogene groepsamestelling (Hoffman en Smith, 1969; Smith, 1976; Smith, 1980b; Stava en Bednar, 1979 en Pollack, 1971); 'n beperkte groepgrootte (Dinkmeyer en Muro, 1979; Indink, 1965; Maddox, 1978 en Williams en Mattson, 1942); 'n tydsduur van sowat 10-15 uur (Handlin, Breed, Noll en Watkins, 1974 en Smith, 1975, 1980b); 'n intensiewe groepsformaat (Shaw, 1976; Smith, 1975 en Yalom, 1975); 'n voldoende fisiese omgewing wat betref ruimte, groeplidplasing en afleiers (Mehrabian en Diamond, 1971; Williamson, 1982.)

(b) Prosesmatige en ontwikkelingseffektiwiteitsaspekte behels in die eerste plek die ontwikkelingsproses van die groep, wat uit die vormings-, die midddel- en die afrondingsfase bestaan (Berg en Landreth, 1980; Cissna, 1984; Shapiro, 1978; Van der Walt, 1980 en Williamson, 1982).

* Die vormingsfase in die algemeen, dien as fondament vir verdere groepfunksionering en behoort dus sinvol voltooi te word. Die ontwikkeling van hierdie fase in die groepproses omvat onder meer die volgende: 'n aanvanklike bewustheid van problematiek met 'n gepaardgaande eksplorasie en toetsing van die struktuur, taak,

optrede en grense van die self en die groep; die identifisering van meer spesifieke behoeftes en groepdoelwitte asook tentatiewe groepbetrokkenheid en laastens latere identifisering van spesifieke groepdoelwitte, meerdere toegewydheid en verhoogde vlakke van voldoening (Cissna, 1984; Shapiro, 1978 en Williamson, 1982). Die algemene vormingsfase val meer spesifiek saam met 'n spesifieke groepsontwikkelingsfase vanaf onverbondenheid tot voorlopige verbondenheid (Berg en Landreth, 1980). Dit behels die aanvanklike toetsing van groepgrense asook tentatiewe selfeksplorasie en openbaring.

* Die algemene middelfase van groepsontwikkeling is die mees omvattende en dinamiese stadium in terme van vordering ten opsigte van die groepsgroeidoelwitte en die gepaargaande gedragsinisiëring intern en ekstern tot die groep. Die ontwikkeling van hierdie fase in die groepproses omvat onder meer die volgende: 'n onvoldoende aanwesigheid van antwoorde en intellektuele sekerheid; aanpassing by dubbelsinnigheid; verdere ontwikkeling van groepskohesie en funksionele rolverwantskappe ten opsigte van groepstruktuur en emosionele reaksie of taakeise; herkenning van individuele verskille; bespreking van die self en ander groeplede; konflik en konfrontasie en 'n later positiewe ingesteldheid daarteenoor; insig en normering wat na vore tree; dinamiese selfbegrip en optrede; bewuswording van die belangrikheid van vaardighede en die ontwikkeling van vaardigheidsbehoeftes en laastens die uitvoering van take en optrede (Cissna, 1984; Shapiro, 1978 en Williamson, 1982). Die algemene middelfase val meer spesifiek saam met die spesifieke groepsontwikkelingsfase van verbondenheid (Berg en Landreth, 1980) wat selfeksplorasie en begrip asook verbondenheid en toenemende persoonlike effektiwiteit insluit.

* Die laaste algemene afrondingsfase dien grootliks as stabilisasiefase. Die ontwikkeling van hierdie groepfase omvat onder meer die volgende: 'n groeiende belangstelling in en waardering vir die groepproses; 'n besef van vermeerderde selfkennis en begrip; 'n steeds toenemende openhartigheid en gewilligheid om geken te wees; 'n toereikendheidservaring, begrip teenoor andere, en 'n bewustheid van die belangrikheid van vaardigheidsvormende ervarings. Belangrike aspekte van die afrondingsfase is konsolidering en veralgemening, asook bewusmaking van die groepproses en inhoud. Groepafsluiting behoort dus duidelik, geleidelik en bevredigend te geskied, wat 'n voortgesette groeibewustheid en -bereidwilligheid stimuleer (Cissna, 1984; Shapiro, 1978 en Williamson, 1982). Die algemene afrondingsfase val meer spesifiek saam met 'n spesifieke groepontwikkelingsfase van voorbereiding vir groepverlating (Berg en Landreth, 1980).

Prosesmatige en ontwikkelingseffektiwiteitsaspekte behels in die tweede plek die groepdinamiese elemente (Lakin, 1976; Oppenheimer, 1983; Smith, 1980b; Williamson, 1982 en Yalom, 1975). Belangrike groepdinamiese aspekte sluit die volgende in: genoegsame kohesie (Gazda, 1978; Lakin, 1976 en Ohlson, 1977); duidelike norme (Gazda, 1978; Lakin en Carson, 1966); positiewe persepsies en terugvoering (Jacobs, 1975; Lakin en Carson, 1966); uitdrukking van emosionele onmiddellikheid (Giges en Rosenfeld, 1976); mags- en beïnvloedingsuitdrukking, rolledifferensiasie (Lippet, 1958) asook intieme selfonthulling (Lakin en Carson, 1966; Osipow, Walsh en Tosi, 1984).

Die groepleier as derde belangrike komponent speel 'n bepalende rol in effektiewe groepfunksionering (Berg en Landreth, 1980; Yalom, 1975). Die fasiliterende optrede van die groepleier behoort onder meer gekenmerk te word deur betrokkenheid, objektiwiteit, aanvaarding,

rigtinggewendheid, ondersteuning, kontrolering, interpretasie en abstraksie op metavlak (Bordin, 1968; Egan, 1975, 1976; Johnson en Johnson, 1975 en Ohlsen, 1977). Die ideale groepleiereienskappe wat hiermee gepaard gaan, sluit in optredes wat gekenmerk word deur geïntegreerdheid, aanvaarding, nie-defensiwiteit, fasiliterende eienskappe soos empatie, warmte en respek, aktiwiteitsgeoriënteerde toestande insluitende konkreetheid, opregtheid, gepaste selfonthulling, konfrontasie en onmiddellikheid (Carkhuff, 1969a; Traux en Carkhuff, 1965). Williamson (1982) wys ook op die veranderende groepleiereienskappe wat verwag kan word met die ontplooiing van die groepontwikkelingsproses en/of wisselende groepdoelstellings. So mag die spektrum van groepleierdoelwitte varieer vanaf 'n aanvanklike hulpverlening met die insluiting van groeplede tot 'n uiteindelike hantering van skeidingsprobleme.

(c) Leerprosesse as bepalend van die geslaagdheid van die toepassing van egpaarinteraksie-intervensies in groepverband behels die aanwending van leerproseseffektiwiteitsaspekte van gestruktureerde lewensvaardigheidsgroepe soos beskryf deur Boydell (1976), Fry (1978), Kolb (1976a), Meyer (1985) en Warnath et al., 1973). Dit sluit die volgende hoofstappe in: 'n probleemervaring; 'n motiefaanwakkering; doelwitkoppeling aan die motief; gesamentlike ervaringsbespreking met die oog op inligtinginwinning, perspektiefverkryging, verbandlegging en konseptualiseringsvoorbereiding, konseptualisering deur middel van differensiasies en integrasies wat nuwe materiaaltoevoeging tot bestaande strukture tot gevolg het, sowel as kognitiewe struktuuraanpassings by hernieude invoere, genaamd assimilasie en akkommodasie en laastens minstens die herhaaldelike afwisselende en/of gekombineerde toepassing van kernprosedures insluitende didaktiese voorstudiemateriaal, modellering, aktiwiteite en groepbesprekings.

D. 'n Huweliksideaalbeeld en onderliggende waardesisteem

'n Gewenste duidelike waardesisteem (Pieterse, 1983) vir die doeleindes van hierdie studie word aangedui as 'n Christelike profiel van die huwelik soos dit na vore tree uit die Woord (Adams, 1970) volgens 'n Protestantse interpretasie (Aalders, 1974; Brillenburg-Wurth, 1960; Dooyeweerd, 1957; Heyns, 1986; Spier, 1972 en Taylor, 1970).

Hierdie beginsel-aspekte van die huwelik kan aan die hand van twee ondersteunende strukture voorgestel word wat aansluiting vind in 'n sentrale liefdesband. Die strukture ter sprake behels eerstens die vertikale objektiewe God-mens saakkarakter van die huwelik en die horisontale subjektiewe aspekte, aspekte van die aard en wese van die huwelik.

(a) Die objektiewe God-mens saakkarakter van die huwelik word deur outeurs soos Atkinson (1979), De Bruyn (1974, 1976), Drogendijk (1949), Guthrie (1981), Louw (1983a, 1983b en 1983c), Rinzema (1966), Smit (1985) en Wielenga (1936) beskryf as in die breë te bestaan uit die volgende: die huwelik as instelling van God (verbondsgemeenskap); God se doel met die huwelik; die Christus-gesentreerde huwelik asook die huwelik met betrekking tot die gesin en die gemeente.

(b) Die subjektiewe aspekte van die aard en wese van die huwelik sluit die volgende sake in: die eksklusiewe monogame verbintenis tussen man en vrou, wedersydse persoonsverbondenheid tussen die man en vrou as andersoortige gelykwaardiges, die lewensgemeenskaplike karakter van die huwelik, seksualiteit, asook 'n huwelikstruktuur en gepaardgaande onderlinge verantwoordelikhede van man en vrou (Baltensweiter, 1967; Barth, 1951; Dominian, 1981; Du Toit, 1942; Gerstenberger en Schrage, 1980; Olthius, 1976; Piper, 1970; Schnackenburg, 1972; Schulte, 1980; Van der Schoot, 1959; Van der Merwe, 1967).

(c) Onderskeibare aspekte van die sentrale samebindende liefdesfaktor (Brillenburg-Wurth, 1953; Grobbelaar en Blignaut, 1983; Heyns, 1986; Nielsen, 1972; Phillips, 1973 en Thompson, 1974) behels eros en sexus (Fouche, 1982; Grobler, 1982; Kroeze, 1979; Smedes, 1979 en Thielicke, 1978) asook philia en agapé (Du Rand, 1979; Foulkes, 1978; Pop, 1972; Smit, 1985; Struck, 1971; Tasker, 1971 en Thurneysen, 1968).

E. Sisteemfunksionering

Dit is moontlik om die situasie-analise ten opsigte van die funksionering van die egpaarsisteem (waar dieselfde beginsels uiteraard geld vir soortgelyke sisteme) aan te spreek met die voorgestelde egpaarinteraksie-ontwikkelingsmodel en die daaropvolgende integrerende voorstelling van huweliksbevrediging (progressiewe egpaarinteraksiesisteemontwikkeling in gesinsverband) as vertrekpunt met verwysing na voorafgaande verbandhoudende teoretiese inhoude.

(a) Op sisteeminhoudelike vlak sien die situasie as volg daaruit: die egpaarsisteem bestaande uit twee egpaarlede (De Greene, 1970; Litterer, 1969; Miller, 1978; Odendaal et al., 1981 en Schoeman, 1981) word gekenmerk deur onduidelike sisteemgrense (Chin, 1976; Edney, 1972 en Optner, 1968) en behels dus onbevredigende sisteemkonseptuele en fisiese ruimte (Miller, 1978; Schoeman, Nel en Wessels, 1983). Die grense wat deur 'n onvoldoende deurlaatbaarheid (Schoeman, 1981; Von Bertalanffy, 1967) gekenmerk word, bring mee dat energie en inligtinguitruiling (Buckley, 1967; Optner, 1968 en Rapoport, 1968) nie na wense geskied nie.

(b) In soverre dit die strukturele aspekte van die egpaarsisteem aangaan, bestaan die eienskappe en funksies van die sisteem in geheel nie uit meer as die totale bydraes van die onderskeie sisteemelemente nie (Laszlo, 1972; Lederer en Jackson, 1968). Op

strukturele vlak bestaan daar nie 'n behoorlike ordening en rangskikking van die supra- en subsisteme op die verskillende vlakke van die egpaarsisteemstruktuur nie (Hall en Hagan, 1969; Jordaan en Jordaan, 1980; Mortenson, 1972; Rademeyer, 1978 en Ruben, 1972).

(c) Die onbevredigende funksionering met betrekking tot die prosesmatige egpaarsisteemaspekte behels die volgende: lae vlakke van interaksie en verwantskap (Miller, 1978; Schoderbeck, 1971) wat saamhang met sisteme wat relatief geslote van aard is (Buckley, 1967a; Casciano-Savignano, 1978 en De Greene, 1970) word geassosieer met entropietoestande (De Greene, 1970; Rademeyer, 1978) wat mag resulteer in of die uiteindelike gevolg wees van disekwilibrium (Bowler, 1981; Edney, 1972).

(d) Wat betref die stand van sake in die ontwikkelingselemente van die egpaarsisteem, heers daar 'n stagnasie ten opsigte van die sisteemteoretiese tydskonsep (Miller, 1978; Wiener, 1973). Daarmee saam sien die aspek van terugvoering (Buckley, 1967; Kim, 1972 en Watzlawick, Beavin en Jackson, 1967) onbevredigend daaruit, wat stremmend inwerk op die sikliese kubernetiese terugkoppelingsontwikkelingsaksies en progressiewe sisteemontwikkeling (Aronovich, 1982; Schultz, 1984).

Met die uiteensetting van hierdie situasie-analise in geheel, tesame met die beskouings van kliëntontevredenheid en komplekse sisteme, word die voorstelling van die eerste fase van die psigo-opleidingsraamwerk voltooi. In die bespreking van die tweede fase in die volgende afdeling, word daar gekyk na die doelstellings en doelwitformulering van die praktykmodel van hierdie studie.

5.6.3 Fase twee: Doelwit

5.6.3.1 Doelstellings

Die twee breëre doelstellings van psigo-opleiding is gedefinieer as geestesprobleemvoorkoming en menslike potensiaalontwikkeling. In die geval van hierdie studie sien die situasie as volg daaruit: Die primêre menslike doelstellings van potensiaalontwikkeling by wyse van egpaarinteraksie-ontwikkeling, vervul 'n voorkomende funksie met betrekking tot geestesgesondheid, wat wyer mag uitkring as slegs die egpaareenheidslede op gesinsvlak.

5.6.3.2 Doelwitformulering

Doelwitformulering word weens die verskeie relevante faktore eie aan die voorafgaande studiebesprekingsinhoude waarna daar in die situasie-analise verwys is, op verskillende vlakke beskou. Hierdie hoofvlakke, in terme waarvan doelwitformulering vervolgens geskied, behels egpaarinteraksie-ontwikkeling, egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies, egpaarintervensietoepassing in groepverband, 'n huweliksideaalbeeld en onderliggende waardesisteem, en laastens sisteemfunksionering. Die doelwitformuleringsmotief in geheel behels mikpunte van bevoegdheidsverhoging ten opsigte van hierdie hoofvlakelemente.

A. Egpaarinteraksie-ontwikkeling

Die doelstelling met betrekking tot die egpaarinteraksie-ontwikkelingsagtergrond is om die egpaar daarin te laat slaag om die ontwikkelingstadium waarbinne hul in gesinsontwikkelingskonteks verkeer, suksesvol deur te voer met gepaardgaande hoë huweliksbevredigingsvlakke.

Doelwitte ten opsigte van die egpaarinteraksie-ontwikkelingsagtergrond sien as volg daaruit:

(a) Die identifisering van gesins- en egpaarontwikkelingsfases.
(b) Bepaling van die verband tussen egpaarontwikkeling, -bevrediging en -interaksie.
(c) Wat ontwikkelingsaspekte van egpaarinteraksie in die huweliksverhouding betref, besluitneming aangaande ideaalbepaling, gegrond op bestaande toestande.

B. Egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies

Die doelstelling met betrekking tot egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies is om die effektiwiteit van egpaarinteraksie te verbeter.

Doelwitte ten opsigte van egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies sien as volg daaruit:

(a) Die identifisering en die aanleer van aspekte van egpaarinteraksie en van wat houdings behels.
(b) Kennisname en die identifisering van eie egpaarinteraksie en soorte houdings.
(c) Die voorkoms van soorte houdings in interaksie, en die aanleer van aspekte van begrypende kommunikasiehoudings.
(d) Die aanleer van wat aandag en luister behels en die belangrikheid daarvan, asook die aanleer en verbetering van vaardighede met betrekking tot aandag en luister.
(e) Die aanleer van wat selfonthulling, gevoelens deel en spesifiekheid behels en die belangrikheid daarvan, asook die aanleer en verbetering van vaardighede met betrekking tot selfonthulling, gevoelens deel, en spesifiekheid.
(f) Die aanleer van wat empaties gesels en verskille behels, en die belangrikheid daarvan, asook die aanleer en verbetering van vaardighede met betrekking tot empaties gesels en die oplossing van verskille.
(g) Wat egpaarinteraksie-ontwikkelingsaspekte van die huweliksverhouding betref, besluitneming aangaande die

voortdurende aanwending van effektiewe egpaarinteraksie-intervensies ter verwesenliking van bepaalde egpaarinteraksie-ontwikkelingsideale.

C. Egpaarinteraksie-intervensietoepassing in groepverband

Die doelstelling met betrekking tot egpaarinteraksie-intervensietoepassing in groepverband, is om die effektiwiteitselemente van gestruktureerde lewensvaardigheidsgroepe te benut.

Doelwitte ten opsigte van egpaarinteraksie-intervensietoepassing in groepverband sien as volg daaruit:

(a) Die aanwending van die inhoudelike en strukturele effektiwiteitsaspekte van gestruktureerde lewensvaardigheidsgroepe, insluitende

* Groepdoelwitte, groepdoelwitbegronding en uitvloeisels
* Groepsamestelling en groepgrootte
* Tydsduur, groepformaat en die fisiese omgewing.

(b) Die aanwending van die prosesmatige en ontwikkelingseffektiwiteitsaspekte van gestruktureerde lewensvaardigheidsgroepe, insluitende

* Die ontwikkelingsproses
- Die vormingsfase, die middelfase en die afrondingsfase
* Groepdinamiese aspekte
- Kohesie, norme, persepsies en terugvoer
- Uitdrukking van emosionele onmiddellikheid
- Mags- en beïnvloedingsuitdrukking
- Rollediffèrensiasie en intieme selfonthulling
- 'n Groepleier wat fasiliterend optree gedurende die veranderende groepontwikkeling.

(c) Die aanwending van aspekte van leerproseseffektiwiteit van gestruktureerde lewensvaardigheidsgroepe, insluitende

* Die saamgstelde leerproses
* Die minimum kernprosedures van leer.

D. 'n Huweliksideaalbeeld en onderliggende waardesisteem

Die doelstelling met betrekking tot 'n huweliksideaal en onderliggende waardesisteem, is om 'n rigtinggewende onderliggende waardesisteem aan die egpaar voor te hou as nastrewingsideaal en fondament van egpaarinteraksie-ontwikkeling en egpaarinteraksie-intervensies.

Die doelwit ten opsigte van die huweliksideaalbeeld en onderliggende waardesisteem, is die aanleer van die belangrikheid van verskillende en kernaspekte van 'n Christelik-Protestantse waardesisteem, insluitend

(a) Die objektiewe God-mens saakkarakter van die huwelik

* Die huwelik as instelling van God ('n verbondsgemeenskap)
* God se doel met die huwelik
* Die Christusgesentreerde huwelik
* Die huwelik met betrekking tot die gesin en die gemeente.

(b) Die aard en wese van die huwelik: subjektiewe aspekte

* Die eksklusiewe monogame verbintenis tussen man en vrou
* Die wedersydse persoonsverbondenheid tussen man en vrou
* Die lewensgemeenskaplike karakter van die huwelik
* Seksualiteit
* Huwelikstruktuur en verantwoordelikhede.

(c) Die sentrale liefdeselement

* Sexus en eros
* Philia en agapé

E. Sisteemfunksionering

Die doelstelling met betrekking tot sisteemfunksionering is die bewerkstelliging van optimale sisteemfunksionering op alle sisteemvlakke waar die egpaar as sisteem, bestaande uit twee huweliksmaats as subsisteme, deel vorm van die gesinsgroep (en die opleidingsgroep) as suprasisteem.

Die doelwit ten opsigte van sisteemfunksionering is die daarstelling van funksioneringswyses op die volgende verskillende sisteemvlakke, wat gekenmerk word deur:

(a) Inhoudelike vlak

* Duidelike sisteemgrense en bevredigende ruimte
* Deurlaatbare grense met voldoende energie en inligtinguitruiling.

(b) Strukturele vlak

* 'n Geheel bestaande uit meer as die dele
* Behoorlike sisteemordening binne die egpaarsisteemstruktuur.

(c) Prosesmatige vlak

* Hoë vlakke van interaksie en verwantskap
* 'n Oop sisteem in negentropietoestand of ekwilibrium.

(d) Ontwikkelingsvlak

* Sisteemteoretiese tydskonsep in orde
* Voldoende terugvoering, sikliese terugkoppeling en sisteemontwikkeling.

Doelwitformulering het plaasgevind op die vlakke van sisteemfunksionering, 'n huweliksideaalbeeld en onderliggende waardesisteem, egpaarinteraksie-intervensie in groepverband, egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies en egpaarinteraksie-ontwikkeling. Die uiteensettings van doelwitformulering en doelstellings verteenwoordig fase twee van die saamgestelde psigo-opleidingsraamwerk.

Fase drie word vervolgens beskou. Aspekte wat ter sprake kom, is strategieë opvolgend tot die voorafgaande doelstellings en doelwitformulering.

5.6.4 Fase drie: Strategieë

5.6.4.1 Strategieë opvolgend tot doelstellings

Wat strategieë betref, word daar na drie moontlike opleidingsmetodes verwys, insluitende direkte opleiding, konsultasie-opleiding en psigo-tegnologie. Vir die doeleindes van hierdie studie vind intervensiestrategieë beslag in direkte opleiding, psigo-tegnologie, asook konsultasie-opleiding. Direkte opleiding word aangewend vir die verwesenliking van voorafgaande aspekte van doelwitformulering, inhoudelik ten opsigte van egpaarinteraksie-ontwikkeling, egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies en 'n ideale huweliksbeeld en onderliggende waardesisteem, asook prosesmatig met betrekking tot intervensietoepassing van egpaarinteraksie-ontwikkeling in groepverband.

Voorts word daar op omvattende skaal gebruik gemaak van psigo-tegnologiese hulpmiddels, by wyse van die volgende:

(a) Twee primêre hulpmiddele (vir gesinsontwikkeling vir egpare)

* 'n Handleiding vir groepleiers (sien Deel 2: Bylaag 2A vir die volledige handleiding)
* 'n (parallelle) Werkboek vir groeplede (sien Deel 2: Bylaag 2B vir die volledige werkboek).

(b) Sekondêre hulpmiddele

* 'n Klankskyfiereeks op videoband, getitel "Gesins- en egpaarontwikkeling" (sien Deel 2: Bylaag 2C vir die volledige transkripsie)
* 'n Videoband getitel "Die Christenhuwelik" (sien Deel 2: Bylaag 2D vir die volledige transkripsie)
* 'n Videoprogram by name "Huwelikskommunikasie" (sien Deel 2: Bylaag 2E vir die volledige transkripsie).

Die handleiding vir groepleiers impliseer konsultasie-opleidingsmoontlikhede wat deur hierdie studie gegenereer word.

5.6.4.2 Strategieë opvolgend tot doelwitformulering

Na aanleiding van die sketsing van die situasie-analise en die uiteensetting van die doelwitformulering wat aan die hand van voorafgaande studie-inhoudstemas geskied het, word daar op 'n soortgelyke wyse in meer detail verwys na die manier waarop die psigo-tegnologiese hulpmiddels (soos in die voorafgaande afdeling aangedui) met die klem op vaardigheidsopleiding figureer.

A. Egpaarinteraksie-ontwikkeling

(a) Strategiese modelinhoude van gesinsontwikkeling vir egpare wat van toepassing is op die egpaarinteraksie-agtergrond, word as sodanig hoofsaaklik vervat in die volgende:

* Module 2 - "Groei en geluk" (Bylaag 2A: HM 2.1 tot HM 2.11).

* Elemente van Module 8 - "Pad vorentoe" (Bylaag 2A: HM 8.1 tot HM 8.12).

(b) Strategiese werkswyses wat in hierdie verband in die nastreef van die doelwitformulering aangewend word, behels die volgende

* Voorstudiemateriaal (Byvoorbeeld: Bylaag 2A: HM 2.6, HM 2.8 en HM. 8.3).

* 'n Klankskyfiereeks (Bylaag 2A: HM 2.3).

* Groepgesprekke (Byvoorbeeld: Bylaag 2A: HM2.7, HM 2.9 en HM 8.8).

* Aktiwiteite (Byvoorbeeld: Bylaag 2A: HM 1.17, HM 2.3 en HM 8.5) asook 'n kontrak (Bylaag 2A: HM 8.12).

B. Egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies

(a) Inhoude van die praktiese modelstrategie van egpaar-interaksie-ontwikkelingsintervensie word as volg vervat:

* Module 4 - "Houdings" (Bylaag 2A: HM 4.1 tot HM 4.14)
* Module 5 - "Luister" (Bylaag 2A: Hm 5.1 tot HM 5.13)
* Module 6 - "Praat" (Bylaag 2A: HM 6.1 tot HM 6.25)
* Module 7 - "Gesels" (Bylaag 2A: HM 7.1 tot HM 7.29)
* Aspekte van Module 8.

(b) Werkstrategieë wat aangewend word, behels die spektrum van:

* Voorstudiemateriaal (Bylaag 2A: HM 4.3, HM 5.6 en HM 7.22)
* Videomodellering (Bylaag 2A: HM 5.5, HM 6.21 en HM 7.4)
* Aktiwiteite (Bylaag 2A: HM 5.7, HM 6.14 en HM 7.8)
* Groepgesprekke (Bylaag 2A: HM 4.4, HM 5.8 en HM 6.17)
* Kontrak (Bylaag 2A: MH 8.10).

C. Egpaarinteraksie-intervensietoepassing in groepverband

(a) Die prosesmatighede van die praktykoplossingsmodel in terme van egpaarinteraksie-intervensietoepassing in groepverband, is uiteraard van deurlopende belang in die intervensiepakket. Ter illustrasie kan verwys word na die volgende:

* Doelwitstelling (Byvoorbeeld: Bylaag 2A: HM 2.2, HM 6.2 en HM 8.11)
* Die moduleformaat met koppelingsopdragte (Byvoorbeeld: Bylaag 2A: HM 1.17, HM 4.12 en HM 7.17) wat intensiewe sowel as onderbroke aanbieding moontlik maak
* 'n Geskikte aanpasbare tydsduur (Bylaag 2A: H 4)
* Groepprosesuiteensettings in die algemeen (Byvoorbeeld: Bylaag 2A: H 6, HM 4.13 en HM 7.28)
* Spesifieke groepprosesuiteensettings (Byvoorbeeld: Bylaag 2A: H7, HM 2.12 en HM 4.14)
* Kohesiebou-aktiwiteite (Byvoorbeeld: Bylaag 2A: HM 1.14 en HM 1.16)
* Positiwiteitsbeklemtoning (Byvoorbeeld: Bylaag 2A: HM 1.14 en HM 8.1)
* Universaliteit (Byvoorbeeld: Bylaag 2A: HM 1.1, HM 1.18 en HM 2.3).

(b) Strategietoepassings van die groepseffektiwiteits-leerproses word geïllustreer in leerprosesmomente byvoorbeeld (Bylaag 2A):

* 'n Probleemervaring (HM 1.6 en HM 2.6)
* 'n Motiefaanwakkering (HM 2.8, HM 3.17 en HM 3.18)
* Doelwitkoppeling aan die motief (HM 2.8 en HM 4.7)
* Gesamentlike ervaringsbepaling (HM 5.3 en HM 6.4)
* Konseptualiserings (HM 7.27 en HM 8.3)

Daar word ook voldoen aan die minimum standaarde van leerproseseffektiwiteit deurdat die kernleerprosedures afwisselend en gekombineerd aangewend word in die meerderheid module-aanbiedings.

D. 'n Huweliksideaalbeeld en onderliggende waardesisteem

(a) Hierdie strategie van doelwitformuleringbevrediging figureer in essensie in module 3 - "Waardes" (Bylaag 2A: HM 3.1 tot HM 3.19).

(b) Weens die eiesoortige karakter van hierdie insette wat strategiese werkswyse betref, is gebruik gemaak van die volgende:

* Voorstudiemateriaal (Bylaag 2A: HM 3.4 tot HM 3.17)
* 'n Videoband (Bylaag 2A: HM 3.3)
* 'n Invulaktiwiteit (Bylaag 2A: HM 3.3)
* 'n Gestruktureerde groepbespreking (Bylaag 2A: HM 3.18).

Aanvullende strategieë tot die strategieë voorgestel in die afdelings van 'n huweliksideaalbeeld en onderliggende waardesisteem, egpaarinteraksie-intervensietoepassing in groepverband, egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensie asook egpaarinteraksie-ontwikkeling, behels die volgende gemeenskaplike konsolideringsaksies (Bylaag 2A):

* Samevattings (Byvoorbeeld: HM 1.19, HM 6.7 en HM 7.27)
* Invulaktiwiteite (Byvoorbeeld: HM 2.11 en HM 3.18)
* Groepevaluering (Byvoorbeeld: HM 5.8 en HM 7.13)
* Insette deur die groepleier (Byvoorbeeld HM 1.19, HM 8.1 en HM 8.3)
* 'n Opvolgsessie.

E. Sisteemfunksionering

Met die algemene sisteemteorie as metateorie, volg dit dat die voorafgaande praktykmodelstrategieë in totaal bydra tot die positiewe bereiking van doelwitformulering in die sisteemfunksionering. As verwant aan die sisteemteoriekonsepsie kan daarop gewys word dat die strategie van die praktykmodelprogram in geheel kubernetiese eienskappe vertoon.

(a) Modules 1 en 2 : Vlak van funksionering
(b) Modules 3 en 4 : Doel
(c) Modules 5, 6 en 7 : Strategieë
(d) Module 8 : Konsolidering, terugvoering en sikliese herbepalingskoppeling.

Individuele modelbeplannings (Voorbeeld: Bylaag 2A: HM 4.1 en HM 6.2) word ook volgens 'n kubernetiese patroon voorgestel.

Met hierdie voorstelling van die strategie van sisteemfunksionering, aanvullend tot strategiese beskouings aan die hand van 'n huweliksideaalbeeld en waardesisteem, egpaarinteraksie-intervensietoepassing in groepverband, egpaarinteraksie-intervensies en die egpaarinteraksie-ontwikkelingsagtergrond, word daar volstaan met die beskrywing van strategieë ter doelbereiking. 'n Verdere evalueringsof terugvoeraspek ter sprake in die rapportering van die saamgestelde psigo-opleidingsraamwerk soos dit van toepas-

sing is vir die doeleindes van hierdie program, behoort aandag te geniet.

5.7 SAMEVATTING


Aan die begin van hierdie hoofstuk is die volgende afgebakende besprekingsverklarings gekonstateer: elemente van egpaarkonstellasies en aspekte op verbandhoudende vlakke, mag tot 'n sinvolle geheel geïntegreer word; die aard en karakter van die algemene sisteemteorie en kubernetika leen dit tot 'n oorkoepelende georganiseerde teoretiese raamwerk; effektiwiteitselemente van egpaarinteraksie-intervensies en toepassing mag tot 'n impakvolle geheel saamgestel word en weens die wese van psigo-opleiding en die gepaardgaande navorsingsbenaderings kan 'n operasionaliseringsraamwerk daargestel word.

Daar is voortgegaan met die uiteensetting van die algemene sisteemteorie aan die hand van inhoudelike, strukturele, prosesmatige en ontwikkelingsaspekte insluitende die kubernetika. Identiese aspekte word aangewend vir die voorlegging van die teoretiese model van egpaarinteraksie-ontwikkeling. In die beskrywing van die psigo-opleiding en ontwikkelingsnavorsing as operasionaliseringsraamwerk, word aandag gegee aan 'n teoretiese onderbou vir psigo-opleiding en ontwikkelingsnavorsing asook die gevolglike operasionaliseringsraamwerk. Die uitstip van die praktykmodel (gesinsontwikkeling vir egpare) geskied in die opvolgende sikliese fases waar daar uiteindelik 'n evalueringsterugvoerbehoefte geïdentifiseer is, wat in die volgende hoofstuk (probleemoplossingsevaluering) aandag geniet.

Met die teoretiese en praktykgerigte oplossing van die egpaarinteraksie-ontwikkelingsprobleem in hierdie hoofstuk (5) gekonstrueer, word die oplossing van die probleem (afdeling III) van hierdie studie daargestel, soos volg uit die agtergrond van die probleem (afdeling I) en die

ideaalbeeld en onderliggende waardesisteem ten opsigte van die probleem (afdeling II).

Om die studieproses sinvol te voltooi, behoort die voorgestelde probleemoplossing geëvalueer te word, wat ter sprake kom in die volgende afdeling.


Resultate en interpretasie
Metode van ondersoek
EVALUERING VAN DIE PROBLEEMOPLOSSING
TERUGVOER
Teoretiese oplossing
Praktyk-oplossing
OPLOSSING VAN DIE PROBLEEM
STRATEGIE
Die Christenhuwelik
'N IDEAALBEELD EN ONDER-LIGGENDE WAARDESISTEEM T.O.V. DIE PROBLEEM
DOEL
AGTERGROND TOT DIE PROBLEEM
VLAK VAN FUNKSIONERING
Teoreties:
Ontwikkelingsperspektief tot egpaarinteraksie
Praktyk:
Egpaarinteraksie-ontwikkelingsinter-vensies aanwending

AFDELING V : EVALUERING VAN DIE PROBLEEMOPLOSSING

Die raamwerk van hierdie studie word in die eerste afdeling geïdentifiseer in die volgende stadia:


(a) Afdeling II - agtergrond tot die probleem.
(b) Afdeling III - 'n ideaalbeeld en onderliggende waardesisteem ten opsigte van die probleem.
(c) Afdeling IV - oplossing van die probleem.
(d) Afdeling V - evaluering en oplossing van die probleem.

Aanvanklik word die agtergrond van die studieprobleem wat betref teorie, praktyk en toepassing, in afdeling II vervat. Dit geskied deur die voorstelling van die hoofstukke getitel: 'n teoretiese agtergrond tot die probleem, 'n ontwikkelingsperspektief tot egpaarinteraksie; 'n praktykgeoriënteerde agtergrond tot die probleem, egpaarinteraksie-intervensies en 'n praktykgeoriënteerde agtergrond tot die probleem, egpaarinteraksie-intervensietoepassing in groepverband (hoofstukke 1, 2 en 3).

Hoofstuk 4, getitel: Die Christenhuwelik, verteenwoordig die doelmatige afdeling III; 'n ideaalbeeld en onderliggende waardesisteem ten opsigte van die probleem. In afdeling IV, hoofstuk 5, word opeenvolgend aandag gegee aan die daarstelling van teoretiese en praktykgeoriënteerde oplossingselemente van die probleem van hierdie studie.

In die uiteensetting van hierdie afdeling, wat die evaluering van die oplossing van die probleem aanspreek, word 'n indeling van twee hoofstukke voorgehou. Dit is naamlik 'n probleemoplossingsevaluasie, metode van ondersoek (hoofstuk 6) en daaropvolgend 'n probleemoplossingsevaluasie (hoofstuk 7).

AFDELING V : EVALUERING VAN DIE PROBLEEMOPLOSSING



HOOFSTUK 6

'N PROBLEEMOPLOSSINGSEVALUERING : METODE VAN ONDERSOEK

1.1 INLEIDING

Met die oog op die ontwikkeling en die evaluering van 'n huweliksverrykingsprogram met inagneming van die verskillende egpaarontwikkelingstadia, is doelstellings voorgelê wat die spektrum en die verloop van hierdie studie karteer. Die sentrale ontwikkelings- en evalueringsmomente van die studietitel skep 'n basis vir die kategorisering van die doelstellings van die studie.

Die aanvanklike ontwikkelingsgerigte studiedoelstellings behels die volgende: 'n teoretiese verkenning en voorstelling van egpaarinteraksie-ontwikkeling; 'n praktykgeoriënteerde bepaling met betrekking tot egpaarontwikkelingsintervensies en -toepassing; die identifisering en die uiteensetting van 'n onderliggende waardesisteem van die huwelik; 'n teoretiese integrasie en teorie-bou met betrekking tot die ontwikkeling van egpaarinteraksie asook die skep, ontwikke-

ling en verfyning van 'n toepaslike huweliksverrykingsprogram met betrekking tot egpaarinteraksie in die gesinsontwikkelingskonteks. Die daaropvolgende evalueringsgerigte studiedoelstelling word geformuleer as 'n empiriese evaluering van die program om die geldigheid van die teorie en die praktykprogram te bepaal.

Die oorwegend ontwikkelingsgerigte studiedoelstellings het in die eerste plek onder die soeklig gekom. Hoofstuk 1 (afdeling II) word gewy aan die agtergrond van egpaarinteraksie in gesinskonteks, wat teoretiese perspektiewe daarstel wat dit leen tot integrasie en terselfdertyd intervensiebehoeftes op grond van nie-optimale huweliksbevredigingspatrone na vore laat tree. Huweliksinteraksieontwikkelingsintervensies word in hoofstuk 2 (afdeling II) gerapporteer, terwyl hoofstuk 3 van dieselfde afdeling effektiewe intervensietoepassing in groepverband uiteensit. Die praktykprobleemagtergrond soos veral in hoofstuk 3 voorgestel, stel samestellingsmoontlikhede daar wat soortgelyk is aan die integrasiemoontlikhede wat in hoofstuk 2 ter sprake gekom het. Die teoretiese en praktykgeoriënteerde integrasies en samestellings kom eers in hoofstuk 5 (afdeling IV) ter sprake, nadat daar in hoofstuk 4 (afdeling III) 'n doelmatige Christenhuweliksideaalbeeld en waardesisteem voorgehou is. Die teoretiese en praktykgeoriënteerde probleemoplossingsmodelle verteenwoordig die inhoud van die vorige hoofstuk (5), waardeur die onderskeie ontwikkelingsgerigte studiedoelstellings voltooi is.

Hoofstuk 5 is ten laaste gewy aan die voorstelling van die praktykmodel (gesinsontwikkeling vir egpare) van hierdie studie deur middel van die fases van 'n saamgestelde psigoopleidingsraamwerk in ontwikkelingsnavorsingsverband. Hierdie uiteensetting van die beginsels en entiteite van die gesinsontwikkelingsprogram vir egpare het geskied aan die hand van die sikliese momente van die bepaling van die vlak van funksionering, doelwitformulering en strategie-

implementering, terwyl die terugvoerkomponent tydelik agterweë gelaat is.

Die effektiwiteitsterugvoering van die praktykgeoriënteerde en inderwaarheid dus die teoretiese probleemoplossing, staan in ooreenstemming met die daaropvolgende empiriese evaluerende studiedoelstelling steeds onaangespreek, hetsy selfs subjektief of veral empiries objektief. Hierdie leemte verteenwoordig 'n laaste hoofelement van hierdie studie.

Die aanvanklike ontwikkelingsgerigte en daaropvolgende evalueringsgerigte empiriese evalueringstudiedoelstellings impliseer inherent uiteenlopende beklemtonings wanneer dit gaan oor die aard van terugvoerende effektiwiteitstaksering, waar Guba byvoorbeeld reeds in 1968 in hierdie verband onderskei tussen ontwikkeling en navorsing as twee uiteenlopende dataversamelings- en analiseringsprosesse. Waar hoofstuk 5 primêr gesteun het op die ontwikkelingsbenadering tot navorsing, vorm die eksperimentele navorsingsbenadering die hoofinslag van hierdie studie. McGinn (1979) dui die tradisionele navorsing met 'n empiriese karakter aan as bestaande uit die proses van beskrywing, verbandlegging, konseptualisering en toetsing.

Gedagtig aan die metode van ondersoek van die probleemoplossingsevaluering van hierdie studie, word die volgende bepalende stellings geformuleer: dit is moontlik om ondersoek in te stel na die effektiwiteit van die gestelde probleemoplossings; terugvoertoepassing van uitvloeisels van evaluerende ontwikkelingsaksies enersyds en empiriese effektiwiteitsevaluering andersyds is moontlik teen die agtergrond van uiteenlopende maar aanvullende metodologiese navorsingsraamwerke en hierdie navorsingstoepassings het eiesoortige resultate en gepaardgaande betekenisse tot gevolg.

Die laasgenoemde stelling aangaande die resultate en die betekenis daarvan, wat volg op die metode van ondersoek na

die probleemoplossingsevaluering, word in die volgende hoofstuk uiteengesit. Die oorblywende voorafgaande stellings sal aandag geniet in hierdie hoofstuk.

Hoofaspekte wat opeenvolgend ondersoek word, is die ontwikkelingsnavorsingsevaluering en die eksperimentele navorsingsevaluering. Die ontwikkelingsnavorsingsevaluering geniet eerstens aandag.

6.2 ONTWIKKELINGSNAVORSINGSEVALUERING

6.2.1 Inleiding

Die uiteensetting van die samestellingsmomente van die praktykmodel van hierdie studie (gesinsontwikkeling vir egpare) soos in die vorige hoofstuk uiteengesit, geskied ooglopend in die gees van ontwikkelingsnavorsing soos deur Patton (1975) gerapporteer. Daar word ook in die praktykgerigte probleemoplossingsprogramsamestelling tot dusver, voldoen aan die stappe van die ontwikkelingsnavorsingsprosesse (Guba, 1968; McGinn, 1979), met uitsondering van die voltooiende evaluering of toetsing van die effektiwiteit van die ingreep. Hierdie komponent vind aansluiting by die evalueringsterugkoppelingselement soos in die kubernetiese siklus vergestalt.

Die toepassing van terugvoer vir die ontwikkelingsnavorsingsdoeleindes van hierdie studie, met inagneming van die ontwikkelingsaksies uitgevoer en uiteengesit in die latere gedeeltes van hoofstuk 5 (afdeling IV), geskied op drieërlei wyse. Terugvoeringsaksies word gerapporteer aan die hand van 'n evaluering deur deskundiges, evaluering deur die groeplede asook 'n indirekte evalueringsaksie by wyse van 'n voorafgaande studie as loodsstudie.

6.2.2 Evaluering van die program deur deskundiges

Die saamgestelde programmatuur (gesinsontwikkeling vir egpare: Deel 2, Bylaag 2A tot 2E) is aanvanklik voorgelê aan 'n paneel van kundiges wat werksaam is in 'n akademiese opset. Die paneel het bestaan uit drie kundiges op die gebied van psigo-tegnologie en twee persone vanuit die teologie. Vier van die vyf beoordelaars is geregistreer as sielkundiges, terwyl die twee leraars aktief belangstel en betrokke is by die huweliksverrykingsbeweging vanuit 'n teologiese invalshoek. Die volgende kommentaar is deur die beoordelaars gelewer:

6.2.2.1 Die handleiding vir groepleiers en die werkboek vir egpaarlede

(a) Die aanbiedingsformaat en proses met die handleiding en werkboek in kombinasie sien as vloeiende geheel prakties daaruit en hanteer gemaklik.
(b) Die inhoud en taalgebruik is toepaslik teen die agtergrond van die programoogmerke, maar behoort aangepas te word vir aanwending in alternatiewe teikenpopulasies, wat byvoorbeeld gekenmerk mag word deur laer sosio-ekonomiese toestande, kulturele klemverskille en eiesoortige godsdienstige affiliasies.

6.2.2.2 Die klankskyfievideoband, die videoband en die videoprogram

(a) Die saamgestelde onderskeie entiteite van die videomateriaal, veral die videoprogram aangaande egpaarkommunikasie, is stimulerend van aard en beantwoord voldoende aan inligtingsoordragvereistes soos modelleringsbeginsels vir 'n waardevolle bydrae tot impakvolle leeromstandighede.
(b) Tegnies, wat die klankskyfiereeks betref, is die kleurkwaliteit van die skyfies onvoldoende en bestaan die leemte aan aanduidende skyfie-onderskrifte wat die

tekstemas en die skyfiesimboliek bind, veral met die oog op leerstofoordragingsverhoging met verwysing na die aandagproses.

(c) Die eenduidige aard van die onderhoudsituasie in die videoband aangaande die Christenhuwelik, noodsaak 'n afwisselende aanbieding in kombinasie met die verband-houdende module-inhoudelikhede en/of selfs insette van die betrokke gemeentegroep.

'n Volgende evalueringskomponent van ontwikkelingsnavorsing, wat opeenvolgend aandag geniet tot die terugvoering deur middel van die evaluering van die program deur deskundiges, is die evaluering van die program deur die groeplede.

6.2.3 Evaluering deur die groeplede (Programevaluering)

Die groeplede word in die evaluerende terugvoer van hierdie studie die geleentheid gegun om die program en die aanbieding daarvan subjektief te beoordeel by wyse van 'n semantiese differensiaal.

Die semantiese differensiaal verteenwoordig 'n bruikbare houdingsvraelys, deurdat daar 'n genoegsame aantal konsepte omsluit soos gedikteer word deur die omvattende inligtings-inwinningsarea, waar metings gebaseer word op die maksimum moontlike gemeenskaplike konsepbetekenisse (Kerlinger, 1973; Nunnally, 1973 en Snider en Osgood, 1969).

Die aanwendingsrasionaal is daarin geleë dat byvoeglike naamwoorde grootliks die taalkommunikatiewe medium verteen-woordig wat kwalitatiewe aspekte van ervarings en persepsies omvat, waardeur daar tot evaluerende metings van bete-kenisfasette gekom kan word. Bipolêre byvoeglike naamwoord-assosiasies maak dinamiese konsepbeoordeling moontlik. Vir die doeleindes van hierdie studie se konsepbeoordeling word 15 bipolêre byvoeglike naamwoordpare geoperasionaliseer met twee moontlike beoordelingspunte elk. Skale word dus aan-gewend in die evaluering van tersaaklike konsepte. Die

konsepte as sulks asook die skale en die formaat is vooropgestelde sake in soverre dit die semantiese differensiaal aangaan.

6.2.3.1 Konsepte

In die aanvanklike seleksie van konsepte relevant tot die navorsingsprobleem in 'n ontwikkelingsatmosfeer, moet die vereistes in gedagte gehou word dat konsepte verskeie response by uiteenlopende beoordelaars behoort te ontlok, asook 'n voldoende semantiese ruimte beslaan. In hierdie studie is die area ter sprake die komponente van die opleidingsprogram wat die volgende konsepte insluit:

(a) Die inhoud van die werkboek
(b) Die aanbieding van die werkboek
(c) Modellering
(d) Die individuele, egpaar- en groepaktiwiteite
(e) Die groepgesprekke
(f) Die aanbieder

6.2.3.2 Skale en formaat

Die kriteria ter sprake by die seleksie van byvoeglike naamwoordpaarskale verwys na relevansie en faktorverteenwoordiging. Skale word sodanig geselekteer dat dit die drie basiese faktore bevat wat deur middel van faktoranalise geïdentifiseer is (Snider en Osgood, 1969) insluitende evaluering, potensie en aktiwiteit. Positief en negatief aanduidende evaluerings word op ewekansige wyse, links en regs aangebied om die ontstaan van responsset te verhinder (Kerlinger, 1973; Nunnally, 1978). Die programevaluering wat aangewend is, word voorgestel in Deel 1, Bylaag 1A. Die data wat deur middel van die semantiese differensiale aangaande onderskeie konsepte ingewin word, word voorgestel in terme van gemiddelde frekwensies met behulp van 'n lyngrafiek, aan die hand waarvan dit bespreek word.

'n Derde en laaste terugvoeringsaspek van die ontwikkelingsnavorsingsevaluering behels in samehang met die programevaluering deur groeplede, die inkorporering van die evaluering van 'n vorige studie as loodsstudie.

6.2.4 Evaluering van 'n vorige studie as loodsstudie

'n Voorafgaande M-studie is deur die navorser onderneem, getitel "Die ontwikkeling en die evaluering van 'n huweliksverrykingsprogram vir egpare waar die laaste kind die ouerhuis verlaat het" (Du Toit, 1984) met 'n gepaardgaande huweliksverrykingsprogram (Du Toit en Schoeman, 1984). Hierdie studie met 'n beperkte omvang wat ooreenstemmende eienskappe met die huidige projek toon, kan beskou word om 'n funksie in die rigting van 'n loodsstudie te vervul.

Die doel van die voorafgaande studie word gestel as om te bepaal of die tipe programintervensie wat ter sprake is in beide studies, lewensvatbaar daar uitsien in terme van die aard, formaat, inhoudelike prosesse, tempo en aanbiedingswyse met die gepaardgaande leerprosesse in groepaanbiedingsverband. Verder het dit ook gedien om die navorser te skool in die samestelling, ontwikkeling en die verfyning van psigo-opleidingsprogrammatuur, terwyl dit terselfdertyd opleidings- en oefeningsgeleenthede aan die navorser as groepleier gebied het.

Die resultate van die programevaluering (Du Toit, 1984) soos deur die groeplede aangedui is, het oorwegend positiewe patrone van evaluerende response getoon, ten opsigte van die verskillende aspekte van die blootstelling aan die huweliksverrykingsprogram, naamlik die inhoud en die aanbieding van die werkboek, die modellering, die individuele, egpaar- en groepaktiwiteite, die groepgesprekke en die aanbieder. Aspekte wat wel hiervan afgewyk het, was veral die plasing en in 'n mindere mate die onvoldoende hoeveelheid en die moeilikheidsgraad van die lewende modellering, veral die geforseerdheid en in 'n mindere mate die oormatige hoeveelheid

en onvoldoende moeilikheidsgraad van die verskillende tipes aktiwiteite, asook die onbevredigende bondigheid van die aanbieder.

Die resultate van die eksperimentele navorsing van die loodsstudie en die interpretasie daarvan, dui daarop dat die toepassing van die program, 'n beduidende toename in die herkenning en bewustheid van effektiewe kommunikasiehoudings bied; maar nie effektiewe kommunikasievaardighede tot gevolg gehad het nie. 'n Aanbeveling in reaksie hierop het gelui dat 'n toename in effektiewe kommunikasievaardighede moontlik bewerkstellig kan word deur meer omvattende blootstelling aan die program en uiteraard sekere programelemente, onder meer deur middel van opvolgende aanbiedings (Du Toit, 1984).

Die uiteensetting van die evaluering van 'n vorige studie as loodsstudie, in kombinasie met die evaluering van die program deur die groeplede asook die evaluering van die program deur deskundiges, verteenwoordig die rapportering van terugvoer in die evaluering van ontwikkelingsnavorsing. Vervolgens word die eksperimentele navorsing as evaluering bespreek.

6.3 EKSPERIMENTELE NAVORSINGSEVALUERING

6.3.1 Inleiding

In kontras met ontwikkelingsnavorsing onderskei Guba (1968) die volgende stappe in die eksperimentele navorsingsproses, naamlik beskrywe, verhaal, konseptualiseer en evalueer. Aansluitend hierby identifiseer Patton (1975) die volgende tiperende momente van die eksperimentele navorsingsbenadering: kwalitatief, besorg oor resultate, vir wetenskaplikes, groot steekproewe en belangstelling in veralgemenings en die neiging om interaksies te ignoreer.

McGinn (1979) wys daarop dat die empiriese navorsingsproses stapsgewys volgens vier momente beskryf kan word, naamlik: die beskrywing van die probleem; die beskrywing van die verbande tussen die aspekte van die probleem; die formele definiëring van die probleem in die samestellende aspekte in terme van 'n teoretiese raamwerk, waaruit formele hipoteses spruit waardeur die waarnemings getoets kan word en toetsing van die gestelde hipoteses - met die implikasie dat die onderliggende teoretisering omtrent die probleem verwerp of aanvaar kan word.

In die hieropvolgende gedeeltes word daar in 'n tipiese eksperimentele navorsingsatmosfeer soos deur Patton (1975) beskryf, aandag gegee aan hipotesetoetsing (McGinn, 1979) of evaluering volgens Guba (1968). Aspekte wat opeenvolgend voorgelê word, is die veranderlikes, die steekproef, eksperimentele ontwerp, eksperimentele prosedure asook die hipotesestelling en data-analise.

Eerstens word die veranderlikes wat ter sprake is in hierdie studie geïdentifiseer. Dit geniet aandag in die eerste afdeling.

6.3.3 Veranderlikes

6.3.3.1 Inleiding

Die huweliksverrykingsprogram (gesinsontwikkeling vir egpare) wat ook in ontwikkelingsnavorsingsverband geëvalueer word, dien as die onafhanklike veranderlike in hierdie eksperimentele ondersoek.

Meetinstrumente wat as afhanklike veranderlikes in hierdie empiriese ondersoek geïdentifiseer word, behels die volgende:

(a) Porterskale (Porter, 1950)
(b) Carkhuffskale (Carkhuff, 1969)

(c) Semantiese differensiaal (Nunnally, 1971)
(d) Huweliksintegrasievraelys (Viljoen, 1980)

Die aard van die evaluerende afhanklike veranderlikes vind aansluiting by die kern van die teoretiese tersaaklikhede en gevolglike huweliksverrykingsprogram wat in hierdie studie ontwikkel is. Met die verrekening van die verskillende egpaarontwikkelingstadia, word aangedui dat nie-optimale bevredigingspatrone van die egpaarontwikkelingstadia (soos gedurende die gesinsuitbouingstadium op die spits gedryf word) primêr toegeskryf kan word aan interpersoonlike egpaarinteraksies. Die huweliksverrykingsprogram is daarmee saam gemik op die uitbouing van die egpaarverhouding tot 'n steeds beter verstandhouding met inagneming van die feit dat die kwaliteit van egpaarinteraksie op die verskillende vlakke bepalend is ten opsigte van egpaarfunksionering met die verloop van die verskillende gesinsontwikkelingstadia.

Ter motivering van die aanwending van die meetinstrumente as 'n genoegsame aanvullende verskeidenheid op verskillende vlakke met betrekking tot die karakter van die onafhanklike veranderlike (dit wil sê interpersoonlike interaksie) word daar na 'n basiese persepsiekategorie van menslike (interpersoonlike) funksionering in die Sielkunde verwys as bestaande uit byvoorbeeeld affek, kognisie en gedrag. In verhoudingsinteraksie soos die huwelik, figureer aspekte van sodanige kategorie as subtiele houdings (kognitiewe affeksies), bewustelike houdings (affektiewe kognisies), vaardighede (gedrag as gevolg van affektiewe en kognitiewe inhoude) asook die uiteindelike interaksionele verhoudingsintegrasie (as produk van die tersaaklike elemente).

Vanuit 'n positiewe evalueringsinvalshoek word die geïdentifiseerde meetinstrumente as volg as gepas aangedui met betrekking tot die verskillende interpersoonlike interaksievlakke:

(a) Subtiele (begrypende) houdings : Porterskale
(b) Vaardighede (begrypend, opregtheid, respek en empatie): Carkhuffskale
(c) Bewustelike houdings : Semantiese differensiaal
(d) Verhoudingsintegrasie : Huweliksintegrasievraelys

Die onderskeie afhanklike veranderlikes geniet vervolgens aandag.

6.3.3.2 Porterskale

Die rasionaal vir die insluiting van die Porterskale is geleë in die vermoë van die vraelys om 'n meting te verskaf aangaande die identifisering van begrypende response, as 'n aanduiding van die aanwesigheid van subtiele begrypende houdings.

Huwelikskommunikasie as vorm van interpersoonlike kommunikasie behels onder meer die doelwit om wedersyds voortdurend op sodanige wyses te reageer dat 'n interaksieklimaat daargestel word tot die fasilitering van houdingsuitdrukking soos gekoppel aan verhoudingsonderwerpe en selfs problematiek (Porter, 1950). Verskillende tegnieke wat uiteenlopende houdings verteenwoordig, word aangewend in die nastreef van hierdie doelwit.

Porter (1950) postuleer dat dit moontlik is om hierdie houdings, wat met uiteenlopende frekwensies in kommunikasie figureer, in vyf kategorieë te verdeel. Hierdie kategorieë behels houdings as evaluerend, interpreterend, ondersteunend, ondersoekend en begrypend, waar laasgenoemde die mees effektiewe houding in die skepping van 'n fasiliterende huweliksinteraksieklimaat verteenwoordig. Die onderskeie houdings sien as volg daaruit:

A. Evaluering

Die wyse waarop die eerste persoon reageer, dui op die bedoeling van die uitspreek van 'n waarde-oordeel oor relatiewe gepastheid, effektiwiteit of korrektheid; daar word op 'n subtiele of openlike wyse geïmpliseer wat die tweede persoon behoort te doen.

B. Interpretasie

Die wyse waarop die eerste persoon reageer, dui op die bedoeling om betekenis mee te deel, te illustreer of te onderrig; daar word dus op 'n subtiele of openlike wyse gesuggereer wat die tweede persoon behoort te dink.

C. Ondersteuning

Die wyse waarop die eerste persoon reageer is van so 'n aard dat die bedoeling ooglopend bestaan om gerus te stel en die intensiteit van gevoelens te verminder of te versag; die respons van die eerste persoon impliseer dus dat die tweede persoon nie so hoef te voel soos die geval is nie.

D. Ondersoekend

Die wyse waarop die eerste persoon reageer, weerspieël 'n bedoeling om meer informasie in te win of verdere bespreking in 'n area te ontlok of te bevraagteken; die respons impliseer dus dat die tweede persoon 'n spesifieke punt voordelig kan of behoort te ontwikkel.

E. Begrypend

Die respons van die eerste persoon dui aan dat daar die bedoeling bestaan om sodanig te reageer dat verseker kan word dat die tweede persoon se gevoelens, gedagtes en ervarings korrek en volledig begryp word.

Vir die doeleindes van hierdie studie staan die houdings wat gewens "begrypend" van aard is in teenstelling met "ander" houdings wat interaksioneel minder effektief daar uitsien, naamlik ondersoekend, ondersteuning, interpretasie en evaluering.

Om hierdie vraelys aan te wend, is as volg te werk gegaan: daar is 15 gelykwaardige stimulisituasies saamgestel met vyf moontlike response wat volg op elke stimulus. Elke stimulussituasie bevat 'n kort uittreksel van 'n gesprek tussen twee mense, terwyl elk van die vyf response een van die voorafgaande houdings beskryf. Die stimulisituasies en gepaardgaande response is ewekansig in drie groepe van 5 elk verdeel, met die oog op drie metings. Dit word voorgelê in die vorm van drie vraelyste (Deel 1; Bylaag 1B: Vorm B en C asook Deel 2; Bylaag, 2A, Vorm A-HM 7.11 tot HM 7.13). Die egpaarlid dui op die vraelys aan watter een van die vyf moontlike response as gepas beskou word vir elke stimulussituasie. Die navorser bepaal die frekwensie begrypende response wat as die gewenste keuses aangedui word. Porter (1950) verskaf nie 'n aanduiding van die geldigheid en die betroubaarheid van die voorafgaande tipe aanwending van die skale nie. Daar sou wel moontlik sprake kon wees van voorkomsgeldigheid, wat op 'n later stadium aandag geniet tesame met die verwerking van die gegewens wat ingewin is.

Die aard en die aanwending van die Carkhuffskale as verdere meetinstrument word vervolgens bespreek.

6.3.3.3 Die Carkhuffskale

Die rasionaal vir die inkorporering van die Carkhuffskale is daarin geleë dat dit daartoe in staat is om aanduidende metings aangaande bestaande vermoëns tot begrypende responsformulering te verskaf, as sinoniem aan begrypende vaardigheidsvlakke.

Carkhuff (1969) voorsien agt skale waarvolgens die kwalitatiewe aspekte van egpaarinteraksie gemeet kan word, waarvan drie skale vir die doeleindes van hierdie studie geselekteer is. Beoordeling op hierdie skale van opregtheid, respek en empatie geskied volgens die uiteensetting van die betekenis en vlakke van die effektiwiteit van kommunikasie soos uiteengesit deur verskeie outeurs (Carkhuff, 1969; Carkhuff en Berenson, 1967; Epstein en Jackson, 1978; Hammond, Hepworth en Smith, 1977 en Traux en Mitchell, 1971).

Elk van die punteskale word in vyf vlakke verdeel en word opeenvolgend beskryf.

A. Opregtheid (egtheid)

'n Persoon kan slegs opreg teenoor die ander wees indien hy met homself opreg is. Met opregtheid word geïmpliseer dat die persoon se interaksiegedrag en gevoelens in ooreenstemming met mekaar is. Wanneer dit wel die geval is, is die persoon in staat om die opregte gevoelens wat aanwesig is, oor te dra aan die ander persoon. Opregtheid behels egter nie die oordra van alle gevoelens nie, maar word gerig deur die eliminering van nadelige effekte op die ander persoon.

* Vlak 1

Die eerste persoon is verdedigend in sy interaksie met die tweede persoon. Hierdie verdediging word gedemonstreer in die inhoud van sy woorde en stemkwaliteit. Wanneer 'n persoon op die verdediging is, is dit moeilik om 'n basis te vind waarvandaan sinvolle navrae oor die verhouding gerig kan word.

Daar is duidelik geen verband tussen die eerste persoon se optrede en die gevoelens wat hy ervaar nie. Die enigste opregte response wat gemaak word, is dié wat negatief teenoor

die tweede persoon ingestel is en wat 'n afbrekende effek tot gevolg het.

* Vlak 2

Die eerste persoon tree geforseerd begrypend teenoor die tweede persoon op, dit wil sê soos daar verwag word dat hy behoort te reageer.

Die uitdrukking van die eerste persoon is nie heeltemal verwant aan die gevoelens wat hy op die oomblik ervaar nie. Wanneer dit wel opreg is, is dit egter negatief teenoor die tweede persoon. Die eerste persoon is ook nie in staat om sy negatiewe reaksies konstruktief aan te wend om die verhouding verder uit te bou nie.

* Vlak 3

Die eerste persoon luister en volg wat die tweede persoon sê. Eersgenoemde staan steeds ekstern aan die saak deurdat hy nie iets van homself in die verhouding belê nie.

Geen leidrade word deur die eerste persoon verskaf dat daar 'n verskil bestaan tussen dit wat hy doen en ervaar nie. Daar word egter ook geen leidrade gegee dat daar werklik opreg teenoor die tweede persoon opgetree word nie.

* Vlak 4

Die eerste persoon se uitdrukkings is in ooreenstemming met sy gevoelens, maar daar bestaan nog 'n mate van huiwering om homself openlik uit te druk.

Die eerste persoon gee duidelike leidrade dat hy eerlike en opregte response teenoor die tweede persoon gee. Dit is egter nie noodwendig net positiewe response wat gegee word nie, maar ook negatiewe response. Laasgenoemde geskied

egter op so 'n wyse dat dit nie afbrekend vir die verhouding is nie.

* Vlak 5

'n Spontane en oop interaksie vind plaas vanaf die eerste persoon se kant. Hy is oop vir alle ondervinding, onaangenaam sowel as aangenaam. Indien onaangename ervarings sou opduik, word dit nog op so 'n wyse hanteer dat dit tot konstruktiewe navrae lei wat verdere areas van ondersoek vir albei open.

B. Respek

Respek behels die vermoë om die ander persoon te laat voel dat hy asook sy idees en gevoelens te alle tye in die kommunikasieproses van waarde is. Respek is nie slegs van toepassing wanneer daar eenstemmigheid bestaan nie. Verskille kan ook aangewend word om respek te betoon deurdat daar aan die persoon geïllusteer word dat daar van hom verskil word, maar dat daar nog steeds 'n besorgdheid oor sy welsyn heers.

* Vlak 1

Die eerste persoon se kommunikasie is van so 'n aard dat daar geen erkenning aan die uitdrukkings van die tweede persoon gegee word nie. Die gevoelens en ervarings van die tweede persoon is oënskynlik sodanig dat dit nie die moeite werd is om enige oorweging daaraan te skenk nie. Die eerste persoon mag ook van die veronderstelling uitgaan dat die tweede persoon nie tot enige konstruktiewe optrede in staat is nie. Die tweede persoon verteenwoordig die fokuspunt waarom die hele evalueringsproses wentel.

Die verbale- en gedragsuitdrukkings van die eerste persoon toon 'n duidelike gebrek aan respek vir die uitdrukkings van die tweede persoon. Die eerste persoon se uitdrukking toon

soms ook 'n negatiewe ingesteldheid teenoor die tweede persoon.

* Vlak 2

Die eerste persoon reageer passief op die tweede persoon, hy ignoreer sy gevoelens en ervarings, of hy reageer bloot op 'n negatiewe wyse teenoor die tweede persoon.

Die eerste persoon reageer dus op so 'n wyse dat baie min respek vir die tweede persoon se gevoelens, ervarings en potensiaal getoon word.

* Vlak 3

Die eerste persoon druk respek uit en dra aan die tweede persoon oor dat sy gevoelens en ervarings vooropgestel staan. Die tweede persoon word beskou as 'n persoon wat daartoe in staat is om homself uit te druk en konstruktief te handel met daaglikse lewensituasies.

Die eerste persoon kommunikeer effektief 'n positiewe respek vir die tweede persoon. Dit behoort duidelik te wees dat die eerste persoon die gevoelens, ondervindings en potensiaal van die tweede persoon ter harte neem.

* Vlak 4

Die eerste persoon se response is sodanig dat die tweede persoon in staat is om homself te wees en 'n gevoel van waardigheid as individu te ervaar.

Die eerste persoon is daarom in staat om duidelik respek aan die tweede persoon oor te dra. Hy maak dit ook duidelik dat hy werklik omgee vir die ander.

* Vlak 5

Die eerste persoon gee werklik om vir die tweede persoon en verleen ten volle erkenning aan die tweede persoon se vermoëns en potensiaal.

Die diepste vlak van respek word teenoor die tweede persoon betoon. Hy is vir die eerste persoon iemand van waarde wat die volle potensiaal tot vryheid en ontwikkeling het.

C. Empatie

Empatie blyk die mees basiese komponent van effektiewe kommunikasie te verteenwoordig. Dit behels die vermoë om dit wat die ander sê te begryp, sowel as die vaardighede om hierdie begrip aan die ander persoon oor te dra. Werklike begrip berus op die begryping van die gevoelselement onderliggend aan die woorde, eerder as die begrip van die inhoudelike van die woorde self.

* Vlak 1

Die eerste persoon dra geen bewustheid oor van enige oppervlakgevoelens van die tweede persoon nie. Hy is onbetrokke, nie geïnteresseerd nie, of hy tree op volgens 'n raamwerk wat die tweede persoon uitsluit.

* Vlak 2

'n Bewustheid van oppervlakgevoelens word gekommunikeer, maar die kommunikasie verander die vlak van affek en die betekenis soos weergegee deur die tweede persoon. Die eerste persoon dra sy eie idees in die kommunikasie in, wat nie in ooreenstemming is met die gevoelens van die tweede persoon nie.

Die eerste persoon gee aandag aan die gevoelens van die tweede persoon, maar op sodanige wyse dat dit die gevoel van die kommunikasie degradeer.

Vlak 3

Die eerste persoon reageer met akkurate begrip op die oppervlakgevoelens van die tweede persoon. Daar word egter nie op dieper gevoelens gereageer nie, maar die dieper gevoelens word ook nie foutief vertolk nie.

Die uitdrukkings van die eerste persoon is in ooreenstemming met dieselfde vlak van uitdrukking as die van die tweede persoon. Dieselfde vlak van affek en betekenis word oorgedra.

* Vlak 4

Die eerste persoon kommunikeer 'n dieper vlak van begrip as wat die tweede persoon in staat was om uit te druk. Die tweede persoon word dus in staat gestel om gevoelens en ondervindings uit te druk waartoe hy nie voorheen in staat was nie.

Die response van die eerste persoon dra merkbaar by tot die uitdrukking van gevoelens by die tweede persoon. Die bydrae is tot so 'n mate dat die tweede persoon in staat is om dieper gevoelens uit te druk as wat voorheen die geval was.

* Vlak 5

Die eerste persoon reageer akkuraat op die oppervlak- sowel as dieper gevoelens van die tweede persoon. Die persone is saam in staat om onbekende areas van hulle bestaan te ondersoek waartoe hulle voorheen, of sonder mekaar, nie in staat was nie.

Die uitdrukkings van die eerste persoon dra betekenisvol by tot die uitdrukking van gevoel en betekenis by die tweede persoon. Hierdie bydrae tot die uitdrukking van betekenis en veral gevoel help die tweede persoon om gevoelsinhoude te openbaar wat op 'n baie dieper vlak geleë is as wat hy voorheen kon uitdruk en dus tot op die vlak van 'n diepe selfondersoek te beweeg. Die eerste persoon is in staat om hierdie gevoelens saam te vat, uitbouend daarop te reageer en op hierdie vlak voort te beweeg.

Om hierdie vraelys evaluerend te operasionaliseer, is daar as volg te werk gegaan: daar is 30 gelykwaardige stimulisituasies geformuleer waarop daar 'n respons gelewer moes word. Hierdie stimulisituasies is ewekansig verdeel in drie groepe van 10 stimuli elk en voorgelê in die vorm van drie vraelyste (Sien Deel 1, Bylaag 1C: Vorm B en C asook Deel 2, Bylaag 2A: Vorm A - HM 7.14 tot HM 7.15) waarop alle response aangeteken is.

Vir die doeleindes van beoordeling is die response sodanig gerangskik en genommer, dat slegs die navorser na beoordeling kan bepaal aan watter meting elk van die beoordelingsresultate toegedeel moes word. Die beoordelaars kan op geen wyse bepaal tot watter metingsgroep 'n bepaalde voltooide vraelys behoort nie, dus 'n blinde beoordeling. Die twee onafhanklike beoordelaars is geregistreerde sielkundiges verbonde aan 'n tersiêre akademiese instansie. 'n Interbeoordelaarsbetroubaarheid is bereken met behulp van 'n berekeningsformule vir die produkmomentkorrelasie soos deur Huysamen (1976) voorgestel word. 'n Interbeoordelaarsbetroubaarheid van 0,88 vir die opregtheidskaal, 0,93 vir die respekskaal en 0,91 vir die empatieskaal is tussen die twee beoordelaars gevind. Die puntetoekenning het geskied volgens die onderskeie waardes van die skaalvlakke, waar 'n puntetoekenning van vyf byvoorbeeld toegeken word aan 'n hoë funksioneringsvlak ten opsigte van die tersaaklike skaaltema. Die beoordelaars het elke respons aan die hand van die drie geselekteerde skale geïnterpreteer.

Daar bestaan veelvuldige studies waarin die omvattende toepassing van die Carkhuffskale op die konstrukgeldigheid van hierdie metingsinstrument dui. Carkhuff (1978), Hammond, Hepworth en Smith (1977), Egan (1976) bevestig ook die geldigheid van hierdie skale.

'n Verdere afhanklike veranderlike wat ter sprake kom, is die semantiese differensiaal.

6.3.3.4 Die semantiese differensiaal: Huweliksevaluering

Die motivering vir die insluiting van die semantiese differensiaal in die eksperimentele navorsingsevaluering, aansluitend tot die aanwending daarvan in die programevaluering van die ontwikkelingsnavorsingsevaluering (sien 6.2.3) is daarin geleë dat dit oor die vermoë beskik om metingswaardes te verskaf met betrekking tot bewustelike positiewe houdings ten opsigte van die problematiek van die tema van hierdie studie.

Aangesien die rasionaal, samestelling en aanwending van die semantiese differensiaal reeds verantwoord is (sien 6.2.3), word hier nie verdere aandag daaraan gegee nie. Die volgende 15 skale is gebruik in die houdingsbepaling tot die huwelik (Deel 1, Bylaag 1D):

HUWELIKSEVALUERING

KENMERKE VAN OPTREDE TEENOOR MEKAAR

*	Betrokke	Onbetrokke
*	Liefdevol	Liefdeloos
*	Irriterend	Aangenaam
*	Spontaan	Teruggetrokke
*	Veroordelend	Vergewingsgesind
*	Mededeelsaam	Selfsugtig

* Geduldig	Ongeduldig
* Onbegrypend	Begrypend
* Aangepas	Wanaangepas
* Betroubaar	Onbetroubaar
* Bevredigend	Onbevredigend
* Onsuksesvol	Suksesvol
* Somber	Humoristies
* Eg	Kunsmatig
* Vriendelik	Nors

Aan die hand van die voltooide vraelyste, bepaal die navorser die frekwensie positiewe bewustelike houdingsaanduidings soos aangedui. Die verwerking van hierdie gegewens geniet later aandag.

Uitgebreide navorsing deur Snider en Osgood (1969) lewer afdoende bewys dat die geldigheid en betroubaarheid van die semantiese differensiaal, indien korrek saamgestel, bevredigend daar uitsien.

Die meting van die geïntegreerdheid van die huwelik as afhanklike veranderlike, kom vervolgens ter sprake.

6.3.3.5 Die huweliksintegrasievraelys

Die rasionaal vir die insluiting van die huweliksintegrasievraelys is daarin geleë dat dit daardie bepaalde kwaliteit van huweliksinteraksie aanspreek wat gekonseptualiseer en gemeet kan word.

Viljoen (1980) postuleer dat huweliksintegrasie teweeggebring word waar die proses van interaksie tot so 'n mate emosioneel ondersteunend en koöperatief van aard is dat die verskillende areas van huweliksaktiwiteite met die minimum destruktiewe konflik gepaard gaan, sodat die huwelikseenheid bly voortbestaan. Areas van huweliksaktiwiteit sluit sowel die instrumentele as ekspressiewe handelinge van die egpaar

in. In die geval van die eersgenoemde word daar in die operasionalisering onder meer aandag gegee aan sekere huwelikswaardes soos die permanentheid van die huwelik en die rol van godsdiens. Aspekte in die sosio-emosionele area behels kameraadskap, liefde, emosionele onderskraging, wedersydse agting en respek, empatie, kommunikasie, seksuele bevrediging, samesyn en selfevaluering van die huwelik.

Die huweliksintegrasievraelys in die vorm wat toepaslik is vir gesamentlike individuele metings in egpaarverband, bestaan uit 'n totaal van 49 items (sien Deel 1, Bylaag 1E asook Deel 2, Bylaag 2A, HM 1.5 tot HM 1.9). Daar is van respondente verwag om reaksies op die items aan te dui op 'n aparte antwoordblad (sien Deel 1, Bylaag 1E) aan die hand van 'n vyfpuntskaal. Die items is merendeels in 'n positiewe rigting gestel, wat impliseer dat 'n telling van vyf ('n responsie in die laaste van vyf kategorieë) 'n beter geïntegreerde huwelik as 'n telling van een (dit wil sê 'n responsie in die eerste kategorie) aandui. Met die oog op die berekening van 'n totaaltelling, word die items wat nie in 'n positiewe rigting gestel is nie, gereflekteer.

Vir 'n totaaltelling as aanduiding van die mate van integrasie in huwelike, word die responsies op al die items gesommeer tot frekwensietellings. Die verwerking van hierdie data geniet aandag op 'n latere stadium.

Viljoen (1980) maak aanspraak op bevredigende geldigheid en 'n hoë mate van betroubaarheid van hierdie vraelys, terwyl daar op grond van nadere toetsinspeksie ook 'n voldoende voorkomsgeldigheid gerapporteer kan word.

Met die voorstelling van die huweliksintegrasievraelys word die uiteensetting van die veranderlikes voltooi. Die eksperimentele ontwerp waarbinne hierdie veranderlikes geoperasionaliseer word, kom vervolgens ter sprake.

6.3.4 Eksperimentele ontwerp

Die eksperimentele ontwerp wat in hierdie studie aangewend word, is 'n voor- asook na- en opvolgmetingskontrolegroep-ontwerp. Hierdie ontwerp sien soos volg daar uit:

Eksperimentele groep	Yb	χ	Ya	Yp
Kontrolegroep	Yb	$-\chi$	Ya	Yp

waar

Yp : die opvolgmeting van die eksperimentele en kontrolegroep is,

Ya : die nameting van die eksperimentele en kontrolegroep is,

χ : die onafhanklike veranderlike is,

Yb : die voormeting van die eksperimentele en kontrolegroep is, en

$-\chi$: die aanduiding is dat die afhanklike veranderlike nie toegepas is nie.

Die voorstelling dui daarop dat hierdie ontwerp daarvoor voorsiening maak dat die eksperimentele groep aan 'n voor-ingreepevaluering asook 'n na- en opvolgingreepevaluering onderwerp word om die mate van aanvanklike of korttermyn verandering te bepaal, asook om die uiteindelike of verlengde termynveranderinge of die behoud van korttermynskuiwe te bepaal. Hierdie voorstelling toon beginselooreenkomste met die viergroepontwerp soos deur Isaac en Michael (1978) en Kerlinger (1973) voorgestel word. Dit volg dan dat die kontrolegroep aan soortgelyke toestande blootgestel word, met die uitsondering van die ingreep, om die aard van veranderinge op die kort- en die langer termyn te bepaal, indien van toepassing. Steuringsfaktore soos tydsverloop, rypwording, toevallige ervarings en herhaaldelike metingsvlakke word hierdeur gekontroleer.

Indien die eksperimentele en kontrolegroep vanmekaar verskil, sou dit die verdere empiriese proses wat volg op 'n gelykwaardige metingsvergelykingsbasis kompliseer. Om die moontlikheid van 'n sodanige probleem in die geval van hierdie tipe ontwerp (Isaac en Michael, 1978; Kerlinger, 1973) te ondervang, beveel Kerlinger (1973) aan dat stappe geneem word om 'n eksperimentele en kontrolegroephomogeniteit te verseker in terme van sosio-ekonomiese status asook kulturele en godsdienstige agtergrond. Daar is wel voorsorgmaatreëls in hierdie studie getref om te verseker dat die eksperimentele en kontrolegroep gelykwaardig is ten opsigte van bogenoemde steuringsveranderlikes. Die empiriese vergelyking van die eksperimentele en kontrolegroep om die aanvangsgelykwaardigheid te bepaal, kom ook ter sprake.

'n Beperking van hierdie ontwerp (Isaac en Michael, 1978; Kerlinger, 1973) wat 'n bedreiging inhou vir die eksterne geldigheid van hierdie ondersoek, is moontlike voortoetssensitisering by die eksperimentele groep. Die sensitiseringsverskynsel word in hierdie studie beperk deur die aard van die meerderheid meetinstrumente (uitgesonderd die huweliksintegrasievraelys) wat 'n mindere mate van vatbaarheid in hierdie verband vertoon.

Die steekproef wat onderhewig is aan die veranderlikes binne hierdie eksperimentele ontwerp, geniet aandag in die volgende afdeling.

6.3.5 Steekproeftrekking

Die populasie in die breë, waarvoor die program van belang is, bestaan uit egpare vanuit die hele gesinsontwikkelingspektrum, waar daar weens die ervaring van nie-optimale bevredigingsvlakke soos veral die geval mag wees gedurende die gesinsuitbouingsfase, 'n behoefte mag bestaan om die huwelik uit te bou tot 'n steeds beter verstandhouding en waar 'n bereidheid aanwesig is om hierdie doelwit na te streef by wyse van deelname aan gestruktureerde groepsintervensie.

Die program is bekendgestel aan die teikenpopulasie in die area Oranje-Vrystaat, Noord-Kaap en Vaaldriehoek by monde van die amptelike nuusbrief van en bekendstellingsbriewe deur die streekstak van die afdeling Kultuursake van die Departement Onderwys en Kultuur (Administrasie: Volksraad). Die nuusbrief is versprei aan sowat 1500 kultuurorganisasies en gemeentes van die susterkerke terwyl 120 individuele bekendstellingsbriewe aan geselekteerde gemeentes en organisasies gerig is. In hierdie bekendstellingsaksie is die aard en die omvang van die program voorgehou en 'n uitnodiging om deelname gerig.

Uit die reaksie hierop is groepe egpare (27 in totaal) saamgestel, verbonde aan gemeentes wat te kenne gegee het dat hulle sou wou deel hê aan die navorsingsprogram. Weens die afwesigheid van gelyke steekproeftrekking, is dit noodsaaklik om gebruik te maak van gelykwaardige kontrolegroep. Ten einde hierdie doel te bereik, is 27 egpare vanuit dieselfde populasiesnitte as die steekproefgroepe saamgestel, waar ooreenkomste soos taal, sosio-ekonomiese status, kulturele agtergrond en formele geloofsaffiliasie met sorg gekontroleer is.

Die uiteindelike steekproefsamestelling word in Figuur 6.1 weergegee.

GROEP	N (= n+n)
Groep 1 : Eksperimenteel Groep 2 : Kontrole	54 54
TOTAAL	108

FIGUUR 6.1: DIE SAMESTELLING VAN DIE STEEKPROEF

Uit Figuur 6.1 blyk dit dat die totale steekproefgrootte van hierdie studie uit (die eksperimentele en kontrolegroepgroottes van 54 elk) 108 proefpersone bestaan.

Die wyse waarop die steekproeflede in die tersaaklike eksperimentele ontwerp se blootstelling aan die onderskeie veranderlikes verloop het, word in die volgende afdeling beskou.

6.3.6 Eksperimentele prosedure

Die toepassing van die eksperimentele prosedure het gedurende die tweede semester van 1986 sy verloop geneem. In die geval van die eksperimentele groep is daar sprake van 'n voormeting, eksperimentele programtoepassing en nameting, asook 'n opvolgsessie en -meting. Die kontrolegroep is aan soortgelyke evalueringsprosedures onderwerp.

6.3.6.1 Voormeting

Gedurende die voormeting is die eksperimentele groep onderwerp aan metings van die afhanklike veranderlikes, naamlik die Carkhuffskale (Vorm A), die Porterskale (Vorm A), die huweliksevaluering (semantiese differensiaal) en die huweliksintegrasievraelys. Die voormeting van die eksperimentele groep is inleidend tot die eksperimentele (program) toepassing geakkommodeer.

6.3.6.2 Eksperimentele programtoepassing en nameting

Die aanbieding van die gesinsontwikkelingsprogram vir egpare aan elke eksperimentele groepeenheid het oor gedeeltes van naweke geskied, wat sowat dertien uur elk geduur het. 'n Mate van plooibaarheid van die tydsduur is noodsaaklik. Geselekteerde entiteite van die grootste gedeelte van die program is op hierdie stadium aangebied. Programinhoude tot en met Module 7 en 'n enkele greep van Module 8 is aangebied, terwyl die orige gedeeltes na die aanbieding as

tuisopdrag uitgevoer is. Die groepe is aan ooreenstemmende opleidingsinhoude en prosesse blootgestel, waarin die navorser self as groepleier opgetree het volgens die riglyne wat in die handleiding vir groepleiers voorgehou word.

Die eksperimentele programtoepassing is afgesluit met onder meer 'n nameting van die afhanklike veranderlikes (onder meer Vorm B van die Carkhuffskale en Porterskale) met die huweliksintegrasievraelys as uitsondering, weens die beperkte tydsverloop vanaf die voormeting teen die agtergrond van moontlike sensitiseringseffekte. Die programevaluering deur die groeplede (vanuit 'n ontwikkelingsnavorsingsperspektief) het ook op hierdie stadium van die programaanbieding 'n plek gevind. Die eksperimentele ingreep is afgerond met 'n beklemtonende behoeftebepaling en koördinering ten opsigte van die opvolgsessie.

6.3.6.3 Opvolgsessie en nameting

Inleidend tot die opvolgsessie na 'n tydsverloop van vyf weke is 'n opvolgmeting uitgevoer. Die opvolgmeting het voorsiening gemaak vir alle afhanklike veranderlikes (onder meer Vorm C van die Carkhuffskale en Porterskale), insluitende die huweliksintegrasievraelys. Gedurende die opvolgsessie is die tuisopdragte wat ter sprake is, die orige gedeeltes van Module 8, asook behoeftes en problematiek, voortspruitend uit die eksperimentele toepassing, gehanteer.

6.3.6.4 Evaluering van die kontrolegroep

Gedurende die voormetings-, nametings- en opvolgmetingsperiodes wat vir die eksperimentele groep gegeld het, is lede van die kontrolegroep aan dieselfde metings van die afhanklike veranderlikes blootgestel. Daar is gebruik gemaak van huisbesoeke en soortgelyke tydsverskille soos wat die geval was met die eksperimentele groep, sonder dat daar 'n programtoepassing plaasgevind het. Weens etiese oorwegings en die belangstelling deur die lede van die kon-

trolegroep, word die geleentheid vir blootstelling in die tydperk na die opvolgmeting gegenereer.


Die bespreking van die veranderlikes, die steekproef, eksperimentele ontwerp en eksperimentele prosedures in die laaste plek, word gevolg deur die uiteensetting van die toepaslike hipoteses en die analise van data.

6.3.7 Hipotesestelling en data-analise

Die voorgestelde prosedure vir die hipotesestelling en data-analise van die verskillende metings op die Carkhuffskale, die semantiese differensiaal, die huweliksintegrasievraelys asook die Porterskale, vir die eksperimentele en kontrolegroep tydens die voor-, na- en opvolgmetings (dit wil sê die statistiese beslissingsmodel) soos dit in die breë daar uitsien, word skematies voorgestel in Figuur 6.2.

Uit Figuur 6.2 blyk dit dat die voormetings van die eksperimentele en kontrolegroep eerstens met mekaar vergelyk word (vergelyking A). Dit is belangrik, omdat daar nie sprake is van ewekansige steekproeftrekking nie. Indien hierdie voormetings wel gelykwaardig is, is vergelykings B tot F van toepassing. Onder sodanige omstandighede word die nametings (B) en die opvolgmetings (C) van die twee groepe opeenvolgend met mekaar vergelyk. Aanvullend hierby word die verskille en dus die mate van verandering tussen die na- en voormetings (D), die opvolg- en voormetings (E) asook die na- en opvolgmetings (F) van die eksperimentele groep bepaal, terwyl dieselfde prosedure (D, E en F) vir die kontrolegroep as vergelykende basis uitgevoer word.

Dit blyk verder uit Figuur 6.2 dat, indien die eksperimentele en kontrolegroep aanvanklik tydens die voormetings nie gelykwaardig is nie, vergelykings G tot I van toepassing is. Dit behels dat die voor- en nametings (G), die voor- en opvolgmetings (H), asook die na- en opvolgmetings (I) van die eksperimentele groep vergelyk word terwyl die voor- en



FIGUUR 6.2: DIE STATISTIESE BESLISSINGSMODEL IN DIE ALGEMEEN

nametings (G), die voor- en opvolgmetings (H) asook die na- en opvolgmetings (I) van die kontrolegroep met mekaar vergelyk word (Isaac en Michael, 1978; Kerlinger, 1975).

Vir die doeleindes van die hipoteseformulering word daar voorts na die metings op die Carkhuffskale, die semantiese differensiaal en die huweliksintegrasievraelys in kombinasie verwys as die "afhanklike veranderlikes", terwyl die verdeling van die metings op die Porterskale bekend staan as "begrypende houdings relatief tot die 'ander'".

In die formulering van hipoteses (en die resultate van die evaluering daarvan) wat in hierdie studie ter sprake is, word daar deurlopend 'n onderskeid getref tussen die Porterskale enersyds en die Carkhuffskale, die huweliksevaluering en die huweliksintegrasievraelys andersyds. Dit geskied deurdat die metings op die onderskeie groeperinge op uiteenlopende metingsvlakke plaasvind, wat statistiese strategieë op ooreenstemmende vlakke noodsaak.

Die formulering van die parallelle hipoteses met betrekking tot die afhanklike veranderlikes (wat aangedui word as hipoteses xA) en begrypende houdings relatief tot die "ander" (wat aangedui word as hipoteses xB), geskied aanvullend tegelykertyd ter wille van die behoud van die eenheid van die statistiese beslissingsmodel, terwyl die voorstelling van die resultate van die data-analise van die twee groeperinge daarna ter wille van duidelikheid- en sistematiese oorweginge opeenvolgend aangebied word.

Die beskrywend statistiese waardes ten opsigte van die afhanklike veranderlikes van die onderskeie ter saaklike evalueringsmomente van die statistiese beslissingsraamwerk word deurlopend in terme van gemiddeldes en standaardafwykings bereken en gerapporteer.

Met die oog op 'n vergelykende beskrywing (en grafiese voorstelling) van die resultate van die data-analise, word

die waardes van die metings op die Carkhuffskale, die semantiese differensiaal en die huweliksintegrasievraelys getransformeer tot maksimumwaardes van 100. Hierdie transformasies geskied op 'n lineêre wyse, wat volgens Amore (1966) geen invloed uitoefen op relatiewe waardes nie.

Ten einde die voorgestelde prosedure vir hipotesestelling en data-analise ten uitvoer te bring, word verskeie hipoteses en gepaardgaande strategieë vir data-analise geformuleer, wat in die volgende afdelings voorgestel word.

6.3.7.1 Vergelyking van die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van die voormetings

Die eksperimentele en kontrolegroep behoort by die aanvang van die program vergelyk te word om vas te stel of daar gelykheid is, enersyds ten opsigte van die verskillende aspekte van die afhanklike veranderlike en andersyds met betrekking tot begrypende houdings relatief tot die "ander". Vir hierdie kontroleringsdoeleindes word die volgende hipoteses geformuleer.

A. Nulhipotese 1A

Daar bestaan geen verskil tussen die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes van die eksperimentele groep en die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes van die kontrolegroep tydens die voormetings nie, of

$$\text{Ho 1A} \quad : \quad \bar{\mu}_{v_e} = \bar{\mu}_{v_k}$$

waar

$\bar{\mu}_{v_e}$ = die vektor van gemiddeldes [$\bar{\mu}$] van die afhanklike veranderlike tydens die voormeting [v] van die eksperimentele groep [e]

en

$\bar{\mu}_{vk}$ = die vektor van gemiddeldes [$\bar{\mu}$] van die afhanklike veranderlikes tydens die voormeting [v] van die kontrolegroep [k].

Die gepaardgaande alternatiewe hipotese sien as volg daar uit:

B. Alternatiewe hipotese 1A

Daar bestaan 'n beduidende verskil tussen die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes van die eksperimentele groep en die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes van die kontrolegroep tydens die voormetings, oftewel

$$\text{Ha 1A} \quad : \quad \bar{\mu}_{vm} \neq \bar{\mu}_{vk}$$

waar

$\bar{\mu}_{vm}$ = die vektor van gemiddeldes [$\bar{\mu}$] van die afhanklike veranderlikes ten tye van die voormeting [v] van die eksperimentele groep

en

$\bar{\mu}_{kv}$ = die vektor van gemiddeldes [$\bar{\mu}$] van die afhanklike veranderlikes ten tye van die voormeting [v] van die kontrolegroep [k].

Dieselfde notasiewyse word in die verdere hipotese-formulering aangewend. Aanvullende simbole wat gebruik word is n, die nameting en 0, die opvolgmeting as plaasvervangend vir v (voormeting).

C. Nulhipotese 1B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die eksperimentele en kontrolegroep tydens die voormetings nie.

D. Alternatiewe hipotese 1B

Daar bestaan 'n verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die eksperimentele en kontrolegroep tydens die voormetings.

6.3.7.2 Vergelyking van die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van die na- en opvolgmetings

Indien die nulhipotese 1A en 1B aanvaar word, is die voormetings van die eksperimentele en kontrolegroep gelyk, en kan die volgende hipoteses geformuleer word ter vergelyking van onderskeidelik die na- asook die opvolgmetings.

A. Nulhipotese 2A

Daar bestaan geen verskil in die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes, tussen die eksperimentele en kontrolegroep tydens die nametings nie, dit wil sê

$$\text{Ho 2A} \quad : \quad \bar{\mu}_{n\text{e}} = \bar{\mu}_{n\text{k}}$$

B. Alternatiewe hipotese 2A

Daar bestaan 'n beduidende verskil in die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes, tussen die eksperimentele en kontrolegroep tydens die nametings, dit wil sê

$$\text{Ha 2A} \quad : \quad \bar{\mu}_{n\text{e}} \neq \bar{\mu}_{n\text{k}}$$

C. Nulhipotese 2B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die eksperimentele en kontrolegroep tydens die nametings nie.

D. Alternatiewe hipotese 2B

Daar bestaan 'n verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die eksperimentele en kontrolegroep tydens die nametings.

E. Nulhipotese 3A

Daar bestaan geen verskil in die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes, tussen die eksperimentele en kontrolegroep tydens die opvolgmetings nie.

$$Ho\ 3A \quad : \quad \bar{\mu}_{em} = \bar{\mu}_{ek}$$

F. Alternatiewe hipotese 3A

Daar bestaan 'n beduidende verskil in die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes, tussen die eksperimentele en kontrolegroep tydens die opvolgmetings.

$$Ha\ 3A \quad : \quad \bar{\mu}_{em} \neq \bar{\mu}_{ek}$$

G. Nulhipotese 3B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die eksperimentele en kontrolegroep tydens die opvolgmetings nie.

H. Alternatiewe hipotese 3B

Daar bestaan 'n verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die eksperimentele en kontrolegroep tydens die opvolgmetings.

Om die nul- en alternatiewe hipoteses 1A, 2A en 3A te toets, word Hotelling se T^2-toets aangewend. Dit behels die gelyktydige vergelyking van die vektor van gemiddeldes van al die veranderlikes van die twee betrokke groepe (Kirk,

1968; Winer, 1970). Berekenings geskied met behulp van 'n standaard BMDP-rekenaarprogram (Dixon, 1983).

Indien alternatiewe hipoteses 1A, 2A en 3A aanvaar word, word 'n post-hoc ondersoek met behulp van t-toetse vir onafhanklike groepe uitgevoer (Dixon, 1983).

Die toetsing van die nul- en alternatiewe hipoteses 1B, 2B en 3B geskied met behulp van die χ^2-toets vir die verskil tussen proporsies groepe, omdat daar sprake is van twee onafhanklike groepe en frekwensies wat in bepaalde kategorieë van 'n digotomiese veranderlike voorkom (Du Toit, 1975). Die χ^2-toetsstatistiek van hierdie toets, word volgens Huysamen (1980, p. 138) met behulp van die volgende formule bereken:

$$\chi^2_C = \frac{(ad - bc)^2}{(a + b)(c + d)(a + c)(b + d)}$$

waar die waardes a, b, c, d en n uit 'n viervoudige gebeurlikheidstabel verkry word, wat as volg daar uitsien:

	Eksperimentele groep	Kontrolegroep	
Begrypende kommunikasie-houdings	$f_1 = a$	$f_2 = b$	
"Ander" kommunikasie-houdings	$g_1 = c$	$g_2 = d$	
Totale	n_1	n_2	N

waar f_1, g_1, f_2 en g_2 die waargenome frekwensies is en N die som van n_1 en n_2 is.

6.3.7.3 Vergelyking van die kontrolegroep ten opsigte van die verskille tussen die voor-, na- en opvolgmetings

Indien die nulhipoteses 1A en 1B asook alternatiewe hipoteses 2A, 2B, 3A en 3B aanvaar word, maak die eksperimentele ontwerp daarvoor voorsiening dat die verskille tussen die metings binne elke groep bepaal kan word om sodoende die mate van verandering aan te dui. Veranderinge tussen metings van die eksperimentele groep is veral van waarde indien die metings van die kontrolegroep konstant bly.

In hierdie verband word die volgende hipoteses met betrekking tot die kontrolegroep geformuleer:

A. Nulhipotese 4A

Daar bestaan geen verskil in die vektor van gemiddeldes van die verskil tussen die afhanklike veranderlikes van die na- en voormetings van die kontrolegroep en die nulvektor nie.

$$\text{Ho 4A} \quad : \quad \bar{\mu}_{\text{verskil}} = \bar{0}$$

waar

$$\bar{\mu}_{\text{verskil}} = \bar{\mu}_{\text{na}} - \bar{\mu}_{\text{voor}}$$

B. Alternatiewe hipotese 4A

Daar bestaan 'n beduidende verskil in die vektor van gemiddeldes van die verskil tussen die afhanklike veranderlikes van die na- en voormetings van die kontrolegroep en die nulvektor.

$$\text{Ha 4A} \quad : \quad \bar{\mu}_{\text{verskil}} \neq \bar{0}$$

C. Nulhipotese 4B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die na- en voormetings van die kontrolegroep nie.

D. Alternatiewe hipotese 4B

Daar bestaan 'n verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die na- en voormetings van die kontrolegroep.

E. Nulhipotese 5A

Daar bestaan geen verskil in die vektor van gemiddeldes van die verskil tussen die afhanklike veranderlikes van die opvolg- en voormetings van die kontrolegroep en die nulvektor nie.

$$\text{Ho 5A} \quad : \quad \bar{\mu}_{V_K} = \bar{0}$$

waar

$$\bar{\mu}_V = \bar{\mu}_O - \bar{\mu}_V$$

F. Alternatiewe hipotese 5A

Daar bestaan 'n beduidende verskil in die vektor van gemiddeldes van die verskil tussen die afhanklike veranderlikes van die opvolg- en voormetings van die kontrolegroep en die nulvektor.

$$\text{Ha 5A} \quad : \quad \bar{\mu}_{V_K} \neq \bar{0}$$

G. Nulhipotese 5B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die opvolg- en voormetings van die kontrolegroep nie.

H. Alternatiewe hipotese 5B

Daar bestaan 'n verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die opvolg- en die voormetings van die kontrolegroep.

I. Nulhipotese 6A

Daar bestaan geen verskil in die vektor van gemiddeldes van die verskil tussen die afhanklike veranderlikes van die na- en opvolgmetings van die kontrolegroep en die nulvektor nie.

$$\text{Ho 6A} \quad : \quad \bar{\mu}_{xk} = \bar{0}$$

waar

$$\bar{\mu}_x = \bar{\mu}_n - \bar{\mu}_o$$

J. Alternatiewe hipotese 6A

Daar bestaan 'n beduidende verskil in die vektor van gemiddeldes van die verskil tussen die afhanklike veranderlikes van die na- en opvolgmetings van die kontrolegroep en die nulvektor.

$$\text{Ha 6A} \quad : \quad \bar{\mu}_{xk} \neq \bar{0}$$

K. Nulhipotese 6B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die na- en opvolgmetings van die kontrolegroep nie.

L. Alternatiewe hipotese 6B

Daar bestaan 'n verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die na- en opvolgmetings van die kontrolegroep.

6.3.7.4 Vergelyking van die eksperimentele groep ten opsigte van die verskille tussen die voor-, na- en opvolgmetings

Indien die nulhipoteses 1A en 1B asook die alternatiewe hipoteses 2A, 2B, 3A en 3B (en daarmee saam die nulhipoteses 4A tot 6B as onveranderde vergelykende basis) aanvaar word, word die volgende hipoteses met betrekking tot moontlike veranderinge, in die geval van die eksperimentele groep geformuleer.

A. Nulhipotese 7A

Daar bestaan geen verskil in die vektor van gemiddeldes van die verskil tussen die afhanklike veranderlikes van die na- en voormetings van die eksperimentele groep en die nulvektor nie.

Ho 7A : $\bar{\mu}_{>\!<} = \bar{0}$

B. Alternatiewe hipotese 7A

Daar bestaan 'n beduidende verskil in die vektor van gemiddeldes van die verskil tussen die afhanklike veranderlikes van die na- en die voormetings van die eksperimentele groep en die nulvektor.

Ha 7A : $\bar{\mu}_{>\!<} \neq \bar{0}$

C. Nulhipotese 7B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die na- en voormetings van die eksperimentele groep nie.

D. Alternatiewe hipotese 7B

Daar bestaan 'n verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander" tussen die voor- en nametings van die eksperimentele groep.

E. Nulhipotese 8A

Daar bestaan geen verskil in die vektor van gemiddeldes van die verskil tussen die afhanklike veranderlikes van die opvolg- en voormetings van die eksperimentele groep en die nulvektor nie.

$$\text{Ho 8A} \quad : \quad \bar{\mu}_{v\bullet} = \bar{0}$$

F. Alternatiewe hipotese 8A

Daar bestaan 'n beduidende verskil in die vektor van gemiddeldes van die verskil tussen die afhanklike veranderlikes van die opvolg- en voormetings van die eksperimentele groep en die nulvektor.

$$\text{Ha 8A} : \bar{\mu}_{v\bullet} \neq \bar{0}$$

G. Nulhipotese 8B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die opvolg- en voormetings van die eksperimentele groep nie.

H. Alternatiewe hipotese 8B

Daar bestaan 'n beduidende verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die opvolg- en voormetings van die eksperimentele groep.

I. Nulhipotese 9A

Daar bestaan geen verskil in die vektor van gemiddeldes van die verskil tussen die afhanklike veranderlikes van die na-

en opvolgmetings van die eksperimentele groep en die nulvektor nie.

Ho 9A : $\bar{\mu}_{xw} = \bar{0}$

J. Alternatiewe hipotese 9A

Daar bestaan 'n beduidende verskil in die vektor van gemiddeldes van die verskil tussen die afhanklikes van die na- en opvolgmetings van die eksperimentele groep en die nulvektor.

Ha 9A : $\bar{\mu}_{xw} \neq \bar{0}$

K. Nulhipotese 9B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die na- en opvolgmetings van die eksperimentele groep nie.

L. Alternatiewe hipotese 9B

Daar bestaan 'n verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die na- en die opvolgmetings van die eksperimentele groep.

Om die data van die nul- en alternatiewe hipoteses 4A, 5A, 6A, 7A, 8A en 9A te verwerk, word Hotelling se T^2 (1 groep) aangewend. Dit behels die gelyktydige vergelyking van die vektor van gemiddeldes van die verskil van al die veranderlikes van die twee betrokke metings van dieselfde groep, met die nulvektor. Indien die alternatiewe hipoteses aanvaar word, word 'n post hoc-ondersoek by wyse van t-toetse (1 groep) uitgevoer (Dixon, 1983).

Berekeninge geskied met behulp van 'n standaard BMDP-rekenaarprogram. Programmeringstransformasies wat aangewend

word ten opsigte van die eksperimentele asook die kontrolegroep sien as volg daaruit:

$$\bar{\mu}_{vx} = \bar{\mu}_{n1} - \bar{\mu}_{v1} \quad \text{en} \quad \bar{\mu}_{n2} = \bar{\mu}_{n1} - \bar{\mu}_{o1}$$
$$\bar{\mu}_{n2} - \bar{\mu}_{v2} = \bar{\mu}_{n2} - \bar{\mu}_{o2}$$
$$\bar{\mu}_{n3} - \bar{\mu}_{v3} = \bar{\mu}_{n3} - \bar{\mu}_{o3}$$
$$\bar{\mu}_{n4} - \bar{\mu}_{v4} = \bar{\mu}_{n4} - \bar{\mu}_{o4}$$

en $\bar{\mu}_{ov} = \bar{\mu}_{o1} - \bar{\mu}_{v1}$ waar 1 = Egtheid (Carkhuffskale)
$\bar{\mu}_{o2} - \bar{\mu}_{v2}$ 2 = Respek (Carkhuffskale)
$\bar{\mu}_{o3} - \bar{\mu}_{v3}$ 3 = Empatie (Carkhuffskale)
$\bar{\mu}_{o4} - \bar{\mu}_{v4}$ 4 = Semantiese differensiaal
$\bar{\mu}_{o5} - \bar{\mu}_{v5}$ 5 = Huweliksintegrasievraelys

Die nul- en alternatiewe hipotese 4B, 5B, 6B, 7B, 8B en 9B word getoets met behulp van die McNemar-toets, deurdat daar sprake is van verskillende metings van dieselfde groepe en frekwensiegevalle wat in bepaalde kategorieë van 'n digotomiese veranderlike voorkom (Huysamen, 1980; Siegel, 1956).

Die McNemar-toetsstatistiek van hierdie toets word as volg bereken (Huysamen, 1980, p. 154)

$$\chi^2_m = \frac{[(a - d) - 1]^2}{a + d}$$

waar die waardes a en d uit 'n gebeurlikheidstabel vir afgepaarde tellings verkry word, wat as volg daar uitsien:

Telling van die nameting

		0	1	
Telling van die voormeting	1	a	b	a + b
	0	c	d	c + d
		a+c	b+d	N

6.3.7.5 Vergelyking van die kontrolegroep ten opsigte van die voor-, na- en opvolgmetings

Indien die alternatiewe hipoteses 1A en 1B aanvaar word, verskil die eksperimentele en kontrolegroep voor die programtoepassing ten opsigte van die verskillende aspekte van die afhanklike veranderlikes. Die eksperimentele ontwerp maak in sodanige geval voorsiening daarvoor dat elke groep as sy eie kontrole kan dien.

Die hipoteses wat in verband met die begrypende houdings relatief tot die "ander" (Porterskale) geformuleer word (parallel tot die hipoteses 10A, 11A, 12A, 13A, 14A en 15A wat verwys na die afhanklike veranderlikes), is soortgelyk aan hipoteses 4B, 5B, 6B, 7B, 8B en 9B (sien afdelings 6.3.7.3 en 6.3.7.4) en word as sodanig voorgehou. Laasgenoemde hipoteses word dus geoperasionaliseer afgesien daarvan of die eksperimentele groep tydens die voormetings gelykwaardig (Nulhipotese 1B) is al dan nie (Alternatiewe hipotese 1B).

Onder die omstandighede van 'n ongelyke eksperimentele en kontrolegroep voor die programtoepassing, kan die volgende hipoteses met betrekking tot die kontrolegroep geformuleer word.

A. Nulhipotese 10A

Daar bestaan geen verskil in die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes, tussen die voor- en nametings van die kontrolegroep nie.

$$Ho\ 10A\ :\ \bar{\mu}_{vk} = \bar{\mu}_{nk}$$

B. Alternatiewe hipotese 10B

Daar bestaan 'n beduidende verskil in die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes, tussen die voor- en nametings van die kontrolegroep.

Ha 10A : $\bar{\mu}_{vk} \neq \bar{\mu}_{nk}$

C. Nulhipotese 4B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die voor- en nametings van die kontrolegroep nie.

D. Alternatiewe hipotese 4B

Daar bestaan 'n verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die voor- en nametings van die kontrolegroep.

E. Nulhipotese 11A

Daar bestaan geen verskil in die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes, tussen die voor- en opvolgmetings van die kontrolegroep nie.

Ho 11A : $\bar{\mu}_{vk} = \bar{\mu}_{ok}$

F. Alternatiewe hipotese 11A

Daar bestaan 'n beduidende verskil in die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes, tussen die voor- en opvolgmetings van die kontrolegroep.

Ha 11A : $\bar{\mu}_{vk} \neq \bar{\mu}_{ok}$

G. Nulhipotese 5B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die voor- en opvolgmetings van die kontrolegroep nie.

H. Alternatiewe hipotese 5B

Daar bestaan 'n verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die voor- en die opvolgmetings van die kontrolegroep.

I. Nulhipotese 12A

Daar bestaan geen verskil in die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes, tussen die na- en opvolgmetings van die kontrolegroep nie.

$$Ho\ 12A : \bar{\mu}_{nk} = \bar{\mu}_{ok}$$

J. Alternatiewe hipotese 12A

Daar bestaan 'n beduidende verskil in die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes, tussen die na- en opvolgmetings van die kontrolegroep.

$$Ha\ 12A : \bar{\mu}_{nk} \neq \bar{\mu}_{ok}$$

K. Nulhipotese 6B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die na- en opvolgmetings van die kontrolegroep nie.

L. Alternatiewe hipotese 6B

Daar bestaan 'n verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die na- en opvolgmetings van die kontrolegroep.

6.3.7.6 Vergelyking van die eksperimentele groep ten opsigte van die voor-, na- en opvolgmetings

Indien die alternatiewe hipoteses 1A en 1B aanvaar word, word die volgende hipoteses met betrekking tot moontlike veranderinge in die geval van die eksperimentele groep geformuleer.

A. Nulhipotese 13A

Daar bestaan geen verskil in die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes, tussen die voor- en nametings van die eksperimentele groep nie.

Ho 13A : $\bar{\mu}_{v=} = \bar{\mu}_{n=}$

B. Alternatiewe hipotese 13A

Daar bestaan 'n beduidende verskil in die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes, tussen die voor- en nametings van die eksperimentele groep.

Ha 13A : $\bar{\mu}_{v=} \neq \bar{\mu}_{n=}$

C. Nulhipotese 7B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die voor- en nametings van die eksperimentele groep nie.

D. Alternatiewe hipotese 7B

Daar bestaan 'n verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die voor- en nametings van die eksperimentele groep.

E. Nulhipotese 14A

Daar bestaan geen verskil in die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes, tussen die voor- en opvolgmetings van die kontrolegroep nie.

$$Ho\ 14A : \bar{\mu}_{v\bullet} = \bar{\mu}_{o\bullet}$$

F. Alternatiewe hipotese 14A

Daar bestaan 'n beduidende verskil in die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes, tussen die voor- en opvolgmetings van die eksperimentele groep.

$$Ha\ 14A : \bar{\mu}_{v\bullet} \neq \bar{\mu}_{o\bullet}$$

G. Nulhipotese 8B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die voor- en opvolgmetings van die eksperimentele groep nie.

H. Alternatiewe hipotese 8B

Daar bestaan 'n beduidende verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die voor- en die opvolgmetings van die eksperimentele groep.

I. Nulhipotese 15A

Daar bestaan geen verskil in die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes, tussen die na- en opvolgmetings van die kontrolegroep nie.

Ho 15A : $\bar{\mu}_{na} = \bar{\mu}_{op}$

J. Alternatiewe hipotese 15A

Daar bestaan 'n beduidende verskil in die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes, tussen die na- en opvolgmetings van die eksperimentele groep.

Ha 15A : $\bar{\mu}_{na} \neq \bar{\mu}_{op}$

K. Nulhipotese 9B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die na- en opvolgmetings van die eksperimentele groep nie.

L. Alternatiewe hipotese 9B

Daar bestaan 'n verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die na- en opvolgmetings van die eksperimentele groep.

Om die data van die nul- en alternatiewe hipoteses 10A, 11A, 12A, 13A, 14A en 15A te verwerk, word Hotelling se T^2-toets vir afhanklike groepe aangewend. Berekeninge geskied met behulp van 'n rekenaarprogram wat aangepas is vanaf die program vir die T^2-toets vir onafhanklike groepe (Morrison, 1976) deur die RGN se Instituut vir Statistiese Navorsing (Du Toit, 1983).


Die parallelle nul- en alternatiewe hipoteses 4B, 5B, 6B, 7B, 8B en 9B word getoets met behulp van die McNemar-toets,

deurdat daar sprake is van verskillende metings van dieselfde groepe en frekwensiegevalle wat in bepaalde kategorieë van 'n digotomiese veranderlike voorkom (Huysamen, 1980; Siegel, 1956).


Die beskrywing en die vergelyking van die eksperimentele groep ten opsigte van die voor-, na- en opvolgmetings, verteenwoordig die laaste komponent van die uiteensetting van die hipotesestelling en data-analise. Die struktuur en verloop van die statistiese beslissingsmodel in geheel, in die geval van gelyke voormetings, word diagrammaties voorgestel in Figuur 6.3. Daaropvolgend word die statistiese beslissingsmodel in die geval van ongelyke voormetings, diagrammaties voorgestel in Figuur 6.4.

In Figuur 6.3 en 6.4 word die hipoteses in pare aangedui tydens die onderskeie evalueringsmomente van die statistiese beslissingsmodel. Hipoteses wat in elke paar in die eerste plek aangedui word (xA) verwys deurgaans na die metings op die Carkhuffskale, die semantiese differensiaal en die huweliksintegrasievraelys, terwyl parallelle hipoteses wat in die tweede plek aangedui word (xB) verwys na die metings op die Porterskale. Die afwesigheid van die huweliksintegrasievraelys gedurende die nametings is opvallend.

Uit Figuur 6.3 blyk dit dat dié eksperimentele en kontrolegroep aanvanklik vergelyk word ten opsigte van die voormetings (hipotese 1A en 1B). Indien die eksperimentele en kontrolegroep gelyk is ten opsigte van die voormetings, volg verdere vergelykings wat opeenvolgend die volgende behels: vergelyking van die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van die na- en opvolgmetings (hipotese 2 en 3); vergelyking van die kontrolegroep ten opsigte van die verskille tussen die voor-, na- en opvolgmetings (hipoteses 4 tot 6), asook veral in die geval van die aanvaarding van die nulhipoteses 4 tot 6, vergelyking van die eksperimentele groep ten opsigte van die verskille tussen die voor-, na- en opvolgmetings (hipoteses 7 tot 9).



FIGUUR 6.3: DIE STATISTIESE BESLISSINGSMODEL IN DIE GEVAL VAN GELYKE VOORMETINGS



FIGUUR 6.4: DIE STATISTIESE BESLISSINGSMODEL IN DIE GEVAL VAN ONGELYKE VOORMETINGS

Uit Figuur 6.4 blyk dit dat, indien die eksperimentele en kontrolegroep ongelyk is ten opsigte van die voormetings, die volgende verdere vergelykings volg: vergelyking van die kontrolegroep ten opsigte van die voor-, na- en opvolgmetings (hipoteses 10A, 11A en 12A en parallelle hipoteses 4B, 5B en 6B), asook vergelyking van die eksperimentele groep ten opsigte van die voor-, na- en opvolgmetings (13A, 14A, 15A en parallelle hipoteses 7B, 8B en 9B).

Met hierdie uiteensetting van die hipotesestelling en data-analise, in kombinasie met die eksperimentele prosedures, eksperimentele ontwerp, die steekproef en die veranderlikes, word die voorstelling van die eksperimentele navorsings-evaluering voltooi. Aanvullend tot die beskouing van terugvoer in die ontwikkelingsnavorsingsevaluering, word daar volstaan met die rapportering van die eksperimentele navorsingsmetode van ondersoek as komponent van die probleemoplossingsevaluering van hierdie studie. Die resultate van die evalueringsondersoek asook die betekenis van die resultate, bly onaangespreek.

6.4 SAMEVATTING


Die doelstellings van hierdie studie is inleidend tot hierdie hoofstuk beskou. In reaksie op die doelstelling van belang vir hierdie moment in die studie, word verskillende stellings geformuleer, naamlik: dit is moontlik om ondersoek in te stel na die effektiwiteit van die probleem wat gestel word; terugvoertoepassing van uitvloeisels van evaluerende ontwikkelingsaksies enersyds en empiriese effektiwiteitsevaluering andersyds is moontlik teen die agtergrond van uiteenlopende maar aanvullende metodologiese navorsingsraamwerke en hierdie navorsingstoepassings het eiesoortige resultate en gepaardgaande betekenisse tot gevolg.

Hierdie stellingsformulering het gedien as besprekingsriglyne in hierdie hoofstuk. In die uiteensetting van terugvoer in 'n ontwikkelingsnavorsingsevaluering is die

volgende evalueringselemente omskryf: 'n vorige studie as loodsstudie, insette aangaande die program en deskundiges asook groeplidbydraes in hierdie verband. Wat die terugvoering van eksperimentele navorsing betref, is die volgende aspekte beskou: 'n intervensie-evalueringsperspektief, die veranderlikes, eksperimentele ontwerp, steekproeftrekking, die eksperimentele prosedure asook die hipotesestelling en data-analise.

Daar bestaan 'n behoefte om die resultate van die metode van ondersoek as evaluering van die probleem van hierdie studie in oënskou te neem, ten opsigte van beide die ontwikkelings- en eksperimentele navorsingsbenaderings. Dit kom in die volgende hoofstuk ter sprake.

AFDELING V : EVALUERING VAN DIE PROBLEEMOPLOSSING



HOOFSTUK 7

'N PROBLEEMOPLOSSINGSEVALUERING : RESULTATE EN INTERPRETASIE

7.1 INLEIDING

Die doelstellings van hierdie studie (die ontwikkeling en die evaluering van 'n huweliksverrykingsprogram met inagneming van die verskillende egpaarontwikkelingstadia) word geformuleer as:

(a) 'n Teoretiese verkenning en voorstelling van egpaarinteraksie-ontwikkeling.

(b) 'n Praktykgeoriënteerde bepaling met betrekking tot egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies en toepassing.

(c) Die identifisering en uiteensetting van 'n onderliggende waardesisteem van die huwelik.

(d) 'n Teoretiese integrasie en teorie-bou met betrekking tot die ontwikkeling van egpaarinteraksie.

(e) Die skep, ontwikkeling en verfyning van 'n toepaslike huweliksverrykingsprogram met betrekking tot egpaarinteraksie in gesinsontwikkelingskonteks.

(f) 'n Empiriese evaluering van die program om die geldigheid van die teorie en die praktykprogram te bepaal.

In die nastreef van die doelstellings, is daar in die voorafgaande hoofstukke aandag gegee aan die volgende:

(a) 'n Teoretiese agtergrond tot die probleem: 'n Ontwikkelingsperspektief tot egpaarinteraksie (hoofstuk 1).

(b) 'n Praktykgeoriënteerde agtergrond tot die probleem: Egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies (hoofstuk 2).

(c) 'n Praktykgeoriënteerde agtergrond tot die probleem: Egpaarinteraksie-intervensietoepassing in groepverband (hoofstuk 3).

(d) 'n Doelmatige probleemtema: Die Christenhuwelik (hoofstuk 4).

(e) 'n Teoretiese en praktykgeoriënteerde probleemoplossing: Egpaarinteraksie-ontwikkeling en gesinsontwikkeling vir egpare (hoofstuk 5).

(f) Evaluering van die probleemoplossing: Metode van ondersoek (hoofstuk 6).

Die laasgenoemde hoofstuk (6) wat handel oor die metode van ondersoek met betrekking tot die evaluering van die probleemoplossing, spreek die empiriese evalueringsdoelstelling slegs gedeeltelik aan. Daar behoort ondersoek ingestel te word na die resultate en betekenis daarvan, wat spruit uit die metodes van ondersoek na die effektiwiteit van die praktykprogram en die onderliggende teorie, waarin daar

sprake is van twee uiteenlopende maar aanvullende metodologiese strategieë.

In hierdie hoofstuk wat handel oor die resultate en interpretasie daarvan, word daar aandag gegee aan die volgende aspekte: die resultate van die ontwikkelingsnavorsingsevaluering, resultate van die eksperimentele navorsingsevaluering, die interpretasie van die resultate van die ontwikkelingsnavorsingsevaluering van die praktykmodel, die interpretasie van die resultate van die eksperimentele navorsingsevaluering van die praktykmodel en 'n samevatting. Die rapportering van die resultate van die ontwikkelingsnavorsingsevaluering geniet eerstens aandag.

7.2 ONTWIKKELINGSNAVORSINGSEVALUERING : RESULTATE

In die vorige hoofstuk (6), wat handel oor die metode van ondersoek na die evaluering van die probleemoplossing, het die terugvoerkomponent as evaluering van die proses van die ontwikkelingsnavorsingsbenadering (wat vooropgestel staan in die programevaluering in hoofstuk 5) ter sprake gekom. Wat die terugvoering in ontwikkelingsnavorsingsverband betref, is tweërlei beskouinge van toepassing. Eerstens 'n pre-eksperimentele taksering in die ontwikkeling en verfyning van die huweliksverrykingsprogram (gesinsontwikkeling vir egpare), indirek aan die hand van 'n voorafgaande studie as loodsstudie en direk deur middel van die aanbevelings van outoriteite op die gebied van psigo-opleiding met onder meer 'n teologiese komponent. Die pre-eksperimentele taksering in ontwikkelingsnavorsingsverband resulteer in die bestaande vorme van die volgende entiteite van die huweliksverrykingspakket in geheel: gesinsontwikkeling vir egpare, 'n handleiding vir groepleiers (Bylaag 2A); gesinsontwikkeling vir egpare, 'n werkboek vir groeplede (Bylaag 2B); gesins- en egpaarontwikkeling (Bylaag 2C), die Christen-huwelik (Bylaag 2D) asook huwelikskommunikasie (Bylaag 2E) (sien afdelings 5.6.3 en 5.6.4). Tweedens vind post-eksperimentele terugvoering plaas met behulp van die

programevaluering (semantiese differensiale). Die post-eksperimentele terugvoering is dus gerig op die uitkoms van die pre-eksperimentele evaluering.

Die resultate van die post-eksperimentele programevaluering in die vorm van die programevaluering, word voorgestel in Tabel 6.1 tot Tabel 6.6 waarin die volgende komponente geëvalueer word.

(a) Tabel 7.1: Evaluering van die inhoud van die werkboek (ingesluit "Gesins- en egpaarontwikkeling" en "Die Christenhuwelik").

(b) Tabel 7.2: Evaluering van die aanbieding van die werkboek.

(c) Tabel 7.3: Evaluering van die modellering ("Huweliks-kommunikasie").

(d) Tabel 7.4: Evaluering van die individuele, egpaar- en groepaktiwiteite.

(e) Tabel 7.5: Evaluering van die groepgesprekke.

(f) Tabel 7.6: Evaluering van die aanbieder.


Vir die doeleindes van die voorstelling van hierdie resultate, word positiewe items op die evalueringskale regs getabuleer met die teenoorgestelde negatiewe items aan die linkerkant, as die uiteindes van die sewepuntskaal. Die waardes wat teenoor alle bipolêre items van elke vraelys aangebring is en verbind is deur middel van 'n grafiese lyn, is die gemiddelde waardes soos deur alle groeplede vir elke item aangedui is.

Items waar 'n positiewe evaluering deur gemiddelde waardes op die skaal verteenwoordig word, word met 'n asterisk aangedui. Andersins dui 'n groter waarde aan die boonste

uiteinde van die skaal op 'n positiewe evaluering van die betrokke programkomponent en omgekeerd.

TABEL 7.1: EVALUERING VAN DIE INHOUD VAN DIE WERKBOEK

Item	Waarde	Item
	1 2 3 4 5 6 7	
Onnodig		Nodig
Onbruikbaar		Bruikbaar
Ontoepaslik		Toepaslik
Ongeorden		Georden
Oninteressant		Interessant
Nutteloos		Nuttig
Droog		Boeiend
Onverstaanbaar		Verstaanbaar
Saai		Pittig
Onsamehangend		Samehangend
Moeilik*		Maklik*
Teoreties		Prakties
Te veel*		Te min*
Oppervlakkig		Indringend
Onbekend*		Bekend*



'n Analise van die resultate wat verkry is uit hierdie vraelys, dui op 'n oorwegend positiewe patroon van evaluerende response, ten opsigte van die inhoud van die werkboek (insluitende "Gesins- en egpaarontwikkeling" en "Die Christenhuwelik").


TABEL 7.2: EVALUERING VAN DIE AANBIEDING VAN DIE WERKBOEK

Item	Waarde	Item
	1 2 3 4 5 6 7	
Onnodig		Nodig
Onbruikbaar		Bruikbaar
Ontoepaslik		Toepaslik
Ongeorden		Georden
Oninteressant		Interessant
Nutteloos		Nuttig
Droog		Boeiend
Onverstaanbaar		Verstaanbaar
Saai		Pittig
Onsamehangend		Samehangend
Maklik*		Moeilik*
Teoreties		Prakties
Te min*		Te veel*
Oppervlakkig		Indringend
Onbekend*		Bekend*

'n Analise van die resultate wat verkry is uit hierdie vraelys, dui op 'n oorwegend positiewe patroon van evaluerende response, ten opsigte van die aanbieding van die werkboek (insluitende "Egpaar- en gesinsontwikkeling" en "Die Christenhuwelik").


TABEL 7.3: EVALUERING VAN DIE MODELLERING

Item	Waarde	Item
	1 2 3 4 5 6 7	
Ontoepaslik		Toepaslik
Onduidelik		Duidelik
Te lank*		Te kort*
Verwarrend		Duidelik
Vervelig		Interessant
Te min*		Te veel*
Onrealisties		Realisties
Swak geplaas		Goed geplaas
Geforseerd		Natuurlik
Droog		Boeiend
Te maklik*		Te moeilik*
Swak*		Goed*
Mislukking		Suksesvol
Oorbodig		Noodsaaklik
Nie-doelgerig		Doelgerig



'n Analise van die resultate wat verkry is uit hierdie vraelys, dui op 'n oorwegend positiewe patroon van evaluerende response, ten opsigte van die modellering ("Huwelikskommunikasie"). 'n Item wat hiervan afwyk is die onvoldoende mate van natuurlikheid wat huweliksmaats ervaar het.


TABEL 7.4: EVALUERING VAN INDIVIDUELE, EGPAAR- EN GROEPAKTIWITEITE

Item	Waarde	Item
	1 2 3 4 5 6 7	
Ontoepaslik		Toepaslik
Onnodig		Nodig
Onbruikbaar		Bruikbaar
Te min*		Te veel*
Vervelig		Interessant
Swak geplaas		Goed geplaas
Geforseerd		Natuurlik
Droog		Boeiend
Oorbodig		Noodsaaklik
Onrealisties		Realisties
Onverstaanbaar		Verstaanbaar
Afgesaag		Stimulerend
Oppervlakkig		Insiggewend
Eenvoudig*		Ingewikkeld*
Teoreties		Prakties

'n Analise van die resultate wat verkry is uit hierdie vraelys, dui op 'n oorwegend positiewe patroon van evaluerende response, ten opsigte van die individuele, egpaar- en groepaktiwiteite. Na aanleiding van die aanvullende kommentaar, blyk dit dat daar 'n behoefte bestaan aan meer private egpaaraktiwiteite, veral gedurende die latere fases van die program.

TABEL 7.5: EVALUERING VAN DIE GROEPGESPREKKE

Item	Waarde	Item
	1 2 3 4 5 6 7	
Ontoepaslik		Toepaslik
Onnodig		Nodig
Onbruikbaar		Bruikbaar
Te min*		Te veel*
Vervelig		Interessant
Swak geplaas		Goed geplaas
Onnatuurlik		Natuurlik
Bedreigend		Nie-bedreigend
Oorbodig		Noodsaaklik
Onvanpas		Gepas
Ondoeltreffend		Doeltreffend
Afgesaag		Stimulerend
Oppervlakkig		Insiggewend
Bydraend tot groei		Nie-bydraend tot groei
Te kort*		Te lank*



'n Analise van die resultate wat verkry is uit hierdie vraelys, dui op 'n algehele positiewe patroon van evaluerende response ten opsigte van die groepgesprekke.

TABEL 7.6: EVALUERING VAN DIE AANBIEDER

Item	Waarde	Item
	1 2 3 4 5 6 7	
Onvriendelik		Vriendelik
Onbekwaam		Bekwaam
Gespanne		Ontspanne
Somber		Humoristies
Te haastig*		Te stadig*
Onaangenaam		Aangenaam
Onbegrypend		Begrypend
Hulpeloos		Vaardig
Oneg		Eg
Geforseerd		Spontaan
Langdradig		Bondig
Verwarrend		Duidelik
Onbehulpsaam		Behulpsaam
Herhalend		Nie-herhalend
Voorskrywend*		Nie-voorskrywend*

'n Analise van die resultate wat verkry is uit hierdie vraelys, dui op 'n algehele positiewe patroon van evaluerende response ten opsigte van die aanbieder.

Die resultate van die ontwikkelingsnavorsingevaluering, soos met behulp van die programevaluering gemeet is, toon oorwegend positiewe patrone van evaluerende response. Hierdie positiewe patrone geld vir die evaluering van al die verskillende aspekte van die program, naamlik die inhoud van die werkboek (en gepaardgaande videomateriaal), die aanbieding van die werkboek, die modellering, die individuele,

egpaar- en groepaktiwiteite, die groepgesprekke en die aanbieder.

Die resultate van die ontwikkelingsnavorsingsevaluering het aandag geniet. Die resultate van die eksperimentele navorsingsevaluering word in die volgende afdeling voorgehou.

Elemente wat opeenvolgend uiteengesit word, is die resultate met betrekking tot die Carkhuffskale, die semantiese differensiaal en die huweliksintegrasievraelys asook die resultate met betrekking tot die Porterskale.

7.3 EKSPERIMENTELE NAVORSINGSEVALUERING : RESULTATE

Die resultate met betrekking tot die Carkhuffskale, die semantiese differensiaal en die huweliksintegrasievraelys word vervolgens gerapporteer. Dit geskied by wyse van die beskrywing van die steekproef, resultate van die hipotesetoetsing en grafiese voorstelling van die beskrywende resultate.

7.3.1 Resultate met betrekking tot die Carkhuffskale, die semantiese differensiaal en die huweliksintegrasievraelys

7.3.1.1 Beskrywing van die steekproef

Vir die doeleindes van die beskrywing van die data kan dit van waarde wees om die steekproef in terme van rekenkundige gemiddeldes, standaardafwykings en korrelasiekoëffisiënte te beskryf. Die steekproef word as volg in Tabel 7.7 tot Tabel 7.13 beskryf.

(a) Tabel 7.7: Beskrywing van die steekproef ten opsigte van die voormetings.
(b) Tabel 7.8: Beskrywing van die steekproef ten opsigte van die nametings.

(c) Tabel 7.9: Beskrywing van die steekproef ten opsigte van die opvolgmetings.

(d) Tabel 7.10: Beskrywing van die steekproef ten opsigte van die verskil tussen die na- en voormetings.

(e) Tabel 7.11 Beskrywing van die steekproef ten opsigte van die verskil tussen die opvolg- en voormetings.

(f) Tabel 7.12 Beskrywing van die steekproef ten opsigte van die verskil tussen die na- en opvolgmetings.

(g) Tabel 7.13 Korrelasiekoëffisiënte met betrekking tot die afhanklike veranderlikes ten opsigte van onderskeidelik die eksperimentele en kontrolegroep.

Die maksimum waardes met betrekking tot die tellings gerapporteer vir die Carkhuffskale, die semantiese differensiaal en huweliksintegrasie is deurgaans 100.

TABEL 7.7 BESKRYWING VAN DIE STEEKPROEF TEN OPSIGTE VAN DIE VOOR-METINGS

Veranderlike	Eksperimentele groep		Kontrolegroep	
	Rekenkundige gemiddelde	Standaard-afwyking	Rekenkundige gemiddelde	Standaard afwyking
Carkhuffskale				
Egtheid	20,1851	5,7825	20,1295	6,3277
Respek	19,9998	4,8096	20,2776	5,4993
Empatie	21,0554	4,9733	20,9073	5,7962
Semantiese differensiaal	45,2220	10,5038	45,1109	11,0637
Huweliks-integrasie	46,1295	14,8567	46,0183	14,3653

TABEL 7.8: BESKRYWING VAN DIE STEEKPROEF TEN OPSIGTE VAN DIE NAMETINGS

Veranderlike	Eksperimentele groep		Kontrolegroep	
	Rekenkundige gemiddelde	Standaard-afwyking	Rekenkundige gemiddelde	Standaard afwyking
Carkhuffskale				
Egtheid	26,9813	9,8105	20,0554	5,6550
Respek	25,7776	9,6245	20,0739	5,6996
Empatie	24,0924	9,4954	21,1295	7,6555
Semantiese differensiaal	52,5739	16,3750	45,0554	12,8716

TABEL 7.9: BESKRYWING VAN DIE STEEKPROEF TEN OPSIGTE VAN DIE OPVOLG-METINGS

Veranderlike	Eksperimentele groep		Kontrolegroep	
	Rekenkundige gemiddelde	Standaard-afwyking	Rekenkundige gemiddelde	Standaard afwyking
Carkhuffskale				
Egtheid	23,9628	8,7243	20,0184	6,5747
Respek	22,4999	10,8206	20,1480	5,8774
Empatie	23,5924	8,4643	21,1295	7,1851
Semantiese differensiaal	51,4072	10,2948	45,0924	8,6359
Huweliks-integrasie	53,9072	8,7033	46,2220	13,3116

TABEL 7.10: BESKRYWING VAN DIE STEEKPROEF TEN OPSIGTE VAN DIE VERSKIL TUSSEN DIE NA- EN VOORMETINGS

Veranderlike	Eksperimentele groep		Kontrolegroep	
	Rekenkundige gemiddelde	Standaard-afwyking	Rekenkundige gemiddelde	Standaard afwyking
Carkhuffskale				
Egtheid	6,7963	4,8032	-0,0741	3,4028
Respek	5,7778	4,8938	-0,2037	2,5431
Empatie	3,0370	4,9828	0,2222	3,8000
Semantiese differensiaal	7,3518	7,5340	-0,0556	4,9883

TABEL 7.11: BESKRYWING VAN DIE STEEKPROEF TEN OPSIGTE VAN DIE VERSKIL TUSSEN DIE OPVOLG- EN VOORMETINGS

Veranderlike	Eksperimentele groep		Kontrolegroep	
	Rekenkundige gemiddelde	Standaard-afwyking	Rekenkundige gemiddelde	Standaard afwyking
Carkhuffskale				
Egtheid	3,7778	4,3074	-0,1111	3,6892
Respek	2,5000	7,6989	-0,1296	4,9068
Empatie	2,5370	3,7653	0,2222	1,8497
Semantiese differensiaal	6,1852	6,3426	-0,0185	3,2823
Huweliks-integrasie	7,7778	8,7279	0,2037	7,0266

TABEL 7.12: BESKRYWING VAN DIE STEEKPROEF TEN OPSIGTE VAN DIE VERSKIL TUSSEN DIE NA- EN OPVOLGMETINGS

Veranderlike	Eksperimentele groep		Kontrolegroep	
	Rekenkundige gemiddelde	Standaard-afwyking	Rekenkundige gemiddelde	Standaard afwyking
Carkhuffskale				
Egtheid	3,0185	2,3512	0,0370	4,2023
Respek	3,2778	6,6059	-0,0741	3,6022
Empatie	0,5000	2,3772	-0,0000	3,4422
Semantiese differensiaal	1,1667	9,1954	-0,0370	5,1357

TABEL 7.13: KORRELASIEKOËFFISIËNTE MET BETREKKING TOT DIE AFHANKLIKE VERANDERLIKES TEN OPSIGTE VAN ONDERSKEIDELIK DIE EKSPERIMENTELE EN KONTROLEGROEP

Meting	Veranderlikes	a	b	c	d	e	f	g	h	i	j	k	l	m	n	
Voor	a Egtheid (Carkhuffskale)		,94	,93	,92	,87	,94	,93	,94	,86	,90	,73	,93	,77	,79	EKSPERIMENTELE GROEP
	b Respek (Carkhuffskale)	,85		,99	,97	,90	,98	,99	,96	,90	,94	,78	,98	,84	,88	
	c Empatie (Carkhuffskale)	,95	,90		,97	,89	,97	,99	,95	,90	,94	,77	,98	,84	,88	
	d Semantiese differensiaal	,90	,79	,92		,95	,99	,98	,97	,94	,98	,85	,98	,81	,87	
	e Huweliks-integrasie	,76	,64	,79	,82		,94	,91	,95	,90	,93	,91	,92	,81	,85	
na	f Egtheid (Carkhuffskale)	,85	,78	,88	,98	,75		,98	,99	,94	,98	,83	,98	,84	,88	EKSPERIMENTELE GROEP
	g Respek (Carkhuffskale)	,95	,90	,99	,92	,79	,88		,96	,91	,96	,79	,99	,83	,88	
	h Empatie (Carkhuffskale)	,85	,77	,88	,98	,79	,98	,88		,93	,96	,82	,97	,86	,89	
	i Semantiese differensiaal	,94	,86	,97	,92	,85	,88	,97	,89		,91	,88	,88	,86	,90	
opvolg	j Egtheid (Carkhuffskale)	,84	,86	,89	,78	,64	,77	,88	,77	,84		,82	,96	,77	,84	
	k Respek (Carkhuffskale)	,78	,63	,81	,80	,85	,71	,81	,74	,84	,63		,78	,73	,77	
	l Empatie (Carkhuffskale)	,94	,89	,98	,92	,83	,87	,98	,89	,98	,88	,83		,80	,86	
	m Semantiese differensiaal	,93	,83	,95	,98	,87	,93	,95	,96	,96	,81	,86	,97		,98	
	n Huweliks-integrasie	,94	,85	,97	,95	,87	,89	,97	,91	,97	,83	,85	,98	,99		
		KONTROLEGROEP						KONTROLEGROEP								

7.3.1.2 Resultate van die hipotesetoetsing

A. Vergelyking van die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van die voormetings

Met die doel om vas te stel of die eksperimentele en kontrolegroep voor die toepassing van die program, gelyk is ten opsigte van die metings op die Carkhuffskale, die semantiese differensiaal en die huweliksintegrasievraelys, word die volgende hipoteses getoets.

(a) Ho 1A : $\bar{\mu}_{ve} = \bar{\mu}_{vk}$

(b) Ha 1A : $\bar{\mu}_{ve} \neq \bar{\mu}_{vk}$

waar

$\bar{\mu}_{ve}$ = die vektor van gemiddeldes ($\bar{\mu}$) van die afhanklike veranderlikes tydens die voormetings (v) van die eksperimentele groep (e)

en

$\bar{\mu}_{vk}$ = die vektor van gemiddeldes ($\bar{\mu}$) van die afhanklike veranderlikes tydens die voormetings (v) van die kontrolegroep (k).

Hierdie hipoteses word getoets met behulp van Hotelling se T^2-toets. Die resultate wat verkry is, word voorgestel in Tabel 7.14.

TABEL 7.14: HOTELLING T^2-TOETSRESULTATE VOOR DIE PROGRAM-TOEPASSING TEN OPSIGTE VAN DIE EKSPERIMENTELE EN KONTROLEGROEP

Toetsstatistiek	Waarde
T^2	1,7185
F	0,3307

* $p \leq 0,05$ Grade van vryheid : 5, 102,0

** $p \leq 0,01$

Uit die gegewens in Tabel 7.14 blyk dit dat F = 0,3307 met grade van vryheid : 5, 102,0 nie beduidend is nie. Die nulhipotese 1A word dus aanvaar. Dit impliseer dat die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes van die eksperimentele groep nie beduidend verskil van die kontrolegroep tydens die voormetings nie. Die twee groepe is dus voor die aanbieding van die program met betrekking tot die metings op die afhanklike veranderlikes, gelyk. In die lig van hierdie resultate kan die na- asook die opvolgmetings van die eksperimentele en kontrolegroep met mekaar vergelyk word.

B. Vergelyking van die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van die na- en opvolgmetings

Ten einde te bepaal of die eksperimentele en kontrolegroep na die aanbieding van die program, gelyk is ten opsigte van die metings op die Carkhuffskale, die semantiese differensiaal en huweliksintegrasievraelys, word die volgende hipoteses getoets:

(a) Ho 2A : $\bar{\mu}_{ne} = \bar{\mu}_{nk}$

(b) Ha 2A : $\bar{\mu}_{ne} \neq \bar{\mu}_{nk}$

waar

$\bar{\mu}_{ne}$ = die vektor van gemiddeldes ($\bar{\mu}$) van die afhanklike veranderlikes tydens die nametings (n) van die eksperimentele groep (e)

en

$\bar{\mu}_{nk}$ = die vektor van gemiddeldes ($\bar{\mu}$) van die afhanklike veranderlikes tydens die nametings (n) van die kontrolegroep (k)

Hierdie hipoteses word getoets met behulp van Hotelling se T^2-toets. Die resultate wat verkry is, word voorgestel in Tabel 7.15.

TABEL 7.15: HOTELLING T^2-TOETSRESULTATE NA DIE PROGRAMTOEPASSING TEN OPSIGTE VAN DIE EKSPERIMENTELE EN KONTROLEGROEP

Toetsstatistiek	Waarde
T^2	149,0712
F	36,2130**

* $p \leq 0,05$ Grade van vryheid : 4, 103,0

** $p \leq 0,01$

Uit die gegewens in Tabel 7.15 blyk dit dat F = 36,2130 met grade van vryheid = 4, 103,0 hoogs beduidend is. Alternatiewe hipotese 2A word dus aanvaar. Dit impliseer dat die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes van die eksperimentele en kontrolegroep hoogs beduidend verskil na die aanbieding van die program.

Die twee groepe verskil dus in geheel na die aanbieding van die program. Weens hierdie verskil word 'n verdere ondersoek met behulp van 'n post hoc-ontleding gedoen, om die spesifieke verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroep te bepaal. In hierdie geval is t-toetse vir onafhanklike groepe aangewend. Die resultate wat verkry is, word in Tabel 7.16 voorgestel.

Uit die gegewens in Tabel 7.16 blyk dit dat t = 4,49 (egtheid), t = 3,75 (respek), t = 2,65 (semantiese differensiaal) hoogs beduidend is. Daarenteen is die t-waarde vir empatie (1,79) nie beduidend nie. Dit dui daarop dat die eksperimentele en kontrolegroep hoogs beduidend verskil na die toepassing van die program met betrekking tot die metings op drie van die vier afhanklike veranderlikes. Aan die hand van t-toetsresultate, blyk dit dus dat die metings van die eksperimentele groep met betrekking tot egtheid (Carkhuffskale), respek (Carkhuffskale) en die

semantiese differensiaal (bewustelike positiewe huweliks-houdings), baie betekenisvolle verskille na die program-toepassing met die metings van die kontrolegroep toon, wat toegeskryf mag word aan toenemende eksperimentele waardes.

TABEL 7.16: POST HOC-T-TOETSRESULTATE NA DIE PROGRAMTOE-PASSING TEN OPSIGTE VAN DIE EKSPERIMENTELE EN KONTROLEGROEP

Veranderlike	Eksperimentele groep		Kontrolegroep		t-waarde
	x	s	x	s	
Carkhuff					
Egtheid	26,9813	9,8105	20,0554	5,6550	4,49**
Respek	25,7776	9,6245	20,0739	5,6996	3,75**
Empatie	24,0924	9,4954	21,1295	7,6555	1,79
Semantiese differensiaal	52,5739	16,3750	45,0554	12,8716	2,65**

* $p \leq 0,05$

** $p \leq 0,01$

Ten einde te bepaal of die eksperimentele en kontrolegroep tydens die opvolgsessie, gelyk is ten opsigte van die metings op die Carkhuffskale, die semantiese differensiaal en huweliksintegrasievraelys, word die volgende hipoteses getoets:

(a) Ho 3A : $\bar{\mu}_{eo} = \bar{\mu}_{ek}$

(b) Ha 3A : $\bar{\mu}_{eo} \neq \bar{\mu}_{ek}$

waar

$\bar{\mu}_{eo}$ = die vektor van gemiddeldes ($\bar{\mu}$) van die afhanklike veranderlikes tydens die opvolgmetings (o) van die eksperimentele groep (e)

en

$\bar{\mu}_{o,k}$ = die vektor van gemiddeldes ($\bar{\mu}$) van die afhanklike veranderlikes tydens die opvolgmetings (o) van die kontrolegroep.

Hierdie hipoteses word getoets met behulp van Hotelling se T^2-toets. Die resultate wat verkry is, word voorgestel in Tabel 7.17.

TABEL 7.17: HOTELLING T^2-TOETSRESULTATE TYDENS DIE OPVOLGSESSIE TEN OPSIGTE VAN DIE EKSPERIMENTELE EN KONTROLEGROEP

Toetsstatistiek	Waarde
T^2	43,0499
F	8,2851**

* $p \leq 0,05$ Grade van vryheid : 5, 102,0

** $p \leq 0,01$

Uit die gegewens in Tabel 7.17 blyk dit dat F = 8,2851 met grade van vryheid = 5, 102,0 hoogs beduidend is. Alternatiewe hipotese 3A word dus aanvaar. Dit impliseer dat die vektor van gemiddeldes van die afhanklike veranderlikes van die eksperimentele en kontrolegroep hoogs beduidend verskil tydens die opvolgsessie.

Die twee groepe verskil dus in geheel tydens die opvolgsessie. Weens hierdie verskil word 'n verdere ondersoek met behulp van 'n post hoc-ontleding gedoen, om die spesifieke verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroep te bepaal. In hierdie geval is t-toetse vir onafhanklike groepe aangewend. Die resultate wat verkry is, word in Tabel 7.18 voorgestel.

TABEL 7.18: POST HOC-T-TOETSRESULTATE TYDENS DIE OPVOLG-METING TEN OPSIGTE VAN DIE EKSPERIMENTELE EN KONTROLEGROEP

Veranderlike	Eksperimentele groep		Kontrolegroep		t-waarde
	x	s	x	s	
Carkhuff					
Egtheid	23,9628	8,7243	20,0184	6,5747	2,65**
Respek	22,4999	10,8206	20,1480	5,8774	1,40
Empatie	23,5924	8,4643	21,1295	7,1851	1,63
Semantiese differensiaal	51,4072	10,2948	45,0924	8,6359	3,45**
Huweliksintegrasie	53,9072	8,7033	46,2220	13,3116	3,55**

* $p \leq 0,05$

** $p \leq 0,01$

Uit die gegewens in Tabel 7.18 blyk dit dat t = 2,65 (egtheid), t = 3,45 (semantiese differensiaal) en t = 3,55 (huweliksintegrasie) hoogs beduidend is. Daarenteen is die t-waardes vir respek (1,40) en empatie (1,63) nie beduidend nie. Dit dui daarop dat die eksperimentele en kontrolegroep hoogs beduidend verskil tydens die opvolgmeting met betrekking tot die metings op drie van die vyf die afhanklike veranderlikes. Aan die hand van die t-toetsresultate, blyk dit dus dat die metings van die eksperimentele groep met betrekking tot egtheid (Carkhuff-skale), die semantiese differensiaal (bewustelike positiewe huwelikshoudings) en huweliksintegrasie 'n baie betekenisvolle verskil tydens die opvolgsessie toon met die metings van die kontrolegroep, wat toegeskryf mag word aan hoër tellings wat deur die eksperimentele groep behaal is.

Uit hierdie resultate blyk dit dat die eksperimentele en kontrolegroep gelyk is tydens die voormetings, maar in breë trekke hoogs beduidend verskil tydens veral die na- asook die opvolgmetings met betrekking tot die grootste snit van die afhanklike veranderlikes weens die hoër tellings wat deur die eksperimentele groep behaal is. Teen die agtergrond van hierdie resultate kan die verskille tussen die na- en voormetings, die na- en opvolgmetings en die opvolg- en voormetings van elk van die twee groepe met mekaar vergelyk word.

C. Vergelyking van die kontrolegroep ten opsigte van die verskille tussen die voor-, na- en opvolgmetings

Met die doel om vas te stel wat die mate van verandering is wat binne een of beide die eksperimentele en die kontrolegroep voorkom, word die verskille tussen die metings binne elke groep bepaal.

Ten einde te bepaal wat die mate van verandering (indien enige) is tussen die na- en voormetings van die kontrolegroep ten opsigte van die metings op die Carkhuffskale en die semantiese differensiaal, word die volgende hipoteses getoets:

(a) Ho 4A : $\bar{\mu}_{xk} = \bar{0}$

(b) Ha 4A : $\bar{\mu}_{xk} \neq \bar{0}$

waar $\bar{\mu}_x = \bar{\mu}_n - \bar{\mu}_v$

Hierdie hipoteses word getoets met behulp van Hotelling se T^2-toets (1 groep). Die resultate wat verkry is, word voorgestel in Tabel 7.19.

TABEL 7.19: HOTELLING T^2-TOETSRESULTATE (1 GROEP) TEN OPSIGTE VAN DIE VERSKIL TUSSEN DIE NA- EN VOORMETINGS VAN DIE KONTROLEGROEP

Toetsstatistiek	Waarde
T^2	1,1674
F	0,2753

* $p \leq 0,05$ Grade van vryheid : 4, 50,0

** $p \leq 0,01$

Uit die gegewens in Tabel 7.19 blyk dit dat F = 0,2753 met grade van vryheid : 4, 50,0 nie beduidend is nie. Die nulhipotese 4A word dus aanvaar. Dit dui daarop dat die verskil in die vektor van gemiddeldes van die verskil tussen die afhanklike veranderlikes van die na- en voormetings van die kontrolegroep en die nulvektor nie beduidend is nie. Die mate waarin die na- en voormetings van die kontrolegroep verskil, is onbenullig.

Ten einde te bepaal wat die mate van verandering (indien enige) is tussen die opvolg- en voormetings van die kontrolegroep ten opsigte van die metings op die Carkhuffskale, die semantiese differensiaal en die huweliksintegrasievraelys, word die volgende hipoteses getoets.

(c) Ho 5A : $\bar{\mu}_{vk} = \bar{0}$

(d) Ha 5A : $\bar{\mu}_{vk} \neq \bar{0}$

waar $\bar{\mu}_v = \bar{\mu}_{na} - \bar{\mu}_v$

Hierdie hipoteses word getoets met behulp van Hotelling se T^2-toets (1 groep). Die resultate wat verkry is, word voorgestel in Tabel 7.20.

TABEL 7.20: HOTELLING T^2-TOETSRESULTATE (1 GROEP) TEN OPSIGTE VAN DIE VERSKIL TUSSEN DIE OPVOLG- EN VOORMETINGS VAN DIE KONTROLEGROEP

Toetsstatistiek	Waarde
T^2	1,0754
F	0,1988

* $p \leq 0,05$ Grade van vryheid : 5, 49,0

** $p \leq 0,01$

Uit die gegewens in Tabel 7.20 blyk dit dat F = 0,1988 met grade van vryheid : 5, 49,0 nie beduidend is nie. Die nulhipotese 5A word dus aanvaar. Dit beteken dat die verskil in die vektor van gemiddeldes van die verskil tussen die afhanklike veranderlikes van die opvolg- en die voormetings van die kontrolegroep en die nulvektor nie beduidend is nie. Die mate waarin die na- en opvolgmetings van die kontrolegroep verskil, is onbenullig.

Ten einde te bepaal wat die mate van verandering (indien enige) is tussen die na- en opvolgmetings van die kontrolegroep ten opsigte van die metings op die Carkhuffskale en die semantiese differensiaal, word die volgende hipoteses getoets:

(e) Ho 6A : $\bar{\mu}_{zk} = \bar{0}$

(f) Ha 6A : $\bar{\mu}_{zk} \neq \bar{0}$

waar $\bar{\mu}_z = \bar{\mu}_n - \bar{\mu}_o$

Hierdie hipoteses word getoets met behulp van Hotelling se T^2-toets (1 groep). Die resultate wat verkry is, word voorgestel in Tabel 7.21.

TABEL 7.21: HOTELLING T^2-TOETSRESULTATE (1 GROEP) TEN OPSIGTE VAN DIE VERSKIL TUSSEN DIE NA- EN OPVOLGMETINGS VAN DIE KONTROLEGROEP

Toetsstatistiek	Waarde
T^2	0,0245
F	0,0058

* $p \leq 0,05$ Grade van vryheid : 4, 50,0

** $p \leq 0,01$

Uit die gegewens van Tabel 7.21 blyk dit dat F = 0,0058 met grade van vryheid : 4, 50,0 nie beduidend is nie. Die nulhipotese 6A word dus aanvaar. Dit dui daarop dat die verskil in die vektor van gemiddeldes van die verskil tussen die afhanklike veranderlikes van die na- en opvolgmetings van die kontrolegroep en die nulvektor nie beduidend is nie. Die mate waarin die na- en die opvolgmetings van die kontrolegroep verskil, is onbenullig.

Hierdie resultate dui daarop dat die mate van verskille tussen die na- en voormetings, die opvolg- en voormetings en die na- en opvolgmetings van die kontrolegroep onbeduidend is. Weens hierdie gelykwaardigheid van die verskillende metings binne die kontrolegroep, dien die kontrolegroep as vergelykende basis teen die agtergrond waarvan dieselfde toetsingsprosedures vir die eksperimentele groep gevolg word.

D. Vergelyking van die eksperimentele groep ten opsigte van die verskille tussen die voor-, na- en opvolgmetings

Ten einde te bepaal wat die mate van verandering is tussen die na- en voormetings van die eksperimentele groep ten opsigte van die metings op die Carkhuffskale en die

semantiese differensiaal, word die volgende hipoteses getoets:

(a) Ho 7A : $\bar{\mu}_{\times\bullet} = \bar{0}$

(b) Ha 7A : $\bar{\mu}_{\times\bullet} \neq \bar{0}$

Hierdie hipoteses word getoets met behulp van Hotelling se T^2-toets (1 groep). Die resultate wat verkry is, word voorgestel in Tabel 7.22.

TABEL 7.22: HOTELLING T^2-TOETSRESULTATE (1 GROEP) TEN OPSIGTE VAN DIE VERSKIL TUSSEN DIE NA- EN VOORMETINGS VAN DIE EKSPERIMENTELE GROEP

Toetsstatistiek	Waarde
T^2	171,2538
F	40,3900**

* $p \leq 0,05$ Grade van vryheid : 4, 50,0

** $p \leq 0,01$

Uit die gegewens in Tabel 7.22 blyk dit dat F = 40,3900 met grade van vryheid : 4, 50,0 hoogs beduidend is. Die alternatiewe hipotese 7A word aanvaar. Dit dui daarop dat die verskil in die vektor van gemiddeldes van die verskil tussen die afhanklike veranderlikes van die na- en voormetings van die eksperimentele groep en die nulvektor hoogs beduidend is.

Die na- en voormetings van die eksperimentele groep verskil dus in 'n hoë mate. Weens hierdie verskil word 'n verdere ondersoek met behulp van 'n post hoc-ontleding gedoen. In hierdie geval is t-toetse (1 groep) aangewend. Die resultate wat verkry is, word in Tabel 7.23 voorgestel.

TABEL 7.23: POST HOC-T-TOETSRESULTATE (1 GROEP) TEN OPSIGTE VAN DIE VERSKIL TUSSEN DIE NA- EN VOORMETINGS VAN DIE EKSPERIMENTELE GROEP

Veranderlike	x	s	t-waarde
Carkhuff			
Egtheid	6,7963	4,8032	10,40**
Respek	5,7778	4,9838	8,68**
Empatie	3,0370	4,9828	4,48**
Semantiese differensiaal	7,3518	7,5340	7,17**

* $p \leq 0,05$

** $p \leq 0,01$

Uit die gegewens in Tabel 7.23 blyk dit dat t = 10,40 (egtheid), t = 8,68 (respek), t = 4,48 (empatie) en t = 7,17 (semantiese differensiaal) hoogs beduidend is. Dit dui daarop dat die verskil tussen die na- en voormetings van die eksperimentele groep hoogs beduidend is met betrekking tot die metings op al vier afhanklike veranderlikes. Aan die hand van die t-toetsresultate (1 groep), blyk dit dus dat die metings van egtheid (Carkhuffskale), respek (Carkhuffskale), empatie (Carkhuffskale) en die semantiese differensiaal (bewustelike positiewe huwelikshoudings) 'n baie betekenisvolle toename toon vanaf die voor- tot die nametings van die eksperimentele groep.

Ten einde te bepaal wat die mate van verandering is tussen die opvolg- en voormetings van die eksperimentele groep ten opsigte van die metings op die Carkhuffskale, die semantiese differensiaal en die huweliksintegrasievraelys, word die volgende hipoteses getoets:

(c) Ho 8A : $\bar{\mu}_{V-} = \bar{0}$

(d) Ha 8A : $\bar{\mu}_{V-} \neq \bar{0}$

Die hipoteses word getoets met behulp van Hotelling se T^2-toets (1 groep). Die resultate wat verkry is, word voorgestel in Tabel 2.24.

Uit die gegewens in Tabel 7.24 blyk dit dat F = 72,3902 met grade van vryheid : 5, 49,0 hoogs beduidend is. Alternatiewe hipotese 9A word dus aanvaar. Dit dui daarop dat die verskil in die vektor van gemiddeldes van die verskil tussen die afhanklike veranderlikes van die opvolg- en voormetings van die eksperimentele groep en die nulvektor hoogs beduidend is.

TABEL 7.24: HOTELLING T^2-TOETSRESULTATE (1 GROEP) TEN OPSIGTE VAN DIE VERSKIL TUSSEN DIE OPVOLG- EN VOORMETINGS VAN DIE EKSPERIMENTELE GROEP

Toetsstatistiek	Waarde
T^2	391,4978
F	72,3902**

* $p \leq 0,05$ Grade van vryheid : 5, 49,0

** $p \leq 0,01$

Die opvolg- en die voormetings van die eksperimentele groep verskil dus in 'n hoë mate. Weens hierdie verskil word 'n verdere ondersoek met behulp van 'n post-hoc ontleding gedoen. In hierdie geval is t-toetse (1 groep) aangewend. Die resultate wat verkry is, word in Tabel 7.25 voorgestel.

Uit die gegewens in Tabel 7.25 blyk dit dat t = 6,44 (egtheid), t = 2,39 (respek), t = 4,95 (empatie) en t = 7,17 (semantiese differensiaal) en t = 6,55 (huweliksintegrasie) hoogs beduidend is. Dit dui daarop dat verskil tussen die

opvolg- en voormetings van die eksperimentele groep hoogs beduidend is met betrekking tot die metings op al vyf afhanklike veranderlikes.

TABEL 7.25: POST HOC-T-TOETTSRESULTATE (1 GROEP) TEN OPSIGTE VAN DIE VERSKIL TUSSEN DIE OPVOLG- EN VOORMETINGS VAN DIE EKSPERIMENTELE GROEP

Veranderlike	x	s	t-waarde
Carkhuff			
Egtheid	3,7778	4,3074	6,44**
Respek	2,5000	7,6989	2,39**
Empatie	2,5370	3,7653	4,95**
Semantiese differensiaal	6,1852	6,3426	7,17**
Huweliksintegrasie	7,7778	8,7279	6,55**

* $p \leq 0,05$

** $p \leq 0,01$

Aan die hand van die t-toetsresultate (1 groep) met verwysing na die rekenkundige gemiddeldes (Tabel 7.11) blyk dit dus dat die metings van egtheid (Carkhuffskale), respek (Carkhuffskale), empatie (Carkhuffskale), die semantiese differensiaal (bewustelike positiewe huwelikshoudings) en huweliksintegrasie 'n baie betekenisvolle toename toon vanaf die voor- tot die nametings.

Ten einde te bepaal wat die mate van verandering is tussen die na- en opvolgmetings van die eksperimentele groep ten opsigte van die metings op die Carkhuffskale en semantiese differensiaal, word die volgende hipoteses getoets:

(e) Ho 9A : $\bar{\mu}_{x-y} = \bar{0}$

(f) Ha 9A : $\bar{\mu}_{x-y} \neq \bar{0}$

Hierdie hipoteses word getoets met behulp van Hotelling se T^2-toets (1 groep). Die resultate wat verkry is, word voorgestel in Tabel 2.26.

Uit die gegewens in Tabel 7.26 blyk dit dat F = 23,8083 met grade van vryheid : 4, 50,0 hoogs beduidend is. Alternatiewe hipotese 8A word dus aanvaar. Dit dui daarop dat die verskil in die vektor van gemiddeldes van die verskil tussen die afhanklike veranderlikes van die na- en opvolgmetings van die eksperimentele groep en die nulvektor hoogs beduidend is.

TABEL 7.26: HOTELLING T^2-TOETSRESULTATE (1 GROEP) TEN OPSIGTE VAN DIE VERSKIL TUSSEN DIE NA- EN OPVOLGMETINGS VAN DIE EKSPERIMENTELE GROEP

Toetsstatistiek	Waarde
T^2	100,9475
F	23,8083**

* $p \leq 0,05$ Grade van vryheid : 4, 50,0

** $p \leq 0,01$

Die na- en opvolgmetings van die eksperimentele groep verskil dus in 'n hoë mate. Weens hierdie verskil word 'n verdere ondersoek met behulp van 'n post hoc-ontleding gedoen. In hierdie geval is t-toetse (1 groep) aangewend. Die resultate wat verkry is, word in Tabel 7.27 voorgestel.

TABEL 7.27: POST HOC-T-TOETSRESULTATE (1 GROEP) TEN OPSIGTE VAN DIE VERSKIL TUSSEN DIE NA- EN OPVOLGMETINGS VAN DIE EKSPERIMENTELE GROEP

Veranderlike	x	s	t-waarde
Carkhuff			
Egtheid	3,0185	2,3512	9,43**
Respek	3,2778	6,6059	3,65**
Empatie	0,5000	2,3772	1,55
Semantiese differensiaal	1,1667	9,1954	0,93

* $p \leq 0,05$

** $p \leq 0,01$

Uit die gegewens in Tabel 7.27 blyk dit dat t = 9,43 (egtheid), t = 3,65 (respek) hoogs beduidend is. Daarenteen is die t-waardes vir empatie (1,55) en die semantiese differensiaal (0,93) nie beduidend nie. Dit dui daarop dat die verskil tussen die na- en opvolgmetings van die eksperimentele groep hoogs beduidend is met betrekking tot die metings op twee van vier afhanklike veranderlikes.

Aan die hand van die t-toetsresultate (1 groep) met verwysing na die rekenkundige gemiddeldes (Tabel 7.12) blyk dit dus dat die metings van egtheid (Carkhuffskale), respek (Carkhuffskale) 'n baie betekenisvolle afname toon vanaf die na- tot die opvolgmetings van die eksperimentele groep. Daarenteen bly die waardes van empatie (Carkhuffskale) en die semantiese differensiaal (bewustelike positiewe huwelikshoudings) konstant.

Uit hierdie resultate blyk dit dat die mate van verandering tussen die na- en voormetings, die opvolg- en voormetings en


die na- en opvolgmetings van die kontrolegroep met betrekking tot die afhanklike veranderlikes, onbeduidend is. Daarenteen is die mate van verandering tussen die na- en voormetings, die opvolg- en voormetings en die na- en opvolgmetings van die eksperimentele groep in die breë hoogs beduidend.

Die hoogs beduidende mate van verandering tussen die na- en voormetings van die eksperimentele groep word teweeggebring deur betekenisvolle toenames van die metings van egtheid, respek en empatie op die Carkhuffskale en op die semantiese differensiaal (bewustelike positiewe huwelikshoudings) vanaf die voor- tot die nametings, dit wil sê, vanaf voor tot na die programtoepassing. Die hoogs beduidende mate van verandering tussen die na- en voormetings van die eksperimentele groep kan toegeskryf word aan die betekenisvolle toenames van die metings van egtheid, respek en empatie op die Carkhuffskale en die semantiese differensiaal (bewustelike positiewe huwelikshoudings) asook huweliksintegrasie vanaf die voor- tot die opvolgmetings, met ander woorde vanaf voor die programtoepassing tot tydens die opvolgmetings. Laastens kan die hoogs beduidende mate van verandering tussen die na- en opvolgmetings van die eksperimentele groep toegeskryf word aan betekenisvolle afnames van die metings van egtheid en respek op die Carkhuffskale terwyl die metings van empatie op die Carkhuffskale en die semantiese differensiaal (bewustelike positiewe huwelikshoudings) konstant bly vanaf na die programtoepassing tot die opvolgsessie.

7.3.1.3 Grafiese voorstelling van die beskrywende resultate

Die resultate van die eksperimentele en kontrolegroep tydens die voor-, na- en opvolgmetings met betrekking tot die Carkhuffskale, die semantiese differensiaal en die huweliksintegrasievraelys word aan die hand van rekenkundige gemiddeldes grafies voorgestel in Figuur 7.1.

Rekenkundige gemiddeldes



(a) Carkhuffskale (eksperimenteel)
(b) Carkhuffskale (kontrole)
(c) Semantiese differensiaal (eksperimenteel)
(d) Semantiese differensiaal (kontrole)
(e) Huweliksintegrasie (eksperimenteel)
(f) Huweliksintegrasie (kontrole)

FIGUUR 7.1: RESULTATE VAN DIE EKSPERIMENTELE EN KONTROLE-GROEP TYDENS DIE VOOR-, NA- EN OPVOLGMETINGS MET BETREKKING TOT DIE AFHANKLIKE VERANDERLIKES

Uit Figuur 7.1 blyk dit dat die resultate van die steekproef met betrekking tot die afhanklike veranderlikes, naamlik die Carkhuffskale (egtheid, respek en empatie), die semantiese differensiaal en huweliksintegrasie, die volgende resultate toon:

(a) Die voormetings van die eksperimentele en kontrolegroep stem ooreen.
(b) Die voor-, na- en opvolgmetings van die kontrolegroep is konstant.
(c) Daar is 'n betekenisvolle toename van die voor- tot die nametings van die eksperimentele groep, met die uitsondering van die metings van empatie (Carkhuffskale), wat egter ook 'n toename in 'n beduidende rigting toon.
(d) Daar kom 'n toename voor vanaf die voor- tot die opvolgmetings van die eksperimentele groep.
(e) Die mate van verandering vanaf die na- tot die opvolgmetings van die eksperimentele groep is nie betekenisvol nie, met die uitsondering van die metings van egtheid en respek op die Carkhuffskale.

Die algemene patrone van die resultaattellings ten opsigte van die onderskeie metings op die afhanklike veranderlikes, behels dus 'n omvattende toename vanaf voor tot na die programtoepassing, wat gevolg word deur 'n afplatting vanaf na die programtoepassing tot tydens die opvolgsessie.

Met die grafiese voorstelling van die beskrywende resultate, in samehang met die resultate van die hipotesetoetsing en die beskrywing van die steekproef, word die uiteensetting van die resultate met betrekking tot die Carkhuffskale, die semantiese differensiaal en die huweliksintegrasievraelys voltooi. In die volgende afdeling kom die rapportering van die resultate met betrekking tot Porterskale na vore.

7.3.2 Resultate met betrekking tot die Porterskale

7.3.2.1 Beskrywing van die steekproef

Met die oog op die beskrywing en interpretasie van die data, mag dit van waarde wees om die steekproef aan die hand van waargenome waardes uiteen te sit. Die steekproef word in Tabel 7.28 beskryf.

TABEL 7.28: BESKRYWING VAN DIE STEEKPROEF TEN OPSIGTE VAN DIE VOOR-, NA- EN OPVOLGMETINGS

Metings	Waargenome waardes			
	Eksperimentele groep		Kontrolegroep	
	Begrypend	"Ander"	Begrypend	"Ander"
Voor	56	214	55	215
Na	118	152	53	217
Opvolg	108	162	50	220

7.3.2.2 Resultate van die hipotesetoetsing

A. Vergelyking van die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van die voormetings

Met die doel om vas te stel of die eksperimentele en kontrolegroep voor die aanbieding van die program gelyk is, ten opsigte van die identifisering van begrypende response, word die volgende hipoteses getoets:

(a) Nulhipotese 1B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die eksperimentele en kontrolegroep tydens die voormeting nie.

(b) Alternatiewe hipotese 1B

Daar bestaan 'n verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die eksperimentele en kontrolegroep tydens die voormeting.

Hierdie hipoteses word getoets met behulp van die χ^2-toetsstatistiek vir die verskil tussen proporsies van ewekansige groepe. Die resultate wat verkry is, word voorgestel in Tabel 7.29.

TABEL 7.29: χ^2-TOETSRESULTATE VOOR DIE PROGRAMTOEPASSING TEN OPSIGTE VAN BEGRYPING RELATIEF TOT DIE "ANDER"

Houdings	Waargenome waardes		X^2-waarde
	Eksperimentele groep	Kontrolegroep	
Begrypend	56	55	0,002
"Ander"	214	215	

* $p \leq 0,05$ Grade van vryheid : 1,0

** $p \leq 0,01$

Uit die gegewens in Tabel 7.29 blyk dit dat χ^2 = 0,002 (met grade van vryheid : 1) nie beduidend is nie. Die nulhipotese 1A word dus aanvaar. Dit dui daarop dat daar nie 'n beduidende verskil bestaan tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van begryping relatief tot die "ander", tydens die voormeting nie. Die twee groepe is dus voor die aanbieding van die program gelyk, met betrekking tot die metings op die Porterskale. In die lig van hierdie resultate kan die na- en die opvolgmetings van die eksperimentele en kontrolegroep met mekaar vergelyk word.

B. Vergelyking van die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van die na- en opvolgmetings

Ten einde te bepaal of die eksperimentele en kontrolegroep na die aanbieding van die program gelyk is, ten opsigte van die identifisering van begrypende response, word die volgende hipoteses getoets:

(a) Nulhipotese 2B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die eksperimentele en kontrolegroep tydens die nameting nie.

(b) Alternatiewe hipotese 2B

Daar bestaan 'n verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die eksperimentele en kontrolegroep tydens die nameting.

Hierdie hipoteses word getoets met behulp van die χ^2-toetsstatistiek vir die verskil tussen proporsies van ewekansige groepe. Die resultate wat verkry is, word voorgestel in Tabel 7.30.

TABEL 7.30: χ^2-TOETSRESULTATE NA DIE PROGRAMTOEPASSING TEN OPSIGTE VAN BEGRYPING RELATIEF TOT DIE "ANDER"

Houdings	Waargenome waardes		X^2-waarde
	Eksperimentele groep	Kontrolegroep	
Begrypend	118	53	7,231**
"Ander"	152	217	

* $p \leq 0,05$ Grade van vryheid : 1,0

** $p \leq 0,01$

Uit die gegewens in Tabel 7.30 blyk dit dat $\chi^2 = 7,231$ (met grade van vryheid : 1) hoogs beduidend is. Die alternatiewe hipotese 2B word dus aanvaar. Dit dui daarop dat daar 'n hoogs beduidende verskil bestaan tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van begryping relatief tot die "ander", tydens die nameting. Die twee groepe is dus na die aanbieding van die program ongelyk, met betrekking tot die metings op die Porterskale, wat aan die hand van die χ^2-toetsresultate, toegeskryf mag word aan 'n relatiewe toename van begrypende houdings teenoor die "ander".

Ten einde te bepaal of die eksperimentele en kontrolegroep tydens die opvolgsessie gelyk is, ten opsigte van die identifisering van begrypende response, word die volgende hipoteses getoets:

(a) Nulhipotese 3B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die eksperimentele en kontrolegroep tydens die opvolgmeting nie.

(b) Alternatiewe hipotese 3B

Daar bestaan 'n verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die eksperimentele en kontrolegroep tydens die opvolgmeting.

Hierdie hipoteses word getoets met behulp van die χ^2-toetsstatistiek vir die verskil tussen proporsies van ewekansige groepe. Die resultate wat verkry is, word voorgestel in Tabel 7.31.

TABEL 7.31: χ^2-TOETSRESULTATE TYDENS DIE OPVOLGSESSIE TEN OPSIGTE VAN BEGRYPING RELATIEF TOT DIE "ANDER"

Houdings	Waargenome waardes		X^2-waarde
	Eksperimentele groep	Kontrolegroep	
Begrypend	108	50	6,019*
"Ander"	162	220	

* $p \leq 0,05$ Grade van vryheid : 1,0

** $p \leq 0,01$

Uit die gegewens in Tabel 7.31 blyk dit dat χ^2 = 6,019 (met grade van vryheid : 1) beduidend is. Die alternatiewe hipotese 3B word dus aanvaar. Dit dui daarop dat daar 'n beduidende verskil bestaan tussen die eksperimentele en kontrolegroep ten opsigte van begryping relatief tot die "ander", tydens die opvolgmeting. Die twee groepe is dus tydens die opvolgsessie ongelyk, met betrekking tot die metings op die Porterskale, wat aan die hand van die χ^2-toetsresultate toegeskryf mag word aan 'n relatiewe toename van begrypende houdings teenoor die "ander".

Uit die resultate met betrekking tot die Porterskale, blyk dit dat die eksperimentele en kontrolegroep voor die programtoepassing gelyk is. Na die programtoepassing toon die identifisering van begrypende response (dus begrypende houdings) relatief tot die "ander" (houdings) in die geval van die eksperimentele groep, 'n hoogs beduidende toename relatief tot die kontrolegroep. Tydens die opvolgsessie toon die eksperimentele groep (ten spyte van 'n geringe afplatting in vergelyking met die nameting) steeds 'n beduidende toename relatief tot die kontrolegroep ten opsigte van begrypende houdings relatief tot die "ander". Hierdie relatiewe verandering tydens die nameting en die grootlikse behoud daarvan gedurende die opvolgmeting mag aan die effekte van die toepassing van die program toegeskryf word.

Teen die agtergrond van hierdie resultate kan die verskille tussen die na- en voormetings, die na- en opvolgmetings en die opvolg- en voormetings van elk van die twee groepe met mekaar vergelyk word.

C. Vergelyking van die kontrolegroep ten opsigte van die verskille tussen die voor-, na- en opvolgmetings

Met die doel om vas te stel wat die mate van verandering is wat binne een van of beide die eksperimentele en kontrolegroep voorkom, word die verskille tussen die onderskeie metings binne elke groep bepaal.

Ten einde te bepaal wat die mate van verandering (indien enige) is tussen die na- en voormetings van die kontrolegroep ten opsigte van die identifisering van begrypende response, word die volgende hipoteses getoets:

(a) Nulhipotese 4B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die na- en voormetings van die kontrolegroep nie.

(b) Alternatiewe hipotese 4B

Daar bestaan 'n verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die na- en voormetings van die kontrolegroep.

Hierdie hipoteses word getoets met behulp van die McNemar-toetsstatistiek vir die verskil tussen proporsies van verwante groepe. Die resultate wat verkry is, word voorgestel in Tabel 7.32.

TABEL 7.32: χ^2_m-TOETSRESULTATE MET BETREKKING TOT DIE NA- EN VOORMETINGS VAN DIE KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN BEGRYPING RELATIEF TOT DIE "ANDER"

Houdings	Waargenome waardes		X^2-waarde
	Eksperimentele groep	Kontrolegroep	
Begrypend	53	55	0,90
"Ander"	217	215	

* $p \leq 0,05$ Grade van vryheid : 1,0

** $p \leq 0,01$

Uit die gegewens in Tabel 7.32 blyk dit dat χ^2 = 0,90 (met grade van vryheid : 1) nie beduidend is nie. Die nulhipotese 4B word dus aanvaar. Dit dui daarop dat daar nie 'n beduidende verandering voorkom tussen na- en voormetings van die kontrolegroep ten opsigte van begryping relatief tot die "ander" nie. Die mate waarin die na- en voormetings verskil, is onbenullig.

Ten einde te bepaal wat die mate van verandering (indien enige) is tussen die opvolg- en voormetings van die kontrolegroep ten opsigte van die identifisering van begrypende response, word die volgende hipoteses getoets:

(c) Nulhipotese 5B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die opvolg- en voormetings van die kontrolegroep nie.

(d) Alternatiewe hipotese 5B

Daar bestaan 'n verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die opvolg- en voormetings van die kontrolegroep.

Hierdie hipoteses word getoets met behulp van die McNemar-toetsstatistiek vir die verskil tussen proporsies van verwante groepe. Die resultate wat verkry is, word voorgestel in Tabel 7.33.

Uit die gegewens in Tabel 7.33 blyk dit dat χ^2 = 1,010 (met grade van vryheid : 1) nie beduidend is nie. Die nulhipotese 5B word dus aanvaar. Dit dui daarop dat daar nie 'n beduidende verandering voorkom tussen die opvolg- en voormetings van die kontrolegroep ten opsigte van begryping relatief tot die "ander" nie. Die mate waarin die opvolg- en voormetings verskil, is onbenullig.

TABEL 7.33: χ^2_m-TOETSRESULTATE MET BETREKKING TOT DIE OPVOLG- EN VOORMETINGS VAN DIE KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN BEGRYPING RELATIEF TOT DIE "ANDER"

Houdings	Waargenome waardes		X^2-waarde
	Eksperimentele groep	Kontrolegroep	
Begrypend	50	55	1,010
"Ander"	220	215	

* $p \leq 0,05$ Grade van vryheid : 1,0

** $p \leq 0,01$

Ten einde te bepaal wat die mate van verandering (indien enige) is tussen die na- en opvolgmetings van die kontrolegroep ten opsigte van die identifisering van begrypende response, word die volgende hipoteses getoets:

(e) Nulhipotese 6B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die na- en opvolgmetings van die kontrolegroep nie.

(f) Alternatiewe hipotese 6B

Daar bestaan 'n verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die na- en opvolgmetings van die kontrolegroep.

Hierdie hipoteses word getoets met behulp van die McNemar-toetsstatistiek vir die verskil tussen proporsies van verwante groepe. Die resultate wat verkry is, word voorgestel in Tabel 7.34.

TABEL 7.34: χ^2_m-TOETSRESULTATE MET BETREKKING TOT DIE NA- EN OPVOLGMETINGS VAN DIE KONTROLEGROEP TEN OPSIGTE VAN BEGRYPING RELATIEF TOT DIE "ANDER"

Houdings	Waargenome waardes		X^2-waarde
	Eksperimentele groep	Kontrolegroep	
Begrypend	53	50	0,267
"Ander"	217	220	

* $p \leq 0,05$ Grade van vryheid : 1,0

** $p \leq 0,01$

Uit die gegewens in Tabel 7.34 blyk dit dat $\chi^2 = 0,267$ (met grade van vryheid : 1) nie beduidend is nie. Die nulhipotese 6B word dus aanvaar. Dit dui daarop dat daar nie 'n beduidende verandering voorkom tussen die na- en opvolgmetings van die kontrolegroep ten opsigte van begryping relatief tot die "ander" nie. Die mate waarin die na- en opvolgmetings verskil, is onbenullig.

Hierdie resultate dui daarop dat die mate van verskille tussen die na- en voormetings, die opvolg- en voormetings en die na- en opvolgmetings van die kontrolegroep onbeduidend is. Weens hierdie gelykwaardigheid van die verskillende

metings in die kontrolegroep, dien die kontrolegroep as vergelykende basis, teen die agtergrond waarvan dieselfde toetsingsprosedures vir die eksperimentele groep gevolg word.

D. Vergelyking van die eksperimentele groep ten opsigte van die verskille tussen die voor-, na- en opvolgmetings

Ten einde te bepaal wat die mate van verandering is tussen die na- en voormetings van die eksperimentele groep ten opsigte van die identifisering van begrypende response, word die volgende hipoteses getoets:

(a) Nulhipotese 7B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die na- en voormetings van die eksperimentele groep nie.

(b) Alternatiewe hipotese 7B

Daar bestaan 'n verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die na- en voormetings van die eksperimentele groep.

Hierdie hipoteses word getoets met behulp van die McNemar-toetsstatistiek vir die verskil tussen proporsies van verwante groepe. Die resultate wat verkry is, word voorgestel in Tabel 7.35.

Uit die gegewens in Tabel 7.35 blyk dit dat $\chi^2 = 10,830$ (met grade van vryheid : 1) hoogs beduidend is. Die alternatiewe hipotese 7B word dus aanvaar. Dit dui daarop dat daar 'n hoogs beduidende verandering voorkom tussen die na- en voormetings van die eksperimentele groep ten opsigte van begryping relatief tot die "ander". Aan die hand van die χ^2_m-toetsresultate vind daar dus 'n baie betekenisvolle

toename van begrypende houdings in verhouding tot "ander" houdings vanaf die voor- tot die nametings van die eksperimentele groep plaas.

TABEL 7.35: χ^2_m-TOETSRESULTATE MET BETREKKING TOT DIE NA- EN VOORMETINGS VAN DIE EKSPERIMENTELE GROEP TEN OPSIGTE VAN BEGRYPING RELATIEF TOT DIE "ANDER"

Houdings	Waargenome waardes		X^2-waarde
	Eksperimentele groep	Kontrolegroep	
Begrypend	118	56	10,830**
"Ander"	152	214	

* $p \leq 0,05$ Grade van vryheid : 1,0

** $p \leq 0,01$

Ten einde te bepaal wat die mate van verandering is tussen die opvolg- en voormetings van die eksperimentele groep ten opsigte van die identifisering van begrypende response, word die volgende hipoteses getoets:

(c) Nulhipotese 8B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die opvolg- en voormetings van die eksperimentele groep nie.

(d) Alternatiewe hipotese 8B

Daar bestaan 'n verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die opvolg- en voormetings van die eksperimentele groep.

Hierdie hipoteses word getoets met behulp van die McNemar-toetsstatistiek vir die verskil tussen proporsies van verwante groepe. Die resultate wat verkry is, word voorgestel in Tabel 7.36.

TABEL 7.36: χ^2_m-TOETSRESULTATE MET BETREKKING TOT DIE OPVOLG- EN VOORMETINGS VAN DIE EKSPERIMENTELE GROEP TEN OPSIGTE VAN BEGRYPING RELATIEF TOT DIE "ANDER"

Houdings	Waargenome waardes		X^2-waarde
	Eksperimentele groep	Kontrolegroep	
Begrypend	108	56	8,496**
"Ander"	162	214	

* $p \leq 0,05$ Grade van vryheid : 1,0

** $p \leq 0,01$

Uit die gegewens in Tabel 7.36 blyk dit dat $\chi^2 = 8,496$ (met grade van vryheid : 1) hoogs beduidend is. Die alternatiewe hipotese 8B word dus aanvaar. Dit dui daarop dat daar 'n hoogs beduidende verandering voorkom tussen die opvolg- en voormetings van die eksperimentele groep ten opsigte van begryping relatief tot die "ander". Aan die hand van die χ^2_m-toetsresultate vind daar dus 'n baie betekenisvolle toename van begrypende houdings in verhouding tot "ander" houdings vanaf die voor- tot die opvolgmetings van die eksperimentele groep plaas.

Ten einde te bepaal wat die mate van verandering is tussen die na- en opvolgmetings van die eksperimentele groep ten

opsigte van die identifisering van begrypende response, word die volgende hipoteses getoets:

. (e) Nulhipotese 9B

Daar bestaan geen verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die na- en opvolgmetings van die eksperimentele groep nie.

(f) Alternatiewe hipotese 9B

Daar bestaan 'n verskil in die frekwensie van begrypende houdings relatief tot die "ander", tussen die na- en opvolgmetings van die eksperimentele groep.

Hierdie hipoteses word getoets met behulp van die McNemar-toetsstatistiek vir die verskil tussen proporsies van verwante groepe. Die resultate wat verkry is, word voorgestel in Tabel 7.37.

TABEL 7.37: χ^2_m-TOETSRESULTATE MET BETREKKING TOT DIE NA- EN OPVOLGMETINGS VAN DIE EKSPERIMENTELE GROEP TEN OPSIGTE VAN BEGRYPING RELATIEF TOT DIE "ANDER"

Houdings	Waargenome waardes		X^2-waarde
	Eksperimentele groep	Kontrolegroep	
Begrypend	118	108	0,50
"Ander"	152	162	

* $p \leq 0,05$ Grade van vryheid : 1,0

** $p \leq 0,01$

Uit die gegewens in Tabel 7.37 blyk dit dat χ^2 = 0,50 (met grade van vryheid : 1) nie beduidend is. Die nulhipotese 9B word dus aanvaar. Dit dui daarop dat daar nie 'n beduidende verandering voorkom tussen die na- en opvolgmetings van die eksperimentele groep ten opsigte van begryping relatief tot die "ander" nie. Aan die hand van die χ^2_m-toetsresultate is die geringe afname van begrypende houdings in verhouding tot "ander" houdings vanaf die na- tot die opvolgmetings van die eksperimentele groep onbeduidend.


Uit hierdie resultate blyk dit dat die mate van verandering tussen die na- en voormetings, die opvolg- en voormetings en die na- en opvolgmetings van die kontrolegroep met betrekking tot begrypende houdings (relatief tot die "ander") onbeduidend is. Daarenteen is daar 'n hoogs beduidende eskalasie van begrypende houdings (in verhouding met "ander" houdings) vanaf die voor- tot die nametings, wat gevolg word deur 'n onbeduidende relatiewe afplatting van begrypende houdings vanaf die na- tot die opvolgmetings. Hierdie afplatting geskied sodanig dat die mate van verandering by wyse van relatief begrypende houdings, vanaf die voor- tot die opvolgmetings in die vorm van 'n hoogs beduidende toename na vore tree.

7.3.3.3 Grafiese voorstelling van die beskrywende resultate

Die resultate van die eksperimentele en kontrolegroep tydens die voor-, na- en opvolgmetings met betrekking tot begryping relatief tot die "ander" word aan die hand van rekenkundige gemiddeldes voorgestel in Figuur 7.2.

Uit Figuur 7.2 blyk dit dat die steekproef met betrekking tot begryping relatief tot die "ander" (die metings op die Porterskale) die volgende resultate toon: die voormetings van die eksperimentele en kontrolegroep stem ooreen; die voor-, na- en opvolgmetings van die kontrolegroep is konstant en wat die metings van die eksperimentele groep

betref, bestaan daar 'n betekenisvolle relatiewe toename van begrypende houdings vanaf voor- tot nametings en 'n aansienlike relatiewe behoud van begrypende houdings vanaf die na- tot die opvolgmetings.



FIGUUR 7.2: RESULTATE VAN DIE EKSPERIMENTELE EN KONTROLEGROEP TYDENS DIE VOOR-, NA- EN OPVOLGMETINGS MET BETREKKING TOT BEGRYPING RELATIEF TOT DIE "ANDER"

Met die grafiese voorstelling van die beskrywende resultate, in samehang met die resultate van die hipotesetoetsing en beskrywing van die steekproef, word die rapportering van die resultate met betrekking tot die Porterskale voltooi.

Met hierdie voorstelling van die resultate met betrekking tot die Porterskale, aanvullend tot die rapportering van die resultate met betrekking tot die Carkhuffskale, die semantiese differensiaal en die huweliksintegrasievraelys, word die uiteensetting van die resultate van die eksperimentele navorsingsevaluering voltooi. Die interpretasie van die resultate van die ontwikkelingsnavorsingsevaluering van die praktykmodel geniet aandag in die volgende afdeling.

7.4 ONTWIKKELINGSNAVORSINGSEVALUERING VAN DIE PRAKTYKMODEL: INTERPRETASIE VAN DIE RESULTATE

Die resultate van die ontwikkelingsnavorsingsevaluering behoort, behalwe in die retrospektiewe terugvoeringsfunksie, ook verreken te word in die verdere verfyning van die program of die samestelling van soortgelyke programme. Die volgende fasette van die programevalueringsresultate is in hierdie verband van belang.

7.4.1 Die inhoud van die werkboek

Die aard en die inhoud van die werkboek en die gepaardgaande videomateriaal ("Gesinsontwikkeling vir egpare" en "Die Christenhuwelik") blyk toereikend te wees vir die oogmerke van hierdie program.

Die inhoud van die werkboek, wat teen 'n (gesins) ontwikkelingsagtergrond veral wentel rondom kommunikasie (interaksie), te wete die ontwikkeling van stelle kommunikasievaardighede, onderliggende fasiliterende houdingsverandering en positiewe houdingsontplooiing met oorkoepelende waardevorming en vestiging, mag dus as toepaslik aanvaar word.

7.4.2 Die aanbieding van die werkboek

Die wyse van die aanbieding van die werkboek blyk bevredigend te wees.

Veral die effektiwiteitsbeginsels in soverre dit die inhoudelike, strukturele, prosesmatige en ontwikkelingsaspekte van egpaarinteraksies asook effektiwiteitselemente van intervensies soos in die teoretiese agtergrond van hierdie studie geïdentifiseer (sien afdeling 3.5) betref, blyk effektief te vergestalt in die wyse van die aanbieding van die werkboek.

7.4.3 Modellering

Die modelleringsvideomateriaal ("Huwelikskommunikasie") blyk effektief te wees, met die uitsondering van die natuurlikheid daarvan. Daar word dus daarop gewys dat die impak van die modellering gemaksimaliseer kan word deur die verdere verbetering van die natuurlikheid van die dialoog en die spel deur die outeurs.

Die beginsels van impakvolle (video) modellering wat deur 'n outeur soos Bandura (1977) voorgestel word, blyk sinvol aangewend te word.

7.4.4 Individuele, egpaar- en groepaktiwiteite

Die aard van die individuele, egpaar- en groepaktiwiteite blyk bevredigend te wees, met die uitsondering van 'n verdere behoefte aan private egpaaraktiwiteite gedurende die latere fases van die program. Met optimale toereikendheid as ideaal, word daar aanbeveel dat daar meer geleenthede geskep word vir intieme egpaaraktiwiteite met 'n konsolideringsfunksie in die periode van die finale middelfases en afsluitingsfases van die program.

7.4.5 Groepgesprekke

Die groepgesprekke wat aangewend is, blyk toereikend te wees.

Die groepgesprekke kombineer dus bevredigend met die aktiwiteite, modellering en didaktiese inhoud van die werkboek, wat herhaaldelik afwisselend en gekombineerd as kernprosesse van ervaringsleer aangewend word.

7.4.6 Aanbieder

Die funksionering van die aanbieder (groepleier) blyk bevredigend te wees. Die aanwending van die riglyne van die rol van die groepleier in demokraties gestruktureerde lewensvaardigheidsgroepverband, ontlok oorwegend positiewe reaksies by die groeplede.

Die resultate van die ontwikkelingsnavorsingsevaluering, soos bepaal by wyse van die programevaluering, dui daarop dat die verskillende fasette van die blootstelling aan die huweliksverrykingsprogram, as oorwegend positief deur die groeplede ervaar en geëvalueer is. Daar kan wat die huweliksverrykingsprogram betref, aanspraak gemaak word op voorkomsgeldigheid. Dit dien as 'n aanduiding dat die doelstelling van die skep, die ontwikkeling en die verfyning van 'n toepaslike huweliksverrykingsprogram suksesvol nagestreef is.

Die wyse waarop die effektiwiteitsbeginsels van intervensies en groepwerk soos geïdentifiseer in die teoretiese agtergrond van hierdie studie teen die agtergrond van die studietema geoperasionaliseer is in die vorm van ondersteunende psigo-opleidingsmateriaal, veral wat betref die aard, formaat, inhoudelike prosesse, die tempo en die aanbiedingswyse met die onderliggende ervaringsleerprosesse, mag as riglyn dien in toekomstige toegepaste navorsing en/of intervensies op verwante vlakke.

Die interpretasie van die resultate van die ontwikkelings-navorsingsevaluering van die praktykmodel het in hierdie afdeling aandag geniet. Die interpretasie van die resultate van die empiriese navorsingsevaluering van die praktykmodel word vervolgens aangespreek. Aspekte wat opeenvolgend aandag geniet, is die implikasies van die resultate met betrekking tot die meetinstrumente, implikasies van die resultate met betrekking tot die teoretiese model, asook kritiek en aanbevelings wat deur die aard van die resultate geïmpliseer word.

7.5 EMPIRIESE NAVORSINGSEVALUERING VAN DIE PRAKTYKMODEL: INTERPRETASIE VAN DIE RESULTATE

7.5.1 Implikasies van die resultate met betrekking tot die meetinstrumente

Vir die doeleindes van die empiriese evaluering van die huweliksverrykingsprogram is 'n aantal hipoteses geformuleer met betrekking tot die effek van die program op aspekte van interpersoonlike egpaarinteraksie as afhanklike veranderlike in die breë, bestaande uit die volgende aspekte:

(a) Subtiele (begrypende) houdings soos gemeet deur die Porterskale ten opsigte van begryping (die identifisering van begrypende response) relatief tot die "ander" (die identifisering van minder begrypende response, wat gekenmerk word deur evaluering, interpretasie, ondersteuning en ondersoeking).

Die ideale toestand ten opsigte van begrypende houdings in interpersoonlike interaksionele huweliksverband sien as volg daar uit: die response van die huweliksmaats dui aan dat daar die bedoelings bestaan om sodanig te reageer dat verseker kan word dat die ander se gevoelens, gedagtes en ervarings korrek en volledig begryp word.

(b) Vaardighede (begrypend) soos gemeet deur die Carkhuffskale, ten opsigte van egtheid, respek en empatie.

Die ideale toestande ten opsigte van egtheid, respek en empatie in interpersoonlike interaksionele huweliksverband sien as volg daar uit:

Egtheid (Carkhuffskale): Die huweliksmaats se interaksiegedrag en gevoelens is in ooreenstemming met mekaar, wat die oordrag van opregte gevoelens (wat gerig word deur die eliminering van nadelige effekte op die ander) moontlik maak. 'n Spontane en oop interaksie vind plaas, wat 'n openheid vir alle ondervindings, onaangenaam sowel as aangenaam, insluit. Onaangename ervarings wat opduik, word op so 'n wyse hanteer dat dit tot konstruktiewe navrae lei, wat verdere areas van ondersoek vir albei open.

Respek (Carkhuffskale): Die huweliksmaats beskik oor die vermoëns om die ander te laat voel dat hy of sy asook sy of haar idees en gevoelens ten alle tye van waarde is. Dit is van toepassing wanneer daar eenstemmigheid bestaan, asook in die aanwending van verskille. Sodoende word daar aan die ander geïllustreer dat daar ten spyte van aanwesige verskille steeds 'n besorgdheid oor die persoon se welsyn heers. Daar vind 'n volle erkenning van vermoëns en potensiaal, asook vryheid tot ontwikkeling, plaas.

Empatie (Carkhuffskale): Die huweliksmaats het die vermoëns om dit wat die ander sê, te begryp. Verder beskik hulle oor vaardighede om hierdie begrip aan die ander oor te dra, waar werklike begrip op die onderliggende gevoelselement berus. Die huweliksmaats reageer akkuraat op die oppervlakkige sowel as die dieper gevoelens van die ander. Hulle is saam in staat om onbekende areas van hulle bestaan, onder meer deur diepe selfondersoek, te ondersoek. Voorheen was hulle met of sonder mekaar, nie daartoe in staat nie.

(c) Bewustelike houdings soos gemeet deur die semantiese differensiaal.

Die ideale toestand ten opsigte van begrypende houdings in interpersoonlike interaksionele huweliksverband sien as volg daar uit: die huweliksmaats se optrede teenoor mekaar kan geëtiketteer word as betrokke, liefdevol, aangenaam, spontaan, vergewensgesind, mededeelsaam, geduldig, begrypend, aangepas, betroubaar, bevredigend, suksesvol, humoristies, eg en vriendelik.

(d) Verhoudingsintegrasie soos gemeet deur die huwelikssintegrasievraelys.

Die ideale toestand ten opsigte van verhoudingsintegrasie sien as volg daar uit: die interaksieproses is in so 'n mate emosioneel ondersteunend en koöperatief, dat die verskillende areas van huweliksaktiwiteite met die minimum destruktiewe konflik gepaard gaan, sodat die huwelikseenheid bly voortbestaan. Areas van huweliksaktiwiteit sluit sowel die instrumentele as ekspressiewe handelinge van die egpaar in. Die instrumentele egpaarhandelinge behels veral huwelikswaardes soos die permanentheid van die huwelik. Die sosio-emosionele area behels kameraadskap, liefde, emosionele onderskraging, wedersydse agting en respek, empatie, kommunikasie, seksuele bevrediging, samesyn en self-evaluering van die huwelik.

Met betrekking tot hierdie spesifieke aspekte van die afhanklike veranderlikes, blyk die toepassing van die praktyk-modelprogram te resulteer in die hieropvolgende stand van sake: aan die hand van die voormetings van die eksperimentele en kontrolegroep blyk dit dat die twee groepe gelyk is met betrekking tot die bogenoemde aspekte van die afhanklike veranderlike. In ooreenstemming hiermee dui die voor-, na- en opvolgmetings van die kontrolegroep op gelykheid ten opsigte van die verskillende aspekte van die afhanklike veranderlike. Volgens die voor-, asook die na- en opvolg-

metingskontrolegroep-navorsingsontwerp wat van toepassing is in hierdie studie, impliseer dit dat beduidende verskille, eerstens op die na- en opvolgmetings tussen die eksperimentele en kontrolegroep, en tweedens tussen die opeenvolgende metings van die eksperimentele groep, moontlik toegeskryf word aan die effek van die huweliksverrykingsprogram.

Volgens die resultate van die na- en opvolgmetings van die twee groepe, verskil die eksperimentele en kontrolegroep hoogs beduidend. Dit geld vir die metings in totaal asook spesifiek ten opsigte van die metings op die Porterskale, die Carkhuffskale (met die uitsondering van empatie) en die semantiese differensiaal, onmiddellik na die toepassing van die program. Daar bestaan steeds hoogs beduidende verskille tussen die twee groepe in totaal na die verloop van tyd gedurende die opvolgmetings. Dit geld ook spesifiek ten opsigte van die metings op die Porterskale, die Carkhuffskale (met die uitsondering van respek en empatie) en die semantiese differensiaal. Die metings op die huweliksintegrasievraelys vertoon dieselfde verskiltendens.

Deurdat die verskille tussen die opeenvolgende metings van die kontrolegroep onbeduidend daar uitsien, dien die kontrolegroep as vergelykende basis vir die ontledings van die hoogs beduidende verskille soos aangetoon tussen die na- en opvolgmetings van die eksperimentele en kontrolegroep in geheel.

Hierdie verskille kan toegeskryf word aan die veranderinge in die eksperimentele groep. Die eksperimentele groep toon dan ook in totaal 'n hoogs beduidende styging vanaf die voor- tot die nametings, spesifiek ten opsigte van die Carkhuffskale en die semantiese differensiaal.

Die toename vanaf die voor- tot die opvolgmetings van die eksperimentele groep in geheel, blyk hoogs beduidend te wees

ten opsigte van spesifiek die metings op die Carkhuffskale (met die uitsondering van die beduidende toename met betrekking tot empatie), die semantiese differensiaal en die huweliksintegrasievraelys. Daarmee saam, toon die eksperimentele groep in geheel 'n konstantheid vanaf die na- tot die opvolgmetings spesifiek wat empatie en die semantiese differensiaal betref. Hierdie behoudende tendens word in 'n mate versteur deur 'n afname vanaf die na- tot die opvolgmetings, spesifiek in soverre dit egtheid en respek (Carkhuffskale) aangaan.

Die resultate van die metings op die Porterskale, sluit nou aan by die veranderingspatrone van die afhanklike veranderlikes. Die voorkoms van begrypende houdings (relatief tot die ander) toon 'n hoogs beduidende toename vanaf die voor- tot die nametings. Verdere bevindinge toon 'n hoogs beduidende styging vanaf die voor- tot die nametings asook dat die afplatting vanaf die na- tot die opvolgmetings omvangryk daar uitsien. Dit dui breedweg op 'n betekenisvolle toename en behoud van begrypende houdings na die programtoepassing asook tydens die opvolgsessie van die eksperimentele groep.

Uit die rapportering en die grafiese voorstelling van die resultate van die metings ten opsigte van die eksperimentele groep, blyk dit dat die mate van styging vanaf die voor- tot die nametings van die Carkhuffskale (buiten empatie) in ooreenstemming is met die metings op die semantiese differensiaal. Daarenteen toon die metings op die Carkhuffskale (buiten empatie) vanaf die na- tot die opvolgmetings 'n relatiewe groter daling as die metings op die semantiese differensiaal.

Die metings op die huweliksintegrasievraelys en die Porterskale toon proporsioneel 'n groter styging as wat verwag sou word teen die agtergrond van die styging van die metings op die Carkhuffskale vanaf die voor- tot die opvolgmetings van die eksperimentele groep. Hierdie veranderings mag enersyds

daarop dui dat houdings 'n primêr bepalende rol speel in interpersoonlike interaksies soos byvoorbeeld ten opsigte van egpaarontwikkeling, wat in ag geneem sou kan word met die samestelling en ontwikkeling van soortgelyke program-intervensies in die toekoms.

Die proporsioneel meer beduidende resultate wat momenteel in hierdie studie behaal is ten opsigte van houdingsmeting-toenames op verskillende vlakke, in verhouding tot begrypende interaksievaardighede, leen dit andersyds tot 'n verdere verklaring. Daarvolgens sou houdingsverandering beskou kan word as om vaardigheidsverandering op psigodinamiese vlakke en met verwysing na die verloop van tyd, vooraf te gaan. Waar die metings van die studie wel oor 'n langer termyn (maar nie 'n ekstensiewe tydsperiode) strek nie, sou die verwagting gekoester kan word dat begrypende (egpaar) interaksievaardighede oor 'n steeds langer tydsverloop na die studie-ingreep en evaluasies, deurgaans hoogs beduidende toenames mag toon, soortgelyk aan die resultate met betrekking tot houdingstoenames. Dit sou geskied met minstens die behoud of selfs die uitbouing van fasiliterende houdingsaspekte onderliggend aan egpaarinteraksie-ontwikkeling. So 'n beredenering word ondersteun deur die metings op die Carkhuffskale wat vanaf die voor- tot die opvolgmetings van die eksperimentele groep ('n tydsverloop van vyf weke), statisties betekenisvol daar uitsien.

Die gedagtegang kan verder gestaaf word met verwysing na die wedersyds beïnvloedende elemente en prosesse betrokke by die egpaarinteraksie-ontwikkelingsveranderingsproses in terme van die sirkulêre teoretiese verklaringsmodel (sien afdeling 5.3.5). Die aard en kompleksiteit van hierdie model impliseer 'n uitgebreide tydsverloop met die oog op diepgaande veranderings.

Indien hierdie gedagtegang aanvaar sou word, met die teoretiese egpaarinteraksie-ontwikkelingsmodel as riglyn, behoort die kwantitatiewe toename van die metings op die egpaarskale

op die korttermyn onmiddellik na die programtoepassing, as kwalitatief minder diepgaande en dus behoudend beskryf te word. Daar sou ook dan tegelykertyd aanvaar word dat elemente van die programintervensies leerveranderingsprosesse op die korttermyn rondom begrypende egpaarinteraksievaardighede aanspreek. Sodanige nie-totaal blywende effekte sou onder meer toegeskryf kan word aan komponente van modellering as blote hoëvlak nabootsing.

Met verwysing na die resultate van die empiriese navorsingsevaluering van die praktykmodel in geheel, blyk die volgende algemene bevinding van toepassing te wees: die eksperimentele groep ondergaan weens die aanwending van die huweliksverrykingsprogram, omvattende veranderinge van 'n redelike duursame aard in die rigting van die ideale toestande, met betrekking tot die afhanklike veranderlikes.

Die resultaattendense dui dus daarop dat die toepassing van die huweliksverrykingsprogram met betrekking tot die entiteite van interpersoonlike egpaarinteraksie in die huweliksverband, positiewe veranderinge op die korttermyn, maar ook op die langer termyn teweeggebring het. Dit geld in 'n breë verband ten opsigte van subtiele begrypende houdings (Porterskale), begrypende vaardighede (Carkhuffskale), bewustelike houdings (semantiese differensiaal) en die verhoudingsintegrasie (huweliksintegrasievraelys). Hierdie resultate stem ooreen met die resultate wat deur navorsers soos Beale, Payton en Zachary (1978), Bernier en Rustand (1978) en Lambert, Rothschild, Altland en Green (1978) aangaande interaksiehoudings en deur Clack, Conyne en Strand (1975), Gantt, Billingsley en Giordano (1980) en Payne en Woudenburg (1980) aangaande interaksievaardighede behaal is.

Met verwysing na die finale doelstelling van hierdie studie, naamlik die empiriese evaluering van die program om 'n aanduiding van die geldigheid van die teorie en die praktykprogram te verkry, kan die toepaslikheid van die huweliksverrykingsprogram op grond van die resultate van die

navorsingsevaluering as voldoende aanvaar word. 'n Soortgelyke aanvaarding van toepaslikheid sou van toepassing wees op die teorie (en dus die teoretiese model), waar die praktykprogram met aspekte van interpersoonlike interaksie as mikpunt gebaseer is op die kernelement van die teoretiese model, te wete egpaarinteraksie-ontwikkeling.

Waar die implikasies van die resultate met betrekking tot die meetinstrumente in hierdie afdeling bespreek is, kom die implikasies van die resultate van die evaluering van die praktykmodel met betrekking tot die teoretiese model in die volgende afdeling ter sprake.

7.5.3 Implikasie van die resultate met betrekking tot die teoretiese model

In terme van die teoretiese voorstelling van die egpaar-interaksie-ontwikkelingsmodel as sentrale teoretiese model, het die blootstelling aan die huweliksverrykingsprogram 'n positiewe effek op die egpaarsisteme van die steekproef gehad. Hierdie positiewe effekte kan aan die hand van inhoudelike, strukturele, prosesmatige en ontwikkelingsvlakke van die algemene sisteemteorie (sien afdeling 5.2) uiteengesit word.

Verhoogde vlakke van egpaarinteraksie-ontwikkeling wentel eerstens af tot sisteeminhoudelike aspekte wat die volgende positiewe eienskappe na vore laat tree: duidelik gedefinieerde sisteemgrense wat ook 'n voldoende kwaliteit verleen aan sisteemkonseptuele en fisiese ruimte, matige en voldoende deurlaatbare grense wat saamhang met bevredigende vlakke van energie- en inligtingsuitruiling tussen die lewende sisteme.

Vir sover dit die egpaarsisteemstrukturele aspekte betref, ontwikkel die verskillende sisteme soos die egpaarsisteem tot 'n geheel, bestaande uit meer as die eienskappe en funksies van die sisteementiteite in totaal. Struktureel vol-

doende sisteemeienskappe behels dat die sisteme op die verskillende vlakke van die hiërargiese sisteemstruktuur van die sentrale egpaarsisteem, behoorlik gerangskik en georden is.


Voldoende ontwikkelende egpaarinteraksie bring op 'n prosesmatige sisteemvlak teweeg dat die egpaarsisteem op die middelvlak van die egpaarsisteemstruktuur, 'n voldoende koppelingsfunksie vervul. Dit beteken dat daar horisontaal en vertikaal voldoende wedersyds beïnvloedende transaksies (interaksies) plaasvind. Nie-geslote interaksies tussen die omgewing en die onderskeie oop sisteme geskied dus. 'n Sisteemtoestand van negentropie heers onder sodanige toestande, waar daar dan ook sprake is van 'n progressiewe stabiliteitstoestand.

Voldoende egpaarinteraksie-ontwikkeling bring, wat sisteemontwikkeling en kontrole-aspekte betref, teweeg dat die sisteme op die verskillende vlakke van die egpaarsisteemhiërargie, in 'n progressiewe tydskonsep funksioneer binne die konteks van die onmiddellike tydsverloop van die gesinsuprasisteem. Die sentrale terugvoer-proseswerking, volgens die beginsels van die kubernetika en die kubernetiese siklus (naamlik doelwitformulering, strategie-implementering en terugvoering), funksioneer ongehinderd.

Hierdie optimale egpaarsisteemtoestande ten opsigte van interaksie-ontwikkeling, lei daartoe dat daar meer optimale huweliksbevredigingspatrone gedurende al die egpaarontwikkelingstadia (insluitende die gesinsuitbouingstadium) aanwesig sal wees, wat toegeskryf kan word aan kwalitatiewe en kwantitatiewe veranderde huweliksinteraksie.

Verdere interpretasies van die resultate van die empiriese navorsingsevaluering in terme van die sentrale konstrukte van die teoretiese model, blyk moontlik te wees. Dié sentrale teoretiese konstrukte word verteenwoordig deur die aard en onderliggende beginsels van die voorstellings van

progressiewe sisteemontwikkeling (sien afdeling 5.3.5) en progressiewe egpaarinteraksiesisteemontwikkeling in gesinsverband (sien afdeling 5.3.5). Die deurlopende implikasies van die resultate van die evaluering van die praktykprogram, met betrekking tot die onderskeie egpaarsisteeminteraksie-ontwikkelingstadia in gesinsverband, in terme van die onderskeie sentrale teoretiese konstrukte, word skematies voorgestel in Figuur 7.3.



FIGUUR 7.3: OPTIMALE EGPAARSISTEEMINTERAKSIE-ONTWIKKELING IN GESINSVERBAND

Figuur 7.3 omvat 'n voorstelling van optimale ideale progressiewe ontwikkeling van die egpaarinteraksiesisteem in gesinsverband. Hieruit blyk dit dat egpaarinteraksie-ontwikkeling, onder optimale toestande, soos moontlik gefasiliteer word deur die praktykmodelintervensies van

hierdie studie, mag resulteer in progressief kwantitatiewe en kwalitatiewe ontwikkeling. Hierdie verhoogde ontwikkelingsvlakke sou kon geld ten opsigte van die strukturele, inhoudelike, ontwikkelings- en prosesmatige aspekte van die sirkulêre egpaarsisteemfunksionering. Dit mag onder meer vergestalt as eskalerende vlakke van huweliksbevrediging gedurende die opeenvolgende stadiums van gesinsontwikkeling.

Die implikasies van die resultate van die empiriese navorsingsevaluering van die praktykprogram ten opsigte van die teoretiese model, mag ook voorts verwoord word aan die hand van organiserende interpersoonlike kernkonstrukte met betrekking tot die teoretiese model.

In hierdie verband kan daarop gewys word dat die resultate van die navorsingsevaluering daarop dui dat daar betekenisvolle veranderinge geskied het ten opsigte van houdings asook interpersoonlike interaksievaardighede. Houdings, as bestaande uit affektiewe kognisies, verteenwoordig dus in die opsig interpersoonlike kwaliteite vanuit 'n intra-interpersoonlike invalshoek.

Die praktykintervensie van hierdie studie bring dus interpersoonlike (waarneembare vaardighede en optredes), insluitende intra-interpersoonlike (houdings) verandering teweeg, te meer oor 'n langer tydsverloop. Dit volg in ooreenstemming met die aard van die praktykmodelintervensie. Die praktykmodelintervensie wentel met behulp van optimale leerprosesintervensiestrategieë rondom die sake van egpaarinteraksie, egpaar- en gesinsontwikkeling asook waardes. Die praktykintervensie bring in terme van die teoretiese model leerveranderinge teweeg, veral op interpersoonlike vlakke (sisteemteoreties die middelsisteemvlakke). Daarmee saam vind leerveranderinge ook plaas op intrapersoonlike (subsisteemvlakke) asook milieu-interpersoonlike (suprasisteemvlakke) gebiede. Diepgaande veranderinge geskied veral oor die langer termyn weens die aanwesigheid van komplekse

interaksies op uiteenlopende vlakke, soos deur die aard van die teoretiese model geïllustreer.

Die positiewe veranderinge wat deur die praktykgeoriënteerde modelpakket (gesinsontwikkeling vir egpare) op veral interpersoonlike vlakke bewerkstellig word, sou skuiwe op laer sowel as hoër vlakke van die teoretiese model (egpaarinteraksie-ontwikkeling) teweeg kon bring. Dit mag die geval wees weens die interaksioneel wedersyds beïnvloedende kwaliteite van die algemene sisteemteoreties begronde sentrale model. In hierdie verband is dit moontlik om die sirkulêre egpaarinteraksie-ontwikkelingsmodel (Figuur 5.12) in terme van opeenvolgende egpaarinteraksie-ontwikkelingsmomente te beskou. Oorkoepelende hoofmomente van egpaarinteraksie-ontwikkeling word verteenwoordig deur die gesinsvormings-, uitbouings- en inkortingsfase (Figuur 5.10: Gesinsontwikkelingskomponente van die egpaarinteraksiesisteem). Hieruit volg dit dat 'n spesifieke moment van egpaarinteraksie-ontwikkeling (Figuur 5.8: Hiërargiese organisasie van die egpaarsisteemstruktuur) beskou kan word as 'n lineêre snit van die egpaarinteraksie-ontwikkelingsmodel (Figuur 5.12).

In terme van sodanige lineêre snit van die egpaarinteraksieontwikkelingsmodel (dus Figuur 5.8) sou positiewe veranderinge moontlik te wagte kon wees op die vlak van die konstrukte op die laer (intrapersoonlike) asook hoër (milieu) vlakke. Positiewe veranderinge ten opsigte van vaardighede, gedrag en rolle op interpersoonlike vlakke mag eerstens afwentel tot op die intrapersoonlike vlakke van die selfkonsep en selfpersepsie asook selfs persoonlike styl en persoonlikheidstrekke (sien Figuur 5.8) op die langtermyn.

Op dieselfde wyse mag positiewe interpersoonlike effekte uitkring tot op die (milieu) vlakke van die gesinsisteem, die netwerk van individuele omstandighede, uiteindelik selfs die groter instellings van die gemeenskap en idealisties gesproke ook waardes (sien Figuur 5.8) op kulturele vlak.

Sodanige positiewe effekte op veral die onmiddellike laer en hoër vlakke (die gesin en die selfkonsep), sou veral kon realiseer indien positiewe effekte rondom die interpersoonlike egpaarontwikkelingsaspekte lineêr opeenvolgend (met terugkoppeling op interaksionele ontwikkelingsvlak dus sirkulêr), met 'n voldoende verloop van tyd gehandhaaf kon word. Waar daar aan die hand van die navorsingsevalueringsresultate in die algemeen wel sodanige tendense aanwesig is, dui dit op die moontlike fasilitering van egpaarinteraksie-, persoonlike asook gesinsontwikkeling.

Hierdie positiewe effekte mag veral op die onmiddellike hoër hiërargiese vlak van die teoretiese model, naamlik die gesin, aanvullend versterk word waar daar praktykgeoriënteerde aanvullende intervensies op struktureel hoër (waarde) vlakke van die teoretiese model geskied. Die waarde-intervensies van die praktykmodel binne die Christelike subkultuur (op hoër vlakke van die teoretiese model), het waardebevestiging en vaslegging ten doel. Dit kan aangedui word aan die hand van sake soos die objektiewe Godmens-saakkarakter van die huwelik asook die sentrale liefdestema. Die effekte van die beïnvloedingsdinamika van die waarde-insette van die praktykmodelprogram, sien vaag omlyn daaruit.

In die volgende **afdeling** word daar gehandel met verdere kritiek en gepaardgaande aanbevelings soos deur die resultate van die empiriese navorsingevaluering geïmpliseer - in opvolging tot die implikasies van die resultate met betrekking tot die teoretiese model wat in hierdie afdeling aandag geniet het.

7.5.3 Implikasies van die resultate: kritiek en aanbevelings

Ten spyte van die behoudende effek van die praktykintervensie van hierdie studie volgens die navorsingsevaluering in geheel, is daar tog aanduidings van 'n effektiwiteitsaf-

name met die verloop van tyd. Om hierdie tendens teen te staan, behoort die positiewe effek van die aanvanklike intense huweliksverrykingsintervensie gekonsolideer en uitgebou te word deur parallelle periodieke opvolgintervensies.

Die saak rondom die aard van veranderingstendense oor 'n uitgebreide lang termyn, hetsy in reaksie op of in die afwesigheid van opvolgintervensies, is oop vir spekulasie. Daar bestaan steeds 'n behoefte aan aanvullende beskrywende, analitiese asook toegepaste longitudinale navorsing in hierdie verband.

Waar die steekproef van hierdie studie bemoedigende resultate toon, bestaan daar soortgelyke positiewe veranderingsmoontlikhede vir egpare van die meer omvattende tersaaklike populasie, sodat daar aanspraak gemaak kan word op bevredigende eksterne geldigheid. Kritiek wat teen die navorsingsevaluering van hierdie studie uitgespreek kan word, is dat evaluering met verwysing na die aard van die steekproef en dus die gepaardgaande populasie, nie genoegsaam divers geskied het in terme van aspekte soos sosio-ekonomiese stratifikasie, taalgroepe en kulturele affiliasie nie. Die implikasies hiervan is dat die veralgemeenbaarheid van die navoringsresultate van hierdie studie met omsigtigheid geformuleer en beskou behoort te word.

Om veralgemeenbare resultate in die breë aangaande die evaluering van die geldigheid van die praktykprogram en die teorie te verkry, kan daar in die toekoms van diverse steekproeftrekking gebruik gemaak word.

In hierdie studie is daar, wat die verklarende asook toegepaste navorsingsentiteite betref, klem gelê op die beginsels en eienskappe (interaksionele houdings en vaardighede), wat dit vir die egpaarlede moontlik maak om akkommoderend, aanpassend en inisiërend te funksioneer ten opsigte van veral eksterne asook interne (ontwikkeling)

stressors. Dit geskied ten koste van eksplisiet voorgeskrewe rolaanpassing en aanvaarding, soos dikwels van toepassing is in remediërend georiënteerde intervensies.

Na aanleiding van die positiewe resultaataanduidings wat figureer, behoort die saak verder ondersoek te word in 'n gedifferensieerde samelewing. In so 'n ondersoek sou dit toepaslik wees om in die huwelikstudieveld beskrywende navorsing(wat gerig is op spesifieke uniekhede) slegs as agtergrond aan te wend in die scenario van interreagerende analitiese en toegepaste navorsing. Dit sou geskied met die oog op die uiteindelike identifisering en maksimalisering van sentrale egpaarinteraksie-ontwikkelings en gesinsfunksioneringsbeginsels wat universeel sou geld vir uiteenlopende groeperinge in die samelewing.

Waar hierdie studie in die toegepaste veld van die Sielkunde in 'n primêr voorkomende idioom onderneem is, behoort die remediërende implikasies van die positiewe bevindinge nie sonder meer agterweë gelaat te word nie. Die konseptuele verwysingsraamwerk van die egpaarinteraksie-ontwikkelingsmodel mag van waarde wees vir remediërende huweliksintervensies vanuit 'n nie-patalogiese (dit wil sê nie die mediese model nie) perspektief.

Dit blyk dat daar in die huweliksarea van die kenniskader van die Sielkunde en verwante dissiplines, onvoldoende koördinasie tussen navorsers en praktisyns bestaan. In hierdie verband mag hierdie teoreties gefundeerde navorsingsinset 'n praktykgeoriënteerde bydrae lewer, deurdat 'n deeglike geevalueerde huweliksverrykingspakket daargestel word. Dit geskied met die voorbehoud dat daar 'n kontrolerende aksie uitgeoefen word en geïmpliseerde standaardgroepleieropleidingsfunksie daargestel word.

Met verwysing na die huwelik as multi-dimensionele verskynsel wat multi-dissiplinêre ondersoeke dikteer, mag hierdie studie teoreties ook 'n bydrae lewer. Waar die

Sielkunde as geesteswetenskap menslike (interaksionele) gedrag ten eerste vanuit die oogpunt van die individu takseer, skep hierdie studie moontlik deur 'n illustrasie van veral die verklaring, asook die voorspelling en positiewe manipulasie van die huweliksprobleemtema (wat onder meer ook op die grense van die realiteitsbestudering van die Sielkunde beweeg), 'n tentatiewe teoretiese raamwerk vir aanvullende insette vanuit verwante dissiplines soos die Sosiologie, Teologie, Opvoedkunde, Maatskaplike werk en Antropologie.

Die voorstelling van die kritiek en aanbevelings soos deur die implikasies van die resultate van hierdie studie geïmpliseer, in samehang met die uiteensettings van die resultate met betrekking tot die meetinstrumente, is die bespreking van die interpretasie van die resultate van die empiriese navorsingsevaluering van die praktykmodel, voltooi.

7.6 SAMEVATTING

Die doelstellings en veral die finale doelstelling van hierdie studie, is inleidend tot hierdie hoofstuk voorgehou. In reaksie daarop is die behoefte geïdentifiseer om die resultate en betekenis daarvan aangaande die evaluering van die probleemoplossing, te ondersoek.

Daar is voortgegaan om die resultate asook die interpretasie van die resultate van die ontwikkelingsnavorsingsevaluering van die praktykmodel weer te gee, terwyl die resultate sowel as die interpretasie van die resultate van die eksperimentele navorsingsevaluering van die praktykmodel, asook kritiek en aanbevelings wat deur die resultate geïmpliseer word, aandag geniet het.

Met die voorafgaande samevatting word daar met die beskrywing van hoofstuk 7, 'n probleemoplossingsevaluering, resultate en interpretasie volstaan. Met die uiteensetting van hoofstuk 7 word die bespreking van die evaluering van

die probleemoplossing (afdeling V) van hierdie studie voltooi. 'n Verdere hoofstuk wat in hierdie afdeling (V) aandag geniet het, is hoofstuk 6 (probleemoplossingsevaluering, metode van ondersoek).

Die volgende afdelings is kuberneties (siklies) gesproke in opeenvolging tot afdeling I (probleemidentifikasie) as die verloop van die totale studie uiteengesit:

(a) Vlak van funksionering: afdeling II - agtergrond tot die probleem.

(b) Doel : afdeling III - 'n ideaalbeeld en onderliggende waardesisteem ten opsigte van die probleem.

(c) Strategie : afdeling III - oplossing van die probleem.

(d) Terugvoer : afdeling V - evaluering van die probleemoplossing.

Volgens hierdie uiteensetting gryp die terugvoer (afdeling V, hoofstukke 5 en 6) terug na veral die strategieë, maar ook in 'n mindere mate na beide die doel en die vlak van funksionering. 'n Aanduiding van die geslaagdheid van die verloop van hierdie studie as 'n geheel kan ook verkry word deur die terugvoer direk af te speel teen die vlak van funksionering.

Op grond van die bemoedigende aard van die (hoofsaaklik praktykgeoriënteerde) uitkoms van die terugvoer van hierdie studie asook die verweefdheid van teoretiese en praktykgeoriënteerde studiekomponente, is dit moontlik om met veiligheid tot verskeie gevolgtrekkings te kom aangaande die bevrediging van verskeie (hoofsaaklik teoretiese) behoeftes wat gedurende die vroeëre bepaling van die vlak van funksionering van hierdie studie ter sprake gekom het. So 'n gevolgtrekking behels in die eerste plek dat hierdie studie 'n bydrae lewer tot die teoretiese ideaal met

betrekking tot die studietema, naamlik om die verskeie vlakke van egpaarinteraksie op enige gegewe (ontwikkelings) moment veral sinvol te verklaar, te voorspel en positief te manipuleer binne 'n geïntegreerde model.

In die bestudering en verklaring van komplekse interafhanklike patrone en verskynsels ten opsigte van die teoretiseringskomponent, word konsepte opgelewer wat grootliks voldoen aan die vereistes van duidelikheid, wydheid en sistematiese samehang (Phillips, 1966). Die samehang van hierdie konsepte spreek die situasie aan waarop L'Abate en McHenry (1983) kommentaar lewer aangaande soortgelyke vorige insette soos dié van Gottman (1979), deur daarop te wys dat konsepte wat aangewend word, vaag is en dat daar 'n onvermoë bestaan om hierdie terme te kwalifiseer. In hierdie studie is die proses van konsepspesifisering en -samehang aangepak met behulp van die beginsels van die algemene sisteemteorie teen die agtergrond van die gevaar om die metateoretiese karakter daarvan te verabsoluteer tot 'n basiese verklarings- en/of intervensiemodel.

Die formulerings- en samestellingswerkswyse wat gevolg is, blyk in ooreenstemming te wees met dié wat deur Hinde (1978) voorgestel word. Die lewensvatbaarheid hievan steun op die aanname van 'n gelykmatige teoretiese ontwikkelingsproses in die verskillende benaderings tot 'n afgebakende subarea van die Sielkunde as wetenskap, waar die mikpunt nie noodwendig nuwe teoretiese stelsels is nie, maar 'n geheelorganisasie van wát wáár belangrik is (Kuhn, 1969), sonder om te verval in 'n onwetenskaplike eklektisisme (Allport, 1964). Die kernwaarhede van die wetenskap van die Sielkunde blyk juis ingebed te wees in 'n wisselwerkende (teoretiese en praktykgeoriënteerde) geïntegreerde balans.

Die afleiding kan ook gemaak word dat hierdie studie grootliks daarin slaag om 'n bydrae te lewer wat in teenstelling staan tot die volgende uitsprake:

(a) Daar bestaan geen sistematies ontwikkelde teorie aangaande huweliksinteraksie wat die tweeledige verhouding uiteensit nie (L'Abate en McHenry, 1983).

(b) Die Sielkunde in die algemeen (dus ook die veld van die huwelik) word gekenmerk deur 'n gebrek aan teoretiese sofistikasie (Retief, 1986; Royce, 1982).

OPSOMMING

PROBLEEMIDENTIFIKASIE

Die huweliksverhouding dien as basis van die gesin, wat oor 'n primêre sosialiseringswaarde in die breë beskik. Die aard en oorsake van die problematiek van die huweliksverhouding hang saam met die ontwikkelingsmoment van egpaarinteraksie waarin die huwelikspaar verkeer. Die huweliksverhouding bied voortdurend die geleentheid tot uitbouing by wyse van die ontwikkeling van interpersoonlike egpaarinteraksie. Sodanige aksie gerig op die optimale funksionering van die huweliksverhouding, mag 'n voorkomende funksie vervul.

Die doelstellings van hierdie studie behels veral die volgende:

(a) 'n Teoretiese integrasie en teorie-bou met betrekking tot die ontwikkeling van egpaarinteraksie.

(b) Die skepping, ontwikkeling en verfyning van 'n toepaslike huweliksverrykingsprogram met betrekking tot egpaarinteraksie in die gesinsontwikkelingskonteks.

(c) 'n Empiriese evaluering van die program om die geldigheid van die teorie en die praktykprogram te bepaal.

AGTERGROND TOT DIE PROBLEEM

Die teoretiese ondersoek na die ontwikkelingsperspektief tot egpaarinteraksie wat intrapsigiese ontwikkelingskonstrukte van egpaarlede asook interpersoonlike ontwikkelingsaspekte in sosiale en gesinsverband met gepaardgaande integrasiemoontlikhede inkorporeer, dui daarop dat daar volgens nieoptimale bevredigingsvlakke as norm 'n deurlopende behoefte

bestaan aan die versterking van die huweliksverhouding gedurende die verskillende gesinsontwikkelingstadia, maar veral tydens die gesinsuitbouingsfase.

In 'n praktykgeoriënteerde bepaling van egpaarinteraksie-ontwikkelingsintervensies waarin veral voorkomende interpersoonlike vaardigheidsopleidingsmetodes met betrekking tot verryking en kommunikasie-opleiding ter sprake kom, tree samestellingsmoontlikhede, asook 'n sentrale effektiwiteitsbepalende proses, na vore. 'n Praktykgeoriënteerde vasstelling van egpaarinteraksie-intervensietoepassing in groepverband, handel hoofsaaklik met gestruktureerde (demokratiese) lewensvaardigheidsgroepe en effektiwiteite waarin leerprosesse vooropgestel staan, sowel as die rol van die groepleier waarin sy waardesisteem onder meer bepalend blyk te wees.

DIE IDEAALBEELD EN ONDERLIGGENDE WAARDESISTEEM TEN OPSIGTE VAN DIE PROBLEEM

Die daarstelling van 'n huwelikswaardesisteem in die vorm van die Christenhuwelik as 'n doelmatige probleemtema kulmineer in die sentraliteit van die versoenende Christelik-Protestantse huweliksgeloofs- en liefdesbeginsel en interpersoonlike huwelikshandelingsideaalprofiel, wat ook nagestreef kan word vanuit geïntegreerde en saamgestelde teoretiese en praktykhulpbronne vanuit die Sielkunde.

OPLOSSING VAN DIE PROBLEEM

Die formulering van teoretiese en praktykgeoriënteerde probleemoplossings steun onderskeidelik enersyds op die algemene sisteemteorie (en kubernetika) en andersyds op psigo-opleiding (en ontwikkelingsnavorsing) en resulteer in teoretiese en praktykgeoriënteerde modelle genaamd "egpaarinteraksie-ontwikkeling" en "gesinsontwikkeling vir egpare" (bestaande uit 'n handleiding, 'n werkboek en 'n videopakket), wat verdere evalueringsaksies ontlok.

EVALUERING VAN DIE PROBLEEMOPLOSSING

Die metode van ondersoek na die probleemoplossingsevaluering betrek twee uiteenlopende maar aanvullende navorsingsevalueringsprosesse, te wete die ontwikkelings- en die eksperimentele navorsingsevaluering. Die evaluering van die program volgens die ontwikkelingsnavorsingsbenadering behels evaluering deur deskundiges, deur die groeplede (met behulp van 'n semantiese differensiaal) asook deur 'n voorafgaande studie as loodsstudie. Die eksperimentele navorsingsbenadering word verteenwoordig deur die volgende aspekte: die huweliksverrykingsprogram as onafhanklike veranderlike; die Porterskale, Carkhuffskale, semantiese differensiaal en huweliksintegrasievraelys as meetinstrumente gerig op interpersoonlike egpaarinteraksie as verteenwoordigend van die afhanklike veranderlike; die voor- asook na- en opvolgmetingskontrolegroepontwerp; steekproeftrekking (N = 108); die eksperimentele prosedure sowel as die hipotesestelling en data-analise. Die dataverwerking van die Hotelling T^2-toetsstatistiek (vir onafhanklike en afhanklike groepe) wat hoofsaaklik aangewend word, geskied met behulp van 'n standaard BMDP-rekenaarprogram.

'n Aantal hipoteses word geformuleer aangaande die effek van die program met betrekking tot die volgende vlakke van interpersoonlike (egpaar) interaksie:

(a) Subtiele (begrypende) houdings.
(b) Begrypende vaardighede insluitende egtheid, respek en empatie.
(c) Bewustelike (positiewe) houdings.
(d) Verhoudingsintegrasie.

Die resultate en interpretasie van die probleemoplossingsevaluering ten opsigte van die ontwikkelingsnavorsingsevaluering dui daarop dat die verskillende entiteite van die blootstelling aan die huweliksverrykingsprogram, naamlik die inhoud en aanbieding van die werkboek en die gepaardgaande

videomateriaal, die individuele-, egpaar- en groepaktiwiteite, die groepgesprekke en die aanbieder as oorwegend positief deur die groeplede ervaar word, en dus toereikende voorkomsgeldigheid impliseer.

Uit die resultate en interpretasie ten opsigte van die eksperimentele navorsingsevaluering, blyk dit dat die blootstelling aan die huweliksverrykingsprogram betekenisvolle toenames in die aanwesigheid van subtiele (begrypende) houdings, begrypende vaardighede insluitende egtheid, respek, bewustelike (positiewe) houdings en verhoudingsintegrasie, en dus egpaarinteraksie in geheel asook die gepaardgaande huweliksfunksionering, -ontwikkeling en -bevredigingspatrone op die korttermyn, maar ook 'n langer termyn, tot gevolg het. Ten einde die geldigheidsevaluering en die verdere ontwikkeling van die huweliksverrykingsprogram en teoretiese insette van hierdie studie steeds uit te brei, behoort die program op meer diverse steekproewe betreffende aspekte soos sosio-ekonomiese, taal- en kulturele stratifikasie, ook op 'n longitudinale wyse toegepas te word.

BRONNELYS

AALDERS, G. 1960. **Korte verklaring der heilige Schrift.** Kampen: J.H. Kok.

AALDERS, W. 1974. **Man en vrou in een revolutionaire tijd.** Den Haag: J.N. Voorhoeve.

ABRAHAMS, J. 1950. Group psychotherapy: Implications for direction and supervision of mentally ill patients. In T. Muller (Ed.). **Mental health in nursing.** Washington: Catholic University.

ACKERMAN, N.W. 1943. Group therapy from the viewpoint of a psychiatrist. **American journal of orthopsychiatry**, 13, 678-687.

ACKERMAN, N.W. 1954. Interpersonal disturbances in the family: Some unresolved problems in psychotherapy. **Psychiatry**, 17, 359-368.

ACKOFF, R.L. 1977. **Redesigning the future: A systems approach to societal problems.** New York: John Wiley.

ADAMS, J.E. 1970, 1973. **Competent to counsel.** New York: Presbyterian and reformed.

ADLER, R. 1975. **Television as a social force: New approaches to TV criticism.** New York: Praeger.

ALDOUS, J. 1978. **Family careers: Developmental changes in families.** New York: John Wiley.

ALEXANDER, J. 1973. Defensive and supportive communication in normal and deviant families. **Journal of consulting and clinical psychology**, 40, 223-231.

ALLPORT, G. 1955. **Becoming.** New Haven: Yale University.

ALLPORT, G.W. 1964. The fruits of eclecticism; bitter or sweet. **Acta psychology**, 23, 27-44.

ALSCHULER, A.S. 1973. **New directions in psychological education.** Middletown: Education Ventures.

ALSCHULER, A. en IVEY, A.E. 1973. Getting into psychological education. **Personnel and guidance journal**, 28, 111-116.

ALTMAN, I. en HAYTHORN, W.W. 1967. The effects of social isolation and group composition on performance. **Human relations**, 20, 313-340.

ALTMAN, I. en TAYLOR, D.A. 1973. **Social penetration: The development of interpersonal relationships**. New York: Holt.

ANCHIN, J.C. en KIESLER, D.J. 1982. **Handbook of interpersonal psychotherapy**. New York: Pergamon.

ANDREWS, E. 1974. **The emotionally disturbed family and some gratifying alternatives**. New York: Aronson.

ARCHER, D. 1974. Power in groups: Self concept changes of powerful and powerless group members. **Journal of applied behavioral science**, 10, 208-220.

ARGYLE, M. en DEAN, J. 1965. Eye contact, distance and affiliation. **Sociometry**, 28, 289-304.

ARIES, E. 1976. Interaction patterns and themes of male, female, and mixed groups. **Small group behavior**, 29, 1147-1161.

ARLOW, J.A. 1980. Object concept and object choice: Symposium on object-relations theory and love. **Psychoanalytic quarterly**, 49, 109-133.

ARMORE, S.S. 1966. **Introduction to statistical analysis and inference**. New York: Wiley.

ARONFREED, J. 1970. The socialization of altruistic and sympathetic behavior: Some theoretical and experimental analyses. In J. Macaulay and L. Berkowitz (Eds.), **Altruism and helping behavior. Social psychological studies of some antecedents and consequences**. New York: Academic.

ARONOVICH, J. 1982. **Life cycle : Stability and evolution in families**. San Francisco: Workshop presented at the meeting of the American Orthopsychiatric Association, April.

ARONSON, E., WILLERMAN, B. en FLOYD, J. 1966. The effect of a pratfall on increasing interpersonal attractiveness. **Psychonomic science**, 4, 227-228.

ASPY, D. en ROEBUCK, F. 1977. **Kids don't learn from people they don't like**. Amherst: Human Resource Development.

ATKINSON, D. 1979. **To have and to hold. The marriage covenant and the discipline of divorce**. London: Collins.

AUTHIER, J., GUSTAVSON, K., GUERNEY, B. en KASDORF, J.A. 1975. The psychological practitioner as a teacher: A theoretical-historical and practical review. **The counseling psychologist**, 5 [2], 31-50.

AVERILL, J.R. 1968. Grief: Its nature and significance. **Psychological bulletin**, 70, 721-748.

BABAD, E.Y. en MELNICK, I. 1976. Effects of a T group as a function of trainers' liking and members participation, involvement, quantity and quality of received feedback. **Journal of applied behavioral science**, 12, 543-562.

BACH, G.R. en WYDEN, P. 1969. **The intimate enemy: How to fight fair in love and marriage**. New York: William Morrow.

BACHMAN, J. en O'MALLEY, P. 1977. Self-esteem in young men: A longitudinal analysis of the impact of educational and occupational attainment. **Journal of personality and social psychology**. 35, 365-380.

BAER, D.M. 1970. An age-irrelevant concept of development. **Merril-Palmer quarterly**, 17, 238-245.

BAKER, K.H. 1937. Pre-experimental set in distraction experiments. **Journal of general psychology**. 16, 471-486.

BALES, R.F. 1950. **Interaction process analysis**. Cambridge: Addison-Wesley.

BALES, R.F., STRODTBECK, F.L., MILLS, T.M. en ROSEBOROUGH, M.E. 1951. Channels of communication in small groups. **American sociological review**, 16, 461-468.

BALL, J. en BALL, O. 1979. Strengthening families through marriage enrichment. In N. Stinnet, B. Chesser and J. DeFrain. **Building family strengths: Blueprints for action.** Lincoln: University of Nebraska.

BALL, O. 1976. **Communication patterns in strong families.** Verhandeling, Oklahoma State University.

BALTENSWEITER, H. 1967. **Die ehe im Neuen Testament.** Zürich: Zwingli Verlag.

BALTES, P.B. en LABOUVIE, G.V. 1973. Adult development of intellectual performance: Description, explanation and modification. In C. Eisdorfer and M.P. Lawton (Eds.). **The psychology of adult development and aging.** Washington: American psychological association.

BALTES, P.B. en SHAIE, K.W. 1973. **Life-span development psychology.** New York: Academic.

BALTES, P.B. en SCHAIE, K.W. 1977. The myth of the twilight years. In S.H. Zarit (Ed.). **Readings in aging and death: Contemporary perspectives.** New York: Harper.

BANDLER, R. en GRINDER, J. 1975. **The structure of magic (Vol. 1).** Palo Alto: Science and Behavior.

BANDURA, A. 1969. **Principles of behavior modification.** New York: Holt.

BANDURA, A. 1977. **Social learning theory.** Englewood Cliffs: Prentice Hall.

BANDURA, A. 1982(a). Self-efficacy: Mechanism in human agency. **American psychologist,** 37, 122-147.

BANDURA, A. 1982(b). The psychology of chance encounters and life paths. **American psychologist,** 37, 747-755.

BANDURA, A. 1983. Self-efficacy determinants of anticipated fears and calamities. **Journal of personality and social psychology,** 45, 464-469.

BANDURA, A. en PERLOFF, B. 1967. Relative efficacy of self-monitored and externally imposed reinforcement systems. **Journal of personality and social psychology,** 7, 111-116.

BANDURA, A. en WALTERS, R.H. 1963. **Social learning and personality development**. New York: Holt.

BARKER, L.L. 1978. **Communication**. Englewood Cliffs: Prentice Hall.

BARKER, R. 1968. **Ecological psychology**. Stanford: Stanford University.

BARNETT, L.R. en NETZEL, M.T. 1979. Relationship of instrumental and affection behaviors and self esteem to marital satisfaction in distressed and nondistressed couples. **Journal of consulting and clinical psychology**, 47, 946-954.

BARNLUND, D.C. 1959. A comparative study of individual, majority, and group judgment. **Journal of abnormal and social psychology**, 58, 55-60.

BARNLUND, D.C. 1974. Communications: The context of change. In B.R. Patton en K. Giffin. **Interpersonal communication: Basic text and readings**. New York: Harper.

BARON, R.A. en BYRNE, D. 1984. **Social psychology: Understanding human interaction**. Boston: Allyn.

BART, P. 1972. Depression in middle-aged women. In V. Gornick and B.K. Moran (Eds.). **Women in sexist society**. New York: New American Library.

BARTH, K. 1951. **Die kirchliche dogmatik**. Zürich: Evangelischer Verlag.

BASS, B.M. 1960. **Leadership, psychology and organizational behavior**. New York: Harper.

BATCHELDER, R.L. en HARDY, J.M. 1968. **Using sensitivity training and the laboratory method: An organisational case study in the development of human resources**. New York: Association.

BATES, F.I. 1956. Position, role and status. **Social forces**, 34, 313-321.

BATESON, G., JACKSON, D.D., HALEY, J. en WEAKLAND, J. 1956. Toward a theory of schizophrenia. **Behavioral science**, 1, 251-264.

BEALE, A.V., PAYTON, O.D. en ZACHARY, I.G. 1978. The effects of a communications course for health professionals on empathy discrimination. **Journal of applied rehabilitation counseling**, 9[2], 46-49.

BEATY, W.E. en SHAW, M.E. 1965. Some effects of social interaction on probability learning. **Journal of psychology**, 59, 299-306.

BEBOUT, J. en GORDON, B. 1972. The use of encounter groups for interpersonal growth: Initial results of the TIE project. **Interpersonal development**, 2, 91-104.

BECK, J. 1966. Effects of orientation and of shape similarity on perceptual grouping. **Perception and psychophysics**, 1, 311-312.

BELL, R.R. 1983. **Marriage and family interaction**. Homewood: Dorsey.

BEM, D. 1972. Self-perception theory. In L. Berkowitz (Ed.). **Advances in experimental social psychology (Vol. 6)**. New York: Academic.

BENDIX, R. 1976. Inequality and social structure: A comparison of Marx and Weber. In L. Coser en B. Rosenberg (Eds.). **Sociological theory**. New York: Macmillan.

BENNIS, W.G. en SHEPARD, H.A. 1956. A theory of group development. **Human relations**, 9, 415-437.

BERG, R.C. en LANDRETH, G.L. 1980. **Group counseling: Fundamental concepts and procedures**. Indiana: Accelerated development.

BERG, R.C. en LANDRETH, G.L. 1980. **Group counseling: Fundamental concepts and procedures**. Indiana: Accelerated development.

BERGER, P.L. en NEUHAUS, R.J. 1977. **To empower people: The role of mediating structures in public policy**. Washington: American Enterprise Institute for Public Policy Research.

BERGER, P. en KELLNER, H. 1964. Marriage and the construction of reality. **Diogenes**, 46, 1-24.

BERGHORN, F. 1978. **The urban elderly**. Montclair: Allanheld.

BERGIN, A.E. en STRUPP, H.H. 1970. New directions in psychotherapy research. **Journal of abnormal psychology**, 76, 13-26.

BERKHOF, H. 1973. **Christelijk geloof**. Nijkerk: Callenbach.

BERNAL, G. en BAKER, J. 1979. Toward a metacommunication framework of couples interaction. **Family process**, 18, 292-302.

BERNAL, G. en BAKER, J. 1980. Multilevel couple therapy. Applying a metacommunication framework of couples interaction. **Family process**, 19, 367-376.

BERNARD, J. 1973. **The future of marriage**. New York: Bantam.

BERNE, E. 1964. **Games people play**. New York: Grove.

BERNE, E. 1966, 1968. **Principles of group treatment**. New York: Oxford University.

BERNIER, J.E. en RUSTAND, K. 1978. Psychology of counseling cirriculum: A follow-up study. Counseling **psychologist**, 6[4], 18-22.

BERSCHEID, E. en WALSTER, E. 1974. A little bit about love. In T.L. Huston (Ed.). **Foundations of interpersonal attraction**. New York: Academic.

BESSEL, H. en POLAMARES, V. 1970. **Methods in human development theory manual**. San Diego: Human Development Training.

BIERSCHENK, B. 1974. Perseptual evaluative and behavioral changes through externally mediated self-confrontation. **Didakometry**. Mälmo: School of Education.

BLAKE, R. en MOUTON, J.S. 1978. **The new managerial grid**. Houston: Gulf.

BLALOCK, H.M. 1982. **Conceptualization and measurement in the social sciences.** Beverley Hills: Sage.

BLAU, P.M. 1954. Co-operation and competition in a bureaucracy. **American journal of sociology**, 59, 530-535.

BLAUNER, R. 1964. **Alienation and freedom.** Chicago: University of Chicago.

BLEDSTEIN, B.J. 1976. **The culture of professionalism: The middle class and the development of higher education in America.** New York: Norton.

BLOOD, R.O. en WOLFE, D.M. 1960. **Husbands and wifes: The dynamics of married living.** Glencoe: Free.

BLUMBERG, P. 1972. **The impact of social class.** New York: Crowell.

BLUMLER, J.G. en KATZ, E. 1974. The uses of mass communication. **Sage annual reviews of communication research (Vol. 3).** Beverley Hills: Sage.

BOESKY, D. 1980. Introduction: Symposium on object-relations theory and love. **Psychoanalytic quarterley**, 49, 49-55.

BOLTON, C.D. 1961. Mate selection as the development of a relationship. **Marriage and family living**, 23, 234-240.

BONNEY, W.C. 1969. Group counseling and developmental processes. In G.M. Gazda (Ed.). **Theories and methods of group counseling in the schools.** Springfield: Charles C. Thomas.

BORDEN, G.A. en STONE, J.D. 1976. **Human communication: The process of relating.** Los Angeles: Cummings.

BORDIN, E.S. 1968. **Psychological counseling.** New York: Appleton.

BORMANN, E. en BORMANN, N. 1972. **Effective small group communication.** Minneapolis: Burgess.

BORTON, T. 1970. **Reach, touch and teach: Student concerns and process education.** New York: McGraw-Hill.

BOSCO, A. 1973. **Marriage encounter: Rediscovery of love.** St. Meinrad: Abbey.

BOSZORMENYI-NAGY, I. en SPARK, G. 1973. **Invisible loyalties.** New York: Harper.

BOTT, E. 1971. **Family and social network: Roles, norms and external relationships in ordinary urban families.** New York: Free.

BOTWINICK, J. 1978. **Aging and behavior.** New York: Springer.

BOULDING, K. 1975. **General systems theory and communication.** Rochelle Park: Hayden.

BOURDIEU, P. 1979. **La distinction.** Paris: Editions de Minuit.

BOURDIEU, P. 1980. **Le sens pratique.** Paris: Editions de Minuit.

BOWER, T.G.R. 1976. Repetitive processes in child development. **Scientific American**, 235[5], 38-47.

BOWLER, T.D. 1981. **General systems thinking: Its scope and applicability.** New York: North Holland.

BOYDELL, T. 1976. **Experiental learning.** England: Direct design.

BRAMMER, L.M. en SHOSTROM, E.L. 1982. **Therapeutic psychology.** New Yersey: Prentice Hall.

BREHM, J.W. 1966. **A theory of psychological reactance.** New York: Academic.

BRILLENBURG-WURTH, G. 1953. **Gestalten der liefde.** Kampen: Kok.

BRILLENBURG-WURTH, G. 1960. **Het Christelijk leven in huwelijk en huisgezin.** Kampen: Kok.

BRIM, O. 1975. Macro-structural influences on child development and the need for childhood social indicators. **American journal of orthopsychiatry**, 45, 516-524.

BROCK, G.W. en JOANNING H. 1980. **Structured communication training for married couples: A comparison of the relationship enhancement program and the Minnesota couples communication program.** Referaat, Annual Meeting of the National Counsel in Family Relations, Portland.

BRODERICK, C.B. en SCHRADER, S.S. 1981. The history of professional marriage and family therapy. In A.S. Gurman en D.P. Kniskern (Eds.). **Handbook of family therapy**. New York: Bruner.

BRONFENBRENNER, V. 1977(b). Toward an experimental ecology of human development. **American psychologist**, 24, 513-531.

BROOM, L. en SELZNICK, P. 1973. **Sociology**. New York: Harper.

BROUGHTON, J.M. 1981. The divided self in adolescence. **Human development**, 24, 13-32.

BROWN, B.B. en LOHR, M.J. 1983. **Adolescent peer group stereotypes, member conformity and identity development.** Referaat. Society of research in child development.

BROWN, G. 1971. **Human teaching for human learning: An introduction to confluent education.** New York: Viking.

BROWN, R. 1976. **The effects of couple communication training on tradisional sex role stereotypes of husbands and wifes.** Verhandeling. Appalachion State University.

BROWN, S.L. 1980. Comprehension of the developmental cycle of families in the training of psychiatric clinicians. In K. Flomenhaft en A. Christ (Eds.). **The challenge of family therapy**. New York: Plenum.

BRUDER, A.H. 1972. **Effects of a marriage enrichment program upon marital communication and adjustment.** Tesis. Purdue University.

BRUNER, J.S. 1973. Organization of early skilled action. **Child development**, 44, 1-11.

BRUNER, J. en SHERWOOD, V. 1981. Thought, language and interaction in infancy. In J.P. Forgas (Ed.). **Social cognition**. London: Academic.

BUCKLEY, W. 1967. Society as a complex system. In W.F. Buckley (Ed.). **Modern systems research of the behavioral scientist**. Chicago: Aldine.

BUCKLEY, W. 1967(a). **Sociology and modern systems theory**. Englewood Cliffs: Prentice Hall.

BURGESS, E.W. en WALLIN, P. 1953. **Engagement and marriage**. Philadelphia: J.B. Lippincott.

BURGESS, R.L. en HUSTON, T.L. 1979. **Social exchange in developing relationships**. New York: Academic.

BURNES, K., BROWN, W. en KEATING, G. 1971. Dimensions of control: Correlations between MMPI and IE scores. **Journal of consulting and clinical psychology**, 36, 301-306.

BURR, W.R. 1970. Satisfaction with various aspects of marriage over the life cycle. **Journal of marriage and the family**, 32, 29-37.

BUSS, A. en PLOMIN, R. 1975. **A temperament theory of personality development**. New York: Wiley.

BUTLER, R.N. 1975. **Why survive? Being old in America**. New York: Harper.

BYRNE, D. 1961. Interpersonal attraction and attitude similarity. **Journal of abnormal and social psychology**, 62, 713-715.

BYRNE, D., CLORE, J.L. en WORCHEL, P. 1966. Effect of economic similarity - dissimilarity of interpersonal attraction. **Journal of personality and social psychology**, 4, 220-224.

BYRNE, D. en NELSON, D. 1964. Attraction as a function of attitude similarity - dissimilarity: The effect of topic importance. **Psychonomic science**, 1, 93-94.

BYRNE, D. en NELSON, D. 1965(a). Attraction as a linear function of proportion of positive reinforcements. **Journal of personality and social psychology**, 1, 659-663.

BYRNE, D. en NELSON, D. 1965(b). The effect of topic importance and attitude similarity - dissimilarity on attraction in a multi-stranger design. **Psychonomic science**, 3, 449-450.

CALHOUN, L.G., SELBY, J.W. en KING, E. 1981. The influence of pregnancy on sexuality: A review of current evidence. **Journal of sex research**, 17[2], 139-151.

CAMAIONI, L. 1977. How the child 'assumes' the world through language. **Italian journal of psychology**, 4, 77-99.

CAMPBELL, A., CONVERSE, P. en RODGER, W. 1976. **The quality of American life: Perceptions, evaluations and satisfactions**. New York: Russel Sage Foundation.

CAMPBELL, E.E. 1974. The effects of couple communication training on married couples in child-rearing years: A field experiment. **Dissertation abstracts international**, 35, 1942-1943.

CARKHUFF, R.R. en BERENSON, B.G. 1967. **Beyond counseling and therapy**. New York: Holt.

CARKHUFF, R.R. 1969(a). **Helping and human relations. Vol. 1. Selection and training**. New York: Holt.

CARKHUFF, R.R. 1969(b). **Helping and human relations. Vol. 2. Practice and research**. New York: Holt.

CARKHUFF, R.R. 1971. **The development of human resources: Education, psychology and social change**. New York: Holt.

CARKHUFF, R.R. 1973(a). **The art of helping**. Amherst: Human Resource Development.

CARKHUFF, R.R. 1973(b). **The art of problem solving**. Amherst: Human Resource Development.

CARKHUFF, R.R. 1978. Towards a comprehensive model of facilitative interpersonal processes. In J.C.. Hansen (Ed.). **Counseling, process and procedures**. New York: MacMillan.

CARLSSON, B., KEANE, P. en MARTIN, J.B. 1976. R and D organizations as learning systems. **Sloan management review**, 17, 1-15.

CARTER, E. en MCGOLDRICK, M. 1980. **The family lifecycle: A framework for family therapy**. New York: Gardner.

CARTWRIGHT, D. en ZANDER, A. 1968. **Group dynamics: Research and theory**. New York: Harper.

CASCIANO-SAVIGNANO, C.J. 1978. **Systems approach to curriculum and instructional improvement**. Columbus: Merril.

CASTELFRANCHI, C. en PARASI, D. 1980. **Linguaggio, conoscenza e scopi**. Bologna: Mulino.

CASTILLO, G. 1974. **Left-handed teaching: Lessons in affective education**. New York: Praeger.

CATTEL, R.B. 1951. New concepts for measuring leadership, in terms of group syntality. **Human relations**, 4, 161-184.

CHICKERING, A. 1969. **Education and identity**. San Francisco: Jossey-Bass.

CHIHUCOS, T.R. en KAIL, P.R. 1981. Longitudinal examination of father-infant interaction and infant-father attachment. **Merril-Palmer quarterly**, 27[2], 81-96.

CHIN, R. 1971. The utility of system models and developmental models for practitioners. In P.P. Schoderbeck. **Management systems**. New York: John Wiley.

CHIN, R. 1976. The utility of system models and developmental models for practitioners. In W.G. Bennis, K.D. Benne, R. Chin en K.E. Corey (Eds.). **The planning of change**. New York: Holt.

CISSNA, K.N. 1984. Phases in group development: The negative evidence. **Small group behavior**, 15, 3-32.

CLACK, R.J., CONYNE, R.K. en STRAND, K.H. 1975. Interpersonal skills workshop: A laboratory-based microcounseling experience. **Journal of college and student personnel**, 16[2], 149-153.

CLARK, A.L. en WALLIN, P. 1965. Women's sexual responsiveness and the duration and quality of their marriages. **American journal of sociology**, 71, 187-196.

CLARKE, C. 1970. Group procedures for increasing positive feedback between married partners. **The family coordinator**, 19, 324-328.

CLAYTON, R.R. en VOSS, H.L. 1977. Shacking up: Cohabitation in the 1970's. **Journal of marriage and the family**, 39, 273-283.

CLELAND, S. 1955. **Influence of plant size on industrial relations**. Prince: Princeton University.

CLINEBELL, H.J. 1975. **Growth counseling for marriage enrichment**. Philadelphia: Fortress.

CLINEBELL, W.J. 1976. Casette programs for training and enrichment. In H.A. Otto (Ed.). **Marriage and family enrichment: New perspectives and programs**. Nashville: Abingdon.

COHEN, A.M. 1961. Changing small group communications networks. **Journal of communication**, 11, 116-124.

COHEN, A.R. 1959. **Situational structure, self-esteem and threat-oriented reactions to power**. Ann Arbor: Institute for Social Research.

COHEN, D.J., WHITMYRE, J.W. en FUNK, W.H. 1960. Effect of group cohesiveness and training upon group thinking. **Journal of applied psychology**, 44, 319-322.

COHEN, Z. en MANION, L. 1980. **Research methods in education**. London: Helm.

COLLEY, S. 1975. Personal education. **Personnel and guidance journal**, 53, 610-614.

COLLINS, B.E. en GUETZKOW, H.A. 1964. **A social psychology of group processes for decision-making**. New York: Wiley.

COLLINS, J.D. 1977. Experimental evaluation of a six-month conjugal therapy and relationship enhancement program. In B.G. Guerney. **Relationship enhancement**. San Francisco: Jossey-Bass.

COMBRINCK-GRAHAM, M.D. 1985. A developmental model for family systems. **Family process**, 24, 139-150.

COMBS, A., RICHARDS, A. en RICHARDS, F. 1976. **Perceptual psychology**. New York: Harper.

COMBS, A.W. en SNYGG, D. 1959. **Individual behavior**. New York: Harper.

COMMONER, B. 1976. **The poverty of power: Energy and the economic crises**. New York: Knopf.

  * Verduidelik ook basiese reëls van deelname soos
    - Alle groeplede voltooi die program in geheel
    - Deelname aan enige spesifieke aktiwiteit is vrywillig

- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

VERLOOP VAN DIE PROGRAM

MODULE 1	• INLEIDING	* Bekendstelling * Huweliksbepaling * Programbeplanning
MODULE 2	• GROEI EN GELUK	* Egpaarontwikkeling * Egpaarbevrediging * Egpaarinteraksie
MODULE 3	• WAARDES	* Interaksiehoudings * Begrypende kommunikasie
MODULE 4	• HOUDINGS	* Gesamentlike huwelikswaardes
MODULE 5	• LUISTER	* Aandag * Luister
MODULE 6	• PRAAT	* Selfonthulling * Gevoelens deel * Spesifiekheid
MODULE 7	• GESELS	* Empaties gesels * Verskille
MODULE 8	• PAD VORENTOE	* Huweliksbeplanning

- **WYS DAAROP** DAT GROEPLEDE WEET

  * Wat hulle behoeftes in die huwelik is en wat hulle met behulp van hierdie program wil bereik
  * Wat die verloop van hierdie program inhou

G R O E P B E S P R E K I N G

- **VERWYS** NA DIE GROEPBESPREKING OP M1.11

- **LEI** DIE GROEPBESPREKING AANGAANDE

  * 'n Suksesvolle gelukkige huwelik is veral moontlik wanneer daar voortgebou word op positiewe in plaas van negatiewe aspekte van die huwelik

- **HANTEER** DIE GROEPBESPREKING

- **BEKLEMTOON** DIE VOLGENDE

  * Die effekte van 'n positiewe en 'n negatiewe ingesteldheid op waarneming, denke, emosies en gedrag binne die huwelik as interpersoonlike verhouding

  * Die waarde van positiewe houdings en 'n bewustheid van huweliksterkpunte in die verloop van die program en toekomstige huweliksverhouding

- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

B O U S T E N E

- **VERWYS** NA DIE AKTIWITEIT OP M1.11

- **WYS DAAROP** DAT DIE **DOEL** VAN DIE AKTIWITEIT IS OM STERKPUNTE IN DIE GROEPEGPARE SE HUWELIKE TE IDENTIFISEER EN TE TAKSEER

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**

  * Verwyder die plakkaat (M1.12)
    - Bespreek en benoem in egpaarverband die sterkpunte van u huweliksverhouding
    - Byvoorbeeld gesamentlik of wedersydse
      - Toewyding
      - Belangstelling
      - Kameraadskap
      - Vertroue
  * Skryf u sterkpunte in die beskikbare ruimtes neer
    - Gebruik die filtpuntpenne wat voorsien word


- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

-●●●●-

- **LAAT** ELKE EGPAAR TERUGVOERING GEE AAN DIE GROEP AANGAANDE DIE ONDERSKEIE EGPAARSTERKPUNTE

- **HANTEER** DIE TERUGVOERPROSES
  * Egpaarlede maak gebruik van die plakkate om hulle sterkpunte voor te stel

- **TYDSDUUR** 10 MINUTE




O P D R A G 1

- **VERWYS** NA OPDRAG 1 OP M1.13

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**

  * Skryf die volgende individueel neer in die onderstaande ruimtes wat die groepsituasie voorstel
    - Die name van u medegroeplede
    - Enkele woorde wat u eerste indrukke van u medegroeplede uitdruk

- **VOLTOOI** SELF OOK DIE OPDRAG



- **LAAT** DIE GROEPLEDE HIERDIE OPDRAG VOLTOOI VOOR DIE TOEPASSING VAN DIE VOLGENDE MODULE

O P D R A G 2

- **VERWYS** NA OPDRAG 2 OP M1.14

- **VERDUIDELIK** DIE KONSEPTE VAN EN DIE INTERAKSIES TUSSEN GESINS- EN EGPAARONTWIKKELING


- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**

  * Op M1.15 vind u 'n raamwerk vir GESINS- EN EGPAAR-ONTWIKKELING wat verdeel is in fases van vroeë volwassenheid, middel volwassenheid en later volwassenheid

  * Skryf in egpaarverband die volgende gedagtes in die beskikbare ruimtes op die diagram neer
    - Tipiese gebeure tydens elke GESINS- EN EGPAAR-ONTWIKKELINGSPROGRAM
    - Die vreugdes en probleme van elke stadium
    - Konsentreer veral op u eie ontwikkelingstadium

- **LAAT** DIE GROEPLEDE HIERDIE OPDRAG UITVOER VOOR DIE TOEPASSING VAN DIE VOLGENDE MODULE

Gesins- en Egpaarontwikkeling



S A M E V A T T I N G

- **VERWYS** NA DIE SAMEVATTING OP M1.16

- **LEES** DIE VOLGENDE SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR

W A T W E E T U N O U ?

- WIE DIE ANDER GROEPLEDE IS
- HOE U HUWELIKSITUASIE LYK
- HOE DIE PROGRAM VERLOOP
- WAT U DOEL MET HIERDIE PROGRAM IS
- WAT DIE STERKPUNTE VAN U HUWELIK IS

- **MOEDIG** ENIGE VRAE AAN EN HANTEER DIT

- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

MODULE 2

GROEI EN GELUK

I N L E I D I N G

- **VERWELKOM** DIE EGPARE
- **VERWYS** NA OPDRAG 1 OP M1.13
- **LAAT** DIE EGPARE HULLE WEDERSYDSE INDRUKKE MET MEKAAR DEEL
- **HANTEER** DIE TERUGVOERPROSES
  - * Laat die groep opeenvolgend aan elke egpaar terug-voering gee
  - * Laat die egpaar onder bespreking reageer op terug-voering
  - * Handhaaf 'n atmosfeer van egtheid, respek en empatie
  - * Beperk dieptemateriaal
- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

-●●●-

M O D U L E B E P L A N N I N G

- **VERWYS** NA MODULE 2 SE BEPLANNING OP M2.1
- **LEES** DIE MODULEBEPLANNING SAAM MET DIE GROEPLEDE
- **TYDSDUUR** 2 MINUTE

M O D U L E 2

DOEL

- IDENTIFISERING VAN DIE GESINS- EN EGPAAR-ONTWIKKELINGSFASES
- BEPALING VAN DIE VERBAND TUSSEN EGPAAR-ONTWIKKELING, -BEVREDIGING EN -INTERAKSIE
- KENNISNAME VAN U EIE INTERAKSIE AS EGPAAR
- IDENTIFISERING VAN ASPEKTE VAN EGPAAR-INTERAKSIE

WERKSWYSE

- VOORSTUDIEMATERIAAL
- KLANKSKYFIEREEKS
- GROEPGESPREK
- AKTIWITEITE
  - * INDIVIDUEEL
  - * EGPAAR

TERUGVOER

- EGPAAREVALUERING
- INVULAKTIWITEIT
- SAMEVATTING

G E S I N S - E N E G P A A R O N T W I K K E L I N G

- **VERWYS** NA DIE RAAMWERK OP M1.15

- **WYS DAAROP** DAT DIE **DOEL** VAN DIE AKTIWITEIT IS OM 'N BEELD TE VORM VAN DIE ONTWIKKELING WAT DIE GESIN EN DIE EGPAAR DAARBINNE ONDERGAAN

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**

  * Kyk na die KLANKSKYFIEREEKS en let op na die ontwikkeling van die gesin om
    - Gepaardgaande egpaarontwikkeling te bepaal
  * Skryf u aanvullende aantekeninge in die struktuur op M1.15 neer

- **VERTOON** DIE KLANKSKYFIEREEKS

- **TYDSDUUR** 15 MINUTE

-●●●-

- **LEI** 'N GROEPBESPREKING AANGAANDE DIE INHOUD VAN DIE KLANKSKYFIEREEKS IN KOMBINASIE MET DIE TERUGVOERING VAN OPDRAG 2 (M1.14)

- **HANTEER** DIE GROEPBESPREKING

- **BEKLEMTOON** DIE VOLGENDE
  * Die voortdurende onlosmakende interaksie tussen gesins- en egpaarontwikkeling

- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

H U W E L I K S B E V R E D I G I N G

- **VERDUIDELIK** DIE ALGEMENE PATRONE VAN WISSELENDE VLAKKE VAN HUWELIKSBEVREDIGING WAT DEUR DIE MEESTE EGPARE GEDURENDE DIE VERSKILLENDE EGPAARONTWIKKELINGSTADIUMS ERVAAR WORD

- **GEBRUIK** FIGUUR 1 OP M2.3 TER ILLUSTRASIE
  * As A stel die tydsverloop in jare gedurende die huweliksontwikkelingsproses voor
  * As B stel die relatiewe vlakke van huweliks-bevrediging voor

- **TYDSDUUR** 6 MINUTE

-●●●-


- **LEI** 'N GROEPBESPREKING AANGAANDE DIE VOLGENDE
  * Die wisselende vlakke van egpaarbevrediging gedurende die verskillende egpaarontwikkelingstadiums

- **HANTEER** DIE GROEPBESPREKING

- **BEKLEMTOON** DIE VOLGENDE
  * Groeplede se persoonlike menings ter ondersteuning van die voorgestelde patroon van huweliksbevrediging
  * Die algemene patroon maak wel voorsiening vir individuele verskille
  * Die deurlopende uitdaging vir die uitbouing van huweliksbevrediging
  * Die identifisering van algemene verklarings van die wisselende vlakke van huweliksbevrediging is van groot waarde

- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

FIGUUR 1


BAIE GELUKKIG
5
4
3
2
1
as B
VROEË HUWELIK
LATERE
HUWELIKSJARE
MINDER
GELUKKIG
as A
TYDSVERLOOP

H U W E L I K S V E R H A A L

- **VERWYS** NA DIE HUWELIKSVERHAAL OP M2.4

- **LEES** DIE VOLGENDE KORT TIPIESE HUWELIKSVERHAAL SAAM MET DIE GROEPLEDE

"In die tyd net na ons troue was ons baie na aan mekaar. Binne 'n paar jaar was die kinders daar. Baie van ons aandag is aan die huis en kinders gegee. Ons het in 'n mate daaraan gewoond geraak om saam in die tuig te trek. Soms het dit maar met rukke en stote gegaan en het die een of ander maar effens dwars getrek, maar ons het aangegaan. Daar was vooruitgang en meer verantwoordelikhede by die werk, ons betrokkenheid by die kerk, die skool en so af en toe 'n bietjie sport. Daar was so baie gelukkige en hartseer oomblikke ...
Alles gaan so vinnig verby. Toe die kinders uit die huis is, kon ons weer asemskep en bymekaar kom."

- **VERDUIDELIK** DIE ALGEMENE PATRONE VAN EGPAARINTERAKSIE IN DIÉ TIPIESE VERHAAL VAN HUWELIKSONTWIKKELING

- **GEBRUIK** FIGUUR 1 OP M2.3 TER ILLUSTRASIE
  * As A stel die tydsverloop in jare gedurende die huweliksontwikkelingsproses voor
  * As B stel die relatiewe vlakke van huweliksinteraksie voor

- **WYS OP** DIE VERBAND TUSSEN HUWELIKSINTERAKSIE EN HUWELIKSBEVREDIGING IN EGPAARONTWIKKELING

- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

G R O E P B E S P R E K I N G

- **VERWYS** NA DIE GROEPBESPREKING OP M2.4

- **LEI** 'N GROEPBESPREKING AANGAANDE

  * Die rol van intieme interaksie in huweliksgroei

- **HANTEER** DIE GROEPBESPREKING

- **BEKLEMTOON** DIE VOLGENDE

  * Die effekte van voldoende intieme huweliksinteraksie op egpaarontwikkeling en huweliksbevrediging

- **TYDSVERLOOP** 10 MINUTE

-●●●-

- **WYS OP** DIT WAT GEPAARD GAAN MET HUWELIKSGROEI EN INTERAKSIEGROEI
  * Moeite, geduld en moed
  * Gesins- en huweliksbevrediging

- **WYS DAAROP** DAT 'N KEUSE MOONTLIK IS TUSSEN VOORTGAANDE NIE-OPTIMALE HUWELIKSINTERAKSIE EN TOEWYDING TOT GROEI


- **TYDSVERLOOP** 4 MINUTE

H U W E L I K S B E V R E D I G I N G

- **VERWYS** NA HUWELIKSBEVREDIGING OP M2.5

- **VERDUIDELIK** DAT DIT MOONTLIK IS OM DEUR HUWELIKS-INTERAKSIE

  * Die gaping van
    - Huweliksontwikkeling
    - Huweliksinteraksie
    - Huweliksbevrediging te vul



- WYS DAAROP DAT **HUWELIKSINTERAKSIE** VERSKILLENDE BELANGRIKE **KOMPONENTE** BEHELS

  * Om te weet waaraan om aandag te gee om dit te verbeter, behoort ons te weet wat dit is

  * Om die interaksiegaping te vul, kan daar gekyk word na wat dit gewoonlik veroorsaak

S T R U I K E L B L O K K E

- **VERWYS** NA DIE STRUIKELBLOKKE OP M2.6
- **VERDUIDELIK** TIPIESE OORSAKE VIR ONVOLDOENDE EGPAAR-INTERAKSIE GEDURENDE DIE LEWENSLOOP VAN DIE HUWELIK INSLUITENDE
  - * Waardes
  - * Houdings
  - * Kommunikasievaardighede
  - * Spanwerk en beplanning
- **LAAT** DIE GROEPLEDE DIE RIGLYNE IN DIE BESKIKBARE RUIMTES AANTEKEN
- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

G R O E P B E S P R E K I N G

- **VERWYS** NA DIE GROEPBESPREKING OP M2.6
- **LEI** 'N GROEPBESPREKING AANGAANDE DIE VOLGENDE
  - * Die grootte van die verskillende hindernisse tot intieme huweliksinteraksie
- **HANTEER** DIE GROEPBESPREKING
- **BEKLEMTOON** DIE BELANGRIKHEID VAN DIE VOLGENDE SOOS UIT DIE INSETTE VAN DIE GROEPLEDE NA VORE TREE
- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

S A M E V A T T I N G

- **VERWYS** NA DIE SAMEVATTING OP M2.7

- **LEES** DIE VOLGENDE SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR

W A T W E E T U N O U ?

- HOE EGPAARLEDE BINNE DIE GESIN DEUR DIE STADIUMS VAN GESINSVERLOOP ONTWIKKEL
- HOE HUWELIKSBEVREDIGING WISSEL MET DIE VERSKILLENDE STADIUMS VAN EGPAARONTWIKKELING
- DAT HUWELIKSBEVREDIGING VAN EGPAARINTERAKSIE AFHANG
- HOE U EIE HUWELIKSINTERAKSIE LYK
- UIT WATTER ASPEKTE EGPAARINTERAKSIE BESTAAN

- **MOEDIG** ENIGE VRAE AAN EN HANTEER DIT

- **VERWYS** NA DIE DIAGRAM OP M2.7 EN HANTEER DIT

- **WYS DAAROP** DAT DIE RES VAN DIE PROGRAM DAAROP INGESTEL IS OM EGPAARLEDE SE HUWELIKSBEVREDIGING TE RIG TOT GROEI
  * Onafgesien van egpare se ontwikkelingstadiums
  * Deur aandag te gee aan die vorming en die versterking van die volgende gesamentlike interaksiekomponente
    - Waardes
    - Houdings
    - Kommunikasievaardighede
    - Spanwerk en beplanning


- **TYDSDUUR** 8 MINUTE

I N V U L A K T I W I T E I T

- **VERWYS** NA DIE INVULAKTIWITEIT OP M2.8

- **WYS DAAROP** DAT DIE DOEL VAN HIERDIE AKTIWITEIT IS OM DIE GELEENTHEID TE GEE OM DIE SELF TE KONTROLEER HOE GOED DIE INHOUD VAN HIERDIE MODULE BEMEESTER IS

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Bestudeer die onderstaande diagram wat handel oor die
    - Gapings in egpaarontwikkeling
    - Onvoldoende egpaarinteraksie
    - 'n Afname in huweliksbevrediging



  * Vul die volgende ontbrekende woorde in
    - Die beste beskikbare manier om die bose kringloop in die bogenoemde diagram te verbeter, is om _____ te verbeter wat uit die volgende bestaan:
      - Houdings
      - _____
      - _____
      - Spanwerk en beplanning

- **VERSKAF** EN VERDUIDELIK DIE KORREKTE ANTWOORDE

- **TYDSDUUR** 7 MINUTE

G R O E P P R O S E S : S P E S I F I E K

- **LEES DIE VOLGENDE AS VOORBEREIDING TOT DIE GROEP-HANTERING GEDURENDE MODULE 3 EN MODULE 4**

- Hierdie modules val meer spesifiek saam met 'n groep-ontwikkelingsfase VANAF ONVERBONDENHEID TOT VOORLOPIGE VERBONDENHEID (Berg en Landreth, 1980)

- Die fase van TENTATIEWE SELFEKSPLORASIE EN -OPENBARING, omvat onder meer die volgende

  * Die groepinhoud bly deurgaans relatief en saak-georiënteerd


  * Die vooruitsig van meerdere intimiteit mag angs tot gevolg hê
    - 'n Soeke na ondersteuning uit subgroepe veroorsaak mini-affiliasies
    - Die deelnemers word oor die algemeen teen kritiek beskerm
    - 'n Aanvanklike terughouding van persoonlike waardes en houdings soos ook in interpersoonlike verhoudinge van toepassing is
    - Tentatiewe verkennende vlakke van selfopenbaring
    - 'n Soeke na selfdefiniëring en persoonlike status

  * Die bewustheid van verwerping en veral aanvaarding in die groep neem toe

  * Persoonlike waardes en houdings tree na vore
    - Ware verskillende interpersoonlike style tree na vore
    - Groeplidrolle word vasgelê en indien ongewens mag dit verdere groep- en egpaarontwikkeling belemmer

  * Verhoogde vlakke van wedersydse persoons- en selfkennis het 'n aanvanklike verbintenis tot die persoonlike vlak van betrokkenheid in die groep tot gevolg

MODULE 3



WAARDES

M O D U L E B E P L A N N I N G

- **VERWELKOM** DIE EGPARE
- **VERWYS** NA MODULE 3 SE BEPLANNING OP M3.1
- **LEES** DIE MODULEBEPLANNING SAAM MET DIE GROEPLEDE
- **MOTIVEER** EN PLAAS DIE DOELSTELLINGS SOOS AANGEDUI IN KONTEKS
- **MOEDIG** ENIGE VRAE AAN EN HANTEER DIT
- **TYDSDUUR** 4 MINUTE

M O D U L E 3

DOEL

- DIE AANLEER VAN DIE VOLGENDE TEN OPSIGTE VAN 'N CHRISTELIKE WAARDESISTEEM INSLUITENDE
  - * DIE BELANGRIKHEID DAARVAN
  - * VERSKILLENDE ASPEKTE
  - * KERNASPEKTE

WERKSWYSE


- VIDEOPROGRAM
- VOORSTUDIEMATERIAAL
- GROEPBESPREKING

TERUGVOER

- INVULAKTIWITEIT
- GROEPBESPREKING

V I D E O B A N D

- VERWYS NA DIE "VIDEOBAND" OP M3.2
- VERDUIDELIK DIE PROSEDURE
  - * Voltooi die volgende raamwerk volgens die inligting wat u in die VIDEOBAND kry
    - Vul die ontbrekende woorde op die skets in



- VERTOON DIE VIDEOBAND
- TYDSDUUR 25 MINUTE

-•••-

- WYS DAAROP DAT HOOFPUNTE OOREENSTEMMEND MET DIE VAN DIE VIDEOPROGRAM OP M3.3 EN M3.16 WEERGEGEE WORD

- LEES DIT SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR
- TYDSDUUR 30 MINUTE

] OPSIONEEL

W A A R D E S

- WAARDES is ons redelik permanente idees van reg en verkeerd, van waardevolheid of nuttelоosheid

- In die wêreld waarin u as huweliksmaats leef, is daar MORELE VERWARRING. Dit geld vir algemene lewenswaardes en huwelikswaardes

- Die HUWELIK moet GEANKER wees in duidelike WAARDES
  * Sonder hierdie fondamente is die huwelik wankelrig


- Die huwelikswaardes vir hierdie program is GEGROND op DIE BYBEL en in 'n Christelike Protestantse vertolking daarvan

- Die AANVAAR en UITLEEF van 'n positiewe Christelike waardesisteem
  * Maak 'n sinvolle bevredigende huweliksverhouding moontlik
  * Gee duidelike riglyne vir optrede in God se huweliksplan
  * Lê die grondslag vir spanwerk in huweliksbou

- Vir huweliksgroei behoort GEMIK te WORD na 'n CHRISTEN-HUWELIK

- Die Bybel gee ons INLIGTING hoe om daarby uit te kom
  * 2 Tim. 3:17 verseker dat die Woord die "man" van God voldoende toerus en voorberei vir elke goeie werk
  * Ef. 6:17: "Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God"

- Die GEES LEI ons dus DEUR die WOORD. 1 Kor. 2 stel duidelik dat die Goddelike waarhede net verstaan kan word deur die werking van die Heilige Gees


GOD
MAN
VROU
MENS

C H R I S T E L I K E H U W E L I K S R A A M W E R K

- Die huwelik is deur GOD INGESTEL as 'n monogame onverbreekbare verbintenis met Godgegewe liefde

  * Goddelike instelling: Die huwelik is 'n heilige saak en word deur God daargestel. Elke huweliksmaat word daartoe geroep, maar met 'n vrywillige verantwoordelike keuse

  * Skeppingsreëling: Man en vrou ontmoet binne die huwelik in volle lewensgemeenskap tot eer van God, waar hulle mekaar aanvul as verteenwoordigers van God en om vanuit die huwelik die menslike geslag voort te plant


  * Monogaam: Daar is in die eksklusiewe verhouding net plek vir twee mense

  * Onverbreekbaar: Hierdie samevoeging is onverbreekbaar en die menslike verbreking daarvan is teen God se wil

  * Verbintenis: God self verbind huweliksmaats aan mekaar in die menslike saamwees wat alles van die huweliksmaats insluit

  * Godgegewe liefde: Huweliksliefde mag 'n bron van groot geluk in die lewe van egpaarlede wees, as hulle mekaar liefhet volgens God se bedoeling van wedersydse gee van hulp en versorgende intimiteit

- In die voorafgaande is daar sprake van VERHOUDING TUSSEN
  a. God en die mens (huweliksmaats)
  b. Die man en die vrou as huweliksmaats


GOD
MENS

D I E H U W E L I K : G O D E N M E N S

DIE HUWELIK: DIE VERBOND

- Jesus bevestig dat die huwelik in die SKEPPING SETEL (Matt. 19:4-6)

- Die Bybel VERBIND die huwelik aan die VERBOND. Die huweliksband is soos dié TUSSEN God EN Sy Volk en Christus EN Sy Kerk

  * In Jes. 54:5 spreek God tot Sy volk: "Hy wat jou gemaak het, is jou man"
  * Hos. 2:15 beskryf die God-Volk-verhouding: "Dié dag sê die Here, sal jy vir My sê: 'My man'"
  * In Jer. 2:1-4 word Israel as vrou voorgestel wat in die liefde deur haar hemelse Eggenoot, die Here, verkies en gelei is
  * In Mark. 2:19 verwys Christus na Homself as die bruidegom as hy vra: "Kan die bruilofgaste dan vas terwyl die bruidegom by hulle is?"
  * In Ef. 5 word hierdie gedagtes verder versinnebeeld

- Die huwelik as BEELD van GOD se VERBONDSTROU beteken

  * Die onderneem van liefdestrou met die oog op die huweliksliefde
  * Geloofsaanvaarding hiervoor voor God as voortdurende verantwoordelikheid
  * 'n Publieke erkenning in die gemeente oor hierdie onderneming
  * 'n Groeiende verhouding na 'n volwasse huwelik:
    - Dit beteken onder andere 'n daaglikse groei in geloof en deel aan die beloftes van God se verbond

DIE HUWELIK: GOD SE DOEL

- God het die huwelik INGESTEL

  * Daarom is dit belangrik vir sinvolle begrip om te weet wat hy daarmee ten doel het
  * Gen. 1:27 wys daarop dat man en vrou mekaar aanvul, om beeld van God te wees, sy verteenwoordigers te wees en as sulks te heers oor die skepping

- In die huwelik as skeppingsordening VOEG God SAAM en BEGELEI die huweilksmaats NA MEKAAR "as't ware met Sy hand." Hierdie "heilige staat" is dus die "welbehae van God"

- Gen. 2:29 BESKRYF die SAAMVOEG van man en vrou as

  * Om God se eer te bevorder
  * Wedersydse hulpverlening in die huwelik op aarde
    - Geestelike hulp en ondersteuning is die belangrikste

- Matt. 22:37-38 se verordening tot geloof en liefde wat die sewende God (Deut. 5) uitlig dien as GRENSAFBAKENING van die AARD en WESE van die HUWELIK

  * Ef. 5:2 : "Lewe in liefde ..."

- Alle huwelike VERVAL (eers) met die oorgaan in die GROOT BRUILOF van die LAM

- Dan is man en vrou saam die bruid van Christus

DIE HUWELIK: CHRISTUS AS MIDDELPUNT

- Die Christenhuwelik is TUSSEN twee NUUTGEMAAKTE mense (Ef. 4:18-24)

- In so 'n huwelik GAAN DIT oor die SAAK van die KONINKRYK VAN GOD

  * Matt. 6:33 : "... beywer julle allereers vir die koninkryk van God ..."

- Die huweliksmaats RIG hulleself dus OP Christus

  * Gal. 2:20 : "... en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe"
    - Ef. 5:1,2 : "Omdat hulle kinders van God is en Hy julle liefhet moet julle sy voorbeeld volg. Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en om ons ontwil Sy lewe as offergawe gegee het ..."
  * Die geslaagde Christusgesentreerde huwelik DRA die TOERUSTING van die HEILIGE GEES, nl. liefde, blydskap, vrede, ens.
  * Dit is die ideaal waarna gemik word

- Daaglikse HUWELIKSGROEI en HUWELIKSBOU IN GOD

  * Is moontlik deur om die seën van God te bid
  * Om sekerheid van God se "gewisse ... hulp ... en bystand"

- HUWELIKSGROEI en GROEI van elke huweliksmaat is MOONTLIK

  * Wanneer huweliksmaats mekaar vergewe
  * Matt. 6:12 : "... en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree"
  * Ef. 4:32 : "Wees goedgesind en hartlik teenoor, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het"

DIE HUWELIK: TOT DIE GESIN EN GEMEENTE

- Die VERBINTENIS tussen CHRISTUS en SY GEMEENTE is 'n VOORBEELD van die PLEK van die huwelik

  * Ef. 5:32 : "... en ek pas dit toe op Christus en die kerk"

- Die huwelik is 'n GEMEENTE van CHRISTUS op AARDE in die KLEINE


  * Dit is dus 'n hawe vir opbouende versoenende Christusliefde binne die groter gemeente
  * As 'n voorbeeld het dit 'n opbouende invloed na buite op ander huwelike binne die gemeenskap van die gemeente

- Die gemeente BREI ook UIT BINNE die gesin

  * Die Christenegpaar is die fondament van groei
  * Volgens Gen. 2:28 is die voortbring van kinders inherent deel van die huwelik

- Die FUNKSIES van die EGPAAR TEENOOR die KINDERS is:

  * Die leiding tot geloofsoorgawe in Christus en leiding tot geloofsvolwassenheid
  * Opvoeding volgens 'n Christelike waardesisteem en -riglyne
  * Die verskaffing van dissipline en sekuriteit, lewenskennis en lewenskuns, om die uiteindelike wegbeweeg vanuit die gesin te vergemaklik


MAN
VROU

D I E H U W E L I K : M E N S T O T M E N S

'N MAN EN 'N VROU

- In die WOORD word daar van die huwelik gepraat waarin EEN MAN en EEN VROU betrokke is

  * God het die mens binne die huwelik as 'n man en 'n vrou geskape (Gen. 1:27, Matt. 19:4)
  * Met die skepping is daar sprake van "'n hulp" vir "die mens" wat by hom pas (Gen. 2:18)

- Spreuke 5:15-23 beklemtoon die onskeibare verbintenis van SEKSUALITEIT wat net MOONTLIK is in 'n eksklusiewe persoonlike HUWELIKSLIEFDE

- Spr. 5:15 en 31:28 asook Pred. 9:19 wat uitbrei oor die huwelik maak slegs plek vir TWEE HUWELIKSMAATS en EEN HUWELIK

  * Die profete (Jes. 54:6 en 62:5) gebruik ook dikwels die huwelik as 'n voorbeeld van die verhouding tussen God (een) en Sy Volk Israel (een)

- In die Nuwe Testament beklemtoon Christus weer die ENKELHUWELIK as die BEDOELING van die SKEPPING

  * Heelwat nuwe Testamentiese geskrifte oor hierdie manier waarop die Christengelowige in die huwelik lewe, sluit in

    - 1 Tim. 3:2,12 en 1 Kor. 7:2
    - Ef. 5:22,25,28,33; 1 Tess. 4:4

PERSOONSVERBINTENIS TUSSEN MAN EN VROU

- Die terme "man" en "vrou" in Gen. 1:27 dui op VOLLEDIGE INDIVIDUE in verskillende hoedanighede met VERSKILLENDE GESLAGSPERSOONLIKHEDE

- Gen. 2:23 beskryf die VERBINTENIS tussen man en vrou

  * "Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy 'vrou' genoem word: Sy is uit die man geneem"

- Die AARD van VERBINTENIS tussen man en vrou word as volg deur die SKRIF weergegee:

  "Daarom sal 'n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word"

  - Hierdie stelling is die enigste stelling aangaande die huwelik wat viermaal in die Woord herhaal word (Gen. 2:24; Matt. 19:5; Mark. 10:7,8; Ef. 8:31)

LEWENSVERBINTENIS TUSSEN MAN EN VROU

- Matt. 19:5 (e.a.) gelees in kombinasie met Mal. 2:14 en Spr. 2:17 onderstreep God se PERMANENTE BEDOELING met die huwelik

- Gen. 2:24 se woorde "verlaat" en "saamlewe" dui op 'n BINDENDE BESLUIT voor God

- Die HUWELIKSVOLTREKKING voor God en die gemeente versterk die ONVERBREEKBAARHEID van die Christenhuwelik:

  * "... omdat die Here weet wat gebeur het tussen jou en die vrou met wie jy van jou jeug af getroud is ..."

- Die Woord sien egskeiding of enigiets wat die PERMANENTHEID van die huwelikstrou BEDREIG as AFBREKEND (Spr. 6:26)

- Jesus beskryf die huwelik as ONONTBINDBAAR, omdat 'n huwelik die samevoeging deur God is

  * Matt. 19:6 : "Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie"

GESLAGSVERHOUDING

- Die VROEGSTE VOORBEELD van liggaamsontsluiting is wanneer Adam in Gen. 2:23 uitroep: "Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek ..."

- Liggaamlike gemeenskap is die TEKEN en SIMBOOL van 'n ONVOORWAARDELIKE VERBINTENIS tussen man en vrou

- Die sinsnede "een word" in Gen. 2:24 wys op die FISIESE LEWENSEENHEID in die huwelik

- HUWELIKSTROU word deur seksualiteit BEVESTIG en dit BEWAAR SEKSUALITEIT binne die huwelik soos deur God voorsien

- Huwelikstrou gee SKAAMTE die EIENSKAPPE van EERBIED en RESPEK

HUWELIKSTRUKTUUR

- Man en vrou word met die SKEPPING (Gen. 1:27-28; 2:18,20-23; 1 Kor. 11:11) mekaar se HELPERS en GELYKES

  * Christus bevestig hierdie skeppingstruktuur (Matt. 19:4-6)
  * Gen. 2:18 beskryf die skepping van die vrou as hulp vir die man as 'n selfstandige aanvullende bystand

- In Gen. 3:16 word enige OORHEERSING deur die VROU AFGEKEUR


  * Die man-vrou orde kom telkens in die Skrif na vore
    - 1 Kor. 11:8 "Die man is nie uit die vrou geneem nie, maar die vrou uit die man"
    - 1 Tim. 2:13 "Adam is immers eerste gemaak, Eva, daarna"

- God delegeer die VERANTWOORDELIKHEID van LEIDING na die man teenoor die vrou

  * Dit kan vergelyk word met die gesag van Christus teenoor die gemeente (Ef. 5:22-30)
    - Liefdesgemeenskap en liefdesbesorgdheid is die belangrikste kenmerke van hierdie verhouding
    - Ef. 5 beskryf die bedagsaamheid van liefdesleiding

- Ef. 5:21 is van besondere betekenis vir die huwelik-struktuur

  * "Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig"


LIEFDE

L I E F D E

- In die GEHEEL BEVAT die Christenhuwelik dus:

  * Die horisontale verhouding tussen man en vrou onder ...
  * Die vertikale leidende beskermingsverhouding tot God

- Die KERN en die SAMEBINDENDE FAKTOR van hierdie verhouding is die LIEFDE

  * Jesus antwoord die vraag oor die sesde groot gebod
    - Ten eerste Matt. 22:37 : "Jy moet die Here jou God liefhê ..."
    - Tweedens Matt. 22:39 gelyk hieraan: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself"
  * Voordat Paulus praat oor verskillende verhoudings roep hy die gelowiges op tot liefde: "En beklee julle bo alles met die liefde wat die band van volmaaktheid is "

- Dit is NIE MAKLIK om die liefde VAS TE VANG in WOORDE NIE

- Die KERN van die liefde vir die huweliksmaat as naaste mens kom uit God se LIEFDE vir die mens

  * Die saamwees in huweliksliefde uit die liefde van God vergewend en versoenend met die belang van die ander eerste
    - Titus 2:4 sê dat die jong vroue hulle mans moet liefhê
    - Ef. 5:28 : "Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame"

- Hierdie besonderse huweliksliefde BESTAAN UIT:

  * Opofferende kameraadskapsliefde
  * Die liggaamlik emosionele liefde

O P O F F E R E N D E K A M E R A A D S K A P S L I E F D E

- Ef. 5:25-27 dui daarop dat dit in die huwelik as verhouding gaan oor die WEDERSYDSE OPBOUING van MEKAAR se VOLLE Godgegewe POTENSIAAL

- Die DEEL van kameraadskapsliefde lyk as volg

  * Wat die man se liefde teenoor die vrou betref onder andere die volgende
    - Beskerming, versorging en die bevrediging van haar uiteenlopende behoeftes (Ef. 5:28)
    - Liefdesbetoning deur opoffering (Ef. 5:25; Fil. 2:5,6)
    - Bereidheid tot deling, bedagsaamheid en die betoon van liefde teenoor haar (Ef. 5:28; Kol. 3:19; 1 Kor. 13:4,5)
    - Genoeg uitdrukking van lof en waardering (1 Pet. 3:7; Spr. 31:28)

  * Wat die vrou se liefde teenoor die man betref onder andere die volgende
    - 'n Ondernemende produktiewe lid van die huwelik-span (Ps. 128:3; Spr. 31:10-31)
    - Bydraes tot die huis as versorgende hawe (Spr. 31:11-20)
    - Haarself aantreklik te hou, veral geestelik (1 Pet. 3:3-5)
    - Genoeë neem met haar situasie en take (Heb. 3:5,16)
    - Die handhawing van 'n positiewe houding (Spr. 31:26, 28, 29)

- Die MODEL vir hierdie liefde is die LIEFDE tussen GOD en die GEMEENTE

- Voortvloeiend uit die opofferende kameraadskapsliefde is die liggaamlik emosionele liefde

D I E L I G G A A M L I K E M O S I O N E L E L I E F D E

- God skep PLEK IN die HUWELIK vir ware, skone en suiwer EROTIEK wat insluit:

  * 'n Aangename intieme liggaamsbelewenis van die ander
  * 'n Permanente en erotiese hunkering na die huweliksmaat
    - Met behoud en die paslike vervulling van die self

- Die WOORD BESKRYF die LIGGAAMLIKE LIEFDE in verruklike terme

  * Gen. 2:23 waar Adam uitroep: "Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek"
  * Hoogl. 5:8 besing hierdie verliefdheidsaspek, die intense belewenis om besit en bewonder te word
  * Die siels- en liggaamsgenot van die liefde begin in Hoogl. 7:6-7 as volg: "Jy is so mooi, so bekoorlik, liefste, met soveel wat geniet kan word"


- Die liggaamlik emosionele liefde het ook die DOEL om 'n WELWILLENDHEID TEENOOR MEKAAR te bewys

- Liggaamlike emosionele liefde kan volgens Godswil SLEGS BESTAAN in KOMBINASIE en BALANS met opofferende kameraadskapsliefde

-●●●●-

- Rom 5:5 beskryf die OORSPRONG van liefde as "in ons hart uitgestort ... deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het "

  * Dit word dus deur God aan ons gegee om met mekaar te deel onder sy leiding



B E G R Y P E N D E L I E F D E

- 1 Kor. 13:4 beskryf hierdie liefde as GEDULDIG en VRIENDELIK, nie afgunstig, grootpraterig en verwaand nie

- Hierdie liefde is dus in die eerste plek op die ANDER GERIG om die huweliksmaat MEER VOLLEDIG te maak

- Wat die REGTE GESINDHEID en HOUDINGS betref, die volgende:

  * "Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was " (Fil. 2:5)

- Hierdie CHRISTUSHOUDINGS lyk as volg:

  * "Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook die van die ander." (Fil 2:3-4)

- Hierdie houdings tussen huweliksmaats BOU en HERSTEL die huweliksverhouding

- Huweliksmaats behoort te streef na hierdie ideale WAARDES en HOUDINGS en opbouende opofferende LIEFDE van die CHRISTENHUWELIK

  * Deur die Gees op pad na die Vrug van die Gees naamlik

    - Vreugde
    - Geduld
    - Goedhartigheid
    - Nederigheid
    - Vrede
    - Vriendelikheid
    - Getrouheid
    - Selfbeheersing (Gal. 5:22)

- **VERWYS** NA DIE VOORTSETTING VAN DIE INVULAKTIWITEIT OP M3.17
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Kontroleer die INVULAKTIWITEIT (M3.2)
    - Gebruik die onderstaande voltooide raamwerk
- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

GOD

- **LIGGAAMLIK EMOSIONELE LIEFDE**
- **KERNWAARDES**
  - * Vreugde
  - * Vrede
  - * Geduld
  - * Vriendelikheid
  - * Goedhartigheid
  - * Getrouheid
  - * Nederigheid
  - * Selfbeheersing
- **OPOFFERENDE KAMERAADSKAPSLIEFDE**

- **EEN TOT EEN PERSOON-VERBINTENIS**
- **LEWENS-VERBINTENIS**

- **GESLAGS-VERHOUDING**
- **HUWELK-STRUKTUUR**

- **DIE VERBOND**
- **GOD SE HUWELIKSDOEL**
- **CHRISTUS AS MIDDELPUNT**
- **GESIN EN GEMEENTE**

MENS

G R O E P B E S P R E K I N G

- **VERWYS** NA DIE GROEPBESPREKING OP M3.17
- **LEI** 'N GROEPBESPREKING AANGAANDE DIE VOLGENDE
  * Die rol van verskillende aspekte van 'n Christelike waardesisteem in die groei van die huwelik
- **HANTEER** DIE GROEPBESPREKING
- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

S A M E V A T T I N G

- **VERWYS** NA DIE SAMEVATTING OP M3.18
- **LEES** DIE VOLGENDE SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR

W A T W E E T U N O U ?

WAARDES: ASPEKTE VAN 'N CHRISTENHUWELIK

- DIE VERTIKALE GOD TOT MENS VERHOUDING
  - * DIE VERBOND
  - * GOD SE HUWELIKSDOEL
  - * CHRISTUS AS MIDDELPUNT
  - * VERBINTENIS AAN GESIN EN GEMEENTE
- DIE HORISONTALE MENS TOT MENS VERHOUDING
  - * EEN MAN EN EEN VROU
  - * PERSOONSVERBINTENIS
  - * LEWENSVERBINTENIS
  - * GESLAGSVERHOUDING
- LIEFDE IS DIE SAMEBINDENDE VERHOUDINGSASPEK WAT BESTAAN UIT DIE
  - * LIGGAAMLIK EMOSIONELE
  - * OPOFFERENDE KAMERAADSKAP
- DIE IDEALE SENTRALE CHRISTENWAARDES IS
  - * VREUGDE
  - * GEDULD
  - * GOEDHARTIGHEID
  - * NEDERIGHEID
  - * VREDE
  - * VRIENDELIKHEID
  - * GETROUHEID
  - * SELFBEHEERSING

- **MOEDIG** ENIGE VRAE AAN EN HANTEER DIT
- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

O P D R A G

- **VERWYS** NA DIE OPDRAG OP M3.19
- **LAAT** DIE GROEPLEDE DIE VOLGENDE INDIVIDUEEL VOLTOOI VOOR DIE VOLGENDE MODULE
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  - * Stel uself voor in die situasie van HUWELIKSMAAT A
  - * Besluit of u elke reaksie van HUWELIKSMAAT B as positief of minder positief sou ervaar
  - * Kies ook die twee beste reaksies
  - * Merk u antwoord in die kolom langs elke antwoord

HUWELIKSMAAT A


"Toe ek by die huis kom, storm die buurman op my af en beskuldig my daarvan dat ek nie my kinders kan beheer nie. Hy sê toe hy probeer rus maar die kinders raas en skreeu die hele middag. Hy sê as dit weer gebeur kla hy ons aan van rusverstoring. En hy sê hy's al lankal moeg vir die hond se gekef. En daar staan ek toe ewe verskrik en ek weet nie wat om te sê nie en ek weet nie wat om te doen nie."

HUWELIKSMAAT B

1.	Is hy seker dit was óns kinders en óns hond?	
2.	Jy ontstel jou verniet, alles sal regkom	
3.	Oujongkêrels het maar min geduld met kinders	
4.	Jy moes die man op sy plek gesit het	
5.	So jy was heeltemal uit die veld geslaan omdat jy nie geweet het waarvan hy praat nie	
6.	Pas afgetrede mense is maar gefrustreerd en geïrriteerd	
7.	Jy het reg opgetree deur niks te gesê het nie	
8.	Meeste mense het maar soms sonde met die bure	
9.	Waar het die kinders gespeel en geraas?	
10.	Jy het dus oorweldig gevoel deur sy onverwagte aanval	

- **LAAT** DIE GROEPLEDE HIERDIE OPDRAG VOLTOOI VOOR DIE TOEPASSING VAN DIE VOLGENDE MODULE

MODULE 4



HOUDINGS

M O D U L E 4

DOEL

- WAT IS HOUDINGS
- IDENTIFISERING VAN (EIE) — SOORTE INTERAKSIE-HOUDINGS
- VOORKOMS IN INTERAKSIE VAN — SOORTE INTERAKSIE-HOUDINGS
- IDENTIFISERING VAN ASPEKTE VAN BEGRYPENDE KOMMUNIKASIEHOUDINGS

WERKSWYSE

- VOORSTUDIEMATERIAAL
- GROEPGESPREKKE

TERUGVOER

- SAMEVATTING
- INSETTE DEUR DIE GROEPLEIER

M O D U L E B E P L A N N I N G

- **VERWELKOM** DIE EGPARE
- **VERWYS** NA MODULE 4 SE BEPLANNING OP M4.1
- **LEES** DIE MODULEBEPLANNING SAAM MET DIE GROEPLEDE
- **TYDSDUUR** 2 MINUTE

H O U D I N G S

- **VRA** AAN DIE GROEPLEDE WAT HULLE ONDER HOUDINGS VERSTAAN
- **ONTLOK** EN GEE 'N SAMEVATTING VAN INDIVIDUELE BYDRAES
- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

-●●●-

- **VERDUIDELIK** DIE BEGRIP INTERAKSIEHOUDINGS
- **WYS DAAROP** DAT VERSKILLENDE SOORTE INTERAKSIEHOUDINGS OP M4.2 EN M4.3 UITEENGESIT WORD
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  - * Daar word gekyk na die opdrag op M3.19
    - Die reaksies wat verkies is, word bestudeer
  - * Met behulp van die inligting op M4.2 EN M4.3 word die volgende bepaal
    - Tipiese houdings in interaksie
    - Die mees opbouende tipe houding
- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

I N T E R A K S I E H O U D I N G S

ONDERSTEUNENDE HOUDING

- BEMOEDIGING, TROOS, SIMPATIE of GERUSSTELLING word uitgespreek of DAADWERKLIKE HULP en OPLOSSINGS word gegee
- Die EFFEK van die ondersteunende houdings op huweliksmaats is
  - * 'n Gevoel dat die persoon misverstaan word en dat die ander nie vir die persoon omgee nie
  - * 'n Verlies aan selfvertroue en selfwaarde
  - * 'n Afhanklikheid van ander se menings, raad en leiding
  - * 'n Valse gevoel van tevredenheid en vertroue weens gerusstelling

EVALUERENDE HOUDING

- 'n BEOORDELING van de wenslikheid van gedrag vind plaas
- EVALUERING en RAADGEWING geskied volgens 'n eie mening
- Die EFFEK van die evaluerende houding op huweliksmaats is
  - * Die voorhou van 'n valse positiewe front en verdediging
  - * Afhanklikheid en onvolwassenheid weens voortdurende kritiek op waardes en oordele
  - * 'n Ervaring van minderwaardigheid weens raadgewing

INTERPRETERENDE HOUDING

- VERKLARINGS, INTERPRETASIES en VERDUIDELIKINGS van gedrag en gevoelens word gegee
- Voorsien 'n ANDER MANIER om na dinge te KYK
- Die EFFEK van die interpreterende houding op huweliksmaats is
  - * Terugtrekking weens die bedreigende interpretasies
  - * Stagnasie in ontwikkeling en onafhanklikheid weens insigte verskaf

ONDERSOEKENDE HOUDING

- VRAE word GESTEL om MEER INLIGTING te verkry
  - * Vrae fokus op wat vir die vraesteller belangrik is
  - * Enkele of reekse vrae word gestel
- Die EFFEK van die ondersoekende houding op die huweliksmaat is
  - * Terugtrekking en verdedeging as vrae bedreigend/adviserend is
  - * Verlies aan spontaniteit en die keuse van onderwerpe gaan saam
  - * 'n Gebrek aan inisiatief en verantwoordelikheid - dit gee rigting en probeer om oplossings voor te skryf
  - * 'n Ervaring van miskenning en selfverwerping

AANVAARDENDE EN BEGRYPENDE HOUDING

- AANVAAR en RESPEKTEER die huweliksmaat ONVOORWAARDELIK
- GEE OM vir die ander as MENS sonder om te beoordeel
- Probeer om dinge VANUIT die ANDER se GESIGSPUNT te verstaan
  - * Fokus op die ander se gevoel en ervarings
- Die EFFEK van die begrypende houding op die
  - * Vrye uitdrukking van die self: ondersoek, evalueer en verander gedrag met gemak
  - * Selfaanvaarding, selfvertroue en groei tot selfverwesenliking

G R O E P B E S P R E K I N G

- **VERWYS** NA DIE GROEPBESPREKING OP M4.3
- **LEI** 'N GROEPBESPREKING AANGAANDE DIE VOLGENDE
  - * Groeplede se geïdentifiseerde tipiese houdings in interaksies
  - * Die effekte van verskillende interaksiehoudings
  - * Die mees opbouende tipe houding in interaksie
- **TYDSDUUR** 10 MINUTE
- **BEKLEMTOON** DIE WAARDE VAN EN ONTWIKKELINGSMOONTLIKHEDE VAN 'N AANVAARDENDE HOUDING IN INTERAKSIE

H O U D I N G S H E R K E N N I N G

- **VERWYS** NA "HOUDINGSHERKENNING" OP M4.4
- **WYS DAAROP** DAT DIE DOEL VAN DIE AKTIWITEIT IS OM DIE BEWUSTHEID VAN VERSKILLENDE SOORTE INTERAKSIEHOUDINGS TE VERBETER
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Lees individueel die onderstaande STELLINGS EN REAKSIES
  * Beoordeel en benoem elke reaksie as een van die volgende
    - Interpreterend
    - Ondersteunend
    - Vraend
    - Evaluerend
    - Aanvaardend en Begrypend

STELLING 1

"Daar moet besluit word oor die Desember-vakansie. Ek weet nie wat om te doen nie. Daar is twee moontlikhede waaraan ek gedink het. Vir die laaste vyf jaar was ons elke Kersfees op die plaas by Pa-hulle. Dis vir my lekker om so saam met die familie te kuier. Aan die ander kant wil die kinders graag see toe gaan waar daar ander jongmense is "

REAKSIE 1

* Jy voel dat jy dit aan Pa-hulle verskuldig is om soos altyd op Kersfees by hulle te wees
* Dis maar moeilik, ek's seker jy sal so oor 'n week of twee weet. Dit is nog heeltemal in tyd
* Watter plek by die kus het jy aan gedink?
* Jy is die een wat oor vakansies besluit. Maak 'n lysie van die voor- en nadele en besluit dan
* Jy is onseker oor twee ewe goeie moontlikhede oor wat om gedurende die vakansie te doen

STELLING 2

"Ek is bekommerd oor jou. Jy was so stil en lusteloos die laaste twee weke. Jy eet sleg en is gedurig naar. Baie van die dinge wat gewoonlik vir jou lekker is om te doen kom jy nie by uit nie. Dit lyk asof jy sleg slaap en jy word maklik geïrriteerd. Wat's fout?"

REAKSIE 2

* Moenie bekommerd wees nie, na die naweek is ek reg
* Los my 'n bietjie uit om te doen wat ek wil doen en wees bietjie meer verdraagsaam
* Wat laat jou nou skielik daaroor praat? Bring ek dan nie my kant nie?
* Hoe ek nou optree laat jou dink aan die keer toe ons vir lank nie geweet het wat is fout met my nie. Toe is dit al die tyd my blindederm
* So jy is besorg oor my omdat dit vir jou lyk asof ek nie myself is nie

- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

-●●●-


- **LAAT** DIE GROEPLEDE MENINGS UITRUIL
- **HANTEER** DIE GROEPBESPREKING
- **BEKLEMTOON** DIE EFFEK VAN DIE VERSKILLENDE INTERAKSIE-HOUDINGS
- **TYDSDUUR** 10 MINUTE


B E G R Y P E N D E H O U D I N G S

- **VERWYS** NA DIE DIAGRAMME OP M4.5

- **VERDUIDELIK** DIE INTERAKSIE TUSSEN BEGRYPENDE KOMMUNIKASIEHOUDINGS AS ONDERLIGGEND TOT BEGRYPENDE EIENSKAPPE EN -KOMMUNIKASIEGEDRAG

- **GEE** 'N UITEENSETTING VAN BEGRYPENDE EIENSKAPPE EN -KOMMUNIKASIEGEDRAG





- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

B E G R Y P E N D E E I E N S K A P P E


G R O E P B E S P R E K I N G

- **VERWYS** NA DIE GROEPBESPREKING OP M4.6
- **LEI** 'N GROEPBESPREKING AANGAANDE DIE VOLGENDE
  * Die aard en belangrikheid van egtheid en respek in die huwelik
- **HANTEER** DIE GROEPBESPREKING
- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

- **VERWYS** NA EGTHEID, RESPEK EN EMPATIE OP M4.6 EN M4.7
- **LEES** DIT SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR
- **TYDSDUUR** 4 MINUTE

EGTHEID

- Egtheid is om HEELTEMAL USELF TE WEES
- "HEELTEMAL USELF" impliseer
  * Wat die self betref ten alle tye in bewustheid en aanvaarding van
    - Waardes en oortuigings
    - Swakpunte en sterkpunte
    - Voorkeure en afkeure
- "TE WEES" IMPLISEER
  * 'n Bereidheid om na die huweliksmaat te leef
  * Die manier om dit te doen is
    - Eerlik (Sonder 'n masker of bybedoelings)
    - Openlik (Deursigtig)
    - Spontaan (Taktvol)
    - Konstant (Gedurig en voorspelbaar)
  * Die deurgee (sê en wys) van alle informasie van toepassing op die huwelik


EGTHEID
EMPATIE
RESPEK

RESPEK EN AANVAARDING

- Respek en aanvaarding is 'n POSITIEWE BERUSTING en BETROKKENHEID by die MENSWEES van die huweliksmaat

- POSITIEWE BERUSTING by die MENSWEES van die ander impliseer om met oorgawe VIR die huweliksmaat TE WEES
  * Dit behels 'n bewustheid en waardering van die volgende:
    - Uniekheid: daar bestaan net een so 'n persoon
    - Waardevolheid en onvervangbaarheid
    - Innerlike krag en potensiaal

- POSITIEWE BETROKKENHEID by die MENSWEES van die ander beteken om ten alle tye BY dié ander te wees
  * Dit sluit ook in dat daar as volg opgetree word
    - Voortdurend hulp verleen, aanmoedig en ondersteun
    - Toegewyde deelname en deel van aktiwiteite en belangstellings

EMPATIE

- Empatie is GEBOU op heelwat MEER as die TOTAAL van egtheid, respek en aanvaarding

- Elke huweliksmaat ERVAAR die self, die ander en die WêRELD op 'n EIESOORTIGE wyse

- Empatie is om USELF in die HUWELIKSMAAT se VEL te PLAAS en daarmee te VOEL asof dit aan u behoort
  * U neem dus kennis van en beleef u huweliksmaat se gevoelens, gedagtes en ervarings

B E G R Y P E N D E K O M M U N I K A S I E G E D R A G

- **VERWYS** NA "BEGRYPENDE KOMMUNIKASIEGEDRAG" OP M4.8
- **LEES** DIT SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR
- **TYDSDUUR** 2 MINUTE
- 'N DIAGRAMMATIESE VOORSTELLING van die komponente van begrypende kommunikasiegedrag lyk as volg



A **B**

- KENMERKEND van hierdie effektiewe kommunikasiegedrag is
  - * Die uiteindelike gevolg dat intieme kommunikasie plaasvind

    dus

    - Groei en ontwikkel huweliksmaats en die huwelik konstruktief

    deurdat

    - Hulle die self en mekaar verstaan
- Hierdie BEGRIP word as volg MOONTLIK GEMAAK

PRAAT

* Huweliksmaat A, uit die selfkennis wat bestaan, druk 'n spesifieke gevoel of spesifieke ervaring uit

LUISTER

* Huweliksmaat B gee aandag aan en luister na die gevoelens en ervarings

GESELS

* Huweliksmaat B parafraseer die boodskap om te kontroleer dat dit reg verstaan word
* Reageer empaties op die gevoelens en ervarings van die boodskap
* Verdere opbouende gesprek en probeemoplossing vind plaas

S A M E V A T T I N G

- **VERWYS** NA DIE SAMEVATTING OP M4.9

- **LEES** DIE VOLGENDE SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR

W A T W E E T U N O U ?

- WAT 'N HOUDING IS

- VERSKILLENDE SOORTE HOUDINGS IN INTERAKSIE
  * ONDERSTEUNEND
  * EVALUEREND
  * INTERPRETEREND
  * ONDERSOEKEND
  * BEGRYPEND EN AANVAARDEND

- HOE HIERDIE HOUDINGS IN INTERAKSIE LYK

- BEGRYPENDE HOUDINGS BESTAAN UIT

  * BEGRYPENDE EIENSKAPPE (HOE DIT LYK)
    - EGTHEID
    - RESPEK
    - EMPATIE

  * BEGRYPENDE KOMMUNIKASIEGEDRAG
    - PRAAT
    - LUISTER
    - GESELS
    - PROBLEME OPLOS

- **MOEDIG** ENIGE VRAE AAN EN HANTEER DIT

- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

O P D R A G

- **VERWYS** NA DIE OPDRAG OP M4.10
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  - * Lees die onderstaande stelling
  - * Na die stelling is daar vyf moontlikhede van wat moontlik gehoor word
  - * Toon aan watter een van die vyf moontlikhede u die waarskynlikste sou hoor
  - * Trek 'n kring om die nommer van daardie respons wat u as die mees toepaslike beskou
- **LAAT** DIE GROEPLEDE HIERDIE OPDRAG VOLTOOI VOOR DIE TOEPASSING VAN DIE VOLGENDE MODULE

"Ek het besluit dat dit my nie gaan help nie. Wat gebeur, is dat ek meer en meer besef wat ek moet doen, en ek is siek en sat daarvan om verantwoordelikheid te moet dra - ek dink nie ek sal weer terugkom nie."
Die persoon sê dat hy/sy ...

1. Weet dit belangrik is om self te besluit. Ook dink dit is beter om nie vir die probleem te skrik nie
2. Die situasie pynlik vind en eerder graag daaruit wil ontsnap
3. Moedeloos is en wil tou opgooi met alles
4. Moontlik genoegsaam die saak op heelwat verskillende maniere bekyk het
5. Soveel verantwoordelikhede te veel is vir een mens om te hanteer en hulp nodig het

G R O E P P R O S E S : A L G E M E E N

- **LEES DIE VOLGENDE AS ORIëNTASIE TOT DIE GROEPHANTERING GEDURENDE MODULE 5, 6, 7**

- Hierdie modules val in geheel saam met die algemene MIDDELFASE (Cissna, 1984; Shapiro, 1978 en Williamson, 1982) van die groepontwikkelingsproses

- Die middelfase is die mees omvattende dinamiese stadium in terme van beweging ten opsigte van groepgroeidoelwitte en die gepaardgaande gedragsinisiëring intern en ekstern tot die groep

- Die ontwikkeling van hierdie fase in die groepproses omvat onder meer die volgende

  * 'n Onvoldoende aanwesigheid van antwoorde en intellektuele sekerheid
  * Aanpassing by dubbelsinnigheid
  * Verdere ontwikkeling van groepkohesie en funksionele rolverwantskappe ten opsigte van groepstruktuur en emosionele reaksies op taakeise
  * Herkenning van individuele verskille
  * Bespreking van die self en ander groeplede
  * Konflik en konfrontasie en 'n later positiewe ingesteldheid daarteenoor
  * Insig en normering wat na vore tree
  * Dinamiese selfbegrip en optrede
  * Bewuswording van die belangrikheid van vaardighede en die ontwikkeling van vaardigheidsbehoeftes
  * Uitvoering van take en optrede

GROEPPROSES: SPESIFIEK

- **LEES DIE VOLGENDE AS VOORBEREIDING TOT DIE GROEPHANTERING GEDURENDE MODULE 5**

- Hierdie module val meer spesifiek saam met 'n groep-ontwikkelingsfase van VERBONDENHEID (Berg en Landreth, 1980)

- Die fase van SELFEKSPLORASIE EN BEGRIP sien as volg daaruit

  * Kohesie-versterkende hier-en-nou-interaksies eie aan die spesifieke groep, tree sterker na vore

  * Eie waardes en norme met gepaardgaande reëls en prosedures staan voorop

  * Groeplede laat selfeksplorasie en selfopenbaring op 'n dieper vlak as voorheen toe, binne 'n groeiende betrokkenheid by sake wat interpersoonlike affiliasie, intimiteit, nabyheid en helpende vaardighede raak

    - Interpersoonlike risiko's neem ook toe in omvang, gedomineer deur gevoelens

    - Die leier met 'n hoë realiteitsoriëntasie tree meer gekonfronteerd op waar magstrewes meer bewustelik en konstruktief gehanteer kan word

MODULE 5

LUISTER

M O D U L E B E P L A N N I N G

- **VERWELKOM** DIE GROEPLEDE

- **VERWYS** NA MODULE 5 SE BEPLANNING OP M5.1

- **LEES** DIE MODULEBEPLANNING SAAM MET DIE GROEPLEDE

- **TYDSDUUR** 2 MINUTE

M O D U L E 5

DOEL

- WAT IS?
- IDENTIFISERING VAN EIE
  - * AANDAG
  - * LUISTER
- BELANGRIKHEID VAN
- DIE AANLEER EN VERBETERING VAN

WERKSWYSE

- VOORSTUDIEMATERIAAL
- MODELLERING
- AKTIWITEITE
- GROEPBESPREKING

TERUGVOER

- SAMEVATTING
- GROEPEVALUERING
- INSETTE DEUR GROEPLEIER

B E N A D E R I N G S T O T L U I S T E R

- **VERWYS** NA BENADERINGS TOT LUISTER OP M5.2
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  - * Kyk na u "luister" in OPDRAG (M4.10)
    - Vergelyk en identifiseer u reaksie as een van die onderstaande benaderings tot luister

EVALUERING

Die luisteraar let op na waar die huweliksmaat met gepastheid, korrektheid of effektiwiteit optree, ervaar of voel

INTERPRETASIE

Die luisteraar kyk na die oorsake of die betekenis van die boodskap van die huweliksmaat

ONDERSTEUNING

Die boodskap word so ontvang dat die intensiteit van die huweliksmaat se ervarings of gevoelens nie korrek waargeneem word nie

ONDERSOEKEND

Die luisteraar konsentreer slegs op 'n sekere deel van die boodskap byvoorbeeld deur vraagstelling

BEGRYPEND EMPATIES

Daar word op so 'n manier geluister wat verseker dat die huweliksmaat se gevoelens, gedagtes en ervarings korrek en volledig begryp word

G R O E P B E S P R E K I N G

- **VERWYS** NA DIE GROEPBESPREKING OP M5.2
- **LEI** 'N GROEPBESPREKING AANGAANDE DIE VOLGENDE
  - * Die <u>effekte</u> van verskillende <u>benaderings</u> tot <u>luister</u>
  - * Die <u>mees effektiewe benaderings</u> tot luister
- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

B E G R Y P E N D E E M P A T I E S E L U I S T E R

- **VERWYS** NA "BEGRYPENDE EMPATIESE LUISTER" OP M5.3
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Lees en ondersoek die volgende aangaande die begrypende empatiese manier van AANDAG en LUISTER
- **TYDSDUUR** 2 MINUTE

Onafgesien van wat jou gevoelens en wense mag wees en of ek daarmee saamstem of nie, sal ek jou respekteer en as persoon na waarde ag. Ek waardeer die geleentheid om by jou te staan om jou ervarings, gevoelens en wense vir jouself en my duidelik te maak. Dit is vir my belangrik omdat ek wil hê dat jy dit meer en meer aan my moet oordra op 'n eerlike, openlike, direkte en spesifieke wyse. So 'n manier van kommunikasie maak dit vir my moontlik om jou gedurig beter te leer ken en te verstaan en daarom meer realisties te werk aan die uitbouing van ons huwelik. Elkeen van ons sien dinge op sy eie manier en ervaar dit op 'n unieke wyse.
Ek moet daarna streef om myself in my huweliksmaat se skoene te plaas en 'n grootse poging aan te wend om die wêreld vir 'n moment deur my huweliksmaat se oë te aanskou. Ek probeer om presies te verstaan hoe die ander die situasie sien en die gevoelens wat daarmee gepaard gaan. Om seker te maak moet ek dit met my huweliksmaat kontroleer en wel op so manier wat getuig van opregte belangstelling en onvoorwaardelike aanvaarding

G R O E P B E S P R E K I N G

- **VERWYS** NA DIE GROEPBESPREKING OP M5.3
- **LEI** 'N GROEPBESPREKING AANGAANDE DIE VOLGENDE
  * Die belangrikheid van aandag en luister in huwelikskommunikasie
- **HANTEER** DIE GROEPBESPREKING
- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

M O D E L L E R I N G

- **VERWYS** NA DIE MODELLERING OP M5.4
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Kyk na die modellering oor AANDAG EN LUISTER
  * Die toepassing van AANDAG en LUISTER in huwelikskommunikasie word aan u geïllustreer
- **VERTOON** DIE VIDEOMODELLERING
- **TYDSDUUR** 7 MINUTE

G R O E P B E S P R E K I N G

- **VERWYS** NA DIE GROEPBESPREKING OP M5.4
- **LEI** 'N GROEPBESPREKING AANGAANDE DIE VOLGENDE
  * Belangrike elemente van aandag en luister in effektiewe egpaarkommunikasie
- **HANTEER** DIE GROEPBESPREKING
- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

A A N D A G G E E

- **VERWYS** NA AANDAG OP M5.5
- **LEES** DIT SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR
- **MOEDIG** ENIGE VERDERE VRAE AAN EN HANTEER DIT
- **TYDSDUUR** 3 MINUTE

	AANDAG GEE	
	HOE OM AANDAG TE GEE (SELF)	WAARAAN OM AANDAG TE GEE
POSISIE	• Teenoor die ander ("Ek stel belang in jou")	• Waar/watter kant toe is die ander. Bv. reg voor, draai rug, langsaan
AFSTAND	• Redelik naby die ander ("Ek is met jou")	• Hoe naby of hoe ver is die ander. Bv. redelik ver of besonder naby
OOGKONTAK	• Kyk die ander voortdurend in die oë	• Word oogkontak vermy of gehandhaaf. Bv. kyk weg of staar na u
POSTUUR	• Handhaaf 'n oop liggaams-houding en leun effens vorentoe. ("Ek is beskikbaar")	• Oop of geslote, leun weg of nader. Bv. arms of bene oormatig gekruis
GESIGSUITDRUKKING	• Vriendelik (glimlag) en belangstellend ("Ek gee om vir wat jy sê")	• Gesigsuitdrukking goedkeurend of verveeld Bv. uitdrukkingloos, frons, wenkbroue lig
GEBARE EN BEWEGINGS	• Wees spontaan en natuurlik ("Ek voel tuis saam met jou")	• Oop, natuurlik, gespanne of geen beweging. Bv. vinnige beweging, skud voet, hande vroetel
ANDER	• 'n Bewuste besluit en poging • 'n Begrypende houding	• Manier van praat bv. hard of sag, vinnig of stadig, sug, struikel oor woorde

E G P A A R - E N G R O E P A K T I W I T E I T

- **VERWYS** NA DIE EGPAAR- EN GROEPAKTIWITEIT OP M5,6 EN M 5.7
- **WYS DAAROP** DAT DIE **DOEL** VAN HIERDIE AKTIWITEIT IS OM DIE GELEENTHEID VIR DIE ONTWIKKELING VAN AANDAGVAARDIGHEDE TE GEE
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  - * Los in egpaarverband die onderstaande SITUASIE 1 op deur van rollespel gebruik te maak
  - * Pas die elemente van AANDAG GEE so goed as moontlik toe
    - Let op die manier waarop u en u huweliksmaat die beginsels toepas
- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

SITUASIE 1

- Mevrou het onlangs begin werk. Sy vind dit moeilik om soos altyd die meeste verantwoordelikhede vir byna alle huistake te aanvaar. Waar sy nou 'n finansiële bydrae maak, wil sy graag 'n gelyke sê in die opstel van die begroting hê
- Meneer glo dat daar sekere dinge in 'n huis is wat nou eenmaal net nie 'n man se werk is nie. Hy sien homself nog steeds as die gesin se broodwinner en wil daarom die finale sê in finansiële besluite behou

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  - * Kyk na die Tabel op M5.5 oor AANDAG GEE
  - * Bespreek en identifiseer u sterkpunte en minder sterkpunte van AANDAG GEE in die hantering van die SITUASIE 1 en in u huwelikskommunikasie in die algemeen
- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

- **LEI** 'N GROEPBESPREKING AANGAANDE DIE VOORAFGAANDE BEVINDINGE

- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

-●●●-

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Los in groepverband die onderstaande SITUASIE 1 op deur van rollespel gebruik te maak
    - Die groepleier tree op as egpaarlid 2
    - Al die groeplede speel die rol van egpaarlid 1
  * Pas weer eens die elemente van aandag gee so goed as moontlik toe
    - Let op watter aandagvaardighede deur uself, die ander egpaarlede en die groepleier gebruik word

- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

SITUASIE 2

- Egpaarlid 1 is baie gemotiveerd en entoesiasties teenoor die aanleer en die toepassing van kommunikasievaardighede
- Egpaarlid 2 is 'n bietjie huiwerig en wonder of dit werklik dit werd is om soveel moeite te doen en daarmee deur te druk

G R O E P B E S P R E K I N G

- **VERWYS** NA DIE GROEPBESPREKING OP M5.7

- **LEI** 'N GROEPBESPREKING AANGAANDE DIE VOLGENDE
  * Egpaarlede se gebruik van die verskillende maniere van aandag gee
  * Die effekte van die toepassing of die afwesigheid van verskillende aandagvaardighede

- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

H O E O M T E L U I S T E R

- **VERWYS** NA "HOE OM TE LUISTER" OP M5.8
- **LAAT** DIE GROEPLEDE DIE VOLGENDE BESTUDEER
- **TYDSDUUR** 2 MINUTE

VOORVEREISTES

- BESLUIT om aandag te gee en te luister
- SKAKEL stoornisse uit

AANDAG GEE

- RIG alle aandag (M5.5) met alle sintuie OP u huweliksmaat en dit wat gesê en gedoen word

INHOUD HOOR

- BEPAAL u huweliksmaat se BELANG by die boodskap
  - * Luister na die wie en die wat, waar en wanneer, die hoekom en die hoe van die boodskap

GEVOELENS HOOR

- BEPAAL volledig elke GEVOEL wat u huweliksmaat ervaar en oordra
  - * Spandeer die meeste energie in luister na gevoelens

AANMOEDIGING

- REAGEER somtyds om verdere boodskappe te ontdek op maniere soos
  - * "Ja?"
  - * "En toe?"
  - * "Vertel my meer?"
  - * "Dis interessant?"

KONTROLEER

- GEE 'n opsommende weergawe van NET DIT wat u gehoor het
  - * Laat die spreker aandui of dit in die kol is
  - * Onderhandel totdat u huweliksmaat tevrede is

- **MOEDIG** ENIGE VRAE AAN EN HANTEER DIT
- **TYDSDUUR** 2 MINUTE

INDIVIDUELE EN GROEPAKTIWITEIT

- **VERWYS** NA DIE INDIVIDUELE EN GROEPAKTIWITEIT OP M5.9

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Lees individueel die onderstaande VERSKUILDE BOODSKAPPE
    - Luister by elke VERSKUILDE BOODSKAP na wat die persoon eintlik vir u wil sê
    - Skryf die boodskap soos u dit verstaan in die beskikbare ruimtes neer

- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

VERSKUILDE BOODSKAPPE

"Aan die een kant geniet ek my werk en aan die ander kant is die bevorderingsmoontlikhede so beperk. Die nuwe werk wat ek kan aanneem het soveel meer interessante uitbreidingsmoontlikhede maar daar is minder sekuriteit. Wat dink jy daarvan?"

VERSKUILDE BOODSKAP

"Ek is nie eens genooi na die jaarlikse sosiale geleentheid nie. Dit is die eerste keer in baie jare dat so iets gebeur. Verlede week was ek nog goed genoeg om met 'n paar takies te help en nou word ek eenvoudig geïgnoreer."

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Deel u mening met die groep en bespreek die effektiwiteit daarvan

- **HANTEER** DIE TERUGVOERING EN DIE GROEPBESPREKING

- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

S A M E V A T T I N G

- **VERWYS** NA DIE SAMEVATTING OP M5.10

- **LEES** DIE VOLGENDE SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR

W A T W E E T U N O U ?

- VERSKILLENDE BENADERINGS TOT
- HOE LYK U VORIGE MANIER VAN
- DIE BELANGRIKHEID VAN BEGRYPENDE EMPATIESE
- HOE LYK GEWENSDE WYSES VAN
- DIE GEWENSDE TOEPASSING VAN

* AANDAG

* LUISTER

- **MOEDIG** ENIGE VRAE AAN EN HANTEER DIT

- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

O P D R A G

- **VERWYS** NA DIE OPDRAG OP M5.11

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  - * Lees en voltooi die onderstaande stellings wat oor uself gaan
    - Gee u eerste natuurlike antwoord
    - Skryf u voltooide sinne in die beskikbare ruimtes neer

- LAAT DIE GROEPLEDE DIE OPDRAG VOLTOOI VOOR DIE AANVANG VAN MODULE 6

Ons as egpaar _____
Ek hou van _____
Ek voel seergemaak wanneer _____
As iemand my konfronteer _____

G R O E P P R O S E S : S P E S I F I E K

- **LEES DIE VOLGENDE AS VOORBEREIDING TOT DIE GROEPHANTERING GEDURENDE MODULE 6**

- Hierdie module val meer spesifiek saam met 'n groep-ontwikkelingsfase van VERBONDENHEID (Berg en Landreth, 1980)

- Die fase van VERBONDENHEID EN VERANDERING sien as volg daaruit

  * Binne die meerdere aanwesigheid van realiteits-gebondenheid val daar groter klem op interpersoonlike aanvaarding en gelykheid

  * Die atmosfeer in die groep word meer informeel en ontspanne

  * Onuitgesproke verbondenheid van verandering en groei en interpersoonlike hulp en ondersteuning neem beduidend toe

  * Fasiliteite en ander verantwoordelikhede eie aan die groepleier mag afgewentel word na groeplede wat genoegsame helpende vaardighede openbaar en minder verdedigend voorkom

  * Groeplede raak meer bewus van en geïnteresseerd in die dinamika van interpersoonlike interaksie en gedrag en verken en pas nuwe en meer effektiewe interaksiewyses toe

MODULE 6

PRAAT

M O D U L E B E P L A N N I N G

- **VERWELKOM** DIE GROEPLEDE

- **VERWYS** NA MODULE 6 SE BEPLANNING OP M6.1

- **LEES** DIE MODULEBEPLANNING SAAM MET DIE GROEPLEDE

- **TYDSDUUR** 2 MINUTE

M O D U L E 6

DOEL

- WAT IS
- DIE BELANGRIKHEID VAN
- DIE AANLEER EN VERBETERING VAN
- ALGEMENE FOUTE VAN

  * SELFONTHULLING
  * GEVOELENS DEEL
  * SPESIFIEKHEID

WERKSWYSE

- VOORSTUDIEMATERIAAL
- GESPREKKE
- AKTIWITEITE

  * GROEP
  * EGPAAR
  * INDIVIDUEEL
- MODELLERING

TERUGVOER

- GROEPEVALUERING
- OPSOMMING/SAMEVATTING
- INSETTE DEUR DIE GROEPLEIER



SELFONTHULLING

S E L F O N T H U L L I N G

- **VERWYS** NA "SELFONTHULLING" OP M6.2
- **LEES** DIT SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR

- Selfonthulling is om u MENSWEES aan u huweliksmaat te ONTBLOOT
- Selfonthulling kan slegs gebeur as daar by altwee huweliksmaats 'n HOUDING van BEGRYPING bestaan
- Selfonthulling is NOODSAAKLIK in huwelikskommunikasie om:
  * Mekaar en die self beter te leer ken, verstaan en aanvaar
  * Onderlinge vertroue en selfvertroue op te bou
  * Mekaar se behoeftes te bevredig
  * Spanwerk in en werk aan die huwelik te bevorder
  * Die huwelik sterker en meer gelukkig te maak
  * Interessanter en meer aantreklik vir mekaar te wees
- Selfonthulling LYK as volg:
  * Om te sê en te wys (te laat weet)
    wat
  * U dink en veral wat u voel
    oor
  * U huweliksmaat en die situasie
- Selfonthulling DEEL met u huweliksmaat
  * Gaan oor gevoelens
    - Positief en negatief
    - Intens en oppervlakkig
  * Ontlok meer wedersydse selfonthulling

- **MOEDIG** ENIGE VRAE AAN EN HANTEER DIT
- **TYDSDUUR** 3 MINUTE

I N D I V I D U E L E E N G R O E P A K T I W I T E I T

- **VERWYS** NA DIE INDIVIDUELE EN GROEPAKTIWITEIT OP M6.3

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Kyk na die voltooide sinne in die OPDRAG (M5.11)
  * Kies en merk 2 sinne wat u graag met die groep sal deel
  * Onthul die sinne aangaande uself met die groep
  * Bespreek die volgende in groepverband
    - Die effek en belangrikheid van selfonthulling

- **HANTEER** DIE ONTHULLING EN GROEPBESPREKING

- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

M O D E L L E R I N G

- **VERWYS** NA DIE MODELLERING OP M5.1

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Kyk na die modellering oor SELFONTHULLING
  * Toepassings van selfonthulling as praat in egpaarkommunikasie word aan u geïllustreer
  * Skryf u aantekeninge en kommentaar neer

- **VERTOON** DIE VIDEOMODELLERING

- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

P R O B L E M E V A N S E L F O N T H U L L I N G

- **VERWYS** NA "PROBLEME VAN SELFONTHULLING" EN "SELFKENNIS" OP M6.4
- **LEES** DIT SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR
- **MOEDIG** ENIGE VRAE AAN EN HANTEER DIT
- **TYDSDUUR** 4 MINUTE

• GRADUEEL:	Geleidelike selfonthulling wat nie te sterk is nie is nodig
• BALANS:	Nie te min of te veel van uself onthul nie
• KONSTANT:	Dit moet deurlopend gebeur
• TYDSBEREKENING:	Net op die regte tyd op die regte plek
• HIER EN NOU:	Irrelevante intieme sake uit die verlede is slegs nodig as dit die huweliksmaat help om u in die huidige situasie beter te verstaan
• DIEPTE:	Daar behoort genoeg gesê te word van uself
• KONTEKS:	Dit moet van toepassing wees op wat in die hier en nou tussen u gebeur

S E L F K E N N I S

- Om u GEDAGTES en GEVOELENS aan u huweliksmaat te kan ONTBLOOT, behoort u die SELF GOED te KEN
  - * Byvoorbeeld sterkpunte en minder sterkpunte, waarvan u hou en nie hou nie
  - * Selfkennis is dus die fondament van selfonthulling
- U toon 'n REAKSIE op ALLES wat u DOEN en ERVAAR
  - * Hierdie reaksie mag meer en meer raakgesien word as u daarop let
- MANIERE om u SELFKENNIS te VERBETER
  - * "Luister" na uself. Dit kan u help om u gevoelens en reaksies op wat gebeur beter te verstaan
  - * Kyk hoe ander mense reageer op wat u doen en sê
    - Vra hulle ook hoe hulle u optrede ervaar
  - * Deur u gevoelens en reaksies in woorde uit te druk kan u meer leer van uself

I N D I V I D U E L E E N G R O E P A K T I W I T E I T

- **VERWYS** NA DIE INDIVIDUELE EN GROEPAKTIWITEIT OP M6.5

- **WYS DAAROP** DAT DIE **DOEL** VAN HIERDIE AKTIWITEIT IS OM DIE GELEENTHEID TE GEE OM
  * Selfkennis te ontwikkel
  * Selfonthullingsvaardighede te verbeter

- **VERUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Voltooi die volgende stellings wat oor uself gaan
    - Gee u eerste natuurlike reaksie

- **TYDSDUUR** 2 MINUTE

Mense wat my regtig ken, sê _____
Min mense weet dat ek _____
Ek is _____
Reg nou, op hierdie oomblik _____ voel ek _____ (emosie) omdat _____ (rede)

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Onthul die laaste twee sinne aan die groep

- **HANTEER** DIE ONTHULLING

- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

S A M E V A T T I N G

- **VERWYS** NA DIE SAMEVATTING OP M6.6


- **LEES** DIE VOLGENDE SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR

W A T W E E T U N O U ?

- WAT IS
  - * SELFONTHULLING
  - * SELFKENNIS
- DIE BELANGRIKHEID VAN SELFONTHULLING
- HOE LYK EFFEKTIEWE SELFONTHULLING
- PROBLEME VAN SELFONTHULLING
- DIE TOEPASSING VAN SELFONTHULLING

- **MOEDIG** ENIGE VRAE AAN EN HANTEER DIT

- **TYDSDUUR** 5 MINUTE



GEVOELENS DEEL

GEVOELENS DEEL

- **VERWYS** NA "GEVOELENS DEEL" OP M6.7 EN M6.8
- **LEES** DIT SAAM MET DIE GROEPLEDE
- **MOEDIG** ENIGE VRAE AAN EN HANTEER DIT
- **TYDSDUUR** 4 MINUTE

- Gevoelens deel is die SEMENT wat die BOUSTENE van die HUWELIKSVERHOUDING AANMEKAAR hou
- Die volgende van gevoelens deel is
  - * Om uself en u huweliksmaat bewus te maak daarvan
  - * Begin gewoonlik 'n gesprek wat bevorderlik is vir huweliksgroei
- Gevoelens is INNERLIKE REAKSIES wat u ERVAAR wanneer u iets DOEN of DINK
- Om gevoelens te kan deel behoort u BEWUS te wees daarvan en LEER om dit te HERKEN
  - * Herkenning van emosies is moontlik deur te luister na u liggaamsreaksies byvoorbeeld
    - Beweerigheid, sweterigheid, trane, ens.
    - Verandering in hartklop en asemhaling
- Gevoelens behoort duidelik ONDERSKEI te word van gedagtes en gebeure, byvoorbeeld

GEDAGTE

* Ek dink my huweliksmaat is 'n goeie ouer

GEBEURE

* Die kinders bedank u huweliksmaat vir iets

GEVOEL

Ek voel ...

* Trots op jou
* Jaloers op jou
* Lief vir jou

- BALANS is belangrik in die deel van gevoelens

- TE MIN of TE VEEL gevoelens deel is ONGEWENS
  * Somtyds behoort ons die risiko te loop en op te tree
  * Andersins behoort ons dit te beteuel

- BALANS in gevoelens deel beteken dus om op die REGTE TYD die REGTE HOEVEELHEID emosies te ontbloot

- POSITIEWE sowel as NEGATIEWE gevoelens behoort gedeel te word
  * Voortdurende uitdrukking van positiewe gevoelens in die huweliksverhouding is van onskatbare waarde

- Gevoelens wat moeilik is om te DEEL en te AANVAAR is
  * Onvoldoendheid
  * Verwerping
  * Neerslagtigheid
  * Minderwaardigheid
  * Skuld
  * Passiwiteit
  * Afhanklikheid
  * Hulpeloosheid

G R O E P B E S P R E K I N G

- **VERWYS** NA DIE GROEPBESPREKING OP M6.8

- **LEI** 'N GROEPBESPREKING AANGAANDE DIE VOLGENDE
  * Die effek en waarde van gevoelens deel in die huwelik
  * Elemente van gevoelens deel

- **HANTEER** DIE GROEPBESPREKING

- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

M O D E L L E R I N G

- **VERWYS** NA DIE MODELLERING OP M6.9
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Kyk na die modellering van GEVOELENS DEEL
  * Die toepassing van GEVOELENS DEEL as deel van PRAAT in huwelikskommunikasie word aan u geïllustreer
  * Let op en merk watter van die volgende maniere van BEGRYPENDE GEVOELENS DEEL SONDER WOORDE word gebruik
- **VERTOON** DIE VIDEOMODELLERING
- **TYDSDUUR** 7 MINUTE

GEVOELENS DEEL SONDER WOORDE	
AANDUIDERS	BEGRYPING
• AFSTAND	NABY
• LIGGAAMSHOUDING	LEUN EFFENS NA DIE ANDER, ONTSPANNE
• GEBARE	OOP EN VERWELKOMEND
• OOGKONTAK	KYK DIE ANDER IN DIE Oë
• AANRAKING	RAAK SAG AAN DIE ANDER
• STEMVOLUME	SAG
• GESIGSUITDURKKING	GLIMLAG EN BELANGSTELLEND


- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Bespreek en kontroleer u waarnemings in groepverband
- **HANTEER DIE BESPREKING**
- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

W O O R D E

- **MAAK** DIE GROEPLEDE ATENT OP DIE VERWYSING NA GEVOELSWOORDESKAT (BYLAAG A) OP M8.13

AKTIWITEIT: GEVOELENS DEEL DEUR WOORDE

- **VERWYS** NA DIE AKTIWITEIT: GEVOELENS DEEL DEUR WOORDE OP M6.10
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE EN HANTEER DIE UITVOERING DAARVAN**
  - * Om gevoelens te kan uitdruk, moet ons weet hoe om dit op verskillende maniere te beskryf
  - * Besluit in groepverband hoe om die onderstaande ooreenstemmende gevoelswoorde en -sinne uit te druk
- **TYDSDUUR** 5 MINUTE



INDIVIDUELE EN GROEPAKTIWITEIT

- **VERWYS** NA DIE INDIVIDUELE EN GROEPAKTIWITEIT OP M6.11 EN M6.12
- **WYS DAAROP** DAT DIE **DOEL** VAN HIERDIE AKTWITEIT IS OM DIE GELEENTHEID TE GEE OM DIE DEEL VAN GEVOELENS DEUR WOORDE TE ONTWIKKEL
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Verskillende emosies wat u in u huwelikskommunikasie mag ervaar word aangedui
  * Vir elke emosie word drie verskillende maniere van uitdrukking gegee
  * Kies en merk die meer korrekte manier van gevoelens deel
- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

VREUGDE

* Dit was nou vir jou 'n groot verrassing
* Ek het die kuiertjie by ons vriende geniet
* Na al die harde werk kry ons dit uiteindelik reg om saam te kan besluit

TROTS

* Ek is bly dat ek dit goed genoeg kan doen
* Dit gaan goed maar ek kan nog beter doen
* Ek kry dit reg om so teenoor my huweliksmaat op te tree soos wat ek dink die ideaal is

VREES

* As ek alles vergeet weet ek dit sal goed gaan
* As enigiemand hiervan hoor kan jy maar weet dis ek
* O ramp, daar is niks wat ek kan doen om dit te voorkom nie

JALOESIE

* Sy het al die dinge wat ek nooit sal kan bekostig nie
* Ek kan haar nie verdra nie, sy skinder die hele dag
* Hy kan my nie meer kere uitneem nie, omdat hy heelwat saam met sy vriende kuier

SKAAMTE

* Dit was die verkeerde ding gewees om te sê
* Almal weet 'n mens sê net nie so iets nie
* Om so iets te sê, pas net nie by my nie

ANGS

* Ek is so gespanne. Dit voel asof daar iets erg gaan gebeur
* Dit is verskriklik om so te wag vir die keurings-uitslae
* Ek is baie bekommerd oor die operasie wat voorlê

WOEDE

* Hoe harder ek probeer hoe swakker vaar ek
* Ek kan dit nie verduur om in sy geselskap te wees nie
* Ek sou my doelwit bereik het as hy nie my kanse bederf het nie

SKULD

* Ek weet ek is nie so 'n tipe mens nie
* Ek is daartoe in staat om beter as dit te doen
* Ek weet dit is verkeerd om oor iets nietig woedend te word

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Deel en kontroleer u keuses met die ander groeplede
- **HANTEER** DIE DELING EN KONTROLERING
- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

I N D I V I D U E L E E N G R O E P A K T I W I T E I T E

- **VERWYS** NA DIE INDIVIDUELE EN GROEPAKTIWITEIT OP M6.13 EN M6.14
- **WYS DAAROP** DAT DIE **DOEL** VAN HIERDIE AKTIWITEIT IS OM AAN U DIE GELEENTHEID TE GEE OM DEEL VAN GEVOELENS MET EN SONDER WOORDE TE VERBETER
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * HUWELIKSITUASIES wat u mag ervaar, word aangedui
    - Moontlike emosionele reaksies word op elke situasie gegee
  * Deel met rollespel deur woorde en sonder woorde 'n emosionele reaksie op 'n HUWELIKSITUASIE in die groep
  * Gebruik die basis van OPBOUENDE GEVOELENS DEEL

    EK VOEL ... (emosie) OMDAT ... (rede)

    - Gebruik indien verkies die rede vir emosie tussen hakies
  * Let op die manier waarop groeplede gevoelens deel
  * Bespreek en gee terugvoering aan elke lid oor die manier waarop gevoelens gedeel word
- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

HUWELIKSITUASIE 1

- U huweliksmaat dring daarop aan om hierdie keer saam te gaan om inkopies te gaan doen. U voel ...
  * Gelukkig (omdat u hulp kry)
  * Dronkgeslaan (omdat dit onverwags is)
  * Waardering (omdat daar belangstelling is in u roetinesake)
  * Ongeduldig (omdat u huweliksmaat 'n besluitlose koper is)
  * Skuldig (omdat u laaskeer die verkeerde goed gekoop het)
  * Verkleineer (omdat dit u afdeling van die huishouding is)

HUWELIKSITUASIE 2

- U huweliksmaat het die ou motor wat u van u vader se kant af gekry het ernstig beskadig. U voel ...
  * Besorg (omdat hy/sy moontlik seergekry het)
  * Bekommerd (omdat die skade heelwat mag kos)
  * Hartseer (omdat u sentimentele waarde heg aan die motor)
  * Verlig (omdat die probleme van die wrak opgelos is)
  * Kwaad (omdat daar 'n skuldige tweede party is)
  * Onseker (omdat u huweliksmaat twyfelagtig bestuur)

HUWELIKSITUASIE 3

- U huweliksmaat is verkies tot voorsitter van 'n groot woelige kultuurorganisasie. U voel ...
  * Trots (omdat daar vertroue in hom/haar is)
  * Verras (omdat u huweliksmaat so vinnig gevorder het)
  * Bang (omdat dit minder tyd saam beteken)
  * Verleë (oor die negatiewe beeld van die organisasie)
  * Afgeskeep (omdat u nou eers daarvan hoor)
  * Opgewonde (vir u huweliksmaat se part)

HUWELIKSITUASIE 4

- U huweliksmaat vergeet van u huweliksherdenkings-afspraak en reël om skoolkonsert toe te gaan. U voel ...
  * Uitgesluit (omdat u nie in ag geneem is nie)
  * Gelukkig (omdat die kinders dit sal waardeer)
  * Verslae (omdat dit nog altyd 'n spesiale alleen-aand was)
  * Spyt (omdat u so aangehou het oor die konsert)
  * Ontsteld (omdat u so uitgesien het na die aand)
  * Seergemaak (omdat dit vir u so 'n belangrike geleentheid is)

S A M E V A T T I N G

- **VERWYS** NA DIE SAMEVATTING OP M6.15

- **LEES** DIE VOLGENDE SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR


W A T W E E T U N O U ?

- WAT IS GEVOELENS DEEL
- DIE BELANGRIKHEID VAN GEVOELENS DEEL
- HOE LYK EFFEKTIEWE GEVOELENS DEEL
- DIE TOEPASSING VAN GEVOELENS DEEL

DEUR WOORDE EN NIE-WOORDE

- **MOEDIG** ENIGE VRAE AAN EN HANTEER DIT

- **TYDSDUUR** 5 MINUTE



SPESIFIEKHEID

S P E S I F I E K H E I D

- **VERWYS** NA SPESIFIEKHEID OP M6.16
- **LEES** DIT SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR

- Selfonthulling en gevoelens deel is OPBOUEND as dit SPESIFIEK gedoen word
- Om in die ALGEMEEN te praat is ONDUIDELIK en VERVELIG
  - * Byvoorbeeld: "Wees asseblief meer liefdevol"
  - * Alledaagse huweliksvoorbeelde is 'n terloopse dankie en halfhartige komplimente
- Spesifieke praat maak GERIGTE AKSIE en HUWELIKSGROEI moontlik
  - * Byvoorbeeld: "Ek wil graag hê dat jy my meer moet komplimenteer as ek iets goed doen"
- Spesifieke praat behoort gewoonlik BETREKKING te hê op USELF as huweliksmaat
  - * Begin dus altyd met die woord "Ek" wanneer u praat oor iets wat uself raak
- In spesifieke praat behoort daar OOREENSTEMMING te wees oor die MANIERE waarop u PRAAT deur
  - * Woorde en
  - * Nie-woorde

- **MOEDIG** ENIGE VRAE AAN EN HANTEER DIT
- **TYDSDUUR** 3 MINUTE

G R O E P B E S P R E K I N G

- **VERWYS** NA DIE GROEPBESPREKING OP M6.16
- **LEI** 'N GROEPBESPREKING AANGAANDE DIE VOLGENDE
  - * Die belangrikheid van spesifiekheid in huweliks-kommunikasie
- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

V O R M E V A N S P E S I F I E K H E I D

- **VERWYS** NA "VORME VAN SPESIFIEKHEID" OP M6.17
- **LEES** DIT SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR
- Spesifiekheid beteken om op 'n KONKRETE manier die SELF te ONTBLOOT en GEVOELENS te DEEL oor
  - * Ervarings
  - * Gedrag
  - * Gevoelens

ERVARINGS

- Wat GEBEUR met u in u huwelik?
- Hoe tree u huweliksmaat teenoor u op?
- Byvoorbeeld
  - * "Ek is gister deur jou gekritiseer omdat ek gereeld vergeet waarvan jy nie hou nie"

GEDRAG

- Wat DOEN u (nie) in u huwelik (nie)?
- Wat kan u (nie) in u huwelik doen (nie)?
- Byvoorbeeld
  - * "Ek vermy dit maar altyd om dit te bespreek"

GEVOELENS

- Watter EMOSIE(S) ervaar u (nie)?
- Byvoorbeeld
  - * "Ek is teleurgesteld in myself omdat ek gereeld vergeet waarvan jy nie hou nie"
  - * "Ek voel maar skrikkerig daaroor en vermy dit maar altyd om dit te bespreek"

- **MOEDIG** ENIGE VRAE AAN EN HANTEER DIT
- **TYDSDUUR** 3 MINUTE

INDIVIDUELE, EGPAAR- EN GROEPAKTIWITEIT

- **VERWYS** NA DIE INDIVIDUELE, EGPAAR- EN GROEPAKTIWITEIT OP M6.18 EN M6.19

- **WYS** DAAROP DAT DIE **DOEL** VAN HIERDIE AKTIWITEIT IS OM AAN U DIE GELEENTHEID TE GEE OM U VAARDIGHEDE OM SPESIFIEK TE PRAAT, UIT TE BREI

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Lees die volgende huwelikstellings wat onspesifiek is
  * Bespreek in groepverband voorstelle om elke stelling meer spesifiek te maak
  * Skryf die meer spesifieke stelling in die beskikbare ruimte neer

HUWELIKSTELLING 1

Elke keer as jy maar hoor is dit daardie aanhoudende agent wat bel, sê jy ek moet sê jy is by 'n vergadering. Dit hou nou al weke lank so aan. Dit is nie hoe ek jou ken nie. Ek dink hy glo my nie.

HUWELIKSTELLING 2

Ek wens daardie TV wil blaas. 'n Mens kan mos nie gelyk TV kyk en behoorlik gesels nie. Geen mens kan met die ding kompeteer vir aandag nie. In die dag is ons altwee besig en saans van vroegaand tot die vlaggie wapper, is dit sulke tyd.

- **TYDSDUUR** 6 MINUTE

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  - * Op 'n onspesifieke manier
    - Dink individueel aan 'n ervaring, gedrag of gevoel van uself in die huidige groepsituasie
    - Skryf u stelling in die beskikbare ruimte neer

ONSPESIFIEKE GROEPSTELLING

Byvoorbeeld: Ek het nie 'n idee wat om nou te doen om myself te help nie

- **TYDSDUUR** 3 MINUTE

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  - * Op 'n spesifieke manier
    - Dink individueel aan 'n ervaring, gedrag of gevoel van uself in die huidige groepsituasie
    - Skryf u stelling in die onderstaande ruimte neer

SPESIFIEKE GROEPSTELLING

Byvoorbeeld: Ek voel onseker hoe om die vaardigheid van spesifiek praat allerdaags toe te pas

- **TYDSDUUR** 3 MINUTE

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  - * Deel u bestaande spesifieke groepstelling met die groep
    - Lewer kommentaar oor hoe spesifiek elke reaksie is

- **HANTEER** DIE BESPREKING

- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

M O D E L L E R I N G

- **VERWYS** NA DIE MODELLERING OP M6.20

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Kyk na die modellering oor SPESIFIEKHEID
  * Toepassings van spesifiekheid as deel van PRAAT in huwelikskommunikasie word aan u geïllustreer
  * Skryf u aantekeninge en kommentaar neer

- **VERTOON** DIE VIDEOMODELLERING

- **TYDSDUUR** 7 MINUTE

P R I V A A T

- **VERWYS** NA "PRIVAAT" OP M6.20

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Op 'n spesifieke manier
    - Dink individueel aan twee positiewe, persoonlike gevoelens of ervarings in u huidige huweliksituasie
    - Skryf u boodskappe in die beskikbare ruimte neer

- **TYDSDUUR** 2 MINUTE

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Deel bostaande stellings met u huweliksmaat

- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

S A M E V A T T I N G


- **VERWYS** NA DIE SAMEVATTING OP M6.21
- **LEES** DIE VOLGENDE SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR

W A T W E E T U N O U ?

* WAT IS SPESIFIEKHEID
* DIE BELANGRIKHEID VAN SPESIFIEKHEID
* VORME VAN SPESIFIEKHEID
  - * ERVARINGS
  - * GEDRAG
  - * GEVOELENS
* DIE TOEPASSING VAN SPESIFIEKHEID
* HOE LYK EFFEKTIEWE SPESIFIEKHEID

-●●●-

* SELFONTHULLING * GEVOELENS DEEL * SPESIFIEKHEID



- **MOEDIG** ENIGE VRAE AAN EN HANTEER DIT
- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

O P D R A G

- **VERWYS** NA DIE OPDRAG OP M6.22 EN M6.23

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Lees die onderstaande stelling
  * Elke stelling gaan oor 'n SITUASIE wat u huweliksmaat mag ondervind
    - Vyf moontlike reaksies op u huweliksmaat se boodskappe word gegee
  * Toon aan watter van die vyf moontlike reaksies die beste by u pas

- **LAAT** DIE GROEPLEDE DIE OPDRAG VOLTOOI VOOR DIE AANVANG VAN MODULE 7

SITUASIE 1

"Onse aarde, dit is 'n saak van onmoontlikheid. Kyk net hoe gaan dit. Die kinders raas en skreeu. Hulle wil nie luister as ek met hulle praat nie. Intussen moes ek nog die foon antwoord en nou kook die vervlakste melk ook nog oor. Ek kan maar vergeet om die kinders betyds by die skool te kry."

* Jy moet leer hoe om die kinders vas te vat

* Wie bel jou nou die tyd van die oggend

* Toemaar, daar is nog tyd. 'n Mens raak maar paniekerig as dinge so dol gaan

* Jou senuweeagtigheid is 'n gebrek aan selfvertroue as moeder

* Lyk my dit gaan 'n bietjie rof met jou. Eers kinders, toe die foon en nou nog die melk ook

SITUASIE 2

"Dinge gaan heelwat beter by die huis. By die werk is dit nog dieselfde. Dit het nie eintlik verander nie, want die gewone werkprobleme sal daar maar altyd wees. Dit raak my deesdae nie so erg nie. Die belangrikste verandering is by die huis waar dit saak maak. Ek dink die groot rede daarvoor is my besluit om van my kant af te verander"

1. Wat bedoel jy as jy sê dat dinge by die huis heelwat beter gaan?

2. Ek dink die rede waarom jy voorheen so vasgeskop het teen verandering, was 'n diep vrees om seer te kry

3. So jy voel redelik tevrede met die verloop van veral sake by die huis en die aandeel van jou besluit in die verandering

4. Kom ons kyk na die mooi en positiewe dinge wat tot nou toe gebeur het. Jy moet daarop voortbou en verbeter

5. Ja, om goeie besluite te kan neem is 'n groot deel van die lewenskuns

G R O E P P R O S E S : S P E S I F I E K

- **LEES DIE VOLGENDE AS VOORBEREIDING TOT DIE GROEPHANTERING GEDURENDE MODULE 7**

- Hierdie module val meer spesifiek saam met 'n groep-ontwikkelingsfase en VERBONDENHEID (Berg en Landreth, 1980)

- Die fase van TOENEMENDE PERSOONLIKE EFFEKTIWITEIT sien as volg daaruit

  * Gevoelsontwikkeling en gedagtedeling kom meer vrylik voor

  * Verhoogde gewilligheid tot kompromie in groepverband

  * Verhoogde vlakke van respek en meerdere self-verantwoordelikheid en selfverantwoording

  * Hierdie is die mees produktiewe fase in die proses van groepontwikkeling

  * Die groepidentiteit en groepinterafhanklikheid wat figureer, het die volgende tot gevolg

    - Verhoogde insig en bewustheid van die self en selfoutonomie wat selfkonfrontasie, selfevaluasie en wedersydse versorgende intimiteit fasiliteer

MODULE 7

GESELS

M O D U L E B E P L A N N I N G

- **VERWELKOM** DIE GROEPLEDE

- **VERWYS** NA MODULE 7 SE BEPLANNING OP M7.1

- **LEES** DIE MODULEBEPLANNING SAAM MET DIE GROEP

- **TYDSDUUR** 3 MINUTE

M O D U L E 7

DOEL

- WAT IS
- HOE LYK
- FOUTE VAN
- DIE TOEPASSING VAN
- DIE BELANGRIKHEID VAN

* EMPATIES GESELS


* VERSKILLE

WERKSWYSE

- VOORSTUDIEMATERIAAL
- MODELLERING
- AKTIWITEITE
- GROEPGESPREKKE

TERUGVOER

- SAMEVATTING
- GROEPEVALUERING
- INSETTE DEUR DIE GROEPLEIER



EMPATIES GESELS

VOORBEREIDING VIR VERSKILLE OPLOS

- **VERWYS** NA "VOORBEREIDING VIR VERSKILLE OPLOS" OP M7.19
- **LEES** DIT SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR
- **MOEDIG** ENIGE VRAE AAN EN HANTEER DIT
- **TYDSDUUR** 2 MINUTE

ERNS OF DRINGENDHEID	Hoeveel ONGEMAK veroorsaak dit? Hoe GEREELD kom dit voor? Hoe BEHEERBAAR is dit?
BELANGRIKHEID	Is dit BELANGRIK GENOEG om te HANTEER? BESPREEK?
TYDSBEREKENING	Kan dit GEKONTROLEER word ONDER OMSTANDIGHEDE?
KANSE OP SUKSES	Kan 'n mens daarmee BEGIN met MOONTLIK sukses?
KOMPLEKSITIET	Is hierdie 'n GEÏSOLEERDE PROBLEEM? Of is dit 'n HANTEERBARE GEDEELTE van 'n GROTER probleem?
KONTROLE	Is die probleem ONDER die huweliksmaat se BEHEER?
KOSTE EFFEKTIWITEIT	Is dit die TYD en die MOEITE WERD?

MODELLERING

- **VERWYS** NA DIE MODELLERING OP M7.19
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Kyk na die modellering oor VERSKILLE
  * Toepassings van VERSKILLE oplos in huweliks-kommunikasie word aan u geïllustreer
  * Let op na die opeenvolgende verskillende stappe in die proses van VERSKILLE OPLOS
- **VERTOON** DIE VIDEOMODELLERING
- **TYDSDUUR** 8 MINUTE

M O D E L L E R I N G

- **VERWYS** NA DIE MODELLERING OP M7.2
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Kyk na die modellering oor EMPATIES GESELS
  * Toepassings van EMPATIES GESELS as deel van huwelikskommunikasie word aan u geïllustreer
- **VERTOON** DIE VIDEOMODELLERING
- **TYDSDUUR** 7 MINUTE

O N D E R D E L E V A N E M P A T I E S E H U W E L I K G E S E L S

- **VERWYS** NA "ONDERDELE VAN EMPATIESE HUWELIKGESELS"
- **LEES** DIT SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR
- **TYDSDUUR** 1 MINUUT

- 'n HUWELIKSPAAR in enige ONTWIKKELINGSTADIUM
- Ooreenstemmende HUWELIKSWAARDES
- Wedersydse begrypende HOUDINGS
- Begrypende PRAAT
  * Selfonthulling
  * Gevoelens deel
  * Spesifiekheid
- Begrypende LUISTER

EMPATIE = BEGRYPENDE WEDERSYDSE LUISTER EN PRAAT

1 2

F O U T E V A N E M P A T I E S G E S E L S

- **VERWYS** NA "FOUTE VAN EMPATIES GESELS" OP M7.3
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Bespreek in groepverband tipiese huweliksvoorbeelde van die volgende
  * Let op watter EMPATIESE foute u soms in u huwelik maak
- **HANTEER** DIE GROEPBESPREKING EN ENIGE VRAE
- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

PRAATFOUTE

* Te veel of te min praat
* Slegs raad gee aan u huweliksmaat
* Etikette aan die ander gee
* Uit woede praat en optree
* Veralgemenings gebruik
* Stil bly oor dinge wat pla
* Sarkasties is
* Die onderwerp sonder meer verander
* Vae en onduidelike terme gebruik
* Dreigemente uitdeel

LUISTERFOUTE

* Glad nie of sleg luister
* Ignoreer u huweliksmaat se gevoelens en ervarings
* Dink antwoorde uit terwyl die ander nog praat
* Konsentreer op eie behoeftes en doelwitte
* Sien u huweliksmaat as minder belangrik
* Maak afleidings vanaf onvolledige boodskappe

PRAAT- EN LUISTERFOUTE

* Praat namens u huweliksmaat
* Vra verskoning vir u menswees
* Eie opinies en sieninge laat oorheers in u huwelik
* Bevele en opdragte gee
* Ignoreer probleemsituasies en verskille

E M P A T I E S G E S E L S : L U I S T E R

- **VERWYS** NA EMPATIES GESELS: LUISTER OP M7.4
- **LEES** DIT SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR
- **MOEDIG** ENIGE VRAE AAN EN HANTEER DIT
- **TYDSDUUR** 4 MINUTE

- STEL VAS watter EMOSIE en REDE daarvoor
  - * Ervaar [u huweliksmaat]
  - * Probeer [u huweliksmaat] oordra
- PLAAS uself in u huweliksmaat se plek
- GEE AANDAG aan u huweliksmaat se ligaamshouding, gesigsuitdrukking, gebare en stemtoon
- LUISTER NA die WOORDE wat u huweliksmaat gebruik
- LET OP u eie WOORDE en NIE-WOORDE
  - * Dit behoort begrypend en aanvaardend te wees
- As u TWYFEL wat die ander VOEL of BEDOEL
  - * Wees eerder eerlik en vra
- DINK versigtig om presies seker te maak wat u huweliksmaat se boodskap is voordat u antwoord

W O O R D E

- MAAK DIE GROEPLEDE ATTENT OP DIE VERWYSING NA GEVOELSWOORDESKAT (BYLAAG A, M8.13) OP M7.4

E M P A T I E S G E S E L S : P R A A T



- **VERWYS** NA EMPATIES GESELS: PRAAT OP M7.5
- **LEES** DIT SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR
- **MOEDIG** ENIGE VRAE AAN EN HANTEER DIT
- **TYDSDUUR** 3 MINUTE

- Sê AAN u huweliksmaat wat u by hom/haar SIEN OF HOOR
- GEBRUIK die volgende BASIESE FORMULE van

JY VOEL ... OMDAT ...

  * "JY VOEL" is die regte familie-gevoelens van die regte intensiteit
  * "OMDAT" is die ervarings en/of gedrag wat die gevoelens veroorsaak

- Die manier waarop u WOORDE en NIE-WOORDE gebruik behoort BY MEKAAR TE PAS
  * Byvoorbeeld klink bly as u praat oor opgewondenheid
- REAGEER GEREELD om SEKER te MAAK dat u REG VERSTAAN
- GEE SPESIFIEKE, DUIDELIKE maar AKKURATE antwoorde
- GEE u huweliksmaat KANS om u REG te HELP as u nie heeltemal volledig verstaan nie

G R O E P B E S P R E K I N G

- **VERWYS** NA DIE GROEPBESPREKING OP M7.5
- **LEI** 'N GROEPBESPREKING AANGAANDE DIE VOLGENDE
  * Die belangrikheid van empatiese egpaarkommunikasie
- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

INDIVIDUELE EN EGPAARAKTIWITEIT

- **VERWYS** NA DIE INDIVIDUELE EN EGPAARAKTIWITEIT OP M7.6 M7.7 EN M7.8
- **WYS DAAROP** DAT DIE **DOEL** VAN HIERDIE AKTIWITEIT IS OM AAN U DIE GELEENTHEID TE GEE OM U EMPATIESE GESELS-VAARDIGHEDE TE ONTWIKKEL
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Lees aandagtig deur elk van die onderstaande STELLINGS
    - Na elke stelling word die volgende voorsien
      · Die moontlike gevoelens wat ervaar word
      · Moontlike redes vir die gevoelens
  * Besluit individueel en kontroleer in groepverband
    - Watter gevoelswoorde op 'n begrypende manier die huweliksmaat se emosie in elke STELLING die beste beskryf
    - Watter begrypende rede die oorsaak is vir u huweliksmaat se emosie in elke STELLING
- **TYDSDUUR** 12 MINUTE

STELLING 1

"Doen jy wat jy dink is reg. Dit help tog nie as ek jou sê wat ek wil hê nie. Die laaste keer toe ek daaroor besluit het, was dit 'n mislukking gewees. Hoe ek dinge sien is nie veel werd nie."

- Hierdie huweliksmaat **VOEL** ...
  * Lusteloos * Nutteloos * Bang
  * Verveeld * Geïgnoreer * Aggressief
- Hierdie huweliksmaat VOEL so **OMDAT** hy/sy ...
  * Nie weet wat verlede keer verkeerd gegaan het nie
  * Probeer om die waarheid te vermy
  * Voorheen nie goeie besluite geneem het nie
  * Verstaanbaar reageer onder sulke omstandighede
  * Waarskynlik nie genoeg mense raad gevra het nie

SITUASIE 2

"Die enigste tyd en plek wanneer jy toenadering soek is in die aande in die slaapkamer. Dit lyk vir my sommer soos 'n eenvertrek affêre. Wat van 'n spesiale afspraak so af en toe op 'n spesiale tyd wat in 'n spesiale plek eindig?"

- Hierdie huweliksmaat **VOEL** ...
  - * Gewoon
  - * Ongemaklik
  - * Strydlustig
  - * Eroties
  - * Vasgedruk
  - * Ontevrede
- Hierdie huweliksmaat VOEL so **OMDAT** hy/sy ...
  - * Onrealistiese verwagtinge het
  - * Te veel roetine in toenadering soek, ervaar
  - * Nie seker is wat met "spesiaal" bedoel word nie
  - * Weet dat te veel roetine altyd nadelig is
  - * Iemand is wat graag met dinge eksperimenteer

SITUASIE 3

"Daar is hierdie maand meer rekeninge in die pos as wat daar geld in my salaristjek is. As dit so aangaan weet ek nie wat ons gaan doen nie. Ons het ons uitgawes al tot op die been gesny en nog steeds lyk dit of daar geen uitkoms is nie."

- Hierdie huweliksmaat **VOEL** ...
  - * Misbruik
  - * Afgesonder
  - * Spyt
  - * Onbelangrik
  - * Geruïneer
  - * Besorgd
- Hierdie huweliksmaat VOEL so **OMDAT** hy/sy ...
  - * Verkeerd te werk gaan om die saak op te los
  - * Behoefte aan sekuriteit bedreig word

* Meeste mense deesdae so voel oor geldsake
* Uitgawes "sny" baie verskillende dinge mag beteken
* Finansiële probleme ondervind

SITUASIE 4

"Om te vergewe en te vergeet is makliker gesê as gedoen. Ek is een van daardie mense wat net nie kan nie. Ek is te diep seergemaak. Die skade is onherstelbaar. Gewone mense soos ek kan hulle nie soos heiliges gedra nie."

- Hierdie huweliksmaat **VOEL** ...
  - * Magteloos * Sondig * Skuldig
  - * Onthuts * Skiet tekort * Ontoereikend
- Hierdie huweliksmaat VOEL so **OMDAT** hy/sy ...
  - * Te eensydig en aggressief reageer
  - * Ook maar net mens is
  - * Vertroue in die medemens diep geskok is
  - * Nie duidelikheid het wat die "skade" is nie
  - * Dit moeilik is om te vergewe en te vergeet

G R O E P B E S P R E K I N G

- **VERWYS** NA DIE GROEPBESPREKING OP M7.8
- **LEI** 'N GROEPBESPREKING AANGAANDE DIE VOLGENDE
  - * Wat empatiese kommunikasie vir u huwelik mag beteken
- **HANTEER** DIE GROEPBESPREKING
- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

P O R T E R S K A L E

- **VERWYS** NA DIE OPDRAG OP M7.9, M7.10 EN M7.11

- **WYS DAAROP** DAT HIERDIE AKTWITEIT DAAROP GEMIK IS OM DIE GROEPLEDE SE METODE VAN KOMMUNIKASIE TE IDENTIFISEER

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Lees individueel die onderstaande STELLINGS
    - Elke stelling hou verband met die een of ander aspek van 'n situasie waarin die huweliksmaat hom/haar bevind
    - Geen ander inligting oor die persoon of die verdere verloop van die gesprek word beskikbaar gestel nie
    - Na elke STELLING is daar vyf moontlike MANIERE waarop u mag reageer
  * Toon aan watter een van die vyf moontlikhede u verkies
    - Trek 'n kring om die nommer van daardie respons wat u as die mees toepaslike beskou

- **TYDSDUUR** 12 MINUTE

STELLING 1

"Ek het soveel moeite gedoen om my netjies aan te trek. En jy sien dit nie eers raak nie. Ek het spesiaal hierdie keer probeer om te doen soos jy daarvan hou, maar alles verniet. Ek kan dit net sowel gelos het."

1. Jy doen ook maar net jou beste
2. Jy voel teleurgesteld met my reaksie op jou spesiale probeerslag om mooi aan te trek
3. Jy wonder of ek jou nog waardeer
4. Wanneer het ek gesê waarvan ek hou of nie?
5. Jy trek jou te veel dinge aan

STELLING 2

"Hulle praat toe van hierdie persoon wat hulle so goed behandel en gehelp het. Naderhand kom ek toe agter dit is jy waarvan daar gepraat word. Ek sê toe liewer niks. Dit was lekker gewees om sulke mooi dinge te hoor "

1. Plaas daarvan dat jy hulle reghelp om hulle die verleentheid te spaar
2. Wat het hulle gesê?
3. Dit is vir jou belangrik om te weet dat ander mense van my hou
4. So jy's trots daarop dat die ander mense sulke mooi dinge oor my te sê gehad het
5. Dit is altyd lekker om iets mooi te hoor van iemand naby aan jou

STELLING 3

"Dit is nou iets baie spesiaal op 'n mooi dag. Dis pragtig. Ek waardeer dit baie. Dit is al so lank dat ek so iets begeer. Ek kan nie wag om dit te gebruik nie. Dit is nou net wat ek nodig gehad het "

1. Mooi dinge maak die lewe vir jou mooier
2. So jy hou baie van dit wat ek vir jou gegee het en waardeer dit
3. Onthou jy toe ons dit die eerste keer saam gesien het. Wanneer was dit nou weer?
4. Ja, dis darem maar lekker om op so 'n dag bederf te word
5. Dis ook net sulke dinge wat jou gelukkig kan maak

STELLING 4

"Sy het die hele oggend hier by my gesit en gesels en ek kon niks gedoen kry nie. Dit help ook nie ek sê iets nie want volgende week is dit maar weer dieselfde storie. Sy het soveel dinge wat haar pla maar nou is ek agter."

1. Wat moes jy alles gedoen het?
2. Jy gee haar seker die idee dat jy dit geniet
3. Jy het probleme om jouself te laat geld
4. Jy's gefrustreerd omdat sy maak dat jy nie dit gedoen kry wat jy moet doen nie
5. 'n Mens voel jammer vir haar en dan is dit wanneer sulke dinge gebeur

STELLING 5

"Dit is die eerste woord wat jy my hiervan sê. Sover dit my aangaan sou ons dit nog steeds gedoen het. As jy sulke dinge vroegtydig vir my sê kan ek my reëlings maklik verander en behoorlik haarfyn beplan."

1. Dit is te verstane dat hy so sal voel
2. Hoe lank voor die tyd is genoeg vir jou?
3. Jy is ontevrede omdat ek jou nie betyds gesê het nie
4. Jy hou daarvan om presies te beplan
5. Jy's onredelik. Ek's maar net 'n mens

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Deel en bespreek u reaksies in groepverband
- **HANTEER** DIE DELING EN BESPREKING
- **TYDSDUUR** 8 MINUTE

-●●●-

- **LAAT** DIE GROEP HIERDIE OPDRAG (M7.9 TOT M7.11) UIT DIE WERKBOEK VERWYDER EN INHANDIG

C A R K H U F F S K A L E

- **VERWYS** NA DIE OPDRAG OP M7.12, M7.13 EN M7.14
- **WYS DAAROP** DAT HIERDIE AKTIWITEIT DAAROP GEMIK IS OM GROEPLEDE SE METODE VAN KOMMUNIKASIE TE IDENTIFISEER
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Kyk na die STELLINGS op die videoband
    - Elke stelling hou verband met die een of ander aspek van 'n situasie waarin die huweliksmaat hom/haar bevind
    - Geen ander inligting oor die persoon of die verdere verloop van die gesprek word beskikbaar gestel nie
  * Reageer op elke stelling
  * Skryf u reaksies in die beskikbare ruimte neer
- **TYDSDUUR** 20 MINUTE

STELLING 1

"Ek spreek vanaand die vergadering toe. Dis 'n moeilike klomp mense. Maar ek het hulle ondersteuning nodig. Ek is skoon bewerig as ek dink aan wat vir my voorlê."

STELLING 2

"Kyk hier! Ek het gewen! Dis wonderlik! Soveel geld! Ek kan dit nie glo nie! Ek het dit glad nie verwag nie! Ek skryf nou al twee jaar lank elke maand in. En nou skielik dit! Wat 'n verrassing!"

STELLING 3

"Jy het gisteraand die hele tyd gehad om my te vra. Ek is op pad werk toe en nog laat ook daarby. Ek kan nie verstaan hoekom jy my nie vroegtydig gevra het om daarna te kyk nie."

STELLING 4

"Ek het die hele oggend voor die stoof gestaan. Ek het spesiaal dit gemaak waarvan julle hou. Julle storm in, eet vinnig klaar en sê nie eers dankie nie. Kla ook net oor die sous wat koud is "

STELLING 5

"Dis nou vir jou 'n man so na my hart. Ek het geweet jy kon dit doen, maar dit is nog beter as wat ek verwag het. Dis baie goed. Jy verdien so 'n beloning na al jou harde werk "

STELLING 6

"Ek kry elke keer die skuld vir die moeilikheid tussen jou en die kinders. Ek is altyd in die middel. Jy kla by my oor hulle. Hulle kla by my oor jou. Ek wens ek kan daaruit kom "

STELLING 7

"Elke keer as jy ongelukkig is oor iets trek jy terug en sê jy niks. Ek weet nie wat om te doen nie want ek weet nie wat jy wil hê nie. As jy vir my sê kan ek iets daaraan doen "

STELLING 8

"Ek moes haar nooit toegelaat het om alleen te gaan nie. Ek moes van beter geweet het. Ek leer ook nooit my les nie. Dit is asof ek die ongeluk veroorsaak het, nie daardie ander man nie "

STELLING 9

"Ek het dit nie gekry nie. Ek het al my hoop daarop gebou en ek het geglo dit sal goed gaan. Ek verstaan nie hoe dit werk nie. Nou is al ons mooi planne daarmee heen "

STELLING 10

"Dit is vir my so 'n mooi oomblik. Alles so perfek. Ons twee saam alleen - goeie geselskap. 'n Mooi plekkie met 'n warm atmosfeer, 'n kers, lekker kos en goeie wyn ..."

E G P A A R A K T I W I T E I T

- **VERWYS** NA DIE EGPAARAKTIWITEIT OP M7.15
- **WYS DAAROP** DAT DIE **DOEL** VAN HIERDIE AKTIWITEIT IS OM AAN U DIE GELEENTHEID TE GÈE OM U EMPATIESE GESELS-VAARDIGHEDE IN U HUWELIKSVERHOUDING TOE TE PAS
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Stel op 'n empatiese wyse boodskappe op wat slegs vir u huweliksmaat se ore bedoel is
    - Elke boodskap gaan oor 'n onderwerp in die areas van u huwelik wat aangedui word
    - Skryf u boodskap in die onderstaande ruimte neer
- **TYDSDUUR** 8 MINUTE

OUERSKAP	----------
HUWELIKSROLLE	----------
GESAMENTLIKE WAARDES	----------
GELDSAKE	----------

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Deel u boodskap in egpaarverband aan u huweliksmaat deur

EMPATIESE
- * PRAAT
- * LUISTER
- * GESELS

- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

O P D R A G

- **VERWYS** NA DIE OPDRAG OP M7.16
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Hoe reageer u as daar 'n haakplek in u huweliksverhouding is
  * Merk die wat op u van toepassing is
- **LAAT** DIE GROEPLEDE DIE OPDRAG VOLTOOI VOOR DIE AANVANG VAN VERSKILLE

	"Ek kan nie daarvoor help nie, dit is nou eenmaal soos ek gemaak en laat staan is "
	"Gaan aan. Ek gee nie om wat jy doen nie "
	U sê liewers niks en wag tot dit vanself regkom
	"Dit is altyd jy wat begin en my uitlok "
	"Van alle kante af gesien is daar dan maar net een uitweg om dit op te los "
	"Jy gedra jou kinderagtig. Word 'n slag groot "
	U stort 'n paar trane
	"Jy's altyd so 'n wonderlike mense om my tegemoet te kom "
	U handhaaf 'n "Hoe-kan-jy-tog-so-naïef-wees" houding
	U kan u maar net nie self laat geld nie



VERSKILLE

V E R S K I L L E

- **VERWYS** NA VERSKILLE OP M7.17
- **LEES** DIT SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR
- **MOEDIG** ENIGE VRAE AAN EN HANTEER DIT
- **TYDSDUUR** 2 MINUTE

- VERSKILLE en die gevolglike KONFLIK:
  - * Kom voor deur die hele lewensloop van die huwelik
  - * Is normaal en onvermydelik
- ONOPGELOSDE verskille bedreig huweliksontwikkeling en -bevrediging
- KONFLIK het waardevolle GROEIMOONTLIKHEDE vir die huwelik waar dit:
  - Oplossings van verhoudingsverskille beklemtoon
  - Ontwikkelende groei aanmoedig
  - Motivering om verskille te hanteer aanmoedig
  - Belangstelling in die huwelik(smaat) stimuleer
  - Besluite meer deurdag maak weens aanvanklike verskille
  - Daaglikse huweliksirritasies word verminder
  - Selfbegrip en selfkennis van die huweliksmaats aanmoedig
- OPGELOSDE verskille en konflik mag OPBOUEND van aard wees
- Huweliksgroei word BEVORDER deur die TOEPASSING van enkele BEGINSELS VAN VERSKILLE OPLOS

P R O B L E M E V A N V E R S K I L L E B E N A D E R

- VERWYS NA "PROBLEME VAN VERSKILLE BENADER" OP M7.18
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Vergelyk u antwoord in OPDRAG (M7.16) met die volgende
- TYDSDUUR 5 MINUTE

GLADPRAAT

- OPENLIKE VLEIERY met BYBEDOELINGS

REDENERING

- LOGIESE REDENASIES word OORWELDIGEND gebruik om redenasies te WEERLê en AF TE DWING

HULPELOOSHEID

- Maak VERSKONING dat SITUASIES BUITE BEHEER lê

OPKROPPING

- Mindere VERSKILLE word OPGEGAAR ("ly in stilte") totdat dit GENOEG is vir 'n UITBARSTING

LYDING

- HERINNER die huweliksmaat gedurig aan PYN en LYDING wat hy/sy veroorsaak om sy/haar GEDRAG te VERANDER

BLAMERING

- Die huweliksmaat KRY die SKULD vir ALLE wedersydse VERSKILLE

STILSTUIPE

- 'n LUIDE STILTE heers. Die huweliksmaat moet raai wat's fout

KRITISERING EN BESPOTTING

- Die huweliksmaat se BEKENDE TEKORTKOMINGE word UITGEBUIT

SELFVERKLEINERING

- TAKEL die SELF AF sonder om dit te BEDOEL

S T A P P E V A N V E R S K I L L E O P L O S

- **VERWYS** NA DIE "STAPPE VAN VERSKILLE OPLOS" OP M7.20 M7.21, M7.22 EN M7.23
- **LEES** DIT SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR
- **MOEDIG** ENIGE VRAE AAN EN HANTEER DIT
- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

- VERSKILLE OPLOS behels die volgende sewe STAPPE

1 KOM BYMEKAAR
2 BEPAAL DIE PROBLEEM
3 LYS ALLE OPLOSSINGS
4 BEOORDEEL DIE OPLOSSINGS
5 KIES DIE REGTE OPLOSSING
6 VOER DIE OPLOSSINGS UIT
7 TERUGVOER

- Die TOEPASSING van hierdie stappe VERG SELFDISSIPLINE, OEFENING en HARDE WERK

KOM BYMEKAAR

- KIES die regte TYD en PLEK
- HANTEER verkieslik probleme DADELIK indien gepas
  * Indien nie gepas
    - Neem inisiatief so gou as moontlik
    - Vermy onnodige onderbrekings met belangrike sake
- AANVULLENDE VAARDIGHEDE
  - "Gesels uitstel"
  - Sien Bylaag B (M8.14)

BEPAAL DIE PROBLEEM

- ELKE huweliksmaat STEL 'n kant van die SAAK

  * Betoon empatie, respek en opregtheid

  * Praat reguit
    - Deel gevoelens en ervaring oor die self spesifiek

  * Luister begrypend

- HOU AAN met die onderwerp totdat die PROBLEEM DUIDELIK en SPESIFIEK is

  * Berei indien nodig vooraf 'n lys voor

- AANVULLENDE VAARDIGHEDE (Sien BYLAAG B)

  - "Gesamentlike onderwerpe" (M8.14)

  - "Oop vrae" (M8.15)

  - "Direkte vrae" (M8.15)

  - "Terugvoer vra" (M8.15)

  - "Vra vir spesifieke kritiek" (M8.16)

  - "Saamstem met 'n deel van die kritiek" (M8.18)

LYS DIE OPLOSSINGS

- Op GROND van die VRAAGSTUKKE GEÏDENTIFISEER
  - * Maak 'n lys van alle moontlike oplossings
    - Al klink dit hoe onmoontlik
- AANVULLENDE VAARDIGHEID
  - * "Ek wil jy wil stelling"
  - * Sien Bylaag B (M8.18)

BEOORDEEL DIE OPLOSSINGS

- BESLUIT hoe goed elke oplossing SAL WERK
  - * Gebruik alle beskikbare inligting
  - * Kyk na die gevolge vir altwee
- BESLUIT op 'n PLAN van AKSIE wat die BESTE KANS het om te SLAAG

KIES DIE BESTE OPLOSSINGS

- NEEM u VOOR om 'n OPLOSSING te GEBRUIK wat
  - * Beide huweliksmaats se behoeftes die beste bevredig of
  - * Voorsien in die behoeftes van die huweliksmaat wat die slegste voel

- So 'n KEUSE mag heelwat ONDERHANDELING noodsaak
- OPLOSSINGS kan BEREIK word DEURDAT
  * Altwee huweliksmaats tot 'n ooreenkoms kom
  * Die een toegee (met of sonder om te verloor)
- AANVULLENDE VAARDIGHEDE (SIEN BYLAAG B)
  - "Onderhandeling" (M8.19)
  - "Voornemens" (M8.19)

VOER DIE OPLOSSINGS UIT

- BESLUIT WIE WAT WAAR en WANNEER sal doen
- SKRYF indien nodig die spesifikasies in akkoordboek NEER wat ALBEI ONDERTEKEN

TERUGVOER

- BESPREEK hoe GOED die oplossing WERK
- Indien ALTWEE van u NIE TEVREDE is nie
  * Herhaal die proses deur weer by die eerste stap te begin

INDIVIDUELE, EGPAAR- EN GROEPAKTIWITEIT

- **VERWYS** NA DIE INDIVIDUELE, EGPAAR- EN GROEPAKTIWITEIT OP M7.24 EN M.7.25

- **WYS DAAROP** DAT DIE **DOEL** VAN HIERDIE AKTIWITEIT IS OM AAN U DIE GELEENTHEID TE GEE OM U PROBLEEMONTWIKKELINGSVAARDIGHEDE TE ONTWIKKEL

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Dink individueel aan drie onderwerpe in u rol as ouers waaroor u en u huweliksmaat nie altyd saamstem nie
  * Skryf die onderwerpe in die beskikbare ruimte neer

- **TYDSDUUR** 4 MINUTE

-●●●-

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Besluit saam met u huweliksmaat op twee gesamentlike verskille wat u sou oplos
    - Gebruik die beginsels van "Onderhandeling"
    - Skryf die verskilpunte in die beskikbare ruimte neer

- **TYDSDUUR** 4 MINUTE

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  - * Los die verskilpunte in egpaarverband op
    - Gebruik die sewe stappe van verskille oplos (M7.20)
    - Merk u vordering volgens elke stap op die onderstaande kaart met 'n regmerkie
    - Teken enige probleme wat u mag ervaar in die beskikbare ruimtes aan

- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

KAART	
STAPPE	VOLTOOI
1. KOM BYMEKAAR	
2. BEPAAL DIE PROBLEEM	
3. LYS ALLE OPLOSSINGS	
4. BEOORDEEL DIE OPLOSSINGS	
5. KIES DIE REGTE OPLOSSING	
6. VOER DIE OPLOSSINGS UIT	
7. TERUGVOER	

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  - * Deel u probleme met die toepassing van verskille oplos in groepverband
  - * Bespreek in groepverband hierdie probleme volgens die proses van verskille oplos

- **HANTEER** DIE DELING EN BESPREKING

- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

S A M E V A T T I N G

- **VERWYS** NA DIE SAMEVATTING OP M7.26

- **LEES** DIE VOLGENDE SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR

W A T W E E T U N O U ?

- DAT VERSKILLE NORMAAL EN SELFS NODIG IS
- FOUTE IN BENADERINGS TOT VERSKILLE
- DIE UITSOEK VAN VRAAGSTUKKE VIR OPLOSSINGS
- HOE LYK DIE EFFEKTIEWE OPLOSSINGS VAN VERSKILLE
- WAT IS DIE STAPPE VAN VERSKILLE OPLOS
- DIE TOEPASSING VAN DIE STAPPE VAN VERSKILLE OPLOS

- **MOEDIG** ENIGE VRAE AAN EN HANTEER DIT

- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

G R O E P P R O S E S : A L G E M E E N

- **LEES DIE VOLGENDE AS ORIëNTASIE TOT DIE GROEPHANTERING GEDURENDE MODULE 8**

- Hierdie modules val in geheel saam met die algemene AFRONDINGSFASE (Cissna, 1984; Shapiro, 1978 en Williamson, 1982) van die groepontwikkelingsproses

- Die afrondingsfase dien grootliks as stabilisasiefase

- Die ontwikkeling van hierdie groepfase omvat opeenvolgend onder meer die volgende

  * 'n Groeiende belangstelling in en waardering vir groepproses

  * 'n Besef van vermeerdere selfkennis en begrip

  * 'n Steeds toenemende openhartigheid en gewilligheid om geken te wees

  * 'n Toereikendheidsgevoel en begrip teenoor andere

  * 'n Bewustheid van die belangrikheid van vaardigheidsvormende ervarings

- Belangrike aspekte van die afrondingsfase is konsolidering en veralgemening, asook bewusmaking van die groepproses en inhoud. Groepsafsluiting behoort dus duidelik, geleidelik en bevredigend te geskied, wat 'n voortgesette groeibewustheid en -bereidwilligheid stimuleer

G R O E P P R O S E S : S P E S I F I E K

- **LEES DIE VOLGENDE AS VOORBEREDING TOT DIE GROEPHANTERING GEDURENDE MODULE 8**

- Hierdie module val meer spesifiek saam met die gesinsontwikkelingsfase van VOORBEREIDING VIR GROEPVERLATING (Berg en Landreth, 1980)


- Die fase van VOORBEREIDING VIR GROEPVERLATING sien as volg daaruit

  * Die unieke effekte van die groepproses veroorsaak 'n hoogtepunt wat uiteenlopende skeidingsreaksies by groeplede mag veroorsaak, byvoorbeeld angs, ontkenning, onttrekking asook uitgelatenheid

    - Negatiewe reaksies oor die uitbeweeg uit die groep behoort hanteer te word

    - Positiewe reaksies van voltooiing en optimisme behoort die oorwegende reaksie te wees

MODULE 8



VORENTOE PAD

I N L E I D I N G

- **VERSKAF** RIGLYNE WAARVOLGENS HUWELIKSMAATS HULLE HUIDIGE HUWELIKSITUASIE KAN EVALUEER

- **VERWYS** NA DIE MEERDERE POSITIEWE ERVARINGS VAN WELWILLENDHEID, GELUK EN KAMERAADSKAP WAT OP HIERDIE STADIUM TUSSEN EGPAARLEDE BEHOORT TE BESTAAN
  * In die afwesigheid van sodanige ervarings, die moontlike bestaan van buitengewone omstandighede, soos persoonlike, vehoudings- en gesinsprobleme wat normale huweliksgroei mag belemmer. Onder sodanige omstandighede behoort daar van professionele sielkundige hulpverlening gebruik gemaak te word

- **VERWYS** NA DIE TOENAME IN BEWUSTHEID EN VAARDIGHEDE WAT MAG BESTAAN TEN OPSIGTE VAN KERNASPEKTE VAN EFFEKTIEWE HUWELIKSINTERAKSIE INSLUITENDE
  * Waardes
  * Houdings
  * Kommunikasievaardighede

- **WYS OP** DIE STEEDS BESTAANDE LEEMTE WAT BETREF SPANWERK EN BEPLANNING IN DIE HUWELIK AS ESSENSIëLE DEEL VAN EFFEKTIEWE BEVREDIGENDE EGPAARVERHOUDINGSONTWIKKELING

- **TYDSDUUR** 8 MINUTE

M O D U L E B E P L A N N I N G

- **VERWYS** NA MODULE 8 SE BEPLANNING OP M8.1

- **LEES** DIE MODULEBEPLANNING SAAM MET DIE GROEP EN MOTIVEER DIT

- **TYDSDUUR** 4 MINUTE

M O D U L E 8

DOEL

- WAT ASPEKTE VAN U HUWELIKSVERHOUDING BETREF, U HELP OM TE BESLUIT

  * WAT U IDEAAL IS

  * WAAR U NOU STAAN

  * OM U IDEAAL TE BEREIK

WERKSWYSE

- VOORSTUDIEMATERIAAL
- EGPAARAKTIWITEITE
- GROEPBESPREKING
- KONTAK

TERUGVOER

- 'N OPVOLGSESSIE
- DIE KWALITEIT VAN U TOEKOMSTIGE HUWELIKSVERHOUDING

S U K S E S - H U W E L I K S B E E L D

- **VERWYS** NA DIE "SUKSES-HUWELIKSBEELD" OP M8.2
- **WYS OP** DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE BESKOUING VAN 'N IDEALE SUKSESVOLLE HUWELIKSPROFIEL
- **LEES** DIT SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR
- **MOEDIG** ENIGE VRAE AAN EN HANTEER DIT
- **TYDSDUUR** 5 MINUTE

KERNASPEKTE

- WAARDES: 'n Gesamentlike gesonde waardesisteem
- HOUDINGS: Begrypende opbouende houdings
- INTERAKSIE
  - * Begrypende kommunikasie - eienskappe
    - Egtheid
    - Respek en Aanvaarding
    - Empatie
  - * Begrypende kommunikasiegedrag
    - Praat
    - Luister
    - Gesels
    - Verskille oplos

PERSOONLIKE ASPEKTE

- WAARDERING en LIEFDE: Gereelde positiewe bevestiging
- SPANWERK en SAMEWERKING: Sensitiwiteit, bedagsaamheid en ondersteuning
- SEKSUALITEIT: Liggaamskommunikasie as deel van totale egpaarinteraksie

ALGEMENE ASPEKTE

- HUWELIKSROLLE: Saamstem oor alle take van verantwoordelikhede
- GELDSAKE: Balansering en beplanning van gesinsinkomste en -uitgawes
- OUERSKAP: Toepassing en KERNASPEKTE in die struktuur met grense van ouer-kind verhoudings

A L G E M E N E I D E A L E H U W E L I K S B E E L D

- **VERWYS** NA DIE "ALGEMENE IDEALE HUWELIKSBEELD" OP M8.3
- **WYS DAAROP** DAT DIE ALGEMENE ASPEKTE VAN DIE SUKSES HUWELIKSBEELD BEKLEMTOON WORD
- **WYS OP** DIE BELANGRIKHEID VAN DIE BESKOUING VAN ALGEMENE ASPEKTE VAN DIE IDEALE HUWELIKSBEELD EN DIE IDENTIFISERING VAN ALTERNATIEWE WERKSWYSES OM DIT NA TE STREEF
- **LEI** 'N GROEPBESPREKING AANGAANDE DIE VOLGENDE
  * 'n Realistiese ideale beeld van die ALGEMENE ASPEKTE van die huweliksverhouding en hoe om dit te bereik
- **LAAT** DIE GROEPLEDE DIE INLIGTING IN DIE BESKIKBARE RUIMTES NEERSKRYF
- **HANTEER** DIE GROEPBESPREKING
- **TYDSDUUR** 12 MINUTE

ALGEMENE ASPEKTE
HUWELIKSROLLE ----------
OUERSKAP ----------
GELDSAKE ----------

E G P A A R A K T I W I T E I T

- **VERWYS** NA DIE EGPAARAKTIWITEIT OP M8.4
- **WYS DAAROP** DAT DIE **DOEL** VAN HIERDIE AKTIWITEIT IS OM EGPAARLEDE IN STAAT TE STEL OM 'N ONTLEDING VAN DIE STERKPUNTE EN SWAKPUNTE VAN HULLE HUWELIKSVERHOUDING TE MAAK (SITUASIE-ANALISE)
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Bespreek in egpaarverband hoe u huweliksverhouding nou lyk wat ALGEMENE ASPEKTE betref, naamlik
    - Huweliksrolle
    - Ouerskap
- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

-●●●-

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Identifiseer die sterkpunte en swakpunte van die huweliksrolle en ouerskap van u huweliksverhouding

STERKPUNTE

* Byvoorbeeld kennis, ervaring, vaardighede, positiewe eienskappe en neigings
* Word deur u huweliksmaat ondersteun en behoort dus vasgelê en uitgebou te word

SWAKPUNTE

* Byvoorbeeld gebrekkige kennis en ervaring, negatiewe eienskappe en neigings
* Word deur u huweliksmaat afgekeur en behoort deur u uitgeskakel te word

  * Skryf die sterkpunte en swakpunte in die toepaslike ruimtes op M8.5 neer

- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

HUWELIKSONTLEDING

STERKPUNTE	SWAKPUNTE
HUWELIKSROLLE	
OUERSKAP	

E G P A A R A K T I W I T E I T

- **VERWYS** NA DIE EGPAARAKTIWITEIT OP M8.6
- **WYS OP** DIE RIGTINGGEWENDE EN MOTIVERENDE WAARDE VAN IDEAALFORMULERING IN DIE BEVREDIGENDE ONTWIKKELENDE HUWELIK
- **WYS DAAROP** DAT DIE DOEL VAN HIERDIE AKTIWITEIT IS OM DIE GELEENTHEID TE GEE OM REALISTIESE IDEALE VIR DIE HUWELIKSVERHOUDING DAAR TE STEL
- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Bespreek in egpaarverband realistiese ideale vir u huweliksverhouding wat die ALGEMENE ASPEKTE van huweliksrolle en ouerskap betref
  * Skryf u ideale in die beskikbare ruimtes neer
- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

IDEALE ALGEMENE HUWELIKSASPEKTE	
HUWELIKSROLLE	----------
OUERSKAP	----------

D O E L W I T T E

- **VERWYS** NA DOELWITTE OP M8.7
- **BEKLEMTOON** DIE WAARDE VAN VOORTDURENDE HUWELIKSDOELWIT-FORMULERING
- **LEES** DIT SAAM MET DIE GROEPLEDE DEUR
- **TYDSDUUR** 3 MINIUTE

D O E L W I T T E

- 'n DOELWIT is iets wat u WIL BEREIK, VERANDER of WIL hê in 'n spesifieke TYD
- KENMERKE van doelwitte
  - * BEHOEFTES: Doelwitte spruit voort uit die behoeftes/ aspirasies en tekortkominge/frustasies van 'n huwelik
  - * KONTINUÏTEIT: 'n Voortdurende proses van doelgerigte stappe met die oog op 'n plan vir 'n bevredigende huwelik
  - * REALISTIES: Die stappe moet bemeester word en onder albei huweliksmaats se beheer wees
  - * EFFEKTIWITEIT: Die maksimum gebruik van sterkpunte en 'n vermyding van swakpunte
  - * BEPLANNING: Dit moet spesifiek uiteengesit word op 'n waarnemende manier

G R O E P G E S P R E K

- **VERWYS** NA DIE GROEPGESPREK OP M8.7
- **LEI 'N GROEPBESPREKING** AANGAANDE DIE VOLGENDE
  - * Die belangrikheid en die problematiek van die stel van doelwitte in u toekomstige huweliksverhouding
  - * Die belangrikheid van die kontrolering van gestelde doelwitte in die toekomstige huweliksverhouding en die hantering van die probleme van toepassing in 'n opvolgsessie
- **HANTEER** DIE GROEPBESPREKING
- **TYDSDUUR** 10 MINUTE

E G P A A R A K T I W I T E I T

- **VERWYS** NA DIE EGPAARAKTIWITEIT OP M8.8 (M8.9, M8.10 EN M8.11)

- **WYS DAAROP** DAT DIE **DOEL** VAN HIERDIE AKTIWITEIT IS OM DIE EERSTE VAN DRIE MAANDELIKSE GROEIKONTRAKTE OP TE STEL OM
  * Die kwaliteit van toekomstige huweliksverhoudings deur doelwitstelling te rig en uit te bou
  * Die basis te skep vir 'n opvolgsessie om die probleme van die toepassing van die inhoud van die kontrak te hanteer

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Vergelyk in egpaarverband die HUWELIKSONTLEDING (M8.5) en die IDEALE HUWELIKSASPEKTE (M8.6) en voltooi die eerste MAANDELIKSE ONTWIKKELINGSKONTRAK

- **TYDSDUUR** 12 MINUTE

-●●●-

- **LEES** DIE VOLGENDE SAAM MET DIE GROEPLEDE

- NA die VERLOOP van die kursus KAN die KONTRAK

  * Êrens in u woning opgeplak word waar dit gereeld onder die oog is

  * Hersien word indien dit nodig is

- **VERDUIDELIK DIE PROSEDURE**
  * Voltooi aan die einde van elke hieropvolgende maand-tydperk 'n volgende HUWELIKSONTWIKKELINGSKONTRAK
  * Bewaar die ONTWIKKELINGSKONTRAKTE en bring dit saam na die opvolgsessie

- **SLUIT** DIE KURSUS **AF**, BEDANK EN GROET DIE GROEPLEDE

  * Koördineer die reëlings vir die opvolgsessie

O N T W I K K E L I N G S K O N T R A K 1

- **BESLUIT op EEN ASPEK van u HUWELIK om aan te werk**

  _____

- **BESLUIT op EEN SAAK van hierdie HUWELIKSASPEK**

  _____

  _____

- **BESLUIT watter STAPPE NODIG is vir hierdie VERANDERING**

  _____

  _____

- **BEPAAL wat ELKEEN GAAN BYDRA om die verandering te laat plaasvind:**

  * Meneer _____

    _____

  * Mevrou _____

    _____

- **BEPAAL die DOELWIT wat u WIL BEREIK**

  _____

  _____

  _____

  * Tyd van voltooiing _____

- OPVOLGSESSIE

  * Datum _____ * Plek _____

  * Tyd _____

- HANDTEKENINGE

  _____ (MENEER) _____ (MEVROU)

O N T W I K K E L I N G S K O N T R A K 2

- **BESLUIT op EEN ASPEK van u HUWELIK om aan te werk**

  _____

- **BESLUIT op EEN SAAK van hierdie HUWELIKSASPEK**

  _____

  _____

- **BESLUIT watter STAPPE NODIG is vir hierdie VERANDERING**

  _____

  _____

- **BEPAAL wat ELKEEN GAAN BYDRA om die verandering te laat plaasvind:**

  * Meneer _____

  _____

  * Mevrou _____

    _____

- **BEPAAL die DOELWIT wat u WIL BEREIK**

  _____

  _____

  _____

  * Tyd van voltooiing _____

- OPVOLGSESSIE

  * Datum _____ * Plek _____

  * Tyd _____

- HANDTEKENINGE

_____ (MENEER) _____ (MEVROU)

O N T W I K K E L I N G S K O N T R A K 3

- **BESLUIT op EEN ASPEK van u HUWELIK om aan te werk**

- **BESLUIT op EEN SAAK van hierdie HUWELIKSASPEK**

- **BESLUIT watter STAPPE NODIG is vir hierdie VERANDERING**

- **BEPAAL wat ELKEEN GAAN BYDRA om die verandering te laat plaasvind:**

  * Meneer _____

    _____

  * Mevrou _____

    _____

- **BEPAAL die DOELWIT wat u WIL BEREIK**

  ---

  * Tyd van voltooiing _____


- OPVOLGSESSIE

  * Datum _____ * Plek _____

  * Tyd _____

- HANDTEKENINGE

_____ (MENEER) _____ (MEVROU)



'N EINDE

BYLAAG A

G E V O E L S W O O R D E

	* Sterk	* Matig	* Effens
• OMGEE	Teerheid	Waardeer	Van waarde ag
	Vereer	Bewonder	Positief
	Bemin	Gee om	Hou van
	Lief	Geheg aan	Vriendelik
• GELUK	Wonderlik	Fyn	Lekker
	Uitgelate	Joviaal	Bevredig
	Verheug	Vrolik	Bly
	Fantasties	Opgeruimd	Aangenaam
	Verruk	Blymoedig	Tevrede
	In ekstase	Gelukkig	Goed
• ONTOEREIKEND	'n Mislukking	Klein	Oneffektief
	Magteloos	Onvoldoende	Skiet tekort
	Nutteloos	Onbelangrik	Swak
	Nikswerd	Onbekwaam	Onseker
• DEPRESSIEF	Wanhopig	Swaarmoedig	Treurig
	Verlore	Triestig	Sleg
	Ellendig	Verslae	Hartseer
	Misrabel	Droewig	Moedeloos
	Hopeloos	Pessimisties	Teleurgesteld
	Bedroef	Ontsteld	Ongelukkig
• SEERGEMAAK	Verwerp	Goedkoop	Bespot
	Misbruik	Gebruik	Afgeskiet
	Gebreek	Eer gekrenk	Afgeskeep
	Verpletter	Seergemaak	Teleurgesteld
	Verneder	Gekritiseer	Verwaarloos
	Geruïneer	Verkleineer	Neergehaal

	* Sterk	* Matig	* Effens
• BANG	Doodbang	Skrikkerig	Ongemaklik
	Beangs	Senuweeagtig	Bekommerd
	Lamgeslaan	Bedreig	Huiwerig
	Desperaat	Bevrees	Onseker
	Vreesbevange	Bang	Versigtig
• ALLEEN	Afgesonder	Uitgesluit	Uitgelaat
	Verlate	Afsydig	Teruggetrokke
	Eensaam	Alleen	Op 'n afstand
• SKAAMTE/ SKULD	Onvergeeflik	Verlaag	Verantwoordelik
	Gekrenk	Te blameer	Verleë
	Blootgestel	Skuldig	Verkeerd
	Vernederd	Skaam	Spyt
• KWAAD	Boos	Gegrief	Opgewen
	Bitter	Strydlustig	Vererg
	Geweldadig	Beledigd	Te na gekom
	Ontstoke	Ontsteld	Verontwaardig
	Verwoed	Vies	Verstoot
	Woedend	Vyandig	Befoeterd
	Smoorkwaak	Geïrriteerd	Ongeduldig
• VERWARD	Verlore	Gekwel	Besorgd
	Onthuts	Gefrustreerd	Ongemaklik
	Verslae	Beweeg in sirkels	Bekommerd
	Dronkgeslaan	Ongerus	Ene vraagtekens
	Verbysterd	Gedisorganiseerd	Besluiteloos
	Verwilderd	Deurmekaar	Onseker

BYLAAG B

GESELS UITSTEL

* 'n Spesiale soort "ek wil stelling" waar u vra vir uitstel van die bespreking totdat die tyd en die omstandighede meer gunstig/geskik is

* Byvoorbeeld

  - "Ek voel baie seergemaak en kwaad op hierdie oomblik. Ek sal daarvan hou om eers te ontspan voordat ons 'n oplossing hiervoor probeer uitwerk. Kan ons môreaand dieselfde tyd daaroor gesels?"

  - "Ek wil nie graag oor die droogte praat terwyl ek jou vashou nie. Bietjie later ..."

GESAMENTLIKE ONDERWERPE

* Stellings of vrae wat die behoefte uitdruk om 'n sekere onderwerp te bespreek en om die gewilligheid van u huweliksmaat om dit te doen, bepaal

* Byvoorbeeld

  - "Ek wil graag met jou gesels oor ons verhouding. Is dit reg vir jou?"

- **OOP VRAE**

  * 'n Vraag wat sê wat die algemene onderwerp is maar die spesifieke inhoud van die antwoord oorlaat aan u huweliksmaat wat antwoord

  * Byvoorbeeld

    - "Wat het alles vandag met jou gebeur?"

    - "Hoe bedoel jy ons is geïsoleerd?"

- **DIREKTE VRAAG**

  * 'n Vraag wat spesifieke inligting vereis

  * Byvoorbeeld

    - "Wat maak dat jy na die kind verlang?"

    - "Het jy my lief?"

- **TERUGVOER VRA**

  * Vir u huweliksmaat vra wat sy/haar reaksie is op wat u nou net gesê of gedoen het

  * Byvoorbeeld

    - "Wat dink jy van my idee?"

    - "Wat doen dit aan jou as ek so optree?"

VRA VIR SPESIFIEKE KRITIEK

* Reageer op kritiek, 'n argument of uitdaging deur vir u huweliksmaat meer informasie en meer spesifieke kritiek te vra

* Tipiese vrae vir spesifieke kritiek is byvoorbeeld:

  - Vra watter spesifieke gedrag is onaanvaarbaar

  - Vra watter spesifieke gedrag u huweliksmaat meer van sal wil sien in die toekoms en watter aspekte van u gedrag u huweliksmaat afkeur

* Byvoorbeeld

  - "Is daar iets spesifiek wat ek gedoen het waarvan jy nie hou nie?"

  - "Wat wil jy hê moet ek in die plek daarvan doen?"

  - "Wat is dit omtrent my gereelde gholfspeel wat jou pla?"

• SAAMSTEM MET 'N DEEL VAN DIE KRITIEK/ARGUMENT

* Reageer op kritiek, 'n argument of uitdaging deur nie daaroor te argumenteer nie maar met 'n gedeelte daarvan saam te stem

* Die mate van ondersteuning mag so min wees as om te herken dat daar 'n vae moontlikheid bestaan dat die stelling korrek is, of so baie wees as om heelhartig saam te stem of selfs verder as u huweliksmaat te gaan

* Byvoorbeeld

  - A: "Jy het niks verstand nie."
    B: "Dit is waar dat ek die kind beter kan hanteer as wat ek nou doen."

  - "Dit is miskien onnodige inmengery van my om te vra hoekom jy vir haar nog 'n kospakkie stuur, maar ek wil nog steeds weet hoekom?"

• EK WIL/JY WIL STELLINGS

* 'n "Ek wil hê jy moet 'dit' doen" of "Jy wil hê ek moet 'dit' doen" stelling waar "dit" 'n spesifieke gedrag is

* Byvoorbeeld

  - "Ek wil hê ons moet Sondag saam deurbring."

  - "So jy wil hê dat ek moet ophou om sarkasties te wees met die kinders"

B I B L I O G R A F I E

- BERG, R.C. & LANDRETH, G.L. Group counseling fundamental and procedures. Indiana: Accelerated Development, 1980

- CARKHUFF, R. The art of problem solving. Amherst: Human Resource Development, 1983

- CISSNA, K.N. Phases in group development: The negative evidence. Small group behaviour, 1984, 15, 3 - 32

- EGAN, G. Interpersonal living: A skills/contract approach to human-relations training in groups. Monterey: Brooks/Cole, 1976

- EGAN, G. & COWAN, M. People in systems: A model for development in the human-service professions and education. Monterey: Brooks/Cole, 1976

- GURMAN, A.S. Contemporary marital therapies: A critique and comparative analysis of psychoanalytic, behavioral and systems theory approaches. In I.J. Paslino and B.S. McCrady (Eds.), Marriage and marital therapy: Psychoanalytic, behavioral and systems theory perspectives. New York: Brunner/ Mazel, 1978

- JOHNSON, D.W. Reaching out: Interpersonal effectiveness and selfactualization. Englewood Cliffs: Prentice-Hall, 1972, 1981

- KIMMEL, D.C. Relationships initiation and development: A life span development approach. In R.L. Burgess and T.L. Huston (Eds.), Social exchange in developing relationships. New York: Academic, 1979

- KIMMEL, D.C. Adulthood and aging: An interdisciplinary developmental view. New York: John Wiley, 1980


- L'ABATE, L. & Mc'HENRY, S. Handbook of marital interventions. New York: Grune/Stratton, 1983

- SHAPIRO, J.L. Methods of group psychotherapy and encounter. Itasca: Peacock, 1978

- SMITH, P.B. Group processes and personal change. London: Harper/Row, 1980

- WILLIAMSON, D.L. Group power. Englewood Cliffs: Prentice-Hall, 1982

GESINS-
ONTWIKKELINGS-
PROGRAM



VIR EGPARE MET INAGNEMING VAN DIE VERSKILLENDE EGPAARONTWIKKELINGSTADIA

'N WERKBOEK

E R K E N N I N G

- Aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die geldelike bystand ontvang vir die kostedelging van hierdie program

  * Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is die van die skrywers en moet nie beskou word as die van die RGN nie.

C R E D O

Ons as egpaar (en ouerpaar) is verbind in 'n huwelik (binne 'n gesin), waaraan ek baie waarde heg en wil uitbou. Binne hierdie geheel is ons aparte mense met eie wense, behoeftes en doelwitte en die reg om daarna te strewe

Wanneer jy binne ons verhouding verhinder word om jou doelwitte te bereik, sal ek begrypend na jou luister. Dit mag jou in staat stel om jou eie oplossings te vind. Ek respekteer jou reg om jou eie oortuigings en jou eie waardes te kies al is dit nie dieselfde as myne nie.

As ek probleme ervaar om my doelwitte binne ons verhouding te bereik, sal ek dit op 'n eerlike, openlike en spesifieke wyse aan jou deurgee. Op so 'n manier kan ons voortdurende wedersydse ondersteuning gee en oplossings uitwerk.

Dit is belangrik om verskille te herken en so op te los dat ons verhouding daardeur wen


Om as 'n eenheid te streef na lewensvreugde is dit nodig om ons behoeftes en doelwitte gesamentlik te verreken in 'n huweliks- en gesinsplan.

Op so 'n manier kan ons 'n gesonde huwelik en gesin ontwikkel wat gekenmerk word deur intimiteit, wedersydse respek, liefde en aanvaarding.

I N H O U D S O P G A W E

•	MODULE 1	INLEIDING	M1.1 - M1.16
•	MODULE 2	GROEI EN GELUK	M2.1 - M2.8
•	MODULE 3	WAARDES	M3.1 - M3.19
•	MODULE 4	HOUDINGS	M4.1 - M4.10
•	MODULE 5	LUISTER	M5.1 - M5.11
•	MODULE 6	PRAAT	M6.1 - M6.23
•	MODULE 7	GESELS	M7.1 - M7.26
•	MODULE 8	PAD VORENTOE	M8.1 - M8.11
•	BYLAES		M8.12 - M8.18

MODULE 1



INLEIDING

O N T M O E T I N G

- Die DOEL van hierdie aktiwiteit is om kennis te maak met die ander egpare en egpaarlede in die groep.

- **SKRYF individueel die volgende in die onderstaande ruimte NEER**

  * Vyf beskrywende kenmerke wat uself as 'n unieke huweliksmaat beskryf

  * Byvoorbeeld

    - "Dinge moet ordentlik en netjies wees, elke ding in die huis het sy plek"

    - "Ek hou daarvan om aan sport deel te neem en daarna te kyk"

    - "Ek is 'n oggendmens. Ek verkies dit om in die oggende vroeg op te staan en vroegaand is ek weer in die bed"

- **VERGELYK en KOMBINEER u kenmerke (M1.1) met dié van u huweliksmaat**

- **SKRYF u saamgestelde unieke huwelikskenmerke in die onderstaande ruimte NEER**

  * Doen dit op so manier dat dit iets vertel van u as egpaar

  * Byvoorbeeld

    - "Ek is minder netjies as sy. Sy moet gedurig regpak waar ek besig was"

    - "Ons is altwee lief vir sport en speel graag Saterdae saam tennis"

    - "Ons is altwee oggendmense. Ons staan vroeg op, eet saam 'n groot ontbyt en bring 'n rukkie saam deur voor werk"

G R O E P B E S P R E K I N G

- **BESPREEK die volgende in groepverband**

  * Die positiewe en minder positiewe effekte van verskille tussen

    - Egpaarlede
    - Egpare in die groep

  * Aantekeninge en opmerkings

N A A M N O E M

- Die DOEL van hierdie aktiwiteit is om die NAME van die groeplede te LEER KEN

- **LEER die NAME van al die GROEPLEDE deur al die egpaarlede op hulle NAME te NOEM**

-●●●-

- **WISSEL u sitplek met iemand anders**

- **BENOEM weereens die ander egpaarlede**

B E H O E F T E S E N D O E L W I T T E

- Die DOEL van hierdie aktiwiteit is om

  * Aan u die geleentheid te gee om bewus te word van behoeftes en verwagtinge ten opsigte van verskillende aspekte van die huwelik en met behulp van spesifieke vrae

  * Gepaardgaande noodsaaklike doelwitte vir die program uit te lig

- ELKE VRAAG op M1.5 tot M1.8 HOU VERBAND met een of ander ASPEK van u HUWELIKSITUASIE

- 'n Aparte ANTWOORDBLAD word voorsien

  * Vir elke vraag is daar 'n vyfpuntskaal op die antwoordblad

  * 'n Antwoord van vyf op die skaal beteken baie, drie is gemiddeld en een is min
    - Vier beteken dus redelik baie en twee redelik min

- **LEES die vrae INDIVIDUEEL**

  * Kies die blokkie op die skaal op die antwoordblad wat die beste by u huweliksituasie pas

  * Trek die kruis in die blokkies

1. Hoe dikwels gesels u en u huweliksmaat openhartig oor dinge wat probleme in u huwelik veroorsaak?

2. In welke mate kan u u huweliksmaat in u vertroue neem?

3. Hoe dikwels bring u huweliksmaat se buierigheid spanning in u huwelik?

4. Hoe dikwels neem u u huweliksmaat se gevoelens in aanmerking?

5. Hoe tevrede is u met die wyse waarop die finansies van u gesin hanteer word?

6. Hoe tevrede dink u voel u huweliksmaat oor sy/haar sekslewe met u?

7. Hoe dikwels bring irriterende gewoontes van u huweliksmaat spanning in u huwelik?

8. Hoe dikwels kan u u huweliksmaat se reaksies korrek voorspel?

9. Alles in ag genome, hoe gelukkig is u huwelik tans?

10. Hoe belangrik is dit vir u, om wanneer u huweliksmaat neerslagtig voel, hom/haar op te beur?

11. Hoe besitlik voel u oor u huweliksmaat?

12. Hoe dikwels gesels u en u huweliksmaat oor sy/haar daaglikse roetine?

13. Hoe gelukkig dink u is u huwelik vir u huweliksmaat?

14. In welke mate voel u dat u en u huweliksmaat mekaar nodig het?

15. Hoe permanent beskou u die huwelik?

16. In welke mate sou u sê dat u en u huweliksmaat goeie vriende is?

17. Hoe dikwels voel u dat u huweliksmaat nie genoeg aandag aan u as persoon gee nie?

18. Hoe dikwels voel u dat u optrede nie u huweliksmaat tevrede stel nie?

19. Oor die algemeen, hoe dikwels verloop dinge tussen u en u huweliksmaat goed?

20. In welke mate voldoen u huwelik aan die verwagtinge wat u daarvoor gekoester het?

21. In welke mate kan u huweliksmaat u reaksie korrek voorspel?

22. In welke mate neem u u huweliksmaat se gevoelens in aanmerking?

23. Hoe tevrede is u met die status wat u werk u gee?

24. Hoe dikwels bring verskille oor onderskeie skoonfamilies spanning in u huwelik?

25. Wat dink u is u kanse dat u en u huweliksmaat binne die volgende twee tot drie jaar sal skei?

26. Hoe tevrede is u met die lewenspeil wat u handhaaf?

27. Hoe dikwels sê u huweliksmaat dinge wat u seermaak?

28. In welke mate voel u en u huweliksmaat gemaklik en ontspanne bymekaar?

29. Hoe dikwels bring u huweliksmaat se neulery spanning in u huwelik?

30. Hoe dikwels dink u het u huweliksmaat berou dat hy/sy met u getroud is?

31. Hoe dikwels bring u huweliksmaat se baasspelerigheid spanning in u huwelik?

32. Hoe dikwels deel u en u huweliksmaat 'n grap en lag u saam?

33. Hoe dikwels voel u dat u huweliksmaat meer liefde aan u behoort te betoon?

34. Hoe dikwels het u al egskeiding of verlating oorweeg?

35. Hoe dikwels hou u en u huweliksmaat nabetragting nadat u saam iets gedoen het?

36. Hoe bevredigend is u huweliksmaat as seksmaat?

37. Hoe belangrik is u huweliksmaat se geluk vir u?

38. In welke mate is u bereid om u huweliksmaat te vergewe?

39. Hoe dikwels voel u dat u meer vir u huweliksmaat omgee as sy/hy vir u?

40. Hoe tevrede is u met u inkomste?

41. Hoe dikwels bring u huweliksmaat se selfsugtigheid spanning in u huwelik?

42. In welke mate het u respek vir u huweliksmaat?

43. Hoe onaangenaam is dit vir u wanneer u vir lang periodes nie by u huweliksmaat kan wees nie?

44. In welke mate dink u is u huweliksmaat se verwagtinge omtrent u huwelik vervul?

45. As u u lewe oor het, in watter mate sal u dieselfde huweliksmaat kies?

46. Hoeveel genot vind u in u huweliksmaat se liefde vir u?

47. Hoe dikwels het u berou dat u met u huweliksmaat getroud is?

48. Hoe belangrik is dit vir u en u huweliksmaat om saam vriende te besoek?

49. Hoe tevrede is u met u huidige posisie in u beroep?

- Die VOORAFGAANDE VRAE gaan oor belangrike ASPEKTE van die HUWELIK, soos

  * Waardes
  * Vertroue
  * Verskille
  * Kameraadskap
  * Kommunikasie
  * Spanwerk

- GEBRUIK die KENNIS wat u uit die voorafgaande vrae gekry het oor die BEHOEFTES van u HUWELIKSITUASIE

- **VOLTOOI die onderstaande stellings oor moontlike DOELWITTE vir die VERLOOP van hierdie PROGRAM**

- Ek sal gelukkiger wees met ons huwelik indien _____
  _____
  _____
  _____
  _____

- Ek dink dat ons huwelik mag verbeter indien ek kan leer om _____
  _____
  _____
  _____

- Die een ding wat ek hoop wat nie in hierdie program sal gebeur nie is _____
  _____
  _____
  _____

- **VERWYDER hierdie bladsy UIT u werkboek en HANDIG dit by die groepleier IN**

VERLOOP VAN DIE PROGRAM

MODULE 1	• INLEIDING	* Bekendstelling * Huweliksbepaling * Programbeplanning
MODULE 2	• GROEI EN GELUK	* Egpaarontwikkeling * Egpaarbevrediging * Egpaarinteraksie
MODULE 3	• WAARDES	* Interaksiehoudings * Begrypende kommunikasie
MODULE 4	• HOUDINGS	* Gesamentlike huwelikswaardes
MODULE 5	• LUISTER	* Aandag * Luister
MODULE 6	• PRAAT	* Selfonthulling * Gevoelens deel * Spesifiekheid
MODULE 7	• GESELS	* Empaties gesels * Verskille
MODULE 8	• PAD VORENTOE	* Huweliksbeplanning

G R O E P B E S P R E K I N G

- **BESPREEK die volgende in groepverband**

  * 'n Suksesvolle gelukkige huwelik is veral moontlik wanneer daar voortgebou word op positiewe in plaas van negatiewe aspekte van die huwelik.

  * Notas en aantekeninge

B O U S T E N E

- Die DOEL van hierdie aktiwiteit is om STERKPUNTE in die groepegpare se huwelike te identifiseer en te takseer

- **VERWYDER die plakkaat (M1.12)**


  * Bespreek en benoem in egpaarverband die sterkpunte van u huweliksverhouding

  * Byvoorbeeld gesamentlike of wedersydse

    - Toewyding
    - Kameraadskap
    - Belangstelling
    - Vertroue

  * Skryf u sterkpunte in die beskikbare ruimtes neer

    - Gebruik die filtpuntpenne wat voorsien word




O P D R A G 1

- **SKRYF die volgende individueel NEER in die onderstaande ruimtes wat die GROEPSITUASIE voorstel**

  * Die name van u medegroeplede

  * Enkele woorde wat u eerste indrukke van u medegroeplede uitdruk



O P D R A G 2

- Op M1.15 VIND U 'n RAAMWERK vir GESINS- EN EGPAAR-ONTWIKKELING wat verdeel is in fases van vroeë volwassenheid, middel volwassenheid en later volwassenheid


- **SKRYF in egpaarverband die volgende gedagtes in die beskikbare ruimtes op die diagram NEER**

  * Tipiese gebeure tydens elke GESINS- EN EGPAAR-ONTWIKKELINGSTADIUM

  * Die vreugdes en probleme van elke stadium

  * Konsentreer veral op u eie ontwikkelingstadium

Gesins- en Egpaarontwikkeling



W A T W E E T U N O U ?

- WIE DIE ANDER GROEPLEDE IS
- HOE U HUWELIKSITUASIE LYK
- HOE DIE PROGRAM VERLOOP
- WAT U DOEL MET HIERDIE PROGRAM IS
- WAT DIE STERKPUNTE VAN U HUWELIK IS

MODULE 2

GROEI EN GELUK

M O D U L E 2

DOEL

- IDENTIFISERING VAN DIE GESINS- EN EGPAAR-ONTWIKKELINGSFASES
- BEPALING VAN DIE VERBAND TUSSEN EGPAAR-ONTWIKKELING, -BEVREDIGING EN -INTERAKSIE
- KENNISNAME VAN U EIE INTERAKSIE AS EGPAAR
- IDENTIFISERING VAN ASPEKTE VAN EGPAAR-INTERAKSIE

WERKSWYSE

- VOORSTUDIEMATERIAAL
- KLANKSKYFIEREEKS
- GROEPGESPREK
- AKTIWITEITE
  - * INDIVIDUEEL
  - * EGPAAR

TERUGVOER

- EGPAAREVALUERING
- INVULAKTIWITEIT
- SAMEVATTING

G E S I N S - E N E G P A A R O N T W I K K E L I N G

- Die DOEL van hierdie aktiwiteit is om 'n BEELD te VORM van die ONTWIKKELING wat die GESIN en die EGPAAR daarbinne ondergaan

- KYK na die KLANKSKYFIEREEKS en LET OP na die ONTWIKKELING van die GESIN om


  * Gepaardgaande egpaarontwikkeling te bepaal

- **SKRYF u aanvullende aantekeninge in die struktuur op M1.15 NEER**

-●●●-

- **BESPREEK die inhoud van die KLANKSKYFIEREEKS**

FIGUUR 1


BAIE GELUKKIG
5
4
3
2
1
as B
VROEË HUWELIK
LATERE
HUWELIKSJARE
MINDER
GELUKKIG
as A
TYDSVERLOOP

H U W E L I K S V E R H A A L

- **LEES die volgende kort tipiese HUWELIKSVERHAAL**

"In die tyd net na ons troue was ons baie na aan mekaar. Binne 'n paar jaar was die kinders daar. Baie van ons aandag is aan die huis en kinders gegee. Ons het in 'n mate daaraan gewoond geraak om saam in die tuig te trek. Soms het dit maar met rukke en stote gegaan en het die een of ander maar effens dwars getrek, maar ons het aangegaan. Daar was vooruitgang en meer verantwoordelikhede by die werk, ons betrokkenheid by die kerk, die skool en so af en toe 'n bietjie sport. Daar was so baie gelukkige en hartseer oomblikke ... Alles gaan so vinnig verby. Toe die kinders uit die huis is kon ons weer asemskep en bymekaar kom."

- In die tipiese verhaal van HUWELIKSONTWIKKELING is daar gewoonlik ALGEMENE PATRONE van EGPAARINTERAKSIE

- **KYK na Figuur 1 op M2.3**
  * As A is die tydsverloop in jare
  * As B is die huweliksinteraksie

-●●●-

G R O E P B E S P R E K I N G


- **BESPREEK die volgende in groepverband**

  * Die rol van intieme interaksie in huweliksgroei

H U W E L I K S B E V R E D I G I N G

- Dit is moontlik om deur HUWELIKSINTERAKSIE

  * Die gaping van ┌-- Huweliksontwikkeling
    │ Huweliksinteraksie
    └-- Huweliksbevrediging te vul



- HUWELIKSINTERAKSIE behels verskillende belangrike KOMPONENTE

  * Om te weet waaraan om aandag te gee om dit te verbeter, behoort ons te weet wat dit is

  * Om die interaksiegaping te vul, kan ons kyk wat dit gewoonlik veroorsaak

S T R U I K E L B L O K K E

- LUISTER na die GROEPLEIER se INSETTE oor waardes, houdings, kommunikasievaardighede, spanwerk en beplanning
- TEKEN dit in die onderstaande ruimtes AAN

WAARDES

HOUDINGS

KOMMUNIKASIEVAARDIGHEDE


SPANWERK EN BEPLANNING

G R O E P B E S P R E K I N G

- BESPREEK die volgende in groepverband
  - * Die grootte van die verskillende hindernisse tot voortdurende intieme huweliksinteraksie

W A T W E E T U N O U ?

- HOE EGPAARLEDE BINNE DIE GESIN DEUR DIE STADIUMS VAN GESINSVERLOOP ONTWIKKEL
- HOE HUWELIKSBEVREDIGING WISSEL MET DIE VERSKILLENDE STADIUMS VAN EGPAARONTWIKKELING
- DAT HUWELIKSBEVREDIGING VAN EGPAARINTERAKSIE AFHANG
- HOE U EIE HUWELIKSINTERAKSIE LYK
- UIT WATTER ASPEKTE EGPAARINTERAKSIE BESTAAN




I N V U L A K T I W I T E I T

- Die DOEL van hierdie aktiwiteit is om aan u die geleentheid te gee om uself te kontroleer, hoe goed u die inhoud van hierdie module bemeester het

- **BESTUDEER die onderstaande diagram wat handel oor die verband tussen die volgende faktore**

  * Gapings in egpaarontwikkeling
  * Onvoldoende egpaarinteraksie
  * 'n Afname in huweliksbevrediging


- **VUL die ontbrekende woorde op die diagram in**



- **VUL die volgende ontbrekende woorde IN**

  * Die beste beskikbare manier om die bose kringloop in die bogenoemde diagram te verbeter, is om _____ te verander wat uit die volgende bestaan:
    - Houdings
    - _____
    - _____
    - Spanwerk en beplanning

MODULE 3



WAARDES

M O D U L E 3

DOEL

- DIE AANLEER VAN DIE VOLGENDE TEN OPSIGTE VAN 'N CHRISTELIKE WAARDESISTEEM INSLUITENDE

  * DIE BELANGRIKHEID DAARVAN

  * VERSKILLENDE ASPEKTE

  * KERNASPEKTE

WERKSWYSE

- VIDEOPROGRAM
- VOORSTUDIEMATERIAAL
- GROEPBESPREKING


TERUGVOER

- INVULAKTIWITEIT
- GROEPBESPREKING

V I D E O B A N D

- KYK na die videoband oor die CHRISTENHUWELIK

- **VOLTOOI die volgende raamwerk VOLGENS die INLIGTING wat u in die VIDEOBAND kry**
  * Vul die ontbrekende woorde op die skets in



W A A R D E S

- WAARDES is ons redelik permanente idees van reg en verkeerd, van waardevolheid of nuttelоosheid

- In die wêreld waarin u as huweliksmaats leef, is daar MORELE VERWARRING. Dit geld vir algemene lewenswaardes en huwelikswaardes

- Die HUWELIK moet GEANKER wees in duidelike WAARDES
  * Sonder hierdie fondamente is die huwelik wankelrig


- Die huwelikswaardes vir hierdie program is GEGROND op DIE BYBEL en in 'n Christelike Protestantse vertolking daarvan

- Die AANVAAR en UITLEEF van 'n positiewe Christelike waardesisteem
  * Maak 'n sinvolle bevredigende huweliksverhouding moontlik
  * Gee duidelike riglyne vir optrede in God se huweliks-plan
  * Lê die grondslag vir spanwerk in huweliksbou

- Vir huweliksgroei behoort GEMIK te WORD na 'n CHRISTENHUWELIK

- Die Bybel gee ons INLIGTING hoe om daarby uit te kom
  * 2 Tim. 3:17 verseker dat die Woord die "man" van God voldoende toerus en voorberei vir elke goeie werk
  * Ef. 6:17 : "Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God"

- Die GEES LEI ons dus DEUR die WOORD. 1 Kor. 2 stel duidelik dat die Goddelike waarhede net verstaan kan word deur die werking van die Heilige Gees


GOD
MAN
VROU
MENS

C H R I S T E L I K E H U W E L I K S R A A M W E R K

- Die huwelik is deur GOD INGESTEL as 'n monogame onverbreekbare verbintenis met Godgegewe liefde

  * Goddelike instelling: Die huwelik is 'n heilige saak en word deur God daargestel. Elke huweliksmaat word daartoe geroep, maar met 'n vrywillige verantwoordelike keuse

  * Skeppingsreëling: Man en vrou ontmoet binne die huwelik in volle lewensgemeenskap tot eer van God, waar hulle mekaar aanvul as verteenwoordigers van God en om vanuit die huwelik die menslike geslag voort te plant


  * Monogaam: Daar is in die eksklusiewe verhouding net plek vir twee mense

  * Onverbreekbaar: Hierdie samevoeging is onverbreekbaar en die menslike verbreking daarvan is teen God se wil

  * Verbintenis: God self verbind huweliksmaats aan mekaar in die menslike saamwees wat alles van die huweliksmaats insluit

  * Godgegewe liefde: Huweliksliefde mag 'n bron van groot geluk in die lewe van egpaarlede wees, as hulle makaar liefhet volgens God se bedoeling van wedersydse gee van hulp en versorgende intimiteit

- In die voorafgaande is daar sprake van VERHOUDING TUSSEN
  a. God en die mens (Huweliksmaats)
  b. Die man en die vrou as huweliksmaats


GOD
MENS

D I E H U W E L I K : G O D E N M E N S

DIE HUWELIK: DIE VERBOND

- Jesus bevestig dat die huwelik in die SKEPPING SETEL (Matt. 19:4-6)

- Die Bybel VERBIND die huwelik aan die VERBOND. Die huweliksband is soos dié TUSSEN God EN Sy Volk en Christus EN Sy Kerk

  * In Jes. 54:5 spreek God tot Sy volk: "Hy wat jou gemaak het, is jou man"
  * Hos. 2:15 beskryf die God-Volk-verhouding: "Dié dag sê die Here, sal jy vir My sê: 'My man'"
  * In Jer. 2:1-4 word Israel as vrou voorgestel wat in die liefde deur haar hemelse Eggenoot, die Here, verkies en gelei is
  * In Mark. 2:19 verwys Christus na Homself as die bruidegom as Hy vra: "Kan die bruilofgaste dan vas terwyl die bruidegom by hulle is?"
  * In Ef. 5 word hierdie gedagtes verder versinnebeeld

- Die huwelik as BEELD van GOD se VERBONDSTROU beteken

  * Die onderneem van liefdestrou met die oog op die huweliksliefde
  * Geloofsaanvaarding hiervoor voor God as voortdurende verantwoordelikheid
  * 'n Publieke erkenning in die gemeente oor hierdie onderneming
  * 'n Groeiende verhouding na 'n volwasse huwelik:
    - Dit beteken onder andere 'n daaglikse groei in geloof en deel aan die beloftes van God se verbond

DIE HUWELIK: GOD SE DOEL

- God het die huwelik INGESTEL

  * Daarom is dit belangrik vir sinvolle begrip om te weet wat hy daarmee ten doel het
  * Gen. 1:27 wys daarop dat man en vrou mekaar aanvul, om beeld van God te wees, sy verteenwoordigers te wees en as sulks te heers oor die skepping

- In die huwelik as skeppingsordening VOEG God SAAM en BEGELEI die huweliksmaats NA MEKAAR "as't ware met Sy hand." Hierdie "heilige staat" is dus die "welbehae" van God"

- Gen. 2:29 BESKRYF die SAAMVOEG van man en vrou as

  * Om God se eer te bevorder
  * Wedersydse hulpverlening in die huwelik op aarde
    - Geestelike hulp en ondersteuning is die belangrikste

- Matt. 22:37-38 se verordening tot geloof en liefde wat die sewende gebod (Deut. 5) uitlig dien as GRENSAFBAKENING van die AARD en WESE van die HUWELIK

  * Ef. 5:2 : "Lewe in liefde ..."

- Alle huwelike VERVAL (eers) met die oorgaan in die GROOT BRUILOF van die LAM

- Dan is man en vrou saam die bruid van Christus

DIE HUWELIK: CHRISTUS AS MIDDELPUNT

- Die Christenhuwelik is TUSSEN twee NUUTGEMAAKTE mense (Ef. 4:18-24)

- In so 'n huwelik GAAN DIT oor die SAAK van die KONINKRYK VAN GOD

  * Matt. 6:33 : "... beywer julle allereers vir die koninkryk van God ..."

- Die huweliksmaats RIG hulleself dus OP Christus

  * Gal. 2:20 : "... en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe"
    - Ef. 5:1,2 : "Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet moet julle sy voorbeeld volg. Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en om ons ontwil Sy lewe as offergawe gegee het ..."
  * Die geslaagde Christusgesentreerde huwelik DRA die TOERUSTING van die HEILIGE GEES, nl. liefde, blydskap, vrede, ens.
  * Dit is die ideaal waarna gemik word

- Daaglikse HUWELIKSGROEI en HUWELIKSBOU IN GOD

  * Is moontlik deur om die seën van God te bid
  * Om sekerheid van God se "gewisse ... hulp ... en bystand"

- HUWELIKSGROEI en GROEI van elke huweliksmaat is MOONTLIK

  * Wanneer huweliksmaats mekaar vergewe
  * Matt. 6:12 : "... en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree"
  * Ef. 4:32 : "Wees goedgesind en hartlik teenoor, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het"

DIE HUWELIK: TOT DIE GESIN EN GEMEENTE

- Die VERBINTENIS tussen CHRISTUS en SY GEMEENTE is 'n VOORBEELD van die PLEK van die huwelik

  * Ef. 5:32 : "... en ek pas dit toe op Christus en die kerk"

- Die huwelik is 'n GEMEENTE van CHRISTUS op AARDE in die KLEINE

  * Dit is dus 'n hawe vir opbouende versoenende Christusliefde binne die groter gemeente
  * As 'n voorbeeld het dit 'n opbouende invloed na buite op ander huwelike binne die gemeenskap van die gemeente

- Die gemeente BREI ook UIT BINNE die gesin

  * Die Christenegpaar is die fondament van groei
  * Volgens Gen. 2:28 is die voortbring van kinders inherent deel van die huwelik

- Die FUNKSIES van die EGPAAR TEENOOR die KINDERS is:

  * Die leiding tot geloofsoorgawe in Christus en leiding tot geloofsvolwassenheid
  * Opvoeding volgens 'n Christelike waardesisteem en -riglyne
  * Die verskaffing van dissipline en sekuriteit, lewenskennis en lewenskuns, om die uiteindelike wegbeweeg vanuit die gesin te vergemaklik

D I E H U W E L I K : M E N S T O T M E N S

'N MAN EN 'N VROU

- In die WOORD word daar van die huwelik gepraat waarin EEN MAN en EEN VROU betrokke is

  * God het die mens binne die huwelik as 'n man en 'n vrou geskape (Gen. 1:27, Matt. 19:4)
  * Met die skepping is daar sprake van "'n hulp" vir "die mens" wat by hom pas (Gen. 2:18)

- Spreuke 5:15-23 beklemtoon die onskeibare verbintenis van SEKSUALITEIT wat net MOONTLIK is in 'n eksklusiewe persoonlike HUWELIKSLIEFDE


- Spr. 5:15 en 31:28 asook Pred. 9:19 wat uitbrei oor die huwelik maak slegs plek vir TWEE HUWELIKSMAATS in EEN HUWELIK

  * Die profete (Jes. 54:6 en 62:5) gebruik ook dikwels die huwelik as 'n voorbeeld van die verhouding tussen God (een) en Sy Volk Israel (een)

- In die Nuwe Testament beklemtoon Christus weer die ENKELHUWELIK as die BEDOELING van die SKEPPING

  * Heelwat nuwe Testamentiese geskrifte oor hierdie manier waarop die Christengelowige in die huwelik lewe, sluit in

    - 1 Tim. 3:2,12 en 1 Kor. 7:2
    - Ef. 5:22,25,28,33; 1 Tess. 4:4


MAN
VROU

PERSOONSVERBINTENIS TUSSEN MAN EN VROU

- Die terme "man" en "vrou" in Gen. 1:27 dui op VOLLEDIGE INDIVIDUE in verskillende hoedanighede met VERSKILLENDE GESLAGSPERSOONLIKHEDE

- Gen. 2:23 beskryf die VERBINTENIS tussen man en vrou

  * "Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy 'vrou' genoem word: sy is uit die man geneem"

- Die AARD van VERBINTENIS tussen man en vrou word as volg deur die SKRIF weergegee:

  "Daarom sal 'n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word"

  - Hierdie stelling is die enigste stelling aangaande die huwelik wat viermaal in die Woord herhaal word (Gen. 2:24; Matt. 19:5; Mark. 10:7,8; Ef. 8:31)

LEWENSVERBINTENIS TUSSEN MAN EN VROU

- Matt. 19:5 (e.a.) gelees in kombinasie met Mal. 2:14 en Spr. 2:17 onderstreep God se PERMANENTE BEDOELING met die huwelik

- Gen. 2:24 se woorde "verlaat" en "saamlewe" dui op 'n BINDENDE BESLUIT voor God

- Die HUWELIKSVOLTREKKING voor God en die gemeente versterk die ONVERBREEKBAARHEID van die Christenhuwelik:

  * "... omdat die Here weet wat gebeur het tussen jou en die vrou met wie jy van jou jeug af getroud is ..."

- Die Woord sien egskeiding of enigiets wat die PERMANENTHEID van die huwelikstrou BEDREIG as AFBREKEND (Spr. 6:26)

- Jesus beskryf die huwelik as ONONTBINDBAAR, omdat 'n huwelik die samevoeging deur God is

  * Matt. 19:6 : "Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie"

GESLAGSVERHOUDING

- Die VROEGSTE VOORBEELD van liggaamsontsluiting is wanneer Adam in Gen. 2:23 uitroep: "Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek ..."

- Liggaamlike gemeenskap is die TEKEN en SIMBOOL van 'n ONVOORWAARDELIKE VERBINTENIS tussen man en vrou

- Die sinsnede "een word" in Gen. 2:24 wys op die FISIESE LEWENSEENHEID in die huwelik

- HUWELIKSTROU word deur seksualiteit BEVESTIG en dit BEWAAR SEKSUALITEIT binne die huwelik soos deur God voorsien

- Huwelikstrou gee SKAAMTE die EIENSKAPPE van EERBIED en RESPEK

HUWELIKSTRUKTUUR

- Man en vrou word met die SKEPPING (Gen. 1:27-28; 2:18, 20-23; 1 Kor. 11:11) mekaar se HELPERS en GELYKES

  * Christus bevestig hierdie skeppingstruktuur (Matt. 19:4-6)
  * Gen. 2:18 beskryf die skepping van die vrou as hulp vir die man as 'n selfstandige aanvullende bystand

- In Gen. 3:16 word enige OORHEERSING deur die VROU AFGEKEUR


  * Die man-vrou orde kom telkens in die Skrif na vore
    - 1 Kor. 11:8 "Die man is nie uit die vrou geneem nie, maar die vrou uit die man"
    - 1 Tim. 2:13 "Adam is immers eerste gemaak, Eva, daarna"

- God delegeer die VERANTWOORDELIKHEID van LEIDING na die man teenoor die vrou

  * Dit kan vergelyk word met die gesag van Christus teenoor die gemeente (Ef. 5:22-30)
    - Liefdesgemeenskap en liefdesbesorgdheid is die belangrikste kenmerke van hierdie verhouding
    - Ef. 5 beskryf die bedagsaamheid van liefdesleiding

- Ef. 5:21 is van besondere betekenis vir die huwelik-struktuur

  * "Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig"


LIEFDE

L I E F D E

- In die GEHEEL BEVAT die Christenhuwelik dus:

  * Die horisontale verhouding tussen man en vrou onder....
  * Die vertikale leidende beskermingsverhouding tot God

- Die KERN en die SAMEBINDENDE FAKTOR van hierdie verhouding is die LIEFDE

  * Jesus antwoord die vraag oor die sesde groot gebod
    - Ten eerste Matt. 22:37: "Jy moet die Here jou God liefhê ..."
    - Tweedens Matt. 22:39 gelyk hieraan: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself"
  * Voordat Paulus praat oor verskillende verhoudings roep hy die gelowiges op tot liefde: "En beklee julle bo alles met die liefde wat die band van volmaaktheid is."

- Dit is NIE MAKLIK om die liefde VAS TE VANG in WOORDE NIE

- Die KERN van die liefde vir die huweliksmaat as naaste mens kom uit God se LIEFDE vir die mens

  * Die saamwees in huweliksliefde uit die liefde van God vergewend en versoenend met die belang van die ander eerste
    - Titus 2:4 sê dat die jong vroue hulle mans moet liefhê
    - Ef. 5:28: "Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame"

- Hierdie besonderse huweliksliefde BESTAAN UIT:

  * Opofferende kameraadskapsliefde
  * Die liggaamlik emosionele liefde

O P O F F E R E N D E K A M E R A A D S K A P S L I E F D E

- Ef. 5:25-27 dui daarop dat dit in die huwelik as verhouding gaan oor die WEDERSYDSE OPBOUING van MEKAAR se VOLLE Godgegewe POTENSIAAL

- Die DEEL van kameraadskapsliefde lyk as volg

  * Wat die man se liefde teenoor die vrou betref onder andere die volgende
    - Beskerming, versorging en die bevrediging van haar uiteenlopende behoeftes (Ef. 5:28)
    - Liefdesbetoning deur opoffering (Ef. 5:25; Fil. 2:5,6)
    - Bereidheid tot deling, bedagsaamheid en die betoon van liefde teenoor haar (Ef. 5:28; Kol. 3:19; 1 Kor. 13:4,5)
    - Genoeg uitdrukking van lof en waardering (1 Pet. 3:7; Spr. 31:28)

  * Wat die vrou se liefde teenoor die man betref onder andere die volgende
    - 'n Ondernemende produktiewe lid van die huwelik-span (Ps. 128:3; Spr. 31:10-31)
    - Bydraes tot die huis as versorgende hawe (Spr. 31:11-20)
    - Haarself aantreklik hou, veral geestelik (1 Pet. 3:3-5)
    - Genoeë neem met haar situasie en take (Heb. 3:5,16)
    - Die handhawing van 'n positiewe houding (Spr. 31:26, 28,29)

- Die MODEL vir hierdie liefde is die LIEFDE tussen GOD en die GEMEENTE

- Voortvloeiend uit die opofferende kameraadskapsliefde is die liggaamlik emosionele liefde

DIE LIGGAMLIK EMOSIONELE LIEFDE

- God skep PLEK IN die HUWELIK vir ware, skone en suiwer EROTIEK wat insluit:

  * 'n Aangename intieme liggaamsbelewenis van die ander
  * 'n Permanente en erotiese hunkering na die huweliksmaat
    - Met behoud en die paslike vervulling van die self

- Die WOORD BESKRYF die LIGGAAMLIKE LIEFDE in verruklike terme

  * Gen. 2:23 waar Adam uitroep: "Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek."
  * Hoogl. 5:8 besing hierdie verliefdheidsaspek, die intense belewenis om besit en bewonder te word
  * Die siels- en liggaamsgenot van die liefde begin in Hoogl. 7:6-7 as volg: "Jy is so mooi, so bekoorlik, liefste, met soveel wat geniet kan word"


- Die liggaamlik emosionele liefde het ook die DOEL om 'n WELWILLENDHEID TEENOOR MEKAAR te bewys

- Liggaamlike emosionele liefde kan volgens Gods Wil SLEGS BESTAAN in KOMBINASIE en BALANS met opofferende kameraadskapsliefde

-●●●●-

- Rom. 5:5 beskryf die OORSPRONG van liefde aan as "in ons hart uitgestort ... deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het."

  * Dit word dus deur God aan ons gegee om met mekaar te deel onder sy leiding



B E G R Y P E N D E L I E F D E

- 1 Kor. 13:4 beskryf hierdie liefde as GEDULDIG en VRIENDELIK, nie afgunstig, grootpraterig en verwaand nie

- Hierdie liefde is dus in die eerste plek op die ANDER GERIG om die huweliksmaat MEER VOLLEDIG te maak

- Wat die REGTE GESINDHEID en HOUDINGS betref, die volgende:

  * "Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was." (Fil. 2:5)

- Hierdie CHRISTUSHOUDINGS lyk as volg:

  * "Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook die van die ander." (Fil. 2:3-4)


- Hierdie houdings tussen huweliksmaats BOU en HERSTEL die huweliksverhouding

- Huweliksmaats behoort te streef na hierdie ideale WAARDES en HOUDINGS en opbouende opofferende LIEFDE van die CHRISTUSHUWELIK

  * Deur die Gees op pad na die Vrug van die Gees naamlik

    - Vreugde
    - Geduld
    - Goedhartigheid
    - Nederigheid
    - Vrede
    - Vriendelikheid
    - Getrouheid
    - Selfbeheersing (Gal. 5:22)

- KONTROLEER die INVULAKTIWITEIT (M3.2)
  - * Gebruik die onderstaande voltooide raamwerk



G R O E P B E S P R E K I N G

- BESPREEK die volgende in groepverband
  - * Die rol van verskillende aspekte van 'n Christelike waardesisteem in die groei van die huwelik

W A T W E E T U N O U ?

WAARDES: ASPEKTE VAN 'N CHRISTENHUWELIK

- DIE VERTIKALE GOD TOT MENS VERHOUDING

  * DIE VERBOND
  * GOD SE HUWELIKSDOEL
  * CHRISTUS AS MIDDELPUNT
  * VERBINTENIS AAN GESIN EN GEMEENTE

- DIE HORISONTALE MENS TOT MENS VERHOUDING

  * EEN MAN EN EEN VROU
  * PERSOONSVERBINTENIS
  * LEWENSVERBINTENIS
  * GESLAGSVERHOUDING

- LIEFDE IS DIE SAMEBINDENDE VERHOUDINGSASPEK WAT BESTAAN UIT DIE

  * LIGGAAMLIK EMOSIONELE
  * OPOFFERENDE KAMERAADSKAP

- DIE IDEALE SENTRALE CHRISTENWAARDES IS

  * VREUGDE
  * GEDULD
  * GOEDHARTIGHEID
  * NEDERIGHEID
  * VREDE
  * VRIENDELIKHEID
  * GETROUHEID
  * SELFBEHEERSING

O P D R A G

- VOLTOOI die volgende INDIVIDUEEL voor die volgende MODULE
- STEL uself voor in die situasie van HUWELIKSMAAT A
- BESLUIT of u elke reaksie van HUWELIKSMAAT B as positief of minder positief sou ervaar
  * Kies ook die twee beste reaksies
- **MERK u antwoord in die kolom langs elke antwoord**


HUWELIKSMAAT A

"Toe ek by die huis kom, storm die buurman op my af en beskuldig my daarvan dat ek nie my kinders kan beheer nie. Hy sê toe hy probeer rus maar die kinders raas en skreeu die hele middag. Hy sê as dit weer gebeur kla hy ons aan van rusverstoring. En hy sê hy's al lankal moeg vir die hond se gekef. En daar staan ek toe ewe verskrik en ek weet nie wat om te sê nie en ek weet nie wat om te doen nie."

HUWELIKSMAAT B

1.	Is hy seker dit was óns kinders en óns hond?	
2.	Jy ontstel jou verniet, alles sal regkom	
3.	Oujongkêrels het maar min geduld met kinders	
4.	Jy moes die man op sy plek gesit het	
5.	So jy was heeltemal uit die veld geslaan omdat jy nie geweet het waarvan hy praat nie	
6.	Pas afgetrede mense is maar gefrusteerd en geïrriteerd	
7.	Jy het reg opgetree deur niks te gesê het nie	
8.	Meeste mense het maar soms sonde met die bure	
9.	Waar het die kinders gespeel en geraas?	
10.	Jy het dus oorweldig gevoel deur sy onverwagte aanval	

MODULE 4



HOUDINGS

M O D U L E 4

DOEL

- WAT IS HOUDINGS
- IDENTIFISERING VAN (EIE) SOORTE INTERAKSIE-HOUDINGS
- VOORKOMS IN INTERAKSIE VAN
- IDENTIFISERING VAN ASPEKTE VAN BEGRYPENDE KOMMUNIKASIEHOUDINGS

WERKSWYSE

- VOORSTUDIEMATERIAAL
- GROEPGESPREKKE

TERUGVOER

- SAMEVATTING
- INSETTE DEUR DIE GROEPLEIER

I N T E R A K S I E H O U D I N G S

ONDERSTEUNENDE HOUDING

- BEMOEDIGING, TROOS, SIMPATIE of GERUSSTELLING word uitgespreek of DAADWERKLIKE HULP en OPLOSSINGS word gegee

- Die EFFEK van die ondersteunende houdings op huweliksmaats is
  * 'n Gevoel dat die persoon misverstaan word en dat die ander nie vir die persoon omgee nie
  * 'n Verlies aan selfvertroue en selfwaarde
  * 'n Afhanklikheid van ander se menings, raad en leiding
  * 'n Valse gevoel van tevredenheid en vertroue weens gerusstelling

EVALUERENDE HOUDING

- 'n BEOORDELING van die wenslikheid van gedrag vind plaas
- EVALUERING en RAADGEWING geskied volgens 'n eie mening

- Die EFFEK van die evaluerende houding op huweliksmaats is
  * Die voorhou van 'n valse positiewe front en verdediging
  * Afhanklikheid en onvolwassenheid weens voortdurende kritiek op waardes en oordele
  * 'n Ervaring van minderwaardigheid weens raadgewing

INTERPRETERENDE HOUDING

- VERKLARINGS, INTERPRETASIES en VERDUIDELIKINGS van gedrag en gevoelens word gegee
- Voorsien 'n ANDER MANIER om na dinge te KYK

- Die EFFEK van die interpreterende houding op huweliksmaats is
  * Terugtrekking weens die bedreigende interpretasies
  * Stagnasie in ontwikkeling en onafhanklikheid weens insigte verskaf

ONDERSOEKENDE HOUDING

- VRAE word GESTEL om MEER INLIGTING te verkry
  - * Vrae fokus op wat vir die vraesteller belangrik is
  - * Enkele of reekse vrae word gestel

- Die EFFEK van die ondersoekende houding op die huweliksmaat is
  - * Terugtrekking en verdediging as vrae bedreigend/adviserend is
  - * Verlies aan spontaniteit en die keuse van onderwerpe gaan saam
  - * 'n Gebrek aan inisiatief en verantwoordelikheid - dit gee rigting en probeer om oplossings voor te skryf
  - * 'n Ervaring van miskenning en selfverwerping

AANVAARDENDE EN BEGRYPENDE HOUDING

- AANVAAR en RESPEKTEER die huweliksmaat ONVOORWAARDELIK
- GEE OM vir die ander as MENS sonder om te beoordeel
- Probeer om dinge VANUIT die ANDER se GESIGSPUNT te verstaan
  - * Fokus op die ander se gevoel en ervarings

- Die EFFEK van die begrypende houding op die
  - * Vrye uitdrukking van die self: ondersoek, evalueer en verander gedrag met gemak
  - * Selfaanvaarding, selfvertroue en groei tot selfverwesenliking

G R O E P B E S P R E K I N G

- **KYK na u reaksie op M3.19**

- **BESPREEK die volgende in groepverband**
  - * U tipiese houdings in interaksie
  - * Die effekte van verskillende interaksiehoudings
  - * Die mees opbouende tipe houding in interaksie

H O U D I N G S H E R K E N N I N G

- Die DOEL van hierdie aktiwiteit is om u bewustheid van verskillende soorte interaksiehoudings te verbeter

- **LEES individueel die onderstaande STELLINGS EN REAKSIES**

- **BEOORDEEL en BENOEM elke reaksie as een van die volgende**
  * Interpreterend
  * Ondersteunend
  * Vraend
  * Evaluerend
  * Aanvaardend en Begrypend

STELLING 1

"Daar moet besluit word oor die Desember-vakansie. Ek weet nie wat om te doen nie. Daar is twee moontlikhede waaraan ek gedink het. Vir die laaste vyf jaar was ons elke Kersfees op die plaas by Pa-hulle. Dis vir my lekker om so saam met die familie te kuier. Aan die ander kant wil die kinders graag see toe gaan waar daar ander jongmense is."

REAKSIE 1


* Jy voel dat jy dit aan Pa-hulle verskuldig is om soos altyd op Kersfees by hulle te wees
* Dis maar moeilik, ek's seker jy sal so oor 'n week of twee weet. Dit is nog heeltemal in tyd
* Watter plek by die kus het jy aan gedink?
* Jy is die een wat oor vakansies besluit. Maak 'n lysie van die voor- en nadele en besluit dan
* Jy is onseker oor twee ewe goeie moontlikhede oor wat om gedurende die vakansie te doen


STELLING 2

"Ek is bekommerd oor jou. Jy was so stil en lusteloos die laaste twee weke. Jy eet sleg en is gedurig naar. Baie van die dinge wat gewoonlik vir jou lekker is om te doen kom jy nie by uit nie. Dit lyk asof jy sleg slaap en jy word maklik geïrriteerd. Wat's fout?"

REAKSIE 2

* Moenie bekommerd wees nie, na die naweek is ek reg
* Los my 'n bietjie uit om te doen wat ek wil doen en wees bietjie meer verdraagsaam
* Wat laat jou nou skielik daaroor praat? Bring ek dan nie my kant nie?
* Hoe ek nou optree laat jou dink aan die keer toe ons vir lank nie geweet het wat is fout met my nie. Toe is dit al die tyd my blindederm
* So jy is besorg oor my omdat dit vir jou lyk asof ek nie myself is nie





B E G R Y P E N D E E I E N S K A P P E

G R O E P B E S P R E K I N G

- **BESPREEK die volgende in groepverband**

  * Die aard en belangrikheid van egtheid en respek in die huwelik

EGTHEID


- Egtheid is om HEELTEMAL USELF TE WEES

- "HEELTEMAL USELF" impliseer

  * Wat die self betref ten alle tye in bewustheid en aanvaarding van
    - Waardes en oortuigings
    - Swakpunte en sterkpunte
    - Voorkeure en afkeure

- "TE WEES" impliseer

  * 'n Bereidheid om na die huweliksmaat te leef
  * Die manier om dit te doen is
    - Eerlik (Sonder 'n masker of bybedoelings)
    - Openlik (Deursigtig)
    - Spontaan (Taktvol)
    - Konstant (Gedurig en Voorspelbaar)
  * Die deurgee (sê en wys) van alle informasie van toepassing op die huwelik


EGTHEID
EMPATIE
RESPEK

RESPEK EN AANVAARDING

- Respek en aanvaarding is 'n POSITIEWE BERUSTING en BETROKKENHEID by die MENSWEES van die huweliksmaat

- POSITIEWE BERUSTING by die MENSWEES van die ander impliseer om met oorgawe VIR die huweliksmaat TE WEES
  * Dit behels 'n bewustheid en waardering van die volgende:
    - Uniekheid: daar bestaan net een so 'n persoon
    - Waardevolheid en onvervangbaarheid
    - Innerlike krag en potensiaal

- POSITIEWE BETROKKENHEID by die MENSWEES van die ander beteken om ten alle tye BY dié ander te wees
  * Dit sluit ook in dat daar as volg opgetree word
    - Voortdurend hulp verleen, aanmoedig en ondersteun
    - Toegewyde deelname en deel van aktiwiteite en belangstellings

EMPATIE

- Empatie is GEBOU op heelwat MEER as die TOTAAL van egtheid, respek en aanvaarding

- Elke huweliksmaat ERVAAR die self, die ander en die WêRELD op 'n EIESOORTIGE wyse

- Empatie is om USELF in die HUWELIKSMAAT se VEL te PLAAS en daarmee te VOEL asof dit aan u behoort
  * U neem dus kennis van en beleef u huweliksmaat se gevoelens, gedagtes en ervarings

B E G R Y P E N D E K O M M U N I K A S I E G E D R A G

- 'n DIAGRAMMATIESE VOORSTELLING van die komponente van begrypende kommunikasiegedrag lyk as volg



- KENMERKEND van hierdie effektiewe kommunikasiegedrag is
  - * Die uiteindelike gevolg dat intieme kommunikasie plaasvind

    dus

    - Groei en ontwikkel huweliksmaats en die huwelik konstruktief

      deurdat

    - Hulle die self en mekaar verstaan
- Hierdie BEGRIP word as volg MOONTLIK GEMAAK

PRAAT

* Huweliksmaat A, uit die selfkennis wat bestaan, druk 'n spesifieke gevoel of spesifieke ervaring uit

LUISTER

* Huweliksmaat B gee aandag aan en luister na die gevoelens en ervarings

GESELS

* Huweliksmaat B parafraseer die boodskap om te kontroleer dat dit reg verstaan word
* Reageer empaties op die gevoelens en ervarings van die boodskap
* Verdere opbouende gesprek en probleemoplossing vind plaas

W A T W E E T U N O U ?

- WAT 'N HOUDING IS

- VERSKILLENDE SOORTE HOUDINGS IN INTERAKSIE
  - * ONDERSTEUNEND
  - * EVALUEREND
  - * INTERPRETEREND
  - * ONDERSOEKEND
  - * BEGRYPEND EN AANVAARDEND

- HOE HIERDIE HOUDINGS IN INTERAKSIE LYK

- BEGRYPENDE HOUDINGS BESTAAN UIT

  * BEGRYPENDE EIENSKAPPE (HOE DIT LYK)
    - EGTHEID
    - RESPEK
    - EMPATIE

  * BEGRYPENDE KOMMUNIKASIEGEDRAG
    - PRAAT
    - LUISTER
    - GESELS
    - PROBLEME OPLOS

O P D R A G

- **LEES die onderstaande STELLING**
- Na die stelling is daar VYF MOONTLIKHEDE van wat u as luisteraar moontlik HOOR
- **TOON AAN WATTER een van die vyf moontlikhede u die waarskynlikste sou hoor**
- **TREK 'N KRING om die nommer van daardie respons wat u as die mees toepaslike beskou**
- VOLTOOI die opdrag voor die aanvang van MODULE 5

"Ek het besluit dat dit my nie gaan help nie. Wat gebeur, is dat ek meer en meer besef wat ek moet doen, en ek is siek en sat daarvan om verantwoordelikheid te moet dra - ek dink nie ek sal weer terugkom nie."
Die persoon sê dat hy/sy ...

1. Weet dit belangrik is om self te besluit. Ook dink dit is beter om nie vir die probleem te skrik nie
2. Die situasie pynlik vind en eerder graag daaruit wil ontsnap
3. Moedeloos is en wil tou opgooi met alles
4. Moontlik genoegsaam die saak op heelwat verskillende maniere bekyk het
5. Soveel verantwoordelikhede te veel is vir een mens om te hanteer en hulp nodig het

MODULE 5

LUISTER

M O D U L E 5

DOEL

- WAT IS?
- IDENTIFISERING VAN EIE
- BELANGRIKHEID VAN
- DIE AANLEER EN VERBETERING VAN

* AANDAG
* LUISTER

WERKSWYSE

- VOORSTUDIEMATERIAAL
- MODELLERING
- AKTIWITEITE
- GROEPBESPREKING

TERUGVOER

- SAMEVATTING
- GROEPEVALUERING
- INSETTE DEUR GROEPLEIER

B E N A D E R I N G S T O T L U I S T E R

- **KYK na u "luister" in OPDRAG (M4.10)**
  * Vergelyk en identifiseer u reaksie as een van die onderstaande benaderings tot luister

EVALUERING

Die luisteraar let op na waar die huweliksmaat met gepastheid, korrektheid of effektiwiteit optree, ervaar of voel

INTERPRETASIE

Die luisteraar kyk na die oorsake of die betekenis van die boodskap van die huweliksmaat

ONDERSTEUNING

Die boodskap word so ontvang dat die intensiteit van die huweliksmaat se ervarings of gevoelens nie korrek waargeneem word nie

ONDERSOEKEND

Die luisteraar konsentreer slegs op 'n sekere deel van die boodskap byvoorbeeld deur vraagstelling

BEGRYPEND EMPATIES

Daar word op so 'n manier geluister wat verseker dat die huweliksmaat se gevoelens, gedagtes en ervarings korrek en volledig begryp word

G R O E P B E S P R E K I N G

- **BESPREEK die volgende in groepverband**

  * Die effekte van verskillende benaderings tot luister
  * Die mees effektiewe benaderings tot luister

B E G R Y P E N D E E M P A T I E S E L U I S T E R

- **LEES en ONDERSOEK die volgende aangaande die begrypende empatiese manier van AANDAG en LUISTER**

Onafgesien van wat jou gevoelens en wense mag wees en of ek daarmee saamstem of nie, sal ek jou respekteer en as persoon na waarde ag. Ek waardeer die geleentheid om by jou te staan om jou ervarings, gevoelens en wense vir jouself en my duidelik te maak. Dit is vir my belangrik omdat ek wil hê dat jy dit meer en meer aan my moet oordra op 'n eerlike, openlike, direkte en spesifieke wyse. So 'n manier van kommunikasie maak dit vir my moontlik om jou gedurig beter te leer ken en te verstaan en daarom meer realisties te werk aan die uitbouing van ons huwelik. Elkeen van ons sien dinge op sy eie manier en ervaar dit op 'n unieke wyse.
Ek moet daarna streef om myself in my huweliksmaat se skoene te plaas en 'n grootse poging aan te wend om die wêreld vir 'n moment deur my huweliksmaat se oë te aanskou. Ek probeer om presies te verstaan hoe die ander die situasie sien en die gevoelens wat daarmee gepaard gaan. Om seker te maak moet ek dit met my huweliksmaat kontroleer en wel op so manier wat getuig van opregte belangstelling en onvoorwaardelike aanvaarding

G R O E P B E S P R E K I N G

- **BESPREEK die volgende in groepverband**

  * Die <u>belangrikheid</u> van <u>aandag</u> en <u>luister</u> in huwelikskommunikasie

M O D E L L E R I N G

- **KYK na die modellering oor AANDAG EN LUISTER**
- Die toepassing van AANDAG en LUISTER in huwelikskommunikasie word aan u geïllustreer
- **SKRYF u aantekeninge en kommentaar NEER**

G R O E P B E S P R E K I N G

- **BESPREEK die volgende in groepverband**

  * Belangrike elemente van aandag en luister in effektiewe egpaarkommunikasie

- **LEES die volgende aangaande AANDAG GEE**

	AANDAG GEE	
	HOE OM AANDAG TE GEE (SELF)	WAARAAN OM AANDAG TE GEE
POSISIE	• Teenoor die ander ("Ek stel belang in jou")	• Waar/watter kant toe is die ander. Bv. reg voor, draai rug, langsaan
AFSTAND	• Redelik naby die ander ("Ek is met jou")	• Hoe naby of hoe ver is die ander. Bv. redelik ver of besonder naby
OOGKONTAK	• Kyk die ander voortdurend in die oë ("Ek sien en hoor jou")	• Word oogkontak vermy of gehandhaaf. Bv. kyk weg of staar na u
POSTUUR	• Handhaaf 'n oop liggaams-houding en leun effens vorentoe. ("Ek is beskikbaar")	• Oop of geslote, leun weg of nader. Bv. arms of bene oormatig gekruis
GESIGSUITDRUKKING	• Vriendelik (glimlag) en belangstellend ("Ek gee om vir wat jy sê")	• Gesigsuitdrukking goedkeurend of verveeld. Bv. uitdrukkingloos, frons, wenkbroue lig
GEBARE EN BEWEGINGS	• Wees spontaan en natuurlik ("Ek voel tuis saam met jou")	• Oop, natuurlik, gespanne of geen beweging. Bv. vinnige beweging, skud voet, hande vroetel
ANDER	• 'n Bewuste besluit en poging • 'n Begrypende houding	• Manier van praat bv. hard of sag, vinnig of stadig, sug, struikel oor woorde

E G P A A R - E N G R O E P A K T I W I T E I T

- Die DOEL van hierdie aktiwiteit is om aan u die geleentheid vir die ontwikkeling van aandagvaardighede te gee

- **LOS in egpaarverband die onderstaande SITUASIE 1 OP deur van ROLLESPEL gebruik te maak**

- **PAS die elemente van AANDAG GEE so goed as moontlik TOE**

  * Let op die manier waarop u en u huweliksmaat die beginsels toepas

SITUASIE 1

- Mevrou het onlangs begin werk. Sy vind dit moeilik om soos altyd die meeste verantwoordelikheid vir byna alle huistake te aanvaar. Waar sy nou 'n finansiële bydrae maak, wil sy graag 'n gelyke sê in die opstel van die begroting hê
- Meneer glo dat daar sekere dinge in 'n huis is wat nou eenmaal net nie 'n man se werk is nie. Hy sien homself nog steeds as die gesin se broodwinner en wil daarom die finale sê in finansiële besluite behou

- **KYK na die Tabel op M5.5 oor AANDAG GEE**

- **BESPREEK en identifiseer u STERKPUNTE en minder sterk punte van AANDAG GEE in die hantering van die SITUASIE 1 en in u huwelikskommunikasie in die algemeen**

- **BESPREEK die voorafgaande bevindinge in groepverband**

-●●●-

- **LOS in groepverband die onderstaande SITUASIE 2 OP deur van ROLLESPEL gebruik te maak**

  * Die groepleier tree op as Egpaarlid 2
  * Al die groeplede speel die rol van Egpaarlid 1

- PAS weereens die elemente van aandag gee so goed as moontlik TOE

  * Let op watter aandagvaardighede deur uself, die ander egpaarlede en die groepleier gebruik word

SITUASIE 2

- Egpaarlid 1 is baie gemotiveerd en entoesiasties teenoor die aanleer en die toepassing van kommunikasievaardighede
- Egpaarlid 2 is 'n bietjie huiwerig en wonder of dit werklik dit werd is om soveel moeite te doen en daarmee deur te druk

G R O E P B E S P R E K I N G

- **BESPREEK die volgende in groepverband**

  * U eie en ander egpaarlede se gebruik van die verskillende maniere van aandag gee
  * Die effekte van die toepassing of die afwesigheid van verskillende aandagvaardighede

H O E O M T E L U I S T E R

- **BESTUDEER die volgende aangaande HOE OM TE LUISTER**

VOORVEREISTES

- BESLUIT om aandag te gee en te luister
- SKAKEL stoornisse uit

AANDAG GEE

- RIG alle aandag (M5.5) met alle sintuie OP u huweliksmaat en dit wat gesê en gedoen word

INHOUD HOOR

- BEPAAL u huweliksmaat se BELANG by die boodskap
  - * Luister na die wie en die wat, waar en wanneer, die hoekom en die hoe van die boodskap

GEVOELENS HOOR

- BEPAAL volledig elke GEVOEL wat u huweliksmaat ervaar en oordra
  - * Spandeer die meeste energie in luister na gevoelens

AANMOEDIGING

- REAGEER somtyds om verdere boodskappe te ontdek op maniere soos
  - * "Ja?"
  - * "Vertel my meer?"
  - * "En toe?"
  - * "Dis interessant?"

KONTROLEER

- GEE 'n opsommende weergawe van NET DIT wat u gehoor het
  - * Laat die spreker aandui of dit in die kol is
  - * Onderhandel totdat u huweliksmaat tevrede is

INDIVIDUELE EN GROEPAKTIWITEIT

- **LEES individueel die onderstaande VERSKUILDE BOODSKAPPE**
  - Luister by elke VERSKUILDE BOODSKAP na wat die persoon eintlik vir u wil sê
  - Skryf die boodskap soos u dit verstaan in die onderstaande ruimtes neer

VERSKUILDE BOODSKAPPE

"Aan die een kant geniet ek my werk en aan die ander kant is die bevorderingsmoontlikhede so beperk. Die nuwe werk wat ek kan aanneem het soveel meer interessante uitbreidingsmoontlikhede maar daar is minder sekuriteit. Wat dink jy daarvan?

WERKLIKE BOODSKAP Jy sê dat ----------

VERSKUILDE BOODSKAP

"Ek is nie eens genooi na die jaarlikse sosiale geleentheid nie. Dit is die eerste keer in baie jare dat so iets gebeur. Verlede week was ek nog goed genoeg om met 'n paar takies te help en nou word ek eenvoudig geïgnoreer.

WERKLIKE BOODSKAP Jy sê dat ----------

- **DEEL u mening met die groep en BESPREEK die effektiwiteit daarvan**

W A T W E E T U N O U ?

- VERSKILLENDE BENADERINGS TOT
- HOE LYK U VORIGE MANIER VAN
- DIE BELANGRIKHEID VAN BEGRYPENDE EMPATIESE
- HOE LYK GEWENSDE WYSES VAN
- DIE GEWENSDE TOEPASSING VAN

* AANDAG

* LUISTER

O P D R A G

- **LEES en VOLTOOI die onderstaande stellings wat oor uself gaan**

  * Gee u eerste natuurlike antwoord

  * Skryf u voltooide sinne in die onderstaande ruimtes neer

- VOLTOOI die opdrag voor die aanvang van MODULE 6

Ons as egpaar _____
Ek hou van mense wat _____
Ek voel seergemaak wanneer _____
As iemand my konfronteer _____

MODULE 6

PRAAT

M O D U L E 6

DOEL

- WAT IS
- DIE BELANGRIKHEID VAN
- DIE AANLEER EN VERBETERING VAN
- ALGEMENE FOUTE VAN

* SELFONTHULLING
* GEVOELENS DEEL
* SPESIFIEKHEID

WERKSWYSE

- VOORSTUDIEMATERIAAL
- GESPREKKE
- AKTIWITEITE
- MODELLERING

* GROEP
* EGPAAR
* INDIVIDUEEL

TERUGVOER

- GROEPEVALUERING
- OPSOMMING/SAMEVATTING
- INSETTE DEUR DIE GROEPLEIER



SELFONTHULLING

S E L F O N T H U L L I N G

- Selfonthulling is om u MENSWEES aan u huweliksmaat te ONTBLOOT

- Selfonthulling kan slegs gebeur as daar by altwee huweliksmaats 'n HOUDING van BEGRYPING bestaan

- Selfonthulling is NOODSAAKLIK in huwelikskommunikasie om:

  * Mekaar en die self beter te leer ken, verstaan en aanvaar
  * Onderlinge vertroue en selfvertroue op te bou
  * Mekaar se behoeftes te bevredig
  * Spanwerk in en werk aan die huwelik te bevorder
  * Die huwelik sterker en meer gelukkig te maak
  * Interessanter en meer aantreklik vir mekaar te wees

- Selfonthulling LYK as volg:

  * Om te sê en te wys (te laat weet)
    wat
  * U dink en veral wat u voel
    oor
  * U huweliksmaat en die situasie

- Selfonthulling DEEL met u huweliksmaat

  * Gaan oor gevoelens
    - Positief en negatief
    - Intens en oppervlakkig
  * Ontlok meer wedersydse selfonthulling

I N D I V I D U E L E E N G R O E P A K T I W I T E I T

- KYK na u voltooide sinne in die OPDRAG (M5.11)
- KIES en MERK 2 sinne wat u graag met die groep sal deel
- ONTHUL die sinne aangaande uself met die groep
- BESPREEK die volgende in groepverband

  * Die effek en belangrikheid van selfonthulling

M O D E L L E R I N G

- KYK na die modellering oor SELFONTHULLING
- TOEPASSINGS van selfonthulling as praat in egpaarkommunikasie word aan u geïllustreer
- SKRYF u aantekeninge en kommentaar NEER

P R O B L E M E V A N S E L F O N T H U L L I N G

- GRADUEEL: Geleidelike selfonthulling wat nie te sterk is nie is nodig
- BALANS: Nie te min of te veel van uself onthul nie
- KONSTANT: Dit moet deurlopend gebeur
- TYDSBEREKENING: Net op die regte tyd op die regte plek
- HIER EN NOU: Irrelevante intieme sake uit die verlede is slegs nodig as dit die huweliksmaat help om u in die huidige situasie beter te verstaan
- DIEPTE: Daar behoort genoeg gesê te word van uself
- KONTEKS: Dit moet van toepassing wees op wat in die hier en nou tussen u gebeur

S E L F K E N N I S

- Om u GEDAGTES en GEVOELENS aan u huweliksmaat te kan ONTBLOOT, behoort u die SELF GOED te KEN
  * Byvoorbeeld sterkpunte en minder sterkpunte, waarvan u hou en nie hou nie
  * Selfkennis is dus die fondament van selfonthulling

- U toon 'n REAKSIE op ALLES wat u DOEN en ERVAAR
  * Hierdie reaksie mag meer en meer raakgesien word as u daarop let

- MANIERE om u SELFKENNIS te VERBETER
  * "Luister" na uself. Dit kan u help om u gevoelens en reaksies op wat gebeur beter te verstaan
  * Kyk hoe ander mense reageer op wat u doen en sê
    - Vra hulle ook hoe hulle u optrede ervaar
  * Deur u gevoelens en reaksies in woorde uit te druk kan u meer leer van uself

I N D I V I D U E L E E N G R O E P A K T I W I T E I T

- Die DOEL van hierdie aktiwiteit is om aan u die geleentheid te gee om u

  * Selfkennis te ontwikkel

  * Selfonthullingsvaardighede te verbeter

- **VOLTOOI die volgende stellings wat oor uself gaan**

  * Gee u eerste natuurlike reaksie

Mense wat my regtig ken sê _____ _____
Min mense weet dat ek _____ _____
Ek is _____ _____
Reg nou, op hierdie oomblik voel ek _____ _____ ('n emosie) omdat _____ _____ (rede)

- **ONTHUL die laaste twee sinne aan die groep**

W A T W E E T U N O U ?

- WAT IS
  - * SELFONTHULLING
  - * SELFKENNIS
- DIE BELANGRIKHEID VAN SELFONTHULLING
- HOE LYK EFFEKTIEWE SELFONTHULLING
- PROBLEME VAN SELFONTHULLING
- DIE TOEPASSING VAN SELFONTHULLING



GEVOELENS DEEL

G E V O E L E N S D E E L

- Gevoelens deel is die SEMENT wat die BOUSTENE van die HUWELIKSVERHOUDING AANMEKAAR hou

- Die GEVOLGE van gevoelens deel is

  * Om uself en u huweliksmaat bewus te maak daarvan
  * Begin gewoonlik 'n gesprek wat bevorderlik is vir huweliksgroei

- Gevoelens is INNERLIKE REAKSIES wat u ERVAAR wanneer u iets DOEN of DINK

- Om gevoelens te kan deel behoort u BEWUS te wees daarvan en LEER om dit te HERKEN

  * Herkenning van emosies is moontlik deur te luister na u liggaamsreaksies byvoorbeeld
    - Bewerigheid, sweterigheid, trane, ens.
    - Verandering in hartklop en asemhaling

- Gevoelens behoort duidelik ONDERSKEI te word van gedagtes en gebeure, byvoorbeeld

GEDAGTE

* Ek dink my huweliksmaat is 'n goeie ouer

GEBEURE

* Die kinders bedank u huweliksmaat vir iets

GEVOEL

Ek voel ...

* Trots op jou
* Jaloers op jou
* Lief vir jou

- BALANS is belangrik in die deel van gevoelens

- TE MIN of TE VEEL gevoelens deel is ONGEWENS
  * Somtyds behoort ons die risiko te loop en op te tree
  * Andersins behoort ons dit te beteuel

- BALANS in gevoelens deel beteken dus om op die REGTE TYD die REGTE HOEVEELHEID emosies te ontbloot

- POSITIEWE sowel as NEGATIEWE gevoelens behoort gedeel te word

  * Voortdurende uitdrukking van positiewe gevoelens in die huweliksverhouding is van onskatbare waarde

- Gevoelens wat moeilik is om te DEEL en te AANVAAR is

  * Onvoldoendheid
  * Verwerping
  * Neerslagtigheid
  * Minderwaardigheid
  * Skuld
  * Passiwiteit
  * Afhanklikheid
  * Hulpeloosheid

G R O E P B E S P R E K I N G

- **BESPREEK die volgende in groepverband**

  * Die <u>effek</u> en <u>waarde</u> van gevoelens deel in die huwelik

  * <u>Elemente</u> van gevoelens deel

M O D E L L E R I N G

- **KYK na die modellering van gevoelens DEEL**

- Die toepassing van GEVOELENS DEEL as deel van PRAAT in huwelikskommunikasie word aan u geïllustreer

- **LET OP en MERK watter van die volgende maniere van BEGRYPENDE GEVOELENS DEEL SONDER WOORDE word gebruik**

GEVOELENS DEEL SONDER WOORDE	
AANDUIDERS	BEGRYPING
• AFSTAND	NABY
• LIGGAAMSHOUDING	LEUN EFFENS NA DIE ANDER, ONTSPANNE
• GEBARE	OOP EN VERWELKOMEND
• OOGKONTAK	KYK DIE ANDER IN DIE Oë
• AANRAKING	RAAK SAG AAN DIE ANDER
• STEMVOLUME	SAG
• GESIGSUITDRUKKING	GLIMLAG EN BELANGSTELLEND

- **BESPREEK en KONTROLEER u waarnemings in groepverband**

W O O R D E

- Om u gevoelens met woorde te kan uitdruk behoort u gevoelens die regte NAME te kan gee

- In BYLAAG A (M8.12) vind u lyste woorde, ingedeel in tien emosie-kategorieë en intensiteit, wat u kan gebruik om u GEVOELSWOORDESKAT uit te brei

AKTIWITEIT: GEVOELENS DEEL DEUR WOORDE

- Om gevoelens te kan uitdruk, moet ons WEET hoe om dit op VERSKILLENDE MANIERE te beskryf
- BESLUIT in groepverband hoe om die onderstaande ooreenstemmende gevoelswoorde en -sinne UIT te DRUK

	ENKELWOORDE	BEELDE (Beskrywings, idiome)	AKSIE (Wat wil u doen)
EK VOEL ...	• Gelukkig	* In die wolke	* Om te sing en te dans
	• Liefdevol	* _____	* Om jou styf vas te hou
	• Blootgestel	* Soos 'n geplukte hoender	* _____
	• _____	* Op 'n kruispad	* Om teen mure uit te klim
	• Vasgedruk	* _____	* Of ek wil weghardloop

I N D I V I D U E L E E N G R O E P A K T I W I T E I T

- Die DOEL van hierdie aktiwiteit is om aan u die geleentheid te gee om u deel van gevoelens deur woorde te ontwikkel

- Verskillende EMOSIES wat u in u huwelikskommunikasie MAG ERVAAR word aangedui

- Vir elke emosie word DRIE verskillende MANIERE van UITDRUKKING gegee

- **KIES en MERK die meer korrekte manier van gevoelens deel**

VREUGDE

* Dit was nou vir jou 'n groot verrassing
* Ek het die kuiertjie by ons vriende geniet
* Na al die harde werk kry ons dit uiteindelik reg om saam te kan besluit

TROTS

* Ek is bly dat ek dit goed genoeg kan doen
* Dit gaan goed maar ek kan nog beter doen
* Ek kry dit reg om so teenoor my huweliksmaat op te tree soos wat ek dink die ideaal is

VREES

* As ek alles vergeet weet ek dit sal goed gaan
* As enigiemand hiervan hoor kan jy maar weet dis ek
* O ramp, daar is niks wat ek kan doen om dit te voorkom nie

JALOESIE

* Sy het al die dinge wat ek nooit sal kan bekostig nie
* Ek kan haar nie verdra nie, sy skinder die hele dag
* Hy kan my nie meer kere uitneem nie, omdat hy heelwat saam met sy vriende kuier

SKAAMTE

* Dit was die verkeerde ding gewees om te sê
* Almal weet 'n mens sê net nie so iets nie
* Om so iets te sê pas net nie by my nie

ANGS

* Ek is so gespanne. Dit voel asof daar iets erg gaan gebeur
* Dit is verskriklik om so te wag vir die keurings-uitslae
* Ek is baie bekommerd oor die operasie wat voorlê

WOEDE

* Hoe harder ek probeer hoe swakker vaar ek
* Ek kan dit nie verduur om in sy geselskap te wees nie
* Ek sou my doelwit bereik het as hy nie my kanse bederf het nie

SKULD

* Ek weet ek is nie so 'n tipe mens nie
* Ek is daartoe in staat om beter as dit te doen
* Ek weet dit is verkeerd om oor iets nietig woedend te word

- **DEEL en KONTROLEER u keuses met die ander groeplede**

I N D I V I D U E L E E N G R O E P A K T I W I T E I T E

- Die DOEL van hierdie aktiwiteit is om aan u die geleentheid te gee om DEEL VAN GEVOELENS met en sonder woorde te verbeter
- HUWELIKSITUASIES wat u mag ervaar, word AANGEDUI
  * Moontlike emosionele reaksies word op elke situasie gegee
- **DEEL met ROLLESPEL deur WOORDE en SONDER WOORDE 'n emosionele reaksie op 'n HUWELIKSITUASIE in die groep**
- GEBRUIK die basis van OPBOUENDE GEVOELENS DEEL

EK VOEL ... (emosie) OMDAT ... (rede)

  * Gebruik indien verkies die rede vir emosie tussen hakies.
- **LET op na die manier waarop groeplede gevoelens deel**
- **BESPREEK EN GEE terugvoer aan elke lid oor die manier waarop gevoelens gedeel word**

HUWELIKSITUASIE 1

- U huweliksmaat dring daarop aan om hierdie keer saam te gaan om inkopies te gaan doen. U voel ...
  * Gelukkig (omdat u hulp kry)
  * Dronkgeslaan (omdat dit onverwags is)
  * Waardering (omdat daar belangstelling is in u roetinesake)
  * Ongeduldig (omdat u huweliksmaat 'n besluitelose koper is)
  * Skuldig (omdat u laaskeer die verkeerde goed gekoop het)
  * Verkleineer (omdat dit u afdeling van die huishouding is)

HUWELIKSITUASIE 2

- U huweliksmaat het die ou motor wat u van u vader se kant af gekry het ernstig beskadig. U voel ...
  * Besorg (omdat hy/sy moontlik seergekry het)
  * Bekommerd (omdat die skade heelwat mag kos)
  * Hartseer (omdat u sentimentele waarde heg aan die motor)
  * Verlig (omdat die probleem van die wrak opgelos is)
  * Kwaad (omdat daar 'n skuldige tweede party is)
  * Onseker (omdat u huweliksmaat twyfelagtig bestuur)

HUWELIKSITUASIE 3

- U huweliksmaat is verkies tot voorsitter van 'n groot woelige kultuurorganisasie. U voel ...
  * Trots (omdat daar vertroue in hom/haar is)
  * Verras (omdat u huweliksmaat so vinnig gevorder het)
  * Bang (omdat dit minder tyd saam beteken)
  * Verleë (oor die negatiewe beeld van die organisasie)
  * Afgeskeep (omdat u nou eers daarvan hoor)
  * Opgewonde (vir u huweliksmaat se part)


HUWELIKSITUASIE 4

- U huweliksmaat vergeet van u huweliksherdenkings-afspraak en reël om skoolkonsert toe te gaan. U voel ...
  * Uitgesluit (omdat u nie in ag geneem is nie)
  * Gelukkig (omdat die kinders dit sal waardeer)
  * Verslae (omdat dit nog altyd 'n spesiale alleen-aand was)
  * Spyt (omdat u so aangehou het oor die konsert)
  * Ontsteld (omdat u so uitgesien het na die aand)
  * Seergemaak (omdat dit vir u so 'n belangrike geleentheid is)

W A T W E E T U N O U ?

- WAT IS GEVOELENS DEEL
- DIE BELANGRIKHEID VAN GEVOELENS DEEL
- HOE LYK EFFEKTIEWE GEVOELENS DEEL
- DIE TOEPASSING VAN GEVOELENS DEEL

DEUR WOORDE EN NIE-WOORDE



SPESIFIEKHEID

S P E S I F I E K H E I D

- Selfonthulling en gevoelens deel is OPBOUEND as dit SPESIFIEK gedoen word

- Om in die ALGEMEEN te praat is ONDUIDELIK en VERVELIG

  * Byvoorbeeld: "Wees asseblief meer liefdevol"
  * Alledaagse huweliksvoorbeelde is 'n terloopse dankie en halfhartige komplimente

- Spesifieke praat maak GERIGTE AKSIE en HUWELIKSGROEI moontlik

  * Byvoorbeeld: "Ek wil graag hê dat jy my meer moet komplimenteer as ek iets goed doen"

- Spesifieke praat behoort gewoonlik BETREKKING te hê op USELF as huweliksmaat

  * Begin dus altyd met die woord "Ek" wanneer u praat oor iets wat uself raak

- In spesifiek praat behoort daar OOREENSTEMMING te wees oor die MANIERE waarop u PRAAT deur
  * Woorde en
  * Nie-woorde

G R O E P B E S P R E K I N G

- **BESPREEK die volgende in groepverband**

  * Die belangrikheid van spesifiekheid in huweliks-kommunikasie

VORME VAN SPESIFIEKHEID

- Spesifiekheid beteken om op 'n KONKRETE manier die SELF te ONTBLOOT en GEVOELENS te DEEL oor
  - * Ervarings
  - * Gedrag
  - * Gevoelens

ERVARINGS

- Wat GEBEUR met u in u huwelik?
- Hoe tree u huweliksmaat teenoor u op?
- Byvoorbeeld
  - * "Ek is gister deur jou gekritiseer omdat ek gereeld vergeet waarvan jy nie hou nie"

GEDRAG

- Wat DOEN u (nie) in u huwelik (nie)?
- Wat kan u (nie) in u huwelik doen (nie)?
- Byvoorbeeld
  - * "Ek vermy dit maar altyd om dit te bespreek"

GEVOELENS

- Watter EMOSIE(S) ervaar u (nie)?
- Byvoorbeeld
  - * "Ek is teleurgesteld in myself omdat ek gereeld vergeet waarvan jy nie hou nie"
  - * "Ek voel maar skrikkerig daaroor en vermy dit maar altyd om dit te bespreek"

INDIVIDUELE, EGPAAR- EN GROEPAKTIWITEIT

- Die DOEL van hierdie aktiwiteit is om aan u die geleentheid te gee om u vaardighede om spesifiek te praat, uit te brei

- **LEES die volgende huwelikstellings wat ONSPESIFIEK is**

- **BESPREEK in groepverband voorstelle om elke stelling meer SPESIFIEK te maak**

- **SKRYF die meer spesifieke stelling in die onderstaande ruimte NEER**

HUWELIKSTELLING 1

Elke keer as jy maar hoor is dit daardie aanhoudende agent wat bel, sê jy ek moet sê jy is by 'n vergadering. Dit hou nou al weke lank so aan. Dit is nie hoe ek jou ken nie. Ek dink hy glo my nie.

SPESIFIEK 1 _____

_____

_____

HUWELIKSTELLING 2

Ek wens daardie TV wil blaas. 'n Mens kan mos nie gelyk TV kyk en behoorlik gesels nie. Geen mens kan met die ding kompeteer vir aandag nie. In die dag is ons altwee besig en saans van vroegaand tot die vlaggie wapper is dit sulke tyd

SPESIFIEK 2 _____

_____

_____

- **Op 'n ONSPESIFIEKE MANIER**

  * Dink individueel aan 'n ervaring, gedrag of gevoel van uself in die huidige groepsituasie

  * Skryf u stelling in die onderstaande ruimte neer

ONSPESIFIEKE GROEPSTELLING

Byvoorbeeld: Ek het nie 'n idee wat om nou te doen om myself te help nie

---

- **Op 'n SPESIFIEKE MANIER**

  * Dink individueel aan 'n ervaring, gedrag of gevoel van uself in die huidige groepsituasie

  * Skryf u stelling in die onderstaande ruimte neer

SPESIFIEKE GROEPSTELLING

Byvoorbeeld: Ek voel onseker hoe om die vaardigheid van spesifiek praat alledaags toe te pas

---

- **DEEL u bostaande spesifieke groepstelling met die groep**

  * Lewer kommentaar oor hoe spesifiek elke reaksie is

M O D E L L E R I N G

- **KYK na die modellering oor SPESIFIEKHEID**
- Toepassings van spesifiekheid as deel van PRAAT in huwelikskommunikasie word aan u geïllustreer
- **SKRYF u aantekeninge en kommentaar NEER**

P R I V A A T

- Op 'n SPESIFIEKE manier
  - * Dink individueel aan twee positiewe, persoonlike gevoelens of ervarings in u huidige huweliksituasie
  - * Skryf u boodskappe in die onderstaande ruimte neer

1. ---

---

2. ---

- **DEEL bostaande stellings met u huweliksmaat**

W A T W E E T U N O U ?

* WAT IS SPESIFIEKHEID

* DIE BELANGRIKHEID VAN SPESIFIEKHEID


* VORME VAN SPESIFIKHEID
  * ERVARINGS
  * GEDRAG
  * GEVOELENS

* DIE TOEPASSING VAN SPESIFIEKHEID

* HOE LYK EFFEKTIEWE SPESIFIEKHEID

-●●●-

* SELFONTHULLING * GEVOELENS DEEL * SPESIFIEKHEID



PRAAT

O P D R A G

- **LEES die onderstaande stellings**

- Elke stelling gaan oor 'n SITUASIE wat u huweliksmaat MAG ONDERVIND
  * Vyf moontlike reaksies op u huweliksmaat se boodskappe word gegee

- **TOON AAN watter van die vyf moontlike reaksies die beste BY U PAS**

SITUASIE 1

"Onse aarde, dit 'n saak van onmoontlikheid. Kyk net hoe gaan dit. Die kinders raas en skreeu. Hulle wil nie luister as ek met hulle praat nie. Intussen moes ek nog die foon antwoord en nou kook die vervlakste melk ook nog oor. Ek kan maar vergeet om die kinders betyds by die skool te kry."

* Jy moet leer hoe om die kinders vas te vat

* Wie bel jou nou die tyd van die oggend
* Toemaar, daar is nog tyd. 'n Mens raak maar paniekerig as dinge so dol gaan

* Jou senuweeagtigheid is 'n gebrek aan selfvertroue as moeder

* Lyk my dit gaan 'n bietjie rof met jou. Eers kinders, toe die foon en nou nog die melk ook

SITUASIE 2

"Dinge gaan heelwat beter by die huis. By die werk is dit nog dieselfde. Dit het nie eintlik verander nie, want die gewone werkprobleme sal daar maar altyd wees. Dit raak my deesdae nie so erg nie. Die belangrikste verandering is by die huis waar dit saak maak. Ek dink die groot rede daarvoor is my besluit om van my kant af te verander."

1. Wat bedoel jy as jy sê dat dinge by die huis heelwat beter gaan?

2. Ek dink die rede waarom jy voorheen so vasgeskop het teen verandering, was 'n diep vrees om seer te kry

3. So jy voel redelik tevrede met die verloop van veral sake by die huis en die aandeel van jou besluit in die verandering

4. Kom ons kyk na die mooi en positiewe dinge wat tot nou toe gebeur het. Jy moet daarop voorbou en verbeter

5. Ja, om goeie besluite te kan neem is 'n groot deel van die lewenskuns

MODULE 7

GESELS

M O D U L E 7

DOEL

- WAT IS
- HOE LYK
- FOUTE VAN
- DIE TOEPASSING VAN
- DIE BELANGRIKHEID VAN

* EMPATIES GESELS


* VERSKILLE

WERKSWYSE

- VOORSTUDIEMATERIAAL
- MODELLERING
- AKTIWITEITE
- GROEPGESPREKKE

TERUGVOER

- SAMEVATTING
- GROEPEVALUERING
- INSETTE DEUR DIE GROEPLEIER



EMPATIES GESELS

M O D E L L E R I N G

- **KYK na die modellering oor EMPATIES GESELS**
- Toepassings van EMPATIES GESELS as deel van huwelikskommunikasie word aan u geïllustreer
- Notas en aantekeninge

O N D E R D E L E V A N E M P A T I E S E H U W E L I K G E S E L S

- 'n HUWELIKSPAAR in enige ONTWIKKELINGSTADIUM
- Ooreenstemmende HUWELIKSWAARDES
- Wedersydse begrypende HOUDINGS
- Begrypende PRAAT
  - Selfonthulling
  - Gevoelens deel
  - Spesifiekheid
- Begrypende LUISTER

EMPATIE = BEGRYPENDE WEDERSYDSE LUISTER EN PRAAT



F O U T E V A N E M P A T I E S G E S E L S

- **BESPREEK in groepverband tipiese huweliksvoorbeelde van die volgende:**
- **LET OP watter EMPATIESE foute u soms in u huwelik maak**

PRAATFOUTE

* Te veel of te min praat
* Slegs raad gee aan u huweliksmaat
* Etikette aan die ander gee
* Uit woede praat en optree
* Veralgemenings gebruik
* Stil bly oor dinge wat pla
* Sarkasties is
* Die onderwerp sonder meer verander
* Vae en onduidelike terme gebruik
* Dreigemente uitdeel

LUISTERFOUTE

* Glad nie of sleg luister
* Ignoreer u huweliksmaat se gevoelens en ervarings
* Dink antwoorde uit terwyl die ander nog praat
* Konsentreer op eie behoeftes en doelwitte
* Sien u huweliksmaat as minder belangrik
* Maak afleidings vanaf onvolledige boodskappe

PRAAT- EN LUISTERFOUTE

* Praat namens u huweliksmaat
* Vra verskoning vir u menswees
* Eie opinies en sieninge laat oorheers in u huwelik
* Bevele en opdragte gee
* Ignoreer probleemsituasies en verskille

EMPATIES GESELS: LUISTER

- STEL VAS watter EMOSIE en REDE daarvoor

  * Ervaar u huweliksmaat
  * Probeer u huweliksmaat oordra

- PLAAS uself in u huweliksmaat se plek

- GEE AANDAG aan u huweliksmaat se liggaamshouding, gesigsuitdrukking, gebare en stemtoon

- LUISTER NA die WOORDE@ wat u huweliksmaat gebruik

- LET OP u eie WOORDE@ en NIE-WOORDE

  * Dit behoort begrypend en aanvaardend te wees

- As u TWYFEL wat die ander VOEL of BEDOEL

  * Wees eerder eerlik en vra

- DINK versigtig om presies seker te maak wat u huweliksmaat se boodskap is voordat u antwoord

-●●●-

WOORDE@

- LUISTER in EMPATIES GESELS maak dit nodig om u huweliksmaat se gevoelens te kan benoem
- In BYLAAG (M8.12) vind u lyste GEVOELSWOORDE

E M P A T I E S G E S E L S : P R A A T



- Sê AAN u huweliksmaat wat u by hom/haar SIEN OF HOOR
- GEBRUIK die volgende BASIESE FORMULE van

JY VOEL ... OMDAT ...

  * "JY VOEL" is die regte familie gevoelens van die regte intensiteit
  * "OMDAT" is die ervarings en/of gedrag wat die gevoelens veroorsaak

- Die manier waarop u WOORDE en NIE-WOORDE gebruik behoort BY MEKAAR TE PAS
  * Byvoorbeeld klink bly as u praat oor opgewondenheid
- REAGEER GEREELD om SEKER te MAAK dat u REG VERSTAAN
- GEE SPESIFIEKE, DUIDELIKE maar AKKURATE antwoorde
- GEE u huweliksmaat KANS om u REG te HELP as u nie heeltemal volledig verstaan nie

G R O E P B E S P R E K I N G

- **BESPREEK die volgende in groepverband**
  * Die belangrikheid van empatiese egpaarkommunikasie

I N D I V I D U E L E E N E G P A A R A K T I W I T E I T

- Die DOEL van hierdie aktiwiteit is om aan u die geleentheid te gee om u empatiese geselsvaardighede te ontwikkel

- **LEES aandagtig deur elk van die onderstaande STELLINGS**
  * Na elke stelling word die volgende voorsien
    - Die moontlike gevoelens wat ervaar word
    - Moontlike redes vir die gevoelens

- **BESLUIT individueel en KONTROLEER in groepverband**
  * Watter gevoelswoorde op 'n begrypende manier die huweliksmaat se emosie in elke STELLING die beste beskryf
  * Watter begrypende rede die oorsaak is vir u huweliksmaat se emosies in elke STELLING

STELLING 1

"Doen jy wat jy dink is reg. Dit help tog nie as ek jou sê wat ek wil hê nie. Die laaste keer toe ek daaroor besluit het, was dit 'n mislukking gewees. Hoe ek dinge sien is nie veel werd nie."

- Hierdie huweliksmaat **VOEL**
  * Lusteloos
  * Nutteloos
  * Bang
  * Verveeld
  * Geïgnoreer
  * Aggressief
- Hierdie huweliksmaat VOEL so **OMDAT** hy/sy ...
  * Nie weet wat verlede keer verkeerd gegaan het nie
  * Probeer om die waarheid te vermy
  * Voorheen nie goeie besluite geneem het nie
  * Verstaanbaar reageer onder sulke omstandighede
  * Waarskynlik nie genoeg mense raad gevra het nie

SITUASIE 2

"Die enigste tyd en plek wanneer jy toenadering soek is in die aande in die slaapkamer. Dit lyk vir my sommer soos 'n eenvertrek affêre. Wat van 'n spesiale afspraak so af en toe op 'n spesiale tyd wat in 'n spesiale plek eindig?"

- Hierdie huweliksmaat **VOEL** ...
  - * Gewoon * Ongemaklik * Strydlustig
  - * Eroties * Vasgedruk * Ontevrede
- Hierdie huweliksmaat VOEL so **OMDAT** hy/sy
  - * Onrealistiese verwagtinge het
  - * Te veel roetine in toenadering soek, ervaar
  - * Nie seker is wat met "spesiaal" bedoel word nie
  - * Weet dat te veel roetine altyd nadelig is
  - * Iemand is wat graag met dinge eksperimenteer

SITUASIE 3

"Daar is hierdie maand meer rekeninge in die pos as wat daar geld in my salaristjek is. As dit so aangaan weet ek nie wat ons gaan doen nie. Ons het ons uitgawes al tot op die been gesny en nog steeds lyk dit of daar geen uitkoms is nie."

- Hierdie huweliksmaat **VOEL** ...
  - * Misbruik * Afgesonder * Spyt
  - * Onbelangrik * Geruïneer * Besorgd
- Hierdie huweliksmaat VOEL so **OMDAT** hy/sy ...
  - * Verkeerd te werk gaan om die saak op te los
  - * Behoefte aan sekuriteit bedreig word

* Meeste mense deesdae so voel oor geldsake
* Uitgawes "sny" baie verskillende dinge mag beteken
* Finansiële probleme ondervind

SITUASIE 4

"Om te vergewe en te vergeet is makliker gesê as gedoen. Ek is een van daardie mense wat net nie kan nie. Ek is te diep seergemaak. Die skade is onherstelbaar. Gewone mense soos ek kan hulle nie soos heiliges gedra nie."

- Hierdie huweliksmaat **VOEL** ...
  - * Magteloos * Sondig * Skuldig
  - * Onhuts * Skiet tekort * Ontoereikend
- Hierdie huweliksmaat VOEL so **OMDAT** hy/sy ...
  - * Te eensydig en aggressief reageer
  - * Ook maar net mens is
  - * Vertroue in die medemens diep geskok is
  - * Nie duidelikheid het wat die "skade" is nie
  - * Dit moeilik is om te vergewe en te vergeet

G R O E P B E S P R E K I N G

- **BESPREEK die volgende in groepverband**
  - * Wat empatiese kommunikasie vir u huwelik mag beteken

O P D R A G

- Hierdie aktiwiteit is daarop gemik om u metode van kommunikasie te identifiseer

- **LEES individueel die onderstaande stellings**
  * Elke stelling hou verband met die een of ander aspek van 'n situasie waarin die huweliksmaat hom/ haar bevind
  * Geen ander inligting oor die persoon of die verdere verloop van die gesprek word beskikbaar gestel nie

- Na elke STELLING is daar vyf moontlike MANIERE waarop u mag reageer

- **TOON AAN watter een van die vyf moontlikhede u verkies**
  * Trek 'n kring om die nommer van daardie respons wat u as die mees toepaslike beskou

STELLING 1

"Ek het soveel moeite gedoen om my netjies aan te trek. En jy sien dit nie eers raak nie. Ek het spesiaal hierdie keer probeer om te doen soos jy daarvan hou, maar alles verniet. Ek kan dit net sowel gelos het."

1. Jy doen ook maar net jou beste
2. Jy voel teleurgesteld met my reaksie op jou spesiale probeerslag om mooi aan te trek
3. Jy wonder of ek jou nog waardeer
4. Wanneer het ek gesê waarvan ek hou of nie?
5. Jy trek jou te veel dinge aan

STELLING 2

"Hulle praat toe van hierdie persoon wat hulle so goed behandel en gehelp het. Naderhand kom ek toe agter dit is jy waarvan daar gepraat word. Ek sê toe liewer niks. Dit was lekker gewees om sulke mooi dinge te hoor."

1. Plaas daarvan dat jy hulle reghelp om hulle die verleentheid te spaar
2. Wat het hulle gesê?
3. Dit is vir jou belangrik om te weet dat ander mense van my hou
4. So jy's trots daarop dat die ander mense sulke mooi dinge oor my te sê gehad het
5. Dit is altyd lekker om iets mooi te hoor van iemand naby aan jou

STELLING 3

"Dit is nou iets baie spesiaal op 'n mooi dag. Dis pragtig. Ek waardeer dit baie. Dit is al so lank dat ek so iets begeer. Ek kan nie wag om dit te gebruik nie. Dit is nou net wat ek nodig gehad het."

1. Mooi dinge maak die lewe vir jou mooier
2. So jy hou baie van dit wat ek vir jou gegee het en waardeer dit
3. Onthou jy toe ons dit die eerste keer saam gesien het. Wanneer was dit nou weer?
4. Ja, dis darem maar lekker om op so 'n dag bederf te word
5. Dis ook net sulke dinge wat jou gelukkig kan maak

STELLING 4

"Sy het die hele oggend hier by my gesit en gesels en ek kon niks gedoen kry nie. Dit help ook nie ek sê iets nie want volgende week is dit maar weer dieselfde storie. Sy het soveel dinge wat haar pla maar nou is ek agter."

1. Wat moes jy alles gedoen het?
2. Jy gee haar seker die idee dat jy dit geniet
3. Jy het probleme om jouself te laat geld
4. Jy's gefrustreerd omdat sy maak dat jy nie dit gedoen kry wat jy moet doen nie
5. 'n Mens voel jammer vir haar en dan is dit wanneer sulke dinge gebeur

STELLING 5

"Dit is die eerste woord wat jy my hiervan sê. Sover dit my aangaan sou ons dit nog steeds gedoen het. As jy sulke dinge vroegtydig vir my sê kan ek my reëlings maklik verander en behoorlik haarfyn beplan."

1. Dit is te verstane dat jy so sal voel
2. Hoe lank voor die tyd is genoeg vir jou?
3. Jy is ontevrede omdat ek jou nie betyds gesê het nie
4. Jy hou daarvan om presies te beplan
5. Jy's onredelik. Ek's maar net 'n mens

-•••-

- **DEEL en BESPREEK u reaksies in groepverband**

-•••-

- **VERWYDER hierdie OPDRAG (M7.9 tot M7.11) en HANDIG in**

O P D R A G

- Hierdie aktiwiteit is daarop gemik om u manier van kommunikasie te identifiseer

- **KYK na die STELLINGS op die videoband**
  * Elke stelling hou verband met die een of ander aspek van 'n situasie waarin die huweliksmaat hom/haar bevind
  * Geen ander inligting oor die persoon of die verdere verloop van die gesprek word beskikbaar gestel nie

- **REAGEER op elke stelling**

- **SKRYF u reaksies in die onderstaande ruimtes NEER**

STELLING 1

"Ek spreek vanaand die vergadering toe. Dis 'n moeilike klomp mense. Maar ek het hulle ondersteuning nodig. Ek is skoon bewerig as ek dink aan wat vir my voorlê."

REAKSIE 1 ----------

STELLING 2

"Kyk hier! Ek het gewen! Dis wonderlik! Soveel geld! Ek kan dit nie glo nie! Ek het dit glad nie verwag nie! Ek skryf nou al twee jaar lank elke maand in. En nou skielik dit! Wat 'n verrassing!"

REAKSIE 2 ----------

STELLING 3

"Jy het gisteraand die hele tyd gehad om my te vra. Ek is op pad werk toe en nog laat ook daarby. Ek kan nie verstaan hoekom jy my nie vroegtydig gevra het om daarna te kyk nie."

REAKSIE 3 _____

_____

_____

_____

STELLING 4

"Ek het die hele oggend voor die stoof gestaan. Ek het spesiaal dit gemaak waarvan julle hou. Julle storm in, eet vinnig klaar en sê nie eers dankie nie. Kla ook net oor die sous wat koud is."

REAKSIE 4 _____

_____

_____

_____

STELLING 5

"Dis nou vir jou 'n man so na my hart. Ek het geweet jy kon dit doen, maar dit is nog beter as wat ek verwag het. Dis baie goed. Jy verdien so 'n beloning na al jou harde werk."

REAKSIE 5 _____

_____

_____

_____

STELLING 6

"Ek kry elke keer die skuld vir die moeilikheid tussen jou en die kinders. Ek is altyd in die middel. Jy kla by my oor hulle. Hulle kla by my oor jou. Ek wens ek kan daaruit kom."

REAKSIE 6 _____

_____

_____

_____

STELLING 7

"Elke keer as jy ongelukkig is oor iets trek jy terug en sê jy niks. Ek weet nie wat om te doen nie want ek weet nie wat jy wil hê nie. As jy vir my sê kan ek iets daaraan doen."

REAKSIE 7 _____

_____

_____

_____

STELLING 8

"Ek moes haar nooit toegelaat het om alleen te gaan nie. Ek moes van beter geweet het. Ek leer ook nooit my les nie. Dit is asof ek die ongeluk veroorsaak het, nie daardie ander man nie."

REAKSIE 8 _____

_____

_____

_____

STELLING 9

"Ek het dit nie gekry nie. Ek het al my hoop daarop gebou en ek het geglo dit sal goed gaan. Ek verstaan nie hoe dit werk nie. Nou is al ons mooi planne daarmee heen."

REAKSIE 9 _____

_____

_____

_____

STELLING 10

"Dit is vir my so 'n mooi oomblik. Alles so perfek. Ons twee saam alleen - goeie geselskap. 'n Mooi plekkie met 'n warm atmosfeer, 'n kers, lekker kos en goeie wyn ...

REAKSIE 10 _____

_____

_____

_____

E G P A A R A K T I W I T E I T

- Die DOEL van hierdie aktiwiteit is om aan u die geleentheid te gee om u empatiese geselsvaardighede in u huweliksverhouding toe te pas

- **STEL op 'n EMPATIESE WYSE boodskappe OP wat SLEGS vir u HUWELIKSMAAT se ORE bedoel is**

  * Elke boodskap gaan oor 'n onderwerp in die areas van u huwelik wat aangedui word
  * Skryf u boodskap in die onderstaande ruimte neer

OUERSKAP _____

_____

_____

HUWELIKSROLLE _____

_____

_____

GESAMENTLIKE WAARDES _____

_____

_____

GELDSAKE _____

_____

_____


- **DEEL u boodskap in egpaarverband aan u huweliksmaat DEUR**

EMPATIESE
  * PRAAT
  * LUISTER
  * GESELS

O P D R A G

- HOE reageer u as daar 'n haakplek in u huweliksverhouding is
- **MERK die wat op u van toepassing is**
- VOLTOOI die opdrag VOOR die aanvang van VERSKILLE

	"Ek kan nie daarvoor help nie, dit is nou eenmaal soos ek gemaak en laat staan is."
	"Gaan aan. Ek gee nie om wat jy doen nie."
	U sê liewers niks en wag tot dit vanself regkom.
	"Dit is altyd jy wat begin en my uitlok."
	"Van alle kante af gesien is daar dan maar net een uitweg om dit op te los."
	"Jy gedra jou kinderagtig. Word 'n slag groot."
	U stort 'n paar trane
	"Jy's altyd so 'n wonderlike mens om my tegemoet te kom."
	U handhaaf 'n "Hoe-kan-jy-tog-so-naïef-wees" houding
	U kan u maar net nie self laat geld nie



VERSKILLE

V E R S K I L L E

- VERSKILLE en die gevolglike KONFLIK:
  - * Kom voor deur die hele lewensloop van die huwelik
  - * Is normaal en onvermydelik
- ONOPGELOSDE verskille bedreig huweliksontwikkeling en -bevrediging
- KONFLIK het waardevolle GROEIMOONTLIKHEDE vir die huwelik waar dit:
  - Oplossings van verhoudingsverskille beklemtoon
  - Ontwikkelende groei aanmoedig
  - Motivering om verskille te hanteer aanmoedig
  - Belangstelling in die huwelik(smaat) stimuleer
  - Besluite meer deurdag maak weens aanvanklike verskille
  - Daaglikse huweliksirritasies word verminder
  - Selfbegrip en selfkennis van die huweliksmaats aanmoedig
- OPGELOSDE verskille en konflik mag OPBOUEND van aard wees
- Huweliksgroei word BEVORDER deur die TOEPASSING van enkele BEGINSELS VAN VERSKILLE OPLOS

P R O B L E M E V A N V E R S K I L L E B E N A D E R

- **VERGELYK u antwoord in OPDRAG (M7.16) met die volgende**

GLADPRAAT

- OPENLIKE VLEIERY met BYBEDOELINGS

REDENERING

- LOGIESE REDENASIES word OORWELDIGEND gebruik om redenasies te WEERLê en AF te DWING

HULPELOOSHEID

- Maak VERSKONING dat SITUASIES BUITE BEHEER lê

OPKROPPING

- Mindere VERSKILLE word OPGEGAAR ("ly in stilte") totdat dit GENOEG is vir 'n UITBARSTING

LYDING

- HERINNER die huweliksmaat gedurig aan PYN en LYDING wat hy/sy veroorsaak om sy/haar GEDRAG te VERANDER

BLAMERING

- Die huweliksmaat KRY die SKULD vir ALLE wedersydse VERSKILLE

STILSTUIPE

- 'n LUIDE STILTE heers. Die huweliksmaat moet raai wat's fout

KRITISERING EN BESPOTTING

- Die huweliksmaat se BEKENDE TEKORTKOMINGE word UITGEBUIT

SELFVERKLEINERING

- TAKEL die SELF AF sonder om dit te BEDOEL

V O O R B E R E I D I N G V I R V E R S K I L L E O P L O S

- **GEBRUIK die volgende om te besluit op 'n vraagstuk wat (eerste) aandag behoort te geniet**

ERNS OF DRINGENDHEID	Hoeveel ONGEMAK veroorsaak dit? Hoe GEREELD kom dit voor? Hoe BEHEERBAAR is dit?
BELANGRIKHEID	Is dit BELANGRIK GENOEG om te HANTEER/ BESPREEK?
TYDSBEREKENING	Kan dit GEKONTROLEER word ONDER OMSTANDIGHEDE?
KANSE OP SUKSES	Kan 'n mens daarmee BEGIN met MOONTLIKE sukses?
KOMPLEKSITEIT	Is hierdie 'n GEÏSOLEERDE PROBLEEM? Of is dit 'n HANTEERBARE GEDEELTE van 'n GROTER probleem?
KONTROLE	Is die probleem ONDER die huweliksmaat se BEHEER?
KOSTE EFFEKTIWITEIT	Is dit die TYD en die MOEITE WERD?

M O D E L L E R I N G

- **KYK na die modellering oor VERSKILLE**
- Toepassings van VERSKILLE oplos in huwelikskommunikasies word aan u geïllustreer
- **LET OP na die opeenvolgende verskillende STAPPE in die proses van VERSKILLE OPLOS**

S T A P P E V A N V E R S K I L L E O P L O S

- VERSKILLE OPLOS behels die volgende sewe STAPPE

1 KOM BYMEKAAR
2 BEPAAL DIE PROBLEEM
3 LYS ALLE OPLOSSINGS
4 BEOORDEEL DIE OPLOSSINGS
5 KIES DIE REGTE OPLOSSING
6 VOER DIE OPLOSSINGS UIT
7 TERUGVOER

- Die TOEPASSING van hierdie stappe VERG SELFDISSIPLINE, OEFENING en HARDE WERK

KOM BYMEKAAR

- KIES die regte TYD en PLEK
- HANTEER verkieslik probleme DADELIK indien gepas
  - * Indien nie gepas
    - Neem inisiatief so gou as moontlik
    - Vermy onnodige onderbrekings met belangrike sake
- AANVULLENDE VAARDIGHEDE:
  - "Gesels uitstel"
  - Sien Bylaag B (M8.4)

BEPAAL DIE PROBLEEM

- ELKE huweliksmaat STEL 'n kant van die SAAK

  * Betoon empatie, respek en opregtheid

  * Praat reguit
    - Deel gevoelens en ervaring oor die self spesifiek

  * Luister begrypend

- HOU AAN met die onderwerp totdat die PROBLEEM DUIDELIK en SPESIFIEK is

  * Berei indien nodig vooraf 'n lys voor

- AANVULLENDE VAARDIGHEDE (Sien BYLAAG B)

  - "Gesamentlike onderwerpe" (M8.14)

  - "Oop vrae" (M8.15)

  - "Direkte vrae" (M8.15)

  - "Terugvoer vra" (M8.15)

  - "Vra vir spesifieke kritiek" (M8.16)

  - "Saamstem met 'n deel van die kritiek" (M8.17)

LYS DIE OPLOSSINGS

- Op GROND van die VRAAGSTUKKE GEÏDENTIFISEER

  * Maak 'n lys van alle moontlike oplossings
    - Al klink dit hoe onmoontlik

- AANVULLENDE VAARDIGHEID

  * "Ek wil jy wil stelling"

  * Sien Bylaag B (M8.17)

BEOORDEEL DIE OPLOSSINGS

- BESLUIT hoe goed elke oplossing SAL WERK

  * Gebruik alle beskikbare inligting

  * Kyk na die gevolge vir altwee

- BESLUIT op 'n PLAN van AKSIE wat die BESTE KANS het om te SLAAG

KIES DIE BESTE OPLOSSINGS

- NEEM u VOOR om 'n OPLOSSING te GEBRUIK wat

  * Beide huweliksmaats se behoeftes die beste bevredig of

  * Voorsien in die behoeftes van die huweliksmaat wat die slegste voel

- So 'n KEUSE mag heelwat ONDERHANDELING noodsaak
- OPLOSSINGS kan BEREIK word DEURDAT
  * Altwee huweliksmaats tot 'n ooreenkoms kom
  * Die een toegee (met of sonder om te verloor)
- AANVULLENDE VAARDIGHEDE (SIEN BYLAAG B)
  - "Onderhandeling" (M8.18)
  - "Voornemens" (M8.18)

VOER DIE OPLOSSING UIT

- BESLUIT WIE WAT WAAR en WANNEER sal doen
- SKRYF indien nodig die spesifikasies in akkoordboek NEER wat ALBEI ONDERTEKEN

TERUGVOER

- BESPREEK hoe GOED die oplossing werk
- Indien ALTWEE van u NIE TEVREDE is nie
  * Herhaal die proses deur weer by die eerste stap te begin

I N D I V I D U E L E , E G P A A R - E N G R O E P A K T I W I T E I T

- Die DOEL van hiedie aktiwiteit is om aan u die geleentheid te gee om u probleemoplossingsvaardighede te ontwikkel

- **DINK individueel aan drie ONDERWERPE in u ROL AS OUERS waaroor u en u huweliksmaat nie altyd saamstem nie**

- **SKRYF die onderwerpe NEER**

1 ----------

---

2 ----------

---

3 ----------

- **BESLUIT saam met u huweliksmaat op twee GESAMENTLIKE VERSKILLE wat u sou wou oplos**

  * Gebruik die beginsels van "Onderhandeling"

  * Skryf die verskilpunte neer

1 ----------

---

2 ----------

- **LOS die verskilpunte in egpaarverband OP**

  * Gebruik die sewe stappe van verskille oplos (M7.20)

  * Merk u vordering volgens elke stap op die onderstaande kaart met 'n regmerkie
  * Teken enige probleme aan wat u mag ervaar in die onderstaande ruimtes aan

KAART	
STAPPE	VOLTOOI
1. KOM BYMEKAAR ----------	
2. BEPAAL DIE PROBLEEM ----------	
3. LYS ALLE OPLOSSINGS ----------	
4. BEOORDEEL DIE OPLOSSINGS ----------	
5. KIES DIE REGTE OPLOSSING ----------	
6. VOER DIE OPLOSSING UIT ----------	
7. TERUGVOER ----------	


- **DEEL u PROBLEME met die TOEPASSING van verskille oplos in groepverband**

- **BESPREEK in groepverband hierdie probleme volgens die proses van verskille oplos**

W A T W E E T U N O U ?

- DAT VERSKILLE NORMAAL EN SELFS NODIG IS
- FOUTE IN BENADERINGS TOT VERSKILLE
- DIE UITSOEK VAN VRAAGSTUKKE VIR OPLOSSING
- HOE LYK DIE EFFEKTIEWE OPLOSSING VAN VERSKILLE
- WAT IS DIE STAPPE VAN VERSKILLE OPLOS
- DIE TOEPASSING VAN DIE STAPPE VAN VERSKILLE OPLOS

MODULE 8



VORENTOE PAD

M O D U L E 8

DOEL

- WAT ASPEKTE VAN U HUWELIKSVERHOUDING BETREF, U HELP OM TE BESLUIT

  * WAT U IDEAAL IS

  * WAAR U NOU STAAN

  * OM U IDEAAL TE BEREIK

WERKSWYSE

- VOORSTUDIEMATERIAAL
- EGPAARAKTIWITEITE
- GROEPBESPREKING
- KONTRAK

TERUGVOER

- 'N OPVOLGSESSIE
- DIE KWALITEIT VAN U TOEKOMSTIGE HUWELIKSVERHOUDING

S U K S E S - H U W E L I K S B E E L D

KERNASPEKTE

- WAARDES: 'n Gesamentlike gesonde waardesisteem
- HOUDINGS: Begrypende opbouende houdings
- INTERAKSIE
  * Begrypende kommunikasie - eienskappe
    - Egtheid
    - Respek en Aanvaarding
    - Empatie
  * Begrypende kommunikasiegedrag
    - Praat
    - Luister
    - Gesels
    - Verskille oplos

PERSOONLIKE ASPEKTE

- WAARDERING en LIEFDE: Gereelde positiewe bevestiging
- SPANWERK en SAMEWERKING: Sensitiwiteit, bedagsaamheid en ondersteuning
- SEKSUALITEIT: Liggaamskommunikasie as deel van totale egpaarinteraksie

ALGEMENE ASPEKTE

- HUWELIKSROLLE: Saamstem oor alle take en verantwoordelikhede
- GELDSAKE: Balansering en beplanning van gesinsinkomste en -uitgawes
- OUERSKAP: Toepassing en KERNASPEKTE in die struktuur met grense van ouer-kind verhoudings

A L G E M E N E I D E A L E H U W E L I K S B E E L D

- **BESPREEK die volgende in groepverband**

  * 'n Realistiese ideale beeld van die ALGEMENE ASPEKTE van die huweliksverhouding en hoe om dit te bereik

- **SKRYF die inligting in die onderstaande ruimtes NEER**

ALGEMENE ASPEKTE	
HUWELIKSROLLE	
OUERSKAP	
GELDSAKE	

E G P A A R A K T I W I T E I T

- Die DOEL van hierdie aktiwiteit is om u in staat te stel om 'n ontleding van die sterkpunte en die swakpunte van u huweliksverhouding te maak

- **BESPREEK in egpaarverband hoe u huweliksverhouding nou lyk wat ALGEMENE ASPEKTE betref, naamlik**

  * Huweliksrolle
  * Ouerskap

-●●●●-

- **IDENTIFISEER die STERKPUNTE en die SWAKPUNTE van die HUWELIKSROLLE en OUERSKAP van u huweliksverhouding**

STERKPUNTE

* Byvoorbeeld kennis, ervaring, vaardighede, positiewe eienskappe en neigings
* Word deur u huweliksmaat ondersteun en behoort dus vasgelê en uitgebou te word

SWAKPUNTE

* Byvoorbeeld gebrekkige kennis en ervaring, negatiewe eienskappe en neigings
* Word deur u huweliksmaat afgekeur en behoort deur u uitgeskakel te word

- **SKRYF die sterkpunte en swakpunte in die toepaslike ruimtes op die volgende bladsy NEER**

HUWELIKSONTLEDING

STERKPUNTE	SWAKPUNTE
HUWELIKSROLLE	
OUERSKAP	

E G P A A R A K T I W I T E I T

- Die DOEL van hierdie aktiwiteit is om aan u die geleentheid te gee om realistiese ideale vir u huweliksverhouding daar te stel

- **BESPREEK in egpaarverband realistiese IDEALE vir u huweliksverhouding wat die ALGEMENE ASPEKTE van huweliksrolle en ouerskap betref**

- **SKRYF u ideale in die onderstaande ruimtes NEER**

IDEALE ALGEMENE HUWELIKSASPEKTE
HUWELIKSROLLE ----------
OUERSKAP ----------

D O E L W I T T E

- 'n DOELWIT is iets wat u WIL BEREIK, VERANDER of WIL Hê in 'n SPESIFIEKE TYD

- KENMERKE van doelwitte

  * BEHOEFTES: Doelwitte spruit voort uit die behoeftes/ aspirasies en tekortkominge/frustrasies van 'n huwelik

  * KONTINUÏTEIT: 'n Voortdurende proses van doelgerigte stappe met die oog op 'n plan vir 'n bevredigende huwelik

  * REALISTIES: Die stappe moet bemeester word en onder albei huweliksmaats se beheer wees

  * EFFEKTIWITEIT: Die maksimum gebruik van sterkpunte en 'n vermyding van swakpunte

  * BEPLANNING: Dit moet spesifiek uiteengesit word op 'n waarneembare manier

G R O E P G E S P R E K

- **BESPREEK die volgende in groepverband**

  * Die belangrikheid en die problematiek van die stel van doelwitte in u toekomstige huweliksverhouding

  * Die belangrikheid van die kontrolering van gestelde doelwitte in die toekomstige huweliks-verhouding en die hantering van die probleme van toepassing in 'n opvolgsessie

E G P A A R A K T I W I T E I T

- Die DOEL van hierdie aktiwiteit is om die EERSTE van DRIE maandelikse GROEIKONTRAKTE op te stel om

  * Die kwaliteit van u toekomstige huweliksverhouding deur doelwitstelling te rig en uit te bou

  * Die basis te skep vir 'n opvolgsessie om die probleme van die toepassing van die inhoud van die kontrak te hanteer

- **VERGELYK in egpaarverband die HUWELIKSONTLEDING (M8.5) en die IDEALE HUWELIKSASPEKTE (M8.6) en VOLTOOI die eerste MAANDELIKSE ONTWIKKELINGSKONTRAK**

-●●●-

- NA die VERLOOP van die kursus KAN die KONTRAK

  * Erêns in u woning opgeplak word waar dit gereeld onder die oog is

  * Hersien word indien dit nodig is

-●●●-

- **VOLTOOI aan die einde van elke hieropvolgende maand-tydperk 'n volgende HUWELIKSONTWIKKELINGSKONTRAK**

- **BEWAAR die ONTWIKKELINGSKONTRAKTE en BRING dit SAAM na die OPVOLGSESSIE**

O N T W I K K E L I N G S K O N T R A K 1

- **BESLUIT op EEN ASPEK van u HUWELIK om aan te werk**

- **BESLUIT op EEN SAAK van hierdie HUWELIKSASPEK**

- **BESLUIT watter STAPPE NODIG is vir hierdie VERANDERING**

- **BEPAAL wat ELKEEN GAAN BYDRA om die verandering te laat plaasvind:**

  * Meneer ---

    ---

  * Mevrou ---

- **BEPAAL die DOELWIT wat u WIL BEREIK**

  ---

  * Tyd van voltooiing ---

- OPVOLGSESSIE

  * Datum --- * Plek ---

  * Tyd ---

- HANDTEKENING

  --- (MENEER) --- (MEVROU)

O N T W I K K E L I N G S K O N T R A K 2

- **BESLUIT op EEN ASPEK van u HUWELIK om aan te werk**

- **BESLUIT op EEN SAAK van hierdie HUWELIKSASPEK**

- **BESLUIT watter STAPPE NODIG is vir hierdie VERANDERING**

- **BEPAAL wat ELKEEN GAAN BYDRA om die verandering te laat plaasvind :**

  * Meneer ---

    ---

  * Mevrou ---

- **BEPAAL die DOELWIT wat u WIL BEREIK**

  ---

  * Tyd van voltooiing ---

- OPVOLGSESSIE

  * Datum --- * Plek ---

  * Tyd ---

- HANDTEKENINGE

  --- (MENEER) --- (MEVROU)

O N T W I K K E L I N G S K O N T R A K 3

- **BESLUIT op EEN ASPEK van u HUWELIK om aan te werk**

- **BESLUIT op EEN SAAK van hierdie HUWELIKSASPEK**

- **BESLUIT watter STAPPE NODIG is vir hierdie VERANDERING**

- **BEPAAL wat ELKEEN GAAN BYDRA om die verandering te laat plaasvind:**

  * Meneer ---

    ---

  * Mevrou ---

- **BEPAAL die DOELWIT wat u WIL BEREIK**

  ---

  * Tyd van voltooiing ---


- OPVOLGSESSIE

  * Datum --- * Plek ---

  * Tyd ---

- HANDTEKENINGE

  --- (MENEER) --- (MEVROU)



'N EINDE

BYLAAG A

GEVOELSWOORDE

	* Sterk	* Matig	* Effens
• OMGEE	Teerheid	Waardeer	Van waarde ag
	Vereer	Bewonder	Positief
	Bemin	Gee om	Hou van
	Lief	Geheg aan	Vriendelik
• GELUK	Wonderlik	Fyn	Lekker
	Uitgelate	Joviaal	Bevredig
	Verheug	Vrolik	Bly
	Fantasties	Opgeruimd	Aangenaam
	Verruk	Blymoedig	Tevrede
	In ekstase	Gelukkig	Goed
• ONTOEREIKEND	'n Mislukking	Klein	Oneffektief
	Magteloos	Onvoldoende	Skiet tekort
	Nutteloos	Onbelangrik	Swak
	Nikswerd	Onbekwaam	Onseker
• DEPRESSIEF	Wanhopig	Swaarmoedig	Treurig
	Verlore	Triestig	Sleg
	Ellendig	Verslae	Hartseer
	Misrabel	Droewig	Moedeloos
	Hopeloos	Pessimisties	Teleurgesteld
	Bedroef	Ontsteld	Ongelukkig
• SEERGEMAAK	Verwerp	Goedkoop	Bespot
	Misbruik	Gebruik	Afgeskiet
	Gebreek	Eer gekrenk	Afgeskeep
	Verpletter	Seergemaak	Teleurgesteld
	Verneder	Gekritiseer	Verwaarloos
	Geruïneer	Verkleineer	Neergehaal

	* Sterk	* Matig	* Effens
• BANG	Doodbang	Skrikkerig	Ongemaklik
	Beangs	Senuweeagtig	Bekommerd
	Lamgeslaan	Bedreig	Huiwerig
	Desperaat	Bevrees	Onseker
	Vreesbevange	Bang	Versigtig
• ALLEEN	Afgesonder	Uitgesluit	Uitgelaat
	Verlate	Afsydig	Teruggetrokke
	Eensaam	Alleen	Op 'n afstand
• SKAAMTE/ SKULD	Onvergeeflik	Verlaag	Verantwoordelik
	Gekrenk	Te blameer	Verleë
	Blootgestel	Skuldig	Verkeerd
	Vernederd	Skaam	Spyt
• KWAAD	Boos	Gegrief	Opgewen
	Bitter	Strydlustig	Vererg
	Geweldadig	Beledigd	Te na gekom
	Ontstoke	Ontsteld	Verontwaardig
	Verwoed	Vies	Verstoot
	Woedend	Vyandig	Befoeterd
	Smoorkwaad	Geïrriteerd	Ongeduldig
• VERWARD	Verlore	Gekwel	Besorgd
	Onthuts	Gefrusteerd	Ongemaklik
	Verslae	Beweeg in sirkels	Bekommerd
	Dronkgeslaan	Ongerus	Ene vraagtekens
	Verbysterd	Gedisorganiseerd	Besluiteloos
	Verwilderd	Deurmekaar	Onseker

BYLAAG B

GESELS UITSTEL

* 'n Spesiale soort "ek wil stellig" waar u vra vir uitstel van die bespreking totdat die tyd en die omstandighede meer gunstig/geskik is

* Byvoorbeeld

  - "Ek voel baie seergemaak en kwaad op hierdie oomblik. Ek sal daarvan hou om eers te ontspan voordat ons 'n oplossing hiervoor probeer uitwerk. Kan ons môreaand dieselfde tyd daaroor gesels?"

  - "Ek wil nie graag oor die droogte praat terwyl ek jou vashou nie. Bietjie later ...

GESAMENTLIKE ONDERWERPE

* Stellings of vrae wat die behoefte uitdruk om 'n sekere onderwerp te bespreek en om die gewilligheid van u huweliksmaat om dit te doen, bepaal

* Byvoorbeeld

  - "Ek wil graag met jou gesels oor ons verhouding. Is dit reg vir jou?"

- **OOP VRAE**

  * 'n Vraag wat sê wat die algemene onderwerp is maar die spesifieke inhoud van die antwoord oorlaat aan u huweliksmaat wat antwoord

  * Byvoorbeeld

    - "Wat het alles vandag met jou gebeur?"

    - "Hoe bedoel jy ons is geïsoleerd?"

- **DIREKTE VRAAG**

  * 'n Vraag wat spesifieke inligting vereis

  * Byvoorbeeld

    - "Wat maak dat jy na die kind verlang?"

    - "Het jy my lief?"

- **TERUGVOER VRA**

  * Vir u huweliksmaat vra wat sy/haar reaksie is op wat u nou net gesê of gedoen het

  * Byvoorbeeld

    - "Wat dink jy van my idee?"

    - "Wat doen dit aan jou as ek so optree?"

VRA VIR SPESIFIEKE KRITIEK

* Reageer op kritiek, 'n argument of uitdaging deur vir u huweliksmaat meer informasie en meer spesifieke kritiek te vra

* Tipes vrae vir spesifieke kritiek is byvoorbeeld:

  - Vra watter spesifieke gedrag is onaanvaarbaar

  - Vra watter spesifieke gedrag u huweliksmaat meer van sal wil sien in die toekoms en watter aspekte van u gedrag u huweliksmaat afkeur

* Byvoorbeeld

  - "Is daar iets spesifiek wat ek gedoen het waarvan jy nie hou nie?"

  - "Wat wil jy hê moet ek in die plek daarvan doen?"

  - "Wat is dit omtrent my gereelde gholfspeel wat jou pla?"

• SAAMSTEM MET 'N DEEL VAN DIE KRITIEK/ARGUMENT

* Reageer op kritiek, 'n argument of uitdaging deur nie daaroor te argumenteer nie maar met 'n gedeelte daarvan saam te stem

* Die mate van ondersteuning mag so min wees as om te erken dat daar 'n vae moontlikheid bestaan dat die stelling korrek is, of so baie wees as om heelhartig saam te stem of selfs verder as u huweliksmaat te gaan

* Byvoorbeeld

  - A: "Jy het niks verstand nie."
    B: "Dit is waar dat ek die kind beter kan hanteer as wat ek nou doen."

  - "Dit is miskien onnodige inmengery van my om te vra hoekom jy vir haar nog 'n kospakkie stuur, maar ek wil nog steeds weet hoekom?"

• EK WIL/JY WIL STELLINGS

* 'n "Ek wil hê jy moet 'dit' doen" of "Jy wil hê ek moet 'dit' doen" stelling waar "dit" 'n spesifieke gedrag is

* Byvoorbeeld

  - "Ek wil hê ons moet Sondag saam deurbring."

  - "So jy wil hê dat ek moet ophou om sarkasties te wees met die kinders."

- **ONDERHANDELING**

  * 'n Opoffering word deur u aangebied op voorwaarde dat u huweliksmaat ook 'n opoffering maak

  * Byvoorbeeld

    - "Een moontlikheid is dat ek vanmiddag saam met jou krieket toe gaan, maar dan moet jy Sondag saam met my by my ouers gaan eet. Hoe klink dit vir jou?"

    - "Kom ons sluit 'n ooreenkoms; as jy daaraan sal werk om met my oor jou gevoelens meer eerlik te wees, sal ek daaraan werk om minder intens te reageer as jy my op 'n opbouende manier kritiseer."

- **VOORNEMENS**

  * 'n Stelling waar een of albei huweliksmaats se planne erken of bekendgemaak word in die vorm van

    - "Ek beplan om dit te doen."

    - "Jy sê dit is jou voorneme om 'dit' te doen."

  * Byvoorbeeld

    - "Ek is van plan om ons kind voortaan soos 'n verantwoordelike persoon te behandel."

    - "So jy sê jy is van voorneme om weer te begin werk na twintig jaar se kinders grootmaak."

- **ONDERHANDELING**

  * 'n Opoffering word deur u aangebied op voorwaardes dat u huweliksmaat ook 'n opoffering maak

  * Byvoorbeeld

    - "Een moontlikheid is dat ek vanmiddag saam met jou krieket toe gaan, maar dan moet jy Sondag saam met my by my ouers gaan eet. Hoe klink dit vir jou?"

    - "Kom ons sluit 'n ooreenkoms; as jy daaraan sal werk om met my oor jou gevoelens meer eerlik te wees, sal ek daaraan werk om minder intens te reageer as jy my op 'n opbouende manier kritiseer "

- **VOORNEMENS**

  * 'n Stelling waar een of albei huweliksmaats se planne erken of bekendgemaak word in die vorm van

    - "Ek beplan om dit te doen "

    - "Jy sê dit is jou voorneme om 'dit' te doen "

  * Byvoorbeeld

    - "Ek is van plan om ons kind voortaan soos 'n verantwoordelike persoon te behandel "

    - "So jy sê jy is van voorneme om weer te begin werk na twintig jaar se kinders grootmaak."

DEEL 1 : KLANKSKYFIEREEKS (VIDEO)

a. TITEL: GESINSONTWIKKELING: VIR EGPARE

b. TITEL: DEEL 1: GESINS- EN EGPAARONTWIKKELING

c. TITEL: DEUR S.I.S. DU TOIT EN W.J. SCHOEMAN

(Agtergrondmusiek word deurgaans gespeel teen 'n sagter en harder volume namate die aankondiger kommentaar lewer al dan nie. Elke skyfie word sowat 15 - 30 sekondes vertoon.)

d. BEELD	AANKONDIGER
Aankondiger	"Die doel van hierdie klankskyfiereeks is om die ontwikkeling van die gesin en egpare in breë trekke aan u te illustreer."
SKYFIE No. 1	"Gesins- en egpaarontwikkeling sluit mense van alle ouderdomsgroepe in. Dit begin met die troue van die egpaar en duur tot in bejaardheid."
TITELS: .. VROEE VOLWASSENHEID MIDDEL VOLWASSENHEID LATER VOLWASSENHEID	"Hierdie reeks ontwikkelingsgebeure kan opgedeel word in drie fases. Hierdie hooffases is dié van vroeë volwassenheid, middel volwassenheid en later volwassenheid."
TITEL: .. VROEE VOLWASSENHEID	"Die eerste hooffase van gesins- en egpaarontwikkeling waarna ons kyk, is dié van vroeë volwassenheid."

BEELD	AANKONDIGER
SKYFIE No. 2	"In die vroeë stadiums van die huwelik is daar heelwat aanpassings wat gemaak behoort te word. Hierdie aanpassings mag as nuut, andersoortig of selfs fassinerend gesien word."
SKYFIE No. 3	"Huweliksaanpassings in die vroeë volwasse jare varieer vanaf onbenullige sake tot belangrike en intieme sake. Dit sluit dinge in soos voorkeure vir sekere kossoorte, ontspanning en seksualiteit asook waardes en godsdiens."
SKYFIE No. 4	"Wederkerige liefde en aangetrokkenheid is die dryfkrag wat hierdie verskille kan help oorbrug."
SKYFIE No. 5	"Huweliksmaats het gewoonlik pas geleer om met mekaar saam te leef, wanneer die tyd aanbreek om 'n ouer te word."
SKYFIE No. 6	"Swangerskap het 'n belangrike invloed op die verhouding tussen die huweliksmaats. Die vrou ervaar byvoorbeeld veranderinge in liggaamlike voorkoms en 'n afname in energie wat beskikbaar is. Beide man en vrou behoort ook hulle selfbegrip te verskuif van die man en vrou tot dié van vader en moeder."
SKYFIE No. 7	"Die geboorte van 'n kind het 'n groot impak op die egpaar. Dit is veral die geval met die geboorte van 'n eersteling."
SKYFIE No. 8	"Die positiewe emosionele reaksie wat met die koms van kinders gepaard gaan, is gewoonlik dié van verligting en vreugde."

BEELD	AANKONDIGER
SKYFIE No. 9	"... en soms 'n emosionele reaksie van verwondering of verrassing."
SKYFIE No. 10	"Die grootmaak van kinders mag 'n aangename ervaring wees. Dit is veral die geval onder meer positiewe omstandighede."
SKYFIE No. 11	"'n Voorbeeld van 'n positiewe toestand vir die grootmaak van kinders is waar die kind ouerlike verwagtinge bevredig."
SKYFIE No. 12	"Nog 'n ideale toestand is waar die kind geen noemenswaardige probleme het nie, dus, 'n maklike kind."
SKYFIE No. 13 ONDERSKRIF: VERSORGING	"Die rol van ouerskap behels heelwat verskillende aspekte. 'n Belangrike taak is die liggaamlike versorging en die beskerming van die kind."
SKYFIE No. 14 ONDERSKRIF: ONDERSTEUNING	"'n Verdere belangrike aspek van ouerskap is die emosionele aanvaarding en ondersteuning van die kind."
SKYFIE No. 15 ONDERSKRIF: SOSIALISERING	"Die egpaar behoort in hulle taak as ouers ook om te sien na die sosialisering van die kind."
SKYFIE No. 16 ONDERSKRIF: STIMULERING	"Ouers het ook 'n groot invloed op die intellektuele stimulering van die jong kind."
SKYFIE No. 17	"Ouers is dus die hoofagente vir hulle kinders se ontwikkeling en sosialisering veral gedurende die voorskoolse jare."

BEELD	AANKONDIGER
TITEL: MIDDEL VOLWASSENHEID	"'n Tweede hooffase van gesins- en egpaarontwikkeling waarna vervolgens gekyk word, is dié van middel volwassenheid."
SKYFIE No. 18	"'n Groot verandering wat 'n invloed het op die egpaar is wanneer die kind skool toe gaan."
SKYFIE No. 19	"Wanneer die kind skool toe gaan word 'n groot gedeelte van die kind se formele opvoedingsproses deur die skool oorgeneem. Die ouers is ook nie meer die enigste gesagsfigure in die kind se lewe nie."
SKYFIE No. 20	"Die skoolsituasie stel hoë eise aan die kind. Die kind se betrokkenheid by skoolaktiwiteite neem ook mettertyd toe."
SKYFIE No. 21	"Die kind se betrokkenheid in aktiwiteite buite die huis neem in so 'n mate toe dat die kind naderhand meer tyd afstaan aan skoolaktiwiteite en maats buite die huissituasie. Die rol van die ouer teenoor die kind ontwikkel na dié van ondersteuner eerder as dié van inisieerder."
SKYFIE No. 22	"Die moeder aanvaar dikwels die meeste van die versorgende verantwoordelikheid van kinders in die ouerhuis.

BEELD	AANKONDIGER
SKYFIE No. 23	"Namate die kinders meer betrokke raak by aktiwiteite buite die huis, oorweeg sommige moeders dit om weer studies of opleiding voort te sit."
SKYFIE No. 24	"Ander vroue begin weer om te werk of sit die loopbane voort wat hulle onderbreek het met die koms van die kinders."
SKYFIE No. 25	"Buite die huis is vaders gewoonlik gedurende hierdie periode op die kruin van produktiwiteit in hulle werksituasie."
SKYFIE No. 26	"Hoë finansiële eise mag aan die vader gestel word waar hy die primêre broodwinner is."
SKYFIE No. 27	"Dit vra soms baie van ouers om in harmonie saam met hulle adolessente kinders te lewe."
SKYFIE No. 28	"Adolessente bevraagteken in die proses van onafhanklikheidswording dikwels middeljarige ouers se lewenswyse, waardes en selfs gesag."
SKYFIE No. 29	"Gedurende hierdie middelfase van volwassenheid vind sekere liggaamsveranderinge by egpaarlede plaas waarby aangepas behoort te word."
SKYFIE No. 30	"In die latere middelfase van volwassenheid, breek die tyd aan wanneer die kinders gereed is om die ouerhuis te verlaat. Dit mag wees om 'n eie werk of beroep na te volg."

BEELD	AANKONDIGER
SKYFIE No. 31	"In die geval na naskoolse opleiding mag 'n tydperk volg wanneer volwasse kinders ekonomies afhanklik van hulle ouers mag bly."
SKYFIE No. 32	"Ouers behoort leiding te verskaf aan die kind in die proses van groei na onafhanklikheid en volwassenheid."
SKYFIE No. 33	"Gedurende hierdie tydperk mag dit ook gebeur dat egpare meer verantwoordelikheid aanvaar vir bejaarde ouers. Die egpaar behoort soms 'n aangename tuiste te skep, dikwels vir verskillende generasies."
TITEL: LATER VOLWASSENHEID	"Dit bring ons tot die hooffase van LATER VOLWASSENHEID."
SKYFIE No. 34	"Die leë-nes stadium word bereik wanneer alle kinders uit die huis is. Om die leemte te vul wat die kinders gelaat het, is hierdie dan die tyd om nuwe belangstellinge en stokperdjies saam met die huweliksmaat te beoefen."
SKYFIE No. 35	"Gedurende hierdie tydperk mag dit gebeur dat egpare minder bekommernisse het en dat daar minder huishoudelike take is wat hulle behoort te verrig."
SKYFIE No. 36	"Egpaarlede mag ook 'n gevoel van persoonlike vryheid ervaar wat hulle mag geniet waar hulle ook nie gedurig meer soos gewensde modelle hoef op te tree nie."

BEELD	AANKONDIGER
SKYFIE No. 37	"Na die aftrede mag die huweliksmaats meer tyd tuis deurbring. Take in die huishoudelike roetine word gewoonlik gedeel, en die man en die vrou aanvaar meer gelyke gesag."
SKYFIE No. 38	"Hierdie mag 'n baie gelukkige tydperk wees in die geval van 'n goeie huweliksverhouding."
SKYFIE No. 39	"Gedurende die latere fases van volwassenheid, is egpaarlede geneig om in kontak te bly met kinders, kleinkinders en ander familielede."
SKYFIE No. 40	"Grootouers put baie genot uit hulle verhouding met kleinkinders. Bejaardes kan deur kleinkinders in staat gestel word om tred te hou met verandering in waardes en in die kultuur. Hierdie grootouer-kleinkind-verhouding gee ook die geleentheid om waardes en gebruike aan die nageslag oor te dra."
SKYFIE No. 41	"Die goeie verhoudings wat moontlik is tussen kleinkinders en bejaardes help ook om ouerwordende persone se vervreemding van die wêreld te vermy."
SKYFIE No. 42	"Bejaardes mag hulle verhouding met die jonger geslag in 'n mate soms as 'n verpligting eerder as 'n plesier ervaar ..."
SKYFIE No. 43	"... Dit veroorsaak dat bejaardes na aftrede of na die verlies van hulle huweliksmaat meer geneig is om klem te lê op verhoudinge met hulle tydgenote."

BEELD	AANKONDIGER
SKYFIE No. 44	"Bejaardes se tydgenote is mense wie se ervarings en belangstellings gedeel kan word. Hierdie deling veroorsaak dat die bejaarde se gevoelens van selfagting en waardevolheid ondersteun word."
SKYFIE No. 45	"Huwelike in die skemer van die lewe mag spreek van wedersydse liefde, respek en deling."
SKYFIE No. 46	"Namate bejaardes ouer en liggaamlik swakker raak, krimp die vriendekring en word aktiwiteite beperk tot gemeenskaplikhede."
SKYFIE No. 47	"'n Afname in liggaamskragte en gesondheid veroorsaak dikwels dat egpaarlede in 'n meerdere mate van gesondheidspersoneel en familie afhanklik raak."
SKYFIE No. 48	"Met die afsterwe en begrafnis van die huweliksmaat word die egpaarverhouding finaal tot 'n einde gebring."
SKYFIE No. 49	"Die individu wat oorbly behoort te aanvaar dat daar na die normale lewensroetines teruggekeer moet word. Hierdie proses van losmaking is nodig sodat daar weer in 'n gesonde wisselwerking met die lewe getree kan word."
Aankondiger	"Gesins- en egpaarontwikkeling gaan dus hand aan hand. Gedurende die vroeë, middel- en die latere fases van volwassenheid ontwikkel beide huweliksmaats en die huwelik voortdurend."

TITEL:
DIE EINDE...

DEEL 2 : ONDERHOUD (VIDEOBAND)

TITEL* : GESINSONTWIKKELING: VIR EGPARE

TITEL* : DEEL 2: DIE CHRISTENHUWELIK

TITEL* : DEUR S.I.S. DU TOIT EN W.J. SCHOEMAN

* Gepaste agtergrondmusiek word gespeel.

AANKONDIGER:

"Die doel van hierdie videoband is om die belangrike aspekte van Christelike Protestante huwelikswaardes aan u deur te gee."

A. "By ons in die ateljee vanmiddag het ons prof. Kellerman, 'n kenner op hierdie gebied. Prof. Kellerman is verbonde aan die teologiese fakulteit aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Prof., om die bal aan die rol te sit, die eerste vragie: Watter rol speel waardes in die Christelike huwelik?"

* "Waardes is natuurlik belangrik in enige lewensituasie. Wat waardes betref, moet ons dink aan permanente idees van wat reg of verkeerd is, waardeloos of nutteloos is. Nou is daar ten opsigte van waardes, wat huwelike betref, groot verwarring in die wêreld. En vir ons is dit belangrik om daarna te kyk dat huwelike 'n behoorlike waardesisteem moet hê waarop dit gebou word en vir ons as Christene, kry ons natuurlik ons waardes in die Bybel. Daarom moet ons na die Bybel toe gaan. In die Bybel kry ons die nodige riglyne en norme sodat ons die huwelik daarop kan bou. Dit is natuurlik ook noodsaaklik vir ons om vanuit daardie norme te leer, die norme wat die Skrif aan ons gee.

Want so alleen kan 'n sinvolle bevredigende huweliksverhouding daargestel word, en so kan ons ook riglyne kry van hoe ons moet optree teenoor mekaar, binnekant daardie huweliksverhouding om so God se wil en plan vir ons lewens uit te voer. En ten slotte is die basis van norm vanuit die Skrif ook belangrik, want daarvandaan af uit kan ons bou as 'n span aan ons huwelik. Ek wil hier net ten slotte sê dat dit tog belangrik is dat ons moet weet die Bybel gee die nodige inligting. Deur die Woord, die Bybel en deur die werking van die Gees kan ons iets moois van ons huwelik maak."

B. "Hoe lyk Christelike huwelikswaardes oor die algemeen?"

* "Die huwelik is deur God ingestel en is ingestel as 'n monogame onverbreekbare verbintenis tussen twee mense, met dan die wonder van Godgegewe liefde. Ek kan dit so opsom in die volgende hoofpunte: Dat ons eerstens sal verstaan dat dit 'n Goddelike instelling is. Die huwelik is nie iets wat 'n mens uitgedink het nie. God het dit so ingestel reg by die skepping. En dan vervolgens is dit ook 'n reëling van die skepping dat man en vrou vir mekaar gemaak word en dat hulle juis bymekaar kom, deur God daar gebring om 'n besondere eenheid te vorm. Hy maak dit so dat man en vrou in die huwelik saam sal wees. 'n Ander aspek wat hier belangrik is, is dat dit monogaam van aard is, daarmee bedoel ons een man vir een vrou. Daar is nie so iets soos veelwywery in die Skrif wat regtig normatief is nie. 'n Ander belangrike saak is dat die huwelik as onverbreekbaar gesien word. God het nooit bedoel dat daar iets soos egskeiding sal wees nie. Juis dat dit wat begin is, by die verbintenis in die huwelik, sal hou, totdat die dood die paartjie sal skei. En daarin moet ons ook sien dat dit 'n verbintenis is. God verbind hierdie twee mense in trou aan mekaar en dan gee Hy sy wonderlike liefde. Die vermoë wat Hy in ons harte lê om mekaar lief te hê, stel ons in staat om met mekaar saam te lewe."

C. "Wat die verhouding tussen God en die huweliksmaat betref, watter belangrike hoofaspekte kan ons daar onderskei?"

* "Die huwelik het verskillende kante, kan ons amper sê. In die eerste plek kan ons sê dat die huwelik iets van 'n verbond in homself opgesluit het. Dan is daar dat God 'n doel het met die huwelik, en verder dat vir die huwelik, in elk geval die Christelike huwelik, moet ons sien dat Christus die middelpunt moet wees van daardie huwelik, en ten slotte dat 'n mens in jou huweliksverbond nie alleen staan nie. Jy staan in verhouding tot 'n gesin, en vanuit die gesin ook tot die omgewing rondom jou en veral ook dan nou as Christene in die gemeente waarin ons lewe."

D. "Wat verstaan u onder die huwelik en die verbond?"

* "Die gedagte van die verbond, is 'n bekende gedagte in die Skrif. Nou is dit interessant dat ook die huwelik aan die verbond verbind word. Ons kry die treffende gedagtes in die Skrif naamlik dat God sy volk as sy vrou en Christus die Kerk as Sy bruid sien. God is in albei gevalle eers dan die man en dan Christus die bruidegom. En as ek nou 'n paar interessante versies vir jou kan lees, kry mens hierdie gedagte baie duidelik. Die Here sê byvoorbeeld in Jes. 54:5 : "Hy wat jou gemaak het, is jou man." In Hos. 2:15 lees ons: "Dié dag sê die Here, sal jy vir my sê: 'My man'." In Jer. 2:1-4 lees ons weer dat Israel die vrou is en dat die Here die eggenoot is en dat die vrou hier die liefde van die eggenoot eintlik versmaai het. En in Mark. 2:19 lees ons dan dat Christus praat van homself in die volgende woorde: "Kan die bruilofgaste dan vas terwyl die bruidegom by hulle is?" Iets hiervan moet natuurlik ook nou na vore kom in 'n gewone huweliksituasie anders sou die Here nie hierdie beeld gebruik het nie, en daarom kan ons dus ook sê dat die huwelik iets dra van die beeld van God, in die verhouding tussen man en vrou. Iets van die wonder van die beeld van God moet na vore kom in die verhouding tussen 'n man en vrou. En die ding wat veral hier na vore moet kom is ook die trou aan mekaar.

Daarom, wanneer ons in die huwelik onsself gee, dan aanvaar ons mekaar in liefdestrou en daarmee sluit ons dus eintlik 'n verbond met mekaar. 'n Verbond wat bepaal dat ons bymekaar sal bly en trou aan mekaar sal bly totdat die dood ons eindelik skei. Wat God betref, aanvaar ons in die geloof dat hy so beskik het dat ons vir mekaar bedoel is en met mekaar sal kan saamlewe totdat die dood ons skei. En dan is daar nog 'n aspek wat iets van die verbond onderskryf hier en dit is naamlik die publieke erkenning. Die huwelik moet altyd in die openbaar plaasvind sodat daar getuies is van hierdie ooreenkoms, hierdie verbond wat tussen twee mense gesluit is. En hiervandaan af uit groei die huwelik tot 'n volwasse huwelik. Maar dit begin met 'n ooreenkoms, 'n verbond waar ons ook iets kry van die wonder van die verbond van God met die mens."

E. "'n Volgende aspek wat ter sprake gekom het, is God se doel met die huwelik. Wat word presies daarmee bedoel?"

* "Hier is ons by 'n baie belangrike saak, naamlik dat God 'n doel het met die huwelik. God het niks sonder doel gemaak nie. Ek is persoonlik daarvan oortuig dat as meer mense verstaan wat God se doel is met die huwelik, sal dit ook baie beter met huwelike gaan. Nou, ons kan hier begin deur te sê, God het die huwelik ingestel en daarom het die huwelik 'n doel. Nou wat is hierdie doel? Dit word vir ons veral in Gen. 1:27 duideliker uitgespel en daar kry ons die gedagte dat God maak die mens om beeld van God te wees, en beeld van God beteken verteenwoordiger van God op aarde. Dus kan ons sê dat God die mens daar stel en ook die huwelik daar stel om beeld van God hier op aarde te wees. Om God se verteenwoordigers hier op aarde te wees en dan as sodanig te heers oor die skepping. As God hulle dan nou so bymekaar bring, dan kry ons ook die versterking in die Skrif dat God hulle begelei om vir mekaar 'n hulp te wees, om mekaar aan te vul, om vir mekaar te help, om waarlik mens te wees.

Want met die vrou aan my sy, en wat die vrou betref met die man aan haar sy, kom ons werklik by tot wat God bedoel met 'ware menswees.' En so bereik hy uiteindelik sy doel met die huwelik. Nou hierdie samevoeging wil juis vir ons die gedagte van eenheid beklemtoon. Hy bring man en vrou bymekaar om 'n besondere eenheid te vorm en om so saam as 'n twee-eenheid deur die lewe te gaan en beeld van God in die volle sin van die woord te wees. 'n Laaste ding hier net is dat dit alles binne sekere grense plaasvind. Die grense is die ware liefde. Liefde bepaal op die ou end in 'n besondere sin die aard en wese van hierdie eenwees tussen man en vrou."

F. "Vir ons as Christene, wat het Christus dan nou met die huwelik te make?"

* "O sommer baie. En hier het ons ook weer met 'n belangrike saak te make. Veral ten opsigte van die geslaagdheid ook van die huwelik. Wanneer ons praat van Christus in die huwelik dan verstaan ons dadelik daaronder dat ons met Christene te make het in 'n Christenhuwelik. En Christus het juis deur sy versoening en sy werking van die Gees van God van ons nuwe mense gemaak. Ons is nuutgemaakte mense wat in 'n huweliksband saamgebind word. Nou vir Christene wat soos nuwe mense is, gaan dit natuurlik om die saak van die beeld van God binne die wye perspektief van die koninkryk van God. Ons wil die koninkryk van God ook laat kom in die huweliksverhouding. Nou, as ons dan as nuutgemaakte mense in 'n huweliksverhouding staan, dan is dit natuurlik baie belangrik dat ons in ons persoonlike lewe ons lewens rig op Christus, dat Sy Gees en Sy gesindheid ons persoonlike lewe sal beheer en wanneer dit ons persoonlike lewe beheer, dié van man en vrou, dan is dit natuurlik twee wat saam dieselfde gerigtheid het in hulle lewe. En nou lees ek hierdie pragtige versie in Ef. 5:1-2 : "Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet moet julle sy voorbeeld volg. Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en om ons ontwil Sy lewe as offergawe gegee het ..."

Met ander woorde in hierdie gedagtes kry ons iets van hoe ons in Christus teenoor mekaar moet optree, in liefde moet ons met mekaar saamlewe en ons moet onsself offer vir die ander een. Want dit is juis die gees van die liefde. Dit gaan nie vir my om myself nie, maar om my huweliksmaat en met daardie gees en gesindheid van Christus kan 'n mens daardie besondere eenheid wees wat God bedoel het wat jy moet wees en kan die ideaal waarna jy mik, bereik word. Hiervandaan af uit kan 'n mens ook begin praat oor huweliks-groei en huweliksbou in God. Daarmee bedoel ons dat die huwelik nie iets is wat staties is nie. Die huwelik is 'n dinamiese entiteit. Dis iets wat lewe en kern het, met ander woorde waar daar lewe is, is daar ook groei. Daarom moet daar in die verhouding tussen man en vrou groei wees. Maar daardie groei is alleen werklik moontlik as ons gesindheid in ons hart reg is en ons gesindheid in ons hart kan alleen reg wees as Christus ons lewens beheer. Daarom, kan ons ook hiervandaan af sê dat huweliksgroei moontlik is omdat Christus daar is. Wanneer ons met Sy Gees en gesindheid die lewe aanpak en die huwelik aanpak, dan kan daar oorwinning oor ons verskille wees, kan daar aanpassings wees en kan daar aanvaarding van mekaar wees en kan daardie groei kom waarna ons eintlik behoort te strewe. Een van die mooi gedagtes kom hier uit Ef. 4:32 naamlik dat vergifnis vir mekaar, wanneer die een teenoor die ander optree so 'n belangrike rol speel, want dit is soos Christus teenoor ons optree. En ek dink dit is een van die kernaspekte van huweliksgroei dat ons leer om mekaar te vergewe, mekaar te verdra en so met mekaar in liefde saam te wees. En Christus maak dit alles moontlik."

G. "Watter verhouding bestaan daar tussen die huwelik, die gesin en die gemeente?"

* "Ek het vroeër in ons gesprek gesê dat die huwelik nie op sy eie staan nie. Jy het te make met wat om jou aangaan en ook die mense rondom jou. Daarom het die huwelik ook te make met die gesin in die eerste plek.

God plaas ons in 'n situasie waar die voorreg ons waardedeel hopelik is dat ons ook kinders mag hê. En ons het te make met daardie kinders. Ons huwelik, as man en vrou, sê iets ten opsigte van ons verhouding weer tot die kinders. En dit is juis daar waar die Christenliefde ook weer tot sy reg moet kom. As ek hier dan net ook die verantwoordelikheid wat 'n huwelikspaar ten opsigte van die kind het, kan skets, dan wil ek sê dat ons hier weer met die verbondsgedagte te make het. Ek en my vrou staan in verbond teenoor mekaar. Ons saam is in verbond met God. Maar ons staan ook in 'n sekere sin in verbond met ons kinders, want ons het belowe dat ons ons kinders op 'n sekere wyse sal opvoed en sal stuur sodat hulle ook geloof sal hê in die God aan wie ons behoort en daarom het ons as huwelikspare 'n geweldige verantwoordelikheid ten opsigte van ons kinders. Nou saam met die kinders vorm ons natuurlik die gesin en die gesin, wat die Christene betref, is in 'n sekere sin 'n gemeente in die kleine. Wat daar in die gesin plaasvind, is iets van die gemeenskap wat ons ook in die gemeente daarbuitekant sal hê. Vanuit hierdie gemeenskap, die eenwording, hierdie klein kerkwees as't ware, beweeg ons ook uit na buite en het ons deel saam met ander gesinne aan die gemeente as geheel en beteken ons vir die gemeente iets, soos wat die gemeente ook iets vir ons beteken. En binne daardie warm gemeenskap van gemeentewees, kan die huwelik as sodanig met die gesin ook in 'n besondere sin tot sy reg kom."

H. "As ons 'n bietjie kyk na die verhouding tussen huweliksmaats, watter hoofaspekte kan daar geïdentifiseer word?"

* "Ons praat hier van verhoudings en dit wil in die eerste plek vir ons sê dat ons hier met 'n verhouding te make het waar een mens teenoor die ander staan. 'n Man en 'n vrou saam in 'n verhouding, en hier speel die persoon van elkeen 'n belangrike rol. Dit is ook 'n lewensverbintenis wat hier ter sprake is, die onderskeie geslagte speel dan ook 'n belangrike rol hier, dit is 'n geslagsverhouding, en dan ten slotte, kan ons ook in hierdie verhouding sê dat dit in 'n sekere huwelikstruktuur inpas."

I. "U het nou gesê dit is 'n man-vrou verhouding, wat sê die Woord vir ons in verband met hierdie verhouding tussen een man en een vrou?"

* "Daaruit is juis nou soos jy dit daar gestel het, een man - een vrou. Dit gedagte kom baie duidelik in die Skrif na vore. Reeds by die skepping kry ons die gedagte: God maak 'n vrou vir die man. En as ons die Bybel baie goed lees, dan is dit die gedagte wat dwarsdeur na vore kom. Ook dit wat ek vroeër gesê het, naamlik dat God die huwelik ook vergelyk met die verhouding tussen Hom en Sy volk. Dis Sy Volk en Hyself, weer een-een. Dié gedagte is die gedagte van die Skrif rondom die huwelik. Wanneer ons nou aan die man en vrou dink, dan dink ons ook aan seksualiteit en die uitlewing van daardie seksualiteit en ook weer hier gaan dit daarom dat dit ook sinvol volgens die Woord van God uitgeleef kan word, waar een man en een vrou saam binne die raamwerk van die huwelik hulle seksualiteit uitlewe. Alles wat daar buitekant gedoen word, word deur die Skrif as onveroorloof verklaar. Ons sou ook kon sê dat die Skrif graag die gedagte na vore wil bring van 'n enkelhuwelik as die bedoeling van die skepping om daardeur juis vir ons te lei daartoe dat dit volle oorgawe van die een na die ander kant toe is. 'n Mens kan jou tog nie diep vanuit jou innerlike sommer maar vir twee óf drie gelyktydig gee nie. En dit is juis die wonder van die maak van die mens dat God hom so gemaak het dat hy eintlik net homself of haarself vir een ander kan gee. Ons kan dus sê, dit is man-vrou, 'n enkelvoudige verhouding, dit is die bedoeling van die skepping met die mens se huwelik."

J. "Aansluitend hierby, kan u ook vir ons verduidelik wat die verskil tussen die persoonsverbintenis en die lewens-verbintenis tussen die man en die vrou is?"

* "Ons het netnou gepraat van man-vrou. Nou daarmee het ons ook gesê dat dit volledige persone is wat aanmekaar verbind word. Dis ook interessant dat die Hollanders praat van wederhelf. Dit is my ander helfte.

Maar daarmee wil ons nie sê dat die een net half tot sy reg kom nie, maar eintlik ten volle tot sy reg of haar reg moet kom in die huwelik. Dit is twee volledige mense wat mekaar ontvang binne die huweliksverhouding. En dan kry ons in die Skrif die mooi gedagte in Gen. 2:23. Daar staan geskrywe: "Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy 'vrou' genoem word, sy is uit die man geneem." Met ander woorde, reeds Adam ervaar hierdie besondersheid vandat ons aanmekaar behoort, maar dat jy ook iemand anders is as ek, een soos ek, maar ook tog een wat anders is as ek. En ek dink dit speel 'n belangrike rol in die huwelik, dat 'n mens ook wanneer jy regtig die huwelik wil laat slaag, moet erken maar hierdie ander een met wie ek in die huwelik is, is iemand wat 'n persoon in eie reg is, en ons twee persone, is met eie reg aanmekaar verbind. Nou't jy ook gevra oor die saak van lewensverbintenis. Daarmee verstaan ek doodgewoon daaronder dat hierdie twee persone lewenslank aanmekaar verbind is en hierdie lewenslange verbintenis, bring natuurlik baie sake na vore, naamlik die van verantwoordelikheid teenoor mekaar, die van sorg vir mekaar, die van aanvaarding, ons moet en ons kan en ons sal met mekaar saamlewe totdat die dood ons eendag skei. En wanneer 'n mens jou huwelik so benader, dan kry jou huwelik 'n pragtige dimensie en kan 'n mens iets moois daarvan maak. Hierby wil ek ook voeg dat lewensverbintenis ook impliseer die onverbreekbaarheid van die huwelik. Dit is nie maar net 'n saak dat ons aanmekaar verbonde is nie, ons moet ook aanmekaar verbonde bly. God het nie bestem dat ons uitmekaar uit sal gaan nie. En as ek net vinnig kan terugsny na wat ek vroeër gesê het. In Christus is dit juis moontlik om met mekaar tot die dood ons skei saam te lewe. Ons hoef nie die huwelik in 'n egskeiding te laat eindig nie, maar dan moet ons daaraan werk vanuit die gedagte dat die huwelik onverbreekbaar is, ons moet hom heel hou."

K. "Wat is die plek van die geslagsverhouding in die totale huweliksverhouding?"

* "Ons praat nou hier van gemeenskap, fisiese gemeenskap tussen man en vrou. Nou ja, dit is 'n saak wat natuurlik in enige huwelik baie belangrik is, maar ek dink nie ons besef altyd wat die betekenis daarvan is nie. Dit is nie maar net dat die huwelik en die liefde daarin tot uitdrukking kom nie, maar dit is ook 'n saak dat ons daarmee iets sê, ons sê dat ons aanmekaar behoort, ons stempel eintlik mekaar. Die geslagsdaad is op die ou end 'n saak van 'n teken en simbool van die huwelikstrou, wat die een teenoor die ander het, en as ons dit vanuit daardie gedagte benader, dan kan die mens nie buitekant die huwelik beweeg nie, want met jou dood, sweer jy juis trou ook aan jou huweliksmaat."

L. "Watter riglyne verskaf die Woord van God aangaande die struktuur van die huwelik?"

* "Wanneer ons na die skeppingsverhaal luister en sien wat God daar ten opsigte van die huwelik vir ons gee, dan kom die gedagte na vore dat ons mekaar se helpers in die huwelik behoort te wees. Mekaar se gelykes. Dit kom nooit so in die Skrif na vore dat die een oor die ander een moet heers in die sin van diktator van die ander een onderdruk nie. Dit is nooit die gedagte van die Skrif nie. Die struktuur wat die Skrif vir die huwelik na vore bring is aan die eenkant dat die vrou nou nie oor die man sal heers nie, maar dat die vrou 'n besondere plek, 'n besondere rol in die huwelik sal vervul en dat wanneer oor die man gepraat word, dan word vir die man juis beklemtoon dat hy sy vrou moet lei in volwassenheid en met liefde. Hy heers nie oor sy vrou in die sin dat hy haar onder sy duim hou nie. Met ander woorde dit gaan oor 'n struktuur van hulp aanmekaar, van mekaar se gelykes, van mekaar as persone, wat een die ander aanvul om tot volle menswees te kom."

M. "Waar daar sprake is van twee verhoudings wat die Christen-huwelik omvat, naamlik die horisontale verhouding tussen die man en die vrou en die vertikale leidende beskermings-verhouding tot God, wat is die samebindende faktor tussen hierdie verskillende verhoudings?"

* "Ek sluit hier aan by die Here Jesus se antwoord, van waarom dit eintlik oor verhoudings gaan, naamlik sy gebod van die liefde. Hy stel dit baie duidelik in Matt. 22:37 dat in ons verhoudings waarin ons staan as mense, in die eerste plek ons verhouding vertikaal met God, die saak van die liefde voorop is. God moet bo alles liefgehê word. Dan wat ons verhouding tot ons naaste betref, ook weer die liefde wat voorop staan en dit raak natuurlik die huwelik. Want my naaste is ander mense, maar juis die een aan wie ek in die huwelik verbind word, is in 'n besondere sin my naaste en daarom behoort die liefde juis ten opsigte van daardie een te gaan en wanneer 'n mens nou oor liefde praat is dit altyd baie moeilik om te sê wat liefde is. Ons kan liefde maar net lees in die dinge wat eie is aan die liefde sonder om dit regtig te kan beskrywe. En as ons nou dink aan God se liefde vir ons, dan hoor ons en ons sien die saak van ek gee myself, ek is bereid om te vergewe, om oor te sien, om die ander te aanvaar. Ek is bereid om versoenend op te tree teenoor die ander. En as ons daardie beeld van die liefde soos wat ons ook in Efesiërs kry, naamlik dat ons mekaar so moet liefhê soos Christus ons liefgehad het, dan is dit ook 'n saak van ek gee myself vir my huweliksmaat. Ek vergewe, ek leef in versoening, ek vergeet myself en ek dra die belange van die ander op die hart. Daaruit kan ons seker onder andere twee soorte huweliksliefde onderskei, aan die eenkant, 'n opofferende kameraadskapsliefde en aan die anderkant die liggaamlik emosionele liefde."

N. "Hoe lyk die opofferende kameraadskapsliefde en die ligaamlik emosionele liefde?"

* "Wanneer ons na die Skrif kyk, dan kry ons baie sterk ook die gedagte dat ons mekaar moet opbou, sodat die ander een tot volle potensiaal kom.

Dit geld vir gelowiges onder mekaar maar dit geld in besonder vir die huweliksmaats onder mekaar. Die kameraadskapsliefde het dan seker sy twee kante in die sin dat dit aan die eenkant die man is en aan die anderkant die vrou is wat moet deel hê in die kameraadskap. Wanneer ek nou na die man se rol in die verbond kyk, dan is daar pragtige dinge wat uit die Skrif vir my na vore kom en die eerste is natuurlik dat dit alles binne die raamwerk van die liefde is. In Efesiërs kry ons juis die gedagte dat, aan die vrou gesê word jy moet die man onderdanig wees maar vir die man word gesê hy moet die vrou liefhê. Nou daardie liefde sê vir my baie, dit sê dat ek as man my vrou moet beskerm en versorg, dat ek sal soek na die bevrediging van haar behoeftes, wat dit ookal mag wees. Dat ek myself sal opoffer, sal gee, want dit is tog teken van ware liefde, dat ek bedagsaam sal wees in my saamwees met haar, altyd daaraan dink dat sy die swakker geslag is wat my beskerming en my versorging juis nodig het en ek dink dat dit so belangrik vir ons mans is wat dinge so maklik aanvaar, dat ons juis ook waardering sal hê en lof sal hê vir die rol wat die vrou as my lewensmaat eintlik vervul. 'n Rol wat dikwels vol roetine en daaglikse goedjies is. Wat ons as mens nie raaksien nie. Dan aan die anderkant weer die rol van die vrou.

"Paulus sê die vrou moet onderdanig wees aan die man. Maar dit beteken nou nie dat die vrou die mindere moet wees nie, maar juis beteken dit ook dat die vrou 'n sekere plek in die huweliksverhouding sal hê. Dat sy juis ook die huishouding so instand sal hou dat dit 'n hawe sal wees waar die man en die kinders tuis kan wees. Dis haar rol, dis haar voorreg en haar verantwoordelikheid. Maar ook dat sy en dit is vir my ook 'n mooi gedagte, dat sy juis daar tot haar volle potensiaal sal kom. Die man moet haar dit juis gun dat sy die kwaliteite en talente wat sy het, moet ontwikkel om haar ook self uit te leef en nie alleen maar iemand te wees wat tussen vier mure sit nie."

'n Ding wat ek dink wat vir die man ook belangrik is, is dat die vrou aantreklik moet wees, innerlik en uiterlik. Dit is so belangrik dat sy uiterlik haarself goed sal versorg om as't ware die man te behou. Maar sy wen die man ook op die ou end met 'n mooi innerlike gees soos die Bybel ook vir ons sê en dan dink ek is dit ook belangrik dat die vrou haar rol in die huis en al haar take soos wat ek netnou gesê het vol roetine is, sal aanvaar en sien as 'n noodsaaklike bydrae tot die welwese van die huwelik en ook die gesin. Aan die anderkant is daar die meer liggaamlik emosionele liefde waarvan ek vroeër gepraat het. Nou wat beteken dit? Dit beteken doodgewoon dat in die huwelik gun God ook vir ons die erotiese. Ons liggame is belangrik as man en vrou en ons mag mekaar ook belewe wat ons liggame betref en hier is dit ook weer mooi as die Bybel na ons toe kom en vir ons wys dat hierdie dinge in sy wese nie sondig is nie. Die mens en die sonde het dit verkeerd gemaak. Maar in sy wese is ook die seksualiteit en liggaamsverkeer iets moois. Dink nou maar aan 'n vers soos dié in Hooglied 7:6-7 wat soos volg lui: "Jy is so mooi, so bekoorlik, liefste, met soveel wat geniet kan word." Met ander woorde, ons mag mekaar besit en bewonder en ook wat ons liggame betref mekaar geniet, maar dit gaan natuurlik nie sonder die liefde wat ek netnou genoem het, die kameraadskapsliefde nie. Die twee rond mekaar af. Die twee maak dat daar balans in die lewe is. As die emosionele voorop lê, nou ja, dan loop die huwelik skeef. As die anderkant voorop lê, nou ja, dan kan die huwelik nie regtig tot sy reg kom nie. En ten slotte kan ek dus sê dat ek en my maat as kamerade, as maats ook die emosionele fisiese liefde mag belewe en so iets moois van ons huwelik maak."

O. "Dit wil dus vir my voorkom asof hierdie twee liefdes, die liggaamlik emosionele liefde en die opofferende kameraadskapsliefde wedersyds baie goed bymekaar aansluit. Dit eindig dan ons gesprek oor huwelikswaardes by die Christelike gesin."

DEEL 3 : VIDEOBAND

1. TITEL* : GESINSONTWIKKELING

2. TITEL* : DEEL 3: KOMMUNIKASIE

3. TITEL* : DEUR S.I.S. DU TOIT EN W.J. SCHOEMAN

* Gepaste agtergrondmusiek word gespeel.

4. AANKONDIGER (in beeld)

4.1 Teks: "Die doel van hierdie videoband is om belangrike aspekte van huwelikskommunikasie aan u te illustreer. Effektiewe huweliks-kommunikasie het 'n konstruktiewe groei en ontwikkeling van beide huweliksmaats en die huwelik in geheel tot gevolg. So 'n huwelik skep 'n stewige fondament vir goeie en bevredigende gesinsfunksionering en gesins-ontwikkeling. Huwelikskommunikasie kan as 'n proses in drie dele verdeel word ..."

4.2 Beeld: Aankondiger sit in 'n gemakstoel, bolyf in beeld.

5. AANKONDIGER (stem)

5.1 "... in die eerste plek, luister. Die huweliksmaat gee aandag en luister na die gevoelens en die ervarings van die ander ..."

5.2 Beeld: Die vrou luister aandagtig na dit wat die man besig is om vir haar te sê.

5.3 Onderskrif: LUISTER.

6. AANKONDIGER (stem)

6.1 Teks: "... tweedens: praat. Die huweliksmaat druk 'n spesifieke gevoel of 'n spesifieke ervaring uit. Dit word gedoen op grond van sy selfkennis en selfbewustheid."

6.2 Beeld: Die man is besig om 'n kleurvolle monoloog te lewer.

6.3 Onderskrif: PRAAT.

7. AANKONDIGER (stem)

7.1 Teks: "... 'n laaste aspek van huwelikskommunikasie as proses is gesels. Gesels bevat beide praat en luister. Elke huweliksmaat maak seker dat die ander se boodskap reg verstaan word. Daarna word begrypend gereageer op die gevoelens en die ervarings van die boodskap. Hierdie proses vorm die basis vir verdere opbouende gesprekvoering en om enige verskille uit die weg te ruim."

7.2 Beeld: Man en vrou verkeer in 'n tweerigtinggesprek deur afwisselend te praat en te luister.

7.3 Onderskrif: GESELS

8. Aankondiger (in beeld): "Vaardighede wat van belang is in luister, praat en gesels word opeenvolgend van naderby beskou. Luister as deel van egpaarkommunikasie word eerste aan u geïllustreer ..."

8.1 TITEL: LUISTER

9.1 Aankondiger (in beeld): "Die basis vir effektief luister word gelê deurdat die egpaarlid aandag gee aan die ander. In aandag gee kyk ons hoe om self aandag te gee en ook waaraan om aandag te gee."

9.2 TITEL: AANDAG

10. SITUASIE A:

*Vrou: "Hallo, hoe het dit vandag by die werk gegaan?"

*Man: "Wel mm, ek het my, toe ek op kantoor kom, beginne regmaak vir die normale Maandag-oggendroetine, toe ek hoor dat ek op baie kort kennisgewing ... (Monoloog. Beeld sonder klank fokus op vrou wat aan die vereistes voldoen wat die aankondiger noem)."

* Aankondiger (stem): "Om effektief aandag te gee behoort die huweliksmaat die volgende te doen ... Beweeg tot teenoor die ander een waardeur u sê: 'Ek stel belang in jou'."

Onderskrif: POSISIE.

* Aankondiger (stem): "Beweeg tot redelik naby die ander een waardeur u sê: 'Ek is met jou'."

Onderskrif: AFSTAND.

* Aankondiger (stem): "Kyk die ander een voortdurend in die oë waardeur u sê: 'Ek sien en ek hoor jou'."

Onderskrif: OOGKONTAK

* Aankondiger (stem): "Handhaaf 'n oop liggaamshouding en leun effens na vore wat beteken: 'Ek is beskikbaar'."

Onderskrif: POSTUUR.

* Aankondiger (stem): "Wees vriendelik en belangstellend. Dit dra die boodskap: 'Ek gee om vir wat jy sê'."

Onderskrif: GESIGSUITDRUKKING

* Aankondiger (stem): "Wees spontaan en natuurlik. Dit sê vir u huweliksmaat: 'Ek voel tuis saam met jou'."

GEBARE EN HOUDINGS

11. Aankondiger (in beeld): "Daar is dus verskillende dinge waarop u behoort te let wanneer u aandag gee. Dieselfde dinge is dit waarna ons kyk en luister."

12. SITUASIE B:

*Man: "Ek sê toe vir hom dit is onmoontlik. 'n Mens kan nie die ding binne so kort tydjie afhandel nie. Jy't tyd daarvoor nodig ... (Monoloog sonder klank voortgesit terwyl die man voldoen aan die volgende toepassing: geen oogkontak, 'n geslote postuur, 'n negatiewe gesigsuitdrukking, gespanne bewegings, praat effens vinniger as normaalweg)."

* Aankondiger (stem): "Dit waaraan u aandag gee is die volgende ... Posisie: waar en watter kant toe is u huweliksmaat? ... Afstand: hoe naby of hoe ver is die ander een? ... Oogkontak: word oogkontak vermy of gehandhaaf? ... Postuur: is die huweliksmaat se liggaamshouding oop of geslote? ... Gesigsuitdrukking: is u huweliksmaat se gesigsuitdrukking byvoorbeeld goedkeurend, verveeld of afkeurend? ... Gebare en bewegings: is die persoon se gebare en bewegings oop, natuurlik, gespanne of heeltemal afwesig? ... Dit is ook belangrik om op te let na die manier waarop die huweliksmaat praat, byvoorbeeld hard of sag, vinnig of stadig, sug heelwat of struikel selfs oor woorde."

13. Aankondiger (in beeld): "Om aandag te gee, is baie belangrik in huwelikskommunikasie. Luister bou voort op die basis wat deur aandag gee gegee is."

14. Aankondiger (stem): "Foute word dikwels gemaak in huwelikskommunikasie. Dit is deur verkeerdelik op die volgende maniere te luister, naamlik evaluerend, interpreterend, ondersteunend of ondersoekend."

14.1 TITELS: EVALUEREND
INTERPRETEREND
ONDERSTEUNEND
ONDERSOEKEND

15. Aankondiger (in beeld): "Hierdie foutiewe manier van luister wat die verdere huwelikskommunikasie omverwerp, word aan u geïllustreer. Kyk na die huweliksmaat se boodskap en die verskillende foutiewe maniere waarop die boodskap gehoor word."

16. SITUASIE C:

*Vrou: "Ek is jammer dat ek nie vanaand vroeër by die huis kon wees nie. Ek het nogal daaraan gedink om jou te laat weet dat ek gaan laat wees. Ek sê, ek is jammer dat ek nie vroeër vanaand by die huis kon wees nie. Ek wou jou laat weet het, maar dit is 'n bietjie moeilik om te bel. Ek het 'n paar goedjies by die kantoor gehad wat ek nog moes doen. Ook maar goed anders sou ek nie deur my werk gekom het nie. Ek het soveel werk by die kantoor, ek is sommer partydae lus en los die werkery, sit by die huis en ..."

*Man (in gedagtes): "Sy weet sy moet dit nie doen nie. Dit sou seker nie 'n minuut gevat het om my te bel nie. Ek is seker sy kon die voorbereiding ook maar môre gedoen het."

*Man in beeld.

* Aankondiger (stem): "Die luisteraar let op waar die huweliksmaat met gepastheid, korrektheid en effektiwiteit optree en iets ervaar."

Onderskrif: EVALUEREND

*Man (in gedagtes): "Sy bly so lank as moontlik weg. Sy vermy haar deel van die huishoudelike pligte. Sy probeer om die sterker een in die huis te wees. Dit is 'n verwerping van my as man in die ware sin van die woord."

*Man in beeld.

Onderskrif: INTERPRETEREND.

*Man (in gedagtes): "Ja wat, sulke dingetjies gebeur maar, ek weet self hoe dit voel."

*Man in beeld.

* Aankondiger (stem): "Die huweliksmaat wat luister, ontvang die boodskap so dat die intensiteit van die ander se ervarings en gevoelens nie korrek waargeneem word nie."

Onderskrif: ONDERSTEUNEND.

*Man (in gedagtes): "Ek wonder hoekom dit so danig moeilik was om my te laat weet van die probleem. Sy sê nie hoekom sy nie gebel het nie. Miskien was daar nie 'n telefoon naby gewees nie."

*Man in in beeld.

* Aankondiger (stem): "Die luisteraar konsentreer en stel vrae oor slegs 'n enkele gedeelte van die huweliksmaat se boodskap."

Onderskrif: ONDERSOEKEND.

17. SITUASIE D:

* Aankondiger (in beeld): "In teenstelling met die voorafgaande foutiewe maniere van luister, is dit wel moontlik om korrek te luister. Wanneer u akkuraat luister na die ander, verstaan u presies hoe u huweliksmaat die situasie sien en ervaar."

* Herhaal die vrou se dialoog in SITUASIE C.

*Man (in gedagtes): "Sy is laat omdat sy nie vroeër kon huis toe kom nie weens omstandighede by die werk. Sy het nie iets laat weet nie en sy voel sleg daaroor."

*Man in beeld.

* Aankondiger (stem): "Daar word op 'n begrypende en aanvaardende wyse geluister en die boodskap word behoorlik ontvang en verstaan. Begrypende en aanvaardende luister maak effektiewe kommunikasie moontlik."

Onderskrif: BEGRYPING EN AANVAARDING.

18. Aankondiger (in beeld): "Aandag en luister is dan die eerste stap in egpaarkommunikasie. 'n Volgende belangrike aspek is dié van praat."

18.1 TITEL: PRAAT

19. Aankondiger (stem): "Praat kan verdeel word in self-onthulling, gevoelens deel en spesifiekheid."

19.1 TITELS: SELFONTHULLING
GEVOELENS DEEL
SPESIFIEKHEID

20. Aankondiger (in beeld): "Selfonthulling is om u menswees aan u huweliksmaat te ontbloot. Om uself te onthul, beteken om te sê en te wys wat u dink, en wat u voel oor beide u huweliksmaat en die situasie. Dit ontlok wedersydse selfonthulling van u huweliksmaat. Selfonthulling bewerkstellig wedersydse begrip, samewerking en tevredenheid."

21. SITUASIE E:

*Man: "Ek het vandag daárdie onderhoud gehad. En ek het elke oomblik daarvan gehaat."

*Vrou: "Ekskuus. Ek het nie nou gehoor wat jy sê nie. My gedagtes was elders."

*Man: "Ek sê die onderhoud was sleg. Ek het niks geweet van die hele onderwerp waaroor dit gehandel het nie."

*Vrou: "Ek is jammer om dit te hoor. Jy was juis so negatief voor die tyd en dit was vir my 'n slegte teken. Ek het darem aan jou gedink terwyl jy daarmee besig was daar."

*Man: "Ek sal nie weer so iets aanpak as ek nie goed voorbereid is nie. Jy weet, ek hou nie daarvan om 'n slegte indruk te skep nie. Dit is nie my manier van dinge doen nie."

*Vrou: "Jy weet, die geesdrif waarmee jy gewoonlik goed aanpak is aansteeklik. Dit is die eerste slegte onderhoud in maande. Ek dink jy ontstel jou onnodig daaroor en as jy so perfeksionisties is soos nou, dan maak jy my moedeloos."

*Man: "Miskien is jy reg. Ek ontstel vir jou en vir my heeltemal onnodig. En dit is tog nie wat ek wil hê nie, nê ..."

22. Aankondiger C (in beeld): "'n Volgende praatvaardigheid, aanvullend tot selfonthulling, is die deel van gevoelens."

22.1 Onderskrif: GEVOELENS DEEL

23. Aankondiger (in beeld): "Gevoelens is 'n innerlike reaksie op wat u dink en ervaar. Om gevoelens te kan deel, behoort u daarvan bewus te wees en dit te herken. Wanneer u u gevoelens met u huweliksmaat deel, word huweliksgroei gestimuleer en die band tussen u verstewig."

24. SITUASIE F:

*Vrou: "Het jy 'n paar minute tyd om miskien oor die probleem van die kinders te gesels?"

*Man: "Ja graag. Jy weet, jy praat seker oor hulle bakleiery. Dit pla my ook. Ek het darem regtig gedink hulle is by die stadium verby waar 'n mens dit kan verwag dat hulle so moet baklei."

*Vrou: "Presies. Jy weet, ek het gedink miskien moet ons 'n bietjie strenger optree, dinge soos hulle hok of hulle sakgeld verminder."

*Man: "Nee, ek wonder of ons hulle daarmee moet dreig. Dit klink vir my nou weer 'n bietjie te drasties. Jy weet, miskien moet ons net ophou om in te meng. Want elke keer as een van ons inmeng, dan kies ons kant en dan is dit net so goed as vet op die vuur elke keer."

*Vrou: "Ek hou nogal baie van hierdie idee om minder in te meng en minder betrokke te wees. Maar ons het natuurlik geen waarborg dat dit gaan werk nie. Weet jy dit ontstel my net elke keer so verskriklik as hulle so baklei."

*Man: "Ja, dit krap my ook om. 'n Mens is al heeltemal moedeloos want niks skyn te help nie. Maar ek wonder of ons nie maar net moet deurdruk nie, en probeer om die versoeking te weerstaan om hulle probleme vir hulle op te los."

*Vrou: "Dit sal maar 'n opdraande stryd wees. Jy weet, aan die eenkant aanvaar ek dat dit al oplossing is wat daar is. Aan die anderkant voel ek half skuldig, want hulle is darem ons kinders en ons verantwoordelikheid."

25. Aankondiger (in beeld): "Selfonthulling en gevoelens deel is opbouend as dit spesifiek gedoen word. Om nie spesifiek nie en in die algemeen te praat, is doelloos, onduidelik en ongewens."

25.1 Onderskrif: SPESIFIEKHEID.

26. SITUASIE G:

*Vrou: "Ek is nou nogal honger."

*Man: "Ja, ek's ook nogal honger."

*Vrou: "Waarvoor is jy lus?"

*Man: "Ag, enigiets waarvoor jy lus het."

*Vrou: "Maar soos wat?"

*Man: "Enigiets wat lekker is."

*Vrou: "Ek kan nie enigiets maak nie."

*Man: "Ag nou ja toe, los dit dan nou ook."

*Vrou: "Nou goed. Ek is buitendien ook nou nie meer lus om voor die stoof te gaan staan nie."

*Man: "Weet jy, ek wil nog met jou oor daardie ander ding praat wat nou die dag gebeur het wat jou so ontstel het."

*Vrou: "Ja ek dink hierdie hele probleem dra by tot dit wat ons die laaste tyd by die kinders opmerk."

*Man: "Ek dink jy moet eers 'n bietjie wag. Jy moet dinge eers 'n bietjie hulle gang laat gaan en dan kan jy 'n paar voorstelle maak. Eers kyk wat gebeur, jy weet ..."

*Vrou: "Dit is dieselfde raad wat jy my die ander keer ook gegee het."

*Man: "Nou waarvan praat jy nou?"

27. Aankondiger (in beeld): "Spesifiek praat behoort betrekking te hê op u en u huweliksmaat. Spesifiek praat maak gerigte aksie en huweliksgroei moontlik."

27.1 Onderskrif: SPESIFIEKHEID.

28. SITUASIE H:

*Man: "Wat's fout?"

*Vrou: "Wat laat jou dink dat daar fout is?"

*Man: "Nee, want jy praat omtrent niks die hele dag al en ek het jou nog nie een keer sien glimlag nie. En elke keer as ek vir jou iets vra, sê jy net ek weet nie, of so iets."

*Vrou: "Ja, ek is vies. Ek is vies omdat ek dink dat jy die kinders afskeep."

*Man: "Afskeep? Maar nou kan ek glad nie verstaan nie. Ek gesels dan met hulle en ons kuier so lekker saam."

*Vrou: "Maar dit is nie genoeg nie. Ek voel dat hulle baie meer erkenning en beloning moet hê. Met erkenning bedoel ek dat jy party-keer vir hulle moet sê jy is trots op hulle, of vir hulle 'n briefie skryf, of net vir hulle 'n drukkie gee as jy sien dat hulle iets goed gedoen het."

*Man: "Nou maar goed, ek sal daaraan werk. Jy weet, ek hou daarvan dat jy vir my sê wat verkeerd is en as jy openlik met my praat, dan weet ek ten minste wat om te doen."

29. Aankondiger (in beeld): "Alle aspekte van luistervaar-dighede en praatvaardighede word saamgevat in GESELS."

29.1 Onderskrif: GESELS.

30. Aankondiger (stem): "Gesels as derde hoofkomponent kan verdeel word in twee belangrike aspekte, naamlik empaties gesels en verskille."

30.1 TITELS: EMPATIES GESELS
VERSKILLE

31. Aankondiger (in beeld): "In die strewe na empaties gesels, moet daar voortdurend gewaak word teen die foute van evaluering, interpretering, ondersteuning en ondersoeking."

32. SITUASIE I:

*Vrou: "Koffie?"

*Man: "A dankie."

*Vrou: "Ek het vandag uiteindelik vir my 'n rokkie gekry vir die afsluitingsfunksie en ek is heeltemal in my skik daarmee."

*Man: "Wat het dit nou weer hierdie keer gekos?"

*Vrou: "R200. En ek dink nie dit is baie nie. Daar was 'n pragtige rok vir R300. Maar dit was 'n bietjie buitensporig."

*Man: "Wat! R200? Dink jy jy het vandag genoeg geld spandeer, hê? Wil jy nie teruggaan en nog meer spandeer nie? Hê?"

*Vrou: "Jy is nou net omgekrap omdat jy nie genoeg geld vir ons kan inbring nie. En jy's jaloers op my werk."

*Man: "Jaloers op jou werk? Natuurlik is ek jaloers op jou werk. Jy's mos die diens-maagd van die rykes. Hê? Dink jy nie jy kan daar vir my ook 'n werkie kry nie. Wel ek sê vir jou nou net een ding. Jy koop nie weer 'n ding sonder my toestemming nie. En jy vat daai rok terug. Môre!"

33. Aankondiger C (in beeld): "Empaties gesels in teenstelling met die voorafgaande foute, bestaan uit begrypende houdings asook begrypende praat en luister."

33.1 Onderskrif: EMPATIES GESELS.

34. SITUASIE J:

*Vrou: "Haai, ek het uiteindelik 'n rokkie gekry. vir die afsluitingsfunksie."

*Man: "Jy lyk baie in jou skik met jouself. Is dit mooi? Kan ek dit sien? Het dit baie gekos?"

*Vrou: "Ja nogal, dis R200, belasting ingesluit."

*Man: "Liewe aarde vrou, dit net vir een rok?"

*Vrou: "Nou's jy ontsteld oor die prys van die rok. Maar ek het dit nodig gehad. Dit was nodig."

*Man: "Ja, al hou jy baie van die rok, en al is dit 'n mooi rok. Ek weet net nie hoe ons hierdie maand ons rekeninge gaan betaal nie."

*Vrou: "Maar daar praat jy al weer van die begroting. Jy weet jy skimp die afgelope paar weke daaroor. Ek wens jy wil my meer op hoogte hou wat met ons aangaan op ons finansiële toestand."

*Man: "Ja, hoe moes jy nou ook gevoel het van die begroting, want, ek probeer altyd die geldsake van jou af weghou omdat ek jou nie wil belas nie."

*Vrou: "Ek waardeer jou besorgdheid maar ek dink regtig dat jy oop kaarte met my behoort te speel."

*Man: "Maar die geldsake was nog altyd my probleem in die huis."

*Vrou: "En jy's seker daarvan dat dit so moet bly ...?"

*Man: "Wel, ek dink dit is reg so."

*Vrou: "Jy weet, alle ander dinge in die huishouding deel ons en speel ons oop kaarte met mekaar. Ek sal werklik meer gerus voel as ek weet wat aangaan op die finansiële gebied, dat situasies soos hierdie kan vermy word. Ek wil nie oorneem nie ..."

*Man: "Ek weet darem nie so mooi nie."

*Vrou: "Dit is dan vir jou 'n vreemde gedagte en nou twyfel jy."

*Man: "Ja, dit is heeltemal anders as wat ek grootgemaak is. Die geldsake was nog altyd my verantwoordelikheid maar ... nou maar goed. Kom ons probeer dit. Dan kyk ons hoe werk dit uit."

*Vrou: "Jy is nog nie heeltemal oortuig van die saak nie. Maar miskien is jy reg. Miskien moet ons maar probeer. Jy sal sien, later sal jy saamstem."

*Man: "Nou ja, kom ons probeer ..."

35. Aankondiger (stem): "Verskille kom voor gedurende die hele lewensloop van die huweliksverhouding. Onopgelosde verskille is afbrekend vir die egpaarverhouding. Dit volg tipies op foutiewe benaderings tot verskille oplos."

35.1 Onderskrif: VERSKILLE.

36. SITUASIE K:

*Vrou: "Wat gaan ons vanaand doen?"

*Man: "Ag niks spesiaal nie. Is daar iets wat jy weer in gedagte het?"

*Vrou: "Nee, nie eintlik nie, ek wil maar net 'n bietjie uitkom. Jy weet, jy sit elke aand soos 'n regte Jandooi. Ek is partymaal lus en sit 'n bom onder jou ..."

*Man: "'n Wat?"

*Vrou: "'n Bom!"

*Man: "O? Wil jy nou weer die hele aand gaan rondkarjakker. As ek in die aand by die huis kom, is ek moeg, ek wil net 'n bietjie rus en vrede vir my siel hê. Ek wil nie iemand hê wat in my keelgat afklim soos jy nie."

*Vrou: "Wat dink jy van my. Ek werk ook. En na werk sloof ek my af vir jou en die kinders tussen vier mure. Elke dag dieselfde gesigte, dieselfde roetine. Ek wil maar net ook 'n bietjie uitkom. Ek kan dit nie meer vat nie."

*Man: "Kan dit nie meer vat nie! Jy weet, dit is nou die dankbaarheid wat ek kry. Huh? Daar's hoeveel vrouens wat maar te gelukkig sal wees om met 'n man soos ek getroud te wees. Jy't als wat jy wil hê, kleur TV, kaste, stoele. Kyk net wat het jy. Jy't als. En dis nou die dankbaarheid wat ek daarvoor kry. Ek sorg goed vir jou en die kinders."

*Vrou: "Jy weet wat my ma gesê het. Geen man weet wat dit vat om 'n vrou gelukkig te maak nie. En ek dink sy was reg."

*Man: "Kyk, met jou ma het ek nie nodig om enige ander vyande te hê nie. Ek sê vir jou reguit. Daai ma van jou wat sulke dinge kwytraak ... dis wat dit so moeilik maak om met jou saam te lewe."

*Vrou: "Ooo! Luister na meneer perfek hoe om met mense oor die weg te kom. Nog iets professor. Laat ek net 'n paar notatjies afneem."

*Man: "Probeer jy nou snaaks wees, hê? Ha! Ha! Hoor hoe lag ek. Moenie probeer snaaks wees oor dinge waarvan jy niks weet nie! Dis net hoe jy en jou familie is. Julle is nog altyd so en sal so bly."

*Vrou: "Los my net uit. Ek is in elk geval nie meer lus om daaroor te praat nie."

*Man: "Wie het nou lus om daaroor te gesels. Jou hele familie is nog heeltyd nie reg in hulle koppe nie."

37. Aankondiger (in beeld): "Opgelosde verskille mag opbouend van aard wees. Die groeipotensiaal van opgelosde verskille kan veral benut word waar definitiewe riglyne of stappe om verskille op te los, toegepas word."

37.1 Onderskrif: VERSKILLE.

38. Aankondiger (stem): "Die stappe van verskille oplos, behels die volgende, naamlik kom bymekaar, bepaal die probleem, lys alle oplossings, beoordeel die oplossings, kies die regte oplossings, voer die oplossings uit en evalueer die terugvoer."

38.1 TITELS: KOM BYMEKAAR
BEPAAL DIE PROBLEEM
LYS ALLE OPLOSSINGS
BEOORDEEL OPLOSSINGS
KIES REGTE OPLOSSINGS
VOER OPLOSSINGS UIT
TERUGVOER

39. SITUASIE L:

*Vrou: "Wat gaan ons vanaand doen?"

*Man: "Nee, niks, niks besonders nie. Het jy iets in gedagte gehad?"

Onderskrif: KOM BYMEKAAR.

*Vrou: "Nie eintlik nie. Ek het so bietjie nagedink daaroor. Ons verskil nogal redelik wat ons aandvermaaklikhede betref. Jy verkies om net by die huis te sit en televisie te kyk en ek wil graag 'n bietjie uitkom buitekant toe en iets opwindend gaan doen. Hoe voel jy daaroor?"

Onderskrif: BEPAAL DIE PROBLEEM.

*Man: "Ja, dis nogal waar. Maar jy sien. As ek saans by die huis kom is ek nogal moeg nadat ek ... na die dag se gewoelery op kantoor. Dan het ek lus vir 'n bietjie ontspanning, net 'n bietjie tot stilstand te kom. Maar ek kan ook verstaan dat jy weer wil wegkom van die alledaagse huisroetine af saans."

*Vrou: "Ja, jy weet ek is seker daarvan ons kan iets uitwerk. Ek het gedink aan moontlike alternatiewe. Ek kan moontlik vir my 'n werk kry wat vir my meer uit die huis uit sal neem en wat baie stimulerend gaan wees, dan sal ek ook saans 'n bietjie rustiger wees en by die huis wil bly. Of aan die anderkant het ek weer gedink 'n mens sou kon iets buitekant doen wat my wegneem van die huis af, nie noodwendig 'n werk nie, wat my gaan stimuleer buite die huis."

Onderskrif: LYS ALLE OPLOSSINGS.

*Man: "Of jy kan natuurlik 'n slaappil saam met jou aandete drink. Nee, ek speel maar. Jy weet, wat Pieter-hulle gedoen het, in dieselfde situasie is dat hy het toe vir hom 'n minder stremmende werk gesoek, maar ek weet nie of ek dit kan doen nie. Ek hou van my werk en ek geniet die uitdagings wat dit vir my bied. Maar ek dink nou net jy weet, partydae sal ek kan vroeër klaarmaak. As ek nou 'n bietjie vroeër van die werk af kom en 'n bietjie kan kom rus in die middag, dan kan ons die aand dalk iewers heen gaan."

*Vrou: "Ja, wat my vriendinne doen is natuurlik om hulle mans saans by die huis te los en in groepe uit te gaan. Maar jy weet, ons kan mekaar dan ook halfpad tegemoetkom. Ons kan byvoorbeeld party aande saam uitgaan en party aande by die huis bly, dan is ons darem ten minste altwee halfpad tevrede."

*Man: "Nee wat, ek dink nie 'n halwe oplossing is goed genoeg nie want dan sit ons nog altyd met dieselfde situasie wat die probleem veroorsaak het. Van jou voorstel om weer te gaan werk. Ek weet ook nie so mooi daarvan nie."

Onderskrif: BEOORDEEL DIE OPLOSSINGS.

*Vrou: "Ja jy weet, wat my werkery aanbetref, dink ek dat ons moet maar by ons besluit van vroeër hou. Die kinders is binne 'n jaar almal in die skool en ek voel ek kan darem nog vir hulle nog iets hier by die huis beteken."

*Man: "Goed, as jy daarmee tevrede is. Maar wat die ander voorstel betref van alleen uitgaan, weet ek nie so mooi nie. Jy weet, soos die situasie op die oomblik is, sien ons mekaar ses dae van die week net in die aand. Ek verlang na jou en ek het jou geselskap nodig. Ek dink ook nie ek sal daarvan hou dat jy elke aand sonder my uitgaan nie."

*Vrou: "Maar dis lekker om te hoor. Nou ja, dit lyk vir my al oplossing wat daar moontlik is, is dat jy maar party aande vroeër huis toe kom dat ons saam kan uitgaan."

*Man: "Nou maar goed. Waar's daai koerant dat ons kyk wat is daar aan die gang of wat bied hierdie plek se naglewe vir ons. Anders moet ons besluit waar gaan kuier ons môre."

40. Aankondiger (in beeld): "Met hierdie illustrasie van verskille oplos word daar volstaan met die demonstrasie van aspekte van huwelikskommunikasie. U het ook gekyk na GESINS- EN EGPAARONTWIKKELING en DIE CHRISTENHUWELIK in hierdie reeks van GESINSONTWIKKELING VIR EGPARE. Voorspoed vir die pad vorentoe.

TEORIE

- EEN TOT EEN
- PERSOONS-VERBINTENIS
- LEWENS-VERBINTENIS

- LIGGAAML
- KERNWAARI
  - Vreugde
  - Geduld
  - Goedhar
  - Nederig
- OPOFFEREN

- DIE
- GOD
- CHRI
- GESI

